# ZHUAN FALUN

Draaiing van die Wet Wiel

**Li Hongzhi**

(Afrikaanse Weergawe)

Vertaling 1ste Edisie (Januarie 2018, Suid Afrika)

**Hierdie Wet Wiel is die heelal se miniatuur, en in alle ander dimensies het dit sy vorme van bestaan en sy evolusie prosesse, so ek noem dit 'n wêreld.**

## Inhoud

BETREFFENDE DAFA ... 4

DIE EERSTE GESPREK ... 6

Om waarlik mense te lei op na hoë vlakke ... 6

Verskillende vlakke het verskillende wette ... 9

Een standaard alleen bepaal of iemand goed of sleg is: of hy in staat is om Waar, Goed en Verduur te wees ... 11

Qigong is deel van prehistoriese kultuur ... 13

Qigong is oor kultivering ... 15

Waarom kultivering oefeninge doen nie gong vermeerder nie ... 17

Falun Gong se spesiale kenmerke ... 22

DIE TWEEDE GESPREK ... 27

Oor die Derde Oog ... 27

Die vermoë van Afstand Visie ... 34

Die vermoë van om die noodlot te weet ... 36

Buite die Vyf Elemente, en om die Drie Ryke te verlaat ... 39

Om dinge te wil kry ... 42

DIE DERDE GESPREK ... 48

Ek neem alle studente as dissipels ... 48

Boeddhistiese Qigong en Boeddhisme ... 48

In kultivering is dit nodig om jou te verbind tot een dissipline ... 51

Vermoëns en sterkte ... 53

Omgekeerde kultivering en Gong lenery ... 54

Geestes besetenheid ... 59

Kosmiese taal ... 63

Die dinge jou leermeester aan sy studente gee ... 64

Energie veld ... 69

Hoe Falun Dafa studente die praktyk moet versprei 69
LESING VIER 72
Verlies en wins 72
Karma transformering 73
Karakter verbetering 79
Boeddhistiese salwing 82
Plasing van die Misterieuse Pas 85
DIE VYFDE GESPREK 90
Die Wet Wiel ontwerp 90
Die Qimen praktyke 91
Praktesering in 'n bose weg 92
Manlike-vroulike dubble kultivering 94
Dubbele kultivering van natuur en langlewendheid 95
Wet Liggame 96
Boeddha beeld wyding 97
Die onderwerp van towery 102
DIE SESDE GESPREK 104
Qigong psigose 104
Om demone uit te lok in Qigong 110
Bose geeste broei in jou eie verstand 114
Jou meester bewussyn moet sterk wees 118
Jou gedagtes moet ordentlik wees 118
Marsiale kunste en Qigong 122
Af wys 125
DIE SEWENDE GESPREK 129
Oor doodmaak 129
Oor vleis eet 132
Jaloesie 136

Oor genesing ..... 139
Hospitaal behandelinge en Qigong behandelinge ..... 142
DIE AGSTE GESPREK ..... 146
Bigu vas ..... 146
Qi steel ..... 147
Qi insamel ..... 149
Die een wie praktiseer kry die Gong ..... 151
Die Kosmiese Wentelbaan ..... 155
Om té verdiep te wees ..... 162
Kultivering van spraak ..... 163
DIE NEGENDE GESPREK ..... 165
Qigong en atletiek ..... 165
Gedagtes ..... 166
'n Kalm verstand ..... 171
'n Persoon se basis ..... 174
Verligting ..... 176
'n Persoon met groot geestelike inklinasie ..... 180

## BETREFFENDE DAFA

Dafa is die wysheid van die Skepper. Dit is die grondslag van die skepping, wat die hemele, aarde, en heelal op gebou is. Dit omvat alles van die uiterste minuskule tot die onmeetbaarheid van die wyd uitgestrekte, terwyl dit verskillend manifesteer by elkeen van die kosmiese vlakke se bestaan. Uit die dieptes van die mikrokosmos tot waar die kleinste partikeltjies eerste verskyn, is daar laë op laë ontelbare partikels wat wissel in groote van klein tot groot wat al die pad bereik tot daardie van die buitenste vlakke wat die mensdom ken – van atome, molekules, planete en sterrestelsels en nog verder tot wat nog groter is. Partikels van verskye grootes wat die lewens van verskye grootes saamstel sowel as die wêrelde van verskye grootes wat dwarsdeur die hele kosmiese liggaam gevind is. Lewens by enige van die verskye vlakke van partikels beskou die partikels van die volgende groter vlak om planete in hul hemele te wees, en dit is waar by ieder en elke vlak. Aan die lewens by elke vlak van die heelal lyk dit asof dit oneindig is. Dit was Dafa wat tyd en ruimte, die menigde van lewens en spesies en die ganse skepping geskep het; alles wat bestaan is te danke aan dit; met niks buitekant van dit nie. Alles van hierdie is die tasbare uitdrukkings, by verskye vlakke van Dafa se qualiteite: Zhen Shan en Ren*.

Ongeag hoe gevorderd mense se middele van verkenning van die ruimte en ondersoekend van die lewe mag wees, die kennis wat verkry is, is beperk tot sekere dele van hierdie een dimensie waar menslike wesens woonagtig is, by 'n lae vlak van die heelal. Ander planete was voorheen verken deur mense gedurende beskawings wat geskiedenis pre-dateer. Nogtans vir al die hoogtes en afstandes wat behaal is, het die mensdom nooit daarin geslaag om van die dimensie waarin dit bestaan te vertrek nie. Die ware prent van die heelal sal die mensdom vir altyd ontwyk. Vir 'n menslike wese wat die misterieë van die heelal, ruimte-tyd, en die menslike liggaam wil verstaan, moet hy kultivering van 'n ware Weg opneem en ware geestelike verligting behaal en sy vlak van wese verhoog. Deur kultivering sal sy morele karakter verhoog, en sodra hy geleer het om werklik te onderskei tussen goed en kwaad, en deug van ondeug, en hy gaan verby die menslike vlak, sal hy toegang na die realiteite van die heelal verkry sowel as om die lewens van ander vlakke en dimensies te sien.

Terwyl mense dikwils aanspraak maak dat hulle wetenskaplike strewes is om hul "lewensgehalte" te verbeter is dit tegnologiese kompetisie wat hulle dryf. En in meeste gevalle het hulle voorgekom nadat mense die goddelik uitgestoot het en morele kodes wat bedoel is om self beheersing te verseker verlaat het. Dit was vir hierdie redes dat beskawings van die verlede vernietiging baie keer teëgekom het. Mense se verkennings is noodwendig beperk tot hierdie stoflike wêreld en die metodes is sodanig dat alleenlik wat herken is bestudeer word. Tussentyd dinge wat ontasbar en onsigbaar in hierdie menslike dimensie is maar wat objektief bestaan en wat hulle self openbaar in regte maniere in hierdie onmiddelike wêreld soos geestelikheid, geloof, goddelike woord en wonderwerke - word soos taboe behandel want mense het die goddelike verwerp.

As die menslike ras sy karakter, gedrag en denke kan verbeter deur begronding in hierdie morele waardes, sal dit moontlik wees vir beskawing te verduur en selfs vir wonderwerke om weer in die menslike wêreld plaas te vind. Baie keer in die verlede, kulture wat goddelik sowel as menslik was het in hierdie wêreld verskyn en mense gehelp om 'n meer waaragtige begrip van die lewe en die heelal te verkry. Wanneer mense die toepaslike eerbied en respek teenoor Dafa betoon soos dit hier in hierdie wereld manifesteer, sal hulle, hulle ras, of hulle nasie sëeninge of eer geniet . Dit was Dafa---die Groot Weg van die heelal---wat die kosmiese liggaam, die heelal, lewe en die ganse skepping geskep het. Enige lewe wat weg draai van Dafa is waarlik korrup. Enige persoon wie met Dafa kan belyn is waarlik

‘n goeie persoon en sal beloon en gesëen wees met gesondheid en geluk, en enige kuliveerder wie in staat is om een met Dafa kan word is ‘n geestelike verligte een – Goddelik.

**Li Hongzhi.**

*Zhen Shan en Ren (Juhn, Shahn en Ren) – Zhen beteken waarheid, waar; Shan barmhartigheid, medelye, goedheid; Ren verdraagsaamheid, toleransie, selfbeheersing.

# DIE EERSTE GESPREK

## Om waarlik mense te lei op na hoë vlakke

Vir die hele tyd wat ek ons leringe en oefeninge oorlewer, het ek het ’n punt daarvan gemaak om verantwoordelik te wees teenoor die samelewing en aan ons studente. Die resultate was goed gewees, en die inpak op die hele samelewing was ook redelik goed gewees. ’n Paar jaar gelede was daar baie meesters van die qigong kunste wie hulle qigong praktyke versprei het, maar die dinge wat hulle onderrig het was alles net by die vlak van genesing en fiksheid. Natuurlik, sê ek nie dat ander mense se praktyke nie goed is nie. Ek sê net dat hulle nie enige hoër dinge oorgelewer het nie. Ek ken die toestand van qigong reg deur die land, en ek kan op hierdie tydstip sê, of ons van binne Sjina praat of die buiteland, is ek die enigste een wie regtig ’n praktyk oorlewer wat jou na hoër vlakke neem. En waarom doen niemand anders dit nie? Die rede is, groot sake is betrokke, die historiese oorspronge van dit gaan diep, dit behels ’n wye verskeidenheid van dinge, en die vrae wat na vore gebring word is indringend. Hierdie is nie iets wat net enige een kan onderrig nie, aangesien dit behels om baie praktyke se dinge aan te raak. En dit is veral so wanneer ons baie praktisyne het wie vandag een praktyk leer, dan gaan leer hulle more ‘n ander een, en hulle draai eie liggame in ’n groot gemors, wat sukses net onmoontlik maak. Andere neem die hoofweg en kultiveer opwaarts, terwyl hulle allerhande systrate neem. Wanneer hulle in een praktyk kultiveer, bemoei die ander een hulle, en wanneer hulle in die andere kultiveer, meng die eerste een in – hulle word hot en haar bemoei, en hulle kan nie meer kultiveer nie.

Ons moet dit alles vir julle regstel. Ons sal hou wat goed is, ontslae raak van wat sleg is, en seker maak dat julle van hierdie punt aan kan kultiveer. Maar julle moet regtig hier wees om die Groot Wet te leer. As jy allerhande verknogthede saam met jou bring, of jy kom hier om vermoëns te kry, om genees te word, om net ’n paar idees te hoor, of miskien vir een of ander slegte rede, dan gaan dit nie werk nie. En dit is belangrik, nou, omdat soos ek gesê het, ek is die enigste persoon wat dit doen, en daar is nie baie geleenthede soos hierdie nie. Ek sal nie aanhou om dit vir ewig op hierdie wyse te versprei nie. Ek dink dat wie ook al hoor hoe ek die oefeninge en leringe persoonlik oorlewer, ek sou sê hy is regtig … later aan sal julle weet, en julle sal regtig bly voel oor hierdie tydperk. Natuurlik, glo ons in karmiese verhoudinge, en almal sit hier omrede hulle karmiese verhoudinge.

Om ’n praktyk oor te lewer wat jou na hoër vlakke neem—dink nou daaroor, wat beteken dit? Is dit nie oor redding van mense nie? Dit is redding van mense—jy kultiveer jouself waarlik, en nie net om gesond of fiks te word nie. Dit is ware kultivering, so die vereistes op die studente se karakters is hoër. Nou ons mense wie hier sit, ons het hier gekom om die Groot Wet te leer, so dit is nodig dat julle die denkwyse van ’n ware praktisyn het terwyl julle hier sit, en dit is nodig om jou verknogthede te laat gaan. As jy hier gekom het om die oefeninge te leer, of die Groot Wet, met die doel om allerhande dinge te kry, dan sal jy niks leer nie. Ek sal julle ’n waarheid vertel: die hele proses van kultivering is ’n proses om voortdurend van menslike verknogthede ontslae te raak. Buite in die gewone wêreld, baklei mense met mekaar, hulle verkul mekaar, en hulle benadeel ander mense net om hulleself ’n bietjie te bevoordeel. Die gedagtes agter dit moet alles gaan. En dit is veral waar vir ons mense wie vandag die praktyk leer julle het al hoe meer rede om van daardie gedagtes ontslae te raak.

Ek gaan nie hier praat oor genesing doen nie. Ons doen nie genesing nie. Maar as jy ware kultivering wil doen, en jy het hier gekom met ’n sieklike liggaam, dan kan jy steeds nie kultiveer nie. So ek moet jou liggaam reinig. Ek reinig alleenlik die liggaam vir mense wie waarlik hier gekom het om die

praktyk te leer, wie waarlik hier gekom het om die Wet te leer. Daar is een ding wat ons beklemtoon: as jy nie daardie gedagtes van jou opsy kan sit nie, as jy nie daardie gesondheidprobleem opsy kan sit nie, dan is daar niks wat ons kan doen, en ons kan jou nie help nie. En waarom is dit? Omdat daar 'n waarheid in die heelal is: Die dinge wat met gewone mense gebeur, soos Boeddhiste dit stel, het almal onderliggende oorsake, en vir gewone mense dinge soos geboorte, veroudering, siekte, en die dood is net 'n feit van die lewe. Mense het alleenlik gesondheidsprobleme en lyding omdat hulle slegte dinge in die verlede gedoen het en karma gemaak het. Wanneer hulle deur moeilike tye gaan betaal hulle karmiese skuld af, so niemand kan net dit willekeurig gaan en verander nie. Indien dit verander is, is dit soos om iemand met skuld te laat vry spring sonder om dit terug te betaal, en jy kan nie gaan en dit op 'n ingewing doen nie. Dit is dieselfde as om iets sleg te doen.

Sommige mense dink dat om mense gesond te maak, of hulle te help om gesond en fiks te word, is om 'n goeie ding te doen. Maar die wyse waarop ek dit sien, hulle het nie regtig enige iets genees nie. Hulle het net die kwaal uitgestel en verskuif, of dit getransformeer, maar hulle het dit nie uitgehaal nie. Om regtig daardie tribulasie te elimineer moet jy die karma elimineer. En indien 'n persoon regtig mense gesond kan maak, en indien hy daardie karma heeltemal kan uitklaar, en ek bedoel dit regtig doen, dan is sy vlak definitief nie laag nie. Hy sou alreeds 'n waarheid gesien het, en dit is, die Wette vir gewone mense kan nie net soos dit geskend word nie. Tydens sy kultivering, 'n kultiveerder wie geraak word deur Barmhartigheid is toegelaat om 'n paar goeie dinge te doen, mense gesond maak, of hulle help om gesond en fiks te word, maar hy kan steeds nie mense volkome genees nie. Indien 'n gewone mens se kwaal regtig uitgeroei kon word, dan kon 'n nie-kultiverende, gewone persoon weg loop sonder enige kwaal, maar hy sou steeds 'n gewone mens wees, en hy sou aanhou veg vir sy eie voordeel net soos ander gewone mense. Hoe kon jy net gaan en sy karma elimineer? Dit is beslis nie toegelaat nie.

So waarom is dit dan in orde om dit vir kultiveerders te doen? Omdat niemand meer kosbaar is as 'n kultiveerder nie. Hy wil kultiveer, en dit is die mees kosbare gedagte. In Boeddhisme praat hulle oor Boeddha-natuur, en dat wanneer 'n persoon se Boeddha-natuur uitkom kan die Geestelike Verligte Wesens hom help. En wat bedoel hulle daarby? As julle my vra, aangesien ek 'n praktyk op 'n hoër vlak oorlewer, behels dit waarhede van hoë vlakke, en die kwessies wat dit aanraak is enorm. In hierdie heelal, is menslike lewe, soos ons dit sien, nie in die gewone wêreld gegenereer nie. 'n Persoon se ware lewe is gegenereer in die ruimte van die heelal. Die rede is, daar is baie tipes van materie in hierdie heelal wat lewe produseer, en hierdie tipes van materie kan lewe genereer deur beweging en interaksie. Wat dit beteken is dat 'n persoon se vroegste lewe in die heelal onstaan. Die ruimte van die heelal is vanself goed, en sy natuur is om Waar, Goed, en Verduur te wees, en wanneer 'n persoon gebore is het hy dieselfde natuur as die heelal. Maar soos meer wesens geskep word, vorm daar sosiale samelewing - tipe verhoudinge. Sommige van die wesens mag selfsugtig raak en geleidelik hulle vlak verlaag, so hulle kan nie by daardie vlak bly nie, en sal moet val. Maar dan by die volgende vlak word hulle alweer nie so goed nie, en alweer kan hulle nie daar bly nie, so hulle hou aan val en val, totdat hulle op 'n sekere punt finaal val tot hierdie vlak van menslike wesens.

Die hele menslike samelewing is by een vlak. Wanneer hulle so vêr af val tot hier, was hierdie wesens veronderstel om vernietig te word as hulle na gekyk word alleenlik in terme van vermoëns, of alleenlik van die standpunt van die Groot Geestelike Verligte Wesens. Maar Groot Geestelike Verligte Wesens neem Barmhartigheid as hulle begin punt, so hulle het hulle nog 'n kans gegee en het hierdie spesiale omgewing en spesiale dimensie gemaak. Die wesens in hierdie dimensie is verskillend van die wesens in alle ander dimensies in die heelal. Die wesens in hierdie dimensie kan nie die wesens in ander dimensies sien nie, en hulle kan nie sien hoe die heelal regtig is nie, so dit is net asof hierdie mense in 'n ryk van dwaling geval het. As hulle genees wil word, ontslae van teënspoed wil raak, of hulle karma

wil elimineer, dan moet hulle kultiveer en terug keer na hulle oorspronklike, ware self. Dit is hoe al die verskillende kultivering weë dit sien. 'n Persoon behoort terug te keer na sy oorspronklike, ware self—dit is eintlik die ware doel van mens wees. So, sodra iemand wil kultiveer, sou hulle sê sy Boeddha-natuur het uitgekom. Daardie gedagte is die mees kosbaar, omdat hy wil terugkeer na sy oorspronklike, ware self, hy wil uitbreek uit hierdie vlak van gewone mense.

Miskien het julle die Boeddhistiese gesegde gehoor, "Wanneer 'n persoon se Boeddha-natuur uitkom skud dit die Tien Rigtings Wêreld." Wie ook al dit sien sal hom help, en hulle sal hom help ongeag wat. Boeddhiste glo redding van mense het geen voorwaardes aan verbonde, dit word gedoen wat ook al die koste, en hulle kan hom onvoorwaardelik help. Daarom kan ons baie vir ons studente doen. Maar dit werk nie soos dit vir 'n gewone persoon nie, wie net 'n gewone persoon wil wees en genees wil word. Sommige mense dink, "Ek sal kultiveer as ek net my gesondheid terug kan kry." Maar kultivering het geen voorwaardes verbonde aan nie—as jy wil kultiveer, dan kultiveer jy net. Sommige mense se liggame is egter siek, en sommige mense het opgemorste boodskappe in hulle liggame, sommige het nog nooit gekultiveer nie, en dan is daar andere wie al vir dekades gekultiveer het, maar maal steeds rond in die ryk van qi energie, en het steeds nêrens gekom deur kultivering nie.

So wat behoort ons daar omtrent doen? Ons moet hulle liggame reinig en dit moontlik maak vir hulle om op na hoë vlakke te kultiveer. Wanneer jy by die laagste vlak kultiveer is daar 'n proses, wat is, ons reinig jou liggaam heeltemal. Ons neem al die slegte dinge in jou verstand, daardie karma veld rondom jou liggaam, en al daardie faktore wat jou liggaam ongesond maak, en ons maak die hele ding skoon. As ons dit nie doen nie, hoe kon jy dan, en daardie vuil liggaam van joune, wat alles donker, en daardie vuil verstand van jou, hoe kon jy op na hoër vlakke kultiveer? En ons werk nie op qi hier nie. Jy hoef nie aan daardie lae-vlak dinge te werk nie. Ons sal jou verby dit stoot en jou liggaam help om 'n toestand vry van siekte te bereik. En terselfdertyd, sal ons jou 'n voltooide, voorbereide stel dinge gee wat nodig is by die lae vlak om 'n fondasie te bou. Daardie manier begin ons meteens op 'n hoë vlak.

Volgens wat gesê word in kultivering, as jy qi wil tel, dan is daar drie vlakke. Maar ware kultivering (wat nie om qi te werk insluit nie) het twee hoof vlakke: Een is Trippel-Wêreld-Wet kultivering, en die ander is Buite-Trippel-Wêreld-Wet kultivering. Hierdie "Trippel-Wêreld-Wet en "Buite-Trippel-Wêreld-Wet" is verskillend van wat mense in Kloosters sê: oor "Om die alledaagse wêreld te Verlaat" en "Om die alledaagse wêreld Binne te Tree"—daardie is net konseptueel. Ons ondergaan veranderinge by twee hoof vlakke, deur ware menslike liggaam kultivering. In die proses van Trippel-Wêreld-Wet kultivering word die liggaam voortdurend gereinig, herhaaldelik, so wanneer die hoogste vorm van Trippel-Wêreld-Wet bereik is sal die liggaam heeltemal vervang wees deur hoë-energie materie. Maar met Buite -Trippel-Wêreld-Wet kultivering, is dit eintlik Boeddha-liggaam kultivering, dit is 'n liggaam wat van hoë-energie materie gemaak is, en alle vermoëns sal herontwikkel word. Hierdie is die twee hoof vlakke waaroor ons praat.

Ons glo daar is karmiese verhoudinge. So ek kan hierdie dinge vir julle doen, soos julle hier sit. Op die oomblik het ons net oor 2,000 mense hier, maar selfs al was daar duisende meer mense, sê miskien 10,000 mense, dan kon ek hulle steeds doen. So wat ek sê is, julle hoef nie meer by die lae vlak te oefen nie. Nadat ons jou liggaam reinig, stoot ons jou verby daardie vlak en plaas 'n volle kultivering sisteem in jou, so reg van die begin af kultiveer jy by 'n hoë vlak. Maar, ek doen dit alleenlik vir studente wie regtig hier kom het vir kultivering. Dit is nie asof net omdat jy hier sit dat jy 'n kultiveerder is nie. As jy jou denke by die kern kan verander kan ons dit vir jou doen, en meer, en lateraan sal jy dit weet. Ek het regtig iets vir elkeen van julle gegee. En weereens, ons doen nie genesing hier nie, maar wat ons sal doen is om die liggame van ons studente totaal te herbalanseer, en dit moontlik maak vir jou om te

praktiseer—as jy ’n siek liggaam ronddra sal jy regtig nie enige gong energie ontwikkel nie. So julle behoort nie na my toe te kom om genees te word nie, en ek doen dit nie. Die hoof doel wat ek gehad het deur uit te kom om te onderrig was om mense te lei op na hoë vlakke — Om waarlik mense te lei op na hoë vlakke.

## Verskillende vlakke het verskillende wette

Baie qigong meesters het gesê dat qigong ’n begin vlak, ’n intermediêre vlak, en ’n gevorderde vlak het. Maar dit is net qi, en dit is alles by die vlak van om qi te werk, selfs al gaan hulle en kategorieseer dit in begin-vlak, intermediêre vlak en gevorderde vlak. Wanneer dit by ware hoër dinge kom, tussen die meerderheid van qigong kultiveerders het niemand regtig ’n idee nie, hoegenaamd geen idee nie. Van vandag af, wat ons gaan verduidelik is alles Wette van hoë vlakke. En ek wil mense se denke regstel oor kultivering. In my klasse sal ek aan party slegte fenomene in die kultivering wêreld raak. Ek sal uitspel hoe ons hulle behoort te hanteer, en hoe ons na daardie fenomene behoort te kyk. Asook, wanneer jy die oefeninge en leringe teen ’n hoë vlak oorlewer, die omvang van dinge wat dit impak, en al die vrae wat dit aantref, hulle is redelik groot, en dit kan selfs intens word. Maar ek wil julle van al hierdie dinge vertel. En daar is party dinge wat van ander dimensies kom wat met ons gewone wêreld inmeng, en selfs meer so in die kultivering wêreld, en ek wil vir julle van hulle vertel, ook, en hierdie dinge vir ons studente opklaar. Indien hierdie probleme nie reggemaak word nie sal julle nie in staat wees om te praktiseer nie. Hierdie probleme moet by die wortel opgelos word. En om dit te doen, moet ons julle almal as ware kultiveerders behandel. Natuurlik, is dit nie maklik om jou denke eensklaps te verander nie, maar van vandag af, soos julle my klasse bywoon, sal julle geleidelik begin om julle denke te verskuif, so ek hoop julle luister almal aandagtig. Ek lewer nie my praktyk oor op die manier soos andere nie. Wanneer sommige mense hulle praktyke oorlewer, praat hulle net ’n bietjie oor hoe hulle praktyke werk, en dan laat hulle vir julle ’n paar van hulle boodskappe ontvang en leer jou ’n paar oefeninge, en dit is dit, hulle is klaar. En mense is gewoond aan daardie soort instruksie nou.

Om waarlik iets oor te lewer moet jy die Wet onderrig, om die Dao te onderrig of “Weg.” Gedurende hierdie tien klasse sal ek hoër waarhede uiteensit en niks uitlaat nie, en dan sal julle in staat wees om te kultiveer. As ek dit nie gedoen het nie sou julle geen manier hê om te kultiveer nie. Daardie dinge wat ander mense almal versprei is net oor genesing en fiksheid, en as jy op na hoër vlakke wil kultiveer, sal jy nêrens kom nie, omdat jy nie ’n hoër Wet het om jou te lei nie. Dit is net soos skool toe gaan: As jy elementêre skool boeke in Kollege gebruik sou jy steeds ’n elementêre skool student wees. Sommige mense dink hulle het baie oefen metodes geleer, en hulle rammel aan oor sulke en sulke metodes, en hulle het ’n groot ou bondel voltooiings sertifikate, maar raai wat, hulle gong het steeds nie opgegaan nie. Hulle dink daardie dinge is die hart van qigong en dit is al wat dit is. Beswaarlik. Dit is net qigong se uiterlike omhulsel, dit is sy laagste dinge. Qigong is oor meer as dit, dit is kultivering, wat wyd uiteenlopend en diepgaande is. Bowendien by verskillende vlakke is daar verskillende Wette. So dit is nie soos die qi gebaseerde benaderinge wat ons vandag van weet nie, waar om meer van hulle te leer niks vir jou doen nie. Kom ons sê: jy het Brittanje se elementêre skool boeke bestudeer, jy het Amerika se elementêre skool boeke bestudeer, jy het Japan se elementêre skool boeke bestudeer, en jy het Sjina se elementêre skool boeke bestudeer – wel, jy is steeds net ’n elementêre skool student. Hoe meer lae vlak qigong lesse jy inneem, en hoe meer in jou kop ingeprop word, hoe erger is dit vir jou, en jy sal jou liggaam verwoes.

Nou daar ’n punt wat ek wil maak: Wanneer jy kultiveer, moet albei oefen metodes en leringe aan jou oorgegee word. Miskien het die monnike in party kloosters, soos die Zen Boeddhiste, heel waarskynlik,

ʼn ander opinie. Die oomblik wat hulle die woorde hoor "Leringe aangee," wil hulle nie luister nie. En waarom is dit? Zen Boeddhisme glo dat die Wet nie iets is wat jy kan leer nie, dat sodra jy die Wet verduidelik, is dit nie meer Wet nie, en dat daar geen Wet is wat geleer kan word nie, jy moet dit net intuitief uitpluis. Dit is waarom Zen nie enige Wet vandag kan onderrig nie. Die Zen Boeddhis Bodhidharma het hierdie idee versprei, en dit was gebaseer op een ding wat Boeddha Shakyamuni gesê het. Shakyamuni het gesê, "Geen Wet is absoluut nie." So hy het die Zen sekte gestig gebaseer op daardie verklaring van Shayamuni. Ons sou sê die sekte gaan by ʼn doodloop straat af. Hoe so? Destyds, toe Bodhidharma by dit afgegaan het, het hy gedink dit was redelik ruim, terwyl vir Patriarg II was dit nie só ruim nie; vir Patriarg III was dit so-so, maar teen die tyd van Patriarg IV was dit reeds regtig smal; basies was daar nie veel om af te gaan vir Patriarg V nie, en teen die tyd van Patriarg VI, Huineng, het hulle die einde van dit getref, en hulle kon nie meer verder gaan nie. Vandag as jy na Zen gaan om die Wet te leer, moet nie vir hulle enigiets vra nie, want as jy hulle iets vra sal hulle jou reg op die kop klap, en hulle noem dit ʼn "stok ontwaking." Die idee is, jy behoort nie te vra nie, en dat jy op jou eie moet ontwaak. Jy sou sê, "Ek het hierheen gekom om te leer omdat ek niks weet nie. Tot wat is ek veronderstel om na te 'ontwaak'? Jy het my nou net met ʼn stok geslaan!" Dit is die einde wat hulle bereik het, en hulle het niks onderrig nie. Selfs Bodhidharma het gesê Zen kon alleenlik vir ses generasies oorgegee word, en daarna sou dit werk nie. Honderde jare het verby gegaan, maar vandag is daar steeds mense wie vir hulle liewe lewens aan Zen se leringe vasklou en wil net nie laat gaan nie. So dan wat is die regte betekenis van Shakyamuni se "geen Wet is absoluut nie"? Shakyamuni was by die Tathagata vlak. Mense later aan, en selfs baie monnike, was nie in staat om te ontwaak tot dinge by Shakyamuni se vlak nie, of tot die gedagte toestand by sy vlak van bewustheid, tot die ware betekenis van die Wet wat hy onderrig het, of die ware betekenis van sy woorde nie. Dit is waarom mense wie na hom gekom dit geïnterpreteer op net enige manier wat jy jou kon verbeel, en hulle het dit in ʼn groot gemors geïnterpreteer. En hulle het "Geen Wet is absoluut" geneem om te beteken jy behoort dit nie te onderrig nie, en sodra dit onderrig is, is dit nie Wet nie. Maar dit is eintlik nie wat dit beteken nie. Nadat Shakyamuni Ontsluit geword het, of Geestelik Verlig, onder die Bodhi boom, het hy nie die Tathagata vlak onmiddellik bereik nie. Vir die hele 49 jare wat hy die Wet gepreek het hy homself voortdurend verbeter. Elke keer wat hy een vlak verbeter het sou hy terug kyk en sien dat die Wet wat hy net onderrig het nie korrek was nie. Nadat hy meer verbeter het, het hy besef dat die Wet wat hy gepreek het weer nie korrek was nie. En toe hy selfs meer verbeter het, het hy besef dat die Wet wat hy onderrig het was weereens nie korrek nie. Vir die hele 49 jare het hy voortdurend sy vlak soos dit verhoog, en elke keer wat hy een vlak opgegaan het, het hy besef dat die Wet wat hy voorheen onderrig het, ʼn lae begrip gehad het. Hy het ook besef dat die Wet by elke vlak, daardie vlak se manifestasie van die Wet is, en dat elke vlak ʼn Wet het, maar dat nie een van hulle die absolute Waarheid van die heelal is nie, alhoewel, die Wette by hoer vlakke nader aan die natuur van die heelal is as die Wette by laer vlakke. Daarom het hy gesê, "Geen Wet is absoluut nie."

In die einde het Shakyamuni ook gesê, "Ek het nie een bietjie van Wet in my lewe onderrig nie." Zen het dit alweer geneem om te beteken dat die Wet nie onderrig kan word nie. Shakyamuni het teen sy latere jare die Tathagata vlak bereik. So waarom het hy gesê dat hy glad nie die Wet onderrig het nie? En wat wou hy regtig sê? Hy het gesê, "selfs teen hierdie Tathagata vlak waar ek by is, het ek steeds nie die heelal se absolute Waarheid gesien nie, of wat sy absolute Wet is nie." So hy het mense vertel wie later sou kom om nie sy woorde te neem as die absolute, onveranderlike Waarheid, want dit sou mense wie ná hom beperk tot die Tathagata vlak of laer, en hulle sou nie in staat wees om deur te breek na hoër vlakke nie. Die mense na hom het nie die ware betekenis van sy woorde begryp nie en dit geneem om te beteken, "as die Wet onderrig is, is dit nie die Wet nie."- dit is hoe hulle dit begryp het. Shakyamuni het eintlik gesê, "Verskillende vlakke het verskillende Wette, en die Wet by enige vlak

is nie die absolute waarheid van die heelal nie, maar die Wet by enige gegewe vlak tree as ‘n gids op by daardie vlak.” Dit is die idee wat hy regtig na verwys het.

Daar was baie mense gewees, en veral in Zen, wie altyd geklou het aan daardie tipe bevooroordeelde en heeltemal verkeerde begrip. As niemand jou onderrig nie, wel, wat is daar om jou te lei in jou praktyk? Hoe kon jy praktiseer? Hoe kon jy dan kultiveer? Boeddhisme het baie Boeddhiste verhale. Miskien het sommige van julle die een gelees oor ’n ou wie opgevaar het na die hemele. Hy het by ’n hemelse koningryk gearriveer, en ontdek dat elke woord in die Diamant Soetra daar bo verskillend was van die Diamant Soetra hier onder, en dat selfs hulle betekenisse verskillend was. Dan waarom was daardie Diamant Soetra verskillend van die een in die menslike wêreld? Daar is ander mense wie gesê het, “Die geskrifte in die Westerse Paradys is so verskillend van die geskrifte hier onder jy sou hulle nie herken nie. Hulle is totaal verskillend. Nie net is die woorde verskillend nie, maar die betekenis en die beduidenis van hulle is verskillend, ook. Hulle het verander.” Wat eintlik aangaan is, dieselfde Wet verander by elke vlak en manifesteer in ’n verskillende wyse, en vir kultiveerders, kan dit hulle verskillend lei by verskillende vlakke.

Julle weet, daar is ’n boekie genoem, Reisbeskrywing van die Westerse Paradys. Dit is oor ’n monnik wie gemediteer het, en sy siel het na die Westerse Paradys gegaan en het ’n paar tonele gesien. Hy het daar rond gewandel vir ’n dag en terug gekom na die menslike wêreld, waar ’n goeie ses jaar verby gegaan het. Het hy regtig dit alles gesien? Hy het, maar wat hy gesien het was nie hoe dit regtig daar is nie. En waarom nie? Sy vlak was nie hoog genoeg nie, so hy was alleenlik die Boeddha Wet se manifestasie gewys wat hy veronderstel was om by sy vlak te sien. Hy kon nie sien hoe dinge regtig daar is nie omdat ’n wêreld soos daardie ’n manifestasie is van die samestelling deur die Wet. Daarom sê ek dat dit die betekenis is van “Geen Wet is Absoluut nie.”

## Een standaard alleen bepaal of iemand goed of sleg is: of hy in staat is om Waar, Goed en Verduur te wees

Daar was altyd mense in Boeddhisme gewees wie Boeddha Wet ondersoek het om vas te stel wat Boeddha Wet is. En sommige mense dink dat die Wet wat in Boeddhisme onderrig word, die hele Boeddha Wet is. Maar dit is eintlik nie. Die Wet wat Shakyamuni onderrig het was vir daardie gewone mense 2,500 jaar gelede met ’n regtige lae graad van beskawing, hulle was mense wie pas na vore gekom het uit ’n primitiewe samelewing en wie se verstande betreklik eenvoudig was. Hy het gepraat oor, “Die Eeu van die Wet se Einde.” Dit is vandag. Moderne mense kan nie meer met daardie Wet kultiveer nie. In die Eeu van die Wet se Einde is dit moeilik vir monnike in kloosters om selfs hulle self te red, wat nog te sê van andere te red. Die Wet wat Shakyamuni daardie tyd gepreek het was spesifiek vir daardie situasie, en ook, het hy nie alles wat hy geweet het vir mense onderrig, by sy vlak, oor Boeddha Wet nie. En as jy dit wil weerhou van om ooit te verander, dit is net nie moontlik nie.

Die samelewing het ontwikkel en die menslike verstand het meer en meer ingewikkeld geword, so dit is nou moeilik vir ’n persoon om op daardie manier te kultiveer. Boeddhisme se Wet dek nie die hele Boeddha Wet nie - dit is net ’n baie klein deel van Boeddha Wet. Daar is baie Boeddhiste Groot Wet praktyke wat oorgegee was tussen die gewone mense, of oorgegee was deur die generasies in ’n familie oorerflike tipe manier. Verskillende vlakke het verskillende Wette, en verskillende dimensies het verskillende Wette, en alles van dit is die Boeddha Wet se manifestasie in verskillende dimensies en by verskillende vlakke. Shakyamuni het ook gepraat oor dat daar 84,000 dissiplines is vir die kultivering van Boeddhaskap. Maar Boeddhisme het alleenlik ’n dosyn of so dissiplines, soos Zen, Rein

Land, Tendai, Huayan, en Tantrisme. Hulle dek nie die hele Boeddha Wet nie. Buitendien, het Shakyamuni nie alles van sy Wet gepreek nie, hy het net selektief die gedeelte van sy Wet gepreek wat mense daardie tyd sou kon begryp.

So net wat presies is Boeddha Wet? Die heelal se mees fundamentele natuur, om Waar, Goed, en Verduur, te wees, dit is die hoogste uitdrukking van Boeddha Wet, dit is die essensie van Boeddha Wet. Boeddha Wet word uitgedruk in verskillende vorme by verskillende vlakke, en by verskillende vlakke dien dit as 'n gids in verskillende maniere, met die manifestasies wat meer uiteenlopend word soos die vlakke laer word. Lug partikels, klip, hout, grond, staal, die menslike liggaam - alle materie het hierdie natuur, om Waar, Goed, en Verduur, te wees. In antieke tye het hulle geglo dat die Vyf Elemente al die tallose dinge van die heelal vorm. En hulle, ook, het hierdie natuur - om Waar, Goed, en Verduur te wees. 'n Kultiveerder kan alleenlik die spesifieke manifestasie van Boeddha Wet ken by die vlak waarna toe hy gekultiveer het, en dit is sy kultivering Rypwording, sy vlak. As jy dit in besonderheid uitspel, die Wet is baie groot. Maar wanneer jy sy hoogste punt bereik, dan is dit eenvoudig, omdat die Wet opstapel in 'n piramiede-tipe vorm. Bo teen 'n uiterste hoë vlak kan jy dit saamvat in net drie woorde: Waar, Goed, en Verduur. Maar soos dit by elke vlak manifesteer, word dit uiters ingewikkeld. Laat ons menslike wesens gebruik as 'n vergelyking. Daoïste sien die menslike liggaam as 'n klein heelal. Menslike wesens het 'n materiële liggaam, maar om net 'n materiële liggaam te hê maak iemand nie 'n volledige mens nie. Dit neem 'n menslike temperament, persoonlikheid, karaktertrekke, en 'n siel om 'n volledige en selfstandige persoon saam te stel, met individualiteit. Dieselfde gaan vir hierdie heelal van ons: daar is die Melkweg en ander sterre stelsels, asook lewe en water, so die tallose dinge is die materiële kant, maar dit het ook sy eie natuur om Waar, Goed, en Verduur, te wees. Die partikels van elke enkele ding het hierdie natuur, en die uiterste klein partikels het ook hierdie natuur.

Hierdie natuur, om Waar, Goed, en Verduur te wees, is die standaard wat bepaal wat goed en sleg in die heelal is. Wat is goed? Wat is sleg? Jy gebruik hierdie natuur om vas te stel. Dieselfde gaan vir die idee van "deug" wat mense van gepraat het. Natuurlik, het die samelewing se morele vlak nou verander, en selfs die morele standaard is verdraai. Deesdae, as iemand daardie goeie Samaritaan, Lei Feng imiteer, sal mense waarskynlik sê hy is waansinnig. Maar, in die 1950's of 60's, sê my, wie sou gesê het dat hy waansinnig is? Die mensdom se morele standaarde is op 'n groot afglyding, die wêreld gaan na die honde, mense is net beheer deur inhaligheid, hulle doen andere skade aan net om hulleself 'n bietjie te bevoordeel, en mense kompeteer en baklei net—hulle val dit aan teen alle prys. So dink daaroor, kon dit toegelaat word om aan te gaan? Wanneer sommige mense slegte dinge doen en jy dit aan hulle uitwys, glo hulle jou nie eers nie - hulle kan regtig nie glo hulle doen iets verkeerd nie. Sommige mense meet hulleself met die vervalle morele standaard, en hulle dink dat hulle beter as ander mense is. Dit is omdat selfs die standaard vir meting verander het. Ongeag hoe die mensdom se morele standaard verander, die natuur van die heelal verander nie, en dit is die enigste standaard om te bepaal wie goed is en wie sleg is. So om 'n kultiveerder te wees moet jy die natuur van die heelal neem as jou gids vir die verbetering van jouself. Jy kan nie volgens gewone mense se standaarde gaan nie. As jy wil terugkeer na jou oorspronklike, ware self, as jy jou vlak wil verhoog deur kultivering, moet jy volgens hierdie standaard leef. Vir enige iemand hier, alleenlik as jy die heelal se natuur kan volg, om Waar, Goed, en Verduur te wees, alleenlik dan kan jy jouself 'n goeie persoon noem. En 'n persoon wat teen hierdie natuur gaan, nou dit is iemand wie waarlik sleg is. Miskien wanneer jy by die werk is of êrens rond, sal iemand sê dat jy sleg is. Maar miskien is jy nie regtig sleg nie. Of miskien sê iemand dat jy goed is. Maar, dit werk uit, miskien is jy nie regtig goed nie. En vir 'n kultiveerder, as jy na hierdie natuur assimilleer is jy iemand wie die Dao bereik het. Die waarheid is regtig net so eenvoudig.

Daoïste kultiveer Waar, Goed, Verduur met 'n klem op om Waar te wees. Dit is hoekom Daoïste streef om "Waarheid te kultiveer en ingebore natuur te voed, ware woorde sê, ware dinge doen, 'n eerlike persoon te wees, terug keer na jou oorspronklike, ware self, en uiteindelik kultiveer tot in 'n Ware Persoon." Maar hulle het ook Verduur, en hulle het ook Goed, dit is net dat die klem gelê is op kultivering van die Waar deel. Boeddhiste beklemtoon die Goed van Waar, Goed, Verduur in hulle kultivering. Kultivering van Goed kan 'n hart van groot Barmhartigheid ontwikkel, en wanneer hierdie hart van Barmhartigheid uitkom kan jy sien dat alle waarnemende wesens swaar kry, so jy sal gevul wees met een wens: om alle waarnemende wesens te red. Maar hulle het ook Waar, en hulle het ook Verduur, dit is net dat die klem is om Goed te kultiveer. Ons Falun Dafa dissipline, die Wet Wiel Groot Weg, gaan volgens die hoogste standaarde van die heelal, om Waar, Goed, en Verduur te wees, en ons kultiveer hierdie altesaam. So wat ons kultiveer is baie groot.

## Qigong is deel van prehistoriese kultuur

Wat is qigong? Baie qigong meesters probeer om die vraag toe te spreek, maar wat ek te sê het is heeltemal anders. Baie qigong meesters praat daaroor by een vlak, terwyl ek by 'n hoër vlak praat oor hoe om qigong te verstaan, en dit is niks soos hoe hulle dit verstaan nie. Sommige qigong meesters sê dat qigong 'n 2,000-jaar geskiedenis in ons land het. En andere sê qigong 'n 3,000-jaar geskiedenis het. Sommige sê dit het 'n 5,000-jaar geskiedenis, wat omtrent dieselfde sou wees as die geskiedenis van ons Sjinese beskawing. En daar is mense wie sê dat as jy volgens historiese artefakte gaan het dit 'n 7,000-jaar geskiedenis, wat vêr verby die geskiedenis van ons Sjinese beskawing gaan. Maar nogtans, die datum gaan nie veel verder as die historiese geskiedenis van hierdie beskawing nie. Nou, volgens Darwin se teorie van evolusie, het die mens eers geëvolueer van waterplante tot in waterdiere, toe klim hy op die land, en later op in bome, toe kom hy weer af en verander in 'n aap, en toe het hy uiteindelik geëvolueer in die moderne mens, wie kultuur en gedagtes het, wat menslike beskawing op alleenlik by sowat 10,000 jaar oud sit, as jy op daardie manier bereken. Gaan 'n bietjie verder terug en daar sou nie quipu boekhoukunde gewees het nie, en hulle sou blare gedra en rou vleis geëet het. Gaan selfs verder terug, en miskien sou hulle nie eers geweet het hoe om vuur te maak nie, en hulle sou totale barbaarse, primitiewe mense gewees het.

Maar iets maak net nie sin nie. Daar is baie plekke om die wêreld waar tekens van antieke beskawings nagelaat is, en hulle is regtig baie ouer as ons beskawing. Hierdie antieke oorblyfsels is uitstekend in terme van hulle vakmanskap, en as jy na die kunstigheid kyk, is hulle puik. Dit is amper asof die moderne mense die kunste van die antieke mense naboots, en hulle het groot estetiese waarde. Maar hulle is van meer as 100,000 jaar gelede, honderde duisende jare gelede, miljoene jare gelede, of selfs meer as 'n 100 miljoen jaar gelede. Dink dan daaroor, maak dit nie 'n grap van "geskiedenis" soos ons dit ken nie? Maar hierdie is regtig nie net 'n ander amusante idee nie, aangesien die mensdom besig is om sigself te vervolmaak en om sigself te herontdek op 'n voortgaande basis, en dit is net hoe 'n samelewing ontwikkel, so kanse is wat hulle aan die begin geweet het is nie heeltemal korrek was nie.

'n Goeie aantal van julle het waarskynlik gehoor van die terme prehistoriese kultuur, wat ook prehistoriese beskawing genoem word. Laat ons praat oor prehistoriese beskawing. Op die aarde is daar Asië, Europa, Suid-Amerika, Noord-Amerika, Oseanië, Afrika, en Antarktika, wat geoloë saam groepeer as kontinentale plate. Dit was tiene van miljoene jare sedert die kontinentale plate gevorm het, of jy kon sê, 'n aantal landmassas het van die seebodem gerys, en baie landmassas het na die seebodem gesink, en dit was tiene van miljoene jare sedert hulle gestabiliseer het soos hulle nou is. Maar op die bodem van baie oseane het mense hoë en groot antieke strukture gevind, die strukture het

elegante ontwerpe, en hulle is nie kulturele oorblyfsels van vandag se menslike ras nie. So hulle moes gebou gewees het voordat hulle na die seebodem gesink het. Wie was dit dan tiene van miljoene jare gelede wat daardie beskawings begin het? Destyds, sou ons menslike ras nie eers ape gewees het nie, reg? - hoe kon ons sulke intelligente dinge geskep het? Vandag se argeoloë het ontdek dat daar ʼn organisme wat ʼn trilobiet genoem was, en daardie kreatuur was aktief vanaf 600 miljoen jare gelede tot op 260 miljoen jaar gelede. Dit was nie vir 260 miljoen jaar rond gewees nie. Tog is daar ʼn Amerikaanse wetenskaplike wat ʼn trilobiet fossiel ontdek het, en wat daarop was, was ʼn mens se voetafdruk, die voetafdruk van iemand wie skoene dra, en die afdruk is onmiskenbaar. Is dit nie soos ʼn poets bak op geskiedkundiges nie? As julle volgens Darwin se teorie oor evolusie gaan, sê my, kon daar menslike wesens 260 miljoen jare gelede gewees het?

In die museum van die Nasionale Universiteit van Peru is daar ʼn rots met ʼn menslike figuur daarin geëts. ʼn Studie het bepaal dat die figuur 30,000 jaar gelede in die rots geëts was. Maar hierdie figuur dra klere, hy dra ʼn hoed en hy dra skoene, in sy hand het hy ʼn teleskoop en hy observeer die sterre. Nou hoe kon mense 30,000 jaar gelede weet hoe om materiaal te weef en klere aan te trek? Wat steeds meer ongelooflik is, is dat hy ʼn teleskoop vashou en die sterre observeer, hy het iets oor sterrekunde geweet. Ons het altyd gedink dat die Europeër, Galileo, die teleskoop uitgevind het, en dat dit net ʼn bietjie oor 300 jaar gelede was. So wie sou dan die teleskoop 30,000 jaar gelede uitgevind het? En daar is hope en hope ander ongeklaarde misterieë. Byvoorbeeld, baie grotte in Frankryk, Suid-Afrika, en die Alpe het muurskilderye op die leisteen daar, en die muurskilderye was geëts in ʼn volle lewensgetrou en helder wyse. Maar die figure daar was geëts met hoë gehalte, en hulle is bedek met ʼn soort minerale pigment. Maar daardie figure is soos moderne mense aangetrek, en hulle klere lyk ʼn bietjie na Westerse styl klere - hulle dra linnebroeke. Sommige van hulle hou dinge soos tabak pype vas, en sommige hou kieries en dra hoede. Wil julle my vertel daardie ape 100de duisende jare gelede kon hierdie hoë vlak van kunstigheid gehad het?

Laat ons ʼn bietjie verder terug gaan. In Afrika is daar die Gaboen Republiek, wat uraan-erts het. Dit is ʼn land wat redelik onder ontwikkeld is en hulle het nie die kapasiteit om self die uraan te ekstraheer nie, so hulle voer die erts uit na ontwikkelde lande. In 1972 het ʼn vervaardiger in Frankryk daardie uraan-erts ingevoer, en na chemiese analise het hulle gevind dat die uraan-erts alreeds voorheen uitgehaal en gebruik was. Hulle het gedink dit was vreemd, en toe het hulle ʼn paar wetenskaplikes en tegniese personeel oorgestuur om ʼn op die plek ondersoek te maak. Wetenskaplikes van baie lande het daar gegaan om ondersoek in te stel. Hulle het uiteindelik bevestig dat dié uraan-erts myn ʼn groot skaal kern reaktor was, en die uitleg was tegnies regtig solied. Daar is geen manier dat selfs ons moderne mense so iets kon skep nie. So wanneer was dit gebou? Twee biljoen jaar gelede, en dit was in werking vir 500,000 jaar. Hierdie syfers is net astronomies. Daar's geen manier om dit te verduidelik met Darwin se teorie van evolusie nie. En daar is tonne van dinge soos hierdie. Die wetenskaplike en tegnologiese samelewing het genoeg nuwe dinge ontdek om ons huidige handboeke te verander. Sodra die mensdom sy denke laat vassit in ʼn diep, ou groef, is dit moeilik vir mense om nuwe idees te aanvaar. En selfs wanneer die waarheid blootgestel is waag mense nie om dit te aanvaar nie—hulle verwerp dit net impulsief. As gevolg van die invloed van ou maniere van dink organiseer niemand vandag hierdie dinge in ʼn stelselmatige wyse nie, en so mense se denke hou nooit by met nuwe ontwikkelinge nie. Jy bring hierdie dinge na vore, en selfs al was hulle ontdek, en net nie juis baie gepubliseerd is nie, het jy steeds mense wie uitroep "blinde geloof" en hulle kan dit net nie aanvaar nie.

Daar is baie brawe wetenskaplikes in ander lande wie openlik erken het dat hierdie dinge van prehistoriese kulture kom, en dat hulle is van 'n beskawing wat voor hierdie menslike beskawing gekom het, wat beteken, dat voor hierdie beskawing van ons was daar ander periodes van beskawing,

en nie net een nie. Jy kan vertel dat wanneer jy na argeologiese voorwerpe kyk dat hulle nie almal van een tydperk van beskawing was nie. So hulle dink dat na die baie kere wat beskawing 'n verpletterende ramp ervaar het, het net 'n handjie vol mense oorleef, hulle het primitief geleef, dan geleidelik in 'n nuwe menslike ras vermeerder, en 'n nuwe beskawing begin. Dan sou dit weer lei na verwoesting, en weer sou hulle vermeerder tot in 'n nuwe menslike ras. So dit is hoe dit gegaan het deur al hierdie verskillende sikliese veranderinge, oor en oor. Fisikusse sê dat die beweging van materie patrone het. Ons hele heelal se veranderinge het ook patrone.

Die beweging van ons planeet Aarde, wanneer dit in hierdie eindelose heelal is, en wanneer dit in hierdie draaiende Melk Weg is, is daar net geen manier dat dit altyd sonder insident kon gewees het, en kanse is dat dit in ander planete vasgeloop het, of ander probleme gehad het, en hierdie sou na baie groot katastrofes gelei het. As ons na dit kyk vanaf die perspektief van vermoëns, is dit net hoe dit gereël was. Een keer het ek dit naarsigtelik terug gespoor en gevind dat daar 81 keer was toe die mensdom totaal in puin gelê het, en net 'n paar mense het oorleef, alleenlik 'n bietjie van die prehistoriese beskawing was oorgelaat, en toe het hulle die volgende tydperk binnegetree en primitief geleef. Toe die mense genoeg vermeerder het, sou beskawing uiteindelik weer te voorskyn kom. So het dit deur 81 van hierdie siklusse gegaan, en ek het dit nie tot die einde terug gespoor nie. Die Sjinese mense praat van geleenthede van tyd geskenk deur die hemel, geografiese voordele, en eenheid onder die mense. Verskillende veranderinge in hemelse fenomene, of verskillende tye deur die hemel geskenk, hierdie kan verskillende situasies in die gewone wêreld te weeg bring. In fisika sê hulle dat die beweging van materie patrone volg. Wel, dieselfde gaan vir die beweging van die heelal.

Die hoof rede waarom ek nou net oor prehistoriese kultuur gepraat het was om hierdie punt te maak: qigong is nie iets wat vandag se menslike ras mee opgekom het nie, dit was oorgegee van eeue gelede, en is deel van prehistoriese kultuur. En ons kan 'n paar paragrawe hieroor vind in geskrifte. Terug in sy dae, het Shakyamuni gesê dat hy sy kultivering voltooi het en Geestelik Verlig geword het baie, baie honderde miljoene van Kalpa gelede. So hoeveel jare is dan in 'n Kalpa? Een Kalpa is baie, baie honderde miljoene jare. Jy kan jou regtig nie so 'n ontsaglike nommer eers verbeel nie. So - as wat hy gesê het waar is, pas dit dan nie in met die mensdom se geskiedenis en die veranderinge die hele aarde deurgegaan het nie? En nog 'n ding wat Shakyamuni gesê het was dat voor hom ses Boeddhas was van die oer tyd, dat hy meesters gehad het, en so aan, en dat almal van hulle gekultiveer het en Geestelik Verlig geword het baie, baie honderde miljoene van Kalpa gelede. So as hierdie dinge regtig waar is, dan kon party van daardie outentieke, regte praktyke en party van die erkende oorgegewe praktyke wat vandag in die wêreld versprei word, kon hulle daardie tipes van kultivering wyses insluit? As julle my vra, sou ek sê natuurlik, verseker. Maar jy sien hulle nie baie nie. Deesdae daardie vals qigong, skyn qigong, en daardie mense wie besete is gaan en maak 'n paar goeters op om mense te verkul, en hulle oortref in getal die ware qigonge tiental. En dit is moeilik om te onderskei watter waar is en watter vals is, en dit is moeilik om te sê of iets ware qigong is. Dit is nie so maklik om te vind nie.

Eintlik, is qigong nie die enigste ding wat van eeue gelede oorgebly het nie. Die Tai-ji simbool, die Hetu en Luosho diagramme, die Boek van Veranderinge en die Agt Trigome om net 'n paar te noem, is almal van hierdie wat oorgegee was van oer geskiedenis. So vandag wanneer jy dit gaan studeer van 'n gewone mens se standpunt, of dit daardie wyse probeer verstaan, gaan dit net nie sin maak nie hoe ook al ons probeer. Wanneer jy na dinge kyk van die vlak van 'n gewone mens, of van daardie standpunt, of daardie vlak van bewustheid, is daar geen manier dat jy gaan verstaan wat eg is nie.

## Qigong is oor kultivering

Qigong bestaan al vir eeue, so net waarvoor presies is dit? Ek gaan julle vertel, wat ons hier het is 'n Boeddhiste Kultivering Groot Wet, so natuurlik is dit vir kultivering van Boeddhaskap. En Daoïste, natuurlik, kultiveer die Dao om die Dao te bereik. Ek kan vir julle sê dat die idee van "Boeddha" is nie blinde geloof nie. "Boeddha" is 'n term van Sanskrit, wat 'n taal van antieke Indië is. Toe dit na ons Sjina gebring is het dit twee woorde, uitgespreek "Fo Tuo"gehad. Sommige mense het dit ook vertaal as "Fu Tu." Toe, soos dit aangegee was deur mense, en soos dit oorgegee was oor die generasies, het ons Sjinese mense een van die woorde uitgelaat en dit net "Fo" genoem. So wat beteken hierdie term in Sjinees? Dit beteken "Geestelike Verligte Een" - 'n persoon wie Geestelik Verlig geword het deur kultivering. Hoe is dit "blinde geloof?"

So laat ons daaroor dink, kultivering kan 'n persoon se bonatuurlike vermoëns uitbring. Ses tipes vermoëns word vandag in die wêreld erken, maar daar is meer as net daardie. Ek sou sê daar is omtrent 10,000 ware vermoëns. Stel jou net voor dat terwyl op 'n plek sit en sonder om sy hande of voete te beweeg, kan iemand doen wat ander mense nie kan doen nie selfs met hulle hande en voete, en hy kon die ware wette sien wat elke dimensie van die heelal regeer, en die realiteit van die heelal—hy kon dinge sien wat gewone mense nie kan nie. Is dit nie iemand wie die Dao bereik het deur kultivering nie? Is hy nie 'n Groot Geestelike Verligte Wese nie? Kon jy sê hy is dieselfde as 'n gewone persoon? Is hy nie iemand wie Geestelik Verlig geword het deur kultivering nie? Is dit nie net reg om hom 'n "Geestelike Verligte Wese" te noem nie? Wanneer jy dit in die taal van antieke Indië sit, is dit 'n "Boeddha" en dit is wat dit regtig oor is – Dit is wat qigong voor is.

Die oomblik dat qigong ter sprake kom is daar altyd iemand wie sê, "Waarom sou jy qigong wou oefen as jy nie gesondheidsprobleme het nie?" Hy impliseer dat qigong net vir genesing is, en dit is regtigwaar, 'n regtige baie oppervlakkige manier om dit te verstaan. Maar jy kan hom nie blameer nie, omdat baie qigong meesters besig is om mense net gesond te maak en hulle help fiks bly, daardie goeters, hulle praat net oor genesing en fiksheid, en niemand onderrig hoër dinge nie. Ek probeer nie sê dat hulle praktyke nie goed is nie. Dit is eintlik hulle missie om dinge te onderrig by die vlak van genesing en fiksheid, en qigong populêr te maak. Maar daar is baie mense wie na hoë vlakke wil kultiveer. Hulle dink daaroor, en hulle het die hart daarvoor, maar hulle weet nie hoe om hulle self te kultiveer nie, en dit het vir hulle baie swaarkry gebring, en hulle het baie probleme teë gekom. Nou natuurlik, om regtig 'n praktyk oor te gee by hoë vlakke gaan hoër dinge behels. So ons het 'n punt daarvan gemaak om verantwoordelik te wees teenoor die samelewing, en teenoor alle mense, en die algehele resultate omdie praktyk te oor te gee was goed gewees. Sommige van die dinge is hoë-vlak, en miskien klink dit asof ons oor blinde geloof praat, maar ons sal ons beste probeer doen om moderne wetenskap te gebruik wanneer ons dit verduidelik.

Wanneer ons melding maak van sekere dinge roep sommige mense uit, "blinde geloof." Waarom doen hulle dit? Hulle maatstaf vir wanneer iets "blinde geloof" of "kwaksalwery" is, is dat wat ook al wetenskap nie begryp het nie, of wat ook al hulle nie eerstehandse ondervinding van het nie, of wat ook al hulle dink nie moontlik kan bestaan nie. Dit is hulle manier van denke. So is daardie manier van denke korrek? Kan jy net iets afskryf as blinde geloof of kwaksalwery net omdat wetenskap dit steeds nie begryp het nie, of net omdat wetenskap steeds nie vêr genoeg gekom het om dit te verduidelik nie? Is hierdie mense nie hulle self vol blinde geloof nie? En is hulle nie vasgevang in kwaksalwery nie? As almal daardie manier gedink het, kon wetenskap ontwikkel? Kon dit vorentoe beweeg? Die samelewing sou nie in staat wees om vooruit te gaan nie. Die dinge wat ons wetenskaplike en tegnologiese samelewing uitgevind het is alles dinge wat mense op een stadium nie gehad het nie. As al daardie dinge aan gedink was as blinde geloof, dan sou daar geen punt gewees het om oor vooruitgang te praat nie, Reg? Qigong is nie oor kwaksalwery nie. Maar daar is altyd baie mense wie dink dit is, aangesien hulle dit nie verstaan nie. Maar met die gebruik van wetenskaplike instrumente het mense nou op die liggame van qigong meesters dinge gewaar soos infrasonies golwe, ultrasoniese golwe, elektromagnetiese golwe, infrarooi, ultraviolet, gamma strale, neutrone, atome, en spoor metaal elemente. Is daardie nie almal konkrete dinge nie? Dit is materie. Is alle dinge nie van materie gemaak nie? Is ander ruimte-tye nie van materie gemaak nie? Kon jy hulle blinde geloof noem? Qigong is vir

kultivering van Boeddhaskap, so natuurlik gaan daar baie diepsinnige dinge betrokke wees. En ons gaan almal van hulle verduidelik.

So as dit is wat qigong voor is, waarom noem mense dit qigong? Dit is nie regtig qigong genoem nie. Wat is dit genoem? Dit is kultivering genoem - dit is kultivering. Natuurlik, het dit ander spesifieke name, maar as 'n geheel word dit kultivering genoem. So waarom noem mense dit qigong, dan? Julle weet, qigong was al populêr vir meer as 20 jaar. Dit het begin so vroeg as die middel van die Kulturele Revolusie, en teen die einde van die Kulturele Revolusie het dit begin om sy hoogte punt te bereik .Dink nou daaroor. In daardie tyd was die ultra-linkse, Maoïste denke sterk aan die gang. Laat ons nie ingaan op watter name qigong gehad het in prehistoriese Kulture nie. Maar soos hierdie beskawing van ons deur ontwikkeling gegaan het, het dit deur 'n feodale periode gegaan, so dit het name wat redelik Middeleeus geklink het gehad. En daardie wat aan Godsdienste verbonde was het dikwels redelik godsdienstig geklink, soos, "Dafa van Kultivering van Dao" of, "Vajra Meditasie," " Weg van Arhat," "Dafa van Boeddha kultivering," of " Negevoud Onsterflike Elikser Metode." Dit was sulke name. As jy daardie name gedurende die Kulturele Revolusie gebruik het, sou jy nie in die publiek veroordeel geword het nie? Daardie wens wat qigong meesters gehad het om qigong populêr te maak was goed, en hulle het dit gedoen om die menigtes te genees en hulle fiks te hou, dit was om mense se fisiese kondisies te verbeter - dit was baie goed, was dit nie? Maar dit sou steeds nie goed aanvaar geword het nie, so hulle het dit nie gewaag om daardie name te gebruik nie. So om qigong populêr te maak, het baie qigong meesters twee woorde uit Die boek van Elikser en Die Daoiste Wet gepluk en het dit dan "qi gong" genoem. Sommige mense gaan selfs in op die terme qigong en doen navorsing oor dit, maar daar is niks daar om te studeer nie. Dit was net kultivering genoem. Qigong is net 'n nuwe term wat ontwikkel is in orde om by moderne mense se denke te pas. Dit is al.

## Waarom kultivering oefeninge doen nie gong vermeerder nie

Hoekom is dit dat kultivering oefening doen nie jou gong verhoog nie? Hier is wat baie mense dink: "Ek was nie enige van die ware dinge gegee in my praktyk nie. Maar ek weet my gong sou net opskiet as 'n Leermeester net my sy kenmerkende beweging gewys het of my inlaat op 'n paar kunsies uit die boonste rakke." Dit is hoe 95% van mense deesdae dink. Ek sou sê dit is redelik verspot. En waarom sê ek dit? Omdat qigong nie een of ander gewone tegniek is nie, dit is geheel en al 'n hoër ding, en so moet jy hoër waarhede gebruik om dit te beskou. Ek kan vir julle sê dat die fundamentele rede mense se gong nie opgaan nie is dat tussen die twee woorde "kultivering" en "oefeninge", gee mense net aandag aan die "oefeninge" gedeelte maar nie aan "kultivering" nie. Om buitewaarts te kyk gaan jou nêrens bring nie. Kyk, jou liggaam is net menslike vlees, jou hande is net menslike hande, en jou gedagtes is net menslike gedagtes, en jy dink jy kan hoë-energie materie in gong ontwikkel? En jy dink dit sal net sal groei? Nie 'n kans nie! Ek sou sê dit is 'n grap. Dit is dieselfde as om buitentoe te kyk, soos om buite jouself te kyk en jy sal nooit kry wat jy wil hê nie.

Hierdie is nie soos 'n soort van gewone mens se tegniek nie, waar jy 'n bietjie geld spandeer, 'n paar bewegings studeer, en dan net so het jy die bekwaamheid bekom. Dit is heeltemal anders. Dit is by 'n hoër vlak as gewone mense, so jy moet by hoër Wette gehou word. En wat moet jy doen? Jy moet net binnetoe kultiveer, jy kan nie buitewaarts kyk vir hulp nie. Maar baie mense kyk buitewaarts. Hulle wil vandag een ding hê, môre wil hulle iets anders hê, en hulle klou vas aan daardie begeerte vir vermoëns —hulle het allerhande doelwitte. En sommige mense droom selfs om qigong meesters te word en om ryk te word deur ander mense te genees! Maar in ware kultivering moet jy jou verstand kultiveer, en dit word genoem kultivering van jou karakter. Om dit te illustreer, wanneer jy en 'n ander persoon 'n probleem met mekaar ondervind, probeer jy daardie emosies en begeertes van jou, al daardie passies van jou neem, neem hulle 'n bietjie minder ernstig op. Anders, is jy daar besig om hammer en tang te baklei om jouself te bevoordeel, en jy wil jou gong verhoog? Vergeet dit! Is jy nie dan net soos 'n

gewone mens nie? Jy dink jy kon jou gong verhoog? Dit is hoekom jy op karakter kultivering moet fokus. Dit is wat dit neem vir jou gong om te groei, en dit is wat dit neem vir jou vlak om te styg.

So wat is karakter? Karakter sluit deug in (wat ’n tipe materie is), dit sluit verdraagsaamheid in, dit sluit in om na dinge te ontwaak, dit sluit in om dinge op te gee—om al die begeertes op te gee en al die verknogthede wat in ’n gewone persoon gevind word - en jy moet ook swaarkry verduur, om net ’n paar dinge te noem. So dit sluit baie verskillende dinge in. Dit is nodig dat jy elke aspek van jou karakter verbeter, en alleenlik wanneer jy dit doen sal jy regtig verbeter. Dit is een van die sleutel faktore in verbetering van jou sterkte.

Sommige mense dink, hierdie ‘karakter’ waaroor jy praat, dit is net ’n filosofiese ding. Dit is ’n geval van ’n persoon se vlak van bewustheid. Dit is verskillend van die gong wat ons wil kultiveer.” ”Wat bedoel jy “verskillend”?! In intellektuele kringe was daar altyd die vraag of materie primêr is of verstand primêr is. Hulle praat hieroor en debatteer dit al vir ’n lang tyd. Ek gaan julle vertel, in werklikheid, materie en verstand is een en dieselfde. Die wetenskaplikes in die veld van menslike-liggaam wetenskap dink nou dat die gedagtes wat die menslike brein produseer materie is. So hulle bestaan materieël. Maar is hulle ook nie in mense se verstand nie? Is hulle nie een en dieselfde nie? Dit is net soos wat ek gesê het omtrent die heelal—dit het sy materiële kant, en terselfdertyd, het dit sy natuur kant. Die heelal se natuur, om Waar, Goed, en Verduur te wees, is nie iets wat gewone mense kan aanvoel nie, en dit is omdat gewone mense almal op hierdie een vlak se peil is. Wanneer jy verby die vlak van gewone mense gaan dan kan jy hierdie natuur ondervind. Hoe ondervind jy dit? In hierdie heelal alle dinge, en dit sluit in selfs al die materie wat die hele heelal deurdring, hulle is almal lewende wesens, en hulle almal het denke, en hulle is almal vorme wat die Wet van die heelal in bestaan by verskillende vlakke. As hulle jou nie laat styg na ’n hoër vlak, miskien wil jy hoër gaan, maar jy kan net nie opgaan nie, en hulle sal jou net nie laat opkom nie. En waarom sal hulle nie? Omdat jou karakter nie verbeter het nie. Elke vlak het verskillende standaarde, en as jy jou vlak wil verhoog, moet jy ’n einde maak aan jou slegte gedagtes en jou vullis uitgooi, en jy moet assimilleer tot daardie vlak se standaard. Dit is die enigste manier wat jy op kan gaan.

Wanneer jou karakter verbeter, verander jou liggaam regtig. Wanneer jou karakter verbeter, verander die materie in jou liggaam definitief. En wat is die veranderinge? Jy sal daardie slegte dinge wat jy hardkoppig navolg, uitgooi. Laat my dit illustreer. Neem ’n bottel wat gevul is met vullis, skroef dit styf toe, en gooi dit in die water, en dit sal reg af sink tot die bodem. Gooi dan die vullis binne dit in uit, en hoe meer jy uitgooi, hoe meer sal dit boontoe dryf. En wanneer alles uitgegooi is sal dit al die pad boontoe dryf. Wat ons doen wanneer ons kultiveer is om ontslae te raak van elke soort slegte ding wat in die liggaam is, en dit is die enigste manier om na hoër vlakke te styg. Dit is die natuur van die heelal in werking. As jy nie jou karakter kultiveer nie, as jy nie jou morele standaard genoeg verbeter nie, en as jy nie ontslae raak van jou slegte gedagtes en slegte materie nie, dan sal dit jou nie laat styg na hoër vlakke nie. So kon jy nie sê hulle is een en dieselfde nie? Hier is ’n snaakse illustrasie vir julle. Kom ons sê daar is iemand wie al die emosies en begeertes van gewone mense het, en hy is skielik toegelaat om op te gaan en ’n Boeddha te wees. Dink daar oor, kon dit gebeur? Kanse is, hy sou sien hoe pragtig daardie Groot Boedhisattvas is en begin om onberedelike gedagtes te kry. En aangesien hy nie van jaloesie ontslae geraak het nie sou hy moontlik moeilikheid begin maak met Boeddhas. Kon daardie soort van ding daar toegelaat word? Dit kan nie. So wat is daar omtrent gedoen? Reg in die midde van gewone mense moet jy ontslae raak van elke bietjie van al daardie slegte gedagtes wat jy het, en dit is die enigste manier wat jy kan verbeter, en op gaan.

So om dit op 'n ander manier te stel, jy moet omgee oor karakter kultivering, kultiveer volgens die natuur van die heelal—om Waar, Goed, en Verduur te wees—en van daardie gewone mense se begeertes ontslae raak, daardie karakter foute, en daardie gedagtes oor slegte dinge doen. Solank as jou vlak van bewustheid opgaan selfs net klein bietjie, word daardie slegte dinge van joune afgeskud party terserlfdertyd. En hiermee saam, moet jy 'n bietjie swaarkry ondervind, deur 'n paar moeilike tye gaan, en deel van jou karma elimineer, en dan kan jy jou vlak 'n bietjie verhoog, wat beteken, die natuur van die heelal sal nie so 'n groot beperking op jou hê nie. Kultivering rus by jou, en gong rus by die meester. Die meester gee jou 'n gong wat jou gong vermeerder, daardie gong neem effek, en buite jou liggaam kan dit jou deug neem, wat materieël is, en dit in gong evolueer. Jy hou aan verbeter sonder ophou, jy hou aan opwaarts kultiveer sonder ophou, en saam met jou gaan jou gong pilaar, dit breek opwaarts deur sonder ophou. Om 'n kultiveerder te wees, moet jy jousellf kultiveer reg daar in die omgewing van gewone mense, jy moet jouself daar verbeter, en stuk vir stuk ontslae raak van jou verknogthede en al daardie verskillende begeertes wat jy het. Ons menslike wesens dink gewoonlik dat daardie dinge goed is, maar wanneer jy na hulle kyk vanaf 'n hoër vlak is hulle gewoonlik sleg. So wat mense as goed dink, soos om beter uit te maak volgens gewone standaarde, of om dinge beter te laat gaan, die wyse waarop die Groot Geestelik Verligte Wesens dit sien, is daardie persoon slegter af. Wat is slegter daarvan? Hy kry meer, hy benadeel ander mense meer, hy kry dinge wat hy nie behoort te kry nie, en hy sal baie oor sy reputasie en profyt omgee, en die gevolg is dat hy deug sal verloor. Jy wil jou gong verhoog, maar jy neem kultivering van jou karakter nie ernstig op nie, so jou gong sal glad nie verhoog nie.

In die kultivering wêreld sê ons dat 'n persoon se siel nie vergaan nie. 'n Rukkie terug, as iemand gepraat het oor dat menslike wesens 'n siel het, sou mense dit dalk blinde geloof genoem het. Maar ons weet nou deur navorsing in fisika op die menslike liggaam dat daar molekules, protone, en elektrone in dit is, en as ons verder af gaan, is daar kwarks, neutrino's, en so aan, en by daardie punt kan selfs 'n mikroskoop nie enige iets sien nie. Maar dit is steeds vêr van die oorsprong van lewe of die oorsprong van materie. En ons weet dat kernsplitsing 'n enorme hoeveelheid energie neem vir botsing om plaas te vind en 'n enorme hoeveelheid hitte op die kern om samesmelting te ondergaan of vir splyting om plaas te vind. Dan wanneer 'n persoon dood gaan, dink jy regtig dat die nukleï in sy menslike liggaam net so dood gaan? So ons het gevind dat wanneer iemand sterf, is dit net die komponente van hom wat in hierdie dimensie van ons is, hierdie laag van die grootste molekules, dit is alleenlik hulle wat weg val, terwyl sy liggame in ander dimensies nie vernietig is nie. Laat ons vir 'n oomblik dink. Soos wat lyk die menslike liggaam onder 'n mikroskoop? 'n persoon se hele liggaam is in beweging, al sit jy net daar stil beweeg jou hele liggaam, jou molekulêre selle beweeg, en jou hele liggaam is los, asof dit van sand gemaak is. Dit is wat die menslike liggaam na lyk onder 'n mikroskoop, en dit is totaal verskillend van die liggaam wat ons oë sien. Die rede is, hierdie paar menslike oë kan vir jou 'n illusie skep, en hulle weerhou jou van daardie dinge sien. Maar wanneer jou derde oog oop is kan jy dinge vergroot om na hulle te kyk, en dit is eintlik 'n ingebore vermoë van menslike wesens, maar nou is dit 'n bo-natuurlike vermoë genoem. As jy wil hê dat jou bo-natuurlike vermoëns moet uitkom, moet jy terug keer na jou oorspronklike, ware self, jy moet terug kultiveer.

Laat ons 'n bietjie praat oor hierdie deug ding. Net presies hoe is hulle aan mekaar verwant? Ons sal dit 'n bietjie ondersoek. Ons menslike wesens het 'n liggaam in elkeen van baie, baie dimensies. Die grootste komponent van die menslike liggaam, soos mense dit vandag sien, is die sel. En dit is die geval vir ons vlees en bloed, ten minste. Maar wanneer jy tussen in selle en molekules gaan, of tussen molekules en molekules, sal jy ondervind hoe dit is om ander dimensies binne te gaan. So watter vorm neem daardie liggaam? Natuurlik, kan jy dit nie verstaan met konsepte van hierdie dimensie reg hier nie: jou liggaam moet assimilleer na die vorme van bestaan wat vereis word in daardie dimensies, en

in ander dimensies is jou liggaam in staat, volgens ontwerp, om uit te sit en te krimp. Teen daardie tyd sal jy ontdek dat daardie dimensie so eindeloos is dat dit onvergelykbaar is. Hier praat ek net oor 'n eenvoudige vorm waarin ander dimensies bestaan, en daardie is dimensies wat bestaan in dieselfde tyd en in dieselfde plek. In baie ander dimensies het ’n menslike wese ’n besonderse soort liggaam, en in ’n gespesifiseerde dimensie, rondom die liggaam is daar ’n sekere soort veld. Wat veld? Daardie veld is die deug waaroor ons praat. Deug is ’n tipe wit materie, en dit is eintlik nie ’n soort geestelike ding nie, of net iets filosofies, soos sommige mense gedink het nie. Dit is definitief materieël. En dit is waarom ouer mense eentyd gesê het “Bou deug op!” “en moet nie deug verloor nie!” Hulle het die spyker op die kop geslaan! Daardie deug is oral om die menslike liggaam en dit vorm ’n veld. Daoïste het gesê dat die meester soek vir ’n dissipel, nie dat die dissipel vir ’n meester soek nie. En wat beteken dit? Hulle moes net na die proporsie van deug op die dissipel kyk om te sien of dit groot was. En as dit groot was, sou dit maklik vir hom wees om te kultiveer. As dit nie groot was nie, sou dit moeilik vir hom wees om te kultiveer, en hy sou regtig ’n moeilike tyd hê om sy gong hoog op te lig.

Terselfdertyd is daar ’n swart tipe van materie. Hier noem ons dit karma, terwyl in Boeddhisme is dit slegte karma genoem. Daar’s wit materie en swart materie, en hierdie twee soorte van materie bestaan saam. So hoe is hierdie twee tipes van materie verwant? Die materie genoem deug is iets wat ons kry deur swaarkry, deur moeilike tye te gaan of deur goeie dinge vir mense doen. Terwyl die swart materie, aan die anderkant, mense kry dit deur vreeslike dinge te doen of dinge wat nie goed is nie, soos om ander mense te gebruik. Deesdae, hou dit nie op by mense wie net deur hebsug beheer word nie, sommige mense sal selfs by geen kwaad stop nie en enige iets doen vir geld. Hulle vermoor onskuldige mense, huur mense om te moor, raak betrokke in homoseksualiteit, doen dwelms, jy noem dit—daar is allerhande goeters. Wanneer mense slegte dinge doen verloor hulle deug. Hoe verloor hulle dit? Wanneer ’n persoon iemand beledig, dink hy, hy het beter daarvan afgekom en stoom afgeblaas. Maar daar is ’n Wet in hierdie heelal, genoem, “ ’n Persoon verkry nie enigiets as hy nie verloor nie”- om te kry, moet jy verloor, en as jy nie verloor nie sal jy gemaak word om te verloor. Wie pas dit toe? Dit is die natuur van die heelal wat dit doen. So om alleenlik te wil kry sal dit net nie doen nie. So hoe werk dit? Wanneer ’n persoon iemand beledig, of wanneer hy iemand gebruik, gooi hy sy deug oor na hom toe. Hy is ’n onreg aangedoen, hy verloor, en hy kry swaar, so hy word gekompenseer daarvoor. So wanneer daardie persoon hom hier beledig, reg wanneer daardie woorde uitkom vlieg ’n stuk deug uit van daardie persoon se eie dimensionele veld en dit beland op hom. Hoe erger daardie persoon hom beledig, hoe meer deug gee hy hom. En dieselfde geld vir om mense te slaan en hulle te gebruik. Wanneer ’n persoon iemand ’n vuishou gee, of hom ’n goeie skop gee, hoe hard die slag is, dit is hoeveel deug op hom beland. ’n Gewone mens kan nie waarhede so hoog sien nie. Hy dink hy word rond gestoot, en hy kan dit nie vat nie.“Jy slaan my, so ek moet jou terug slaan.”“Doef!” Hy slaan onmiddellik terug, en stoot daardie deug terug na die ander ou. So nie een van hulle of verloor of verkry enige iets nie. Dan miskien dink hy, “Goed, jy het my een keer geslaan, dan moet ek jou weer slaan om my woede uit te laat.” So hy gee hom weer ’n vuishou, en nog ’n stuk van sy deug vlieg oor na hom toe.

Nou waarom gee ons so baie om oor deug? Wel, wat is transformering van deug regtig oor? In party gelowe glo hulle dat ‘n persoon goed sal vaar in sy volgende lewe as hy nie in hierdie een nie. Wat sal hy verkry? As hy baie deug het kon hy in ’n hoë pos kry, stinkend ryk word, of kry wat ook al hy wil hê. En al daardie is verruil vir deug. ’n Ander geloof in party gelowe is dat ’n persoon wie geen deug het nie, albei sy liggaam en siel verwoes sal word. Sy meester siel is vernietig en wanneer sy lewe verby is sterf alles van hom. Niks is oor nie. Maar in die kultivering wêreld glo ons dat deug direk in gong geëvolueer kan word.

Laat ons praat oor hoe deug in gong geëvolueer word. Daar's 'n gesegde in die kultivering wêreld, "Kultivering rus by jou, gong rus by die meester." Maar sommige mense oefen om 'n liggaamlike smeltkroes of oond op te stel, chemikalieë bymekaar maak om elikser te maak, en gebruik gedagte direksie. Hulle dink dit is belangrik maar ek wil vir julle vertel, daardie dinge is van geen belang nie, en as jy te veel oor hulle dink, is jy verknog, as jy baie oor hulle dink, is jy nie verknog, en soek jy hulle nie? "Kultivering rus by jou, gong rus by die meester"—as jy net daardie wens het, dan is jy gereed. Wanneer dit kom by wie dit eintlik doen, is dit die meester. Daar's geen manier dat jy dit kon doen nie. Jy het net 'n gewone mens se liggaam en jy dink jy kan 'n hoër wese se liggaam evolueer wat gemaak is van hoë-energie materie? Nie 'n kans nie. Dit is 'n grap om dit selfs te noem. Die proses van die evolueer van die menslike liggaam in ander dimensies is ongelooflik, en gekompliseerd, en daar is nie enige manier dat jy daardie dinge kan doen nie.

So dan, wat gee jou meester vir jou? Hy gee jou die gong wat gong verhoog. Deug is buite die menslike liggaam, en 'n persoon se ware gong is ontwikkel van deug, so die hoogte van 'n persoon se vlak, en hoeveel sterkte 'n persoon het, albei van hierdie kom van deug. Hy evolueer jou deug na gong, wat opwaarts groei soos 'n spiraal (die gong wat regtig 'n persoon se vlak bepaal, groei buitekant die liggaam), dit groei in 'n spiraal vorm tot by 'n sekere punt, dan sal dit 'n gong-pilaar vorm nadat dit die bopunt van jou kop bereik het. Wil jy weet hoe hoog 'n persoon se gong is? Dit neem net een blik na hoe hoog sy gong pilaar is, en dit is sy vlak, of wat hulle "Rypwording" in Boeddhisme noem. Wanneer sommige mense mediteer kan hulle meester siele hulle liggaam verlaat, en hulle skiet reg op na hoë vlakke, maar dan kan hulle nie hoër opgaan nie, en hulle waag dit nie. Hulle het daar gekom deur op hulle gong-pilare te ry en hulle kan net só hoog gaan. Die rede is dat dit is hoe hoog hulle gong pilare is, en hulle kan nie verder op gaan nie. Dit is die Rypwording wat Boeddhisme van gepraat het.

Ook, om te vertel hoe hoog 'n persoon se karakter is, is daar 'n maatstaf wat jy na kan kyk. Die maatstaf en die gong pilaar bestaan nie in dieselfde dimensie nie, maar hulle bestaan saam. Wanneer jy jou karakter verbeter het deur kultivering, byvoorbeeld, miskien is jy tussen gewone mense en iemand beledig jou, maar jy sê niks terug nie en jy is heeltemal kalm binnekant, of miskien gee iemand jou 'n vuishou, en weer sê jy niks nie en jy skud dit net af, en jy kom deur dit. Dan wys dit dat jou karakter hoog is. Jy is 'n praktisyn, so wat behoort jy kry? Kry jy nie gong nie? Wanneer jou karakter verbeter styg jou gong. Hoe hoog ook al jou karakter is, dit is hoe hoog jou gong is. Dit is 'n Waarheid en dit is absoluut. Daar was sommige mense gewees wie hulle hart in die oefeninge gesit het, ongeag of hulle tuis was of buite in die park, hulle het regtig daarin geglo en hulle het dit redelik goed gedoen. Maar sodra hulle terug buite in die regte wêreld was, word hulle 'n verskillende persoon, hulle sou terug gaan na hulle ou maniere, en baklei en kompeteer met gewone mense vir wins en om 'n naam vir hulleself te maak. Dink jy hulle gong kon groei? Nie eers 'n duim nie. En hulle kon nie gesond word vir dieselfde rede nie. So waarom is dit dat sommige mense qigong oefeninge doen vir 'n lang tyd maar kry nie hulle gesondheid terug nie? Dit is omdat qigong kultivering is, en dit is 'n hoër ding, dit is nie soos gewone mense se oefeninge nie. So jy moet karakter ernstig opneem as jy gesond gaan word en gong gaan vermeerder.

Sommige mense dink dat wat by "elikser" bedoel word, in die gesegde "stel 'n smeltkroes op of oond op, maak chemikalieë bymekaar om "elikser" te maak", is gong. Maar dit is nie. Daardie elikser stoor alleenlik party tipes energie, maar dit bevat nie alle soorte energie nie. Wat se soort ding is "elikser"? Julle weet, ons ook het 'n paar dinge wat vir die kultivering van langlewendheid is, gong sal te vore kom vanuit ons liggame en daar is 'n hele klomp tegniek-tipe dinge. Meeste van hierdie dinge is gesluit, egter, en dit is om jou te verhoed om hulle te gebruik. Daar is baie vermoëns, sowat 10,000 van hulle, en elkeen van hulle is gesluit die oomblik dit gevorm is. So waarom kom hulle nie uit nie? Dit is om jou

te weerhou om te gaan en hulle te gebruik soos jy wil buite in die gewone wêreld. Jy kan nie net gaan en die gewone wêreld steur nie, en jy kan ook nie rondgaan en jou vaardighede afwys in die gewone wêreld nie, want dit sou die dinge in die gewone wêreld omkrap. Baie mense moet kultiveer deur ontwaking, so as jy gegaan het en vir hulle al daardie dinge gewys het, sou mense sien dat hulle eg is, en hulle sou almal kom om te kultiveer, jy sou selfs mense kry wie onvergeeflike boosheid gedoen het, en dit sou net nie werk nie, so jy word nie toegelaat om soos dit af te wys nie. En jy sal waarskynlik slegte dinge doen omdat jy nie die onderliggende redes kan sien nie, en jy kan nie die essensie van dinge sien nie. Wat jy dink as goed doen kon sleg uitdraai wanneer jy dit doen. So jy is nie toegelaat om hulle te gebruik nie. Die rede is, sodra jy iets slegs gedoen het, sou jou vlak val, en jy sou verniet gekultiveer het, so baie vermoëns is toegesluit. Hoe werk dit dan? Die dag die persoon Oopgesluit en Geestelik Verlig, sal word - tree die elikser soos ’n bom op, en blaas al sy vermoëns en al sy liggaam se slotte en gleuwe oop - “boem!” Hulle is almal oop geruk. Dit is waarvoor dit is. Nadat monnike dood gaan en veras word, is daar “Sarira.” Sommige mense sê hulle is net bene of tande. Dan hoe is dit dat gewone mense dit nie het nie? Dit is elikser nadat dit ontplof het. Sy energie was vry gestel en dit het baie materieë van ander dimensies in dit. In elk geval, dit is iets materieël ook, maar dit het nie veel gebruike nie. Deesdae dink mense dit is regtig kosbaar. Dit het energie, en is helder en hard. Dit is wat dit is.

Daar is nog ’n rede waarom mense se gong nie vermeerder nie. Dit is dat jy nie op kan kultiveer nie as jy nie die Wet by hoër vlakke ken nie. Wat bedoel ek? Dit is net soos wat ek gesê het oor sommige mense wie baie verskillende soorte vorme van qigong gepraktiseer het – ek sê vir julle, ongeag hoeveel jy leer, dit sal niks vir jou doen nie, en jy is steeds ’n elementêre skool student, net ’n elementêre skool student in kultivering, omdat daardie is almal lae vlak waarhede. As jy daardie lae vlak waarhede volg en jy probeer om jouself na hoë vlakke op te kultiveer, sal jy geen leiding kry nie. Jy kan op Kollege wees, maar as jy elementêre skool boeke daar dan studeer, dan sal jy net ’n elementêre skool student wees, en om meer van hulle te bestudeer sal jou nêrens bring nie. Dit werk uit jy sal slegter daarvan af wees. Verskillende vlakke het verskillende Wette wat ooreenkom met daardie vlakke. En by verskillende vlakke lei die Wet in verskillende maniere. So die waarhede van lae vlakke kan jou nie op na hoë vlakke kultivering lei nie. Wat ons gaan voorlê is hoë vlak kultivering waarhede, en ek integreer dinge van verskillende vlakke wanneer ek onderrig, so hulle sal altyd in staat wees om jou kultivering te lei van nou af vorentoe. Ek het ’n paar boeke, en tesame met oudiobande en video bande. Jy sal vind dat wanneer jy hulle lees, of na hulle luister, of na hulle kyk een keer, sal hulle jou lei, en sal jy ontdek dat na ’n ruk, wanneer jy hulle weer lees, of weer na hulle luister, of na hulle weer kyk, dan is dit verseker dat hulle steeds die effek sal hê van om jou te lei. Jy sal jouself sonder ophou verbeter en hulle sal jou sonder ophou lei. Dit is presies soos die Wet is. So wat ek van pas oor gepraat het, is die twee redes waarom om kultivering oefeninge te doen nie jou gong vermeerder nie: jy het geen manier om te kultiveer as jy nie die Wet by hoë vlakke ken nie, en as jy nie binnewaarts kultiveer nie, as jy nie jou karakter kultiveer nie, sal jou gong nie verhoog nie. Daardie is die twee redes.

## Falun Gong se spesiale kenmerke

Ons Falun Dafa is een van die Boeddhiste sisteme se 84,000 dissiplines. Dit was nog nooit aangegee aan die algemene publiek gedurende hierdie periode van beskawing nie, maar dit het een keer in ’n prehistoriese eeu, mense op groot skaal gered. Vandag versprei ek dit weer wyd gedurende hierdie finale periode van die Kalpa se einde, so dit is net uiters waardevol. Ek het gepraat oor die wyse waarop deug direk getransformeer word na gong. En gong, dit werk uit, kom nie van oefeninge doen nie, dit kom van kultivering. Baie mense soek regtig na hoe om hulle gong op te bou, maar hulle dink

alleenlik oefeninge is belangrik, en hulle neem nie kultivering ernstig op nie. Maar die feit is, gong kom alles van die kultivering van jou karakter. Waarom onderrig ons julle dan die oefeninge hier? Laat ek eers ’n bietjie praat oor waarom monnike nie oefeninge doen nie. Hulle mediteer hoofsaaklik, chant geskrifte, en kultiveer hulle karakter, en dan verhoog hulle gong—hulle verhoog daardie gong wat jou vlak bepaal. Shakyamuni het gepraat van om afstand van alles in die wêreld te doen, en dit sluit jou ingebore liggaam in, so hulle hoef nie enige bewegings te doen nie. Daoïste praat nie oor om alle waarnemende wesens te red nie. Die mense wie hulle onderrig het nie allerhande mentaliteite, of allerhande vlakke nie, en hulle onderhandel nie met net enige iemand nie, met sommige mense wie regtig selfsugtig is en andere wat minder so is. Hulle kies hulle dissipels. Hulle mag drie dissipels vind, maar alleenlik een van hulle word die essensie geleer, so daardie dissipel is seker om baie deug te hê, goed te wees en nie probleme teë te kom nie. So hulle fokus op manuale tegnieke te onderrig, en dit is om langlewendheid te kultiveer. Hulle werk op dinge soos bo-natuurlike kragte en tegniek- tipe dinge, en dit beteken dat hulle sekere bewegings moet doen.

Falun Dafa is ’n praktyk wat albei jou natuur en langlewendheid kultiveer, so dit moet ’n paar bewegings hê om te doen. Vir een ding, die bewegings is om vermoëns te versterk. En wat is “versterking” oor? Dit is oor jou kragtige sterkte te gebruik om jou vermoëns te fortifiseer, en dit maak hulle sterker en sterker. En tweedens is dit nodig vir jou liggaam om baie lewende dinge te evolueer. Wanneer hulle ’n hoë vlak van kultivering bereik, praat Daoiste oor “Die gekultiveerde Kindjie wat gebore word” net soos Boeddhiste oor “die Onvernietigbare Diamantagtige Liggaam,” praat en baie, baie tegniese dinge moet geëvolueer word, ook. Almal van hierdie dinge moet geëvolueer word deur manuale tegnieke, en hulle is wat die bewegings voor is. Om na dit te kyk op hierdie manier, ’n volledige sisteem van albei natuur en langlewendheid kultivering moet kultivering hê, en dit moet oefeninge hê. So ek dink julle weet nou hoe gong gemaak word: die gong wat regtig jou vlak besluit kom in werklikheid nie van oefeninge nie. Dit kom van kultivering. Dit het te doen met jy wat jouself kultiveer, en hoe wanneer jy jou karakter verbeter in die midde van gewone mense, en wanneer jy assimilleer na die heelal se natuur, dan hou die heelal se natuur jou nie terug nie, en jy is in staat om hoër te styg. Dit is wanneer jou deug na gong in begin evolueer, en soos wat jou karakter verbeter, gaan dit reg op daarmee. Dit is hoe dit werk.

Hierdie praktyk van ons tel regtig as ’n praktyk van natuur en langlewendheid-kultivering. Die gong wat ons ontwikkel is opgestoor in elke sel in ons liggame, en gaan al die pad af na die mikroskopiese partikels van die oorspronklike materie wat in ’n uiterste mikroskopiese toestand bestaan, en hulle stoor almal daardie hoë-energie-materie gong op. Soos jou sterkte hoër en hoër groei, word die digtheid groter en groter, en sy krag word groter,en groter ook. Hierdie tipe hoë-energie-materie het intelligensie en omdat dit opgestoor is in elke sel in jou liggaam, reg af na die oorsprong van jou wese, en neem oor tyd dieselfde vorm as die selle in jou liggaam aan, dit het dieselfde rangskikking as die molekules, en het dieselfde vorm as al die nukleusse. Maar sy natuur verander, en nou is jou liggaam nie meer dieselfde vlees en bloed wat jou selle voorheen van saamgestel was nie. Dan is jy uit die Vyf Elemente - is jy nie? Natuurlik, is jou kultivering nie oor nie, en jy kultiveer steeds tussen gewone mense, so op die oppervlak lyk jy soos ’n gewone mens. Die enigste verskil is, jy lyk jonk in vergelyking met mense van jou ouderdom. En klaarblyklik, die eerste ding is om ontslae te raak van die slegte goed in jou liggaam, en dit sluit gesondheidsprobleme in. Maar ons doen nie genesing hier nie. Wat ons doen is om die liggaam te reinig. En ons gebruik nie die terme “genesing” nie, ons noem dit net reiniging van die liggaam—ons reinig die liggaam vir ware kultiveerders. Sommige mense kom hier net om genees te word. Maar mense met ernstige gesondheidsprobleme word nie in ons klasse toegelaat nie, en dit is omdat hulle nie daardie begeerte om gesond te word kan laat vaar nie, en hulle kan nie ophou dink dat hulle siek of beseer is nie. Hulle het ’n ernstige kondisie, en hulle voel nie goed nie. Hoe kan hulle net

daarvan vergeet? Hulle is nie in staat om te kultiveer nie. Oor en oor het ons dit duidelik gemaak, ons neem nie mense met ernstige kondisies nie. Ons is hier om te kultiveer, en dit is vêr van wat hulle oor dink. Hulle kan ander qigong meesters gaan vind as dit is wat hulle wil hê. Natuurlik, baie studente het wel gesondheidsprobleme. Maar jy wil ware kultivering doen, so ons kan alles van hierdie vir jou doen.

Nadat ons Falun Dafa studente vir 'n ruk kultiveer verander hulle voorkoms baie. Hulle vel word delikaat en rein, dit gloei met gesondheid, en ouer mense begin om minder plooie te hê - sommige sal amper niks hê nie. Hierdie is alles alledaags. Daar is niks vêrgesog omtrent dit nie. Baie van die veteraan studente hier vandag in die gehoor weet dit. Ook, is dit moontlik dat ouer vrouens heel waarskynlik hulle maandstonde terug sal kry, omdat 'n praktyk wat albei jou natuur en langlewendheid kultiveer het die qi van essensie en bloed nodig om langlewendheid te kultiveer. Hulle sal hulle maandstonde kry, maar dit sal nie swaar wees nie. Hulle sal net 'n klein bietjie by hierdie stadium hê, alleenlik die hoeveelheid wat benodig is. Dis nog iets iets wat algemeen is, as dit nie gebeur nie, hoe sou jy langlewendheid kultiveer wanneer jy dit nie het nie? Dieselfde gaan vir mans - die oud en die jonk gelyk hulle sal almal vol energie voel van kop tot tone. So, ek kan vir ons ware kultiveerders sê: Julle sal hierdie veranderinge voel.

Wat ons in ons in onse praktyk kultiveer is baie groot, dit is nie soos almal van daardie wat diere bewegings naboots nie. Wat ons kultiveer in hierdie praktyk is net ontsaglik groot. Terug in die tye van Shakyamuni en Lao-zi, alles die waarhede wat toe onderrig was, was net waarhede binne-in die omvang van ons Melk Weg. Dan wat kultiveer ons in Falun Dafa? Ons kultiveer deur om die Wette te volg wat evolusie in hierdie heelal beheer, ons neem die hoogste natuur van die heelal—om Waar, Goed, en Verduur te wees—as die standaard om ons kultivering te lei. Wat ons kultiveer is iets so groot dit is dieselfde as om 'n heelal te kultiveer.

Ons Falun Dafa het 'n ander vername kenmerk wat uiters spesiaal is en dit skei dit van alle ander praktyke. Die qigong vorme wat deesdae populêr is, is almal elikser-metode qigong, hulle kultiveer elikser. Dit is regtig moeilik vir die qigong vorme wat elikser kultiveer om hulle praktisyne Ontsluit te laat word, of Geestelik Verlig, terwyl hulle in die gewone wêreld is. Ons Falun Dafa is nie 'n elikser metode qigong nie. Wat ons praktyk doen is om 'n Wet Wiel by die laer buik te kultiveer, en ek plaas dit persoonlik in studente gedurende my klasse. Terwyl ek Falun Dafa onderrig, plaas ons 'n Wet Wiel in julle, een vir een. Sommige mense voel dit sommige nie, maar meeste mense voel dit, en daardie het te doen met mense wie elkeen verskillende fisiese kondisies het. So ons kultiveer 'n Wet Wiel, nie 'n elikser nie. Die Wet Wiel is 'n miniatuur heelal, dit het al die funksies van 'n heelal, en dit kan werk en outomaties roteer. Dit sal vir ewig by jou laer buik draai, sodra dit in jou geplaas is sal dit nie ophou nie, en sal soos dit draai jaar in en jaar uit. Wanneer dit kloksgewyse draai absorbeer dit outomaties energie van die heelal en dit kan self energie evolueer, en energie voorsien wat benodig is om elke deel van jou liggaam te evolueer. In dieselfde manier wanneer dit linksom kloksgewys draai, stuur dit energie uit, en dryf gebruikte materie van jou uit, wat dan om jou liggaam verdamp. Wanneer dit energie uitstuur, skiet dit baie vêr uit en bring nuwe energie weer in. En die energie wat dit uitskiet bevoordeel elkeen wat naby jou liggaam is. Boeddhiste glo om jouself te red en andere te red, redding van alle waarnemende wesens, so jy hoef nie net jouself te kultiveer nie, maar jy moet ook ander wesens red. Andere verkry saam met jou, en jy kan ander mense se liggame verstel en ander mense genees sonder om dit te bedoel, en ander dinge. Maar natuurlik sal jy nie die energie verloor nie. Wanneer die Wet Wiel kloksgewyse draai trek dit in sigself terug, want dit draai voortdurend, en hou nooit op nie.

Sommige mense wonder, "Waarom hou die Wet Wiel nooit op met draai nie?" Daar is ook mense wie vir my vra "Wat maak dit draai? En wat is die rede"? Dit is maklik vir mense om te verstaan dat elikser kan vorm wanneer baie energie versamel is, maar dit is moeilik vir hulle om te begryp hoe die Wet Wiel kan draai. Hier is een manier om dit te illustreer. Die heelal is in beweging, en die Melk Weg en Stelsels in hierdie heelal is in beweging, en so is al die sterre stelsels, ook, die nege hoof planete wentel om die son, en die Aarde roteer. Dink nou daaroor, moes iemand vir hulle 'n stoot gee? Dink jy iemand pas krag toe aan hulle? Julle kan nie hierdie tipe van ding verstaan met die konsepte wat gewone mense het nie. Hulle het net 'n soort van draaiende meganisme. Dieselfde gaan vir ons Wet Wiel, dit draai net. Dit los die probleme op wat mense het met gereelde werk en familie lewe het om die oefeninge te doen, en dit doen dit deur die oefening tyd te verleng. En hoe word dit gedoen? Dit hou aan draai sonder ophou en dit hou aan om energie te absorbeer van die heelal, en evolueer energie, so wanneer jy werk toe gaan verfyn dit steeds jou liggaam. En ons praat nie net van 'n Wet Wiel nie, natuurlik: Ons sal baie, baie funksies en meganismes in jou liggaam sit en hulle sal outomaties werk en outomaties evolueer in konneksie met die Wet Wiel. So in hierdie praktyk word mense outomaties geëvolueer en dit bring voor "Die gong verfyn die persoon", wat ook genoem word, "Die Wet verfyn die persoon." Wanneer jy nie die oefeninge doen nie, verfyn gong jou, en wanneer jy die oefeninge doen, verfyn gong jou steeds, en wanneer jy eet, slaap, of by die werk is, word gong geëvolueer. Waarvoor doen jy dan die oefeninge? Dit is om die Wet Wiel te versterk en om al die funksies en meganismes wat ek in jou plaas te versterk. Wanneer jy by hoë vlakke kultiveer, is dit alles gedoen met nie-aksie so die bewegings behoort sonder moeite te vloei, en daar is geen gedagte leiding nie, geen asemhaling metodes, of dinge soos daardie nie.

En ons het nie dinge soos om die oefeninge op sekere tye of by sekere plekke te doen nie. Sommige mense vra my "So watter tyd behoort ons dieoefeninge doen? Middernag, Oggend, Middag?" Die tydsberekening maak nie vir ons saak nie: wanneer jy nie die oefeninge middernag doen nie, verfyn gong jou, wanneer jy nie die oefeninge in die oggend doen nie, verfyn gong jou steeds, wanneer jy slaap, verfyn gong jou, wanneer jy stap verfyn gong jou steeds, en wanneer jy by die werk is, verfyn gong jou steeds weer. Verkort dit nie die tyd wat jy nodig het om die oefeninge te doen nie? Baie van ons het 'n opregte wens om die Dao te bereik, en natuurlik is dit die doel van kultivering — die uiteindelike doel van kultivering is om die Dao te bereik en om geestelike Perfeksie te bereik. Maar sommige mense is ouer en hulle het nie so baie jare oor nie, so daar's 'n kans dat hulle nie genoeg tyd het nie. Ons Falun Dafa kan daardie probleem oplos deur die kultivering proses te verkort. En ook, hierdie is 'n praktyk wat albei natuur en langlewendheid kultiveer, so wanneer jy aanhou kultiveer, hou dit aan om jou lewe te verleng, en soos jy aanhou praktiseer, hou dit aan om dit te verleng. So op hierdie manier sal die ouer mense tussen ons met goeie basisse, genoeg tyd hê om te praktiseer. Maar daar is net een voorwaarde. Die tyd wat jou lewe voor verleng is, verby jou voorafbepaalde,oorspronklike lewenspad, daardie tyd is alleenlik vir jou om te praktiseer. As jou denke net effens van koers af gaan sal dit jou lewe in gevaar stel, omdat jou lewenspad 'n lang tyd gelede geëindig het. Maar dit geld nie vir jou as jy buite Trippel-Wêreld-Wet"kultivering gegaan het nie. Dan is dit anders.

Ons praat nie omtrent in so en so 'n rigting te kyk nie, en ons praat nie omtrent die oefeninge op 'n sekere manier te eindig nie, want die Wet Wiel draai voortdurend, en dit kan nie gestop word nie. As die telefoon lui of iemand aan jou deur klop, kan jy dit dadelik gaan antwoord - jy hoef nie die oefeninge in 'n sekere manier te eindig nie. Wanneer jy ophou om aandag aan iets te gee, draai die Wet Wiel kloksgewys op die daad, en in een slag trek dit die energie in wat om jou liggaam verstrooi was. Jy kan al die moeite spandeer wat jy wil om qi op te lig en dit onder toe te gooi, en daardie qi sal steeds verlore gaan. Die Wet Wiel, is egter, 'n intelligente wese, en dit weet op sy eie hoe om hierdie dinge te

doen. En ons vereis nie dat julle sekere rigtings kyk nie, want die ganse heelal is in beweging, die Melk Weg roteer, die nege hoof planete roteer en wentel om die son, en Aarde roteer ook. Ons praktiseer volgens ’n waarheid so groot soos die heelal, so waar is Noord, Suid, Oos of Wes? Nêrens. Kyk in watter rigting jy wil en oefen, en jy kyk steeds in alle rigtings, kyk in watter rigting jy wil en oefen en dit is net dieselfde as om gelyktydig, Noord, Suid, Oos en Wes te kyk. Ons Falun Dafa beskerm studente van afwyking. En hoe beskerm dit jou? Ons Wet Wiel beskerm jou as jy ’n ware kultiveerder is. My wortels is almal diep in die heelal geplant, en as iemand jou kon affekteer, kon hy my affekteer, en om dit reguit te stel, hy sal in staat wees om die heelal te affekteer. Ek weet my woorde klink ’n bietjie misties, maar soos jy verder studeer sal jy verstaan. Daar is ’n paar ander dinge, ook, maar ek kan nie oor enige iets praat wat té hoog is nie. Ons gaan sistematies die Wet van hoë vlakke uiteensit, en van wat vlak is tot wat diep is beweeg. Dit gaan nie werk egter as jou karakter nie reg is nie, en as jy hier is om iets te kry, dan kan jy moeilikheid teëkom. Maar alhoewel ek dit gesê het, het ek steeds ontdek dat baie veteraan studente se Wet Wiel misvorm geword het. En hoe het dit gebeur? Julle het ander dinge in jou praktyk gemeng, jy het ander mense se goeters aanvaar. En waarom het die Wet Wiel jou nie beskerm nie? Dit is aan jou gegee, so dit is joune, en dit is deur jou verstand beheer. Niemand kan jou stop as dit is wat jy wil hê. Daar is ’n Wet in hierdie heelal. As jy besluit dat jy nie wil kultiveer nie, kan niemand jou dwing nie. Dit sou verkeerd wees. Kon iemand jou regtig forseer om van besluit te verander? Jy moet jouself dissiplineer. Sommige mense leen die goeie dinge van baie praktyke, en hulle neem dinge in van byna almal, hulle doen een praktyk vandag, hulle doen ’n ander een more, en hulle probeer om ontslae te raak van hulle gesondheidsprobleme. Maar kry hulle hulle gesondheid terug? Glad nie. Hulle probleme word net uitgestel en verskuif. Wanneer dit by kultivering by hoër-vlakke kom, is daar die saak van jouself aan een dissipline te verbind, jy moet by een dissipline bly, en wat ook al dissipline jy kultiveer, daardie is die dissipline wat jy jou hart in moet sit, en jy moet met dit bly reg totdat jy Ontsluit en Geestelik Verlig in daardie dissipline is, omdat alleenlik dan kan jy oorskakel na ’n ander praktyk en verder kultiveer, en daardie is ’n ander stel dinge. Dit is omdat ’n stel dinge wat op ’n betroubare wyse oorgedra was, sal terug na eeue gelede dateer, en so hulle het almal ietwat kompleks evoluerende prosesse. Sommige mense doen die oefeninge by gevoel. Wat is jou gevoel werd? Nie ’n sent nie. Die regte evoluerende proses vind plaas in ander dimensies en is uiters kompleks en wonderbaar, so dit sal nie werk as dit selfs net ’n geringe bietjie uit is nie. Dit is soos die verkeerde deel in ’n presisie instrument per ongeluk sit - dit breek onmiddellik. Jou liggame in alle dimensies verander, en dit is so wonderbaar, dat dit nie sal werk selfs as is dit net die geringste bietjie uit is nie. Het ek nie vir julle vertel kultivering rus by jou, gong rus by die meester. Maar dan gaan jy en tel ander mense se goeters op, en jy voeg dit reg in, en jy bring daardie ander boodskappe in, en dit steur hierdie dissipline se dinge, so dan sal jy van koers afgaan, en dit sal wys in jou daaglikse lewe, waar jy dieselfde soort probleme as gewone mense het. Maar ander mense kan jou nie keer nie, omdat dit is wat jy wou gehad het, en dit is ’n probleem van begripsvermoë. In die tussentyd, die dinge wat jy ingemeng het, sal jou gong in ’n gemors draai, en dan kan jy nie langer kultiveer nie. Daardie probleem sal gebeur. Ek sê nou nie almal moet Falun Dafa leer nie. As jy nie Falun Dafa leer nie en egte dinge in 'n ander praktyk was aan jou aangegee, dan dink ek dit is goed, ook. Maar ek gaan vir julle vertel, om waarlik te kultiveer op na hoër vlakke moet jy tot een disipline verbind. Daar is nog 'n ding wat ek met julle behoort te deel. Op die oomblik is daar niemand anders wie regtig soos ek 'n praktyk oorlewer wat na hoër vlakke gaan nie, lateraan sal julle weet wat ek vir julle gdoen het, so ek hoop julle kan besef wat hierdie is. Baie Mense wil na hoër vlakke kultiveer, en nou het ek dit voor julle geplaas, maar miskien het julle nie besef hoe waardevol hierdie is nie – julle kan die wêreld reis om met meesters te studeer en 'n ton spandeer, maar steeds nie hierdie kry nie. Vandag sit ek dit reg in jou skoot, en miskien sien julle dit steeds nie! So dit is 'n vraag of julle dit kan verstaan om dit op 'n ander manier te stel, dis 'n vraag of jy gered kan word.

## DIE TWEEDE GESPREK

### Oor die Derde Oog

Daar is baie ander qigong meesters wie gepraat het oor ’n paar dinge wat verwant is aan die Derde Oog. Maar die Wet manifesteer in verskillende vorme by verskillende vlakke. Wat ook al vlak ’n persoon na gekultiveer het, daardie is die vlak se tonele wat hy kan sien. Hy kan nie die waarheid van dinge bo daardie vlak sien nie, en hy glo nie in hulle nie. So hy dink alleenlik wat hy by sy vlak sien is reg. Totdat hy tot ’n hoër vlak kultiveer sal hy dink dat daardie dinge nie bestaan nie en hy sal nie in hulle glo nie. Dit is die resultaat van sy vlak, en sy denke kan nie verhef nie. So met ander woorde, wanneer dit by die vraag van die Derde Oog kom, beskryf mense dit op sommer enige wyse, en hulle het ’n groot gemors daarvan gemaak, en wanneer alles gesê en gedaan is het niemand dit goed verduidelik nie. Die waarheid is, die Derde Oog is nie iets wat jy vanaf ’n lae vlak kan verduidelik nie. Die Derde Oog se struktuur was die geheim van geheime gewees, en gewone mense was nie toegelaat om daarvan te weet nie. Dit is waarom niemand dit ooit geopenbaar het nie. Maar wat ons hier oor gaan praat oor draai nie rondom daardie teorieë van die verlede nie. Ons gaan dit met moderne wetenskap verduidelik en in die eenvoudigste moderne terme, en ons sal verduidelik waaroor dit regtig is.

Die Derde Oog wat ons oor praat is eintlik effens bokant die plek tussen jou wenkbroue geleë, en dit is aan die harsingsklier (Pineaal klier) gekonnekteer. Dit is die hoof gang, ten minste. Die liggaam het baie, baie ander oë, en Daoïste sê dat elke liggaamlike gleuf ’n oog is. Daoïste noem die drukpunte in die liggaam “gleuwe,” terwyl in tradisionele Sjinese medisyne word hulle “drukpunte” genoem. Boeddhiste sê dat elke liggaamlike sweetgat ’n oog is. En dit is waarom sommige mense met hulle ore kan lees, andere kan met hulle hande sien of die agterkant van hulle koppe, en daar is ander mense wie met hulle voete kan sien of met hulle pense. Hulle kan almal gebruik word.

Noudat ons oor die Derde Oog praat, kom ons begin met ’n paar woorde omtrent hierdie paar oë wat ons menslike wesens het. Deesdae dink sommige mense dat hierdie paar oë alle materie kan sien, of alle materiële dinge in ons wêreld. So sommige mense het ’n onbuigbare konsep gevorm, en dink dat alleenlik die dinge wat hulle deur hulle oë sien tasbaar en waar is, en hulle glo nie in dit wat hulle nie kan sien nie. In die verlede het mense altyd gemeen dat hierdie mense swak begripsvermoë het. Sommige mense kan nie verduidelik waarom dit swak begripsvermoë is nie. “Hy glo nie in wat hy nie kan sien nie. Dit klink heeltemal redelik.” Maar, wanneer jy na dit kyk vanaf ’n effense hoër vlak, is dit nie redelik nie. Elke ruimte-tyd is gemaak van materie, en natuurlik, verskillende ruimte-tye het verskillende materiële strukture, net soos hulle verskillende wesens het wat verskillende vorme aanneem.

Ek sal vir julle ’n voorbeeld gee. In Boeddhisme sê hulle dat alles in die wêreld ’n illusie is, dat dit nie werklik is nie. Maar hoe is dit ’n illusie? Wie sou sê daardie regte, materiële dinge daar reg voor jou vals is, reg? Die vorm wat materiële dinge in bestaan, is een manier, terwyl die vorm wat hulle in manifesteer, dit werk uit, is verskillend. En ons oë het ’n vermoë: hulle kan materiële dinge in ons materiële dimensie fikseer sodat hulle voorkom om in die toestand te wees wat ons nou sien. Maar eintlik, is dit nie hulle toestand nie. Dit is nie eers hulle toestand in ons dimensie nie. Byvoorbeeld, waarna lyk ’n menslike liggaam onder ’n mikroskoop? Sy hele liggaam is los en saamgestel uit klein molekules, net soos korrels sand, en hulle is gekorrel en in beweging, elektrone omwentel kerne, die hele liggaam wriemel en is in beweging, en die oppervlakte van die liggaam is nie glad nie, dit is

onegalig. Dieselfde geld vir elke materiële ding in die heelal, of dit staal, yster, klip, of wat ook al, al die molekulêre elemente binne in hulle is in beweging. Jy kan regtig nie die algehele vorm van dit sien nie, en die waarheid is, geen een van daardie dinge is stabiel nie. Hierdie tafel wriemel ook, maar jou oë kan nie die werklikheid daarvan sien nie. So hierdie paar oë kan jou 'n vals beeld gee.

Dit is nie dat ons nie mikrokosmiese dinge kan sien nie, dit is nie dat mense nie die vermoë het nie. Mense het dit wanneer hulle gebore is – hulle is in staat om dinge tot by 'n sekere mikrokosmiese vlak af te sien. Maar sodra ons menslike wesens hierdie paar oë van hierdie materiële dimensie kry, presies vir hierdie rede, mag jy 'n vals prent kry. Hulle hinder mense se visie. Dit is hoekom, in die verlede, het mense geglo dat diegene wie nie die dinge erken wat hulle nie kan sien nie, swak begripsvermoë het, en kultivering sirkels het altyd gedink dat daardie mense mislei was deur die vals prent van dinge en verlore geraak het in die midde van gewone mense. Hierdie is iets wat gelowe oor die eeue onderrig het, en feit is, ons dink ook daar steek 'n bietjie waarheid daarin.

Hierdie paar oë kan dinge in hierdie materiële dimensie fikseer sodat hulle in hierdie toestand is, maar andersins kan hulle nie veel doen nie. Wanneer mense dinge sien, vorm die beelde nie direk in hulle oë nie. Hulle oë is soos die lens van 'n kamera, en hulle dien alleenlik as 'n instrument. 'n Lens sal uitstrek wanneer dit na dinge in die verte kyk, en ons oë doen iets soos dit, ook. Wanneer in die donker gekyk word moet die pupille vergroot, en wanneer 'n kamera 'n foto in die donker neem, moet die lensopening ook vergroot, anders sal die beligting nie goed wees nie, en die prent sal te donker verskyn. Wanneer jy buite stap is die lig regtig skerp, jou pupille vernou dadelik baie styf, anders sou jou oë verblind voel en jy sou niks duidelik kan sien nie. 'n Kamera werk op dieselfde manier, en sy lensopening moet ook vernou. Al wat hulle kan doen is om die voorwerp op te vang, hulle is net 'n instrument. Eintlik, wanneer ons die vorm sien waarin iets bestaan, of miskien van 'n persoon of 'n voorwerp, is dit in die brein dat die beeld regtig vorm. Wat dit beteken, dan, is dat ons deur die menslike oë kyk, en wat ons sien is oorgelewer deur die optiese senuwees na die pineale klier, wat in die agterkant van die brein is, en dan verskyn die beeld in daardie area. So wanneer ons dinge sien, is dit in ons brein se pineale klier area dat die beeld regtig verskyn. En hierdie is iets wat moderne wetenskappe nou verstaan.

Wanneer ons praat oor die Derde Oog "oop te maak" is dit oor die optiese senuwees verby te gaan en 'n gang tussen jou wenkbroue oop te maak, wat dit moontlik maak vir jou pineale klier om direk buite te sien. En dit is wat die Derde Oog oop te maak beteken. Nou, sommige van julle dink, "Dit is nie realisties nie. Hierdie oë kan ten minste steeds as 'n instrument dien, en voorwerpe se beelde opvang. Hoe kon ons sonder hulle klaar kom." Moderne mediee studies in anatomie het gevind dat by die voorkant van die pineale klier is daar 'n volledige struktuur van 'n menslike oog en al die komponente van 'n oog. Aangesien dit binne-in die skedel is, sê hulle dit is 'n vestigiale oog. Ons in die kultivering wêreld het bedenkinge oor dat dit 'n vestigiale oog is. Maar in elk geval, vandag se mediese wetenskappe het erken dat daar 'n oog in die middel van die kop is. Die gang wat ons oopmaak wys presies by daardie plek, en hierdie is in perfekte ooreenstemming met die begrip van vandag se mediese wetenskappe. Daardie oog produseer nie 'n vals prent van dinge, soos ons gewone oë nie. Dit kan die essensie van enige ding, of enige soort materie sien. So, mense met 'n hoë vlak Derde Oog kan ons dimensie deurdring om ander ruimte-tye te sien, en hulle kan tonele sien wat gewone mense nie kan nie. Mense wie nie by 'n hoë vlak is nie mag die vermoë hê om deur dinge te sien, hulle mag in staat wees om deur mure te sien om na dinge te kyk, of binne-in 'n menslike liggaam te sien. Dit is in staat om dit te doen.

Boeddhiste praat oor die vyf kragte: Vlees-Visie, Goddelike-Visie, Wysheid-Visie, Wet-Visie en Boeddha-Visie. Hierdie is die vyf hoof vlakke van die Derde Oog, en elke vlak is onderverdeel in boonste, middelste, en laer vlakke. Daoïste praat van nege keer nege, 81 vlakke van Wet Oog. Ons maak die Derde Oog vir julle hier oop, maar ons maak dit nie oop by of onder Goddelike Visie nie. En waarom nie? Al sit julle hier en julle het begin kultiveer, begin julle steeds net van die vlak van gewone mense, in elk geval, en julle het steeds baie gewone mense se verknogthede wat julle nie ontslae van geraak het nie. As julle Derde Oog oopgemaak was by Goddelike Visie of onder, sou julle hê wat gewone mense van dink as bo-natuurlike vermoëns—julle sou in staat wees om deur mure te kyk om dinge te sien, en binne-in die menslike liggaam te kyk. As ons hierdie vermoë op 'n groot skaal aangegee het, en die Derde Oog so vêr oop vir almal gemaak het, sou ons ernstige ontwrigting in die gewone wêreld veroorsaak en die verloop van dinge in die gewone wêreld ontstel. Staats geheime sou nie gehou kon word nie, dit sou geen verskil maak of mense klere gedra het of nie, jy sou in staat wees om mense in hulle kamers van buite af te sien, en wanneer julle lotto kaartjies gesien het terwyl julle uit was, sou julle die wenners kon kies. Dit sou aaklig wees! Dink daaroor, as almal se Derde Oë by Goddelike Visie vir hulle oopgemaak is, sou hierdie steeds 'n menslike wêreld wees? Enige verskynsel wat die wêreld ernstig ontwrig, word absoluut nie toegelaat om te bestaan nie. As ek regtig jou Derde Oog by daardie vlak oop maak, mag jy jouself op die plek 'n qigong meester noem. Sommige mense het altyd gedroom om qigong meesters te word, en nou dat hulle Derde Oog oop is, uiteindelik! - hulle kan pasiënte sien. Sou ek julle nie verkeerd lei nie?

So by watter vlak sal ek julle Derde Oog oopmaak? Ek sal dit vir julle oop maak reguit na die Wysheid-visie vlak. As ek dit by 'n hoër vlak oop maak, sou julle karakter nie goed genoeg wees nie, en as ek dit by 'n laer vlak oop maak, sou dit die verloop van dinge in die gewone wêreld ernstig ontwrig. Wanneer dit by Wysheid-visie oop gemaak word, het jy nie die vermoë om deur mure te kyk om dinge te sien of binne-in 'n menslike liggaam te kyk nie, maar jy is in staat om tonele ander dimensies te sien. En wat is goed daar omtrent? Dit kan jou vertroue in praktisering aanprys. Wanneer jy regtig dinge sien wat gewone mense nie kan sien nie, sal jy 'n gevoel hê dat hulle eintlik werklik bestaan. Op die oomblik is dit in orde as jy duidelik kan sien, dit is goed, net soos dit in orde is as om nie te duidelik te kan sien nie, omdat ek dit steeds tot hierdie vlak op sal oop maak, aangesien dit goed vir jou praktyk is. Mense wie waarlik Dafa kultiveer en wie gedissiplineerd is oor hulle karakter te verbeter sal dieselfde resultate kry deur die boek te lees.

So wat bepaal die vlak van 'n persoon se Derde Oog? Dit is nie net asof jy alles kan sien nadat jou Derde Oog vir jou oop gemaak is nie, dit is nie hoe dit werk nie. Daar is 'n klassifikasie van vlakke. Wat bepaal die vlak dan? Daar is drie faktore. Die eerste faktoor is dat daar 'n veld moet wees wat van die binnekant na die buitekant moet loop van 'n persoon se Derde Oog. Ons noem dit "lewens essensie." En wat is sy funksie? Dit is net soos die fluoresserende skerm van 'n TV: as dit nie die fluoresserende poeier in het nie, nadat jy die TV aanskakel sal dit net 'n gloeilamp wees, dit sal net lig hê maar geen prente nie. Dit is die fluoresserende poeier wat dit toelaat om prente te vertoon. Natuurlik, hierdie voorbeeld is nie té presies nie, omdat ons direk sien, terwyl dit die prente deur 'n fluoresserende skerm vertoon. Maar dit is basies die idee. Daardie bietjie lewens essensie is uiters kosbaar, en is saamgestel van iets wat uit deug getrek is en wat steeds selfs baie meer verfynd is. Gewoonlik is elke persoon se lewens essensie verskillend, en miskien sou jy twee uit 10,000 mense vind wie by dieselfde vlak is.

Die Derde Oog se vlak is 'n direkte manifestasie van ons heelal se Wet. Dit is iets hoër, en is nou verwant aan 'n persoon se karakter. As 'n persoon se karakter laag is, is sy vlak laag. En omdat sy karakter laag is, sal hy meer van hierdie lewens essensie verloor het. Maar as iemand se karakter hoog

is, dan het hy deur die lewe gegaan sonder om te bekommer oor sy reputasie, profyt, probleme met andere, sy eie wins, of oor verskillende emosies en begeertes, en sy lewens essensie sou moontlik beter behoue gebly het. En so, nadat sy Derde Oog oop is sal hy in staat wees om meer duidelik te sien. Kinders wie onder ses is kan regtig duidelik sien nadat hulle Derde Oë oop is. En dit is maklik om dit oop te maak—net een sin kan dit oop maak.

Mense het besmet geraak deur die sterk stroom van die gewone wêreld en sy enorme verf vat, so baie van die dinge wat mense dink is reg, maar feit is, dit draai uit om verkeerd te wees. Wil almal nie ’n gelukkige lewe hê nie? Aangesien hulle ’n gelukkige lewe wil hê, mag hulle ander mense seermaak, hulle mag hulle eie selfsugtigheid aanwakker, hulle mag voordeel trek ten koste van ander mense, en hulle mag ander mense gebruik of hulle benadeel. En net om hulle self te bevoordeel sal hulle met gewone mense gaan baklei en wedywer. Skend hulle nie die natuur van die heelal nie? So kanse is, wat mense dink is reg, is eintlik nie reg nie. Wanneer baie volwassenes hulle kinders onderrig, reg van kleins af vertel hul hulle, “Jy moet leer om slim te wees,” sodat hulle in staat sal wees om staande te bly buite in die gewone wêreld.” Maar hierdie “slim,” wanneer jy daarna kyk van die heelal, is net verkeerd. Dit is omdat ons daarin glo om dinge natuurlik te laat gebeur, en dat ons nie soveel moet omgee vir ons eie wins. Hierdie ou is so slim, en hy sorg net vir homself, “As iemand jou boelie, gaan soek sy onderwyser, gaan vind sy ouers.” “Wanneer jy geld op die grond sien lê, steek dit in jou sak ...” - Dit is hoe hul hulle kinders onderrig. En soos hierdie kind groot word en meer van hierdie dinge inneem, word sy selfsugtigheid stadig maar sekerlik sterker en sterker buite in die gewone wêreld, en hy verkry ten koste van ander mense, so op die ou end verloor hy deug.

Deug is ’n soort van materie en dit verdwyn nie nadat jy dit verloor nie, dit word getransformeer oor na ander mense, maar lewens essensie verdwyn wel. As iemand skelm is van sy kinderdae af al die pad op en hy sit baie voorraad in sy eie gewin, en al wat hy omgee oor is om vooruit te gaan, dan sal daardie soort persoon nie goed kan sien nadat sy Derde Oog oopgaan nie. Maar dit is nie soos hy nooit in staat sal wees nie. En waarom is dit? Dit is omdat in die proses van kultivering, wat ons doen is om terug te keer na ons oorspronklike, ware self, en soos ons aanhou praktiseer, sal dit aanhoudend aangevul word, en dit sal herstel word. Dit is waarom ons klem moet lê op karakter, en ’n punt maak van om jou hele self te verbeter, om jou hele self op te hef. Wanneer jou karakter verbeter, sal ander dinge saam met dit styg, maar as jou karakter nie verbeter nie, dan sal daardie klein hoeveelheid lewens essensie wat jy by jou Derde Oog het, nie aangevul word nie. Dit is hoe dit werk.

Die tweede faktoor is dat wanneer ’n persoon op sy eie praktiseer, as sy basis goed is, kan hy ook sy Derde Oog oop maak met kultivering oefeninge. Baie keer skrik sommige mense wanneer hulle Derde Oë die eerste keer oopgaan. En waarom skrik hulle? Omdat mense gewoonlik verkies om oefeninge rondom middernag te doen, wanneer die nag stil is. Hulle oefen aan daar en dan skielik is daar hierdie groot oog reg voor hulle, en hulle skrik. Dit is vreeslik, en hulle sal nie waag om die oefeninge weer te doen nie - dit is so skrikwekkend! - so ’n groot oog het na hulle gekyk en het geknip, en dit was so helder. So, sommige mense noem dit die “demon oog” terwyl daar ook mense is wat dit die “Boeddha oog” noem en so aan. Maar dit is eintlik jou eie oog. Natuurlik, kultivering rus by jou en gong rus by die meester. Die hele proses van die ontwikkeling van ’n kultiveerder se gong is regtig ’n komplekse proses in ’n ander dimensie, en dit is nie net in een dimensie nie, jou liggaam in alle dimensies, in elke dimensie, is besig om te verander. Kon jy dit jousellf doen? Nee, jy kan nie. Die meester is die een wie hierdie dinge reël, dit is die meester wie dit doen. Dit is waarom ons sê: “Kultivering rus by jou, gong rus by die meester.” Al wat jy het is daardie doel, daardie gedagte; maar dit is werklik die meester wie daarvoor sorg.

Sommige mense maak hulle Derde Oog oop op hulle eie deur praktiseering. Ons sê dit is jou oog, maar dit is nie iets wat jy jou self kan evolueer nie. Sommige mense het 'n meester, en wanneer daardie meester sien dat jou Derde Oog oop is, sal hy 'n oog vir jou evolueer. Dit is die Ware Oog genoem. Natuurlik, het sommige mense nie 'n meester nie, maar hulle het 'n verbygaande meester. Boeddhiste sê, "Boeddhas is oral teenwoordig," wat beteken hulle is orals, daar is so baie van hulle. Sommige mense sê: "Daar is Godhede 'n meter bokant jou kop." Wat beteken daar is tonne van hulle. Wanneer 'n verbygaande meester sien dat jy redelik goed doen in jou praktyk, en dat jou derde oog oop is, maar jy het nie 'n Oog nie, sal hy vir jou een evolueer, en dit sal steeds tel as iets wat jy self deur jou eie praktyk ontwikkel het. Dit is omdat redding van mense geen voorwaardes verbonde aan het nie, daar is nie 'n prys voor gevra nie, en geen belonings word gevra nie, daar is geen krediet geneem nie. Hulle is vêr bokant gewone mense se goeie Samaritane, en dit word heeltemal uit Barmhartigheid gedoen.

Nou is daar iets wat gebeur wanneer jou Derde Oog oop gemaak is. Dit is dat jou oë erg verblind is, en hulle voel geïrriteer. Eintlik is dit nie jou oë wat verblind is nie; dit is jou pineale klier wat verblind is. Maar vir jou voel dit asof jou oë verblind is. En dit is omdat jy nog steeds nie daardie Oog het nie. Nadat daardie Oog in jou gesit is, sal jy nie voel asof jou oë verblind is nie. Sommige van ons sal daardie Oog aanvoel of daardie Oog sien. Dit het dieselfde natuur as die heelal, so dit is onskuldig, en dit is nuuskierig. Dit kyk in om te sien of jou Derde Oog oop gemaak was en om seker te maak of jy kan sien, en dit kyk in na jou. Teen daardie tyd sal jou Derde Oog oop wees, so jy sal skrik wanneer jy dit skielik sien na jou kyk. Dit is eintlik jou Oog, en van dan af sal jy dinge met daardie Oog sien. Daar's geen manier dat jy sonder daardie Oog kan sien nie, selfs al is jou Derde Oog oop.

Die derde faktoor het te doen met die verskille wat wys in elke dimensie wanneer 'n deurbraak gemaak is in kultivering vlak. En dit werk uit, dit is regtig wat die vlak bepaal. 'n Persoon sien nie alleenlik deur die hoof gang nie, maar ook deur 'n baie onder-gange. Boeddhiste sê dat elke sweetgat 'n oog is, terwyl Daoïste sê dat alle gleuwe in die liggaam oë is, of in ander woorde, al die drukpunte is oë. Natuurlik, wat hulle oor praat is net een vorm van die Wet se transformasie in die liggaam, waar jy van enige plek in jou liggaam kan sien.

Maar die vlak wat ons oor praat is eintlik verskillend daarvan. Daar is nie alleenlik die hoof gang nie, maar ook verskillende hoof onder-gange wat by die wenkbroue, bokant die ooglede, onderkant die ooglede, en by die Shangen drukpunt by die wortel van die neus is. Hulle bepaal die vlak tot waarna jy deurbreek. Nou natuurlik, as 'n gewone kultiveerder dinge vanaf daardie areas kon sien, dan het hy tot 'n redelike hoë vlak deurgebreek. Sommige mense kan ook met hulle oë sien, hulle het hulle oë ten volle gekultiveer, en het verskillende vorme van vermoëns. Maar as hulle nie hulle oë goed kan gebruik nie, sal hulle altyd net een ding sien sonder om andere te sien, en dit is steeds nie so goed nie. Daarom is daar mense wie gewoonlik een oog het wat na eenkant kyk en 'n ander oog na 'n anderkant. Maar onderkant hierdie oog (die regter oog), is daar geen onder-gang nie, en hierdie staan direk in verband met die Wet, aangesien mense geneig is om hulle regter oog te gebruik wanneer hulle slegte dinge doen, so daar is nie enige onder-gange onderkant die regter oog nie. Hierdie is 'n hele paar van die hoof onder-gange wat in Trippel-Wêreld-Wet kultivering voorkom.

Wanneer 'n persoon by 'n uiters hoë vlak kom, nadat hy Buite Trippel-Wêreld-Wet gegaan het in kultivering, verskyn 'n oog wat soos 'n saamgestelde oog is. Om meer spesifiek te wees, 'n groot oog word ontwikkel oor die hele boonste helfte van sy gesig, en daar is ontelbare ogies in dit. Sommige Groot Geestelike Verligte Wesens by regtige hoë vlakke, het 'n ongelooflike aantal oë gekultiveer, en hulle is oral oor hulle gesigte. Al hulle oë sien vanuit daardie een groot oog, hulle kan wat ook al hulle wil sien, en wanneer hulle kyk, sien hulle alle vlakke op een slag. Deesdae bestudeer dierkundiges en

insektekundiges vlieë. Hulle het gesien dat ʼn vlieg se oë groot is, en dat onder ʼn mikroskoop het hulle ontelbare ogies in hulle. Hulle noem dit ʼn saamgestelde oog. Wanneer jy by ʼn regtige hoë vlak kom mag daardie kultivering toestand verskyn, maar jy moet vêr hoër as ʼn Tathagata wees, om dit te laat gebeur. ʼn Gewone mens sal nie in staat wees om dit te sien nie, hoewel, en iemand wie by ʼn gemiddelde vlak is sal nie in staat wees om te sien dat dit daar is nie. Vir hulle lyk die persoon dieselfde as ʼn normale persoon, aangesien dit in ʼn ander dimensie is. Hierdie is oor deurbrake in vlakke, of om dit anders te stel, dit is oor in staat te kan wees om deur verskillende dimensies te breek.

Ek het nou so te sê die struktuur van die Derde Oog aan julle geopenbaar. Ons maak jou Derde Oog oop deur eksterne krag, so dat dit vinniger en makliker is. Wanneer ek omtrent die Derde Oog praat, voel elkeen van ons se voorkoppe word styf, met die vlees wat saamtrek en binnewaarts boor. Is dit nie so nie? Dit kan julle glo. Julle sal almal dit voel solank as wat julle regtig julle verknogthede agterlaat en jy hier gekom het om Falun Dafa te leer, en dit druk binnewaarts met baie krag. Ons maak jou Derde Oog oop deur gong uit te skiet wat spesifiek is om die Derde Oog oop te maak. Terwyl dit gebeur, skiet ons ook Wet Wiele uit om dit vir julle te herstel. Terwyl ons oor die Derde Oog praat maak ons dit oop vir almal solank as hulle Falun Dafa kultiveer. Maar daar is geen waarborg dat almal dinge duidelik kan sien, of enigsins kan sien nie. Dit het direk met jou te doen. Maar moenie bekommerd wees as jy nie baie kan sien nie, hou steeds aan in jou kultivering. Soos jy aanhou om jou vlak te verhoog sal jy geleidelik in staat wees om te sien, en jou vertroebelde visie sal geleidelik helder word. Solank as jy kultiveer en wanneer jy vasberade is om te kultiveer, wat ook al jy verloor het sal aangevul word.

Dit is moeiliker vir ʼn persoon om hulle Derde Oog op hulle eie oop te maak. Laat ek bietjie praat oor die verskillende maniere mense hulle Derde Oog oop maak. Hier is ʼn voorbeeld. Ons het sommige mense wie na hulle voorkoppe kyk, na hulle Derde Oog, wanneer hulle mediteer, en hulle ontdek dat dit donker is by hulle voorkoppe, en niks is daar nie. Soos tyd verby gaan voel hulle aan dat dit ligter by hulle voorkoppe word. En na ʼn periode van kultivering, ontdek hulle dat dit geleidelik helderder by hulle voorkoppe word en nadat dit helder word, word dit rooi. Teen daardie tyd bloei dit, net soos ʼn botsel wat sy blomblare onmiddellik oopmaak, soos jy op TV of in die rolprente sien. Dit is die toneel wat verskyn. Daardie rooi kleur was voorheen plat gewees, en dan bult dit skielik in die middel, en dan bloei en bloei dit. As jy wil hê dit moet ten volle bloei, kon dit meer as 8 tot 10 jaar neem, want die hele Derde Oog was geblok.

Sommige mense se Derde Oë is egter nie geblok nie. Hulle het ʼn gang, maar hulle het nie qigong voorheen gepraktiseer nie en hulle het nie voorheen enige energie gehad nie. So wanneer hulle begin praktiseer, kom ʼn swart ronde ding skielik te voorskyn voor hulle oë. Nadat hulle vir ʼn ruk gepraktiseer het begin dit geleidelik wit word, en van wit verhelder dit geleidelik, en word helderder en helderder, en die persoon se oë word bietjie verblind daardeur. So sommige mense sê, “Ek sien die son”, of “Ek sien die maan.” Eintlik, dit was nie die son wat jy gesien het nie, en dit was nie die maan nie. So wat was dit dan wat jy gesien het? Dit was daardie gang van joune. Sommige mense maak deurbrake in vlakke vinniger, en nadat die Oog in hulle gesit is kan hulle dinge direk sien. Dit is regtig moeilik vir sommige ander mense, egter, en wanneer hulle die oefeninge doen hardloop hulle buitewaarts langs hierdie gang, wat soos ʼn tonnel is, of in party gevalle ʼn waterput. Hulle voel selfs hulle hardloop buitewaarts wanneer hulle aan die slaap is. Sommige voel asof hulle ʼn perd vinnig ry, ander asof hulle vlieg, sommige asof hulle hardloop, en sommige asof hulle buitewaarts haas in ʼn kar. Maar hulle voel altyd dat hulle nie tot die einde van dit kan haas nie. Dit is omdat dit regtig moeilik vir ʼn persoon is om sy Derde Oog op sy eie oop te maak. Daoïste konsidereer die menslike liggaam ʼn klein heelal. As dit dan ʼn klein heelal is, laat ons daaroor dink, dit moet duisende myle van die voorkop tot

die pineale klier wees. Daarom voel hulle altyd asof hulle buitewaarts haas, maar kan nooit die einde bereik nie.

So Daoïste konsidereer die menslike liggaam ’n klein heelal, en dit maak baie sin. Hulle sê nie dat sy komposisionele struktuur soos die heelal s’n is nie, hulle praat nie oor die vorm wat ons liggaam aanneem in hierdie materiële dimensie nie. Ons wil dit vra: Wat is die materiële liggaam se toestand onder die vlak van selle soos vandag se wetenskaplikes dit verstaan? Daar is allerhande soorte molekulêre partikels, en onder molekules is daar atome, protone, nukleï, elektrone, kwarks, en die kleinste mikroskopiese partikels wat tot dusvêr nagevors is, is die neutrone. So wat is die heel kleinste mikroskopiese partikel? Dit is net té moeilik om na te vors. In sy latere jare het Shakyamuni gesê, “Dit is so groot dat dit het geen eksterieur nie, en so klein dat dit geen interieur het nie.” En wat beteken dit? Dit beteken dat by die Tathagata vlak, in terme van grootheid, kan jy nie die rand van die heelal sien nie, en in terme van kleinheid, kan jy nie die kleinste mikroskopiese partikel van materie sien nie. Daarom het hy gesê: “Dit is so groot dit het geen eksterieur het nie en so klein dat dit geen interieur het nie.”

Shakyamuni het ook die teorie van 3,000 grenslose heelalle voorgestel. Hy het gesê dat in die Melkweg sterrestelsel van ons heelal is daar 3,000 planete wat wesens met vleeslike liggame op hulle het, net soos die menslike ras. Hy het ook gesê dat ’n korrel sand 3,000 grenslose heelalle soos hierdie een in dit het, so ’n korrel sand is soos ’n heelal, met intelligente menslike wesens soos ons in dit, en daar is planete soos hierdie een, en berge en riviere. Klink moeilik om te glo, reg?! As dit waar is, laat ons dink, is daar nie sand in daardie heelalle nie? En in elkeen van daardie korrels sand, is daar nie 3,000 grenslose heelalle daar ook nie? Dan is daar nie sand in daardie 3,000 grenslose wêrelde nie? En in elkeen van daardie korrels sand, is daar nie weer 3,000 grenslose wêrelde nie? So by die Tathagata vlak kan jy nie die einde van dit alles sien nie.

Dieselfde gaan vir menslike molekulêre selle. Mense wonder hoe groot die heelal is. Ek kan vir julle sê dat hierdie heelal wel grense het, maar selfs by die Tathagata vlak lyk dit steeds asof dit grensloos en oneindig is. Maar die binnekant van die menslike liggaam, gaande van die molekules af na sy mikroskopiese partikels in die mikrokosmos, is dit so groot soos hierdie heelal. Ek weet dit klink moeilik om te glo. By die uiterste mikrokosmos van wat ’n menslike wese saamstel, of enige wese, sy natuur en die unieke elemente van sy wese is gevorm. So ons moderne wetenskappe se navorsing hierop is steeds myle weg. Die vlak van ons menslike ras se wetenskap en tegnologie is redelik laag wanneer jy dit vergelyk met die van die wesens met hoër wysheid op ander planete in die groter heelal. Ons het nie eers die vermoë om deur dimensies te breek wat op dieselfde tyd en in dieselfde plek bestaan nie, terwyl die vlieënde pierings van ander planete net kan gaan en in ander dimensies reis, selfs die konsepte van ruimte-tyd is anders, so hulle kan kom en gaan in ’n oogwenk, en dit is so vinnig niemand kan dit verduidelik nie.

Dit was iets wat ons moes bepreek wanneer gepraat word omtrent die Derde Oog omdat, wanneer jy buitewaarts hardloop in jou gang, voel jy asof dit grensloos en eindeloos is. Sommige mense mag ’n ander situasie sien, waar hulle nie voel asof hulle langs ’n tonnel hardloop nie, maar asof hulle langs ’n breë en eindelose pad hardloop, en aan albei kante van die pad is daar berge, daar’s water, en stede, en hulle hou aan buitewaarts hardloop. Dit klink nóg moeiliker om te glo reg? Ek onthou iets wat een qigong meester gesê het: hy het gesê dat selfs in een enkele sweetgat van jou is daar ’n stad, en daar is treine en karre wat daarin ry. Mense wie dit gehoor het was regtig verbaas en hulle het gedink dit is ’n bietjie vêrgesog. Nou, ons weet dat materiële dinge saamgestel is van molekules, atome en protone by hulle mikroskopiese vlak, en jy kan dit naspoor al die pad ondertoe. As jy by elke vlak jy in staat is om

die streek van daardie vlak te sien in plaas van ’n enkele punt — as jy die streek van die molekules se vlak kan sien, die streek van die atome se vlak, die streek van die protone se vlak, die streek van die kerne se vlak kan sien—sal jy die vorme sien waarin die verskillende dimensies bestaan. Alle materiële dinge, en dit sluit die menslike liggaam in, hulle almal bestaan gelyktydig met, en is verbonde aan die dimensionele vlakke van die heelal se dimensies. In moderne fisika wanneer hulle die mikroskopiese partikels van materie studeer, studeer hulle alleenlik een mikroskopiese partikel op ’n keer, en doen dit deur deursnee analise en splyting, en hulle bestudeer net sy na-splyting komposisie nadat die nukleus splyting ondergaan het. Nou as ons ’n instrument gehad het wat sy hele streek kon ontvou en jou toelaat om ’n volledige uitstalling van al die atomiese elemente of die molekulêre elemente by daardie vlak, as jy dit kon beskou, sou jy deur hierdie dimensie gebreek het, en die werklikheid van ’n ander dimensie gesien het. Menslike liggame korrespondeer met eksterne dimensies, en hulle het almal vorme van wese soos daardie.

Daar is party ander kultivering toestande wat te doen het met die oop maak van Derde Oog op jou eie. Ons het hoofsaaklik gepraat oor ’n paar van die mees algemene dinge. Daar is ook mense wie sien dat hulle Derde Oog draai, byvoorbeeld. Mense wie Daoïste qigong oefen sien dikwels daar is draaiing binne in hulle Derde Oog en dan bars die Tai Ji plaat oop —“KNAK”! en hulle sien party dinge. Maar dit is nie dat dit gebeur omdat daar ’n Tai Ji in jou kop was nie, dit is dat jou meester reg van die begin af ’n stel dinge in jou gesit het, en een van daardie dinge was ’n Tai Ji. Hy het jou Derde Oog verseël, maar wanneer dit tyd is vir jou Derde Oog om oop te gaan, dan bars dit oop. So hierdie is iets wat hy met opset vir jou gereël het. Dit is nie iets wat oorspronklik in jou kop was nie.

En daar is ook mense wie regtig hulle Derde Oog oop gemaak wil hê, maar hoe meer hulle oefen, hoe minder is die kans dat dit oop sal gaan. Wat is die rede? Hulle het geen benul nie. Die hoof rede is jy nie kan die Derde Oog soek nie—hoe meer jy dit soek, hoe meer sal jy dit nie kry nie. Hoe meer jy dit soek, nie net sal dit nie oopgaan nie, maar steeds erger, iets sal eintlik uitvloei van binne in jou Derde Oog, dit is iets wat jy nie heeltemal swart of wit kan noem nie, en dit sal jou Derde Oog bedek. Na ’n ruk sal dit ’n groot veld vorm en meer en meer van dit sal uitvloei. Hoe meer die Derde Oog nie oop gaan nie, en hoe meer jy dit wil hê, hoe meer sal daardie goeters uitvloei en die resultaat is dat dit jou hele liggaam sal omhul. Dit kan selfs dik wees en ’n groot veld hê. Al het jou Derde Oog regtig oop gegaan, sou jy nie in staat wees om met dit te sien nie, omdat jy verseël is deur daardie verknogtheid van joune. Maar as jy nie so baie aan dit dink lateraan nie, en jy raak heeltemal ontslae van daardie verknogtheid sal dit geleidelik weggaan. Maar jy sal deur ’n regtige lang periode van uitputtende kultivering moet gaan om ontslae van dit te raak. Maar dit hoef nie daardie manier te wees nie. Sommige mense begryp dit nie. Hulle Leermeester vertel hulle, “Moet dit nie gaan soek nie, moet dit nie gaan soek nie,” maar hulle glo dit net nie en hulle hou aan so hardkoppig na dit te soek, en hulle kry die presiese teenoorgestelde van wat hulle wou hê.

## Die vermoë van Afstand Visie

Een vermoë wat direk in verband is aan die Derde Oog is Afstand Visie genoem. Sommige mense sê, “Terwyl ek net hier sit kan ek dinge in Beijing sien, dinge in die Verenigde State, of dinge aan die anderkant van die wêreld.” Sommige mense kan dit nie verstaan nie, en Wetenskap kan dit ook nie verduidelik nie — “hoe kon dit gebeur?” Sommige mense verduidelik dit op allerhande maniere, maar hulle maak nie sin nie. Hulle sukkel steeds om uit te werk hoe ’n menslike wese so ’n groot vermoë gekry het. Maar dit is nie hoe dit is nie. Mense wie kultiveer by die vlak van Trippel-Wêreld-Wet het nie daardie vermoë nie. Wanneer hulle dinge sien en dit sluit Afstand Visie in, of met baie, baie ander

bo-natuurlike vermoëns, werk dit in 'n spesifieke dimensie en op die meeste gaan dit nie verby hierdie materiële dimensie wat ons menslike wesens in is nie, en normaal weg sal dit nie verby hulle eie liggame se dimensionele velde gaan nie.

Jou liggaam het 'n veld in 'n gespesifiseerde dimensie, en daardie veld is nie dieselfde veld as deug se veld nie, en dit is nie in dieselfde dimensie nie, maar die omvang van hulle velde is dieselfde. Daardie veld korrespondeer met die heelal, so wat ook al die heelal daar het kan hier in jou veld ooreenkomstiglik hierso gereflekteer word, en alles kan oor gereflekteer word. Hulle is gereflekteerde beelde en hulle is nie werklik nie. Byvoorbeeld, op ons Aarde is daar 'n Verenigde State en daar is 'n Washington DC, so in die persoon se veld is die Verenigde State en Washington DC gereflekteer, maar hulle is skaduwees. Tog bestaan skadu's materieël, ook. Hulle is ooreenkomstig gereflekteer so hulle verander met veranderinge daar. So die Afstand Visie wat sommige mense oor praat, is wanneer 'n persoon dinge kan sien wat in die omvang van sy eie dimensionele veld is. Wanneer hy buite Trippel-Wêreld-Wet kultivering gaan sal hy nie dinge daardie manier sien nie. Hy sal direk sien, en dit word Boeddha Wet se goddelike krag genoem. Daar is niks meer kragtig nie.

So hoe werk Afstand-Visie in Trippel-Wêreld-Wet? Ek sal dit vir julle uitspel. In daardie veld se dimensie by 'n persoon se voorkop is daar 'n spieël, en vir mense wie nie qigong oefen nie, wys dit weg van hulle af, terwyl vir mense wie qigong praktiseer is dit na hulle gedraai. Wanneer 'n persoon se Afstand-Visie op die punt staan om uit te kom begin dit spin. Julle weet, films wat teen 24 rame per sekonde gewys word sal jou 'n vloeiende animasie gee, maar minder as 24 rame sal dit springerig voorkom. Dit spin vinniger as 24 rame per sekonde, so die spieël hou die beeld wat opgevang is, en flip oor om vir jou te laat sien, en flip terug en vee die beeld uit. Dan vang dit weer die beeld op flip weer terug en vee die beeld weer uit, terwyl dit onophoudelik spin. So dit is waarom wat jy sien in beweging is. Dit is hoe dit dinge vir jou wys wat opgevang is in jou dimensionele veld, en die dinge in jou dimensionele veld korrespondeer met die groter heelal.

So hoe sien jy agter jou liggaam? Daardie spieël is so klein, reg, kan dit regtig alles rondom jou liggaam opvang? Nou, ons weet dat wanneer 'n persoon se Derde Oog vlak bo Goddelike-Visie gaan en dit staan op die punt om Wysheid Visie te bereik, is dit op die punt om deur hierdie dimensie van ons te breek. Op daardie einste oomblik, wanneer dit op die punt staan om deur te breek maar het steeds nie al die pad deurgebreek nie, sal die Derde Oog 'n verandering ondervind: jy sal sien dat voorwerpe verdwyn het, en mense is weg, die mure is weg, alles is weg, en materie het verdwyn. Met ander woorde, in daardie gespesifiseerde dimensie, wanneer jy dieper kyk, sal jy vind dat mense weg is en die enigste ding wat in die omvang van daardie dimensionele veld van jou staan is 'n spieël. Maar daardie spieël, wat in jou dimensionele veld is, is so groot soos jou hele dimensionele veld, so wanneer dit in die rondte spin, is daar niks wat dit nie kan opvang nie. Dit kan alles opvang in die omvang van jou dimensionele veld, solank as dit iets is wat met die heelal korrespondeer. Dit is wat ons noem die vermoë van Afstand-Visie.

Wanneer mense wie navorsing doen in menslike-liggaam wetenskap hierdie vermoë toets is dit gewoonlik maklik vir hulle om dit van die hand te wys. Hier is die rede. Sê maar iemand wil weet wat sy familie lid in Beijing doen, en wanneer die familie lid se naam en algemene inligting gegee is, sien die persoon met Afstand Visie dinge. Hy sal vir jou vertel hoe die gebou lyk, hoe om deur die deur in te gaan en die kamer binne te tree, en na wat dinge lyk in die kamer. En wat hy sê is alles akkuraat. So wat doen die persoon? "Hy sê dat hy skryf." Om te bevestig of dit waar is, tel hulle die foon op en kry die familie lid in die hande en vra hom, "Wat doen jy op die oomblik?" "Ek eet." Is dit dan nie anders van wat hy gesien het nie? Dit is waarom hierdie vermoë voorheen van die hand gewys was. Maar alles

wat hy omtrent die plek gesien het was reg en in die kol. Dit is omdat ons dimensie en tyd, wat ons ruimte-tyd noem, 'n verskil in tyd het van die ruimte-tyd van die dimensie waar daardie vermoë is, so daardie tyd is begrips gewyse verskillend in daardie twee plekke. Vroeër was hy besig om te skryf, nou eet hy, daar is 'n verskil in tyd. Dit is waarom as mense wie navorsing in menslike-liggaam wetenskap doen, bybetekenisse maak en dinge studeer gebaseer op konvensionele teorieë, of gebaseer op vandag se wetenskap, sal dit nutteloos wees, al doen hulle dit vir nog 10,000 jaar. Die rede is, hierdie dinge is hoër as gewone mense om mee te begin. So dit is nodig dat mense se denke verander, en hulle behoort nie meer hierdie dinge op daardie manier te probeer verstaan nie.

## Die vermoë van om die noodlot te weet

Daar is 'n ander vermoë wat direk verwant is aan die Derde Oog, en dit word Die Vermoë om die Noodlot te weet genoem. Deesdae word ses verskillende tipes van vermoëns om die wêreld erken, en hulle sluit in die Derde Oog, Afstand visie, en Om die Noodlot te weet. Wat is om die Noodlot te weet? Dit is wanneer 'n persoon iemand se toekoms en verlede weet, en in terme van groot dinge is hy in staat om die opkoms en agteruitgang van samelewings te weet, of in terme van selfs groter dinge is hy in staat om die patrone van die groter kosmiese liggaam se veranderinge te sien. Dit is die Vermoë om die Noodlot te weet. Materieë se beweging volg 'n patroon, so elke voorwerp wat in 'n spesiale dimensie is het sy eie toestand van bestaan in 'n rits van ander dimensies. Ek sal julle 'n voorbeeld gee. Wanneer 'n persoon se liggaam beweeg, beweeg al die selle in sy liggaam saam met dit, en al die molekules, protone, elektrone, en die kleinste elemente—al die elemente in die mikrokosmos—hulle beweeg saam met dit. Maar hulle het hulle onafhanklike vorme van bestaan, ook. En die vorme van die liggaam wat in ander dimensies bestaan verander ook.

Praat mense nie van die konservasie van materie nie? In 'n spesifieke dimensie, wanneer mense iets doen, soos wanneer iemand sy hand beweeg en iets doen, bestaan dit wesenlik, en wat ook al mense doen, los dit 'n beeld en 'n boodskap. Daardie dinge verdwyn nie in ander dimensies nie, en hulle bestaan vir ewig daar. So wanneer persone met vermoëns dinge uit die verlede sien, sal hulle weet wat plaas gevind het. Lateraan, wanneer jy die vermoë van Om die Noodlot weet het, kyk na die vorm van ons klas hier vandag, en jy sal sien dat dit is steeds daar is. Dit is alreeds nou daar. En wanneer 'n persoon gebore is, bestaan sy hele lewe alreeds gelyktydig in 'n spesiale dimensie waar daar geen konsep van tyd is nie, en vir sommige mense is daar meer as een lewe daar.

Miskien dink sommige mense: “So daar is geen behoefte vir ons om baie moeite te doen of ons self te verbeter nie?” Hulle kan nie die idee aanvaar nie. Wel, eintlik 'n persoon se eie pogings kan klein dinge in sy lewe verander. Party klein dinge kan verander word deur jou eie pogings. Maar presies omdat jy so hard gaan om dinge te probeer verander mag jy karma kry. As dit nie die geval was nie sou daar nie 'n kwessie wees van karma maak nie, en of jy goeie dinge of slegte dinge doen, sou nie saak maak nie. Wanneer 'n persoon net aandring om dinge op sy eie manier te doen, sal hy verkry ten koste van ander mense, en hy sou iets verkeerd gedoen het. So ons het oor en oor gesê dat in kultivering behoort jy dinge natuurlik te laat gebeur en dit is hoekom. Jy kon ander mense benadeel wanneer jy hard probeer. Miskien het jou lewe oorspronklik nie iets in dit gehad nie, maar dan buite in die wêreld kry jy daardie ding, wat oorspronklik aan iemand anders behoort het, en nou skuld jy hom.

Nou, wanneer dit by vername dinge kom, kan gewone mense dit regtig nie verander nie. Wel, daar is 'n manier om hulle te verander. Dit is wanneer 'n persoon alleenlik slegte dinge doen en by geen onheil stop nie. Hy kan sy lewe daardie manier verander, maar wat voor hom lê is totale ruine. Gesien van

hoë vlak, kan ons sien dat wanneer 'n persoon doodgaan, sterf sy meester siel nie. Hoe is dit dat sy meester siel nie sterf nie? Eintlik, ons kan sien dat wanneer 'n persoon doodgaan, is die liggaam wat in die lykshuis gesit word niks meer is as net menslike selle in hierdie dimensie van ons nie. Sy organe, sy sagte weefsels binne in sy liggaam, en sy hele menslike liggaam, wat beteken, die selle in hierdie dimensie, hulle is wat afgewerp word. Maar sy liggame in ander dimensies wat saamgestel is van materiële, mikroskopiese partikels wat kleiner is as molekules, atome, protone, en so aan, daardie liggame het glad nie dood gegaan nie. Hulle bestaan in ander dimensies en hulle bestaan steeds in mikrokosmiese dimensies. Maar wat vir 'n persoon wat by geen onheil stop nie wat vir hom wag is totale disintegrasie van al sy selle. In Boeddhisme is dit genoem: "Vernietiging van beide liggaam en siel."

Daar is 'n ander manier wat 'n persoon sy lewe kan verander, en dit is die enigste manier. Dit is wanneer hy die pad neem van kultivering en daarmee aanhou. En waarom kan sy lewe verander word deur kultivering op te neem? Wie kon net gaan en iets soos dit verander, reg? Sodra 'n persoon kultivering wil opneem, sodra daardie idee uitkom, skyn dit soos goud, en dit skud die Tien-Rigtings Wêreld. (Die Boeddhiste se konsep van die heelal is die Tien-Rigtings Wêreld Teorie.) Dit is omdat die wyse waarop hoër wesens dit sien, is dat 'n lewe is nie vir hom is om mens te wees nie. Hulle sien mense se lewens as iets wat tot stand kom in die ruimte van die heelal, en dit het dieselfde natuur as die heelal, wat goed en gaaf is, en gemaak van die materie Waar, Goed, en Verduur. Maar terselfdertyd het hierdie lewens samelewinglike-soort sosiale verhoudings, en gedurende sosiale interaksies tussen die groep, word sommige sleg en so hulle val af. En by daardie vlak kan hulle weer nie daar bly nie, en hulle raak steeds erger, so hulle val nog 'n vlak, en hulle val, en val, en val, en hulle val finaal tot hierdie vlak van gewone mense.

Wanneer hulle by hierdie vlak kom is mense veronderstel om vernietig te word, geëlimineer. Maar uit hulle groot Barmhartigheid, het die Groot Geestelike Verligte Wesens doelbewus hierdie dimensie van ons menslike wêreld geskep. In hierdie dimensie gee hulle vir hulle 'n adisionele, menslike sterflike liggaam, en 'n adissionele paar oë wat beperk is om die dinge te sien in hierdie materiële dimensie van ons, wat beteken, hulle val tot in hierdie ryk van delusie. Hulle kan nie die ware prent van die heelal met daardie oë sien nie, terwyl in ander dimensies kan sy ware prent gesien word. In hierdie delusie, in hierdie toestand, is hulle gelos met hierdie kans. En aangesien hulle in hierdie delusie is, is dit die moeilikste. Hulle gee vir hulle hierdie liggaam om mee swaar te kry. Wanneer 'n persoon terug op wil keer van hierdie dimensie, om te doen soos die Daoïste praktyke noem, "om terug te keer na die oorspronklike, ware sêlf", sal dit nodig wees om sy hart in kultivering te sit, wat beteken sy Boeddha-natuur het uitgekom. En daardie wens is gekonsidereer as die mees kosbare een. So mense sal hom help. Selfs in so 'n moeilike omgewing, het hy nie verlore geword nie en wil steeds terugkeer, so mense sal hom help, hulle sal hom onvoorwaardelik help, en hulle sal hom help met enige iets. En waarom kan ons dit vir kultiveerders doen maar nie vir gewone mense nie? Dit is waarom.

Maar as jy 'n gewone mens is wie sy gesondheidsprobleme wil herstel, is daar niks wat ons vir jou kan doen nie. Gewone mense is net gewone mense, en gewone mense is net veronderstel om die manier van dinge in die gewone wêreld te volg. Baie mense sê: "Boeddhas red alle waarnemende wesens, nie waar nie? Boeddhiste praat oor redding van alle waarnemende wesens, reg?" Ek sal julle sê wat, gaan delf deur al die Boeddha geskrifte as julle wil—daar's niks daarin wat sê genesing van gewone mense tel as redding van alle waarnemende wesens nie. Daardie vals qigong meesters het hierdie in 'n groot gemors gedraai in die afgelope jare, maar die ware qigong meesters, die qigong meesters wie die pas aangegee het, hulle het nooit vir julle gesê om mense te genees nie. Hulle het julle net geleer hoe om oefeninge te doen om jouself te genees en om jouself fiks te hou. Jy is 'n gewone mens — jy dink jy kan

mense genees nadat jy dit vir ’n paar dae onderrig het? Verkul hulle nie mense nie? Voed dit nie jou verknogthede nie? Dit is om vir jouself ’n naam te soek en profyt, dit is om bo-natuurlike dinge te soek en om hulle te wil afwys tussen gewone mense! Dit is definitief nie toegelaat nie. Daarom kry sommige mense minder en minder hoe meer hulle dinge soek. Jy is nie toegelaat om dit te doen nie, en jy is nie toegelaat om net te gaan en die manier van dinge in die gewone wêreld om te krap nie.

Daar is iets wat altyd waar was in hierdie heelal: wanneer jy na jou oorspronklike, ware self wil terugkeer, is daar wesens wat jou sal help. Hulle dink dat ’n persoon se wese veronderstel is om terug te keer in plaas van om in die omgewing van gewone mense te bly. As die menslike ras vry gemaak was van alle siekte en in totale gemak geleef het, selfs al was jy ’n kans gegun om ’n hemelse Wese te wees sou jy nie eers iemand glo nie. Jy sou geen gesondheidsprobleme hê nie, jy sou geen swaarkry hê nie en jy sou hê wat ook al jy wou—sou dit nie fantasties wees nie? Dit sou regtig soos ’n hemelse Wese sê wêreld wees. Maar dit is omdat jy sleg geword het dat jy so vêr af geval het en jy sal nie goed voel nie. Dit is maklik vir mense om slegte dinge te doen terwyl hulle in ’n delusie is. In Boeddhisme word dit karmiese vergelding genoem. So, gewoonlik wanneer mense tribulasie het, of as slegte dinge byvoorbeeld gebeur, betaal hulle vir hulle karma deur Karmiese Vergelding. In Boeddhisme sê hulle Boeddhas is orals. Met die wuif van ’n Boeddha se hand kon al die menslike ras se siektes weg wees en hulle kan dit definitief doen. So met soveel Boeddhas rond, waarom doen hulle dit nie? Mense moet soos dit swaar kry omdat hulle skuld het van slegte dinge doen in die verlede, en as jy hulle gesond maak is dit dieselfde as om die Wette van die heelal te skend, dit is dieselfde as om hom laat slegte dinge doen, en hom nie laat terug betaal wat hy skuld nie, en dit word nie toegelaat nie. Daarom handhaaf almal die maniere van dinge in die gewone wêreld en niemand krap dit om nie. Niks behalwe kultivering kan jou fantasties laat voel, om vry van siektes te wees, en jou ware bevryding bring! Om mense ware leringe laat kultiveer is regtige “redding van alle waarnemende wesens.”

So waarom kan al daardie qigong meesters mense genees? En waarom leer hulle mense genesing? Miskien het sommige van julle daaroor gewonder. Meeste van daardie qigong meesters doen nie die regte ding nie. Gedurende hulle kultivering sien ware qigong meesters dat alle waarnemende wesens swaar kry en uit Barmhartigheid, uit jammerte, help hulle mense. Dit is toegelaat, maar hulle kan nie daardie persoon se gesondheidprobleem regmaak nie. Hulle kan dit net tydelik onderdruk, of hulle kan dit uitstel en verskuif sodat as jy dit nie nou kry nie sal jy dit later kry, so hulle stel die siekte uit tot ’n latere tyd, of hulle transformeer dit vir jou, en transformeer dit oor na jou familie lede. Maar wanneer dit kom by die karma regtig vir jou te elimineer, kan hulle dit nie doen nie. En hulle is nie toegelaat om net so te gaan en dit vir gewone mense te doen nie. Dit kan alleenlik vir kultiveerders gedoen word. Dit is die rede.

Die betekenis van die Boeddhiste uitdrukking: “Redding van alle waarnemende wesens”, is dat jy uitgebring word uit die gewone menslike toestand, wat die mees miserabel is, en na hoë vlakke geneem, sodat jy nooit weer sal swaar kry nie en bevry word. Dit is wat hulle bedoel. Het Shakyamuni nie gepraat oor Nirvana, die “Ander Oewer” nie? Dit is wat hy regtig bedoel het deur “Redding van alle Waarnemende wesens.” As jy ’n gewone lewe van luuksheid sou geniet het, en ’n klomp geld hê, en selfs die beddens in jou huis was opgestop met geld as jy nie een bietjie swaar kry nie, sou jy nie ’n hemelse Wese wou word nie selfs al was jy die kans gegun. Die loop van jou lewe kan verander word omdat jy ’n kultiveerder is. En dit is alleenlik deur kultivering wat dit verander kan word.

Die vorm wat die vermoë van Kennis Van Die Noodlot aanneem is dat by die voorkop is daar iets soos ’n klein T.V. skerm. Vir sommige mense is dit by die area van die voorkop, vir sommige is dit naby die voorkop en vir andere is dit binnekant die voorkop. Sommige mense kan dit sien met hulle oë toe, en

as hulle vermoë sterk is, kan sommige mense dit sien met hulle oë oop. Ander mense kan dit nie sien nie, egter, want dit is iets binne die bestek van ’n persoon se dimensionele veld. Met ander woorde, as die persoon hulle gaan sien in sy Derde Oog, wanneer daardie vermoë uitkom, moet daar ook nog ‘n vermoë wees wat dien as ’n draer en die beelde oor weerkaats wat in ander dimensies gesien word. Hy kan ’n persoon se toekoms en hy kan ’n persoon se verlede sien. En hy kan hulle met groot akkuraatheid sien. Hy kan hulle regtig duidelik sien, en hy kan selfs die jaar sien, en selfs die besonderhede van hoe gebeurtenisse uitspeel, omdat wat hy sien die ware weerspieëling is van mense en voorwerpe in ander dimensies. Kontrasterend kan mense wie fortuin vertel, nie die klein dinge uitmaak nie, die gedetailleerde dele, ongeag hoe goed hulle dit doen nie.

Solank as iemand Falun Dafa kultiveer sal ek sy Derde Oog oop maak. Maar ek sal nie party van die ander vermoëns oopsluit waarvan ons gepraat het nie. Soos jou vlak aanhou styg sal die vermoë van Kennis van die Noodlot op ’n natuurlike manier uitkom. Julle sal dit later in julle kultivering ondervind en wanneer daardie vermoë uitkom sal julle weet wat aangaan. Dit is waarom ons vir julle almal vertel van hierdie Wette en beginsels.

## Buite die Vyf Elemente en om die Drie Ryke te verlaat

Wat beteken “Buite die Vyf Elemente” en om die “Drie Ryke te Verlaat”? Dit is ’n delikate onderwerp om onder die aandag te bring. Baie qigong meesters het hieroor gepraat, maar hulle het spraakloos geword deur mense wie nie in qigong geglo het nie – “So watter een van julle qigong mense het al buite die Vyf Elemente gegaan?” “Wie van julle mense is uit die Drie Ryke nou?” Sommige mense is nie qigong meesters nie en hulle het net die titel van qigong meester vir hulleself gegee. As hulle dit nie kan verduidelik nie moet hulle net stil bly, maar hulle waag in elke geval om daaroor te praat, en so maak ander mense hulle stil met hulle opmerkings. Dit het baie skade aan die kultivering wêreld gedoen en ’n groot gemors gemaak. En mense het dit gebruik om qigong aan te val. “Buite die Vyf Elemente” en om die “Drie Ryke te Verlaat” is ’n gesegde in die kultivering wêreld, en dit kom van Godsdienste af. Dit is ’n produk van Godsdienste. So ons kan nie daaroor praat sonder om in gedagte te hou die historiese konteks en die omgewing destyds toe dit uitgedink was nie.

Wat is “Buite die Vyf Elemente” omtrent? Ons antieke Sjinese fisieka en ons moderne fisieka erken albei dat die Sjinese teorie van Vyf Elemente reg is. Metaal, hout, water, vuur en aarde—hierdie Vyf Elemente vorm die ontelbare dinge in ons heelal. Dit is ’n feit en dit is waarom ons praat oor hierdie Vyf Elemente. Wanneer iemand sê dat ’n persoon buite die Vyf Elemente gegaan het, in vandag se taal, beteken dit om buite hierdie materiële wêreld van ons te gaan. Dit klink moeilik om te glo. Maar laat ons oor iets dink. Qigong meesters het gong. Ek was getoets en baie, baie ander qigong meesters was getoets op hierdie manier ook, - getoets vir energie. Baie van die instrumente wat ons vandag het kan die materiële elemente in gong gewaar, so met ander woorde, as daar die regte instrument is, die elemente wat qigong meesters uitstraal kan gewaar word. En deesdae kan die instrumente dinge waarneem soos infrarooi strale, ultraviolet strale, ultrasoniese golwe, infrasoniese klanke, elektrisiteit, magnetisme, gamma strale, atome, en neutrone. Qigong meesters het almal hierdie vorme van materie en party ander soorte materie wat deur qigong meesters uitgestraal word kan nie gewaar word nie, aangesien daar nie so ’n instrument is nie. Maar so lank as wat jy die regte instrument het, kan dit gewaar word en hulle het ontdek dat die materie wat by qigong meesters uitstraal uiters ryk is.

Onder die effek van ’n spesiale elektromagnetiese veld kan qigong meesters sterk luminessensie hê, en dit is regtig pragtig. Die hoër ’n persoon se sterkte, die groter is die energie veld wat hy projekteer. Gewone mense het ook een, maar dit is regtig ’n swak tipe luminessensie. Mense wie navorsing in hoë-

energie fisieka doen dink energie is dinge soos neutrone en atome. Baie qigong meesters was getoets. En al die qigong meesters wat redelik bekend is, was getoets, om die waarheid te sê. Ek was ook getoets, en hulle het gevind dat ek gamma-strale uitstraal en hitte neutrone 80-170 keer groter as die radiasie van gewone materie. Op daardie punt het die naald van die toets instrument die toppunt getref, en aangesien die naald die maksimum punt getref het, kon hulle nie presies sê hoe sterk dit was nie. Verbeel jou, neutrone so sterk — dit is net ongelooflik! Hoe kon 'n persoon sulke sterk neutrone uitstraal? Dit bewys dat ons qigong meesters wel gong het, dit bewys dat ons energie het. Dit was bevestig deur die wetenskaplike en tegnologiese gemeenskap.

Om buite die Vyf Elemente te gaan gebeur alleenlik in 'n praktyk wat albei natuur en langlewendheid kultiveer. Dit is nie deel van praktyke wat nie beide natuur en langlewendheid kultiveer nie. Hulle groei alleenlik die gong wat vlakke bepaal, en hulle kultiveer nie langlewendheid nie, so hulle praat nie van om buite die Vyf Elemente te gaan nie. In praktyke wat albei natuur en langlewendheid kultiveer, word 'n persoon se energie in al die selle in sy liggaam gestoor. Die energie wat afgegee word deur 'n gewone qigong praktisyn of iemand wat pas begin het om gong op te bou, daardie gong het groot partikels met gape tussen hulle in lae digtheid en so dit het min krag. Wanneer 'n persoon se vlak styg is dit moontlik dat die digtheid van sy energie 100 keer, 1,000 keer of 100 miljoen keer hoër as gewone water molekules sal wees. Dit is omdat hoe hoër die vlak hoe hoër die digtheid, hoe fyner die korrels, en hoe groter die krag. Wanneer dit gebeur, word die energie gestoor in elke enkele sel van die liggaam en is nie net in elke sel van die liggaam se selle in hierdie materiële dimensie van ons nie, maar in al die liggame in ander dimensies—die molekules, atome, protone, en elektrone, en al die pad af tot by die uiterste mikrokosmiese selle, hulle is almal gevul met daardie energie. So met verloop van tyd is die persoon se liggaam heeltemal gevul met die hoë-energie materie.

Daardie hoë-energie materie is 'n intelligente entiteit en dit het krag. Wanneer daar meer daarvan is, wanneer die digtheid hoog word, en na dat dit al die selle in 'n persoon se liggaam gevul het, is dit in staat om sy vleeslike selle te onderdruk, daardie minste bekwame selle. En sodra hulle in toom gehou is, is daar geen metabolisme, en by 'n sekere punt sal dit die menslike vlees-selle heeltemal vervang. Natuurlik, is dit maklik om te sê, maar om tot daardie punt te kultiveer is 'n stadige proses. Wanneer jy tot daardie punt gekultiveer het, sal al die selle in jou liggaam vervang wees met die hoë-energie materie, so dink daaroor, is jou liggaam steeds saamgestel van die Vyf Elemente? Is dit steeds materie wat aan hierdie dimensie behoort? Dit is gemaak van hoë-energie materie wat van ander dimensies bymekaar gemaak is. Die komponente van deug is ook materie wat in ander dimensies bestaan; en is nie beperk deur die tyd-veld van hierdie dimensie waarin ons is nie.

Vandag, glo wetenskaplikes dat tyd velde het, en wanneer iets nie in die omvang van 'n tyd veld is nie is dit nie beperk deur daardie tyd nie. Die konsep van ruimte tyd in ander dimensies is anders van die een hier, so hoe kon dit materie van ander dimensies beperk? Dit het nie enige effek op dit nie. Dink dan daaroor, teen daardie tyd is jy nie buite die Vyf Elemente nie? Is jou liggaam steeds 'n gewone mens s'n? Glad nie. Maar daar is een ding wat in aanmerking geneem moet word, en dit is dat gewone mense nie eintlik die verskil kan sien nie. Alhoewel jou liggaam soveel verander het is dit steeds nie die einde van jou kultivering nie. Jy moet steeds deur meer vlakke aanhou breek en opwaarts kultiveer. So moet jy steeds tussen gewone mense kultiveer, en dit sal nie werk as mense jou nie kan sien nie.

So, wat gebeur volgende? Gedurende jou kultivering, alhoewel al jou molekulêre selle vervang is deur hoë-energie materie, moet die atome 'n sekere konfigurasie hê, en die konfigurasie van die molekules en nukleï verander ook nie. Die konfigurasie van die selle se molekules is een manier, en so hulle is sag

met aanraking; die konfigurasie van been molekules het ’n hoë digtheid, en so hulle is hard met aanraking: die digtheid van bloed se molekules is baie laag en so dit is vloeibaar. Gewone mense kan nie sien van jou uiterlike voorkoms dat daar enige veranderinge was nie. Die molekulêre selle hou steeds hulle vorige struktuur en konfigurasie. So hulle struktuur het nie verander nie, maar die energie binne in het. En dit is waarom jy nie deur die natuurlike veroudering proses van daardie punt af sal gaan nie, en jou selle sal nie dood gaan nie, so jy sal vir altyd jonk wees. Jy sal jonk lyk gedurende jou kultivering, en uiteindelik sal jy ’n punt bereik waar jy nie verder ouer sal word nie.

Natuurlik, as so ’n liggaam soos dit deur ’n kar raak gery word mag die bene steeds breek, en as dit met ’n mes gesny word mag dit steeds bloei. Dit is omdat die molekule se konfigurasie nie verander het nie. Dit is net dat hulle nie natuurlik sal sterf nie, hulle sal nie natuurlik oud word nie en daar sal nie enige metabolisme wees nie. Dit is wat ons bedoel met om “Buite die Vyf Elemente” te gaan. Wat het dit met blinde geloof te doen? Dit kan met wetenskaplike teorie verduidelik word. Maar sommige mense gaan praat vrylik daaroor, selfs al kan hulle dit nie verduidelik nie en dan sê ander mense ons glo blindelings. Dit is ’n frase wat van godsdienste afkomstig is, en was nie geskep deur vandag se qigong nie.

Wat is om die “Drie Ryke te Verlaat”? Soos ek nou die dag gesê het, die sleutel tot vermeerdering van jou gong is dit: jy kultiveer jou karakter en assimileer na die natuur van die heelal, dan sal die natuur van die heelal jou nie meer beperk nie, jou karakter verbeter, en die elemente van deug evolueer tot in gong, wat voortdurend groei, styg, en dan wanneer dit tot ’n hoë-vlak styg vorm dit ’n gong pilaar. Hoe hoog ook al wat daardie gong pilaar is, dit is die hoogte van jou gong. Daar’s ’n gesegde, “Die Groot Wet is oneindig”—hoe jou kultivering gaan hang alles van jou verstand af. Die hoogte wat jy na kan kultiveer hang heeltemal af van jou vermoë en jou vermoë om swaarkry te verduur. Wanneer jou wit materie op gebruik is, kan jy jou swart materie transformeer tot in wit materie deur swaarkry te verduur. En wanneer dit steeds nie genoeg is nie kan jy jou gong vermeerder deur sondes te dra van jou familie-lede of jou goeie vriende wie nie kultiveer nie. Dit geld vir mense wie tot ’n uiters hoë-vlak gekultiveer het. Wanneer ’n gewone persoon kultiveer behoort hy nie te dink oor om sondes te dra vir sy familie-lede nie, aangesien met daardie hoeveelheid karma sou die gemiddelde persoon se kultivering faal. Wat ek oor praat van hier is waarhede van verskillende vlakke.

Die Drie Ryke oor wat gepraat word in sommige godsdienste, verwys na die 9 vlakke van die hemel, of die 33 vlakke van die hemel, met ander woorde, Hemel, Aarde en die Onderwêreld stel saam al die wesens in die Drie Ryke. Hulle sê dat alle lewende wesens binne in die 33 vlakke van die hemel deur sielsverhuising moet gaan. Wat sielsverhuising beteken, is dat terwyl iemand ’n menslike wese in hierdie lewe is, miskien sal hy ’n dier in die volgende lewe wees. In Boeddhisme word dit gesê dat ’n persoon die jare moet aangryp wat hy in hierdie lewe het, en dat as hy nie nou kultiveer nie, wanneer sal hy? Hulle sê omdat diere nie toegelaat is om te kultiveer nie, en hulle is nie toegelaat om na die Wet te luister nie, en selfs as hulle wil kultiveer kan hulle nie ’n Ware Rypwording behaal nie. As hulle gong ’n hoë vlak bereik sal hulle deur die hemel doodgemaak word. Jy is nie in staat om ’n menslike liggaam te kry in honderde jare nie. Dit het meer as ’n 1,000 jaar vir jou geneem om dit te kry, en jy weet nie eers hoe om dit te waardeer nie. As jy in 'n rots reinkarneer sal jy nie in staat wees om vir 10,000 jaar daar uit te kom nie, en as daardie rots nie vergrys word of as dit nie verweer nie, sal jy nooit in staat wees om uit te kom nie. Om ’n menslike liggaam te kry is só moeilik! As ’n persoon regtig die Groot Wet kan bekom is hy net so gelukkig. Om ’n menslike liggaam te kry is so moeilik - dit is hoe hulle dit sien.

In ons praktyk praat ons oor vlakke. Jou vlak hang heeltemal van jou af om te kultiveer. As jy die “Drie Ryke” wil oortref, wel, as jou gong pilaar baie, baie hoog gekultiveer is, sal jy nie deur die “Drie Ryke”

gebreek het nie? Wanneer sommige mense mediteer verlaat hulle meester siele hulle liggame, en in ’n oogknip bereik hulle ’n baie hoë vlak. Toe ’n student vir my geskryf het en met my ondervindinge gedeel het, het hy gesê: “Leermeester, ek het hierdie hoeveelhede vlakke van die hemel bereik en ek het sulke en sulke tonele gesien.” Toe sê ek vir hom, “Gaan verder op.” Hy het terug geantwoord, “Ek kan nie verder opgaan nie.” Ek waag dit nie om op te gaan nie. Ek kan nie meer op gaan nie.” Waarom is dit? Omdat dit net hoe hoog sy gong pilaar was, en omdat hy daar bo gekom het deur om op sy gong pilaar te ry. Dit is die ”Rypwording” oor wat gepraat word in Boeddhisme. Hy het gekultiveer tot daardie Rypwording, maar vir ’n kultiveerder, is dit nie die toppunt van sy Rypwording nie, omdat hy voortdurend op beweeg, voortdurend hoër gaan, en voortdurend verbeter. Wanneer jou gong pilaar deur die “Drie Ryke” se grense gebreek het, het jy dan nie die “Drie Ryke” verlaat nie? Ons het dit eenkeer ondersoek en het gevind dat die “Drie Ryke” wat Godsdienste oor praat, alleenlik binne die omvang van ons 9 hoof planete is. Sommige mense sê dat daar 10 hoof planete is. Ek sou sê dit is regtig nie waar nie. Ek het gesien dat die gong pilare van sommige van die vorige qigong meesters van die verlede verby die Melkweg versnel het. Hulle was redelik hoog en hulle het lankal die Drie Ryke verby gegaan. So hierdie om die “Drie Ryke te Verlaat” waaroor ek nou net van gepraat het is eintlik ’n vraag van vlakke.

## Om dinge te wil kry

Baie mense kom na ons kultivering terreine om dinge te wil kry. Sommige van hulle wil dinge kry, sommige wil na ’n paar idees luister, sommige wil hulle gesondheidsprobleme oplos, en sommige wil ’n Wet Wiel kom kry, - daar is allerhande soorte denkpatrone. Daar is ook ander mense wie sê, “Iemand in my familie het steeds nie na enige van die klasse gekom nie. Ek sal ’n bietjie vir die onderrig betaal en wat van dan gee jy vir hom ’n Wet Wiel?” Dit het ons soveel baie generasies geneem en dit het deur so ’n groot aantal jare gegaan—julle sou geskok wees as ons vir julle die getal vertel het - dit was eeue en eeue gelede gevorm, en jy wil ’n bietjie geld spandeer om ’n Wet Wiel te koop? Waarom is dit dan dat ons dit vir julle kan gee sonder voorwaardes aan verbonde? Dit is omdat jy ’n kultiveerder wil wees, en daardie gedagte kan nie gekoop word met enige bedrag geld nie. Dit is jou Boeddha-natuur wat uitgekom het en dit is waarom ons dit doen.

Julle wil altyd dinge kry. Kom julle hier net vir dit? My Wet Liggame in ander dimensies ken jou elke gedagte, aangesien die konsepte van die twee ruimte-tye verskillend is. In ’n ander dimensie gesien, is die formering van jou gedagtes ’n uiters stadige proses, en hulle ken jou gedagtes selfs voordat jy dink. So jy behoort ’n einde te maak aan al jou verkeerde gedagtes. Boeddhiste praat van karmiese verhouding — ons is almal wat ons is as gevolg van karmiese verhouding. So, as jy dit verkry, miskien is jy dan veronderstel om dit te verkry. Daarom behoort jy dit te waardeer, en behoort nie dinge te wil hê nie.

In godsdiens kultivering in die verlede het Boeddhiste Leegheid onderrig—om nie aan enige iets te dink nie en die hek van Leegheid binne te tree. En Daoïste het Nietigheid onderrig – niks te hê nie, niks te wil hê nie, en niks te soek nie. Kultiveerders het gepraat van om, “Die gedagtes op kultivering te sit, en nie om die gedagtes op die kry van gong nie.” So jy kultiveer in ’n toestand van nie-optrede en fokus net op kultivering van jou karakter, dan sal jy deurbrake maak in jou vlak, en jy sal definitief hê wat ook al jy behoort te hê. As jy nie iets kan laat gaan nie, is dit nie ’n verknogtheid nie? Hier leer ons sulke hoë vlak Wette reg van die begin af, so natuurlik is die behoefte op jou karakter hoog. En daarom kan jy nie kom om die Wet te leer om iets te wil kry nie.

Om verantwoordelik teenoor jou te wees, neem ons jou op die regte pad. So dit is nodig dat hierdie Wet aan jou deeglik onderrig word. Wanneer sommige mense soek om Derde Oog te kry, mag die Derde Oog sigself blok, en dit mag jou afseël. Ek kan vir julle ook vertel dat in Trippel-Wêreld-Wet kultivering, al die vermoëns wat 'n persoon ontwikkel is ingebore in die sterflike liggaam - deesdae noem mense dit bo-natuurlike vermoëns. Hulle kan alleenlik 'n effek in die dimensie reg hier hê, ons dimensie, en op gewone mense werk. Waarvoor wil julle daardie triviale vermoëns en triviale vaardighede hê? Jy wil hê en hê, maar nadat jy buite Trippel-Wêreld Wet bereik, het hulle geen effek in ander dimensies nie. Wanneer jy buite Trippel-Wêreld Wet kultivering gaan, moet al daardie vermoëns weggegooi word, en hulle word ingepers in 'n baie diep dimensie en word daar gehou. Hulle handel net as 'n rekord van jou kultivering pad in die toekoms en dit is omtrent al wat hulle doen.

Nadat 'n persoon buite Trippel-Wêreld Wet gaan, moet hy weer oor kultiveer. Die liggaam wat hy het is soos wat ek net oor gepraat het, 'n liggaam wat buite die Vyf Elemente gegaan het. Dit is 'n Boeddha-liggaam. Sou jy nie daardie soort liggaam 'n Boeddha-liggaam noem nie? Daardie Boeddha-liggaam moet weer oor kultiveer en weer oor vermoëns tot stand bring, maar daardie word nie vermoëns genoem nie, hulle word Boeddha-Wet se goddelike kragte genoem. Hulle mag is oneindig en neem effek in elke dimensie - hulle is wat regtig 'n impak het. So sê my, wat baat dit jou om vermoëns te wil kry? Al julle mense wie vermoëns wil hê, is dit nie julle voorneme om dit tussen gewone mense te gebruik, om mee te spog tussen gewone mense nie? As dit nie is nie, waarvoor wil julle hulle hê? Hulle kan nie gesien en hulle kan nie geraak word nie... As jy sê jy wil hulle net gebruik as versierings of iets, sou jy nie beter daaraan af wees om iets te vind wat mooi lyk nie? Ek kan dit waarborg dat in jou onderbewussyn is jou doel om hulle te gebruik. Hulle kan nie nagestreef word soos gewone mense se vaardighede nie. Hulle is geheel en al 'n hoër ding, en jy is nie toegelaat om te gaan en hulle afwys tussen gewone mense nie. Om mee te begin, om af te wys is 'n sterk verknogtheid, dit is 'n karakter fout, en dit is 'n begeerte wat 'n kultiveerder behoort van ontslae te raak. As jy geld wil maak daarmee, as jy daaruit wil ryk word of een of ander wêreldse doel wat jy nastreef wil behaal dan is dit steeds erger. Dit sou wees soos om hoër dinge te gebruik om die manier van dinge te ontwrig in die gewone wêreld, om die gewone wêreld skade aan te doen. Daardie gedagtes is steeds erger. So hulle kan nie net gebruik word wanneer ook al jy wil nie.

Dit is meer en deels kinders en ouer mense, die mense aan die twee eindpunte van die spektrum, wie se vermoëns uitkom. Dit is veral waar vir ouer vroue, aangesien hulle gewoonlik hulle karakters hoog kan hou, hulle het nie baie gewone mense se verknogthede nie, en hulle is meer geskik om hulleself goed te beheer en nie te wil afwys nadat hulle vermoëns uit kom nie. En waarom is dit moeilik vir jong mense om hulle te kry? Jong mans, meer so as andere, wil steeds probeer om vooruit te gaan in die gewone wêreld, en hulle wil steeds hulle ambisies vervul! Die oomblik dat hulle vermoëns gekry het sou hulle hulle gebruik om hulle doelwitte te realiseer, hulle sal hulle behandel soos vaardighede om hulle doelwitte te realiseer, maar dit word net absoluut nie toegelaat nie. Dit is waarom hulle vermoëns nie uitgebring word nie.

Kultivering is nie kinderspeletjies nie, dit is nie een of ander gewone mense se knapheid nie. Dit is regtig ernstig. Of jy wil kultiveer en of jy kan kultiveer, dit hang alles af van hoe jy jou karakter gaan verbeter. Dit sou regtig moeilikheid voorspel as 'n persoon eintlik vermoëns kon kry deur hulle net te soek. Jy sou hom daar sien, "Wat kultivering"?? - hy sou glad nie daaroor dink nie. En aangesien sy karakter 'n gewone mens se fondament het, en aangesien hy sy vermoëns gekry het net deur na hulle te soek, miskien sou hy allerhande slegte dinge doen. Daar is baie geld in die bank, en hy sou daarvan wegsleep, of daar is baie loterykaartjies wat verkoop word op die straat, en hy sou die eerste prys kies. So waarom gebeur daardie dinge nie? Sommige qigong meesters sê, "Dit is redelik maklik vir iemand

wie nie oor deug omgee om slegte dinge te doen nadat hy vermoëns gekry het.” Ek sou sê dit is verkeerd. Dit is glad nie soos dit nie. As jy nie omgee oor deug, as jy nie jou karakter kultiveer, sal jou vermoëns nie eers ’n bietjie uitkom nie. Daar is sommige mense wie goeie karakters het, en by daardie vlak kom hulle vermoë uit, maar dan later aan hanteer hulle hulleself nie goed nie, en hulle doen dinge wat hulle nie behoort te doen nie. Daar is sulke gevalle. Maar sodra hulle slegte dinge doen, sal hulle vermoëns krag verloor of verdwyn, en as hulle dit eenmaal verloor het, sal hulle dit vir ewig verloor. Wat mees ernstig omtrent dit is, is dat dit kan jou verknogthede aanpor.

Sommige qigong meesters sê dat jy mense kan genees nadat jy hulle qigong vir net ’n paar dae geleer het. Dit is soos reklame. Hulle behoort qigong handelaars genoem te word. Dink daaroor, jy is ’n gewone mens — hoe kon jy mense genees deur net ’n bietjie qi uit te stuur? Gewone mense se liggame het qi en jy het ook qi. Jy het net begin om qigong te praktiseer, en dit is net omdat jou palm se Laogong drukpunt oop is, so jy kan qi kollekteer en qi uitstuur. Wanneer jy gaan en ander mense behandel, hulle liggame het qi, ook, so miskien sal hulle s’n jou op die ou einde genees! Hoe kon een qi ’n ander qi beheer? Qi kan nie enige iets genees nie. Buitendien, wanneer jy ’n ander persoon behandel vorm jy en daardie siek persoon een veld, en al sy patogeniese qi sal na jou liggaam oorkom, en jy sal net soveel van dit hê. Alhoewel die wortel van dit in sy liggaam is, as jy baie patogeniese qi het, sal dit jou siek maak. Sodra jy dink dat jy mense kan genees, sal jy ’n besigheid oopmaak en mense gaan behandel, en jy sal niemand weg wys nie, en jy sal verknog raak. En wanneer jy mense genees sal jy so gelukkig wees! Maar waarom kan jy hulle genees? Daar’s iets wat jy nie besef nie: alle vals qigong meesters het besittende geeste op hulle liggame en om jou in ’n gelowige te maak gee hulle jou ’n paar energie boodskappe. Nadat jy omtrent sê drie, vyf, agt, of miskien tien mense genees, sal hulle opgebruik wees. Dit is ’n tipe van energie verbruik, en van dan af sal jy nie daardie bietjie energie hê nie. Jy het nie gong jouself nie - waar kon jy gong vandaan gekry het? Ons qigong meesters het deur dekades van kultivering gegaan, en dit was vroeër redelik moeilik om te kultiveer. As ’n persoon nie aanhou met ’n ware dissipline en daarin kultiveer nie, as hy in ’n sy-praktyk kultiveer, of as hy op ’n mindere pad kultiveer, dan sal dit regtig moeilik wees.

Kyk net na daardie groot-kop qigong meesters wie redelik beroemd is, hulle het vir dekades gekultiveer net om daardie klein bietjie gong te kry. Jy het nie gekultiveer nie, en dink jy kan gong kry deur na ’n klas te gaan? Vergeet daarvan! En van daardie punt af sou jy verknog wees en sodra jy verknog geraak het sou jy angstig word wanneer jy nie mense kon genees nie. Weet julle wat sommige mense selfs dink wanneer hulle mense behandel om hulle reputasie probeer te beskerm? “Laat ek sy siekte kry sodat hy genees kan word.” Dit is nie uit Barmhartigheid nie. Hy het nie een bietjie ontslae geraak van sy verknogthede aan reputasie en persoonlike wins nie, en geen Barmhartigheid staan op die punt om te uit te kom nie. Hy is bang om sy reputasie te verloor, en sou liewer self die siekte kry as om aansien te verloor. Hy is so verknog aan sy reputasie! Sodra dat daardie begeerte van hom kom, “Reg so, as jy dit daardie manier wil hê”, sal daardie siekte meteens getransformeer en verskuif word oor na sy liggaam—dit kan regtig dit laat gebeur. Hy gaan huis toe met die siekte en die ander persoon is genees. So nadat hy iemand behandel het, gaan hy huis toe en hyself ly. Jy dink jy het iemand genees het, en wanneer mense jou “qigong meester” noem voel jy redelik goed omtrent jouself, en jy word verbeelderig. Is dit nie ’n verknogtheid nie? En wanneer jy nie iemand kan genees nie, hang jy jou kop, terneergedruk. Is dit dan nie vanweë jou verknogtheid aan reputasie en persoonlike gewin nie? Buitendien, al die patogeniese qi van daardie mense wie jy behandel het kom oor na jou liggaam toe. Daardie vals qigong meesters onderrig jou veronderstellend om dit te doen en dit te verdryf, maar ek vertel jou, jy kan dit glad nie verdryf nie, jy kan dit nie eers een bietjie verdryf nie, omdat jy nie die vermoë het om goeie qi van slegte qi te onderskei nie. Oor tyd sal jou liggaam alles swart binne-in word, en dit is karma.

Wanneer jy regtig begin kultiveer gaan dit moeilik wees. Hoe sal jy dit hanteer? Hoeveel swaarkry sal jy moet deurgaan om dit in wit materie te transformeer? Dit gaan regtig baie moeilik wees. ’n Persoon met ’n goeie basis sal meer waarskynlik hierdie probleem hê. Sommige mense hou net aan soek na die vermoë om mense te genees, mense te genees, mense te genees. Maar wanneer jy dinge soek sien diere dit en hulle sal reg op jou kom. Dit is besetenheid. “Jy wil mense genees? Ek sal jou help mense genees.” Maar dit sal jou nie verniet help om mense te genees nie. ’n Persoon verkry nie, as hy nie verloor nie. Dit is gevaarlik. En in die einde, bring jy dit op jouself. Hoe kon jy dan kultiveer? Jy sou klaar wees.

Sommige mense met goeie basis verruil hulle basis vir ander mense se karma. Mense met gesondheidsprobleme het baie karma. As jy iemand behandel met ’n ernstige gesondheidprobleem, wanneer jy huis toe gaan nadat jy hom behandel het sal jy ellendig voel! Baie mense wie andere behandel het, het dit ondervind, waar die siek persoon herstel, maar jy gaan huis toe en ly met ernstige siekte. Na verloop van tyd, sal jy baie karma hê wat verruil en oorgedra is na jou toe, en jy sou vir ander mense deug gegee het vir hulle karma. Wel, geen verlies, geen wins. Jy wil siekte hê, maar karma moet steeds verruil word met deug. Daar’s ’n wet in hierdie heelal dat as jy iets wil hê, kan niemand jou probeer keer nie. Dan kan dit nie gesê word dat jy goed is nie. En daar is iets wat gespesifiseer is in die heelal: wie ook al baie karma het, is ’n slegte persoon. Maar jy verruil jou eie basis met hom vir karma, en met al daardie karma, hoe gaan jy kultiveer? Jou hele basis sal deur hom verwoes wees. Is dit nie skrikwekkend nie? Die ander persoon is genees, en hy voel heel goed nou, maar jy gaan huis toe en ly. As jy twee mense genees met kanker sal jy in hulle plek moet sterf. Is dit nie gevaarlik nie? Dit is wat gebeur. Baie mense weet nie wat hier werklik aan die gang is nie.

Nou, miskien is sommige vals qigong meesters redelik welbekend, maar om “welbekend” te wees beteken nie om baie te weet nie. Wat weet gewone mense in elke geval? Hulle volg net die skare. Miskien is hulle in staat om dit nou te doen, maar hulle doen nie net ander mense skade aan nie, hulle doen hulleself ook skade aan. Wag en sien wat word van hulle in ’n jaar of twee. Om skade aan kultivering daardie manier te doen is nie toegelaat nie. Kultivering kan genees, maar dit is nie bedoel vir genesing nie. Dit is iets hoër, en dit is nie een of ander gewone mens se knapheid nie. Jy word definitief nie toegelaat om dit net so te beskadig nie. Deesdae maak sommige vals qigong meesters ’n vreeslike gemors van dinge aangesien hulle probeer om qigong te gebruik as ’n weg na roem en rykdom. Hulle probeer om goddelose bendes te vorm om hulle invloed uit te brei, en hulle oortref die getal van die ware qigong meesters tiental. So jy glo dit net omdat gewone mense dit sê en dit doen? Jy dink dat qigong veronderstel is om soos dit te wees. Wel, dit is nie. Ek vertel julle die waarheid daarvan.

Soos die verskillende verhoudinge wat gewone mense het besig is om uit te speel, moet hulle verantwoordelikheid dra en betaal vir beide die slegte dinge wat hulle gedoen het en die skuld wat hulle opgebou het deur dinge te soek om hulleself te bevoordeel. Laat ons aanneem jy gaan en behandel iemand net. Al was jy regtig in staat om hom te genees, kon dit toegelaat word? Boeddhas is orals. Daar is so veel Boeddhas rond, so waarom doen enige van hulle dit nie? Sou dit nie net fantasties wees as hulle die menslike ras in totale gemak laat lewe nie! Dan waarom doen hulle dit nie? Mense moet vir hulle eie karma betaal, en dit is ’n wet wat niemand waag om te ondermyn nie. Gedurende sy kultivering, mag ’n persoon iemand so nou en dan ’n bietjie hulp uit Barmhartigheid aanbied. Maar al wat dit doen is stel die siekte so ’n bietjie uit. As jy nie nou ly nie sal jy later ly. Of, miskien sal hy dit vir jou transformeer, sodat jy geld verloor of ’n terugslag kry in plaas van daardie siekte. Miskien is dit wat gebeur. Waarlik dit doen - onmiddellike eliminering van jou karma - dit is iets wat alleenlik vir kultiveerders gedoen kan word. Dit kan nie vir gewone mense gedoen word nie. Ek vertel julle nie net

die waarheid van my eie dissipline, hier nie. Ek praat van die Waarheid van die hele heelal, ek praat van hoe dinge werklik in die kultivering wêreld is.

Ons onderrig julle nie hier om mense te genees nie. Ons lei julle op die groot weg, die ware weg, en lei julle opwaarts. Daarom sê ek altyd in my klasse dat Falun Dafa dissipels nie toegelaat is om genesings te doen nie. As julle mense gaan genees behoort julle nie aan my Falun Dafa nie. Aangesien ons julle op die groot weg lei, gedurende Trippel-Wêreld Wet kultivering, reinig, reinig en reinig ons jou liggaam altyd vir jou, al die pad totdat dit geheel en al getransformeer is tot in hoë-energie materie. Maar jy bring steeds al daardie swart dinge op jou liggaam - hoe gaan jy kultiveer? Dit is karma! Jy sal nie in staat wees om enigsins te kultiveer nie. Sodra jy te veel daarvan kry sal jy dit nie kan vat nie, en wanneer jy te veel moet ly, sal jy nie in staat wees om te kultiveer nie. Dit is die rede. Ek bring hierdie Groot Wet na julle almal, maar miskien het julle steeds geen idee van wat ek onderrig nie. Aangesien hierdie Groot Wet na julle gebring kan word, is daar natuurlik maniere om dit te beskerm. As julle probeer om mense te genees, sal my Wet Liggame al die kultivering dinge wat in julle liggame gesit was terugneem. Jy word nie toegelaat om iets so kosbaar te beskadig om 'n naam vir jouself te maak of om jouself te bevoordeel nie. As jy nie die Wet se vereistes volg nie, behoort jy nie aan ons Falun Dafa nie. Jou liggaam sal terug keer na die vlak van gewone mense, en ons sal die slegte aan jou terug gee, want jy wil 'n gewone mens wees.

Van gister af, na klas, het baie van julle gevoel dat julle hele liggaam vol energie was. Maar 'n paar mense met ernstige gesondheidsprobleme het voor andere gegaan, en hulle het onwel gister begin voel. Gister nadat ek die slegte dinge van julle liggame gepluk het, vir meeste van julle, het julle hele liggaam vol energie gevoel, en jou liggaam het baie goed gevoel. Maar in hierdie heelal van ons, is daar hierdie Wet wat genoem is "geen verlies, geen wins." Ek kan nie alles van julle af vat nie - julle moet definitief tenminste iets dra. So in ander woorde, ons het die wortel en oorsaak van jou gesondheidprobleem uitgehaal, die wortel en oorsprong van jou siekte, maar jou probleem het steeds 'n veld. 'n Persoon wie se Derde Oog oop is by 'n lae vlak kan sien dat jou liggaam polle swart qi het, vuil patogenese qi. Hulle is saam geperste swart qi polle met 'n hoë digtheid en wanneer hulle uitmekaar gaan sal hulle jou hele liggaam vul.

Van vandag af sal sommige mense kouekoors hê, asof hulle 'n slegte verkoue het, en hulle bene mag selfs pyn. Die meeste mense sal êrens in hulle liggame nie goed voel nie - seer bene, lighoofdigheid, jy noem dit. Miskien dink jy dat deur qigong te oefen het jy een of ander area van jou liggaam wat 'n probleem gehad het genees, of dat miskien een of een of ander qigong meester dit vir jou genees het, en nou het dit verval. Dit is omdat hy dit nie genees het nie, hy het dit alleenlik vir jou uitgestel. Dit is steeds reg daar waar dit oorspronklik was, so die gesondheidprobleem het nie toe opgeduik nie maar dit sou later aan. Ons moet al daardie uitspit, hulle almal vir jou uitdryf, en heeltemal van hulle by die wortel ontslae raak. So jy sal dink dat jou probleem verval het, en dit is om karma by die wortel te elimineer - dit is waarom jy reaksies het. Sommige mense sal gelokaliseerde reaksies in hulle liggame hê, miskien pyn een gedeelte, of miskien is dit 'n ander gedeelte, en allerhande onaangenaamde sensasies sal voorkom. Dit is alles normaal. Ek wil vir julle sê, ongeag hoe aaklig jy mag voel, doen jou bes om aan te hou na die klas te kom, en sodra jy by die gehoorsaal inloop sal al jou simptome weg wees, en daar sal geen gevaar wees nie. Ek kan dit sê en ek hoop julle sal 'n poging maak om te kom, ongeag hoe mollig jy voel as gevolg van daardie "siekte." 'n Kans om die Wet te verkry is moeilik. Wanneer jy erger voel, beteken dit dat, "Wanneer iets die ekstreem bereik keer dit om," en jou hele liggaam sal gereinig word. Dit moet volkome gereinig word. Die wortel van jou gesondheidprobleem was nou uitgepluk en alleenlik daardie klein bietjie swart qi is oor, en kom vanself uit, sodat jy 'n

bietjie ontbering het en deur ’n paar probleme gaan. As jy nie enige iets verduur nie, sou dit regtig nie werk nie.

Buite in die gewone wêreld kompeteer jy met ander mense vir jou reputasie en profyt, so jy kan nie goed slaap nie, en jy kan nie jou kos geniet nie, en jy het jou liggaam laat vergaan. Wanneer daar na jou liggaam gekyk word in ’n ander dimensie, is selfs elkeen van jou gebeendere swart. So om so ’n liggaam soos dit alles gelyktydig te reinig, moet daar reaksies wees. Dit is waarom julle reaksies sal hê. Sommige mense kon selfs diarree kry of opgooi. Studente in ’n aantal streke het aan my geskryf en hulle ondervindings met my gedeel – “Leermeester, ek moes die hele tyd na badkamers soek al die pad huis toe van die klas af.” Dit is omdat selfs jou interne organe gereinig moet word. ’n Klein aantal mense mag selfs aan die slaap raak en dan sal hulle wakker word wanneer ek ophou praat. Waarom gebeur dit? Omdat daar siekte in hulle koppe is, so hulle moet verstel word. Daar’s geen manier dat mense dit kon vat om hulle koppe te laat verstel nie, so jy moet hulle verdoof, hulle weet dit egter, nie. Maar vir sommige mense het die hoor gedeelte geen probleem nie. Hulle slaap vas maar hulle mis nie ’n woord nie, hulle hoor dit alles, en dan is hulle op en wakker, en sommige van hulle word nie eens slaperig nie, selfs al gaan hulle ’n paar dae sonder slaap. Hierdie is die verskillende konditisies wat mense in is, en dit is nodig dat hulle almal verstel moet word. Jou hele liggaam moet gereinig word.

So as jy waarlik Falun Dafa praktiseer, sal jy, van vandag af, reaksies hê wanneer jy waarlik jou verknogthede opsy sit. Die mense wie hulle nie opsy kan sit nie, mag sê dat hulle het, maar in werklikheid is hulle nie in staat nie, so dit is moeilik om hulle liggame te reinig. Daar is ook mense wie eers later aan verstaan wat ek in hierdie klas onderrig het, hulle sit hulle opsy en dan is hulle liggame gereinig. Ander mense vind dat hulle liggame vol energie is, terwyl hierdie mense net begin om genees te word en net begin om onwel te voel. In elke klas is daar mense soos dit wie agter raak, mense wie se begripsvermoë nie so goed is nie. So ongeag wat jy ondervind, dit is normaal. Wanneer ek klasse gehou het in ander streke het party dinge die hele tyd gebeur. Daar sou altyd sommige mense wees wie aaklig gevoel het, en hulle sou daar vooroor gebuig sit oor hulle sitplekke, hulle wou nie opgestaan nie, en hulle sou net wag vir my om van die verhoog af te kom om hulle te genees. Maar ek sou hulle nie genees nie. Jy kan nie eers daardie struikelblok oorkom nie, en lateraan wanneer jy op jou eie kultiveer gaan jy baie groot tribulasies hê, so as jy nie eers hierdie een kan slaag nie, sê my, hoe gaan jy kultiveer? Jy kan dan nie eers daardie klein ding te bowe kom nie? Jy kan definitief daardie dinge te bowe kom, so moet my nie vra om julle te genees nie. Ek doen nie genesing nie. Die oomblik wat julle sê: “gesondheidprobleem” wil ek nie luister nie.

Dit is regtig baie moeilik om mense te red. In elke klas is daar altyd omtrent 5% of 10% wie nie by kan bly nie. Daar’s geen manier almal die “Dao” kan bereik nie. Selfs al is jy ook in staat om vol te hou in jou kultivering, moet dit steeds gesien word of jy sukses kan behaal en dit moet steeds gesien word of jy regtig verbonde is aan kultivering. Daar is geen manier dat almal ’n Boeddha kan word nie. Ware kultiveerders van Dafa ondervind dieselfde dinge wanneer hulle die boek lees, en hulle kry ook alles wat hulle veronderstel is om te kry.

## DIE DERDE GESPREK

### Ek neem alle studente as dissipels

Weet julle wat? weet julle wat ek hier doen? Ek neem alle studente as dissipels om te lei, en dit sluit mense in wie op hulle eie leer maar wie steeds in staat is om waarlik te kultiveer. Dit is die oorlewer van 'n praktyk wat tot hoë vlakke lei, en sou nie werk as ek julle nie soos dit lei nie—dit sou onverantwoordelik wees, en dit sou wees soos om vir moeilikheid te vra. Ons gee jou so baie, ons laat julle so baie waarhede weet wat gewone mense nie behoort te weet nie, ek dra die Groot Wet oor aan julle, en ek sal vir julle baie, baie dinge gee, julle liggame word vir julle gereinig, en daar is party ander dinge daarby betrokke. So dit sal definitief nie werk as ek julle nie soos dissipels lei nie. Om net rond te gaan en soveel hemelse geheime uit te laat lek aan gewone mense is nie toegelaat nie. Maar daar is een ding. Tye het verander en nou gebruik ons nie meer daardie formaliteite van buig of daardie tradisionele tipe van buig nie. Daardie formaliteite het nie veel nut nie, en om dit te doen lyk godsdienstig, so ons doen nie daardie dinge nie. Die rede is, veronderstel jy buig of gaan deur inleiding, maar dan nadat jy by die deur uitstap gaan jy direk terug na jou ou maniere, jy doen wat ook al jy dink jy behoort tussen gewone mense, en jy kompeteer en baklei vir jou reputasie en wins - waarvoor was dit dan goed? Jy mag selfs Dafa se beeld in my naam ontluister!

Ware kultivering hang heeltemal af op kultivering van jou verstand, so solank as jy in staat is om te kultiveer, en solank as wat jy kan aanhou kultiveer op 'n soliede en standvastige wyse, sal ons jou as 'n dissipel lei. Om jou op enige ander manier te behandel sal nie werk nie. Maar sommige mense kan hulleself nie regtig neem om kultiveerders te wees en aan hou kultiveer nie. Dit is net nie doenbaar vir sommige mense nie. Maar baie mense sal regtig tred hou met hulle kultivering. En solank as wat jy aanhou kultiveer, sal ons jou lei as 'n disisipel.

So as iemand net hierdie stelle bewegings elke dag doen, dink jy hy tel as 'n Falun Dafa dissipel? Heel waarskynlik nie. Die rede is, wanneer jy waarlik kultiveer moet jy jouself dissiplineer met daardie karakter standaard waaroor ons praat, jy moet regtig jou eie karakter verbeter, en dan, en alleenlik dan, is dit ware kultivering. As jy net daardie bewegings doen, sal jou karakter nie verbeter nie, jy sal nie die kragtige energie hê wat jy nodig het om die hele ding te versterk nie, en dit is vêr van kultivering, so dan kan ons jou nie as 'n Falun Dafa dissipel neem nie. En as jy dag na dag soos dit aangaan, miskien doen jy die oefeninge, maar jy volg nie die eise van ons Falun Dafa nie, jy verbeter nie jou karakter nie, en jy klou aan jou ou maniere vas tussen gewone mense, so miskien mag jy ander moeilikhede teëkom, of miskien sal jy selfs sê dat om ons Falun Dafa te praktiseer het jou verkeerd laat gaan. Dit is alles moontlik. So jy moet jy regtig volgens ons karakter standaard in jou aksies gaan, en dan sal jy 'n ware kultiveerder word. Ek het dit vir julle duidelik gemaak, so julle behoort my nie meer te vra om daardie formaliteit dinge te doen nie, soos daardie inleiding rituele. So lank as jy waarlik kultiveer sal ek jou hierdie manier behandel. Ek het so baie Wet Liggame hulle is te veel om te tel, so ek kan sorg vir hoe veel studente daar is, bo en behalwe die studente hier in die gehoor.

### Boeddhistiese Qigong en Boeddhisme

Boeddhistiese qigong is nie Boeddhisme die geloof nie - Ek wil seker maak julle verstaan dit. En eintlik, is Daoiste qigong nie Daoisme die geloof nie. Sommige van ons is nooit duidelik omtrent hierdie dinge

nie. Sommige mense wie monnike is wie in kloosters praktiseer en sommige andere wie leke Boeddhiste is dink hulle weet meer oor Boeddhistiese dinge as ander mense, so hulle veroorsaak regtig ’n opskudding deur Boeddhisme se dinge onder ons studente te bevorder. Ek wil vir julle vertel: moet dit nie doen nie, want daardie is ’n verskillende dissipline se dinge. Gelowe het gelowige vorme, terwyl wat ons hier oorlewer is die kultivering deel van ons dissipline. Ons bekommer ons nie oor gelowige vorme tensy jy ’n gespesialiseerde Falun Dafa dissipel is nie. So in elke geval, ons is nie deel van Boeddhisme in die Eeu van Die Wet se Einde nie.

Die Wet in Boeddhisme is alleenlik ’n klein deel van die Boeddha Wet. Daar is baie ander diepsinnige Groot Wet praktyke, en elke vlak het ’n verskillende Wet. Shakyamuni het gesê dat daar 84,000 kultivering dissiplines is. En hoeveel dissiplines is daar in Boeddhisme? Dit het net ’n paar, soos die Tendai sekte, Huayan sekte, Zen sekte, Rein Land en die Esoteriese sekte. Hulle tel nie eers vir ’n klein getal van dit nie! So dit kan nie die hele Boeddha Wet dek nie, dit is net ’n klein deel van Boeddha Wet. Ons Falun Dafa is ook een van die 84,000 dissiplines, maar dit was nooit verwant aan Boeddhisme nie, vanaf die oorspronklike Boeddhisme reg op tot die een in die Eeu van Die Wet se Einde. En dit het niks te doen met vandag se Godsdienste nie.

Boeddhisme was 2,500 jare gelede gestig deur Shakyamuni in antieke Indië. Teen daardie tyd, nadat Shakyamuni Ontsluit en Geestelik Verlig geword het, het hy onthou wat hy voorheen gekultiveer het, en hy het dit versprei om mense te red. In sy dissipline, ongeag hoeveel tien duisende Soetras geskryf was, eintlik is daar net drie woorde, “Gebod, Konsentrasie, Wysheid,” en hierdie is die kenmerke van sy dissipline. “Gebod” was oor om ’n persoon te maak ontslae raak van al die begeertes wat gewone mense het, hom te forseer om afstand te doen van sy begeerte om dinge te kry, hom af te sny van alles in die sekulêre wêreld, en so aan. So sal hy homself bevry van alle verknogthede, daar was selfs niks in sy verstand nie, en natuurlik kon hy konsentrasie intree. Hulle komplimenteer mekaar. Nadat hy in konsentrasie ingetree het, was dit nodig dat hy in meditasie sit en regtig kultivering doen, en opwaarts kultiveer en op sy krag van konsentrasie staat maak. So hierdie is die ware kultivering deel van daardie dissipline. Hulle onderrig nie enigiets in verband met tegnieke, en hulle transformeer nie hulle ingebore liggame nie - hulle kultiveer alleenlik die gong wat vlakke bepaal. So hy moet doelgerig sy karakter kultiveer, aangesien ’n persoon wie nie langlewendheid kultiveer nie, nie veel omgee vir ontwikkeling van gong nie. Terselfdertyd, terwyl hy in konsentrasie was sou hy sy krag van konsentrasie versterk, swaarkry verduur in meditasie, en sy karma afwerp. “Wysheid” verwys na Geestelike Verligting, en om groot wysheid te bekom. Hy sou die Waarheid van die heelal sien, hy sou die werklikheid van elke dimensie in die heelal sien, sy groot geestelike kragte sou majesteus vertoon word, en sy Wysheid en Geestelike Verligting sou ontsluit word, wat ook genoem word om “Ontsluit” te wees.

Daar was agt godsdienste wat versprei was in Indië destyds toe Shakyamuni sy dissipline gestig het. Een van hulle was diep geworteld, en Brahmanisme genoem. Toe Shakyamuni geleef het, het hy voortdurend met ander godsdienste gesukkel op filosofiese punte. Wat Shakyamuni onderrig het, was ’n ware lering, so in die loop van die onderrig van sy Wet, die Boeddha Wet wat hy onderrig het, het meer en meer gefloreer, terwyl ander godsdienste swakker en swakker geword het. Selfs daardie diep gewortelde Brahmanisme was op die rant van uitsterwing. Maar na Shayamuni se Nirvana, het ander godsdienste weer floreer, veral Brahmanisme. Wat het dan met Boeddhisme gebeur? Sommige monnike het Ontsluit, of Geestelik Verlig geword by verskillende vlakke, maar die vlakke wat hulle bereik het, was redelik laag. Shakyamuni het die Tathagata vlak bereik, maar baie monnike het nie.

Boeddha Wet het verskillende manifestasies by verskillende vlakke, maar hoe hoër dit is, hoe nader is dit aan die Waarheid, en hoe laer dit is, hoe verder is dit van die Waarheid. So nadat daardie monnike Ontsluit en Geestelik Verlig geword het by lae vlakke, het hulle wat Shakyamuni gesê het geïnterpreteer met die manifestasies van die heelal wat hulle gesien het by hulle vlakke, met die situasies wat hulle oor geleer het en met die waarhede wat hulle begryp het. Met ander woorde, die monnike het die Wet wat Shakyamuni onderrig het, op sommer enige manier verduidelik, en daar was ook sommige monnike wie gepraat het oor wat hulle begryp het asof daardie Shakyamuni se woorde was, in plaas van om Shakyamuni se oorspronklike woorde vir mense te vertel. Gevolglik, was die Boeddha Wet onherkenbaar verander, en was nie langer die Wet wat Shakyamuni gepreek het nie. Uiteindelik het dit veroorsaak dat die Boeddha Wet wat in Boeddhisme is om te verdwyn in Indië. Dit is ’n belangrike les uit die geskiedenis, en dit is waarom jy nie later Boeddhisme in Indië, van alle plekke, sien nie. Voordat dit verdwyn het, het Boeddhisme deur ’n aantal hervorminge gegaan, en in die einde het dit dinge van Brahmanisme geinkorporeer en ’n godsdiens gevorm wat vandag in Indië gevind word, naamlik Hindoeïsme. Dit aanbid nie langer enige Boeddhas nie, dit aanbid sommige ander dinge in plaas daarvan, en dit glo nie langer in Shakyamuni nie. Dit is hoe dit nou is.

Soos Boeddhisme ontwikkel het, het dit deur verskillende taamlike groot hervorminge gegaan. Een het plaas gevind kort nadat Shakyamuni oorlede was, teen watter tyd sommige mense Mahayana of “Groter Voertuig” Boeddhisme onderrig het gebaseer op die hoë-vlak waarhede wat Shakyamuni onderrig het. Hulle het geglo dat die Wet wat Shakyamuni in die publiek onderrig het vir gewone mense was, dat dit vir gewone mense was om self redding te bereik en Arhat rypwording te bereik, en dat dit nie gepraat het oor om alle waarnemende wesens te red nie, so hulle het dit “Hinayana”, of “Mindere Voertuig” Boeddhisme genoem en monnike in Suidoos Asië het die oorspronklik manier van kultivering van Shakyamuni se tyd behou, en in ons Han streek noem hulle dit Hinayana. Natuurlik, sien hulle dit nie op daardie manier nie - hulle glo hulle het Shakyamuni se oorspronklike dinge oor ge-erf. En dit werk uit hulle is reg, hulle het die kultivering metodes van Shakayamuni vir die grootste deel oor ge-erf.

Nadat hierdie hervormde Mahayana bekend gestel was in Sjina, was dit gevestig in ons land en het die Boeddhisme geword wat nou in ons land versprei word. Maar om die waarheid te sê, dit is totaal verskillend van die Boeddhisme van Shakyamuni se tyd, van hulle klere drag af al die pad tot op die hele toestand van Geestelike Verligting en die kultivering proses, dit het alles verander. Die oorspronklike Boeddhisme het alleenlik vir Shakyamuni aanbid as sy gerespekteerde voorvader, maar in vandag se Boeddhisme is daar baie Boeddhas, Groot Bodhisattvas, en so aan. Wat meer is dit het ’n geloof geword wat veelvoudige Boeddhas aanbid - mense glo in baie Tathagatas. So het dit ’n Boeddhisme geword wat menigte Boeddhas aanbid, soos Boeddha Amitabha, Bhaishajyaguru, Boeddha Vairochana, ensv., en daar is baie Groot Bodhisattvas, ook. So die hele Boeddhisme is nou totaal verskillend van wat Shakyamuni oorspronklike in sy dag gestig het.

Gedurende daardie tydperiode het ’n reeks hervorminge plaas gevind. Bodhisattva Nagarjuna het ’n geheime kultivering metode meegedeel, wat van Indië na Afghanistan en die Xinjiang streek binne gegaan en toe na die Han streek versprei het. Dit het gedurende die Tang Dinastie gebeur so mense het dit Tang Tantrisme genoem. Confucianisme het ’n baie groot invloed op Sjina gehad, so ons morele waardes is verskillend van daardie van ander nasionaliteite. Die Tantriese kultivering metode sluit man-vrou dubbele kultivering in, wat iets die samelewing nie op daardie tydstip kon aanvaar nie. So dit was uitgewis gedurende die Hui Chang periode van die Tang Dinastie toe Boeddhisme onderdruk was, en Tang Tantrisme verdwyn het van ons Han streek. In Japan is daar nou Oostelike Tantrisme, wat hulle in die verlede van Sjina geleer het, maar hulle het nie deur salwing gegaan nie en volgens

Tantrisme, enige iemand wie Tantrisme se dinge leer sonder om deur salwing te gaan, word dit gesê dat die Wet gesteel is, en hulle sal hom nie erken as iemand wie deur die Meester homself onderrig was nie. 'n Ander tak het van Indië deur Nepal gegaan na Tibet, en dit word Tibet Tantrisme genoem en dit is oorgedra tot vandag toe. Dit is min of meer hoe dinge gegaan het met Boedhisme. So ek het julle regtig 'n kort en algemene gevoel gegee van hoe dit ontwikkel en geëvolueer het. By verskillende punte gedurende Boeddhisme se ontwikkeling het party ander dissiplines saam gekom, soos die Zen sekte, wat Bodhidharma gestig het, die Rein Land sekte, die Huayan sekte en so aan, en hulle was almal gebaseer op 'n interpretasie en begrip van wat Shakyamuni terug in sy tyd onderrig het. So hierdie is almal deel van hervormde Boeddhisme, ook. Boeddhisme het 'n dosyn of so dissiplines, en almal van hulle het die vorm van godsdienste aangeneem, so hulle is deel van Boeddhisme.

Nou die godsdienste wat in hierdie eeu geskep was, of nie net in hierdie eeu nie, baie nuwe godsdienste om die wêreld was in die afgelope paar eeue geskep, meeste van hulle is vals. Wanneer Groot Geestelike Verligte Wesens mense red, het hulle hulle eie hemelse koninkryke. Wanneer Tathagatas soos Shakyamuni, Boeddha Amitabha, en Boeddha Vairochana mense red, het hulle elkeen 'n wêreld wat hulle voorsit. Daar is oor 'n 100 van hierdie wêrelde in hierdie Melkweg sisteem van ons, en ons Falun Dafa het 'n Falun Wêreld.

So vertel my, waar neem daardie vals dissiplines mense na wanneer hulle hulle "red"? Hulle kan mense nie red nie. Wat hulle onderrig is nie Wet nie. Natuurlik, toe sommige mense eers hulle eie godsdienste gestig het, wou hulle nie demone wees wat die oorspronklike gelowe beskadig nie. Hulle het Ontsluit en Geestelik Verlig by verskillende vlakke geword, en 'n bietjie van die waarheid gesien, maar hulle was vêr van om Geestelike Verligte Wesens te wees wie mense kan red. Hulle vlakke was baie laag. Hulle het bietjie van die Waarheid ontdek, en hulle het besef dat party van die dinge wat gewone mense glo verkeerd is, en het mense vertel hoe om goeie dinge te doen. Hulle het nie teen ander godsdienste in die begin gegaan nie, maar oor tyd het mense begin om in hulle te glo en het toegewyd geword aan hulle, en mense het gedink dat wat hulle gesê het sin maak, en het lateraan meer en meer geloof in hulle gesit. So mense het toegewyd geword aan hulle en opgehou om toegewyd aan godsdienste te wees. Sodra hulle verknogthede aan roem en profyt opgekom het, sou hulle die publiek vra om hulle 'n titel te gee, en van dan af aan sou hulle in bedryf wees onder die naam van daardie nuwe godsdiens. Ek sê vir julle, daardie is almal bose gelowe. Al benadeel hulle mense nie, is hulle steeds bose gelowe, aangesien hulle ingemeng het met mense se geloof in die oorspronklike gelowe. Die oorspronklike gelowe kan mense red, maar daardie kan nie. En soos tyd verby gaan, doen hulle slegte, skelm dinge. Baie dinge soos daardie is onlangs hier versprei na ons Sjina, soos die sogenaamde Guanyin sekte, wat een van hulle is. So maak seker dat julle op julle hoede is. Hulle sê dat in een land soos Oos Asië is daar meer as 2,000 van hulle. In Suidoos Asië en in party Westerse lande is daar allerhande dinge wat mense in glo. Een land gaan selfs so vêr as om openlik heksery te hê. Daardie dinge is almal demone wat opgedaag het in die "Eeu van die Wet se Einde." "Eeu van die Wet se Einde", verwys nie alleenlik na Boeddhisme nie - baie dimensies van baie hoë vlakke na onder het sleg geword. En "Wet se Einde" het nie net te doen met die einde van die Wet in Boeddhisme nie - dit is oor hoe die wêreld gaan wanneer dit nie die beperking van die Wet in mense se harte het om moraliteit in stand te hou nie.

## In kultivering is dit nodig om jou te verbind tot een dissipline

Ons onderrig dat in kultivering is dit nodig om jou te verbind tot een dissipline. Ongeag watter kultivering jy doen nie, jy behoort nie ander dinge inmeng en onnadenkend kultiveer nie. Sommige

leke Boeddhiste kultiveer dinge in Boeddhisme sowel as ons Falun Dafa se dinge. Ek wil vir julle sê, julle sal nooit iets kry nie - niemand sal jou enigiets gee nie. Die rede is, al is ons almal Boeddhiste, is daar steeds ‘n kwessie van jou karakter, en ’n kwessie van na een dissipline te verbind. Jy het net een liggaam, so watter dissipline se gong gaan jou liggaam ontwikkel? Hoe gaan dit vir jou geëvolueer word? En waarheen wil jy gaan? Wat ook al dissipline jy kultivering volg, dit is waarheen jy sal gaan. As jy kultiveer deur Rein Land te volg, gaan jy na ”Boeddha Amitabha se Westerse Paradys, en as jy Bhaishajyaguru volg, gaan jy na die “Smarag Wêreld”, of ten minste dit is soos gelowe dit gestel het, en word “geen tweede dissipline” genoem.

Die kultivering wat ons hier oor praat is eintlik oor die hele proses van gong evolueer, en dit volg die spesifieke dissipline wat ’n persoon doen. So waarheen dink jy is jy op pad? Jy ry wydsbeen oor twee bote en jy sal nie enige iets kry nie. Nie net behoort ’n qigong nie gemeng word met ’n monastieke Boeddhiste kultivering nie, daar behoort geen menging tussen verskillende kultivering metodes, verskillende qigong’e, of verskillende godsdienste wees nie. Selfs die verskillende dissiplines in dieselfde geloof kan nie gemeng word in ’n persoon se kultivering nie. Jy kan net alleenlik een dissipline kies. As jy Rein Land kultiveer, dan is dit net Rein Land, as jy Tantrisme kultiveer, dan is dit net Tantrisme, as jy die Zen sekte kultiveer, dan is dit net die Zen-sekte. As jy wydsbeen oor twee bote ry, kultiveer jy ‘n bietjie van hierdie en ’n bietjie van daardie, dan sal jy niks kry nie. Met ander woorde, selfs in Boeddhisme onderrig hulle “geen tweede dissipline”, en jy word nie toegelaat om dinge in jou kultivering in te meng nie. Een groep het sy manier van praktiseer, en die volgende groep het sy manier van praktiseer, en elke een van hulle moet sy dissipline se manier van kultivering volg, en sy manier van evolueer, as dit gong gaan groei. In ander dimensies is daar ’n proses vir die evolueer van gong, en dit ook is ’n ongelooflike komplekse en ongelooflik fassinerende proses, en jy kan nie net ander dinge vrylik in dit meng terwyl jy kultiveer nie.

Sodra as sommige leke Boeddhiste hoor dat ons Boeddhiste qigong praktiseer, sleep hulle ons studente na tempels om hulle na Boeddhisme te bekeer. Ek gaan julle sê: studente in die gehoor, moet dit nie doen nie. Julle sou ons Dafa beskadig en die gebooie in Boeddhisme beskadig. En terselfdertyd sou jy met ons studente inmeng en hulle veroorsaak om niks te kry nie. Julle kan dit nie doen nie. Kultivering is ’n ernstige saak en jy moet jouself tot een dissipline verbind. Alhoewel die deel wat ons onder gewone mense onderrig nie ’n godsdiens is nie, die doel van kultivering is dieselfde; dit is om Ontsluiting te bereik of Geestelike Verligting, en om te slaag in kultivering en om Perfeksie te bereik. Dit is die doel.

Shakyamuni het gesê dat in die Eeu van die Wet se Einde sou dit baie swaar wees selfs vir monnike in kloosters om hulleself te red. En hoeveel meer so vir leke Boeddhiste—hulle sou selfs minder voor gesorg word. Selfs al het jy iemand as jou meester geneem, daardie persoon wie jy meester noem is ook ’n persoon wie kultiveer. As hy nie regtig kultivering doen nie is dit ’n mors van jou tyd. Wanneer ’n persoon nie sy verstand kultiveer nie, kan hy nie opgaan nie, ongeag wie hy is. Bekering is gewone mense se ding. Jy dink dat jy jouself ’n Boeddhis gemaak het wanneer jy bekeer het? En die Boeddha sal vir jou dan sorg? Daar is so iets nie. Jy kan elke dag buig tot dat jou voorkop bloei en bondels en bondels wierook vir hom brand, maar dit is steeds nutteloos. Dit werk net wanneer jy regtig jou verstand kultiveer. Wanneer dit by die Eeu van die Wet se Einde kom, het die heelal deur baie groot veranderinge gegaan, en selfs plekke waar mense hulle godsdienstige gelowe praktiseer is nie meer goed nie. Mense met vermoëns (en dit sluit in die monnike daar) het dit ook gesien. Op die oomblik is ek die enigste persoon in die wêreld wie ’n ware lering in die openbaar versprei. Ek het iets gedoen wat nooit voorheen deur enige iemand gedoen was nie en ek het dit beskikbaar gestel aan almal gedurende die Eeu van die Wet se Einde. Die waarheid is, ’n persoon kry nie ’n geleentheid soos hierdie

in 1,000 jaar, of selfs 10,000 jare nie, maar of jy gered kan word, wat gaan oor of jy kan kultiveer, dit hang steeds van jouself af. Wat ek onderrig is ŉ enorme waarheid omtrent die heelal.

Ek sê nie dat jy my Falun Dafa moet leer nie, maar ek kan sê dat wat ek doen is om sekere beginsels met julle te deel. As jy wil kultiveer moet jy jou verbind tot een dissipline, of anders sal jy glad nie kan kultiveer nie. Natuurlik, as jy nie wil kultiveer nie, sal ons jou uitlos. Die Wet is bedoel om gehoor te word deur mense wie regtig kultiveer. En daarom moet jy jou verbind tot een dissipline, en jy kan nie eers gedagtes van ander praktyke inmeng nie. Ek onderrig nie hier oor om gedagte rigting te gebruik nie, en ons Falun Dafa gee nie veel om oor gedagte rigting nie, so moet nie enigiets soos gedagtes byvoeg nie. Julle moet regtig op julle hoede wees hiervoor. Vir die meeste gedeelte het ons geen gedagte rigting nie—praat Boeddhiste nie oor leegheid en die Daoïste oor nietigheid nie?

Eenkeer het ek my verstand verbind met Vier of Vyf Groot Geestelike Verligte Wesens, Groot Daoïste, wie se vlakke besonder hoog was. Wil julle praat oor hoë vlakke? - hulle was so hoog dit sou ŉ gewone mense verstom. Hulle wou weet waaraan ek dink. Gedurende al hierdie jare wat ek kultiveer, is dit absoluut onmoontlik gewees vir ander mense om my gedagtes te lees. Ander mense se vermoëns kan nie eers ŉ bietjie in kom nie. Niemand is in staat om my te ken nie, en niemand is in staat om te weet wat ek dink nie. Hulle wou weet wat deur my gedagtes gaan, so nadat ek toegestem het, het hulle my verstand aan hulle s'n verbind vir ŉ periode van tyd. Nadat hulle verbind was, was dit vir my ŉ bietjie moeilik om uit te hou. Ongeag wat my vlak is nie - aangesien ek tussen gewone mense is, doen ek iets opsetlik, om mense te red, en my verstand is op om mense te red, maar hoe stil was hulle gedagtes? So stil dit was skrikwekkend. Dit sou nie ŉ groot ding gewees het nie met net een persoon so stil nie, maar met vier of vyf mense wie daar sit, en almal van hulle so stil soos dit — soos ŉ poel vol stil water, daar was niks... Ek het probeer om hulle te voel maar ek kon nie. Gedurende daardie dae het ek regtig ongemak gevoel. Ek het daardie soort van gevoel gehad. Dit was iets wat meeste mense nie kon verbeel of voel nie en dit was geheel en al nie-aksie - en dit was leeg.

Wanneer jy by ŉ baie hoë vlak kultiveer is daar glad nie gedagte rigting nie. Die rede is, ŉ stel fundamentele dinge was alreeds gelê toe jy by die gewone mens se fondament bou vlak was, en wanneer jou kultivering ŉ hoë vlak bereik, is kultivering heeltemal outomaties, en dit is veral waar in ons praktyk. Solank as wat jy jou karakter verbeter sal jou gong groei, en dit sal selfs nie nodig wees dat jy enige bewegings hoef te doen nie. Ons oefeninge is om die outomatiese meganismes te versterk. Waarom word mense stil in diep meditasie? Dit is totaal nie-aksie. Miskien het julle gesien hoe Daoïste allerhande bewegings gebruik, gedagte aktiwiteite, gedagte lyding ensovoorts. Maar ek kan julle vertel dat, sodra ŉ Daoïs effens verder as die vlak van qi gaan is daar niks, hulle gebruik ook nie sulke en sulke gedagtes meer nie. So, sommige mense wie ander qigonge beoefen het, het altyd probleme gehad om dinge soos daardie asemhalings tegnieke en gedagtes te laat gaan. Ek onderrig hulle kollege-vlak dinge, maar hulle vra my altyd oor elementêre skool kinders se dinge, soos hoe om hierdie of daardie ding te lei of hoe om verskillende gedagtes te gebruik. Hulle is nou gewoond om daardie dinge te doen en dink dit is hoe qigong is, maar die waarheid is, dit is nie.

## Vermoëns en sterkte

Baie van ons het nie ŉ helder begrip van qigong terme nie, en sommige mense kry hulle altyd deurmekaar. Hulle noem vermoë "sterkte," en hulle noem sterkte "vermoë." Die gong wat ons kry van kultivering van ons karakter kom nadat ons geassimileer het tot die natuur van die heelal, en dit is geëvolueer van ons deug. Dit is wat bepaal hoe hoog ŉ persoon se vlak is, hoe sterk sy sterkte is, en

hoe hoog sy Rypwording is - dit is die mees belangrikste van die gonge. So watter soort kultivering toestand mag gebeur terwyl 'n persoon in die proses van kultivering is? Hy mag 'n paar bo-natuurlike vermoëns hê wat uitkom, wat ons kortliks "vermoëns" noem. Die gong wat ek nou net van gepraat het, wat jou vlak verhoog, is genoem sterkte. Hoe hoër jou vlak is, hoe groter is jou sterkte en hoe meer kragtig is jou vermoëns.

Vermoëns is net by-produkte van die kultivering proses. Hulle verteenwoordig nie jou vlak nie - hulle verteenwoordig nie hoe hoog 'n persoon se vlak is of hoe sterk sy sterkte is nie. Sommige mense mag meer van hulle hê wat uitkom en sommige minder. En jy kan nie vermoëns as die hoof doel van kultivering neem nie, en jy kan hulle nie kry deur hulle te soek nie. Vermoëns kom alleenlik uit wanneer 'n persoon besluit dat hy waarlik wil kultiveer, hy kan dit nie die doel van sy kultivering maak nie. Wat wil jy daardie dinge voor hê? Jou enigste doel is om hulle tussen mense te gebruik, is dit nie so nie? Maar daar is absoluut geen manier wat jy toegelaat is om dit net vrylik te gaan en gebruik tussen gewone mense soos dit nie. Daarom hoe meer jy hulle wil hê, hoe minder sal jy hulle kry. Dit is omdat jy op soek is, en nodeloos om te sê, om dinge te soek is 'n verknogtheid, en dit is presies verknogthede wat kultivering probeer om van ontslae te raak.

Daar is baie mense wie tot hoë ryke gekultiveer het maar wie nie enige vermoëns het nie. Hulle meesters het hulle gesluit, aangesien hulle bekommerd is dat hulle nie hulleself goed sal hanteer nie, en slegte dinge sal doen. So hulle laat hulle nie toe om hulle goddelike kragte te gebruik op die pad nie. Daar is 'n goeie aantal mense soos dit. Vermoëns word gerig deur 'n persoon se verstand. Terwyl 'n persoon slaap mag hy nie in staat wees om homself goed te hanteer nie, en miskien sal hy iets droom en die volgende dag ontdek dat dinge totaal ontwrig was. En dit is nie toegelaat nie. Kultivering word gedoen in die omgewing van gewone mense, so die mense met groot vermoëns is gewoonlik nie toegelaat om hulle te gebruik nie, en meeste van hulle is gesluit, maar dit is nie absoluut nie. Daar is baie mense wie redelik goed gekultiveer het en hulle kan hulleself goed hanteer, so hulle is toegelaat om 'n porsie van hulle vermoëns te gebruik. As jy vir 'n persoon soos daardie vra om net te gaan en vir jou 'n paar van sy vermoëns te wys, is daar geen manier hy sou nie. Hy is in staat om daardie situasies te hanteer.

## Omgekeerde kultivering en Gong lenery

Sommige mense het nooit qigong gepraktiseer nie, of miskien het hulle 'n paar bewegings geleer in een of ander qigong klas, maar dit is alles net oor genesing en fiksheid, en dit is nie kultivering nie. So met ander woorde, hierdie mense het nooit regte instruksies gekry nie, maar skielik kry hulle gong oornag. Laat ons praat oor waar daardie soort gong vandaan kom. Daar is 'n paar scenario's.

Een is omgekeerde kultivering. Wat is omgekeerde kultivering? Dit is soos dit: Sommige van ons is 'n bietjie ouer en wil kultiveer, maar hulle het nie genoeg tyd om van vooraf te kultiveer nie. Toe die qigong oplewing plaas gevind het, wou hulle ook kultiveer. Hulle het geweet dat mense goeie dinge vir andere kon doen met qigong, en dat hulle in staat sou wees om hulle self met dit te verbeter op dieselfde tyd. So hulle het hierdie wens gehad - hulle wou verbeter, en hulle wou kultiveer. Maar 'n paar jaar gelede gedurende die qigong oplewing, was daardie qigong meesters almal net besig om qigong te populariseer, en niemand het waarlik hoë vlak se dinge oorgelewer nie. Selfs vandag nog, is ek die enigste een wie waarlik qigong by hoë vlakke in die openbaar oorlewer, daar is niemand anders nie. Mense wie omgekeerde rigting kultivering doen is ouer as 50 jaar, so hulle is 'n bietjie ouer, en hulle het baie goeie basisse, en die dinge in hulle liggame is uitstekend. Omtrent almal van hulle is

mense wie ’n meester as ’n dissipel sou neem, of wie ’n meester sou kies as ’n opvolger om sy dinge na oor te lewer. Maar hierdie mense raak ouer, en nou wil hulle kultiveer. Dit is makliker gesê as gedoen! Waar gaan hulle ’n meester vind? Maar met die gedagte om kultivering te doen, net met hierdie wens in hulle verstand, skyn dit soos goud en skud die Tien Rigtings Wêreld. Jy hoor altyd mense praat oor Boeddha-natuur dit en dat, en wat hulle bedoel is presies hierdie Boeddha-natuur wat uitgekom het.

Wanneer na dit gekyk word van ’n hoër vlak, is die betekenis van die lewe nie oor ’n mens te wees nie. Menslike lewe het ontstaan in die ruimte van die heelal, so dit was geassimileer tot die natuur van die heelal - om Waar, Goed, en Verduur te wees - en dit was oorspronklik goed en gaaf. Maar soos die aantal wesens groter geword het, het hulle sosiale verhoudings gevorm, en toe het sommige van hulle selfsugtig of sleg geword en hulle kon nie by hoë vlakke bly nie, so hulle het geval, en hulle het geval, tot by ’n sekere vlak. By daardie vlak het hulle weer sleg geword, en hulle het aangehou val en val totdat hulle finaal na die vlak van gewone mense geval het. ’n Persoon is veronderstel om heeltemal vernietig te word wanneer hy na hierdie vlak val, maar uit genade het die Groot Geestelike Verligte Wesens besluit om mense nog een kans te gee in die mees harde omgewing, so hulle het hierdie dimensie geskep.

Die mense in ander dimensies het nie liggame soos hierdie een nie, en hulle kan swewe, uitsit of inkrimp. Maar in hierdie dimensie maak hulle mense hierdie liggaam hê, hierdie sterflike liggaam wat ons het. Sodra jy hierdie liggaam het, kan jy dit nie vat as dit koud is nie, jy kan dit nie vat as dit warm is nie, jy kan nie vat om moeg te wees, en jy kan dit nie vat om honger te wees nie - julle kry die idee, jy kry swaar. Wanneer jy siek word, is dit moeilik om dit te verduur, en jy gaan deur geboorte, veroudering, siekte en die dood. Dit is om jou te laat jou karma afbetaal deur swaarkry, om te sien of jy kan terugkeer en om jou nog een kans te gee. Dit is waarom menslike wesens geval het tot in ’n ryk van delusie. Nadat jy hier geval het, is hierdie paar oë vir jou geskep om jou te weerhou van ander dimensies te sien of hoe materie regtig is. As jy in staat is om dit terug te maak, sal jy sien dat die mees pynlike swaarkry werk uit om die mees waardevolste te wees. Jy moet baie swaarkry ondervind wanneer jy probeer om jou pad terug te kultiveer deur in die middel van delusie te ontwaak, en dit is hoe jy vinnig terug keer. As jy erger word sal jy vernietig word, so in hulle oë, om mens te wees is nie die betekenis van die lewe nie - dit is om jou te kry om terug te keer na jou oorspronklike, ware self, om terug te gaan. Gewone mense kan nie tot dit ontwaak nie. Die gewone mense uit in die gewone wêreld hulle is net gewone mense, en hulle dink oor hoe om vooruit te gaan en hoe om die goeie lewe te leef. En hoe beter hulle lewe, hoe meer selfsugtig word hulle, hoe meer wil hulle hê, hoe meer dwaal hulle weg van die natuur van die heelal. So hulle is op pad na vernietiging.

Dit is hoe dit lyk van hoë vlakke. Jy dink jy gaan vorentoe, maar jy gaan eintlik agteruit. Die mensdom dink dat dit sy wetenskap ontwikkel en vooruit gaan, wanneer die waarheid is, dit beweeg alleenlik volgens die wette wat die heelal beheer. Meester Zhang Guo, een van die agt Daoïste Onsterflikes, het agterstevoor op ’n donkie gery. Amper niemand weet waarom hy die donkie agterstevoor gery het nie. Hy het besef om vorentoe te gaan was eintlik om agteruit te gaan, so hy het die donkie andersom gery. So die oomblik wat sommige mense wil kultiveer, behandel Geestelike Verligte Wesens daardie wens as uiters kosbaar, en hulle kan help sonder voorwaardes. Op dieselfde wyse, met ons studente wat vandag hier sit, as julle kultivering wil opneem kan ek julle help sonder voorwaardes. Maar as julle gewone mense wil wees, en dink oor om genees te word, en dit en dat wil hê en so aan, vergeet dit dan, ek kan julle nie help nie. Waarom? Omdat jy ’n gewone mens wil wees, en ’n gewone mens veronderstel is om geboorte, veroudering, siekte, en die dood te ondervind, en dit is hoe dit veronderstel is om te wees. Alles het onderliggende oorsake, en dit kan nie opgemors word nie. Kultivering was nie

oorspronklik deel van jou lewe nie, maar nou wil jy kultiveer, so om vorentoe te gaan moet ons jou pad herrangskik en nou kan ons jou liggaam verstel.

So wanneer 'n persoon wil kultiveer, sodra daardie wens te voorskyn kom, sien die Groot Geestelike Verligte Wesens dit "Hierdie is net so kosbaar," Maar hoe kan hulle hom help? Hoe kan hy moontlik 'n meester in hierdie wêreld vind om hom te onderrig? En hy is alreeds oor 50 jaar. Die Groot Geestelike Verligte Wesens kan hom nie onderrig nie, omdat as hulle hulleself hier sou wys en, jou die Wet leer—en hoe om oefeninge te doen, sou hulle hemelse geheime uitlek, en hulle kon selfs hulleself nie red van val nie. Menslike wesens het slegte ding gedoen en tot in hierdie ryk van delusie geval, so hulle moet kultiveer deur te ontwaak in die midde van die delusie, en dit is waarom die Groot Geestelike Verligte Wesens hulle nie kan onderrig nie. As jy 'n lewende, regte Boeddha sien die Wet onderrig en hoe om oefeninge te doen, selfs mense wie onvergeeflike sondes gepleeg het sou kom om te leer, en almal sou dan glo. Wat sal dan oorbly om na te ontwaak? Daar sou nie 'n vraag van ontwaking wees nie. Menslike wesens is veronderstel om vernietig te word aangesien hulle tot in hierdie ryk van delusie geval het deur hulle eie toedoen. Maar jy was nog een kans gegee om terug te keer vanuit die delusie. As jy in staat is om terug te keer dan keer jy terug, maar as jy nie kan terug keer nie, wat vir jou voorlê is voortdurende reinkarnasie en vernietiging.

'n Persoon moet sy eie pad loop. So as jy wil kultiveer, hoe werk dit!? Hier is wat hulle mee opgekom het. Daar was 'n oplewing van qigong in die verlede, en dit was die gevolg van 'n verandering in die hemelse fenomene. So om in harmonie te wees met die hemelse fenomene, het hulle hierdie persoon gong gegee in verhouding met die vlak van sy karakter. Hulle het 'n sagte buis na sy liggaam geheg, wat soos 'n water kraan werk, en wanneer dit aangedraai was sou gong kom. Wanneer hy gong wou uitstuur, sou gong kom, maar hy homself kon nie gong uitstuur nie, hy het geen gong van sy eie gehad nie. Dit is hoe sy kultivering toestand was, en dit is omgekeerde kultivering genoem—jy hou aan kultiveer van bo afwaarts tot Volmaaktheid.

Wanneer ons in die gewone sin oor kultivering praat, is dit iets wat van onder op gaan totdat die persoon Ontsluit is en tot Volmaaktheid gekultiveer het. Die omgekeerde kultivering wat ons oor praat verwys na wanneer ouer mense nie genoeg tyd het om van onder opwaarts te kultiveer nie, so dit is vinniger vir hulle om van bo afwaarts te kultiveer. Dit is nog 'n fenomeen wat daardie tyd voorgekom het. Daardie mense se karakters moes baie hoog gewees het, en hulle was voorsien met energie in verhouding met hulle vlak van karakter. Waarom het hulle dit gedoen? Vir een ding, dit was om saam te gaan met die hemelse fenomene van die tyd. En wanneer 'n persoon soos dit goeie dinge vir andere gedoen het, kon hy swaarkry verduur. Dit is omdat wanneer jy met gewone mense omgaan, sal alle vorme van gewone menslike verknogthede met jou inmeng. Sommige mense glo nie eers die persoon wanneer hy hulle genees nie. Wanneer hy hulle behandel, dryf hy baie slegte dinge uit, maar miskien op die tyd is dit nie van die hand liggend hoeveel hy hulle genees het nie. So hulle is nie gelukkig nie, en hulle bedank hom nie eers nie, en hulle mag hom selfs name noem en sê hy het hulle verkul! Dit is presies die worsteling met hierdie probleme, dit is in hierdie omgewing, dat die verstand getemper word. Hy was gong gegee sodat hy kon kultiveer en verbeter en opwaarts gaan, en terwyl hy goeie dinge vir andere doen, kon hy sy vermoëns ontwikkel en sy gong verhoog. Maar sommige mense kon nie vertel wat aangaan nie. Het ek dit nie verduidelik nie? - hulle kon hierdie mense nie die Wet onderrig nie, en dit was vir hulle om dit uit te werk. Dit was 'n vraag van ontwaking. As hulle dit nie kon uitpluis nie, was daar geen manier om hulle te help nie.

Toe sommige mense gong ontvang het, het hulle skielik een nag onuithoudbaar warm gevoel terwyl hulle geslaap het en hulle kon skaars hulle bed dekens op hulle hou. Toe hulle die volgende oggend

opgestaan het, het hulle 'n skok gekry van wat ook al hulle aan geraak het. Dit is toe dat hulle geweet het dat hulle gong gekry het. Wanneer iemand pyn in sy liggaam êrens gehad het sou hulle hom 'n vinnige vryf gee en dan sou hy beter voel, so dit het redelik goed gewerk. Hulle het van toe af geweet dat hulle die vermoë gehad het om gong te ontbied. So hierdie ou sou homself 'n qigong meester maak, hy sou 'n kennisgewing ophang en vir homself die titel van "qigong-meester" gee. Aanvanklik, omdat hy redelik goed was, miskien sou hy die aanbod van geld en geskenke afsien wat mense vir sy genesings aan hom probeer gee het. Maar hy kon nie die kontaminasie mag van die groot kleur vaat van gewone mense weerstaan nie. Die rede daarvoor is, die mense wie omgekeerde kultivering soos dit gedoen het, het nie waarlik hulle karakter gekultiveer nie, en so was dit moeilik vir hulle om hulle karakter hoog te hou. Stadig aan het die persoon begin klein geskenkies van waardering aanvaar, dan geleidelik begin groter dinge aanvaar, en uiteindelik wou hy vir niks minder as wat hy in gedagte gehad het tevrede wees nie. In die einde sou hy kla, "Wat is die punt om vir my al hierdie goeters te gee? Wat van geld!" En hy sou dit nie laat vaar as mense hom nie genoeg geld gegee het nie. Wat meer is, hy het opgehou vir qigong meesters van ware praktyke enige krediet te gee. Al wat hy gehoor het is ander mense se vleitaal oor hoe talentvol hy was. As iemand iets slegs oor hom gesê het, het hy ontsteld geword. Sy verknogthede aan roem en profyt het opgewel, en hy het gedink dat hy slimmer as ander mense was en is net iets ekstraordinêr. Hy het gedink die gong aan hom gegee was om 'n qigong-meester te word en 'n groot fortuin te maak, wanneer dit eintlik was vir hom om te kultiveer. Toe sy verknogthede aan roem en profyt in hom opgeborrel het, het sy karakter eintlik geval.

Ek het gesê dat hoe hoog 'n persoon se karakter is, dit is hoe hoog is sy gong is. So toe daardie ou se karakter geval het, kon hy nie soveel gong gegee word nie, omdat dit aan hom gegee moes word in verhouding met sy karakter—hoe hoog ook al sy karakter was, dit is hoe hoog sy gong was. Hoe meer hy geheg was aan roem en profyt, hoe erger het hy geval in die omgewing van gewone mense, en sy gong het saam met hom geval. In die einde, toe hy heeltemal geval het, was hy nie meer enige gong gegee nie en hy was uiteindelik sonder enige gong. Daar was 'n hele paar mense soos dit in die afgelope jare, en meeste van hulle was vroue in hulle vyftigs. Jy mag miskien 'n ouer vrou sien qigong oefeninge doen, maar sy het geen ware leringe ontvang nie. Miskien het sy 'n paar bewegings vir genesing en fiksheid by 'n qigong klas geleer. Maar een dag het sy skielik gong. Dan wanneer haar karakter sleg geword het, en haar verknogthede aan roem en rykdom opgeborrel het, het sy reguit ondertoe geval, en nou is sy niemand nie en haar gong is weg. Daar is nou hope mense soos dit wie omgekeerde kultivering gedoen het en geval het. Die wat oorgebly het is weinig min. En waarom is dit? Omdat hulle nie geweet het dat dit vir hulle gegee was vir kulitvering. Hulle het selfs gedink dit was vir hulle om ryk te word, beroemd te word, en qigong-meesters in die gewone wêreld te word. Wanneer dit eintlik vir hulle was om te kultiveer.

Wat is gong lenery? Daar is geen ouderdom beperking nie, maar dit het een vereiste, dit is, die persoon moet iemand wees met 'n besonderse goeie karakter. Daar was mense soos hierdie wie geweet het dat jy qigong kon gebruik het om te kultiveer, en hulle wou kultiveer. Hulle het die wens gehad om te kultiveer, maar waar kon hulle 'n meester vind? 'n Paar jaar gelede was daar regtig ware qigong meesters wie hulle qigong aangegee het, maar wat hulle oorgedra het, was alles net genesing en fiksheid dinge. Niemand het dinge versprei wat na hoër vlakke gegaan het nie. En daar was nie ander mense om jou te onderrig nie.

So nou dat ons praat oor qigong lening, sal ek nog iets noem. Tesame met sy meester siel (meester bewussyn), het 'n menslike wese ook 'n onderbewuste siel (onderbewussyn). Sommige mense het een, twee, drie, vier, of selfs vyf onderbewuste siele. Die persoon se onderbewuste siele is nie noodwendig dieselfde geslag as die persoon se liggaam nie — sommige mag dalk manlik wees, en sommige vroulik,

en hulle is almal verskillend. En om die waarheid te sê, die meester siel is nie noodwendig dieselfde geslag as die verganklike liggaam nie, want ons het uitgevind dat deesdae baie mans vroulike meester siele het, terwyl baie vroue manlike meester siele het. Dit pas presies in met die hemelse fenomeen waarby die "yin en yang" omgekeerd is, waar "yin" voorspoedig is en "yang" in agteruitgang is, soos die Daoïste dit stel.

'n Persoon se onderbewuste siel kom gewoonlik van 'n hoër vlak as sy Meester siel. Dit is selfs meer so vir sommige mense, wie se onderbewuste siele van 'n regtig hoë vlakke kom. Maar julle behoort te weet, die onderbewuste siel is nie 'n besittende gees nie! Hy was saam met jou gebore van jou moeder se baarmoeder, het dieselfde naam as jy en is 'n deel van jou liggaam. Wanneer mense aan dinge dink of dinge doen in hulle daaglikse lewe, is dit hulle meester siel wie die bevele gee. Wat die onderbewuste siel hoofsaaklik doen is om die meester siel te weerhou sodat dit so min slegte dinge as moontlik doen. Maar wanneer die meester siel baie verknog is, kan die onderbewuste siel niks daaraan doen nie. Die onderbewuste siel is nie mislei deur die gewone wêreld nie, terwyl die meester siel vatbaar is na daardie delusie.

Die vlakke sommige onderbewuste siele vandaan kom is baie hoog, en miskien is hulle net 'n entjie weg van die bereiking van 'n Ware Rypwording. Wanneer die onderbewuste siel wil kultiveer, kan hy nie as die meester siel nie wil nie — daar's niks wat hy kan doen nie. Terug gedurende die qigong oplewing, wou sy meester siel eendag qigong leer soos ander mense en op na hoë vlakke kultiveer. Natuurlik, sy motief was onskuldig, en hy het geen begeerte gehad om ryk of beroemd te word nie. 'n Golf van blydskap het onmiddellik oor sy onderbewuste siel gekom. "Ek wou kultiveer maar ek het nie die sê nie." "Nou wil jy kultiveer, en dit is presies wat ek wil doen." Maar waar kan hy 'n meester vind? Die onderbewuste siel was redelik talentvol. Hy het die liggaam verlaat om die Groot Geestelike Verligte Wesens op te spoor wat hy in sy vorige lewens geken het. Aangesien die vlakke van sommige onderbewuste siele regtig baie hoog is, kan hulle die liggaam verlaat. Nadat hy daar aangekom het vertel hy hulle dat hy wou kultiveer en 'n bietjie gong leen. Hulle sien dat hierdie ou goed was, en natuurlik sou hulle hand by sit vir iemand wie wil kultiveer. So dit is hoe die onderbewuste siel gong geleen het. Hierdie gong het dikwels stralende energie vrygestel en was voorsien deur 'n buis, en dan was daar dinge wat geleenen in afgehandelde vorm was, en dinge wat in afgehandelde vorm is, is byna altyd vergesel met vermoëns.

So wanneer dit gebeur het, kon die persoon moontlik vermoëns terselfdertyd hê, en hy sou deur iets gaan wat ek 'n oomblik gelede beskryf het: hy sou ongelooflik warm voel wanneer hy snags geslaap het, en wanneer hy die volgende oggend wakker geword het, het hy gong gehad, hy sou 'n skok kry van wat ook al hy geraak het, en hy sou in staat wees om ander mense te genees. Hy het geweet dat hy gong gekry het. Waar het dit vandaan gekom? Hy was nie seker nie. Hy het 'n vae gevoel gehad dat dit van die ruimte van die heelal gekom het, maar hy het nie die besonderhede geweet hoe dit gekom het nie. En sy onderbewuste siel wou hom nie vertel nie, omdat dit die onderbewuste siel was wie gekultiveer het. Die enigste ding wat hy geweet het, was dat hy gong gekry het.

Die mense wie gong lenery doen kan enige ouderdom wees, en die groot meerderheid van hulle is jong mense. So 'n paar jaar terug was daar mense van verskillende ouderdomme, sommige wie aangekom het was in hulle twintigs, sommige in hulle dertigs, sommige in hulle veertigs en daar was ook 'n paar ouer mense. Jong mense het selfs 'n moeiliker tyd om hulleself te gedra. Jy sien hulle soos gawe mense optree in dag-tot-dag lewe buite in die gewone wêreld, en hulle neem hulle reputasie en hulle eie wins ligtelik op. Maar sodra hulle bietjie uitstaan tussen hulle tydgenote, neig hulle om deur reputasie en wins geaffekteer te wees. Hulle dink dat hulle steeds baie dinge in hulle lewens het om te doen, en

hulle wil steeds probeer om party dinge na te streef en bietjie vooruit te gaan, en sommige gewone mense se soort doelwitte bereik. So nadat hulle vermoëns en ’n paar spesiale vaardighede gekry het, gaan hulle dikwels en gebruik hulle as ’n stuk gereedskap om hulle eie doelwitte na te jaag. Maar dit is net heeltemal van koers af. So hulle sou nie toegelaat word om hulle so te gebruik nie. Hoe meer hulle daardie gong gebruik het, hoe minder het hulle gehad, en hulle sou met niks eindig. Daar is selfs meer van hierdie mense wie geval het. Ek dink nie daar is een nou oor nie.

Die twee scenario’s wat ek nou net oor gepraat het, het albei te doen met mense wie redelik goeie karakter het om gong te kry. Daardie gong het nie van hulle kultivering gekom nie—dit het van die Groot Geestelike Verligte Wesens gekom. So die gong is inherent goed.

## Geestes besetenheid

Baie van ons in die kultivering wêreld mag gehoor het van stories oor diere, soos miskien jakkalse, muishonde, spoke, of slange, wat besit neem van menslike liggame. En wat is hierdie dinge almal oor? Sommige mense sê dat om qigong te praktiseer ontwikkel bo-natuurlike vermoëns, maar die waarheid is, dit is nie dat dit bo-natuurlike vermoëns ontwikkel nie—daardie “bo-natuurlike vermoëns” is net ’n persoon se ingebore vermoëns. Dit is net dat soos die samelewing vorentoe beweeg, gee mense meer en meer aandag aan die sigbare dinge in hierdie materiële dimensie van ons, en hulle maak staat meer en meer op ons gesofistikeerde gereedskappe. So ons menslike ingebore vermoëns het geleidelik gekwyn, en nou het dit tot die punt gekom waar hulle totaal verdwyn het.

As iemand vermoëns wil hê, moet hy deur kultivering gaan, terugkeer na sy oorspronklike, ware self, en hulle uitbring deur kultivering. Maar diere, aan die anderkant, hulle het nie ingewikkelde gedagtes soos mense nie, en so hulle is gekonnekteer aan die natuur van die heelal en het hulle ingebore ingeskape vermoëns. Sommige mense sê dat diere weet hoe om te kultiveer, dat jakkalse weet hoe om elikser te maak, dat slange en sulke en sulke diere weet hoe om te kultiveer, en so aan. Dit is nie dat hulle weet hoe om te kultiveer nie. Aan die begin het hulle niks geweet oor kultivering nie — dit is net dat hulle daardie ingebore vermoëns gehad het. So onder sekere kondisies, in sekere omgewings, en na ’n lang tyd mag hulle ingebore vermoëns effek neem, en hulle sal in staat wees om gong te kry en vermoëns laat uitkom.

Nou dat dinge hierdie manier gegaan het, kry daardie dier ’n aantal spesiale vermoëns. Eens op ’n tyd sou ons gesê het, hulle het “subtiele kragte” bekom, of “spesiale vermoëns” opgedoen het. Baie mense dink dat diere net ongelooflik kwaai is en dat hulle mense maklik kan beheer. Eintlik, sou ek sê hulle is nie kwaai nie, - hulle is niks voor ’n ware praktisyn nie. Wat daarvan as hulle amper 1,000 jaar gekultiveer het, ’n pinkie is meer as genoeg om hulle te vermorsel. So nou dat ons weet dat diere ingebore vermoëns het en ’n paar spesiale vermoëns kan hê, is daar nog ’n wet in hierdie heelal van ons: diere is nie toegelaat om te slaag in kultivering nie. Dit is hoekom julle in antieke boeke gelees het dat hulle doodgemaak word een keer elke paar 100 jaar in groot katastrofes of klein rampe. Wanneer ’n dier se gong na ’n tydjie tot ’n sekere vlak gegroei het, sal dit vernietig word, deur ’n weerligstraal getref word, of iets anders sal gebeur, om dit van kultivering te verhoed. Dit is omdat hulle nie die noodsaaklike natuur van mense het nie, en hulle is nie in staat om te kultiveer soos mense nie. Dit is gewaarborg dat hulle demone sou wees indien hulle sou slaag in kultivering aangesien hulle nie menslike eienskappe het nie. So hulle is nie toegelaat om te slaag in kultivering nie, en daarom word hulle deur die hemel verslaan. Hulle weet dit ook. Maar soos ek gesê het, die wêreld gly baie vinnig

afwaarts, en daar is geen boosheid wat sommige mense nie sal doen nie. Wanneer dit hierdie punt tref, is die wêreld nie in gevaar nie?

"Wanneer iets die ekstreem bereik draai dit om!" Ons het ontdek dat elke keer die wêreld vernietig was in die verskillende siklusse van prehistoriese eeue, was dit altyd wanneer die menslike ras se morele vreeslik sleg was. Op die oomblik nou is die dimensie waar ons menslike wesens bestaan, en baie ander dimensies in groot gevaar. En dieselfde gaan vir ander dimensies by hierdie vlak. Die wesens daar, ook, wil so gou as moontlik wegkom, hulle wil opklim na hoër vlakke. Hulle dink dat om op te gaan na hoër vlakke kan hulle ontsnap. Maar dit is makliker gesê as gedoen, nie waar nie? As jy wil kultiveer moet jy 'n menslike liggaam hê, en dit is een rede waarom ons qigong praktisyne sien besete word.

Miskien dink sommige van julle, "hoe is dit dat al daardie Groot Geestelike Verligte Wesens en al daardie kragtige meesters nie iets daaraan doen nie?" In ons heelal is daar 'n ander wet: as dit oor iets is wat jy na soek of net wil hê, kan niemand jou keer nie. Hier onderrig ons julle om die regte pad te neem, en saam met dit, leer ons jou die Wet binne en buite en moedig julle aan om julle eie begrip daarvan te hê, maar dit is steeds jou eie saak of jy besluit om dit te leer. "Die meester lei jou deur die deur, maar kultivering is jou eie saak." Niemand gaan jou druk om te kultiveer nie. Dit is jou eie saak of jy kultiveer. Of om dit op 'n ander manier te stel, wanneer jy jou eie pad kies, wanneer jy besluit wat jy wil hê, of wanneer jy probeer om iets te kry—sal niemand jou verhoed nie. Hulle kan net probeer om jou vriendelik te oorreed.

Jy sien sommige mense daar besig om qigong oefeninge te doen, maar dit is eintlik die besittende gees wat dit alles kry. Hoe het hulle besittende geeste gelok? Konsidireer net al die mense oral in die land wie qigong praktiseer, weet julle hoeveel van hulle besittende geeste op hulle rue het? As ek vir julle gesê het, sou baie mense nie waag om qigong te doen nie. Die aantal is skrikwekkend! So wat sou iets soos dit laat gebeur? Daardie dinge verwoes regtig die gewone wêreld. So hoe het iets so ernstig gebeur? Dit is mense se eie toedoen. Omdat die mensdom sleg word is demone orals. Die ergste is daardie vals qigong meesters, hulle het almal besittende geeste op hulle liggame, en wanneer hulle hul praktyke aangee dra hulle daardie goed oor. Nooit in die geskiedenis was diere toegelaat om op menslike liggame te kom nie, en as hulle sou, sou hulle doodgemaak word—wie ook al dit gesien het, sou dit nie vat nie, maar sou jy glo, in vandag se wêreld bid sommige mense tot hulle, hulle wil hulle hê, en hulle maak offerandes aan hulle. Sommige mense sal nie te bly wees om dit te hoor nie—"Maar dit is nie waarvoor ek gevra het nie!" Jy het nie daarvoor gevra nie, maar jy het gevra vir vermoëns, en sou die Geestelike Verligte Wesens van 'n ware kultivering hulle vir jou gee? Om vir daardie soort dinge te vra is 'n verknogtheid wat gewone mense het, en daardie soort begeerte moet gaan. Wie dink jy dan sou dit vir jou gee? Alleenlik demone en verskillende soort diere wat in ander dimensies is. Is wat jy gedoen het nie net soos om vir hulle te vra vir daardie dinge? So hulle het dadelik oorgekom.

Hoeveel mense is daar wie behoorlike gedagtes het wanneer hulle qigong oefeninge doen? Wanneer 'n persoon qigong praktiseer moet hy deug ernstig opneem, goeie dinge doen vir andere, en welwillend wees—hy moet homself dissiplineer op hierdie manier in elke aksie en in elke omstandigheid. Neem al die mense wie qigong oefeninge in die parke doen en almal wie dit by die huis doen, en hoeveel het jy wat op daardie manier dink? Om eerlik te wees, wanneer sommige mense hulle qigong doen, wie weet wat hulle doen, hulle sal aangaan oefen, hulle liggame oral rond swaai, en terselfdertyd oor dinge afgaan "Sies!" Daardie skoon-dogter van my het geen respek vir my nie", "My skoon-ma is so elendig! Sommige mense gaan selfs aan en aan, hulle praat oor dinge by hulle maatskappy reg tot oor hoofnuus berigte—daar is niks wat hulle nie oor babbel nie, en die dinge wat hulle nie mee saamstem nie sal

hulle onmiddellik laat ontplof. Sê my, is dit kultivering oefeninge doen? En dan is mense besig om ’n staande oefening reg daar te doen, wat so moeg word hulle bene bewe, maar sy verstand is nie rustig nie, “Dinge is deesdae so duur. Pryse het op gegaan, en my maatskappy kan nie die betaal lys maak nie. Waarom kan my praktyk nie ’n paar vermoëns uitbring nie? As ek ’n paar vermoëns gekry het, sou ek ’n qigong meester wees, en sal ek ryk word—Ek kon geld maak deur mense te behandel.” Sodra hy sien dat ander mense se vermoëns uitgekom het, word hy steeds meer verontrus. Hy word behep met om vermoëns kry, om die Derde Oog te kry, en om genesings vaardighede te kry. Dink nou daaroor, is dit nie omtrent so vêr as wat jy kan kom van die natuur van ons heelal, om Waar, Goed en Verduur te wees nie?! Hy draai eenvoudig sy rug daarop. Om dit ’n bietjie meer ernstig te stel, hy praktiseer in ’n bose weg! Maar hy is nie bewus daarvan nie. Hoe meer dat hy soos dit dink hoe erger is sy gedagtes wat sy verstand afgee. Daardie soort persoon kan homself nie beheer nie, en hy weet nie dat hy deug ernstig behoort opneem nie, en hy dink dat deur daardie bewegings te doen kan hy gong kry, en dat hy wat ook al hy wil kan kry deur na dit te soek - hy dink dit is hoe dit is.

’n Persoon lok slegte dinge aan presies omdat sy gedagtes nie welvoeglik is nie. Dan sien die dier dit, “hierdie ou wil van qigong af ryk word , en daardie ou wil beroemd word en vermoëns kry.” “Sjoe, sy liggaam is redelik goed en wat hy het is redelik goed, maar sy verstand is regtig sleg—hy is agter vermoëns aan! Miskien het hy ’n meester, maar selfs al het hy, ek is nie bang nie.” Dit weet dat die meester van ’n ware kultivering hom sal sien na vermoëns soek soos dit, en hoe harder hy na hulle soek hoe minder waarskynlik sal die meester hulle vir hom gee, aangesien dit presies ’n verknogtheid is wat hy van ontslae behoort te raak. Hoe meer hy op daardie wyse dink, hoe minder is die kans dat hy enige vermoëns gegee sal word, so basies hoe meer onbewus hy is oor hoe dit werk, hoe meer hy hulle wil hê, hoe erger word sy gedagtes. Uiteindelik gee daardie meester ’n diep sug wanneer hy sien dat hierdie ou gedaan is, en hy wil niks meer met hom te doen hê. Sommige mense het nie meesters nie, en miskien gebeur dit dat iemand wie verbygaan vir hulle ’n rukkie sal sorg, aangesien daar so baie Geestelike Verligte Wesens is in verskillende dimensies. ’n Geestelike Verligte Wese mag na hom kyk, hom dop hou en hom vir ’n dag volg, en hom verlaat nadat hy sien hy nie goed is nie. Die volgende dag kom ’n ander een verby, bekyk hom, en vind uit hy nie goed is nie, en gaan weg.

Die dier weet dat ongeag watter soort meester hy het, of dit ’n gereelde een is of ’n verbygaande een is, sy meester nie vir hom sal gee wat hy soek nie. Diere kan nie die dimensies sien waar Groot Geestelike Verligte Wesens is nie, so hulle is nie bang nie, en hulle het gebruik gemaak van ’n skuiwergat: Ons heelal het ’n wet, dat wanneer iemand na iets wil soek, of iets wil hê, normaalweg behoort hy nie verhoed te word nie. Dit maak gebruik van daardie skuiwergat—“Hy wil hulle hê, so ek sal hulle aan hom gee. Dit is nie verkeerd van my om hom te help nie, reg?” So hulle gee dit aan hom. Eers waag die dier nie om op sy liggaam te gaan nie, so dit begin deur vir hom ’n bietjie gong te gee as ‘n proeflopie. Die persoon hou aan dit soek, en eendag kry hy dit regtig, en hy kan selfs mense genees. Die dier sien dat dit redelik goed gewerk het, en dit is net soos ’n inleiding te speel voordat die vertoning regtig begin. “Hy wil hulle hê, so ek sal dadelik op sy lyf gaan. En as ek eers daar is, kan ek hom meer gee, ek sal dit op giet. “Jy wil die Derde Oog hê, reg? Hierdie keer sal ek jou dit alles gee” So dit kom reg op hom.

Terwyl hy daardie gedagte het oor dit te wil hê, reg daar terwyl hy dit doen, spring sy Derde Oog oop, hy is in staat om gong uit te stuur en hy het selfs ’n paar klein vermoëns. Hy is buite homself met vreugde, en hy dink dat hy hierdie dinge gesoek en gesoek het en hulle uiteindelik gekry het, en hy dink dat hulle van sy praktyk gekom het. Maar eintlik, het sy praktyk hom niks gebring nie. Hy dink dat hy deur ’n menslike liggaam kan kyk en kan sien waar die probleme in iemand se liggaam is. In werklikheid, egter, is sy Derde Oog glad nie een bietjie oop nie – dit is dat die dier sy brein beheer.

Daardie dier sien dinge met sy oë en dan weerspieël hy wat hy sien in sy brein in, en hy dink sy Derde Oog is oop. "Wil gong uitstuur? Gaan vir dit." Wanneer hy sy hande uithou om gong uit te stuur, strek die dier se pootjies van die agterkant van sy liggaam uit. Wanneer hy gong uit stuur, kom die gevurkte tong van die slangetjie se kop uit om die siek en geswelde plek te lek. Daar is baie dinge soos hierdie. Daardie geeste wat hierdie mense besit kom alleenlik omdat hul vir hulle vra.

So hy soek na hulle, hy droom oor ryk word, en oor beroemd word. "Goed dan!"— hy kry vermoëns, hy kan mense gesond maak, en hy kan met sy Derde Oog sien. Dit maak hom gelukkig. Die dier kyk na hom. "Jy wil ryk word, wil jy nie? Goed, ek sal jou ryk maak." Dit is heeltemal te maklik om ʼn gewone mens se kop te beheer. Die dier kan baie mense beheer en hulle maak na hom toe kom vir behandelinge, en hulle sal in hordes kom. "O my goeiste!"—terwyl hy pasiënte reg hier sien, moedig hy verslaggewers daar aan om hom in koerante te begunstig. Dit manipuleer gewone mense om hierdie dinge te doen. Wanneer iemand wie vir behandeling kom hom nie genoeg geld betaal nie sal hy hulle nie laat weg kom nie, en sal maak dat jy ʼn hoofpyn kry. Wat dit op neer kom is dat jy net vir hom baie geld moet gee. Die ou trek albei roem en rykdom in—hy het ʼn bondel gemaak, hy het welbekend geword, en nou is hy ʼn qigong meester. Mense soos hy gee nie gewoonlik om oor karakter nie en hulle waag om enige iets te sê, "Ek is hemels belangrik." Hulle gaan so vêr as om te sê hulle is die reinkarnasie van welbekende godhede, soos die Hemelse Moeder of Jade Keiser, en hulle gaan selfs so vêr om te sê hulle is Boeddhas. Hulle het nie regtig deur karakter kultivering gegaan nie, so hulle soek vermoëns wanneer hul hulle oefeninge doen en eindig mee om deur diere besit te word.

Miskien dink sommige van julle, "Wat is verkeerd daarmee? Dit is goed solank as wat ek geld kan maak, of ryk word, en ek beroemd kan word." Dit is wat baie mense dink, maar ek sal julle vertel, daardie dier doen dit nie sonder ʼn doel nie, dit werk uit, en dit gee jou nie iets verniet nie. Daar is ʼn wet in hierdie heelal: Geen verlies, geen wins. Wat kry die dier? Ek het voorheen hieroor gepraat, het ek nie? Dit probeer om daardie bietjie essensie in jou liggaam kry om te kultiveer tot in ʼn menslike vorm, so dit maak net die essensie bymekaar van die menslike liggaam. Maar daar is alleenlik hierdie een porsie essensie in ʼn menslike liggaam, en as iemand wil kultiveer het hy alleenlik hierdie een porsie. En as jy die dier toelaat om dit van jou te neem, kan jy vergeet oor kultivering—hoe sou jy dan kultiveer? Jy sou alles verloor het, en sal glad nie in staat wees om te kultiveer nie. Miskien sal sommige mense sê: "Ek wil nie kultiveer nie. Ek wil net ryk word. Alles is goed solank as wat ek geld het. Ek gee nie ʼn flenter om nie." Kyk, ek sal julle vertel: jy wil ryk word, maar nadat ek verduidelik hoe dit regtig werk, dan sal jy van besluit verander. So wat gebeur? As dit jou liggaam nie té laat verlaat nie sal jou ledemate soos lood voel, en jy sal vir altyd so wees, omdat dit té veel van jou essensie gedreineer het. Maar as dit jou liggaam laat verlaat, sal jy vertraag word en vir die res van jou lewe wat aan ʼn draad hang in die bed lê. Selfs al het jy geld, sou jy dit kon spandeer? Selfs al was jy beroemd, sou jy dit kon geniet? Sou dit nie aaklig wees nie?

Hierdie dinge het regtig ernstig geword en is algemeen onder mense wie qigong deesdae praktiseer. Die dier besit nie net die liggaam, dit maak ook die persoon se meester siel dood en dit grawe ʼn gat in die persoon se Niwan Paleis en dit sal daar hurk. Die persoon lyk soos ʼn menslike wese, maar hy is nie. Jy sien selfs sulke dinge soos dit deesdae. Die mensdom se morele het verander, so wanneer sommige mense slegte dinge doen en jy vertel vir hulle dat hulle slegte dinge doen, glo hulle jou net nie. Hulle dink net om geld te maak, geld te wil hê, en ryk word is hulle geboortereg, en hierdie is die regte ding om te doen. So hulle benadeel ander mense, en hulle maak andere seer, en hulle sal by niks stuit om geld te maak nie — hulle sal enige iets doen! Die dier sal nie verkry as dit nie verloor nie. Sou dit jou iets verniet gee? Dit wil die dinge wat in jou liggaam is kry. Natuurlik ons sal sê dat mense al daardie

probleme uitnooi net omdat daardie idee wat hulle het nie reg is nie, en hulle gedagtes is nie welvoeglik nie.

Laat ons kyk wat ons Falun Dafa hieroor te sê het. Wanneer jy in ons dissipline kultiveer, so lank soos jy altyd jou karakter hoog kan hou, kan “een goeie ’n honderd euwels oorwin”— sal jy nie enige moeilikheid teëkom nie. Aan die ander kant, as jy nie jou karakter hoog kan hou nie, as jy na allerhande dinge soek, is dit seker jy moeilikheid sal uitnooi. Sommige mense kan net nie die dinge wat hulle in die verlede gepraktiseer het laat gaan nie. Ons weet almal dat jy moet tot een dissipline verbind wanneer jy qigong doen—in ware kultivering moet jy net. Sommige qigong meesters het boeke geskryf, maar wat daarvan? Weet julle wat, hulle boeke is so ’n gemors hulle is soos daardie dinge wat hulle praktiseer -slange, jakkalse, en muishonde hulle is almal daar in. Wanneer jy daardie boeke lees sal daardie goeters van die woorde uitspring. Ek moet julle sê, daardie vals qigong meesters oortref die getal van ware qigong meesters baie keer, en jy kan nie sê wie is wie nie. So julle moet weet wat julle doen. Dit is nie soos ek nie tevrede sal wees vir enige iets behalwe kultivering in my Falun Dafa nie. Eintlik, kan jy kultiveer in ’n dissipline van jou keuse. Maar daar is ’n antieke gesegde, “Geen ware leringe vir duisende jare, beter is as wilde kettery vir een dag.” So julle moet regtig weet wat julle doen, en regtig ’n ware lering kultiveer. Moenie enigiets in jou kultivering in meng nie—moet nie eers gedagtes byvoeg nie. Sommige mense se Wet Wiel het heeltelmal misvorm geword. Waarom is dit? Hulle word defensief. “Maar ek het nie daardie ander qigong gepraktiseer nie.” Maar wanneer ook al hulle die oefeninge doen, hou hulle gedagtes net aan om die dinge in te pomp wat hulle voorheen gepraktiseer het—sal dit nie dit byvoeg nie?. Dit is al wat ek wil sê oor geeste besitting.

## Kosmiese taal

Wat is “kosmiese taal”? Dit is oor ’n persoon wie skielik in staat is om brabbeltaal te praat, soos ’n sinlose geprewel, en hy weet selfs nie wat hy sê nie. Mense met telepatiese vermoëns kan die algemene idee kry, maar hulle kan nie die besonderhede van wat hy oor praat uitmaak nie. En sommige mense kan ’n paar tale praat. Wat meer is, sommige van hulle dink hulle is net ongelooflik en dink hulle is regtig talentvol, en het ’n vermoë. Laat ons duidelik wees, dit is nie ’n vermoë, en dit is nie ’n kultiveerder se talent, en dit staan ook nie vir jou vlak nie. So waaroor gaan dit? Dit is eintlik dat jou verstand beheer word deur ’n vreemde gees. Maar vir een of ander rede dink jy dit is redelik goed, jy hou daarvan, en jy is bly om dit te hê. En hoe gelukkiger jy is, hoe stywer sy greep op jou. As jy aan jouself dink as ’n ware kultiveerder, hoe kon jy dit net toelaat om jou te beheer? En sy vlak is regtig laag. So ’n ware kultiveerder behoort nie hierdie soort moeilikheid uitnooi nie.

Menslike wesens is die mees kosbaar, en hulle is die wysste van alle kreature. Hoe kon jy jou laat beheer deur daardie dinge? Jy wil nie eers jou liggaam meer hê nie—hoe treurig! Party van daardie dinge grendel aan die liggaam, en sommige grendel nie aan die liggaam nie, maar hulle manipuleer en beheer jou steeds, al is hulle op ’n klein afstand weg. Wanneer jy dit wil praat, is hulle net te bly om dit te doen, so jy gaan net en spuug mumbo jumbo. En dit kan aangegee word — ’n ander persoon kom aan en wil dit leer, hy kry die moed en maak sy mond oop, en hy begin dit ook spuug. Daardie dinge kom eintlik in neste, en wanneer jy dit wil praat sal een van hulle reg op jou liggaam spring en jou help om dit te praat.

So hoe is dit toegelaat om te gebeur? Soos ek gesê het, dit wil sy vlak verhoog, maar daar is geen swaarkry daar nie so dit kan nie kultiveer of homself verbeter nie. So hulle het opgekom met ’n idee — om mense te help om goeie dinge vir andere te doen. Maar hulle weet nie hoe nie. Tog weet hulle dat

die energie wat hulle uitstuur die effek kan hê om mense se siektes 'n bietjie te vertraag en die pyn wat siek mense op daardie tydstip het te verlig, maar hulle kan nie die kwaal genees nie. Dit is hoe dit is, en hulle weet dat om 'n persoon se mond te gebruik om dit uit te stuur kan daardie effek hê. Sommige mense noem dit hemelse taal, en dan is daar mense wie dit Boeddha se taal noem. Dit is om Boeddhas te laster! Dit is net roekeloos!

Julle weet, Boeddhas praat nie beuselagtig nie. As hulle gegaan en iets in ons dimensie gesê het, kon hulle aardbewegings in die menslike wêreld veroorsaak—dit sou vreeslik wees! Dink net aan daardie donderende geluid. Sommige mense het gesê, "Ek het met my Derde Oog gesien dat hy met my gepraat het." Hy het nie met jou gepraat nie. En dieselfde gaan vir daardie mense wie my Wet Liggame gesien het. Hulle het nie met jou gepraat nie. Die gedagte wat hy uitstuur, is in stereo klank, so wanneer jy dit hoor, klink dit asof hy praat. Gewoonlik kan hy in sy dimensie praat, maar sodra dit hier oorgestuur is kan jy nie duidelik hoor wat hy sê nie. Dit is omdat die konsepte van ruimte tyd verskillend in die twee dimensies is, in ons dimensie, is 'n blokkie tyd omtrent 2 ure deesdae, maar in daardie groot dimensie, is ons blokkie tyd gelyk aan 'n jaar in hulle tyd. Ons tyd (dit werk uit), is stadiger as hulle s'n.

Daar is 'n ou gesegde, "alleenlik een dag in die hemele, maar 'n duisend jaar op Aarde. "Dit verwys na die unitêre paradyse waar daar geen konsep van ruimte en geen konsep van tyd is nie, of om spesifiek te wees, die wêrelde waar Groot Geestelike Verligte Wesens bly, soos die Westerse Paradys, die Smarag Wêreld, die Falun Wêreld, die Lotus Wêreld, en so aan — dit is daardie plekke. Maar die tyd in daardie groot dimensies is vinniger, in teenstelling met wat jy sou verwag. As jy in staat is om hulle pratery te ontvang en hoor (sommige mense se hemelse Oor is oop, en wanneer daardie Ore oop is, kan hulle hul hoor praat) jy kan hulle nie so duidelik hoor nie. Alles wat jy hoor klink dieselfde, soos voëls wat tjilp, of soos 'n platespeler wat op 'n vinnige spoed speel — dit is alles deurmekaar. Natuurlik, kan sommige mense musiek hoor en hulle kan mense hoor praat. Maar hulle moet 'n vermoë hê wat dien as 'n draer om die tyd verskil te elimineer voor die klank oorgestuur word na jou ore toe, en alleenlik dan kan jy dit duidelik hoor. Dit is hoe dit werk. Sommige mense noem daardie goeters Boeddha se taal, maar niks kon verder daarvan wees nie.

Wanneer twee Geestelike Verligte Wesens ontmoet weet hulle alles wat daar is om te weet met net 'n glimlag. Dit is omdat dit 'n stil verstandelike telepatie is, en wat ontvang is, het stereo klank. Wanneer hulle vir mekaar glimlag het hulle alreeds hulle idees verruil. Hulle gebruik nie net daardie een vorm nie, soms gebruik hulle 'n ander metode. Julle weet, in Tantrisme neem Tibet se lamas om hand tekens te doen ernstig op. Maar as jy 'n lama vra wat hand tekens is, sal hy sê dat dit "meta-yoga" is. En wat presies is dit? Hulle weet self nie. Dit is eintlik 'n taal van Groot Geestelike Verligte Wesens. Wanneer daar baie mense is, maak hulle daardie groot hand tekens, wat ongelooflik mooi is, en hulle maak allerlei groot hand tekens. En wanneer daar 'n klein gehoor is gebruik hulle die klein hand tekens, en hulle is ook pragtig, hulle gebruik klein hand tekens in allerlei poses, en hulle is regtig ingewikkeld en ryk aangesien hulle 'n taal is. Hierdie was almal hemelse geheime gewees, en nou het ons hulle almal onthul. Wat hulle in Tibet gebruik is alleenlik 'n paar bewegings wat net is om hulle praktyk te doen. Hulle het dit gekatalogiseer en 'n stelsel daarvan gemaak. Daardie is alleenlik 'n een dimensionele taal vir hulle praktyk, en hulle het alleenlik daardie handjie vol praktyk vorme. Regte hand tekens is baie meer kompleks.

## Die dinge jou leermeester aan sy studente gee

Wanneer sommige mense my sien ruk hulle aan my hand en skud dit, en hulle wil nie laat los nie. En dan wanneer ander mense daardie mense sien hande met my skud, wil hulle dit ook doen. Ek weet wat

hulle in die mou voer. Sommige mense wil met hulle Leermeester hande skud, aangesien dit ’n aangename ding is om te doen, terwyl andere ’n paar boodskappe wil kry, so nadat hulle my hand gryp wil hulle net nie laat los nie. Ons vertel julle: ware kultivering is iets wat jy jouself doen, en ons doen nie genesing en fiksheid dinge hier nie of gee jou boodskappe om jou te genees nie. Dit is nie deel van ons praktyk nie. Ek sal direk jou gesondheidsprobleme vir jou verwyder. By die oefening terreine word dit deur my Wet Liggame verwyder, en mense wie die praktyk op hulle eie leer deur die boeke te lees het my Wet Liggame om hulle s’n te verwyder, ook. Jy dink jou Gong sal vermeerder deur my hand te raak? Is jy laf?

Gong kom van die kultivering van jou karakter. As jy jouself nie regtig kultiveer nie sal jou gong nie hoog groei nie, aangesien daar ‘n karakter standaard is. Wanneer jou Gong vermeerder, kan die wesens by hoë vlakke sien dat nadat jou verknogtheid, daardie materie, verwyder is, ’n maatstok bokant jou kop groei. En daardie maatstok neem die vorm aan van die gong pilaar. Hoe hoog ook al die maatstok is, dit is hoe hoog die gong pilaar is. Dit verteenwoordig die gong wat jy gekultiveer het, en dit verteenwoordig hoe hoog jou karakter is. Ongeag wie aan dit byvoeg of hoeveel hulle vir jou byvoeg, dit sal nie bly nie selfs al voeg hulle net ’n klein bietjie by —dit sal alles afkom. Ek kan maak dat jy “Drie blomme bo-op die kop” reg daar op die plek bereik, maar die oomblik dat jy buite stap sal daardie gong af kom. Dit is nie joune nie. Jy het dit nie gekultiveer nie, so dit sal nie bly nie, aangesien jou karakter standaard nie daar is nie. Niemand kan ’n ding daarby byvoeg nie. Dit moet alles van jou eie kultivering kom. Kultiveer jou verstand, verhoog jou gong standvastig, hou altyd aan om jouself te verbeter, en assimileer tot die natuur van die heelal—dan, en alleenlik dan, sal jy op gaan. Sommige mense vra my vir my outograaf, en ek wil dit nie vir hulle gee nie. En dan miskien sal sommige mense ander mense vertel oor hoe die meester vir hulle sy outograaf gegee het, en miskien wil hulle dit wil afwys en beskerming van die meester se boodskappe kry. Is dit nie nog ’n verknogtheid nie? In kultivering moet jy op jouself staatmaak – waarvoor praat jy oor boodskappe? Sou jy omgee oor daardie goeters wanneer jy na ’n hoë vlak gekultiveer het? Dit is nie ’n sent werd nie! Dit is allenlik iets wat mense oor omgee as hulle in dit is vir genesing en fiksheid.

In die diep mikrokosmos, lyk die mikrokosmiese partikels van die gong wat jy gekultiveer het presies soos jy. Wanneer jy Buite Trippel-Wêreld Wet gaan, kultiveer jy ’n Boeddha-liggaam. Jou gong sal in die vorm van ’n Boeddha-liggaam wees, dit is ongelooflik mooi en dit sit op ’n lotus blom, elke klein partikel is soos dit. ’n Dier se gong, egter, is alles goeters soos jakkalsies en slangetjies, en selfs die mikrokosmiese partikels in die diep mikrokosmos is daardie goeters. Ook, glo mense in sogenaamde “boodskappe,” hulle roer ’n bietjie water met geweekte teeblare en vertel jou om dit te drink, en dit is veronderstel om gong te wees. Gewone mense wil net ’n bietjie kort termyn verligting van hulle lyding kry, en hulle wil hulle kwale uitstel en onderdruk. Gewone mense, weet julle, hulle doen net gewone mense se dinge, en dit het nie enigiets met ons te doen nie, ongeag hoe erg hulle hul liggame opmors nie. Maar julle is praktisyne, en daarom het ek hierdie dinge aan julle vertel. So julle moet nie enige van dit weer doen nie. Daardie simpel “boodskappe” en al daardie wie weet wat-ook-al, moet nie eers dink om daardie goeters te wil hê nie. Sommige qigong meesters sê, “Ek sal boodskappe uitstuur en jy kan hulle landwyd ontvang.” Ontvang wat?! Ek gaan julle vertel, daardie dinge kan nie veel van enigiets doen nie. En selfs al het hulle ook ’n paar voordele is hulle net vir genesing en fiksheid. Julle is praktisyne, so jou gong kom vanaf jou eie kultivering. Alle “boodskappe” wat ander mense vir jou stuur kan nie jou gong enigsins hoër maak nie, aangesien dit net vir genesing van gewone mense is. Jy moet jou denke reg handhaaf. Niemand kan vir jou kultiveer nie. Jou vlak sal alleenlik styg as jy werklik jouself kultiveer.

So wat gee ek julle dan? Julle weet, baie van ons het nooit qigong gedoen nie, en ons liggame is siek of beseer. Sommige van ons het qigong vir baie jare gedoen, maar maal steeds rond by die qi vlak en het geen gong nie. Natuurlik, is daar mense wie andere genees, en miskien wonder jy hoe hulle dit kon doen. Toe ek oor besitting gepraat het, het ek heeltemal al daardie geeste afgeneem, ongeag wat hulle was—al daardie slegte dinge—wat in of op die liggame van die mense was wie waarlik hierdie Dafa kan kultiveer. En wanneer mense wie ware kultivering op hulle eie doen hierdie Groot Wet lees, sal ek hulle ligame ook reinig. En jou woon omgewing moet ook skoon gemaak word. Maak gou en gooi uit daardie jakkals-en-muishond bedekte gedenkstene aan wie jy voorheen offers gemaak het. Almal van daardie dinge moet vir jou skoon gemaak word, en daardie goeters is nou weg. Julle wil kultiveer, so ons is bly om die weg vir julle op te ruim en dit alles te doen. Maar ons doen dit alleenlik vir ware kultiveerders. Natuurlik, wil sommige mense nie kultiveer nie, en selfs nou begryp hulle steeds nie waaroor dit alles gaan nie. Ons kan hulle regtig nie help nie. Wat ons na omsien is ware kultiveerders.

Daar is ’n ander tipe persoon. Ander mense het hom voorheen vertel dat hy besete was, en hy het ook gevoel dat hy besete was. Maar nadat dit verwyder is, kan hy steeds nie ophou bekommer nie. Hy dink altyd dat hy steeds daardie kondisie het, hy dink dit is steeds daar. Maar dit is ’n verknogtheidheid, en is agterdog genoem. Soos tyd aangaan, mag hy dit weer uitnooi, as hy nie versigtig genoeg is nie. Jy moet ontslae raak van die verknogtheidheid. Dit bestaan nou glad nie meer nie. Vir sommige van daardie mense, het ons alreeds vir hulle probleme in ons vorige klasse gesorg. Ek het alreeds daardie dinge gedoen—ek het al die besittende geeste af gehaal.

Op 'n lae vlak moet Daoïste ’n fondasie bou terwyl kultivering oefeninge gedoen word, hulle moet die Kosmiese Wentelbaan vorm, en die veld van die Elikser veld moet gevorm word, en dan is daar ander dinge wat gevorm moet word. Hier plant ons Wet Wiel, energie meganismes, al die meganismes vir kultivering en baie, baie ander dinge, meer as 10,000 van hulle. Ons moet hulle alles vir jou gee, en hulle is in jou geplant soos sade. Nadat ons julle gesondheidsprobleme genees, alles doen wat veronderstel is om gedoen te word, en in jou alles plaas wat jy behoort te hê, dan, en alleenlik dan, sal jy in staat wees om in ons dissipline te kultiveer met sukses. Maar as ons nie hierdie dinge vir julle gegee het nie, sou dit net oor genesing en fiksheid wees. Kyk, om eerlik te wees, as sommige mense nie omgee oor hulle karakter nie, wel, hulle mag net sowel aërobiese oefeninge gaan doen in plaas daarvan.

Ons moet verantwoordelik vir julle wees wanneer julle ware kultivering doen. Self geleerdes kan daardie dinge ook kry, maar hulle moet ware kultiveerders wees - ons gee daardie dinge vir ware kultiveerders. Soos ek gesê het, ek moet julle waarlik soos dissipels lei. En saam met dit moet jy seker wees om die Wet van hoë vlakke deur en deur te bestudeer en weet hoe om te kultiveer, soos om al die vyf oefeninge saam te leer, en almal van hulle te bemeester. Later aan sal jy in staat wees om ’n redelike hoë vlak te bereik, ’n vlak selfs hoër as wat jy jou kan indink, en om ’n Ware Rypwording te bereik sal nie ’n probleem wees nie. Hierdie Wet wat ek onderrig bedek eintlik verskillende vlakke terselfdertyd, so solank as jy kultiveer, van hier af uit by verskillende vlakke van kultivering sal jy ontdek dat dit jou altyd kan lei.

Jy is ’n kultiveerder, so die pad wat jou lewe neem sal na vandag verander, my Wet Liggame sal vir jou ’n nuwe reëling maak. Hoe reël hulle dit? Hoeveel meer jare sou sommige mense steeds hê om te lewe? Hulle weet nie. Miskien sou sommige mense regtig siek word in ’n jaar of ’n halwe jaar, en miskien sal hulle soos dit vir jare wees. Miskien sou sommige mense ’n beroerte aanval kry, of ’n ander gesondheidprobleem, en hulle sal immobiel wees. So hoe kon jy kultiveer met jou oorblywende jare? Ons moet dit alles vir jou skoon maak en daardie dinge nie laat gebeur nie. Maar laat my toe om dit

vooraf duidelik te maak: ons kan dit alleenlik doen vir ware kultiveerders. Om dit te doen soos jy wil vir gewone mense, sou nie werk nie, dit sou wees soos om iets slegs te doen. Die geboorte, veroudering, siekte en die dood wat gewone mense deurgaan het almal onderliggende oorsake, en jy kan nie net gaan en hulle skend nie.

Niemand is meer kosbaar as ’n kultiveerder nie, soos ons dit sien, en dit is waarom ons hierdie dinge alleenlik vir kultiveerders kan verander. Hoe sal ons hulle verander? As die meester se welwillende krag baie hoog is, of, as die meester se sterkte baie hoog is, dan kan hy karma vir jou elimineer. As die meester se gong vlak hoog is, kan hy baie van dit vir jou elimineer, en as sy gong vlak laag is, kan hy net ’n bietjie van dit elimineer. Hier is een manier om dit te illustreer. Ons versamel al die verskillende soorte karma wat op die res van jou lewenspad bestaan, en ons elimineer ’n bietjie van daarvan, sê, die helfte. Jy sal steeds nie in staat wees om dit deur die oorblywende helfte te maak nie, wat hoër as ’n berg is. So hoe pak ons dit aan? Wanneer jy die Dao lateraan bereik, sal baie mense miskien daaruit voordeel trek, en so baie mense sal ’n deel vir jou dra. Natuurlik, vir hulle is dit nie ’n groot probleem nie. En jy ook, jy het baie lewende entiteite wat jy geëvolueer het deur kultivering, en ook saam met jou meester siel en onderbewuste siel, is daar baie jy’e. Almal van hulle dra ’n deel van dit vir jou. Wanneer jy deur ’n tribulasie gaan is daar bietjie oor. En al sê ons dat daar min oor is, is dit steeds redelik groot, en jy sou steeds nie in staat wees om daar deur te kom nie. So wat doen ons? Ons verdeel dit in ontelbare porsies en plaas dit by verskillende vlakke van jou kultivering, en ons gebruik hulle om jou karakter te verbeter, jou karma te transformeer, en jou gong te verhoog.

En ek wil graag byvoeg, wanneer iemand wil kultiveer, is dit nie ’n wandeling in die park nie. Ek het gesê dat dit is ’n ernstige ding is, en boonop, is dit hoër as gewone mense, en dit is moeiliker om te doen as enigiets wat gewone mense doen. Is dit nie ’n hoër ding nie? So dit verg meer van jou as enigiets van gewone mense. Ons menslike wesens het ’n Meester siel en ons Meester siele vergaan nie. As ons Meester siele nie vergaan nie, dink dan daaroor — kon jou Meester siel slegte dinge gedoen het wanneer dit interaksie met ander mense gehad het gedurende jou vorige lewens? Daar is ’n sterk moontlikheid. Jy mag dood gemaak het, iemand geskuld het, ander mense gebruik het, of mense seer gemaak het ... Jy kon enige van daardie dinge gedoen het. So as dit die geval is, wanneer jy hier kultiveer, sien hulle dit duidelik van daar af. Hulle gee nie om as jy dinge doen om jouself te genees of gesond te bly nie, hulle weet jy stel dit net uit. As jy dit nie nou terug betaal nie, sal jy dit later aan terug betaal, en wanneer jy dit later aan terug betaal sal dit ernstiger wees. Dit is waarom sal hulle nie omgee as jy dit nie voorlopig terug betaal nie.

Wanneer jy sê jy wil kultiveer, sal hulle dit nie toelaat nie, “Jy wil kultiveer, jy wil weg gaan. As jy gong ontwikkel sal ek nie eers in staat wees om jou te bereik nie. Ek sal jou nie kan raak nie.” Hulle sal dit nie laat gebeur nie, en hulle sal net omtrent enigiets doen om jou te blokkeer. Hulle sal probeer om jou te verhoed om te kultiveer. So hulle gebruik alle soorte taktieke om met jou in te meng, en hulle mag selfs kom om jou dood te maak. Natuurlik, dit sal nie gebeur dat jy net hier mediteer en jou kop word net afgesny — dit is onmoontlik, aangesien dit moet voldoen aan die manier waarop dinge in die gewone wêreld gedoen word. Miskien sal ’n kar jou raakry wanneer jy jou huis verlaat, of jy sal van ’n gebou val, of ander soorte gevare teëkom. Daar is ’n kans dat hierdie dinge sal gebeur. Dit is nogal gevaarlik. Ware kultivering is nie so maklik soos jy gedink het nie. Net omdat jy wil kultiveer, dink jy dat jy opwaarts kon kultiveer? Wanneer jy regtig begin om te kultiveer sal jy onmiddellik lewens bedreigende gevare teëkom, hierdie probleem sal dadelik te voorskyn kom. Daar is baie, baie qigong meesters wie nie waag om mense na hoë vlakke te lei nie. Waarom is dit? Presies omdat hulle nie in staat is om rondom hierdie probleem te kom nie—hulle kan jou nie beskerm nie.

Daar was baie wyse manne in die verlede, en hulle kon alleenlik een dissipel onderrig — dit was in orde as hulle net die een dissipel beskerm het. Om dit te doen op hierdie groot skaal, egter, die gemiddelde persoon sou dit regtig nie waag om dit te doen nie. Maar hier vertel ek julle dat ek dit kan doen, omdat ek ontelbare Wet Liggame het wat my enorme Goddelike Wet Krag het, en hulle kan hulle groot geestelike kragte vertoon, en hulle groot Wet krag. Ook, wat ons vandag doen, is nie so eenvoudig soos wat dit lyk nie, en ek het nie net uit gekom om dit te doen op een of ander soort ingewing nie. Ek kan julle sê dat baie Groot Geestelike Verligte Wesens hierdie gebeurtenis dop hou. Hierdie is ons oorlewering van 'n ware lering in die "Eeu van die Wet se Einde" vir die laaste keer. Ons is nie toegelaat om van koers af te gaan terwyl dit gedoen word nie. Wanneer jy regtig op 'n ware pad kultiveer sal niemand waag om net te gaan en jou moeilikheid gee nie, en wat meer is, jy het my Wet Liggame wat jou beskerm, so sal jy nie in enige gevaar teëkom nie.

Skuld moet afbetaal word, so op jou kultivering pad mag 'n paar gevaarlike dinge gebeur. Maar wanneer hierdie dinge gebeur sal jy nie bang wees nie, en ons sal jou nie in regtige gevaar laat verkeer nie. Ek kan vir julle 'n paar voorbeelde gee. Toe ek 'n klas in Beijing gegee het, was daar 'n student wat die straat oorgesteek het op haar fiets. Soos sy om 'n draai gegaan het, het 'n luukse sedan hierdie student van ons by daardie skerp draai getref. Die student was 'n vrou in haar vyftigs. Daardie kar het haar met 'n harde slag getref en dit was 'n regte knewel. Mense het 'n groot "plof!" gehoor, soos haar kop die bokant van die kar vierkantig getref het. Toe dit gebeur het was die student se voete steeds op die fiets. Haar kop was gestamp maar sy het nie enige pyn gevoel nie. Nie net het sy nie enige pyn gevoel nie, maar daar was nie enige bloeding nie, nie eers swelling nie. Maar die bestuurder was dood bang. Hy het uit die kar gespring en na haar gehaas om haar te vra, "het jy seer gekry? Kan ons na die hospitaal toe gaan?" Sy het geantwoord dat alles reg was. Natuurlik, daardie student van ons het hoë karakter gehad en wou nie die bestuurder in die moeilikheid bring nie. Sy het gesê alles was reg, maar daar was 'n groot duik in die kar gelaat.

Alle dinge soos daardie kom om jou lewe te neem, maar jy sal nie in enige gevaar wees nie. Laaste keer toe ons 'n klas in Jilin Universiteit gehou het, het 'n student van ons uit die hoof ingang van die Universiteit geloop en sy fiets gestoot. Toe hy by die middel van die straat kom, kom twee karre skielik van beide kante en druk hom amper vas. Dit het gelyk asof hulle hom die volgende sekonde gaan vergruis, maar hy was glad nie bang nie. Gewoonlik wanneer ons hierdie dinge teë kom is ons nie bang nie. Op daardie presiese oomblik het die karre stil gehou en daar was geen insident nie.

'n Ander geval het in Beijing gebeur. In die winter word dit vroeër donker en mense gaan 'n bietjie vroeër bed toe. Die strate was leeg en alles was stil. Een van ons studente het op sy fiets huis toe gejaag. Net 'n Jeep het voor hom aan beweeg. Dit het redelik stadig maar seker beweeg toe dit skielik rem trap. Die student was nie aandagtig nie en het aangehou voort trap met sy kop gebuig. Maar die Jeep het skielik begin agteruit ry, en dit het vinnig agteruit gery, geweldig vinnig. Daardie twee kragte het saam gewerk om sy lewe weg te neem. Reg toe hulle op die punt was om te bots, het 'n krag skielik sy fiets agtertoe vir meer as 'n halwe meter getrek, en die Jeep het onmiddellik teen die wiel van sy fiets stil gehou. Miskien het die Jeep se bestuurder besef iemand was agter hom. Die student was nie bang toe dit gebeur het nie. Niemand wie hierdie soort probleem teëkom word bang nie, alhoewel hulle bang mag voel wanneer hulle daaroor dink. Die eerste ding wat hy gedink het, was "Sjoe"! Wie het my agtertoe getrek? Ek moet hom bedank." Hy het omgedraai om dankie te sê, net om die straat stil te vind, sonder 'n persoon in sig. Toe tref dit hom, "Dit was eintlik Leermeester wat my beskerm het!"

Daar was ook iets wat gebeur het in Changchun. ʼn Gebou was onder konstruksie naby ʼn student se huis. Deesdae is geboue so hoog gebou, en die stellasies is gemaak van staal stawe wat 2 duim dik en vier meter lank is. Die student het nie te vêr van sy huis geloop toe ʼn staal staaf van daardie hoë gebou geval het, en dit het reguit af na sy kop gekom. Almal in die straat het hulle lam geskrik. Maar hy het net gesê: "Wie het my gestreel?" Hy het gedink iemand het sy kop gestreel. Toe het hy omgedraai en ʼn groot Wet Wiel gesien roteer bokant sy kop . Die staal staaf het langs die kant van sy kop afgegly en in die grond gesteek. As dit iemand regtig getref het, dink daaroor, dit was so swaar dit sou dwars deur sy liggaam gegaan het, soos ʼn vleis pen deur malvalekkers. Dit was so gevaarlik!

Daar is baie voorbeelde soos hierdie, hulle is ontelbaar, maar niemand het enige gevaar ondervind nie. Dit is nie soos almal van ons deur hierdie soorte van dinge moet gaan nie, maar sommige van ons sal. Of jy dit teëkom of nie, kan ek waarborg dat jy sal nie in enige gevaar sal wees nie — ek kan dit waarborg. Sommige studente se aksies voldoen nie aan ons karakter vereistes nie, hulle doen net die oefeninge en hulle kultiveer nie hulle karakter, so jy kan hulle nie praktisyne noem nie.

As julle vir my vra wat julle Meester julle gee, dit is wat ek julle gee. My Wet Liggame sal julle al die pad beskerm totdat julle in staat is om julle self te beskerm, en op daardie punt sal julle op die rand wees om buite Trippel-Wêreld-Wet kultivering te gaan en julle sal die Dao bereik het. Maar julle moet julle soos ware kultiveerders optree, en alleenlik dan sal julle dit kan doen. Daar was iemand wie my boek in sy hand gehou het en in die straat geloop en geskree het, "Met Leermeester Li se beskerming weet ek karre kan my nie tref nie." Dit was om Dafa skade aan te doen te en ons sal nie so ʼn persoon beskerm nie. Die waarheid is, ware dissipels sal nie so optree nie.

## Energie veld

Wanneer ons kultivering oefeninge doen, is ʼn veld rondom ons gevorm. Watse soort veld is dit? Sommige mense sê dit is ʼn qi-veld, of ʼn magnetiese veld, of ʼn elektriese veld. Maar eintlik, is dit verkeerd, ongeag watter veld jy dit noem, want die materie wat hierdie veld bevat is ongelooflik ryk. Omtrent elke soort materie wat al die dimensies van die heelal saamstel is ingesluit in hierdie gong, so dit is ʼn bietjie meer van pas vir ons om dit ʼn energie veld te noem. En dit is waarom ons dit gewoonlike ʼn energie veld noem.

So wat effek het hierdie veld? Julle weet, ons kultiveerders van ʼn ware lering het almal dit ondervind: omdat ons kultivering van ʼn ware lering ondergaan het, wat Barmhartigheid, beklemtoon en wat geassimileer is na die natuur van die heelal — om "Waar, Goed en Verduur" te wees - wanneer ons studente in hierdie veld sit, is hulle verstand vry van slegte gedagtes en baie van ons studente dink nie eers daaraan om te rook terwyl hulle hier sit nie, almal voel dit is regtig ʼn rustige atmosfeer, en hulle voel regtig goed. Dit is die effek van binne die omvang van die energie veld wat ʼn kultiveerder van ʼn ware lering het. Wanneer julle hierdie klas verlaat sal meeste van julle gong hê—julle sal regtig gong hê—omdat wat ek aan julle oorlewer ware kultivering dinge is, en julle dissiplineer julle self gebaseer op hierdie karakter vereiste. Julle hou aan om die oefeninge te doen sonder ophou, julle hou aan om julleself te kultiveer met ons karakter vereistes sonder ophou, en dan word jou energie aanhoudend groter en groter.

Ons glo daaraan om ons self te red, om andere te red, alle waarnemende wesens te red. So wanneer die Wet Wiel binnewaarts roteer, red dit ons self, en wanneer dit uitwaarts roteer, red dit andere. Wanneer dit uitwaarts roteer, stuur dit energie uit en bevoordeel andere. En deur dit te doen, die mense binne die dekking van jou energie veld word almal bevoordeel, en miskien sal hulle baie goed

voel. Jy mag hierdie effek hê waar ook al jy is, of jy in die straat afloop, by die werk, by die huis, of waar ook al. Jy mag onwetend die liggame regstel wie in die omvang van jou veld is, omdat hierdie veld alle verkeerde toestande kan reg stel. ’n Persoon se liggaam behoort nie siekte of besering te hê nie—om kwale te hê is ’n verkeerde toestand. En dit kan daardie verkeerde toestand reg maak. Wanneer mense wie slegte gedagtes het aan verkeerde dinge dink, onder die sterk effek van jou veld mag hulle, hulle denke verander, hulle mag voorlopig ophou om slegte gedagtes te hê. Miskien wil iemand, iemand anders sleg sê, maar hy verander onverwags sy denke en wil nie meer sleg oor hom praat nie. Alleenlik die energie veld van ’n ware lering kan hierdie effek hê. Daarom was daar ’n gesegde in Boeddhisme, “Boeddha se lig skyn oral, juistheid en geregtigheid harmonieer alles.” Dit is wat dit beteken.

## Hoe Falun Dafa studente die praktyk moet versprei

Nadat baie van ons studente terug huis toe gaan, dink hulle hierdie praktyk is baie goed en wil dit met hulle familie en vriende deel. Dit is goed, julle kan dit doen—julle kan dit aan enigiemand oorlewer. Maar daar is iets wat ek duidelik moet maak. Ons gee julle so baie dinge, en julle kon nie ’n prys op hulle sit nie. Waarom gee ons hulle aan julle? Vir julle om te kultiveer! Ons kan alleenlik al hierdie aan julle gee as julle kultiveer. Dan wat dit beteken is dat wanneer jy die praktyk aan ander mense gee, kan julle nie hierdie dinge gebruik om te gaan en vir julle self ’n naam te maak of julle self te bevoordeel nie. So julle kan nie klasse gee soos ek doen en geld vra nie. Ons het ’n paar onkoste aangesien ons boeke moet druk en materiale en ons moet ’n bietjie reis om die praktyk te versprei. Wat ons vra is die minste in die land, maar wat ons gee is die meeste. Ons lei mense waarlik op na hoër vlakke, en julle almal weet dit eerstehands. Jy is ’n Falun Dafa student, so wanneer jy uitgaan om die praktyk op ‘n latere stadium te onderrig, het ons twee reëls vir jou.

Die eerste reël is dat jy nie kan geld vra nie. Ons gee jou nie al daardie dinge sodat jy ryk en beroemd kan word nie, maar om jou te red, en om jou te help kultiveer. As jy geld vra sal my Wet Liggame alles van jou terug neem, en jy sal nie aan ons Falun Dafa behoort nie, so wat jy versprei sal nie ons Falun Dafa wees nie. Wanneer jy die praktyk oorlewer behoort jy nie enige gedagtes hê oor hoe om vir jouself naam te maak nie, of om iets daar uit te kry nie - jy behoort gewilliglik te help. Ons studente almal regoor die land doen dit op daardie manier, en die Assistente in verskillende streke het ’n voorbeeld gestel. Enige iemand wie ons praktyk wil leer, jy kan kom en dit leer, jy moet net wil, en ons kan verantwoordelikheid vir jou neem en ons sal van jou nie ’n sent vra nie.

Die tweede reël is dat jy nie Dafa mag opmors deur om jou eie dinge in dit te sit nie. Met ander woorde, wanneer jy die praktyk versprei, ongeag of jou Derde Oog oop is, of jy iets gesien het, of ’n paar vermoëns kom uit, jy kan nie oor ons Falun Dafa praat gebaseer op wat jy gesien het nie. Die paar dingetjies wat jy by jou vlak sien is regtig vêr van die merk af, en is vêr van die ware betekenis van die Wet wat ons onderrig. So van hier af aan moet julle regtig dit in gedagte hou wanneer julle die praktyk versprei, en dit is die enigste manier wat ons kan waarborg dat ons Falun Dafa se oorspronklike dinge nie verander word nie.

Ook, is julle nie toegelaat om die praktyk op dieselfde manier te versprei, soos wat ek dit doen nie, julle kan nie die Wet onderrig deur gesprekke te gee vir groot gehore soos ek nie - julle is nie in staat om die Wet te onderrig nie. Die rede is, die betekenis van wat ek onderrig is diepgaande en verreikend, en ek het hoë vlakke se dinge ingebou in wat ek onderrig. Julle kultiveer by verskillende vlakke, en lateraan nadat julle verbeter het, as julle weer na die opname luister sal julle aanhou verbeter, en soos julle aanhou na dit luister sal julle altyd nuwe begrippe en nuwe voordele geniet, en dit is selfs meer die

geval wanneer jy die boek lees. Ek het diepsinnige dinge in my gesprekke ingebou, so hierdie Wet is nie iets wat jy kan onderrig nie. En julle is nie toegelaat om my oorspronklike woorde as jou eie woorde te gebruik nie, anders is dit plagiaat van die Wet. Die enigste manier om dit te doen, is om my oorspronklike woord te gebruik en iets byvoeg soos, "dit is wat die Leermeester gesê het", of "dit is wat in die boek is." Dit is die enigste manier waarop julle dit kan doen. En waarom is dit? Omdat wanneer jy daaroor praat op daardie wyse, dra jou woord die krag van die Groot Wet. Jy kan nie jou eie begrip neem en dit versprei asof dit Falun Dafa is nie, of anders wat jy onderrig is nie Falun Dafa nie, en wat jy doen, is omtrent dieselfde as om ons Falun Dafa te beskadig. Wanneer jy dinge sê gebaseer op jou eie idees, of gebaseer op jou eie denke, is dit nie die Wet nie, en dit kan nie mense red nie, en dit sal geen effek hê nie. Dit is waarom niemand in staat is om hierdie Wet te onderrig nie.

Die manier waarop julle die praktyk versprei is om die audio bande of videobande vir studente te speel by ons oefen terreine of instruksie plekke, en dan onderrig die Assistente die oefeninge. Julle kan die formaat van groepbesprekinge gebruik, waar mense van mekaar leer en met mekaar deel en bespreek. Ons vereis dat julle dit op daardie wyse doen. Nog 'n ding is dat julle nie behoort 'n student ('n dissipel) wie Falun Dafa versprei "Leermeester," of "Meester," of wat-ook-al noem nie. Daar is net een meester in Dafa. Ongeag hoe vroeg iemand die praktyk opgeneem het nie, hy is steeds 'n dissipel.

Wanneer julle die praktyk versprei miskien sal sommige van julle wonder, "Leermeester kan 'n Wet Wiel in mense plaas en hulle liggame verstel. Maar ons kan dit nie doen nie..." Moet nie bekommer nie. Ek kan julle nou verseker - elke student het my Wet Liggaam agter hom, en dit is nie net een nie. So my Wet Liggame sal daardie dinge doen. Wanneer jy iemand onderrig sal hy 'n Wet Wiel reg daar-en-dan kry as hy die karmiese verwantskap daarvoor het. As hy minder van 'n karmiese verwantskap het, nadat sy liggaam weer gebalanseer is, sal hy stadigaan 'n Wet Wiel deur praktisering kry, en my Wet Liggame sal hom help om sy liggaam te herbalanseer. En daar is ander maniere ek kan julle vertel. Die mense wie die Wet studeer en die praktyk onderrig deur my boeke te lees, deur na my video's te kyk, of na my audio te luister, as hulle hulleself regtig as praktisyne kan beskou, dan sal hulle die dinge kry wat hulle veronderstel is om te ontvang net dieselfde.

Ons laat nie ons studente toe om ander mense te genees nie. Falun Dafa studente is absoluut nie toegelaat om genesing te doen nie. Ons onderrig julle om opwaarts te kultiveer, ons laat julle nie toe om enige verknogtheid te ontwikkel nie, en ons gaan jou nie jou liggaam laat op mors nie. Die veld by ons oefen terrein is beter as enige ander. As jy net die oefeninge in daardie veld kan doen, is jy beter af as wat jy jou gesondheidprobleem laat behandel het. My Wet Liggame sit in 'n sirkel, daar is 'n koepel oor die energie veld waar ons oefen, en bokant die koepel is 'n yslike Wet Wiel en 'n baie groot Wet Liggaam wat waghou oor die veld. Hierdie veld is geen gewone veld nie - dit is nie soos die veld by die gemiddelde oefen terrein nie. Dit is 'n kultivering veld. Baie van ons wie vermoëns het, het die veld gesien wat ons Falun Dafa het, en dit is omhul in rooi lig, die hele ding is rooi.

My Wet Liggame is eintlik in staat om 'n Wet Wiel hulle self in te plaas, maar ons wil nie julle verknogthede aanpor nie. Wanneer jy vir iemand die oefeninge onderrig mag hy sê, "hene! ek het nou 'n Wet Wiel." En jy mag dink dat jy dit geplant het. Maar dit is nie wat gebeur het nie. Ek vertel julle hieroor sodat dit nie daardie verknogtheid sal aanpor nie. Dit is my Wet Liggame wie al hierdie ding doen. Dit is hoe ons Falun Dafa dissipels die praktyk behoort te versprei.

As iemand met die oefeninge van Falun Dafa peuter, beskadig hy Dafa, hy beskadig hierdie dissipline. Sommige mense het ons oefening instruksies in rympies gemaak. Dit is heeltemal verbode. Alle ware kultivering metodes is oorgeërf van antieke eeue, hulle is oorgeërf van antieke tye en hulle het ontelbare Groot Geestelike Verligte Wesens gesmee deur kultivering. Niemand het dit gewaag om

hierde dinge te raak nie, selfs nie een bietjie nie. Alleenlik in die Eeu van die Wet se Einde het hierdie soort van ding opgekom, dit sou nooit tevore gebeur het nie. Vergeet dit nooit, ooit nie.

## DIE VIERDE GESPREK

### Verlies en wins

In die kultivering wêreld praat mense dikwels oor die verband tussen verlies en wins, en gewone mense praat oor dit, ook. Hoe behoort ons praktisyne verlies en wins hanteer? Nie soos gewone mense nie. Die enigste ding wat gewone mense aan dink is oor hulle eie wins en hoe om goed en gerieflik te leef. Maar ons praktisyne is nie soos dit nie, ons is net die teenoorgestelde. Ons soek nie die dinge wat gewone mense wil hê nie, maar wat ons kry is iets wat gewone mense nie kan nie, al wil hulle ook ... behalwe as hulle kultiveer.

Gewoonlik, wanneer ons na verlies verwys, is dit nie 'n smal ding nie. Wanneer jy praat oor verlies, mag sommige mense wonder of dit oor 'n bietjie geld te skenk is, 'n bietjie hulp aan te bied vir mense wie jy sien in die nood is, of 'n bietjie vir die bedelaar wie jy op die straat sien te gee. Dit is 'n tipe van opgee en dit is ook 'n tipe van verlies, maar dit is alleenlik om geld of materiële dinge, daardie een kwessie, ligtelik op te neem. Om geld op te gee is natuurlik een aspek van verlies, en dit is 'n redelike groot een. Maar die verlies wat ons oor praat is nie so smal nie. In die proses van kultivering, is ons praktisyne, so ons moet soveel verknogthede prysgee, soos afwys, jaloesie, wedywering, om te verheug te wees - 'n hele klomp verknogthede moet heeltemal geëlimineer word. Die verlies wat ons oor praat, is breër. Deur die hele loop van kultivering behoort ons al daardie verknogthede en verskillende begeertes wat gewone mense het, verloor.

Nou, miskien dink sommige mense, "Ons doen ons kultivering tussen gewone mense. As ons alles verloor, sou dit ons nie dieselfde as monnike en nonne maak nie? Om alles te verloor klink onmoontlik." In ons dissipline, vir die gedeelte wie tussen gewone mense kultiveer, is dit nodig dat ons in die gewone wêreld kultiveer, en by die maniere van gewone mense hou so vêr as moontlik. Ons vra jou nie om regtig enige materiële dinge te verloor nie. Ongeag hoe hoog jou offisiële rang is, en ongeag hoe ryk jy is: die hoofsaak is of jy daardie verknogtheid kan laat gaan.

Ons dissipline fokus direk op jou verstand. Wanneer iets op die spel is, of wanneer jy probleme met iemand het, of jy daardie dinge ligtelik kan neem, dit is die sleutel. Die kultivering in kloosters en diep in die berge of woude, is bedoel om jou heeltemal af te sny van die gewone wêreld, en dit is om jou te forseer om die verknogthede van gewone mense te verloor, dit ontken jou materiële dinge, sodat jy moet verloor. Maar mense wie in die omgewing van gewone mense kultiveer, neem nie daardie benadering nie. Ons moet onpartydig word teenoor daardie dinge terwyl ons bly by 'n gewone persoon se manier van lewe. Dit is dit regtig moeilik, natuurlik. En dit is wat mees kritiek is in ons dissipline. So, die verlies wat ons oor praat is breed, nie nougeset nie. So, in sovêr as om 'n goeie daad te doen en 'n bietjie geld te skenk, gaan kyk na die bedelaars op die straat deesdae, - sommige van hulle is professioneel en hulle het meer geld as jy. Ons behoort op die groter dinge fokus, nie triviale dinge nie. Hierdie is kultivering, reg? Dan behoort ons op groter dinge fokus, en ons behoort met ons kultivering openlik en met waardigheid aangaan. In die proses van verlies, wat ons regtig verloor is slegte dinge.

Mense dink dikwels dat wat hulle wil hê, goeie dinge is. Maar die feit is, wanneer jy na dit kyk vanaf 'n hoë vlak, dis alles net vir die onmiddellike bevrediging waarvan gewone mense van hou. Godsdienste het gesê: ongeag hoe ryk jy is of hoe hoog jou rang is, dit duur alleenlik vir 'n paar dosyn jare, dit kan nie met geboorte saamgebring word nie, en kan nie saamgeneem word met die dood nie. So waarom is gong so kosbaar? Omdat dit direk op jou meester siel groei, dit kan met jou saamgebring word met geboorte en saamgeneem word met die dood, en dit besluit jou Rypwording direk. So dit is nie maklik

om dit te kultiveer nie. Met ander woorde wat jy prysgee is slegte dinge, en alleenlik op hierdie manier sal jy in staat kan wees om na jou oorspronklike, ware self terug te keer. So wat is dit wat jy kry? Jou vlak is verhoog, jy bereik uiteindelik ’n Ware Rypwording, en jy bereik perfeksie - wat dit oplos is die fundamentele probleem. Natuurlik, as ons gewone mense se verskillende begeertes wil verloor en die standaard van ’n ware kultiveerder bereik en as ons dit onmiddellik wil bereik, dan is dit nie maklik nie. Jy moet dit geleidelik doen. Hoor jy wat ek sê “doen dit geleidelik” - as jy sê “Leermeester het vir my gesê om dit geleidelik te doen, so ek sal net my tyd neem.” Maar dit is nie reg nie! Jy moet streng met jouself wees, maar ons laat jou toe om geleidelik te verbeter. As jy dit vandag onmiddellik wil bereik, sal jy vandag ’n Boeddha wees, en dit is net nie realisties nie. Jy sal geleidelik daar kom.

Wat ons verloor, eintlik, is iets sleg. En wat is dit? Dit is karma en dit is verweef met al die verskillende verknogthede wat mense het. Byvoorbeeld, gewone mense het allerhande soorte karakter foute, en hulle doen allerhande soorte slegte dinge om hulleself te bevoordeel. So hulle kry hierdie swart materie, karma, wat direk verbind is aan ons eie verknogthede. Om daardie slegte dinge te verwyder, moet ons eerste ons denke omdraai.

## Karma transformering

Daar is ’n proses wat die wit materie en die swart materie inmekaar kan transformeer. Nadat mense in ’n konflik was, is daar ’n transformasie proses. As jy iets goed gedoen het, kry jy die wit materie, deug, en as jy iets slegs gedoen het, kry jy die swart materie, karma. Daar is ook ’n oorerflike en oorlewer proses. Iemand mag vra, “Is dit van slegte dinge vroeër in jou lewe doen?” Dit is nie altyd die geval nie, omdat die karma wat jy geakkumuleer het is nie net van een leeftyd nie. In die kultivering wêreld word dit geglo dat die meester siel nie sterf nie. As die meester siel nie sterf nie, dan mag hy sosiale interaksies voor hierdie lewe gehad het, en hy mag, in daardie vorige sosiale interaksies, iemand iets geskuld het, iemand gebruik het, of ander slegte dinge gedoen het, soos dood maak, wat gelei het na hierdie tipe van karma. Hierdie dinge kan aanhou akkumuleer in ander dimensies, en hulle sal altyd met jou saamgaan. Dieselfde is waar vir die wit materie. Maar dit is nie die enigste bron nie. Daar is ’n ander geval waar dit van jou familie of voorouers kon geakkumumuleer het of aangegee was. Ouer mense het gesê, “bou deug op, bou deug op!” Jou voorouers het deug opgebou, hierdie persoon verloor deug, hy verminder sy deug!” Wat hulle gesê het was heeltemal reg. Gewone mense deesdae wil nie hiervan hoor nie. As jy vir jong mense vertel oor die gebrek aan deug, of deug kort kom, sal hulle dit nie een bietjie ter harte neem nie. Maar die waarheid is, die betekenis is nogal diep, en dit is nie net sommer ’n konsep wat van onlangse generasies se denke en denkwyse kom nie. Dit bestaan regtig wesenlik. Ons menslike liggame het beide hierdie soorte van materie.

Sommige mense vra, “Is dit waar dat as jy baie swart materie het jy nie tot hoër vlakke kan kultiveer nie?” Ja, jy kon dit sê. Mense wie baie swart materie het, se begripsvermoë is daardeur geaffekteer. Dit vorm ’n veld rondom jou liggaam, omhul jou, dit sny jou af van die natuur van die heelal, om Waar, Goed, en Verduur te wees, so hierdie soort van persoon mag swak begripsvermoë hê. Wanneer ander mense praat oor dinge soos kultivering en qigong dink hy dit is alles blinde geloof, en hy glo glad nie daaraan nie. Hy dink dit is belaglik. Dit is gewoonlik hoe dit is, maar dit is nie absoluut nie. So beteken dit dat as hy wil kultiveer, dit regtig moeilik sal wees, en dat sy gong nie baie hoog kan gaan nie? Nee, nie heeltemal nie. Ons sê dat “die Groot Wet grensloos is” - kultivering hang alles af van jou verstand. Die meester lei jou deur die deur, maar kultivering hang van jou af. Dit hang alles af van hoe jy jouself kultiveer. En of jy kan kultiveer, dit alles hang af of jy kan verduur, of jy opofferings kan maak, en of jy

die swaarkry kan vat. As jy in staat is om jou wilskrag te versterk, kan geen moeilikheid jou blokkeer nie, en ek sou sê, dit sal glad nie ’n probleem wees nie.

’n Persoon met meer van die swart materie moet gewoonlik meer opofferings maak as iemand met meer van die wit materie. Aangesien die wit materie direk in lyn is met die natuur van die heelal, wat is om Waar, Goed en Verduur te wees, solank as hy sy karakter verbeter en om staat is om homself te verbeter wanneer hy in ’n misverstand is, sal sy gong groei. Dit is so eenvoudig. ’n Persoon met meer deug het beter begripsvermoë, en hy kan swaarkry vat - “om die liggaam te werk, om die wilskrag te versterk” en selfs as hy meer met sy liggaam verduur en minder met sy verstand, sal hy steeds in staat wees om gong te verhoog. Maar dit sal nie werk vir mense met meer swart materie nie. Eers sal hulle deur hierdie proses moet gaan, waar die swart materie getransformeer moet word in wit materie. Dit is die proses, en dit is uiters pynlik. Dit is waarom iemand met swak begripsvermoë gewoonlik baie meer swaarkry moet verduur, en met sy groot karma en swak begripsvermoë, is dit selfs moeiliker vir hom om te kultiveer.

Ek sal vir julle ’n konkrete voorbeeld gee, en ons sal kyk hoe sommige mense kultiveer. Om te kultiveer in meditasie, moet jy jou bene vir ’n lang tyd kruis, en sodra hulle gekruis is, pyn jou bene en voel soos naalde en spelde. Na ’n ruk begin jy angstig voel, en dan word jy regtig angstig, - jy “werk die liggaam en matig jou wilskrag.” Jou liggaam voel nie goed nie en jou verstand ook nie. Sommige mense is bang vir die pyn van gekruisde bene, en so maak hulle hulle bene los en wil nie aangaan nie. En sommige mense kan dit nie vat dat hulle bene vir ’n bietjie langer gekruis is nie. Maar wanneer hul hulle bene los maak was die meditasie dan verniet. Die oomblik dat hulle bene pyn van om gekruis te wees, spring hulle op en beweeg rond, en dan kruis hul hulle weer. Ons dink dit is net nie effektief nie. Die rede is, wanneer hulle bene seer kry, kan ons sien dat die swart materie hulle bene aanval. Die swart materie is karma, en lyding elimineer karma en omskep dit in deug. Sodra dit seer is, begin die karma om geëlimineer te word, en hoe meer die karma afdruk, hoe meer is sy bene seer. So daar is ’n rede agter die pyn in sy bene. Mense wie mediteer voel gewoonlik die pyn in hulle bene kom in golwe, en die pyn duur vir ’n ruk, dit word ondraaglik en dan nadat die pyn weg is, is daar ’n bietjie verligting, maar nie vir lank nie, omdat die pyn weer begin. Dit is gewoonlik hoe dit gaan.

Karma kom een stuk op ’n slag af, so nadat ’n stuk geëlimineer is, voel jou bene ’n bietjie beter. Maar na ’n rukkie, hier kom nog ’n stuk, en jou bene begin weer seer word. Nadat die swart materie geëlimineer is, gaan dit nie verlore nie, hierdie materie is nie vernietig nie — nadat dit geëlimineer is verander dit direk in die wit materie. En hierdie wit materie is deug. So waarom kan dit soos dit transformeer? Omdat hy swaarkry verduur het, hy het die prys betaal, en hy het die pyn verduur. Ons glo dat deug verkry word wanneer jy pyn verduur, swaarkry verduur, en goeie dinge doen. Dit is waarom dit gedurende meditasie gebeur. Met sommige mense, sodra hulle bene ‘n bietjie seer kry sal hulle opspring en rondbeweeg voordat hulle hulle bene weer op sit. Dit is glad nie effektief nie. Wanneer sommige mense die staande oefening doen, word hulle arms moeg, en hulle kan dit nie vat nie, so hulle laat hulle arms sak. Dit is regtig net nie effektief nie. Wat is daardie klein bietjie lyding? Ek sou sê as iemand sukses kon hê in kultivering net deur sy arms soos dit op te hou, sou dit heeltemal te maklik wees. So hierdie dinge gebeur wanneer mense in meditasie kultiveer.

Ons dissipline neem nie daardie benadering vir die meeste deel nie, maar dit het steeds ’n sekere rol. Ons transformeer karma hoofsaaklik deur spanninge met ander mense wie ons karakter toets. Dit is hoe dit gewoonlik uitspeel. Wanneer jy ’n probleem teëkom met iemand, of baie wrywing met iemand het, kan dit selfs erger wees as daardie pyn. Ek sou sê dat liggaamlike pyn die maklikste is om te

verdra—jy kners net op jou tande en dit is verby. Maar wanneer mense teen mekaar knoei, dit is wanneer dit die moeilikste is om jou verstand te beheer.

Hier is 'n voorbeeld. Daar is hierdie person wie sodra hy by sy werk arriveer hoor hy twee mense slegte dinge oor hom sê, en wat hulle sê is net aaklig, en hy word woedend kwaad. Maar ons het gesê, dat as 'n praktisyn, behoort jy nie terug te slaan wanneer jy aangeval word nie, of terug praat wanneer beledig word nie — jy behoort jouself tot 'n hoë standaard te hou. So hy dink, "Leermeester het gesê dat ons praktisyne anders is as ander mense, en dat ons baie vergewensgesind moet wees." Hy argumenteer nie met daardie twee persone nie. Maar, gewoonlik wanneer 'n konflik opduik, as dit jou nie provokeer nie, tel dit nie, dit werk nie, en jy sal nie in staat wees om daarvan te verbeter nie. So die ou kan nie oor dit kom nie, hy voel vererg en miskien kan hy dit nie uit sy verstand kry nie, en hy wil aanhou omdraai en na die twee mense loer wat slegte dinge oor hom sê. Hy draai om, en kyk, en daar is daardie twee in die middel van 'n ernstige gesprek met gemene uitdrukkings op hulle gesigte. Hy kan dit nie eers vir een sekonde langer vat nie, sy woede bars los, en daar is 'n goeie kans dat hy reg daar op die plek met hulle sal baklei. Dit is regtig moeilik om jou verstand onder beheer te hou wanneer jy in die middel van 'n probleem met iemand anders is. Ek sou sê dat, as alles deur meditasie gehanteer kan word, sou dit maklik wees, maar dit is nie hoe dit werk nie.

So, van nou af aan in jou praktyk, sal jy allerhande tribulasies teëkom. Hoe kon jy kultiveer sonder hulle? Met almal wat mekaar aangenaam behandel, met geen gestryery om jouself te bevorder nie en niks wat jou verstand steur nie, jy sit net daar en jou karakter sou verbeter? Dit is nie hoe dit werk nie. 'n Persoon moet homself waarlik temper in regte lewens situasies—dit is die enigste manier om jouself te verbeter. Sommige mense wonder - "hoe is dit moontlik dat ons altyd moeilikhede teëkom in ons dag-tot-dag praktyk? Dit is nogal baie dieselfde as wat gewone mense deurgaan." Dit is omdat jy tussen gewone mense kultiveer. Jy sal nie skielik onderstebo gegooi word nie, opswewe, in die lug hang, en dan in die lug opgepluk word om swaar te kry nie—dit gaan nie gebeur nie. Hulle sal almal situasies wees wat gewone mense het, waar iemand moeilikheid met jou soek, iemand maak jou kwaad, iemand behandel jou sleg, of iemand sê uit die bloute iets onbestof aan jou. Dit is net om te sien hoe jy hierdie dinge hanteer.

Waarom kom ons hierdie probleme teë? Dit is alles deur jou eie karmiese skuld veroorsaak. Ons het dit alreeds vir jou met ontelbare proporsies verminder, en daar is alleenlik 'n klein bietjie oor, wat oor verskillende vlakke versprei word sodat jy jou karakter kan verbeter. Die tribulasies is opgestel om jou verstand te temper en van jou verskillende verknogthede ontslae te raak. Hulle is jou eie tribulasies en ons gebruik hulle om jou karakter te verbeter. Jy behoort in staat te wees om almal van hulle te bowe te kom. Solank as wat jy jou karakter verbeter, sal jy in staat wees om hulle te oorkom—dit is net dat jy hulle miskien nie wil oorkom nie. As jy hulle wil oorkom, kan jy. So van hier af aan uit, wanneer jy 'n probleem teëkom, behoort jy nie te dink dit is net per toeval nie. Dit is omdat wanneer 'n konflik opduik, miskien kom dit uit die bloute, maar dit gebeur nie per toeval nie. Dit is om jou karakter te verbeter. Solank as jy jouself as 'n praktisyn beskou, sal jy in staat wees om dit goed te hanteer.

Natuurlik, sal jy nie gesê word wanneer tribulasieë of konflikte gaan kom nie. As alles vir jou vertel word hoe sou jy kultiveer? Dit sou die doel verydel. Hulle kom gewoonlik onverwags, en alleenlik op hierdie manier sal jou karakter getoets word, alleenlik op hierdie manier sal jou karakter werklik verbeter, en alleenlik op hierdie manier kan ons vertel of jy jou karakter kan bewaak of nie. Daarom kom konflikte nie per toeval nie. So deur die hele loop van jou kultivering, wanneer ook al karma transformeer sal jy dit teëkom, en dit is baie moeiliker as om net die liggaam te werk, soos gewone mense dit voorstel - jy doen 'n paar oefeninge, doen hulle 'n bietjie langer, hou jou arms so lank op dat

hulle seer word, of staan so lank stil jou bene word moeg ... en dan groei jou gong net? Jy doen net oefeninge vir ’n paar uur meer en jou gong kan groei? Dit transformeer net jou ingebore liggaam, maar dit het steeds energie nodig om dit te versterk, en dit verhoog nie jou vlak nie. Om jou wilskrag te matig is die sleutel om waarlik jou vlak te verhoog. As jy kon verbeter net deur om jou liggaam te werk, sou ek sê Sjina se boere kry die meerste swaar, so behoort hulle nie almal groot Qigong Meesters te wees nie? Jy kan die liggaam werk al wat jy wil, en dit is niks in vergelyking met wat hulle doen nie, wie in die velde arbei dag-na-dag onder die bakkende son, hulle ly soveel en put hulleself uit. So dit is nie so eenvoudig nie. Dit is waarom ons sê dat as jy werklik wil verbeter, moet jy jou verstand verbeter. Dit is regte verbetering.

Terwyl karma transformeer as ons dit goed gaan hanteer en nie ’n gemors van dinge maak soos gewone mense nie, moet ons altyd ’n barmhartige hart behou en ’n kalm verstand hê. Dan wanneer jy skielik ‘n probleem teëkom sal jy in staat wees om dit goed te hanteer. As jou verstand altyd so rustig en barmhartig is, wanneer jy skielik ‘n probleem teëkom is, wanneer probleme skielik opduik, sal jy gewoonlik ’n buffer en spasie hê om oor dit na te dink. Maar as jou verstand altyd besig is om met ander mense te argumenteer, en oor dit en dat te baklei, dan sou ek sê sodra jy ’n probleem teëkom sal jy begin baklei. Ek waarborg dit. So, wanneer jy in ‘n konflik kom, sou ek sê dit is bedoel om die swart materie in jou liggaam te transformeer na wit materie, na deug.

Ons menslike wesens het vandag tot hierdie groot mate ontwikkel, en omtrent almal het karma op karma gebou – almal se liggame het ’n redelike groot hoeveelheid karma. So, sovêr as karma se transformering gaan, dit is wat gewoonweg gebeur: terwyl jou gong groei en terwyl jou karakter verbeter, verminder jou karma terselfdertyd, en transformeer terselfde tyd. En wanneer jy probleme met ander mense teëkom, kan dit opwys in wrywing wat jou karakter temper. As jy dit kan verduur is jou karma geëlimineer, jou karakter is verbeter en jou gong groei. Hulle is almal geïntegreer. Mense in die verlede het baie deug gehad, en hulle karakters het hoog begin. Hulle het net ’n bietjie swaar gekry en hulle kon hulle gong vermeerder. Maar mense deesdae is nie soos dit nie. Sodra hulle swaar kry, wil hulle nie meer kultiveer nie, en dit word vir hulle al hoe swaarder om na dit te ontwaak en nog swaarder vir hulle om te kultiveer.

In kultivering, wanneer jy regtig moeilikheid met iemand het, of wanneer ander mense jou sleg behandel, kan dit net een of twee scenario's wees. Een is dat jy hulle miskien mishandel het in jou vorige lewe. Jy voel verontreg - “Waarom behandel hulle my soos dit?” Wel, waarom het jy hulle voorheen soos dit behandel? Jy sou sê, “Ek weet niks omtrent voorheen nie. Hierdie leeftyd het niks te doen met daardie leeftyd nie.” Maar dit werk nie soos dit nie. Daar is ’n ander scenario. Wanneer jy met iemand stry, behels dit die kwessie van transformering van karma, so, wanneer ons elkeen van hulle hanteer behoort ons baie vergewingsgesind wees, en ons behoort nie ons self soos gewone mense te gedra nie. By die werk is daar interaksie met ander mense, en dieselfde gaan vir ander omgewings waar jy werk doen, of as jy vir jouself werk. Dit is onmoontlik om nie enige kontak met die buite wêreld te hê nie, - ten minste integreer jy met jou bure.

In jou sosiale onderhandelinge sal jy allerhande meningsverskille hê. So vir die gedeelte van ons wie kultiveer in die omgewing van gewone mense, ongeag hoeveel geld jy het, hoe hoog jou offisiële rang is nie, of jy vir jouself werk of jou eie besigheid het, ongeag wat se soort besigheid jy doen nie, doen dinge regverdig en met integriteit. Al die professies daar buite behoort bestaan, dit is net dat mense integriteit kortkom. Dit gaan nie oor watter soort professie jy in is nie. Daar was ’n gesêgde in die verlede: “Nege uit tien handelaars is skelms.” Dit is wat gewone mense sê. Maar ek sou sê dit is ’n probleem van integritiet. As mense integriteit het, en mense besigheid eerlik doen, hoe meer moeite jy

in sit, hoe meer geld behoort jy te maak. Jy kry dit alleenlik omdat jy moeite in gesit het in hierdie gewone wêreld - geen verlies, geen wins - dit word gekry deur moeite. Jy kan 'n goeie persoon wees in enige sosiale klas, en daar is verskillende soorte konflikte in verskillende sosiale klasse. Die hoër klas het hoër klas tipe konflikte, en hulle almal kan reg gehanteer word - wat ook al sosiale klas jy in is, vir hoe om 'n goeie persoon te wees kan julle almal allerhande begeertes en verknogthede laat gaan. In verskillende klasse kan jul julle almal wys om goeie mense te wees, en almal van julle kan kultiveer in jou eie sosiale klasse.

Deesdae in Sjina, ongeag of dit die staatsbeheerde ondernemings is of ander besighede is, die probleme wat mense met mekaar het, is regtig uniek. Ander lande het nooit 'n verskynsel soos hierdie gehad nie. So die struwelinge wat mense met mekaar het om beter as andere te doen, is baie intens, hulle komplot teen mekaar en stamp en stoot, hulle baklei vir triviale wins, en die gedagtes wat hulle het, en die truuks wat hulle speel is almal aaklig. Dit is selfs moeilik om 'n goeie mens te wees. Byvoorbeeld: iemand kom werk toe en kry die gevoel dat die atmosfeer daar nie reg is nie. Later, vertel iemand hom “so-en-so” het 'n groot ophef van jou gemaak, en het na die toesighouer gegaan en jou gerapporteer. “Hy het jou reputasie beswadder.” Almal kyk na hom op 'n vreemde manier. Hoe kon gewone mense dit verduur? Hoe kon hulle daardie soort mishandeling verduur? “Hy doen slegte dinge aan my. Ek sal slegte dinge aan hom doen.”“Hy het mense aan sy kant, maar ek het ook mense aan my kant. Laat ons baklei.” Tussen gewone mense as jy dit doen, sal gewone mense sê jy is sterk. Maar vir 'n praktisyn, sal dit net aaklig wees. As jy baklei en stry soos ‘n gewone mens, is jy net 'n gewone mens. En as jy dit met meer geesdrif as hom doen, dan is jy nie eers so goed soos daardie gewone mens nie.

Hoe behoort ons dan daardie insident te hanteer? Wanneer jy daardie tipe konflikte teëkom, behoort ons eers kalm bly, en ons behoort dit nie dieselfde manier te hanteer soos hy het nie. Natuurlik, kan ons dit op 'n gawe manier verduidelik, ons kan dinge duidelik maak - dit is nie 'n probleem nie. Maar jy behoort nie te verknog te raak nie. Wanneer ons hierdie probleme teëkom, behoort ons nie te baklei en wedywer soos ander mense nie. As hy daardie manier optree, en jy tree daardie manier op, ook, is jy nie 'n gewone mens nie? Nie net behoort jy nie te baklei en wedywer soos hy nie, jy behoort hom ook nie te haat nie. Regtigwaar, jy behoort hom nie te haat nie. Sodra jy hom begin haat, word jy nie kwaad nie? Dan het jy versuim om by verdraagsaamheid te lewe. Ons streef om Waar, Goed, en Verduur te wees. En wat meer is, jou Goedheid is nêrens te vinde nie. So jy behoort nie soos hom op te tree nie, en jy behoort regtig nie vir hom kwaad te wees nie, al het hy jou reputasie swartgesmeer op kantoor en jou in die skande gesteek. Nie alleenlik behoort jy nie vir hom kwaad te wees nie, jy behoort hom uit die diepte van jou hart te bedank - regtig te bedank. Miskien sal 'n gewone mens op hierdie manier dink: “Is dit nie om soos daardie patetiese ou, Ah-Q, te wees nie?” Ek kan jou vertel, dit is nie die geval nie.

Laat ons daaroor dink. Jy is 'n praktisyn, behoort jy nie 'n hoër standaard te volg nie? Jy behoort nie die kriteria volg wat gewone mense by hou nie. Jy is 'n kultiveerder, so is daardie dinge wat jy kry, nie van hoër vlakke nie? Dan behoort jy die kriteria van hoër vlakke volg. As jy dieselfde manier soos hy optree, is jy nie dieselfde as hy nie? Waarom dan moet jy hom bedank? Dink daaroor, wat sal jy kry? In hierdie heelal is daar 'n Wet genoem - “geen verlies, geen wins” - as jy wil verkry, moet jy verloor. Hy het jou tussen gewone mense beswadder, hy is gekonsidereer as die party wie wen, aangesien hy voordeel getrek het teen jou verlies. Hoe erger hy jou beswadder het, hoe meer ernstig die impak, hoe meer jy skouer, en hoe meer deug verloor hy - en daardie deug word alles aan jou gegee. Terselfdertyd, wanneer jy dit skouer neem jy dit ligtelik op en neem dit nie ter harte nie.

Daar's nog 'n Wet in hierdie heelal: jy is die een wie baie swaar gekry het, so jou eie karma sal getransformeer word. Jy het die prys betaal, so hoeveel jy gedra het, dit is hoeveel getransformeer word, en dit verander alles na deug. Is dit nie hierdie deug wat 'n praktisyn wil hê nie? Het jy nie op twee maniere nie verkry nie? - jou karma is ook geëlimineer. As hy nie daardie situasie vir jou geskep het nie, waar sou jy jou karakter verbeter het? Jy behandel my mooi, en ek behandel jou mooi, en ons sit daar en kom baie goed oor die weg, en dan groei jou gong net - hoe kon dit gebeur? Dit is presies omdat hy vir jou die konflik geskep het, omdat hy daardie geleentheid geskep het om jou karakter te verbeter, dat jy jou karakter daardeur kan verbeter. Word jou karakter nie verbeter nie? Jy het op drie maniere verkry. Jy is 'n praktisyn. So nou dat jou karakter verbeter het, word jou gong nie vermeerder nie? Jy het op vier maniere verkry alles op een slag. Hoe kon jy dan nie daardie persoon bedank nie? Jy behoort hom regtig uit die diepte van jou hart te bedank. Dit is regtig soos dit is.

Natuurlik, sy voorneme was nie goed nie, of anders sou hy nie vir jou deug gegee het nie. Maar hy het vir jou 'n kans geskep vir jou om jou karakter te verbeter. So met ander woorde ons behoort klem te lê op kultivering van ons karakter, en terwyl jy jou karakter kultiveer is jou karma geëlimineer, en dit word getransformeer na deug, en alleenlik op hierdie wyse kan jy jou vlak verhoog. Hulle komplimenteer mekaar. Wanneer jy daarna kyk vanaf 'n hoë vlak, het die waarhede almal verander. 'n Gewone mens kan dit nie verstaan nie, maar wanneer jy daarna kyk vanaf 'n hoë vlak is die hele ding onderstebo gedraai. Die manier gewone mense dit sien, egter, is dit korrek. Maar dit is nie waarlik korrek nie. Alleenlik wanneer jy na dinge vanaf 'n hoë vlak kyk is hulle waarlik korrek. Oor die algemeen dit is hoe dit is.

Ek het die idee deeglik aan julle verduidelik. Ek hoop in julle latere kultivering julle almal in staat sal wees om julle self as praktisyne te sien en waarlik kultiveer, want die beginsels is reg hier uiteengesit. Miskien, sommige mense, omdat hulle tussen gewone mense is, dink dat gewone mense se konkrete, tasbare voordele reg daar voor hulle is, is steeds meer prakties. In die magtige vloed van gewone mense is hulle nie in staat om hulleself tot hoë standaard te hou nie. As jy 'n goeie gewone mens wil wees kan jy helde en voorbeeldige burgers neem as jou voorbeeld. Daardie is gewone mense se rol modelle. Maar as jy 'n kultiveerder wil wees, dan hang jou kultivering alles van jou eie verstand af, en jou begrip hang alles af van jou eie self, daar is nie enige rolmodelle nie. Die goeie ding is, ons het nou die Groot Wet laat bekend word, waar voorheen, al wou jy kultiveer, was daar net nie enige iemand wie jou sou onderrig nie. So, volg die Groot Wet, en miskien kan jy 'n bietjie beter doen, of jy kan kultiveer, of dit uit sal werk en watter vlak jy sal na deurbreek – alles hiervan hang van jouself af.

Natuurlik, die manier waarop karma getransformeer word, is nie altyd in die vorm wat ek nou net beskryf het nie. Dit kan ook uitgedruk word in ander arenas, buite in die wêreld, by die huis, - dit kan enige plek plaasvind. Miskien kom jy probleme teë terwyl jy in die straat afloop, of dit kon êrens anders in die wêreld wees. Die verknogthede wat jy nie kan laat gaan tussen gewone mense nie moet almal gaan. Al jou verknogthede solank as wat jy hulle het, moet in verskillende situasies en omstandighede almal afgeslyp word. Jy sal struikel en vanuit daardie die waarheid begryp. Dit is hoe jy kultiveer.

Daar's nog 'n redelike tipiese situasie. Vir baie mense in die proses van kultivering, wanneer jy die kultivering oefeninge doen, sal jou eggenoot soms regtig ongelukkig word, en hy sal met jou baklei sodra jy die oefeninge begin doen. Maar as jy ander dinge doen sal hy jou nie hinder nie. Veronderstel jy mors baie tyd deur Mah Jong speel. Hy sal nie gelukkig wees nie, maar nie so ongelukkig soos wanneer jy oefen. Jou oefeninge veroorsaak geen probleem vir hom nie, en jy gee jou liggaam oefening wat nie met hom inmeng nie - dit is baie goed. Maar sodra jy begin om die oefeninge te doen, sal hy

dinge gooi en baklei. Sommige egpare het baklei tot amper op die punt van egskeiding omdat een van hulle kultivering oefeninge doen. Baie van hulle stop en dink nie oor waarom dit gebeur nie. Lateraan, vra jy hom, "waarom is jy so kwaad wanneer ek my oefeninge doen? Hy kan nie 'n rede vind nie, hy kan regtig nie 'n rede vind nie. "Ja, ek behoort nie so kwaad te wees nie." Maar hy word net woedend op daardie tydstip. "So wat gaan regtig aan"? Wanneer jy die kultivering oefeninge doen, moet karma getransformeer word - "geen verlies, geen wins." Wat verloor word, is slegte dinge, en jy moet betaal.

Miskien sodra as wat jy by die deur inloop, ontplof jou eggenote reg in jou gesig. En as jy dit kan verduur, was vandag se oefeninge nie verniet nie. Miskien kom iemand gewoonweg goed oor die weg met sy vrou, omdat hy weet dat jy deug ernstig moet opneem wanneer jy kultivering oefeninge doen. So hy dink - "Gewoonlik sal sy nie met my verskil nie maar vandag loop sy bo-oor my!" Jou woede kook oor, en jy begin met haar te baklei. Dan was vandag se oefeninge alles vir niks. Dit is omdat karma daar was, en sy het gehelp om dit vir jou te elimineer, maar jy het haar nie toegelaat nie en het met haar begin baklei, so daardie karma was nie geëlimineer nie. Baie sulke dinge gebeur. Meeste van ons het hierdie situasie teëgekom, en ons het nie 'n blaaskans geneem om na te dink oor die rede nie. Wanneer jy ander dinge doen sal sy jou nie soveel pla nie, en al is dit 'n goeie ding, reken sy altyd goed met jou af. Eintlik help sy jou net om jou karma te elimineer, maar sy weet dit haarself nie. Sy baklei nie net met jou op die oppervlak nie, en is tog gaaf met jou aan die binnekant, dit is nie hoe dit is nie. Sy is regtig, werklikwaar kwaad. Dit is omdat wie ook al die karma op val, dit is wie die pyn voel. Dit is definitief so.

## Karakter verbetering

Voorheen, was baie mense nie in staat om hulle karakter te bewaak nie, en so hulle het baie probleme teëgekom, en hulle kon nie verder gaan nadat hulle tot by 'n sekere vlak gekultiveer het nie. Sommige mense is gebore met redelike hoë karakter, en wanneer hulle kultivering oefeninge doen gaan die Derde Oog onmiddellik oop en hulle bereik sekere ryke. Daardie persoon se basis is redelik goed en sy karakter is hoog, so sy gong verhoog vinnig. Wanneer sy gong gestyg het tot waar sy karakter is, as hy sy gong verder wil verhoog, sal die spanninge opmerklik word, en hy sal moet aanhou om sy karakter te verbeter. Dit is selfs meer waar vir iemand wie met 'n goeie basis gebore is. Hy voel sy gong vorder mooi en sy praktyk gaan goed. Hoe is dit dat daar soveel probleme skielik opkom? Hoe is dit alles word suur. Almal behandel hom sleg, sy baas kyk neer op hom, en dinge by die huis word gespanne. Hoe is dit dat soveel probleme skielik opkom? Hy het dit nog steeds nie verstaan nie. Sy basis is goed, en so hy was in staat om 'n sekere vlak te bereik, en nou verskyn hierdie kultivering toestand. Maar hoe kon dit die uiteindelike Perfeksie standaard wees vir 'n kultiveerder? Sy kultivering het steeds 'n lang pad om te gaan! Jy moet aanhou om jouself te verbeter. Dit was as gevolg van daardie bietjie basis wat jy saam met jou gebring het - dit is waarom jy in staat was om daardie kultivering toestand te bereik. As jy verder wil verbeter moet die standaard verhoog word.

Sommige mense sê, "Ek sal 'n bietjie meer geld maak en seker maak dat my familie goed gevestig is. Dan sal ek niks hê om oor te bekommer nie en sal gaan om te kultiveer." Ek sou sê jy droom. Jy kan jou nie met ander mense se lewens inmeng nie, jy kan nie hulle noodlot beheer nie, al is dit jou vrou s'n, jou kinders s'n, jou ouers s'n, of jou broers en susters s'n. Is dit iets wat jy besluit? Buitendien, as jy nie enige bekommernisse tuis het nie, en jy het nie enige probleme nie, wat is daar oor vir jou om te kultiveer? Om te praktiseer in totale gemak - wie het ooit daarvan gehoor? Dit is hoe jy daaroor dink, van 'n gewone persoon se standpunt.

Kultivering is iets wat jy reg in die midde van tribulasies doen. Hulle sal toets of jou emosies en begeertes kan verbreek en hulle sal sien of jy hulle ligtelik kan neem. As jy verknog is aan daardie dinge sal jy nie in staat wees om jou kultivering klaar te maak nie. Alles het sy oorsaak. Waarom kan menslike wesens menslik wees? Dit is presies omdat menslike wesens emosies het. Mense leef net vir emosies. Die liefde tussen familielede, die liefde tussen ‘n man en ‘n vrou, liefde vir ouers, gevoelens, vriendskappe, dinge doen vir vriendskap onthalwe – ongeag waar jy gaan, jy kan nie van emosie uitkom nie. Jy wil iets doen, jy wil nie iets doen nie, jy is gelukkig, jy is ongelukkig, jy is lief vir iets, jy haat iets – alles in die samelewing kom heeltemal van emosie. As jy emosie nie verbreek nie, sal jy nie in staat wees om te kultiveer nie. Maar as jy wel uitbreek uit emosie, kan niemand jou affekteer nie, en gewone verknogthede sal nie in staat wees om jou te beïnvloed nie. Wat dit vervang is Barmhartigheid, wat meer eerbaar is. Natuurlik, dit is nie maklik om dit alles op een slag te verbreek nie. Kultivering is ’n lang proses, dit is ’n geleidelike proses om van verknogthede ontslae te raak. Maar jy moet regtig gedissiplineerd wees.

Vir ons kultiveerders kom konflikte skielik op. So wat behoort ons doen? As jy altyd ’n barmhartige hart behou en ’n rustige gemoedstoestand, wanneer jy probleme teëkom, sal jy hulle goed hanteer want dit sal jou ’n ruimte as ’n buffer gee en wanneer ook al jy probleme met ander mense het, jy dink eers of hulle dit kan vat, of dit hulle skade sal aandoen, dan sal jy nie enige probleem hê nie. So, wanneer jy kultiveer behoort jy hoë en selfs hoër standaarde te volg.

Dikwels verstaan sommige mense dit net nie. Sommige mense se Derde Oog is oop en hulle sien Boeddhas. Hierdie persoon gaan huis toe en aanbid Boeddha, en kla by homself, “hoe is dit jy sorg nie vir my nie? Asseblief, asseblief help my om hierdie probleem op te los!” Natuurlik, daardie Boeddha sal nie intree nie. Daardie tribulasie was deur hom opgestel, en dit was om jou karakter te verbeter sodat jy jouself deur die uitdagings kan verbeter. Hoe kon hy dit vir jou oplos? Hy sal dit absoluut nie vir jou oplos nie. As hy dit doen, hoe kon jou gong groei? En hoe kon jou karakter verbeter en jou vlak verhoog? Wat sleutel is, is om jou gong te laat groei. Soos die Groot Geestelike Verligte Wesens dit sien, om mens te wees is nie die doel nie: ’n persoon se lewe is nie om mens te wees nie, maar om vir jou te laat terug keer. Mense dink dat hulle baie swaar kry. Maar hulle dink dat hoe meer jy swaar kry, hoe beter - dit betaal jou skuld vinniger af. Dit is hoe hulle dink. Sommige mense begryp dit nie. Wanneer na Boeddha gepleit word nie werk nie, begin hulle hom blameer, “hoe is dit dat jy my nie uithelp nie? Dag-na-dag buig ek en brand ek wierook na jou.” Sommige mense verpletter selfs Boeddha se standbeeld hieroor, en sê Boeddha sleg van dan af aan. Sodra as wat hy begin sleg praat val sy karakter en sy gong is weg, hy weet daar is niks oor nie, en so verag hy Boeddha steeds meer. Hy dink Boeddha ruïneer hom. Hy gebruik gewone mense se logika om Boeddha se karakter te meet. Hoe kon jy dit op daardie wyse meet? Hy gebruik gewone mense se kriteria om na hoër dinge te kyk - hoe kon dit werk? So, hierdie soort probleem gebeur dikwels, waar ’n persoon dink dat die lyding in sy lewe ’n onreg teen hom is. En daar is baie mense wie af getuimel het op hierdie manier.

In die afgelope paar jare was daar baie qigong meesters wie getuimel het, en dit sluit sommige van die baie bekende name in. Natuurlik, die ware qigong meesters het almal terug gegaan, hulle het hulle historiese missie voltooi en teruggekeer. Daar is alleenlik ’n paar nou oor, wie verlore geword het in die midde van gewone mense met hulle gevalle karakter. Hulle is steeds aktief maar hulle het nie enige gong nou nie. Sommige qigong meesters wie beroemd was, is steeds aktief in die wêreld. Hulle meesters het gesien dat hulle verlore geword het tussen gewone mense, dat hulle gesink het oor roem en profyt, en kon hulle self nie uit trek nie, en dat daar geen hoop vir hulle was nie. So hulle meesters het hulle onderbewuste siele weggeneem. Die gong was alles op die liggaam van hulle onderbewuste siele. Daardie gevalle is tipies en daar is baie van hulle.

In ons dissipline is daardie gevalle redelik min. En selfs wanneer ons hulle het, is hulle nie so opsigtelik nie. Wat ons wel baie van het, egter, is treffende voorbeelde in terme van karakter verbetering. Daar was een student vir wie ’n tekstiel meule in ’n stad in Shandong Provinsie gewerk het. Nadat hy Falun Dafa geleer het, het hy ander werkers by die meule geleer om te praktiseer. Die gevolg was dat hy die moraal deur die hele meule verbeter het. Hy het in die verlede stukke handdoeke van die meule huis toe geneem, en so het al die ander werknemers. Nadat hy ons praktyk geleer het, het hy nie net opgehou om goed huis toe te neem nie, maar hy het ook terug gebring wat hy voorheen huis toe geneem het. Toe ander mense gesien het dat hy dit doen, het hulle ook opgehou om dinge te neem. Sommige werknemers het selfs terug gebring wat hulle voorheen gevat het, dit het dwarsdeur die hele meule gebeur.

Die persoon in bevel van een stad se Assistent sentrum het Falun Dafa studente by ’n fabriek besoek om te sien hoe hulle praktyk gaan. Die fabriek hoof het persoonlik uitgekom om hulle te ontmoet. “Vandat hulle Falun Dafa geleer het, kom hierdie werknemers vroeg werk toe en gaan laat huis toe. Hulle doen ywerige en pligsgetroue werk, hulle is nie uitsoekerig ongeag watter werk hulle opsigter aan hulle toewys, en hulle het ook opgehou om te baklei om hulleself te bevoordeel. Sodra wat hulle begin het om hulle so te gedra het die moraal van die hele fabriek opgegaan. En die fabriek se finansiële opbrengste het selfs verbeter. Jou praktyk is so kragtig, wanneer sal jou Leermeester kom? - ek wil ook na sy lesings gaan.”Die hoofdoel van Falun Dafa kultivering is om mense te op te lei tot hoë vlakke. Dit is nie oor om daardie soort ding te doen nie, maar dit kan baie doen om beter beleefdheid in die samelewing te bevorder. As almal homself binne ondersoek en as almal gedink het hoe om beter op te tree, sou ek sê die samelewing sal stabiliseer en mense se morele standaarde sou styg.

Toe ek die Wet en die oefeninge in Taiyuan Stad onderrig het, was daar ’n student wie in haar vyftigs was. Sy en haar man het die klas kom bywoon. Toe hulle in die middel was om die straat oor te steek, het ’n motor vinnig verby gekom, en die syspieël het die ouer vrou se klere gevang. Met haar klere gevang, het die motor haar meer as 10 meter gesleep en toe “Bam!” – sy was op die grond gegooi. Die kar het nie vir nog ±20 meter gestop nie. Die bestuurder het uit die kar gespring en hy was nie gelukkig nie. “Hai, jy het nie gekyk waar jy gegaan het nie.” Dit is net hoe mense deesdae is - wanneer ook al hulle ’n probleme teëkom is die eerste ding wat hulle doen is om die skuld te ontduik, selfs al is dit hulle skuld. Toe sê die passasier in die kar, “gaan kyk hoe erg sy geval het. Laat ons haar na die hospitaal toe stuur.” Die bestuurder het tot sy sinne gekom en gesê, “hoe voel jy dame? het jy seer gekry? Laat ons na die hospitaal gaan vir ’n ondersoek.” Daardie student het stadig van die grond opgestaan en gesê, “Ek is goed, jy kan nou gaan.” Sy het die stof afgeskud, haar man gegryp en weg gegaan.

Sy het na die klas gekom en my die storie vertel, en ek was bly om dit te hoor. Ons studente het definitief hulle karakter verbeter. Sy het vir my gesê, “Sien Leermeester, ek leer Falun Dafa. As ek nie Falun Dafa geleer het nie sou ek dit nie vandag daardie manier gehanteer het nie.” Laat ons daaroor dink. Sy is afgetree, die lewens koste is so hoog, daar is nie Welsyn voordele nie, sy is oor 50 en sy was so vêr deur ’n kar gesleep en op die grond gegooi. “Waar is jy beseer?” “Orals.” Sy kon net op die grond lê het en nooit opstaan nie. “Gaan na die hospitaal toe? Laat ons gaan.” En sy kon in die hospitaal bly en dit nooit verlaat nie. Wanneer dit met ’n gewone mens gebeur, kon daardie wel die geval wees. Maar sy is ’n praktisyn en sy het dit nie gedoen nie. Ons sou sê dat ’n goeie of slegte uitkoms van een gedagte kom. Die verskil in een gedagte lei na verskillende resultate. Op haar ouderdom, as sy ’n gewone mens was, hoe kon sy nie seergekry het nie? Maar sy was nie eens geskraap nie. ’n Goeie of slegte resultaat kom van een gedagte. As sy net daar gelê en gesê het “O, ek is in die moeilikheid. Hierdie plek is seer, daardie plek is seer...” dan miskien sou haar ligamente geskeur wees, of haar bene gefraktuur, en

miskien sou sy verlam wees. Ongeag hoeveel geld hulle jou gee, sal jy steeds in die hospitaal moes leef vir die res van jou lewe. En kon jy dit regtig geniet? Selfs die bystanders het gedink dit is vreemd dat hierdie dame nie die drywer afgepers het vir geld nie. “Vra hom geld.” Mense se morele standaarde deesdae is almal perverse. Sekerlik, die bestuurder het te vinnig gery. Maar hy sou nie iemand met opset tref nie. Hy het nie bedoel om dit te doen nie. Maar mense is deesdae soos dit en as jy hom nie afpers vir geld nie, sal selfs die bystanders sou dink dit is onregverdig. Ek sou sê dat mense deesdae nie in staat is om te onderskei tussen reg en verkeerd nie. Wanneer jy vir iemand sê, “Wat jy doen is verkeerd,” sal hy dit nie glo nie. Dit is omdat mense se morele standaarde verander het. Sommige mense soek net profyt - solank as wat hulle geld daaruit kan kry sal hulle enigiets doen. “Die lewe sal die beste van jou kry as jy nie uitkyk vir nommer een nie” - dit het selfs ’n leuse geword!

Daar was ’n student in Beijing wie eenkeer sy kind na die Qianmen winkel area vir ’n na-ete uitstappie geneem het. Hulle sien ’n trok met luidsprekers wat ’n lotery speletjie bevorder. Die kind wou in die pret deelneem en die speletjie speel. “As jy wil speel, gaan voort.” So hy het die kind geld gegee om te speel. Die kind het tweede prys reg op die plek gewen, en het ’n luukse kinderfiets gekry. Die kind was so opgewonde. Maar toe skielik - “Ping!” - ’n lig het in die pa se kop aangegaan. “Ek is ’n praktisyn, hoe kon ek vra vir iets soos dit? Noudat ek dit verniet gekry het, hoeveel deug sal ek moet terug gee in ruil?” Hy het vir die kind gesê, “Laat ons dit nie vat nie. As jy een wil hê kan ons een onsself koop.” Die kind het ontsteld geword, “Ek het jou gevra om vir my een te koop maar jy wou nie. Nou wen ek een myself, en jy laat my nie toe om dit te hê nie.” Hy het geskreeu en wou nie ingee nie. Die praktisyn het geen keuse gehad maar om die fiets huis toe te stoot nie. Nadat hy by die huis gekom het, hoe meer hy daaroor gedink het, hoe onrustiger het hy gevoel. “Ek sal net die geld terug gee.” Toe het hy gedink, “Die lotery kaartjies is weg. As ek die geld terug bring, sal hulle dit nie in hulle sakke sit nie? Ek sal net die geld aan my werk skenk.”

Hy was gelukkig, want daar was baie Falun Dafa studente by sy maatskappy, en sy baas kon verstaan. As dit in ’n tipiese omgewing gebeur het, of by ’n tipiese maatskappy, en jy gesê het dat jy ’n praktisyn is en jy wil die fiets nie hou wat jy van ’n lotery gewen het nie, en wil die geld aan jou maatskappy gee, jou baas sal selfs dink jy is mal. Mense sou aan en aanhou daaroor praat “het iets verkeerd gegaan met sy praktyk? ” het hy stapelgek geword?” Ek het gesê dat morele waardes nou perverse geraak het. In die 1950’s of 1960’s, sou hierdie nie ’n groot saak gewees het nie. Dit sou heeltemal normaal gewees het, en niemand sou verbaas gewees het nie.

Ons sou sê ongeag hoeveel die menslike morele standaarde verander, die natuur van die heelal, om Waar, Goed, en Verduur te wees, sal nooit verander nie. Wanneer sommige mense sê dat jy goed is, mag jy dalk nie regtig goed wees nie, en wanneer sommige mense sê dat jy sleg is, mag jy nie regtig sleg wees nie, omdat die standaarde om te oordeel wat goed en sleg is, is almal verdraai. Alleenlik diegene wie voldoen aan die heelal se natuur is goeie mense. Hierdie is die enigste standaard om vas te stel wat is ’n goeie persoon en wat is ’n slegte persoon, en word erken deur die heelal. Ongeag hoeveel die samelewing verander, ongeag hoeveel mense se morele standaarde gly, ongeag hoe ontaard die wêreld raak met elke verbygaande dag , ongeag hoe erg mense net aan geld dink, die heelal verander nie gebaseer op hoe die mensdom verander. Kultiveerders behoort nie gewone mense se standaarde volg nie. Gewone mense sê iets is reg, en dan gaan jy net en doen dinge gebaseer daarop? Dit is nie goed nie. Wat gewone mense sê is goed is nie noodwendig goed nie, en wat gewone mense sê is sleg is nie noodwendig sleg nie. In hierdie eeu van verdraaide morele waardes, wanneer ’n persoon iets sleg doen, as jy dit vir hom uitwys dat hy iets sleg doen, sal hy jou nie eers glo nie! Om ’n kultiveerder te wees, moet jy dinge oordeel volgens die natuur van die heelal, en alleenlik dan kan jy vertel wat is waarlik goed en wat is waarlik sleg.

## Boeddhistiese salwing

In die kultivering wêreld is daar iets wat salwing genoem is. Salwing is ’n religieuse ritueel van die Tantriese Boeddhiste kultivering weg. Die doel van salwing is om jou nie ’n ander dissipline te laat opneem nie en om jou te herken as ’n ware dissipel van een dissipline. Wat nou eienaardig is, is dat hierdie religieuse ritueel in qigong praktyke te voorskyn gekom het. Selfs Daoïste qigonge doen salwing, dit is nie net Tantrisme nie. Ek het gesê dat enige iemand wie Tantriese oefeninge in die samelewing in die naam van Tantrisme doen, is vals. En waarom sê ek dit? Dit is omdat “Tang Tantrisme” weg is vir oor ’n duisend jaar in ons land al, en dit bestaan glad nie. As gevolg van die taal hindernisse het Tibettaanse Tantrisme nooit ten volle na die Han streek versprei nie. Onthou dat dit ’n esoteriese lering is, so dit moet in die geheim in ’n kloosterlike omgewing gekultiveer word, en 'n persoon moet geheime leringe van die meester ontvang en in die geheim saam met hom kultiveer. Dit kan beslis nie onderrig word sonder dat hierdie voorwaardes nagekom word nie.

Baie mense gaan na Tibet om qigong te onderrig met ’n voorneme: hulle wil ’n meester vind om Tibettaanse Tantrisme mee te studeer, sodat hulle qigong meesters kan word, en ryk en beroemd lateraan te word. Dink nou daaroor, egte Lewende Boeddha Lamas wie ware leringe ontvang het, het almal sterk vermoëns, en hulle kan sien wat in die leerders se verstand aangaan. Waarvoor hy daar is, kan gesien word met net een blik na sy verstand, “hy het net gekom om hierdie praktyk te leer sodat hy ’n qigong meester sal wees wanneer hy weggaan en ryk en beroemd word. Hy is hier om ons dissipline sê metode van Boeddhaskap kultivering te ruïneer. Dit is so ’n ernstige dissipline vir kultivering van Boeddhaskap, kon dit deur hom net soos dit geruïneer word ter wille van ’n qigong meester te word om ryk en beroemd te word? Wat se soort motief is dit? So hulle sal hom niks leer nie, en hy sal nie enige regte leringe kry nie. Natuurlik, daar is baie tempels daar buite en miskien sal hy ’n paar oppervlakkige dinge kry. As sy gedagtes nie behoorlik is nie en hy wil ’n qigong meester word sodat hy slegte dinge kan doen, dan sal hy besittende geeste uitlok. Diere geeste het energie, ook, maar dit is nie Tibettaanse Tantrisme nie. Diegene wie na Tibet gaan om waarlik die Wet te soek mag hulleself daar plant en nie terug kom nie. Hulle is ware kultiveerders.

Dit is eienaardig dat baie Daoïste praktyke nou ook salwing doen. Daoïste gebruik energie kanale, wat doen hulle salwing voor? Van wat ek geleer het terwyl ek die praktyk versprei het in die Suide, veral in die Guaungdong area, is daar ’n vreeslike gemors van ’n dosyn of meer qigong praktyke wie salwing doen. En waarvoor is dit? Wanneer daardie meesters salwing vir jou doen, word jy veronderstellend hulle dissipels en jy kan nie ander praktyke leer nie. En as jy dit doen, sal hulle jou straf. Dit is wat hulle doen. Doen hulle nie verkeerde dinge nie? Wat hulle versprei is dinge vir genesing en fiksheid, en die algemene publiek leer net daardie dinge om gesond te word. Wat is die punt van dit doen? Daar is ’n persoon wie beweer dat sodra jy sy qigong doen, jy nie enige andere kan doen nie. Kan hy mense red en hulle na perfeksie lei? Hy maak mense vas en ruïneer hulle kanse! Baie mense doen dit.

Die Daoïste sisteem doen nie salwing nie, maar nou het dit daar verskyn, ook. Ek het gesien dat dit die qigong meester wie die ergste is oor salwing is, weet julle hoe hoog sy gong pilaar is? Dit is alleenlik twee of drie verdiepings hoog, tog is hy ’n grootkop qigong meester. Sy gong het so baie geval, van wat ek gesien het, is dit pateties klein. Honderde en duisende mense staan tou vir hom om salwing te doen. Sy gong is beperk en dit is alleenlik net so hoog en sy gong sou val en weg wees binne ’n kort tyd. Wat kon hy gebruik om salwing vir mense te doen? Is dit nie om mense te verkul nie. Regte salwing, wanneer jy na dit kyk van ander dimensies, maak dit ’n persoon se bene soos wit Jade van kop tot tone lyk. Met ander woorde, dit gebruik gong, hoë-energie materie, om jou liggaam te reinig en dit van kop

tot tone te was. Kan daardie qigong meester dit doen? Hy kan nie. Wat doen hy? Natuurlik, hy is nie noodwendig besig om godsdienstige dinge te doen nie. Die doel is om jou aan hom te maak behoort sodra jy sy praktyk leer en jy moet na sy klasse toe gaan en sy goeters leer. Hy doen dit om geld uit jou te maak. As niemand sy dinge leer nie, sal hy nie geld maak nie.

Falun Dafa dissipels is soos die dissipels van ander Boeddhiste dissiplines, in dat dit hulle Meester is wie baie keer salwing vir hulle doen, maar hulle sal nie vertel word nie. Mense met vermoëns mag dit weet, en sensitiewe persone mag dit voel, ook. Wanneer hulle slaap, of gedurende ander tye miskien sal hulle ’n skielike, warm gloed deur die hele liggaam voel gaan vanaf die bokant van die kop . Die doel van salwing is nie om jou gong hoër te maak nie - gong is iets wat jy jouself kultiveer. Salwing is ’n metode van versterking, en dit is om jou liggaam te reinig en dit verder skoon te maak. Dit moet baie keer gedoen word, dit moet by elke vlak gedoen word om jou te help jou liggaam te reinig. Kultivering rus by jou, gong rus by die meester, so ons doen nie rituele salwing nie.

Sommige mense gaan deur formele seremonies om studente van hulle meesters te word. Nou dat ek melding gemaak het daarvan, mag ek net so wel vir julle vertel dat baie mense deur formele seremonies wil gaan om my studente te word. Ons huidige historiese periode is verskillend van Sjina se feodale samelewing. Tel kniel en buig amptelik as om ’n student te word? Ons doen nie daardie soort rituele nie. Hier is hoe baie mense dink: “Ek sal buig, wierook brand en Boeddha aanbid, en as ek ’n bietjie vroom is sal my gong groei.” Dit is belaglik. Ware kultivering hang totaal af van hoe jy kultiveer - dit is nutteloos om te hoop vir dinge. Jy hoef nie vir Boeddha te buig nie, en jy hoef nie wierook te brand nie, kultiveer jouself net waarlik volgens die standaard vir kultiveerders, en hy sal regtig bly wees om jou net te sien. Maar as jy altyd slegte dinge doen wanneer jy uit in die wêreld is, miskien brand jy wierook en buig voor hom, maar hy sal ontsteld wees met die blote sien van jou. Is dit nie hoe dit regtig is nie? Ware kultivering hang van jouself af. So miskien buig jy voor my vandag en gaan deur een of ander formele seremonie om my student te word, maar jy klou vas aan ou maniere sodra jy weer op jou eie is – dan wat was die punt gewees? Ons doen glad nie daardie tipe van ritueel nie. Jy kon selfs my naam ruïneer!

Ons het so baie aan julle gegee. Vir elkeen van julle, solank as wat julle regtig kultiveer en streng op tree volgens die Groot Wet, sal ek julle as my dissipels neem en julle lei. Solank as wat julle Falun Dafa kultiveer sal ons julle as dit dissipels neem en julle lei. Maar as julle nie kultiveer nie kan ons nie enige iets vir julle doen nie. Maar as jy ophou kultiveer, watse goed sou dit jou doen om daardie titel te dra? Ongeag of julle studente van die eerste reeks klasse of die tweede, kon julle my dissipels gekonsidereer word net omdat julle die bewegings doen? Julle moet waarlik kultiveer volgens ons karakter standaard, en alleenlik dan kan jy ’n gesonde liggaam hê, en alleenlik dan kan jy waarlik opgaan na hoër vlakke. So ons doen nie daardie rituele nie. Solank as wat jy kultiveer, behoort jy aan ons dissipline. My Wet Liggame is bewus van alles. Wat ook al jy aan dink, hulle is bewus daarvan, en hulle kan enige iets doen. As jy nie kultiveer nie sal hulle nie vir jou sorg nie, maar as jy kultiveer, sal hulle jou al die pad tot die einde help.

Die praktisyne in party qigonge het nie hulle meesters ontmoet nie. Hulle was vertel om in ’n bepaalde rigting te buig en honderde rande te betaal, en dat dit sal werk. Is hulle nie besig om hulle self net te flous nie? Wat meer is, iemand soos dit gaan halsoorkop, en van dan af begin hy om die praktyk en sy meester te verdedig. Hy vertel selfs andere mense om nie ander praktyke te leer nie. Ek dink dit is nogal absurd. En dan is daar ander mense wie ’n sogenaamde “raak die hoof aan” ritueel doen. Ek weet nie hoe daardie aanraking enige iets kon doen nie.

Dit is nie net die mense wie qigong in die naam van Tantrisme onderrig wie vals is nie, dieselfde geld vir al daardie mense wie qigong in die naam van Boeddhisme onderrig. Dink nou daaroor, die kultivering maniere in Boeddhisme het daardie vorme vir duisende jare gehad, so is dit steeds Boeddhisme as iemand dit gaan en verander? 'n Kultivering wyse is vir serieuse kultivering van Boeddhaskap, en dit is ongelooflik wonderbaar. Een klein verandering sal die hele ding vernietig. Die proses wat gong evolueer is uiters kompleks, en wat jy kan voel beteken niks nie. So jy behoort nie kultiveer volgens gevoel nie. Monnike, se religieuse vorme is hulle kultivering wyses en sodra dit verander word, behoort hulle nie meer aan daardie dissipline nie. Elke dissipline het Groot Geestelike Verligte Wesens in bevel van dit, en elke dissipline het baie Geestelike Verligte Wesens gekultiveer. Niemand waag dit om net vrylik te gaan en die kultivering wyse in daardie dissipline te verander nie. Wat weldadige mag het 'n klein qigong meester om sy meester te verkul en daardie dissipline te verander om Boeddhaskap te kultiveer? En as dit regtig verander kon word, sou dit steeds dieselfde dissipline wees? Jy kan vertel wat vals qigong is.

## Plasing van die Misterieuse Pas

"Plasing van die Misterieuse Pas" word ook die "Een Gleuf Van Die Misterieuse Pas" genoem. Julle kan hierdie terme in die "Boek van Elikser", "Daoiste Kanon", en"Gids Tot Natuur en Langlewendheid" kry. So wat is dit? Baie qigong meesters kan dit nie verduidelik nie. Gewone qigong meesters kan dit glad nie vanaf hulle vlakke sien nie. En hulle is nie toegelaat om dit te sien nie. As 'n kultiveerder dit wil sien, moet hy die boonste vlak van Wyse Oog bereik voor hy dit kan sien. Gewone qigong meesters kan nie daardie vlak bereik nie, so hulle kan dit nie sien nie. Sedert antieke tye probeer kultivering kringe uitwerk wat die Misterieuse Pas is, waar die "Een Gleuf" is, en hoe om dit te plaas. In die "Boek van Elikser", "Daoiste Kanon", en "Gids tot Natuur en Langlewendheid" bespreek hulle dit alleenlik teoreties, en hulle raak glad nie die essensie nie. Hulle verduidelik dit en verduidelik dit, maar hulle maak jou net meer verward. Niemand kan dit goed verduidelik nie omdat gewone mense nie toegelaat is om die essensie te ken nie.

Ook, ek kan julle iets vertel, en dit is alleenlik omdat julle ons Falun Dafa dissipels is dat ek dit vir julle vertel: Maak seker julle lees nie daardie verwarde qigong boeke nie. Ek praat nie van die antieke boeke wat ek nou net genoem het nie. Ek verwys na daardie vals qigong boeke wat mense deesdae skryf. Moet hulle nie eers oop maak nie. Sodra as wat jy selfs die geringste gedagte het, …"o, hierdie frase maak sin ... " wanneer daardie gedagte deur jou kop flits, sal die besittende geeste in daardie boek op jou liggaam kom. Baie boeke was geskryf onder die beheer van besittende geeste wat mense se verknogthede na roem en profyt gemanipuleer het. Daar is baie vals qigong boeke – heelwat baie. Baie mense is onverantwoordelik, en hulle skryf selfs dinge wat besittende geeste het en ander gemors. Selfs die antieke boeke wat ek voorheen genoem het of ander antieke boeke soos daardie is, grotendeels, dit is beter om hulle nie te lees nie aangesien daar die kwessie is van na net een praktyk te verbind.

'n Amptenaar van die Sjina Qigong Assosiasie het my eenkeer 'n storie vertel wat my regtig laat lag het. Hy het gesê daar was 'n persoon in Beijing wie altyd na qigong lesings gegaan het. Hy het hulle een na die ander ingeneem, en na 'n ruk het hy gevoel dat daar niks meer aan qigong is as wat hy gehoor het. Hulle was almal by dieselfde vlak so hulle almal het oor dieselfde dinge gepraat. Soos daardie vals qigong meesters, het hy gedink dit was die enigste betekenis wat qigong gehad het! "Goed dan, ek sal ook 'n qigong boek skryf." Dink daaroor, iemand wat nie qigong praktiseer nie, wil 'n qigong boek skryf. Qigong boeke is net gekopieër een van die ander deesdae - hy kopieër joune – jy kopieër syne ... Hy het

geskryf en geskryf totdat hy by die onderwerp van die Misterieuse Pas gekom het, en kon nie verder gaan nie. Wie weet regtig wat die Misterieuse Pas is? Selfs 'n paar regte qigong meesters weet. So hy het gegaan en 'n vals qigong meester gevra. Hy het nie geweet dat hy vals was nie, egter, omdat hy nie geweet het van qigong om mee te begin nie. Maar as die vals meester nie die vraag kon beantwoord nie, sou mense nie geweet het hy was vals nie? So hy het gewaag om iets op te maak en gesê dat die Een Gleuf van die Misterieuse Pas geleë is by die punt van 'n man se privaat deel. Dit klink nogal absurd. Maar moet nie nou lag nie - hierdie boek was gepubliseer. Wat ek sê is, is dat vandag se qigong boeke so belaglik soos dit is. Is daar enige punt daarin vir jou om daardie goeters te lees? Daar is geen punt nie, en dit kan jou net skade aandoen.

So wat is dan bedoel deur, "Plasing van die Misterieuse Pas"? Gedurende jou Trippel-Wêreld-Wet kultivering, wanneer jy bo die middel vlakke kultiveer, wat beteken, wanneer jy hoë-vlak Trippel-Wêreld-Wet kultivering intree, begin die Gekultiveerde Kindjie te ontwikkel. Die Gekultiveerde Kindjie is verskillend van wat ons ken as Engeltjies. Engeltjies is klein, spelerig en ondeund. Die Gekultiveerde Kindjie beweeg nie, en behalwe as die Meester Siel hom beheer, sal hy stil sit met sy hande gevou in die Jieyin posisie, bene gekruis en op 'n lotus blom. Die Gekultiveerde Kindjie is gebore van die elikser veld. Jy kan hom sien in die ekstreem mikrokosmos - selfs wanneer hy kleiner is as'n naaldepunt.

Daar is iets anders wat ek duidelik wil maak. Daar is net een ware Elikser veld, en dit is in die area rondom die laer buik. Wel, dit is die veld geleë bokant die "huiyin" drukpunt by die perineum, dit is binne-in die liggaam, en onderkant jou laer buik. Baie vorme van gong, baie vermoëns, baie tegniek-soort dinge, Wet Liggame, die Gekultiveerde Kindjie, Engele, en baie ander wesens word almal in hierdie veld gebore.

In die verlede was daar 'n paar kultiveerders wat oor 'n boonste elikser veld, 'n middel elikser veld, en 'n laer elikser veld gepraat het. Ek sou sê dat hulle verkeerd was. Sommige sou sê dat hulle meesters dit op daardie manier oorgegee het vir generasies en dat dit in boeke daardie manier geskryf is. Ek sal julle vertel, gemors was al rond sedert antieke tye. Moenie kyk na hoeveel jare dit oorgedra was nie - dit beteken nie dat dit korrek is nie. Party wêreldse klein paaie was altyd in die omgewing van gewone mense versprei, maar hulle kan jou nie help kultiveer nie. Hulle is niks. Wanneer hulle praat oor die boonste elikser veld, die middelste elikser veld, en laer elikser veld, wat hulle bedoel is dat waar ook al jy elikser genereer is 'n elikser veld. Is dit nie snaaks nie? Wanneer 'n persoon sy verstand op 'n enkele plek fokus, na 'n rukkie sal dit 'n energie massa genereer, wat 'n elikser vorm. As jy dit nie glo nie, fokus jou verstand dan op jou arm en hou dit daar, en 'n rukkie later sal elikser daar vorm. So wanneer sommige mense dit sien sê hulle dat die elikser veld oral is. Dit klink selfs snaakser. Hulle dink dat waar ook al elikser vorm, dit is 'n elikser veld. Die waarheid is, dit is 'n elikser, maar nie 'n veld nie. Julle kon sê dat elikser orals is, of dat daar 'n boonste elikser, middel elikser en laer elikser is - dit is aanvaarbaar. Maar, daar is alleenlik een veld wat waarlik ontelbare Wette kan genereer, en dit is geleë by die laer buik area. So daardie gesegdes oor 'n boonste elikser veld, 'n middel elikser veld, en laer elikser veld is verkeerd. Elikser sal vorm waar ook al jy jou verstand vir 'n rukkie fokus.

Die Gekultiveerde Kindjie is gebore by die elikser veld by die laer buik en groei stadig groter en groter. Teen die tyd dat hy so groot soos 'n tafeltennis bal is, kan die fatsoen van sy hele liggaam gesien word, en sy neus en oë is ontwikkel. Wanneer hy die grootte van 'n tafeltennis bal is, groei 'n klein ronde borrel langs hom. Nadat dit gevorm is, groei dit soos die Gekultiveerde Kindjie groei. Wanneer die Gekultiveerde Kindjie groei om tot omtrent 5 duim lank te wees, verskyn 'n enkele lotus blomblaar. Wanneer hy groei tot omtrent 7 tot 8 duim lank, is die lotus blomblare basies gevorm en 'n laag lotus blomblare kom te voorskyn. Die goue, blink, Gekultiveerde Kindjie sit op 'n goue lotus bord - dit is

pragtig. Dit is die Onvernietigbare Diamantagtige Liggaam, wat Boeddhiste ’n Boeddha-liggaam noem, en die Taoïste ’n Gekultiveerde Kindjie noem.

In ons dissipline kultiveer ons albei tipe liggame en hulle is albei vereis - jou ingebore liggaam moet ook getransformeer word. Julle weet, ’n Boeddha-liggaam kan nie tussen gewone mense ge-openbaar word nie. Met baie moeite, kan die fatsoen gewys word, en gewone mense se oë kan sy luminessensie sien. Maar vir gewone mense, nadat hierdie liggaam getransformeer is, lyk dit dieselfde as die liggaam van ’n gewone mens, en gewone mense kan nie die verskil sien nie, maar dit kan vrylik tussen dimensies rond beweeg. Wanneer die Gekultiveerde Kindjie tot omtrent 5-7 duim lank al gegroei het, sal die lugborrel ook tot dieselfde hoogte gegroei het. Dit is net soos ’n ballon se vlies, en dit is deurskynend. Die Gekultiveerde Kindjie sit met sy bene gekruis en beweeg nie. Wanneer hy so groot gegroei het, moet die lugborrel die elikser veld verlaat - dit is volgroei.“ ’n Spanspek val af wanneer dit ryp is,” soos hulle sê. So dit sal op beweeg. Die proses van op beweeg is ’n stadige een, maar dit kan elke dag gesien word hoe dit beweeg. Dit beweeg geleidelik op en styg hoër. As ons dit ondervind en versigtig waarneem, kan ons aanvoel dat dit bestaan.

Wanneer dit jou Tanzhong drukpunt by die middel van jou borskas bereik, moet dit daar bly vir ’n tydperk. Dit is omdat die menslike liggaam se essensie, en ’n menigte dinge, (die hart is ook hier), sal ’n stel van hulle eie binne-in hierdie lugborrel vorm. Die lugborrel moet verryk word met essensie. Na ’n tyd beweeg dit weer op. Wanneer dit deur die nek gaan sal jy versmoor voel, asof jou bloedvate verstop is, en dit voel so geswel dit is pynlik. Dit sal verby wees in ’n dag of twee, en dan bereik dit die kop. Ons noem dit “opvaar na Niwan.” Al sê ons dat dit by Niwan arriveer, is dit eintlik so groot soos jou hele brein, en jy sal voel asof jou kop geswel is. Aangesien dat Niwan ’n sleutel plek in ’n persoon se wese is, is dit nodig dat sy essensie ook binne-in die lugborrel gevorm word. Daarna, druk die borrel sy pad uit deur die Derde Oog se deurgang, en daardie gevoel is aaklig. Die Derde Oog is so geswel dat dit seer is, die slape voel ook geswel, en die oë is versink. Dit duur totdat die borrel uitdruk, en dit hang onmiddellik by die voorkop posisie. Dit word genoem die Plasing van die Misterieuse Pas - dit hang daar.

Teen daardie tyd, mense wie se Derde Oë oop is, kan nie sien nie. Dit is omdat in albei Boeddhiste en Daoïste kultivering is die deure toe sodat dinge vinniger kan ontwikkel binne-in die Misterieuse Pas. Daar is ’n groot stel deure by die voorkant en ’n stel deure agter en hulle is almal toe, net soos die tonnel van Tiananmen hek in Beijing, met ’n groot stel deure aan elke kant. Om die vorming en verryking te versnel van die Misterieuse Pas, word die deure nie oopgemaak nie, behalwe onder uiters spesiale omstandighede. Mense wie met hulle Derde Oë dinge kan sien, is nie in staat om op daardie stadium te sien nie - hulle is nie toegelaat om met dit te kyk nie. Wat is die doel van dit daar hang? Honderde energie kanale in ons liggaam oorkruis op daardie kol, so die honderde energie kanale moet deur die Misterieuse Pas sirkuleer en uitkom, en hulle almal moet deur die Misterieuse Pas gaan. Dit word gedoen om ’n paar meer fondamente te lê en om daardie stel dinge binne-in die Misterieuse Pas te vorm. Aangesien die menslike liggaam ’n klein heelal is, sal dit ’n klein wêreld vorm, en alle menslike-liggaam essensie sal binne-in dit gevorm word. Maar dit vorm net ’n stel fasiliteite en is nog nie ten volle operasioneel nie.

In Qimen kultivering word die Misterieuse Pas oop gehou. Wanneer die Misterieuse Pas uitgeskiet word kom dit uit in die vorm van ’n buis, maar dit word geleidelik rond. So die deure aan albei sy kante is oop. Die Qimen praktyke kultiveer nie tot Boeddhas of Daoïste nie, so hulle moet hulleself beskerm. Daar is baie Boeddhiste en Daoïste meesters, en almal van hulle kan jou beskerm, so jy het nie nodig om te sien nie en jy sal nie probleme teëkom nie. Maar dit sal nie vir die Qimen praktyke werk nie.

Hulle moet hulle self beskerm, so hulle moet in staat wees om te kan sien. Maar wanneer hulle dinge sien met hulle Derde Oë teen daardie tyd is dit soos om deur ’n buis van ’n teleskoop te kyk. Nadat hierdie stel van dinge gevorm is, wat omtrent ’n maand of so is, begin dit terug gaan. Wanneer dit na binne-in die kop teruggaan, word dit genoem die “Misterieuse Pas Verander Posisies.”

Wanneer dit teruggaan sal jou kop weer so geswel voel dat dit aaklig is. Dan druk dit sy pad uit van jou Yuzhen drukpunt by die agterkant van jou nek. Die gevoel soos dit uit druk is weer aaklig, asof jou kop oop gebreek word. Dan kom dit alles op dieselfde tyd uit, en jy sal onmiddellike verligting voel. Nadat dit uitgekom het, hang dit in ’n diep dimensie, en bestaan op die liggaamlike vorm in daardie diep dimensie, so jy sal nie daarteen druk wanneer jy slaap nie. Maar daar is een ding. Jy sal aanvoel dat iets voor jou oë is wanneer die Misterieuse Pas eerste geplaas is, en selfs al bestaan dit in ’n ander dimensie, sal jy altyd voel asof jou visie vaag is, asof iets jou oë blokkeer, en dit is nie baie aangenaam nie. Aangesien die Yuzhen drukpunt ook ’n hoof, sleutel pas is, moet ’n stel dinge ook gevorm word by die agter kant van die kop. Dan begin dit terug gaan. Die “Een Drukpunt van die Misterieuse Pas” eintlik is nie net een drukpunt nie - dit moet veelvoudige kere geplaas word. Nadat dit na Niwan teruggekeer het, begin dit daal en dit daal binne-in die liggaam al die pad na die Mingmen drukpunt by die spasie tussen die niere. By die Mingmen drukpunt is dit weer uitgeskiet.

Jou Mingmen drukpunt is ’n uiters belangrike, hoof drukpunt. Daoïste noem dit ’n “drukpunt” ons noem dit ’n “pas.” Dit is ’n belangrike, hoof pas, en dit is regtig soos ’n staal hek - soos ontelbare laë van staal hekke. Julle weet, ons liggame bestaan uit laë en laë. Ons vlees selle hier is een laag , en die molekules binne-in hulle vorm nog ’n laag atome, protone, elektrone, die oneindige klein partikels, die kleiner en steeds kleiner partikels, al die pad af na die uiterste klein mikrokosmiese partikels, en elke laag het een laag van hekke opgestel. En vir hierdie rede is daar baie, baie vermoëns en tegniek-tipe van dinge wat binne-in die baie lae van hekke gesluit is. In ander praktyke, wat elikser kultiveer, wanneer die elikser ontplof, moet die Mingmen eerste oop geblaas word. As dit nie oopgeblaas word nie, sal jou vermoëns nie vrygestel word nie. Nadat die Misterieuse Pas hierdie stel dinge by die Mingmen drukpunt gevorm het gaan dit weer terug na binne. Sodra dit binne is, begin dit terug gaan na die laer buik area. Dit word genoem “Die Misterieuse Pas gaan Terug na sy Posisie.”

Nadat die Misterieuse Pas terug gaan, gaan dit nie terug na sy oorspronklike plek nie. Teen daardie tyd het die Gekultiveerde Kindjie baie groot gegroei. Die lugborrel sal die kindjie dek, en dit sal die Gekultiveerde Kindjie omsluit. Soos die Gekultiveerde Kindjie groei, groei dit saam met hom. As die kindjie ’n Daoiste een is, gewoonlik wanneer hy gegroei het tot die grootte van ’n ses of sewe-jarige kind, is hy toegelaat om die liggaam te verlaat en dit word genoem “Geboorte van die Gekultiveerde Kindjie.” Hy kan uitkom en rond beweeg onder die beheer van jou Meester siel. Die menslike liggaam bly daar, vas, terwyl die Meester siel uitkom. En as die Kindjie ’n Boeddhiste een is, gewoonlik wanneer dit gekultiveer is tot jou grootte is daar nie meer gevaar nie. Teen daardie tyd is die Gekultiveerde Kindjie normaalweg toegelaat om die liggaam te verlaat, om van die liggaam te skei, en dit kan uitkom. Teen daardie tyd het die Gekultiveerde Kindjie so groot soos jy gegroei, en die omhulsel is groot. Die omhulsel het buite jou liggaam uitgesit, en dit is die Misterieuse Pas. Aangesien die Gekultiveerde Kindjie so groot gegroei het, sit die Misterieuse Pas natuurlik buite die liggaam uit.

Miskien het jy die beelde en skilderye van Boeddhas gesien wat in tempels is, en opgemerk dat die Boeddhas altyd in ’n sirkel is. Dit is veral waar vir die skilderye van Boeddhas - daar’s altyd ’n sirkel soos dit wat die Boeddha in sit. Baie Boeddhas se beelde is soos dit, veral die skilderye in antieke tempels - hulle is almal soos dit. Waarom sit hulle binne-in ’n sirkel? Niemand weet nie. Ek sal vir julle vertel, dit is die Misterieuse Pas. Maar dan word dit nie die “Misterieuse Pas” genoem nie. Dit word ’n

wêreld genoem. Maar eintlik, dit kan nog nie ʼn wêreld genoem word nie. Dit het net hierdie stel fasiliteite, net soos ʼn fabriek wat ʼn stel fasiliteite het, maar nie die vermoëns het om te produseer nie. Dit het energie en rou materiale nodig voordat dit produksie kan begin. ʼn Paar jaar gelede het baie kultiveerders gesê, "My gong is hoër ʼn Bodhisattva s'n", of "My gong is hoër as ʼn Boeddha s'n." Ander mense het gedink dit klink ongelooflik. Maar eintlik, wat hulle gesê het, was glad nie ongelooflik nie. Jou gong moet tot ʼn baie hoë vlak gekultiveer wees terwyl jy in die menslike wêreld is.

So hoe het dit gebeur? – Hy het hoër as ʼn Boeddha gekultiveer? Jy behoort dit nie so oppervlakkig te verstaan nie. Sy gong is definitief baie hoog. Dit is omdat wanneer hy gekultiveer is tot ʼn baie hoë vlak en volle Geestelike Verligting bereik het, of Ontsluit is, is sy gong definitief baie hoog. Reg voordat Ontsluit word en ten volle Geestelike Verlig is, sal 8/10des van sy gong saam met sy karakter vlak afgeneem word. Daardie energie is gebruik om sy wêreld te verryk, sy eie wêreld. Soos julle weet, ʼn kultiveerder se gong, saam met sy vlak van karakter veral is wat hy gekultiveer het deur ontelbare moeilikhede te gaan, en om homself te matig onder uitputtende omstandighede al sy lewe. So dit is uiters kosbaar, en 8/10des van daardie kosbare materie is gebruik om sy wêreld te verryk. En vir hierdie rede, wanneer hy in kultivering slaag lateraan, sal hy kry wat ook al hy wil deur net sy hand uit te strek, en hy sal alles kry wat hy wil, en hy sal in staat wees om te doen wat ook al hy wil – hy sal alles in sy wêreld hê. Dit is sy welwillende krag wat hy gekultiveer het deur om swaarkry te dra.

Daardie energie wat hy het kan maklik getransformeer word na enige iets. So wat ook al ʼn Boeddha wil hê, of wat ook al hy sal hou van om te eet, of om mee te speel, hy het dit alles. Dit is wat hy vir homself gekultiveer het, dit is sy Boeddha Status, en sonder dit kan hy nie sy kultivering voltooi nie. By hierdie tyd kan dit sy eie wêreld genoem word, en hy het alleenlik 2/10des van sy gong oor om Volmaak te word, om die Dao te bereik. Al het hy alleenlik 2/10des van sy gong oor, is sy liggaam nie gesluit nie, of hy het nie ʼn liggaam nie, of al het hy, dit is alreeds getransformeer in hoë-energie materie. Sy goddelike kragte sal dan ten volle vertoon word, en hulle is onvergelykbaar in hulle mag. Terwyl hy kultiveer tussen gewone mense is sy liggaam gewoonlik gesluit en hy het nie sulke groot vaardighede nie, en ongeag hoe hoog sy gong is, hy is terug gehou. Maar nou sal alles anders wees.

# DIE VYFDE GESPREK

## Die Wet Wiel ontwerp

Ons Falun Dafa se simbool is ’n Wet Wiel. Mense met vermoëns kan sien dat die Wet Wiel draai, en dieselfde gaan vir ons klein Wet Wiel spelde - hulle draai ook. Ons is gelei in ons kultivering deur die natuur van die heelal om Waar, Goed, en Verduur te wees. Ons praktiseer volgens die heelal se wet van evolusie, so wat ons kultiveer is net enorm. In ’n sekere sin, is die Wet Wiel se ontwerp die heelal se miniatuur. Daar is ’n konsep in die Boeddhiste sisteem, dat die Tien-Direksies Wêreld in sigself ’n heelal is, wat vier kante en agt rigtings, of agt-punte het, so dit is moontlik dat sommige mense kan sien dat bo en onder daar ’n gong pilaar is, en dit is waarom wanneer jy sy boonste en die onderste tel, kry jy ’n tien rigting wêreld, wat hierdie heelal behels. Dit verteenwoordig die Boeddhiste se opsomming van die heelal.

Natuurlik, daar is ontelbare sterrestelsels in hierdie heelal, en ons Melkweg is een van hulle. Die hele heelal is in beweging en al die sterrestelsels in die ganse heelal is in beweging, ook, so die Tai-ji simbole in hierdie ontwerp en die klein srivatsa simbole, 卍, draai ook, die hele Wet Wiel draai ook, en die groot simbool in die middel draai ook. So in ’n sekere sin, simboliseer dit ons Melkweg, en terselfdertyd, aangesien ons Boeddhiste is, het dit ’n Boeddhiste simbool in die middel. Dit is wanneer dit na gekyk word van die oppervlak. Al die verskillende tipe materie het vorme van bestaan in ander dimensies, en in daardie ander dimensies het hulle uiters ryk, komplekse evolusie prosesse en vorme van bestaan. Hierdie Wet Wiel ontwerp is die heelal se miniatuur, en in alle ander dimensies het dit, ook, sy vorme van bestaan en sy evolusie prosesse, so ek noem dit ’n wêreld.

Wanneer dit kloksgewyse draai kan die Wet Wiel outomaties energie in neem van die heelal, en wanneer dit antikloksgewys draai kan die Wet Wiel energie uitstuur. Binnewaarts draai (kloksgewys), red dit jouself, buitewaarts draai (antikloksgewys), red dit andere. Dit is uniek aan ons praktyk. Sommige mense het gevra, “Ons is Boeddhiste, so waarom is daar Tai-ji? Is die Tai-ji nie ’n Daoïste ding nie?” Dit is omdat wat ons kultiveer baie groot is - dit is asof ons die hele heelal kultiveer. So dink daaroor almal: daar is twee hoof sisteme in die heelal, die Boeddhiste sisteem en die Daoïste sisteem, en sonder altwee sou dit nie ’n volledige heelal saamstel nie, jy sou nie in staat wees om dit ’n volledige heelal te noem nie, so ons sluit Daoïste dinge hier in. Sommige mense mag sê, “Haai, daar is meer aan dit as net die Daoïste sisteem. Wat van Christendom, Confucianisme en al die ander gelowe?” Ek kan julle dit vertel, wanneer kultivering in Confucianisme uiters hoë vlakke bereik word dit Daoïst, terwyl baie Westerse gelowe van ’n Boeddhiste natuur is, wanneer hulle kultivering ’n hoë vlak bereik, is hulle een stel leringe in die Boeddhiste sisteem. Dit is die enigste twee hoofsisteme.

So waarom is daar twee Tai-ji simbole wat rooi aan die bokant is en blou aan die onderkant is, en twee andere wat rooi aan die bokant is, en swart aan die onderkant is? Die manier wat mense gewoonlik oor die Tai-ji dink is dat dit uit twee soorte materieë saamgestel is, een swart en een wit, die qi van yin en yang. Daardie begrip is ’n bietjie oppervlakkig. Dit het verskillende manifestasies in verskillende dimensies. Hierdie is hoe sy kleure manifesteer by die hoogste vlak. Die Dao soos ons dit ken is rooi aan die bokant en swart aan die onderkant, en dit neem hierdie kleure aan. Byvoorbeeld, ons het sommige mense wie se Derde Oë oop is, en hulle het ontdek dat wat rooi na hulle oë lyk, lyk eintlik groen in ’n ander dimensie, en dit is alleenlik een vlak weg. Hulle vind dat die goud-geel kleur eintlik pers is in ’n ander dimensie, en dat daar daardie soort kontras is, aangesien kleure in verskillende dimensies verander. Die Tai-ji met die rooi bo en die blou onder behoort aan die Oorspronklike Groot Dao, wat die Qimen praktyke insluit. Die klein 卍 simbole aan die vier kante is

Boeddhisties en hulle is dieselfde as die een in die middel - hulle is almal Boeddhisties. Die kleure van hierdie Wet Wiel is redelik helder, so ons gebruik dit as Falun Dafa se simbool.

Die Wet Wiel wat ons met ons Derde Oog sien sal nie noodwendig hierdie kleure hê nie. Die agtergrond kleur mag verander, alhoewel sy ontwerp nie verander nie. Wanneer die Wet Wiel wat ek in jou laer buik plaas draai, wat jy in jou Derde Oog sien mag moontlik rooi, violet, groen, of deurskynend wees. Dit gaan van rooi na oranje, geel, groen, blou, indigo, en violet - die agtergrond kleur verander voortdurend, so jy mag ander kleure sien, maar die kleure en die patroon van die 卍 simbole en die Tai-ji binne-in die Wet Wiel verander nie. Ons voel dat die agtergrond kleur van hierdie ontwerp mooi lyk, so ons het hulle gehou. Mense met vermoëns kan buite hierdie dimensie deurdring om baie, baie dinge te sien.

Sommige mense het gesê, "Hierdie 卍 simbool lyk net soos daardie ding wat Hitler gehad het." Ek kan vir julle sê dat hierdie simbool het niks te doen met enige sosiale konflikte nie. Sommige mense sê dat as die hoek na hierdie kant toe gekantel het sou dit Hitler se ding wees. Dit is nie 'n kwessie nie, aangesien dit albei kante toe draai. Hierdie simbool was baie wyd bekend in die wêreld 2,500 jaar gelede, dit was terug in Shakyamuni se tyd dat hulle dit leer ken het. Dit is alleenlik 'n paar dekades gewees sedert die tyd van Hitler en Wêreld Oorlog II, en hy het hierdie simbool gesteel vir sy eie gebruik. Maar die kleure van syne was anders van ons s'n, dit was swart, en wat meer is, sy hoek het opwaarts gewys en dit het op sy punt gestaan, dit was vertikaal. So, dit is al wat ek sal sê oor die Wet Wiel. Ons het alleenlik gepraat oor hoe dit op die oppervlak lyk.

So wat verteenwoordig hierdie 卍 simbool vir ons Boeddhiste? Sommige mense sê dit staan vir voorspoed - dit is hoe gewone mense dit interpreteer. Ek sal julle vertel, die 卍 simbool merk 'n Boeddha se vlak, en alleenlik diegene wie die vlak van 'n Boeddha bereik het dit. Bodhisattvas en Arhats het dit nie, maar Groot Bodhisattvas, soos die Vier Groot Bodhisattvas het dit almal. Ons kan julle vertel dat daardie Groot Bodhisattvas al vêr bo die vlakke van gewone Boeddhas gegaan het, hulle is selfs hoër as Tathagatas. Die Boeddhas bo die vlak van Tathagata is so baie, hulle is ontelbaar. Tathagatas het net een 卍 simbool maar wanneer iemand die vlak hoër as Tathagata bereik, sal hy begin om meer 卍 simbole te hê. By 'n vlak twee keer so hoog as Tathagata sal jy twee 卍 simbole hê, en by selfs hoër vlakke sal jy drie, vier, of vyf ... en sommige sal so baie hê hulle liggame sal bedek wees met hulle. Hulle sal op die kop, die skouers, die knieë verskyn, en wanneer hulle te veel word om te pas, sal hulle selfs op die palms, die vingers, die voetsole, onder die tone, en so aan. Soos die vlak hoër en hoër word, hou die nommer van 卍 simbole aan met styg, en dit is waarom die 卍 simbool 'n Boeddha se vlak aandui. Die hoër wat 'n Boeddha se vlak is, hoe meer 卍 simbole het hy.

## Die Qimen praktyke

Daar is meer as net Boeddhiste en Daoïst praktyke, daar is ook die Qimen Praktyke. Hulle noem hulle self die Qimen Kultiveringe. Nou wanneer ons oor kultivering dink, hier is hoe meeste van ons dit verstaan. Van Antieke Sjina aan tot vandag toe, het mense die Boeddhiste en Daoïst kultivering weë gekonsidereer as standaard, en hulle verwys na hulle as ware kultivering dissiplines. Maar die Qimen praktyke, egter, was nog nooit aan die publiek geopenbaar nie, en so nie baie mense weet dat hulle bestaan nie. Mense weet alleenlik omtrent hulle van kunste en literatuur.

So is daar so iets soos Qimen praktyke? Ja, daar is. Gedurende my kultivering, in die latere jare, in besonder, het ek op drie Qimen wyse manne afgekom en hulle het vir my die essensie van hulle leringe aangegee, maar daardie dinge was regtig uniek, en regtig goed. En presies omdat hulle praktyke so uniek is, kan meeste mense hulle nie verstaan nie, en wat uit hulle praktyke kom is regtig vreemd. Hulle het 'n gesegde, ook, "nie Boeddha, nie Dao"-hulle kultiveer nie Boeddhaskap en hulle kultiveer nie Dao. Wanneer mense hoor dat hulle nie Boeddhaskap of Dao kultiveer nie, noem hulle dit "sykant-

deur buitewyke weë. ” Maar hulle noem hulleself Qimen praktyke. Om hulle “sykant-deur buitewyke weë” te noem is nie juis ’n kompliment nie, maar dit is ook nie negatief nie. Dit beteken nie hulle is bose weë nie dit is verseker. Selfs die oppervlakkige betekenis van dit stel nie voor dat dit ’n bose praktyk is nie. Histories het mense die Boeddhiste en Daoïst praktyke “ware kultivering dissiplines” genoem. Maar mense verstaan nie die Qimen praktyke nie, so hulle noem hulle die “sykant-deur” - nie die hoof deur nie, of nie ’n ware praktyk nie. En wat is “buitewyke weë”? Die term vir “buitewyke” het beteken, “ ’n bietjie ongemaklik”, ’n ongemaklike praktyk. “Buitewyke” het gewoonlik ’n bietjie ongemaklik in die antieke Sjinese woordeskat beteken. “Sykant-deur buitewyke weg” het hierdie laag van betekenis aan dit.

Waarom dan is hulle nie bose weë nie? Omdat hulle, ook, streng karakter vereistes het, en hulle, ook, baseer hulle kultivering op die natuur van die heelal. Hulle skend nie die natuur van die heelal of die wette van die heelal nie, en hulle doen nie slegte dinge nie, so jy kan hulle nie bose weë noem nie. Dit is nie dat die Boeddhiste en Daoïst sisteme ware praktyke is omdat die natuur van ons heelal in ooreenstemming is met hulle kultivering weë nie, maar in plaas daarvan, is dit omdat die Boeddhiste en Daoïst sisteem kultivering weë in ooreenstemming is met die natuur van die heelal. As die Qimen praktyke in ooreenstemming is met die natuur van die heelal, dan is hulle nie bose praktyke nie - hulle is ware leringe ook. Dit is omdat die kriteria vir die bepaling van goed of sleg, of deug en ondeug, die natuur van die heelal is. Hulle baseer hulle kultivering op die natuur van die heelal, so hulle is opreg, ook. Dit is net dat hulle vereistes en eienskappe verskillend is van die Boeddhiste en Daoïst se sisteme. Hulle maak nie ’n praktyk van om hulle leringe aan ’n groot verskeidenheid studente aan te gee nie, hulle onderrig alleenlik ’n klein kring. Wanneer Daoïste hulle dinge aangee, sal hulle ’n groot lot dissipels onderrig, maar alleenlik een van hulle kry die ware leringe. Boeddhiste glo in om alle waarnemende wesens te red - as jy kan kultiveer, dan kultiveer jy.

Wanneer ’n Qimen praktyk oorgelewer word kan dit nie aan twee persone gegee word nie. In plaas daarvan word alleenlik een persoon gekies oor redelik ’n lang tydperk, so dit is waarom gewone mense nooit hulle dinge gesien het nie. Natuurlik, toe qigong in sy fleur was het ek ontdek dat ’n klein persentasie mense van hierdie praktyke ook uitgekom het om te onderrig. Maar hulle het probeer en probeer om dit te versprei, en dit wou net nie werk nie, omdat daar party dinge was wat hulle meesters hulle absoluut nie wou toelaat om aan te gee nie. As jy ’n praktyk wyd wil versprei, kan jy nie jou studente kies nie, en mense met allerhande soorte karakter mag kom om dit te leer. Hulle sal verskillende maniere van denke saambring, en daar sal alle soorte mense wees, so jy kan nie jou dissipels kies nie. Dit is waarom Qimen praktyke nie gewild gemaak kan word nie. Hulle is vatbaar vir gevaar, omdat daardie dinge wat hulle het regtig spesiaal is.

Sommige mense het gedink: “Boeddhiste probeer tot in Boeddhas te kultiveer en Daoïste probeer tot in Ware Persone te kultiveer. So wat word iemand wanneer hy ’n Qimen praktyk suksesvol doen? Hy sal ’n swerwende Onsterflike wees, met geen vaste domein in die hemel nie. Julle weet, Tathagata Shakyamuni het die Saha Wêreld, Boeddha Amitabha het die Westerse Paradys, en Bhaishajyagura het die Smarag Wêreld. Elke Tathagata en elke Groot Geestelike Verligte Wese het ’n hemelse koninkryk wat hy saamgestel het, en baie van sy dissipels woon daar. Maar met die Qimen praktyke, het hulle nie definitiewe grense in die heelal nie - hulle is net soos wandelende Gode of swerwende Onsterflikes.

## Praktesering in 'n bose weg

Wat beteken “Praktisering in ’n bose weg?” Wel, daar is aantal vorme van dit. Daar is sekere tipe van mense wie spesifiek bose praktisering doen, en hulle goeters is vir generasies aangegee. Waarom gee hulle daardie goeters aan? Dit is omdat hulle, hulle reputasies wil opbou, hulleself bevoordeel, en ryk word. Dit is wat hulle voor omgee. Natuurlik, hulle karakter is nie hoog nie, en hulle kry nie enige gong nie. So wat kry hulle? Karma. Wanneer ’n persoon se karma baie groot is, kan dit ’n soort van energie vorm. Maar sy vlak is niks nie, en hy is niks in vergelyking met ’n kultiveerder nie. Hy is in staat egter, om mag oor gewone mense te hê. Daardie goeters is ook ’n vorm van energie, so wanneer die digtheid baie hoog word, kan dit die vermoëns wat ’n menslike liggaam het versterk. Dit kan daardie soort effek hê. So daar was altyd mense wie daardie goeters onderrig. Hulle sê , “Ek doen slegte dinge, ek vloek mense, en my gong groei reg op.” Hulle bou nie in die minste hulle gong op nie. Die feit is, hulle vermeerder net die digtheid van daardie swart materie aangesien om slegte dinge te doen gee hulle swart materie, karma. So hulle kan daardie paar geringe ingebore vermoëns versterk met daardie karma en ’n paar kleiner vermoëns uitbring, maar hulle kan nie enige iets groots doen nie. Hierdie mense dink hulle kan gong opbou deur slegte dinge doen, dit is hulle teorie.

Sommige mense sê: “As die Dao ’n voet groei, sal die demon tien keer so veel groei!.” Dit is lastering aan die kant van gewone mense, demone sal nooit hoër as Daos wees nie. Daar is hierdie fenomene: die heelal wat ons menslike wesens ken is alleenlik een klein heelal uit ontelbare heelalle, en ons noem dit die heelal vir kort. Elke keer as ’n lang periode van tyd verby gegaan het, tref ’n massiewe, kosmiese katastrofe hierdie heelal van ons. Die katastrofe vernietig alles in die heelal, selfs planete kan vernietig word, en dit kan alle lewende dinge in die heelal vernietig. Die beweging van die heelal het patrone. In hierdie heelal se siklus is menslike wesens nie die enigstes wie sleg geword het nie. Baie wesens het iets gesien: gepraat in terme van die huidige tyd, was dit al ’n redelike lang tyd sedert ’n groot ontploffing in hierdie dimensie van die heelal gebeur het. Sterrekundiges is nie in staat om dit vandag te sien nie omdat wat ons sien met die mees kragtigste teleskope is dinge wat 150 000 lig jare gelede gebeur het. As ons die veranderinge wat nou in die hemelse liggame gebeur wil sien, moet ons wag tot 150 000 lig jare verby is. Dit is redelik ’n lang ent terug.

Die heelal het nou deur ’n enorme verandering gegaan. Elke keer wanneer hierdie soort verandering plaasvind, word alle lewe in die heelal totaal uitgewis, dit is totaal vernietig, en elke keer dat dit gebeur, albei die natuur en materie wat in die heelal bestaan het moet heeltemal opgeblaas word. Gewoonlik is lewe vernietig in die ontploffing, maar elke keer word nie alles heeltemal uitgewis nie. Wanneer die nuwe heelal herbou word deur die Groot Geestelike Verligte Wesens by uiters hoë vlakke, sal sommige van die lewe wat nie met die ontploffing gedood daarin oorbly. Die Groot Geeslike Verligte Wesens bou ’n heelal gebaseer op hulle eie natuur en standaarde, so hulle is verskillend van die natuur van die heelal in die vorige eeu.

Dit wat nie in die ontploffing gedood is nie hou aan die vorige natuur vas en die ou wette wanneer hulle dinge in daardie heelal doen. Daardie nuutgeboude heelal volg die nuwe heelal se natuur, en sy wette, om dinge te doen. So, al die dinge wat nie gedood is in die ontploffing nie, word demone wat inmeng met die wette van die heelal. Maar hulle is so sleg nie. Hulle tree net op gebasseer op die natuur van die heelal van die vorige siklus, en hulle word die “hemelse demone”, wat mense oor praat. Maar hulle is geen bedreiging vir gewone mense nie, en hulle maak beslis nie mense seer nie. Hulle hou net aan hulle wette vas wanneer hulle dinge doen. Gewone mense was nie voorheen toegelaat om dit te weet nie. Ek sou sê–daar is net soveel hoë ryk Boeddhas bo die Tathagata vlak. Daardie demone is niks! Hulle is regtig, regtig swak wanneer hulle teen andere vergelyk word. Veroudering, siekte en die dood, is ’n soort demon ook, maar hulle is gebore om te waak en die natuur van die heelal te behou.

Boeddhiste praat oor sielsverhuising en deur dit te doen het hulle iets geopenbaar genoem die "asura" ryk, wat eintlik verwys na lewende dinge in verskillende dimensies, maar daardie dinge het nie menslike natuur nie. In die oë van Groot Geestelike Verligte Wesens is hulle uiters lae-vlak en regtig swak, maar vir gewone mense is hulle skrikwekkend. Hulle het 'n bietjie energie, en hulle dink dat gewone mense gediertes is, so hulle hou daarvan om op mense te teer. En in afgelope jare het hulle na die kans gespring om party praktyke te onderrig. Wat 'n veragtelike gedierte! Kyk na sy gesig - kon jy dit menslik noem?! Dit is regtig skrikwekkend. Wanneer jy hulle dinge leer, moet jy by hulle aansluit en een van hulle word. Sommige mense het slegte gedagtes wanneer hulle qigong oefeninge doen, en wanneer daardie gedagtes in lyn is met hulle gedagtes, sal hulle kom om hulle te onderrig. Maar, "een goeie kan 'n 100 boses oorkom." As jy nie daarvoor vra nie, sal niemand waag om aan jou te raak nie. Maar, as jy bose gedagtes het en agter slegte dinge gaan, sal hulle jou kom help, en dan sal jou kultivering by 'n demoniese pad afgaan. Dit is die probleem wat opkom.

Daar is nog 'n ding genaamd onwetend oefen in 'n bose manier. Wat beteken dit om "onwetend in 'n bose manier te oefen?" Dit beteken net dat jy in 'n bose manier oefen sonder om daarvan bewus te wees. Jy sien dit baie - daar is net vêr te veel van dit. Dit is soos ek die ander dag gesê het, wanneer sommige mense slegte gedagtes het terwyl hulle die oefeninge doen, jy sien hulle die staande oefening daar doen, hulle arms en bene is so moeg hulle bewe. Maar hulle gedagtes is nie eers rustig nie. Hierdie ou dink, "Dinge staan op die punt om duurder te word, en ek het 'n paar inkopies om te doen. Ek beter dit reg na ek klaar is met oefeninge doen, of ek sal vassit en meer betaal!." En dan is daar sommige mense wie dink: "My maatskappy gee wooneenhede uit. Sal ek een kry? Die behuisings ou het altyd een of ander probleem met my..."hoe meer hy daaroor dink hoe kwater raak hy. "Ek wet hy sal nie vir my een gee nie. Nou hoe sal ek hom aanpak ..." Allerhande gedagtes kom op. Dit is soos wat ek gesê het, hulle sal aanhou en aanhou praat oor alles, van hulle familie tot nasionale sake, en sodra hulle by die dinge kom wat hulle kwaad maak, sal hulle aanhou kwater en kwater raak hoe meer hulle praat.

Wanneer jy oefen moet jy deug ernstig neem. So terwyl jy die oefeninge doen, as jy nie goeie gedagtes het nie, behoort jy tenminste nie slegte gedagtes hê nie, en die beste is om glad nie gedagtes te hê nie. Die rede is, dit is nodig dat jy 'n fondasie bou terwyl jy by lae vlakke praktiseer, tog dien daardie fondasie 'n kritieke funksie, en dit is omdat jou gedagte prosesse 'n sekere effek het, so laat ons daaroor dink. Wanneer jy goeters by jou gong voeg, hoe kon die dinge wat jou kultivering produseer goed wees? Hoe kon hulle nie donker wees nie? Daar is so baie mense wie daardie gedagtes het wanneer hulle die oefeninge doen. Waarom het jy nie gesond geword nie wanneer jy altyd oefen? Miskien dink sommige mense nie oor daardie dinge by hulle oefen terrein nie, maar hulle wil altyd 'n paar vermoëns kry wanneer hulle oefen, hulle wil dit kry, hulle wil daardie kry! Hulle het allerhande soorte gedagtetoestande en baie sterk begeertes. So hulle praktiseer eintlik in 'n bose manier sonder om dit te weet. As jy vir hulle vertel dat hulle in 'n bose manier praktiseer, sal hulle ontsteld word - "Qigong Groot Meester so-en-so is my Leermeester!" Maar daardie groot meester het vir jou vertel om ernstig te wees oor deug - het jy dit gedoen? Wanneer jy die oefeninge doen, sit jy altyd 'n paar slegte gedagtes in. So gaan jy goeie dinge daar uitkry? Dit is die probleem. Dit is om onwetend in 'n bose manier te oefen, en dit is algemeen.

## Manlike-vroulike dubble kultivering

In die kultivering wêreld is daar 'n kultivering metode genoem "Manlike-vroulike dubbele kultivering." Miskien het julle in die Tantriese Kultivering weë gesien, soos in die beelde of die skilderye van Boeddhas, dat 'n manlike figuur 'n vrou vashou terwyl hulle kultiveer. Maar die vorm die manlike

figuur aanneem is soms ’n Boeddha, en hy sal ’n naak vrou vashou. Daar is ook metamorfiese vorme van Boeddhas, wat die voorkoms van ’n Vajra het met ’n bul se kop en perd se gesig, en ’n vrou vashou wat weer naak is. So waarom is hulle soos dit? Laat ons eerste iets verduidelik. Sjina is nie die enigste land in hierdie wêreld wat deur Confucianisme beïnvloed was nie. In antieke tye, ’n paar eeue terug, het die hele menslike ras eenderse morele waardes gehad. So hierdie soort van kultivering metode het eintlik nie op ons Aarde ontstaan nie. Dit het van ’n ander planeet gekom, maar hierdie metode kan vir kultivering gebruik word. Toe hierdie kultivering metode in Sjina bekend gestel was, kon die Sjinese mense dit nie aanvaar nie, aangesien dit manlike-vroulike dubbele kultivering gehad het en ’n ander komponent met party geheime tegnieke. Met die gevolg is, Sjina se keiser het gedurende die Huichang Periode van die Tang Dinastie dit onwettig verklaar. So dit was verbied en verbode om in die Han streek versprei te word. Terug in daardie tyd was dit Tang Tantrisme genoem. Dit was steeds aangegee in Tibet egter, wat ’n spesiale streek is wat ’n unieke situasie het. En waarom kultiveer hulle op daardie manier? Die doel van manlike-vroulike dubbele kultivering is om yin te versamel om die yang aan te vul, en om yang te versamel om yin aan te vul, sodat die yin en yang mekaar kan aanvul en mekaar kultiveer om die doel te bereik om die yin en yang in balans te kry.

Julle weet, of dit Boeddhiste of Daoïste is, veral die Daoïste se yin-yang teorie, hulle praat almal oor hoe die menslike liggaam natuurlik albei yin en yang het. En omdat yin en yang albei in die menslike liggaam bestaan, kan dit verskillende vermoëns en wesens kultiveer, soos die Gekultiveerde Kindjie, Engeltjies, Wet Liggame, en so aan. So omdat daar albei yin en yang in die liggaam is, kan ’n hele aantal wesens gekultiveer word. Dit geld vir albei die manlike liggaam en die vroulike liggaam - daardie dinge kan alles ontwikkel word in die elikser veld gebied. So daar is baie sin in wat hulle sê. Daoïste beskou gewoonlik die boonste gedeelte van die liggaam yang en die onderste gedeelte yin. Sommige mense dink dat die agterkant van die liggaam yang is, en die voorkant yin is. En dan is daar mense wie die linkerkant van die liggaam yang noem en die regterkant yin. In Sjina het ons ’n gesegde, “man links, vrou regs” en dit is waar dit vandaan kom. En daar is regtig iets daarin. Die menslike liggaam het van nature albei yin en yang, so met yin en yang se interaksie, kan die liggaam ’n balans van yin en yang op sy eie bereik, en baie, baie wesens kan geskep word.

So dit verduidelik waarom ons steeds tot hoë vlakke kan kultiveer sonder om manlike-vroulike dubbele kultivering te gebruik. As ’n persoon manlike-vroulike dubbele kultivering in sy kultivering gebruik maar hy hanteer dit nie goed nie, mag hy dalk in ’n demoniese toestand eindig en dan word sy praktyk ’n bose een. Wanneer hoë-vlak Tantrisme kultiveerders manlike-vroulike dubbele kultivering wil gebruik, vereis hulle dat die monnike of lamas tot redelike hoë vlakke kultiveer, en teen daardie tyd, sal sy meester hom lei om daardie kultivering uit te voer. Sy karakter is hoog, so hy kan dit goed hanteer en seker maak dat dit nie sal verander in iets boos nie. Maar vir daardie mense met laë karakter, egter, hulle kan dit definitief nie gebruik nie omdat dit seker is dat hulle in ’n bose praktyk sal val as hulle dit doen. Aangesien hulle karakter beperk is – aangesien hulle nie ontslae geraak het van gewone mense se begeertes nie, het hulle steeds wellus en hulle karakter is alleenlik reg daar – ek kan dit waarborg dat dit boos sal wees wanneer hulle dit doen. Dit is waarom ons sê dat as hulle dit net by laë vlakke gaan versprei is dit sekerlik verspreiding van bose praktyke.

Daar was al baie qigong meesters wie die manlike-vroulike dubbele kultivering die afgelope jare versprei het. Iets is hier ’n bietjie eienaardig egter. Manlike-vroulike dubbele kultivering het selfs onder Daoïste verskyn. En dit is nie ’n onlangse fenomeen nie, dit het eintlik so vêr terug as die Tang Dinastie begin. Hoe kon man-vroulike dubbele kultivering onder Daoïste voorkom? Die Daoïste sisteem se Tai-jie teorie vertel ons dat die menslike liggaam soos ’n klein heelal is en dat dit sy eie yin en yang het. Alle ware Groot Wet praktyke word outentiek oorgegee van eeue gelede. Jy sal daardie

skool opmors as jy vryelik dinge wat jy het insit of dit verander hoe ook al jy wil, en dit sal nie in staat wees om die doel van perfeksie in kultivering te bereik nie. So as 'n dissipline nie enige manlike-vroulike dubbele kultivering dinge het nie, maak seker dat jy hulle nie gaan en gebruik nie. As jy dit doen, sal jy afwyk en probleme teëkom. In ons Falun Dafa dissipline, om spesifiek te wees, het ons nie manlike-vroulike dubbele kultivering nie, en ons praat nie daaroor nie. Dit is hoe ons hierna kyk.

## Dubbele kultivering van natuur en langlewendheid

Ek het alreeds dubbele kultivering van natuur en langlewendheid in besonder verduidelik. Dubbele kultivering van natuur en langlewendheid beteken dat terwyl jy jou karakter kultiveer, kultiveer jy ook langlewendheid, of met ander woorde, jy transformeer jou ingebore liggaam. Terwyl jou liggaam transformeer en jou menslike selle geleidelik vervang word deur hoë-energie materie, word die veroudering proses stadiger. Jou liggaam sal tekens toon van die terugkeer na jeug, Dit sal geleidelik terugkeer en geleidelik transformeer. Wanneer dit finaal heeltemal vervang is deur hoë-energie materie, sal jou liggaam heeltemal getransformeer wees in 'n ander soort van fisiese liggaam. Daardie soort liggaam, soos ek gesê het, sal buite die Vyf Elemente gegaan het, dit sal nie meer binne in die Vyf Elemente meer wees nie. En jou liggaam sal nooit degenereer nie.

Die kultivering in kloosters is alleenlik oor kultivering van jou natuur, so hulle praat nie oor bewegings of oor die kutivering van langlewendheid nie. Hulle praktiseer Nirvana, wat selfs so vroeg verskyn het as die metodes wat Shakyamuni aangegee het. Shakyamuni het om die waarheid te sê, 'n gevorderde, groot metode gehad en hy het definitief die vermoë gehad om sy ingebore liggaam in hoë-energie materie te transformeer en dit weg te neem. Maar, om sy kultivering weg agter te laat, het hy in plaas daarvan, deur die weg van Nirvana weggegaan. Waarom het hy dit van mense gevra? Hy wou hê dat mense hulle verknogthede soveel as moontlik moet opgee, om alles op te gee, insluitende selfs hulle liggame in die einde, en geen verknogthede sou oorgebly het nie. Hy het die pad van Nirvana gekies sodat mense dit so doen so veel as hulle kon, en generasies van monnike sou dieselfde pad neem. Nirvana is wanneer 'n monnik sterf, sy sterflike liggaam afgooi, en sy siel met sy gong opvaar.

Daoïste fokus op kultivering van langlewendheid. Hulle kies hulle dissipels en praat nie oor om alle waarnemende wesens te red nie, en hulle handel met regtige, regtige goeie mense, so hulle praat oor sake van tegniek, en oor hoe om langlewendheid te kultiveer. Maar vir die Boeddhiste sisteem in 'n streng sin, veral die geloof van Boeddhisme, doen hulle dit nie oor die algemeen nie. Nou dit is nie die geval vir elke Boeddhiste praktyk nie, egter, omdat baie diepsinnige Boeddhistiese Groot Wet praktyke dit ook het. Ons dissipline het dit eintlik. In ons Falun Dafa dissipline wil ons die ingebore liggaam sowel as die Gekultiveerde Kindjie hê. En daar is 'n verskil tussen die twee. Die Gekultiveerde Kindjie is 'n liggaam wat van hoë-energie materie opgemaak is, maar hy kan homself nie vryelik in onse dimensie wys nie. Hy het dit nodig om 'n ingebore liggaam soos ons s'n te hê om die voorkoms van 'n gewone persoon te hou vir die lang termyn in hierdie dimensie. Dit is waarom wanneer jou ingebore liggaam getransformeer is, alhoewel jou selle vervang was deur hoë-energie materie, verander die konfigurasie van jou molekules nie, so jou liggaam sal steeds amper dieselfde lyk soos 'n gewone persoon s'n. Maar daar is steeds 'n verskil - om spesifiek te wees, daardie liggaam kan ander dimensies binnetree.

'n Praktyk wat natuur en langlewendheid albei kultiveer, kan 'n verjongings effek hê en jou baie jonger laat lyk as wat jy is. Iemand het my nou die dag gevra , "Meester, hoe oud dink jy is ek?" Sy was eintlik, amper 70, maar sy het gelyk asof sy in haar veertigs was. Sy het geen plooie gehad nie, en haar gesig was glad en helder met 'n rooskleurigheid. Daar is geen manier dat iemand wie amper 70 jaar oud is

soos dit kon lyk nie, maar dit gebeur met ons Falun Dafa praktisyne. Op ’n ligter noot, jong vroue hou daarvan om gelaat opknappings te doen om mooier en beter vel te kry. Ek sou sê as jy waarlik ’n dubbele praktyk van natuur en langlewendheid doen, sal jy dit natuurlik kry, en ek kan jou waarborg dat jy dit nie nodig sal vind om gelaat opknappings te doen nie. Ons sal egter nie ingaan op voorbeelde daarvan nie. Voorheen was daar taamlik ’n paar ouer mense van elke lewensloop, en so hulle het my ’n jong man gekonsidereer. Nou word dinge beter en daar is redelik ’n paar jonger mense van alle lewenslope. Eintlik, ek is nie meer jonk nie, en ek word vyftig, ek is alreeds 43.

## Wet Liggame

Waarom is daar ’n veld rondom beelde van Boeddhas? Baie mense kan dit nie verduidelik nie. Daar is sommige mense wie sê, “Die veld rondom die Boeddha standbeeld kom van monnike wie geskrifte voor dit chant”, of met ander woorde, dit is ’n veld wat geskep is deur monnike wie voor die standbeeld kultiveer. Maar ongeag of dit monnike of wie ook al wat daar kultiveer, daardie tipe energie is versprei en nie direktioneel, en die veld behoort egalig oor die vloer, die dak en die mure van die hele tempel versprei te wees. So waarom is dit alleenlik die Boeddha beeld wat só ’n sterk veld het? Byvoorbeeld, daar is gewoonlik ’n veld op die beelde van Boeddhas wat in afgeleë berge, in party grotte, of uitgekerf in klip is. So waarom is daar daardie veld? Sommige mense verduidelik dit op allerhande verskillende maniere, maar kan steeds nie met iets oortuigend opkom nie. Wat hier aangaan is dat 'n Boeddha beeld die veld van ’n Geestelike Verligte Wese se Wet Liggaam op dit het. Die Geestelike Verligte Wese se Wet Liggaam is daar, so dit het energie.

Laat ons nou daaroor dink, is dit dan nie waar dat toe Shakyamuni en Bodhisattva Guanyin hulle kultivering gedoen het, veronderstellend daar regtig sulke persone was, was hulle nie kultiveerders, ook, nie? Mense ontwikkel Wet Liggame wanneer hulle ’n redelike hoe vlak in Buite-Trippel-Wêreld -Wet kultivering bereik het. Wet Liggame is gebore in die Elikser veld gebied, hulle is opgemaak van Wet en Gong, en hulle manifesteer in ander dimensies. Wet Liggame het dieselfde enorme krag as wat die persoon het, maar Wet Liggame se bewussyn en gedagtes is beheer deur sy hoof wese. Maar ’n Wet Liggaam is ook ’n volkome, onafhanklike, en werklike individuele lewe in sy eie reg, en so dit kan enige iets op sy eie doen. Wet Liggame doen dieselfde dinge as wat die persoon se meester bewussyn dit graag sou doen - presies dieselfde dinge. Die persoon doen dit op dieselfde manier asof hy dit homself doen, en Wet Liggame doen dit hoe ook al hy dit sou doen. Dit is wat ons bedoel by “Wet Liggaam.” Wanneer ek iets wil doen, soos die liggame verstel van dissipels wie waarlik kultiveer, laat ek my Wet Liggame dit doen. Wet Liggame manifesteer in ander dimensies, aangesien hulle nie menslike liggame het nie. En daardie wese se vorm is nie vas en onveranderlik nie. Hy kan uitsit en krimp. Soms word hy regtig groot, so groot dat jy nie sy hele kop kan sien nie, en soms word hy regtig klein, so klein dat hy selfs kleiner as ’n sel is.

## Boeddha beeld wyding

’n Boeddha se standbeeld wat in ’n fabriek vervaardig is, is alleenlik ’n stuk kuns. Beeld wyding is om ’n Boeddha se Wet Liggaam uit te nooi om op die standbeeld te kom bly, en dan sal mense die standbeeld as ’n soort van tasbare liggaam neem om te aanbid. Wanneer ’n praktisyn ’n vroom hart het en homself kultiveer sal die Wet Liggaam op die standbeeld die Wet vir hom bewaak, vir hom sorg en hom beskerm wanneer hy kultiveer. Dit is die regte doel van wyding en dit kan alleenlik vervul word

wanneer behoorlike gedagtes uitgestuur word by ’n formele wyding seremonie, of deur Geestelike Verligte Wesens by hoë vlakke, of deur kultiveerders by baie hoë vlakke wie die krag het.

In tempels sê hulle dat Boeddha standbeelde wyding nodig het, en dat hulle nie sal werk as hulle nie deur wyding gegaan het nie. Deesdae in tempels is daar nie meer grootmeesters tussen die monnike nie, hulle het almal vertrek. Na die “Kulturele Revolusie”, daardie junior monnike wie nie ware instruksies ontvang het nie, het kloosterhoofde geword, en baie leringe het verlore gegaan. As jy vir een van hulle vra wat wyding voor is, sal hy vir jou vertel dat na wyding sal die Boeddha standbeeld begin werk. Hy kan nie verduidelik hoe dit presies werk nie. So al wat hy doen is, hy voer ’n seremonie uit. Hy sit ’n klein afskrif van ’n paar geskrifte binne in die standbeeld, plak dit toe met papier, en chant geskrifte voor dit, hy sal dan beweer dat wyding gedoen is. Maar, het dit regtig die effek van wyding gehad? Dit hang af hoe hy die geskrifte gechant het. Shakyamuni het oor behoorlike gedagtes gepraat - jy behoort geskrifte met onverdeelde aandag chant om regtig die wêreld van die dissipline wat jy kultiveer te skud, en alleenlik dan kan jy ’n Geestelike Verligte Wese inroep. En alleenlik wanneer een van daardie Geestelike Verligte Wesens se Wet Liggame op die standbeeld gaan, kan dit die effek van wyding hê.

Terwyl sommige monnike geskrifte chant, is hulle eintlik besig om by hulself te dink, “hoeveel geld sal ek kry nadat ek netnou klaar is met wyding?” Of terwyl hulle die geskrifte chant, mag hulle dink “So-en-so was so gemeen aan my. ”Hulle konkel ook teen mekaar en het konflikte. Julle kan nie ontken dat dit gebeur in vandag se Eeu van die Wet se Einde nie. Dit is nie dat ons Boeddhisme hier kritiseer nie, maar die tempels in die Eeu van die Wet se Einde is regtig nie rustig nie. As hulle aan daardie dinge dink stuur hulle sulke slegte gedagtes uit - hoe kon daardie Geestelike Verligte Wese kom? Daar’s geen manier dat dit die effek van wyding kan hê nie. Maar dit is nie absoluut nie, daar is steeds ’n paar goeie tempels en Daoist tempels wat uitsonderings is.

In een stad het ek ’n monnik gesien wie se hande donker was. Hy het ’n paar geskrifte binne-in 'n Boeddha standbeeld gestop en het dit rofweg geseël. Toe mompel hy ’n paar woorde en het gedink die werk was gedoen. Toe tel hy nog ’n standbeeld op en mompel weer ’n paar woorde. Vir een wyding het hy soveel as 40 rand gevra. Deesdae dink monnike dat dit bemarkbaar is, en maak geld vanaf die wyding van Boeddha standbeelde. Ek het na dit gekyk en het nie ’n wyding gesien nie - daar is net geen manier dat hy dit kon gedoen het nie. Dit is moeilik om te glo dat selfs monnike sulke dinge deesdae sou doen. Weet julle wat ek nog gesien het? Daar was ’n persoon by ’n tempel en hierdie ou het soos ’n leke Boeddhis voorgekom. Hy het beweer dat hy wyding daar doen vir ’n Boeddha standbeeld. Hy het ’n spieël geneem en dit na die son gedraai sodat die lig op die standbeeld se liggaam sou skyn, en toe het hy gesê dat die werk gedoen was. Dit het so belaglik geword! In wat dit vandag besig is om te word, het Boeddhisme gekom om baie van hierdie soort van ding te hê, - glo dit of nie.

In Nanjing stad het hulle ’n baie groot brons Boeddha standbeeld gebou en dit op Lantou Eiland in Hong Kong gesit. Dit is ’n reusagtige Boeddha standbeeld. Baie monnike van oor die hele wêreld het gekom om die beeld in te wy. Een van die monnike het ’n spieël in die son gehou om sonlig op die gesig van die Boeddha standbeeld te skyn, en gesê dit was om dit in te wy. Hoe kon hulle so ’n ding doen by so ’n groot byeenkoms op so ’n plegtige geleentheid? Ek sou sê dit is regtig hartseer! Geen wonder Shakyamuni gesê het dat in die Eeu van die Wet se Einde, sou dit moeilik wees vir monnike om hulle self te red, om nie eens te praat van om andere te red nie. Plus, baie monnike interpreteer die Boeddhistiese geskrifte deur die lens van hulle eie idees. Selfs die Daoïst geskrif Koningin Moeder van die Weste het in tempels ingegaan. Dinge wat nie Boeddhistiese geskrifte is nie het in tempels ingegaan, en dit het ’n groot gemors gemaak en baie verwarring veroorsaak. Dit is regtig in ’n slegte

toestand op die oomblik. Natuurlik, is daar steeds monnike wie ware kultivering doen en wie redelik goed is. Wyding is eintlik om die Geestelike Verligte Wesê se Wet Liggaam uit te nooi om op die Boeddha standbeeld te kom bly – dit is wyding.

Indien ’n Boeddha standbeeld nie ingewy is nie, dan kan jy beslis nie offerandes aan dit maak nie, anders sal dit regtig ernstige nagevolge hê. En wat sal die ernstige gevolge wees? Mense wie menslike liggaam wetenskappe studeer het nou ontdek dat ’n persoon se gedagtes en brein aktiwiteite ’n soort materie kan genereer. By hoë vlakke kan ons sien dat dit regtig ’n tipe van materie is, maar dit werk uit hierdie materie is nie soos die brein golwe wat ons nou met navorsing ontdek het nie. In plaas daarvan neem dit die vorm van ’n volledige menslike brein aan. Die ding wat gewone mense in hulle daaglikse lewe uitstuur wanneer hulle dink is in die vorm van ’n menslike brein, maar dit dissipeer vinnig aangesien dit nie energie het nie. Maar ’n praktisyn se energie duur baie langer. In teenstelling met wat baie mense dink, ’n Boeddha standbeeld het nie gedagtes wanneer dit in ’n fabriek vervaardig word nie, niks nie. Sommige is nie ingewy nie, en selfs as jy hulle na ’n tempel toe bring, sal wyding steeds nie bereik word nie. As jy vir ’n vals qigong meester of enige iemand van ’n slegte praktyk vra om wyding te doen, dit is steeds meer gevaarlik - ’n jakkals of muishond sal op die standbeeld gaan.

So as jy gaan en ’n Boeddha standbeeld aanbid wat nie ingewy is nie, sal dit uiters gevaarlik wees. En net hoe gevaarlik? Ek het gesê die mensdom het tot ’n punt vandag gekom waar alles versleg, alles in die hele samelewing en in die heelal word korrup, een ding na die ander, en alles wat met gewone mense gebeur, kom van hulle eie dade. Dit is selfs moeilik om ’n ware lering te vind en ’n ware weg te volg - inmenging kom van alle rigtings. Kom ons sê daar is iemand wie vir ’n Boeddha wil soek, maar wie is ’n Boeddha? Selfs om dit te doen, is moeilik. As julle dit nie glo nie, laat ek dit uitspel. Wanneer die eerste persoon na ’n Boeddha beeld gaan wat nie ingewy is nie, na dit buig en hulde na dit bring, val dinge skielik uitmekaar. Vertel my, hoeveel van die mense wie ’n Boeddha se hulp gaan soek, doen dit om ’n ware rypwording te bereik? Heeltemal te min. So wat motiveer meeste mense om ’n Boeddha te aanbid? Om ontslae te raak van ongeluk, teenspoed op te los, en om ryk te word - dit is wat hulle agter aan is. Is daardie dinge in die Boeddhiste geskrifte? Daar is absoluut niks soos dit nie.

As ’n Boeddha aanbidder geld wil hê, sodra hy voor ’n Boeddha standbeeld buig of ’n beeld van Bodhisattva Guanyin of voor ’n Tathagata en sê, “Asseblief, asseblief help my ryk word” – daarsy, ’n volledige idee word gevorm. Aangesien wat hy uitstuur gerig is na die standbeeld gaan dit op dit onmiddellik. Voorwerpe in ander dimensies kan uitsit en krimp, en sodra die idee op daardie voorwerp gaan, sou die Boeddha standbeeld ’n brein hê, en dit sal in staat wees om te dink, maar dit sal nie ’n liggaam hê nie. Ander mense kom dan om dit te aanbid. Hulle aanbid en aanbid, en gee dit ’n bietjie energie. Dit is selfs meer gevaarlik as die aanbidders praktisyne is. Van die oomblik dat hulle begin om dit te aanbid, sal dit geleidelik energie begin kry. So dit vorm ’n tasbare liggaam, maar die tasbare liggaam is in ’n ander dimensie gevorm. Nadat dit gevorm is, bestaan dit in ’n ander dimensie en is in staat om ’n bietjie van die waarheid van die heelal te ken, so dit is in staat om ’n paar dinge vir menslike wesens te doen en dit kan ’n bietjie gong daardie manier op bou. Maar die hulp wat dit gee, kom met voorwaardes, daar is ’n prys. Dit beweeg vrylik rond in daardie ander dimensie en beheer gewone mense soos dit wil. En daardie tasbare liggaam lyk presies dieselfde soos die Boeddha standbeeld. So dit is hoe ’n vals Bodhisattva Guanyin of ’n vals Tathagata verwesenlik word deur aanbidding - hulle is geskep deur mense se aanbidding, en hulle lyk dieselfde as die Boeddha standbeelde en hulle neem ’n Boeddha se voorkoms aan. Die verstand van die vals Boeddha of die vals Bodhisattva, soos dit uitwerk, is net vrot - dit is agter geld aan. Dit is geskep in ’n ander dimensie, en is in staat om te dink, en dit ken ’n bietjie waarheid. Dit waag nie om ernstige slegte dinge te doen nie, maar dit waag om ’n paar klein slegte dinge te doen. En partykeer help dit mense. As dit mense nie

gehelp het nie sal dit heeltemal boos wees en dit sal doodgemaak word. So hoe help dit mense? Miskien bid iemand “Asseblief, asseblief Boeddha gee my ’n bietjie hulp. So-en-so in my familie is siek.” “Sekerlik, ek sal jou help.” Dit sal jou vra om geld in die donasie boks te sit, aangesien dit geld op sy verstand het. Wanneer jy baie geld in daardie boks gooi sal dit die persoon vinniger laat beter word. Dit het ’n bietjie energie, so dit is in staat om ’n gewone mens vanaf ander dimensies te beheer. Dit is selfs meer gevaarlik as iemand met gong dit gaan aanbid. Laat ons sien, waarvoor bid hierdie praktisyn? Geld? Dink daaroor - waarvoor wil ’n praktisyn geld hê? Selfs om te bid om ontslae te raak van teenspoed en siekte vir jou familie is ’n verknogtheid van liefde vir jou familie. Jy wil ander mense se noodlot beheer, maar elke mense het sy eie noodlot! As jy dit aanbid en murmureer, - “Asseblief, asseblief help my om ’n bietjie ryker te word.” “Goed” - dit sal jou help. Dit jeuk net om jou vir geld te laat vra. Hoe meer jy vir dit vra, hoeveel meer dit van jou kan wegneem. Dit is ’n regverdige bedeling. Daar’s baie geld wat ander mense in die donasie boks gegooi het, en dit sal vir jou daarvan laat kry. Hoe gaan jy die geld kry? Jy mag miskien ’n beursie uit die bloute vind, of jy mag ’n bonus van jou maatskappy kry. Dit sal deur enige moeilikheid gaan om vir jou die geld te kry. Maar dit kan jou nie verniet help nie, kan dit? Geen verlies, geen wins. Dit kry ’n bietjie van jou gong aangesien dit gong wil hê, of dit sal jou elikser wegneem of ander dinge wat jy gekultiveer het. Dit is wat dit agter aan is.

Soms kan hierdie vals Boeddhas nogal gevaarlik word. Baie van ons praktisyne wie se Derde Oog oop is, dink dat hulle Boeddhas gesien het. Daar was iemand wie gesê het dat ’n groep Boeddhas eendag na ’n tempel gekom het en dat een van die sogenaamde Boeddhas het so-en-so naam gehad, en hy het die groep gelei. Die ou het gepraat oor hoe gister se groep was, hoe vandag se groep is, en hoe daardie groep net vir ’n ruk gebly het en weg gegaan het, hoe nog 'n groep op sy hakke gekom het en so aan. So wie is hulle? Hulle is presies die tipe waaroor ek gepraat het - hulle is nie regte Boeddhas nie, hulle is vals. Daar is redelik baie van hulle daar buite.

As ’n tempel daardie probleem het, is dit steeds meer gevaarlik. Wanneer ’n monnik dit aanbid, sal dit beheer neem van hom - en hom oorneem - “Aanbid jy my nie? Dit is duidelik dat jy my aanbid! Wel, wil jy nie kultiveer nie? Ek sal vir jou sorg. Ek sal jou kultivering reel.” So dit sal dinge vir jou reël, maar waar sal jou kultivering jou neem? Geen dissipline in die hemele sal jou aanvaar noudat jy volgens sy reëlings gekultiveer het nie. Dit het jou kultivering gereël, so jy sal onder sy leiding wees van hier af aan. Sal jou kultivering nie dan verniet wees nie? Ek sou sê deesdae is dit moeilik vir menslike wesens om ’n ware rypwording te bereik deur kultivering. Hierdie soort ding is redelik algemeen. Wanneer baie van ons Boeddha-lig in welbekende berge en in beroemde valleie sien, is meeste daarvan iets soos dit. Hulle het energie en kan hulleself wys. Maar ’n ware Geestelike Verligte Wese sal homself nooit so blatant wys nie.

Daar was baie minder van daardie sogenaamde “Aardse Boeddhas” en “Aardse Daos” in die verlede, maar daar is nou ’n ton van hulle. Wanneer hulle slegte dinge doen sal die hemel hulle dood maak, en hulle sal haas na daardie Boeddha standbeelde wanneer hulle weet hulle lewens op die spel is. Groot Verligte Wesens ontwrig nie sommer die wette wat gewone mense regeer nie. Die groter die Geestelike Verligte Wese hoe minder waarskynlik is dit dat hy teen die wette vir gewone mense sal gaan - Hy sal hulle nie eers in die geringste bietjie breek nie. Per slot van sake, kan hy nie net skielik ’n Boeddha standbeeld met ’n donderslag vermorsel nie. Dit is definitief nie iets wat hy sou doen nie. So wanneer dit hardloop en op ’n Boeddha standbeeld gaan sal hy dit alleen laat. Dit weet wanneer sy lewe op die spel is, so dit sal weg hardloop. Dan, is die Boedhisattva Guanyin wie jy sien die regte Bodhisattva Guanyin? Is die Boeddha wie jy sien die regte Boeddha? Dit is moeilik om te sê.

Hierdie probleem het baie van ons laat dink oor iets wat verband is aan dit: "Wat behoort ons doen omtrent die beelde van Boeddhas by die huis?" Miskien het baie mense aan my gedink. Om my studente te help kultiveer, ek sal julle vertel dat julle dít kan doen: Neem my boek (omdat die boek my foto in het) of 'n prent van my en hou die Boeddha beeld in jou hand. Doen die Groot Lotus Blom Hand Posisie, asof jy my vra vir hulp, en maak 'n versoek aan jou Leermeester vir wyding. Dit sal in 'n halwe minuut gedoen wees. Maar ek wil vir julle vertel, dit geld alleenlik vir ons kultiveerders - dit sal nie werk as jy dit probeer vir jou vriende of familie nie. Ons doen dit alleenlik vir kultiveerders. Sommige mense sê dat hulle my foto neem na die huise van hulle vriende en familie om bose geeste weg te jaag, maar my foto is nie om bose geeste vir gewone mense weg te jaag nie. Dit is heeltemaal die mees minagtende ding wat jy aan jou Leermeester kon doen.

So noudat ek gepraat het oor Aardse Boeddhas en Aardse Daos, is daar nog 'n ding. In Antieke Sjina, het baie mense hulle kultivering diep in die berge of woude gedoen. Maar waarom is daar nie enige iemand soos dit vandag nie? Hulle het eintlik nie verdwyn nie. Hulle laat net nie gewone mense van hulle weet nie, daardie benadering is steeds baie lewendig en aan die gang, en hulle almal het vermoëns. Dit is nie dat hulle oor die jare verdwyn het nie, daar is steeds 'n goeie aantal van hulle rond. Daar is steeds 'n paar duisend van hulle in die wêreld. Ons land het ietwat meer van hulle, veral in daardie beroemde berge en langs die groot valleie. Hulle word ook gevind in party ander hoë berge. Hulle gebruik hulle vermoëns om hulle grotte af te sëel, en dit is waarom jy nie bewyse kan sien dat hulle bestaan nie. Hulle kultivering is redelik stadig, hulle metodes is 'n bietjie lomp, en hulle is nie in staat om die essênsie van kultivering te begryp nie. Maar ons, in teenstelling, fokus direk op jou verstand, ons kultiveer deur die heelal se hoogste natuur te volg, en ons kultiveer deur die heelal se vorm te volg. So dit is net natuurlik dat ons gong vinnig groei. Kultivering weë stapel op in 'n piramide soort vorm, so alleenlik die middel pad is die Groot Weg. 'n Persoon wie daardie sy paaie in kultivering neem mag miskien nie 'n hoë karakter hê nie, en hy mag Ontsluit word sonder om baie hoog te kultiveer. Maar hulle is vêr van die Groot Weg van ware kultivering.

Hulle, ook, gee hulle dissiplines oor en onderrig dissipels. Hulle dissiplines kan alleenlik so hoog kultiveer, so hulle karakter is alleenlik so hoog, en hulle dissipels kultiveer op tot so hoog. Die nader die wêreldse sy paaie aan die rante kom, hoe meer vereistes is daar. Hulle gewyde metodes is ingewikkeld, en hulle kan nie die essensie van kultivering begryp nie. Wanneer 'n persoon kultiveer konsentreer hy om sy karakter te kultiveer. Maar hulle besef dit nie - hulle dink dat swaarkry genoeg is vir kultivering. So na 'n lang periode van tyd, na kultivering vir honderde jare of selfs, sê, 1,000 jaar, ontwikkel hulle alleenlik 'n klein bietjie gong. Maar die waarheid is, hulle gong kom nie van daardie swaarkry wat hulle deurgaan nie. Dan van waar kom dit vandaan? Dit is net soos met enige persoon: hy het baie verknogthede wanneer hy jonk is, en wanneer hy ouer word, is sy verknogthede van nature gelos of gedaan soos tyd verby gaan en soos sy hoop vir die toekoms vervaag. Dit is die metodes wat daardie sypad praktyke opgeneem het. Hulle het ontdek dat hulle, hul gong kan verhoog deur meditasie, deur hulle krag van konsentrasie, en om swaarkry te dra wanneer hulle aan beweeg in kultivering. Tog weet hulle nie dat hulle gewone mens se verknogthede stadig gedaan geword het oor daardie lang harde tydperk nie, of dat hulle gong gegroei het nadat hulle daardie verknogthede stukkie vir stukkie opgegee het nie.

Maar ons teiken op en wys waarlik die verknogthede uit sodat ons hulle kan elimineer, en op hierdie manier maak ons regtige vinnige vordering in kultivering. Daar is party plekke waarheen ek gegaan het waar ek dikwels op daardie mense afgekom het wie vir baie jare gekultiveer het. Hulle het gesê - "Niemand weet ons is hier nie! Ons sal nie inmeng wat met jy doen nie, ons sal nie enige moeilikheid vir jou maak nie." Daardie is van die redelike goeies.

Maar daar is slegtes, ook, en ons moes met hulle handel. Ek sal vir julle ’n voorbeeld gee. Die eerste keer dat ek na Guizhou Provinsie gegaan het om die praktyk oor te dra was daar hierdie ou wat reg in die middel van een van my klasse gearriveer het. Hy het gesê dat sy groot meester my wou sien en dat sy groot meester so-en-so was, wie vir ’n ton jare gekultiveer het. Ek het gesien dat die yin qi wat hierdie ou gehad het aaklig was, en sy gesig het ’n sieklike geel gelyk. So ek het gesê dat ek nie tyd het nie en hom nie sou gaan sien nie, ek het hom afgekeur. Dit het sy groot meester regtig onsteld gemaak en hy het begin om moeilikheid vir my te maak. Hy het met my die hele tyd gemors. Ek is iemand wie nie hou om met andere te baklei nie, en hy was in elke geval nie ’n geveg werd nie. Wanneer ook al hy slegte dinge gehaal het en hulle oorgebring het sou ek hulle net skoon maak, en na dit sou ek terug gaan en my Wet onderrig.

Terug in die Ming Dinastie was daar hierdie kultiveerder, en hy het deur ’n slang besete geword toe hy gekultiveer het. Hy het nooit daarin geslaag om sy kultivering te voltooi nie, hy het dood gegaan en die slang het sy liggaam oorgeneem en uiteindelik ’n menslike vorm gekultiveer. Daardie persoon se groot meester was die menslike vorm wat daardie slang gekultiveer het. Sy natuur het nie verander nie, so hy het in 'n groot slang getransformeer om met my te mors. Ek het gedink dat dit regtig té vêr gegaan het, so ek het dit in my hand gevang en het uiters kragtige gong gebruik, genoem Oplossing Van Gong, om sy laer liggaam na water te smelt. Sy boonste liggaam het terug gegly na van waar dit vandaan gekom het.

Eendag het ’n jong volgeling van hom die Assistent in bevel van die Guizhou Assistent sentrum gekontak, en vir haar vertel dat sy groot meester haar wou sien. So die Assistent het gegaan. Sy het ’n stikdonker grot binne getree en kon niks sien, behalwe vir ’n skaduwee wat daar gesit het, met sy oë wat groen lig uitstraal. Wanneer die oë oopgaan het, het die grot opgehelder, en wanneer die oë toegegaan het, het die grot donker geword. Hy het ’n lokale dialek gesê, “Li Hongzhi kom weer. Hierdie keer sal geen een van ons daardie dinge doen nie. Ek was verkeerd. Li Hongzhi is hier om mense te red.” Sy volgeling het hom gevra, “groot meester, staan asseblief op. Wat is verkeerd met jou bene?” Hy het geantwoord, “Ek kan nie meer staan nie. My bene was beseer.” Nadat hy gevra was oor hoe hulle beseer geword het, het hy begin praat oor hoe hy moeilikheid gemaak het. Maar toe by in 1993 by die Asiatiese Gesondheid Ekspo het hy weer met my gemors. Hy was altyd besig om vreeslike goeters te doen en het probeer om my oorlewering van die Groot Wet te ruïneer, so ek het hom heeltemal vernietig. Nadat hy vernietig was wou al sy broers in die praktyk aksie neem. Ek het toe ’n paar woorde gesê, en hulle was geskok, regtig bang. Geen een van hulle het gewaag om iets te doen nie - hulle het geweet wat aangaan. Sommige van hulle was steeds heeltemal gewone mense, en hulle het vir ’n lang tyd gekultiveer. So hierdie voorbeelde is net om julle te help om wyding te verstaan.

## Die onderwerp van towery

So wat is die onderwerp van Towery? In die loop van die verspreiding van hulle praktyke, het baie mense in kultivering kringe dit onderrig as ’n deel van kultivering. Maar feit is, dit is nie ’n deel van kultivering nie. Dit is soos ’n soort truuk, ’n inkantasie, of tegniek wat aangegee word. Die formaat wat dit gebruik - soos om gelukbringers te teken, wierook brand, stukkies papier brand, inkantasies te chant en daardie soort van ding - kan mense genees, en sy benadering tot genesing is uniek. Byvoorbeeld, laat ons veronderstel daar is iemand met ’n koorsblaar op sy gesig. Die praktisyn van Towery sal ’n kwas-pen in cinnabar ink doop en ’n sirkel op die grond trek en “x” binne-in die sirkel maak. Hy sal dan die persoon vra om in die middel van die sirkel te staan en hy sal begin om inkantasies te chant. Dan gebruik hy die kwas-pen wat in die cinnabar ink gedoop was om kringe op

die persoon se gesig te teken. Hy chant die inkantasies soos hy die kringe teken en hy teken en teken totdat hy ’n kol op die koorsblaar maak, wat gebeur net soos hy ophou chant. Dan vertel hy vir die persoon dat dit genees is. Die persoon vind wel dat die koorsblaar kleiner is en dit nie so seer is wanneer hy dit aanraak nie. Dit het gewerk. Hulle kan kleiner kwale behandel, maar hulle kan nie groter probleme behandel nie. Wat sal hy doen as jy sê jou arm pyn? Hy sal inkantasies begin chant, en jou vra om jou arms uit te strek, hy sal ’n dampie lug by die hegu drukpunt blaas van hierdie hand en die lug maak uitgaan by die hegu drukpunt van jou ander hand, en jy sal ’n sliertjie lug voel. Wanneer jy dit weer aanraak, sal dit nie so seer as voorheen wees nie. En hulle gebruik ander metodes, soos om stukkies papier vir die dooies te brand, simbole teken, amulette hang, en so aan. Daardie is die soort van dinge wat hulle doen.

In die Daoïst klein wêreldse paaie kultiveer hulle nie langlewendheid nie. Wat hulle doen is oor waarsêery, feng shui lees, bose geeste uitdryf, en mense genees, en meeste klein wêreldse paaie gebruik Towery. Dit kan mense genees, maar die metodes wat dit gebruik dit werk uit, is nie goed nie. Ons sal nie ingaan op die metodes wat dit gebruik nie, maar ons praktisyne wat die Groot Wet kultiveer behoort dit nie te gebruik nie aangesien dit regtig baie slegte en lae-vlak boodskappe het. In antieke Sjina het hulle genesings metodes in verskillende onderwerpe geklassifiseer, soos breuk genesing, akupunktuur, massering, chiropraktyk, drukpunt behandeling, qigong genesing, kruie behandeling, en so aan, en dit was in baie verskillende kategorieë geklassifiseer. Elke tipe behandeling was ’n onderwerp genoem, en Towery was as die 13de onderwerp gelys. Daarom is sy volle naam “Die Nommer Dertien Onderwerp van Towery.” Towery is nie deel van kultivering nie. Dit kom nie van die gong wat jy in kultivering kry nie, dit is net iets soos ’n tegniek.

## DIE SESDE GESPREK

### Qigong psigose

In die kultivering wêreld is daar hierdie frase, "qigong psigose," en dit het 'n redelike groot effek op die algemene publiek, veral aangesien sommige mense 'n groot saak daarvan maak en hulle het veroorsaak dat sommige mense bang is om qigong te doen. Wanneer daardie mense hoor dat qigong tot psigose kan lei, word hulle te bang om te praktiseer. Maar eintlik, ek gaan vir julle vertel: daar is glad nie iets soos qigong psigose nie.

Daar is 'n redelike aantal mense wie besete geword het as gevolg van hulle gedagtes wat nie behoorlik is nie. Hulle meester bewussyn is nie in bevel nie, en tog dink hulle dit is qigong. Hulle liggame is beheer deur daardie geeste, en hulle word heeltemal van hulle koppe af en gil en skreeu. Wanneer mense dit sien, dink hulle dat dit is hoe mense is wanneer hulle qigong doen, en hulle word so bang dat hulle nie waag om te praktiseer nie. Baie van ons neem dit per ongeluk vir qigong. Maar hoe kon dit om qigong te doen wees? Dit is alleenlik verwant aan die lae, lae vlak van genesing en fiksheid. Maar dit is eintlik regtig gevaarlik. As jy gewoond raak om so te wees, en jou meester bewussyn is nooit in beheer nie, mag jou liggaam dan gekontroleer word deur dinge soos jou onderbewussyn, boodskappe van buite, of besittende geeste, en dit mag 'n paar gevaarlike dinge doen. En dit sou 'n ton skade aan die kultivering wêreld doen. Dit is veroorsaak deur mense se gedagtes wat nie behoorlik is nie en hulle wys af uit verknogtheid. Dit is nie qigong psigose nie. Sommige mense, ek weet net nie hoe hulle hul kan voordoen as sogenaamde qigong meesters nie–hulle praat ook oor qigong psigose. Die waarheid is, praktisering van qigong lei nie na qigong psigose nie. Meeste mense het hierdie terme hoofsaaklik gesien in literere en artistieke werke, soos kung-fu verhale en daardie soort van dinge. As julle my nie glo nie, gaan grawe dan deur die antieke boeke of kultivering boeke - daar is niks soos dit nie. Waar sou jy iets so absurd vind soos qigong psigose? Daardie soort van ding gebeur net glad nie.

Die qigong psigose wat jou tipiese gewone mens in glo, het 'n paar verskillende vorme en wat ek net oor gepraat het, is een van hulle. Dit kom as gevolg van die persoon se gedagtes wat nie behoorlik is nie en hy het homself laat besete word, hy ontwikkel allerhande soorte gemoeds toestande soos om 'n "qigong toestand" te hê om af te wys, en so aan. Sommige van hulle soek selfs vermoëns, of miskien het hulle vals qigongs gedoen, en wanneer ook al hulle qigong oefeninge doen, het hulle 'n gewoonte om hulle meester bewussyn te laat ontspan; hulle is nie bewus van enige iets nie, en hulle gee hulle liggame weg aan andere, hulle word heeltemal van hulle koppe af en laat hulle onderbewussyn of boodskappe van buite hulle liggame kontroleer, en so dan doen hulle 'n paar vreemde dinge. As iemand vir hom vertel om van 'n gebou af te spring, sal hy spring. En as iemand vir hom vertel hy moet in 'n meer spring, sal hy spring. Hy het nie meer 'n wil om te leef nie, en hy het sy liggaam weggegee aan andere. Daardie tel nie as qigong psigose nie, maar jy kon sê dat hy afgedwaal het en dit was veroorsaak deur dat hy opsetlik so in die begin opgetree het. Baie mense het hierdie idee dat om oor die hele plek swaai is om qigong te doen, wanneer die waarheid is, as iemand in daardie toestand is wanneer hy ware qigong doen, sal dit ernstige gevolge hê. Dit is nie qigong doen nie - dit kom van gewone mense se verknogte en strewes.

'n Ander vorm is wanneer 'n persoon se qi êrens verstop raak wanneer hy qigong doen en dit kan nie deurgaan nie - of sy qi sit iewers vas by die bokant van sy kop en kan nie afkom nie en hy word bang. Die menslike liggaam is 'n klein heelal. So Daoïste praktyke, in besonder, kom hierdie probleme tee wanneer qi deur 'n pas probeer jaag. As sy qi nie deur kan jaag nie, sal dit daar vassit. En dit is nie net

die bokant van die kop nie - dieselfde gaan vir ander dele van die liggaam, maar dit is net dat die bokant van die kop jou mees sensitiewe plek is. Nadat 'n persoon se qi die bokant van sy kop bereik het en nie in staat is om af te jaag nie en deur die pas te gaan nie, sal hy voel asof sy kop swaar is, asof sy kop opgestop is, of asof hy 'n swaar hoed van qi dra, of hy sal ander soorte sensasies soos hierdie hê. Maar qi het nie enige soort van beperkende krag nie, dit kan mense nie enige moeilikheid bring nie, en daar is geen manier waarop dit 'n soort siekte kan veroorsaak nie. Sommige weet nie wat qigong regtig oor is nie, en hulle gaan en maak 'n paar onverantwoordelike opmerkings in 'n sensasionele manier, en dit maak 'n groot gemors van dinge. Maar mense dink dat as iemand se qi nie van die bokant van die kop kan afkom nie sal hy qigong psigose kry, of hy sal verkeerd gaan, of iets, en dit het baie mense bang gemaak.

Wanneer qi nie van die bokant van die kop kan afkom nie kan is dit net 'n tydelike toestand. Sommige mense se qi kan vir 'n lang tyd nie afkom nie, selfs miskien vir 'n halwe jaar. As dit nie kan afkom nie, kan 'n persoon ware qigong meester vra om dit te lei en dan kan dit afkom. Wanneer ons nie deur 'n pas in ons praktyk kan gaan nie, of wanneer ons qi nie in staat is om af te kom nie, behoort ons na ons karakter te kyk vir die oorsaak - "het ek te lank by daardie vlak vertoef, en nou is dit tyd om my karakter te verbeter?" Wanneer jy waarlik jou karakter verbeter sal jy sien dat dit af sal kom. Wanneer jy alleenlik op die transformering van jou gong fokus en fokus nie op die verandering van jou karakter, - jy weet, die probleem sal rond bly totdat jy karakter verbeter, en alleenlik dan kan omvattende veranderinge gebeur. Wanneer 'n persoon se qi regtig nie deur gaan nie sal dit nie enige probleme veroorsaak nie. Dit is gewoonlik ons eie verstand wat probleme veroorsaak. Dit, plus om vals qigong meesters hulle hoor vertel dat iets verkeerd sal gaan as qi die bokant van die kop bereik, maak hulle uiteindelik bang. En wanneer hulle bang word, nou dit mag regte probleme aanbring. Dit is omdat wanneer jy bang word, het jy vrees, en is dit nie 'n verknogtheid nie? En wanneer jou verknogtheid uitkom, behoort jy nie van dit ontslae te raak nie? Hoe meer bang jy is hoe meer voel die probleem soos siekte - daardie verknogtheid van joune moet net gaan! Dit is om jou 'n les te laat leer en van die verknogtheid van vrees ontslae te raak vir die verbetering van jouself.

'n Praktisyn sal ook nie so aangenaam voel in die kultivering wat voorlê nie. Baie gong sal te voorskyn kom in jou liggaam, en alles van dit is sterk goeters wat orals rond in jou liggaam beweeg, wat jou allerhande soorte ongemak bring. Die rede waarom jy ongemak het, is hoofsaaklik dat jy altyd bang is dat jou liggaam een of ander soort van gesondheidprobleem het, terwyl in werklikheid, het jy alreeds regtige kragtige dinge in jou liggaam gegenereer, hulle is almal gong, hulle is almal vermoëns, en daar is baie lewende dinge. As hulle beweeg, sal jou liggaam jeukerig voel, pynlik, ongesond, of wat ook al (die senuwee eindpunte is sensitief), en allerhande soorte kultivering toestande kan voorkom. So jy sal daardie sensasies hê solank as jou liggaam nie getransformeer is na hoë-energie materie nie. En dit is 'n goeie ding in sy eie reg. Jy is 'n kultiveerder, so as jy altyd jouself as 'n gewone mens konsidereer en altyd dink hierdie dinge is gesondheidsprobleme, hoe gaan jy dan kultiveer? Wanneer onheil gedurende jou kultivering tref, as jy jouself steeds as 'n gewone persoon konsidereer, sou ek sê jou karakter het geval tot die vlak van gewone mense op daardie tydstip. Of tenminste met hierdie een ding het jy geval tot die vlak van gewone mense.

As julle ware praktisyne gaan wees, moet julle vanaf 'n regtige hoë vlak na dinge kyk, en jy kan nie gewone mense se opinies gebruik om dinge te interpreteer nie. Wanneer jy dink dit is 'n gesondheidprobleem, mag jy dalk gesondheidsprobleme aanbring. Die rede is, wanneer jy dink dit is 'n gesondheidprobleem, is jou karakter omtrent so hoog soos 'n gewone mens s'n. Qigong en ware kultivering, en selfs meer so daardie kultivering toestand, sal nie na gesondheidsprobleme lei nie. Julle weet, met mense wie regtig gesondheidsprobleme het, 70% van dit is sielkundig en 30% is fisies. Dit is

gewoonlik dat hulle eers sielkundig ineenstort, dat hulle uitmekaar val, en hulle het ’n groot verstandelike las, wat veroorsaak dat hulle kondisie vinnig versleg. Dit is gewoonlik hoe dit gaan. Laat ek julle ’n voorbeeld gee. Daar was hierdie persoon wie aan ’n bed gebind was. Hulle het sy arm gelig en vir hom vertel dat hulle hom sal maak dood bloei. Toe blinddoek hulle hom, sy pols gekrap (hulle het hom nie eers ’n bietjie laat bloei nie), en die water kraan oop gedraai om hom die drup geluid te laat hoor. Hy het gedink sy bloed drup en in ’n japtrap was hy dood. Maar eintlik, hulle het hom nie eers ’n bietjie laat bloei nie, dit was die kraanwater wat gedrup het. Sy verstand het sy dood veroorsaak. Wanneer jy altyd dink dat jy gesondheidsprobleme het, mag jy dalk jouself gesondheidsprobleme gee. Dit is omdat jou karakter tot die vlak van gewone mense geval het, en natuurlik kry gewone mense gesondheidsprobleme.

Jy is ’n praktisyn, so as jy altyd dink dit is ’n gesondheidprobleem, dan vra jy eintlik vir dit - jy vra vir daardie probleem, en nou is dit in staat om in te stel. Om ’n praktisyn te wees moet jou karakter hoog wees. Moenie altyd bang wees dat dit ’n gesondheidprobleem is nie. Om te bang te wees dat dit ’n gesondheidprobleem is, is ’n verknogtheid in sigself, en dit kan moeilikheid bring in elke geval. In kultivering is dit nodig om karma te elimineer en om karma te elimineer is pynlik - hoe op aarde kon jy gong verhoog in totale gemak! En hoe anders kon jy ontslae raak van jou verknogthede? Ek sal vir julle ’n storie van Boeddhisme vertel. Daar was hierdie persoon wie ’n ton moeite ingesit het en uiteindelik gekultiveer het tot in ’n Arhat – hy was op die punt om ’n Ware Rypwording te bereik en ’n Arhat te word - hoe kon hy nie gelukkig wees nie? Hy was besig om uit die Drie Ryke te breek! Daardie geluk was ’n verknogtheid, egter, ’n verknogtheid van opgewondenheid. ’n Arhat behoort altyd in ’n toestand van nie-aksie wees, met ’n verstand wat onbeweeglik is. Maar hy het geval, en hy het verniet gekultiveer. Aangesien hy verniet gekultiveer het, moes hy weer van voor kultiveer, so hy het homself weer opwaarts gekultiveer. Nadat hy ’n ton moeite in gesit het, het hy weer opwaarts beweeg deur kultivering. Maar hierdie keer het hy bekommerd geraak en vir homself gesê, “Ek beter nie hierdie keer gelukkig word nie. As ek weer gelukkig word dan sal ek weer val.” Toe hy bang word toe val hy weer. Vrees is ’n verknogtheid.

Dan is daar nog ’n scenario, wat is dat sommige mense psigose ontwikkel, en ander mense sê hulle het qigong geïnduseerde psigose. En sou jy glo, sommige mense wag selfs vir my om hulle psigose te behandel! Ek sou sê dat psigose nie ’n gesondheidprobleem is nie, en ek het nie die tyd om na daardie dinge om te sien nie. Waarom is dit? Dit is omdat ’n psigotiese persoon geen virus het nie, en hy het nie enige patologiese veranderinge of swere in sy liggaam nie. Soos ek dit beskou is dit nie ’n gesondheidprobleem nie. Psigose is wanneer ’n persoon se meester bewussyn te swak is. En net hoe swak? Dit is asof die ou homself nooit beheer van homself kan neem nie - dit is wat ’n psigotiese se meester siel soos is. Hy wil nie in beheer van sy liggaam meer wees, nie en sy kop is altyd deur die mis en kan nie waaksaam bly nie. Wanneer dit gebeur kom sy onderbewussyn en uitwendige boodskappe en meng met hom in. Elke dimensie het so veel vlakke, en allerhande boodskappe meng met hom in. En ’n persoon se meester siel mag miskien ’n paar slegte dinge voor hierdie leeftyd gedoen het, en hy mag krediteure hê wat hom wil benadeel. Allerhande dinge kan gebeur. Ons sê dat dit is wat psigose oor is. Hoe kon ek dit dan vir jou behandel? Ek sou sê dat dit regtig is hoe mense psigose ontwikkel. So wat doen jy daar omtrent? Voed hom op, en kry hom om van dit uit te breek. Maar dit is baie moeilik om te doen. As jy kyk, wanneer ’n doktor in ’n psigiese hospitaal op die punt staan om elektriese skok toe te dien, word die psigotiese persoon onmiddellik so bang, dat hy op hou om nonsens te mompel. En waarom is dit? Op daardie oomblik word sy meester siel op-en-wakker, en hy is bang om geskok te word.

Gewoonlik wanneer ’n persoon kultivering opneem hou hy daarvan om aan te hou praktiseer. Boeddha-natuur is iets wat almal het, en almal het die wens om te kultiveer. So, sodra hulle ’n praktyk geleer het, sal baie mense dit aanhou praktiseer vir die res van hulle lewens. Ongeag of hy sy kultivering kan voltooi en of hy ’n Wet verky het, dit kom daarop neer dat hy 'n wens het om die Dao te soek en hy sal dit altyd wil praktiseer. Almal weet hy doen qigong—die mense by sy kantoor weet dit, sy gemeenskap weet dit, en al sy bure weet dit. Maar dink daaroor, ware kultivering - wie het enige iets soos dit ’n paar jaar gelede gedoen? Niemand het nie. Alleenlik ware kultivering kan jou lewens pad verander. Maar hy is ’n gewone persoon en hy doen alleenlik gesondheid en fiksheid qigong. So wie sou sy loop van sy lewe vir hom verander? Gewone mense, weet jy, op ’n dag kom hulle net af met iets, of uit die bloute het hulle probleme, en daar is selfs ’n kans dat op ’n dag sal hulle sommer psigose ontwikkel of miskien selfs die emmer skop. ’n Gewone persoon se lewe is net soos dit. Jy sien hom buite in die park qigong doen, maar om die waarheid te sê hy kultiveer nie regtig nie. Hy wil op na hoër vlakke kultiveer maar hy het nie ’n ware lering verkry nie, so hy is nie in staat om êrens te kom met kultivering nie. Hy het alleenlik die wens om te kultiveer op na hoër vlakke, en hy is steeds ’n qigong praktisyn by die lae vlak van genesing en fiksheid. Niemand het die loop van sy lewe verander nie, en so hy sal gesondheidsprobleme hê. En as hy nie deug ernstig neem nie sal niks gesond word nie. Dit is nie asof nadat jy qigong doen jy nooit weer enige gesondheidsprobleme weer sal hê nie.

Hy moet homself waarlik kultiveer, en hy moet karakter ernstig opneem, en alleenlik dan wanneer hy regtig kultiveer kan hy ontslae raak van sy gesondheidsprobleme. Qigong is nie aërobiese oefeninge nie, en dit is iets hoër as gewone mense, so sy praktisyne moet volgens hoër waarhede en standaarde gaan. Hulle moet dit doen as hulle wil hê dit moet werk. Maar baie mense het dit nie gedoen nie, en hulle is steeds gewone mense, so wanneer die tyd kom sal hulle steeds gesondheidsprobleme kry. So miskien op ’n dag het hy skielik ’n beroerte aanval, of hy kom skielik af met een of ander siekte of een of ander kwaal, of miskien uit die bloute word hy met geestesongesteldheid getref. Almal weet hy doen qigong, so wanneer hy psigose ontwikkel, sê mense dat hy qigong psigose gekry het van sy praktyk - dan hulle klap ’n groot plakker daarop. Dink nou daaroor, is dit redelik? ’n Buitestander weet nie wat aangaan nie, en dit is moeilik selfs vir die kundiges of vir baie qigong praktisyne om te weet wat regtig in werking is. As hierdie ou tuis neerkom met psigose sal dit moontlik nie so erg wees nie, maar mense sal steeds sê hy dit gekry het van qigong oefen. As hierdie ou afkom met psigose, terwyl hy by ‘n oefen terrain is, dan is dit rampspoedig. ’n Groot byskrif word daarop geklap en jy kan nie daarvan ontslae raak nie - “Om qigong te doen bring psigose aan” - koerante sal almal dit rapporteer. Daar is sommige mense wie qigong net blindelings teenstaan. “Kyk, net ’n ruk gelede was hy goed gewees toe hy die oefeninge reg daar gedoen het, en nou is hy soos dit!” Maar hy is ’n gewone mens, so wat ook al veronderstel is om met hom te gebeur, sal gebeur. Miskien sal hy ander gesondheidsprobleme hê, of miskien sal hy ander moeilikheid teëkom. Is dit regverdig om alles op qigong oefen te blameer? Dit is net soos met dokters in hospitale: nou dat hulle dokters is, behoort hulle nooit weer siek word vir die res van hulle lewens nie? Kan jy regtig na dit op daardie manier kyk?

So ons kan sê dat baie mense nie weet wat qigong regtig oor is nie, en hulle weet nie wat in werking is nie, so hulle gaan en praat sonder selfbeheersing. Sodra dat daar ’n probleem is, klap hulle allerhande byskrifte op qigong. Qigong was alleenlik vir ’n kort ruk nou populêr gewees, en daar is baie mense met onbuigsame idees wie dit altyd van die hand wys, dit aanval en verwerp, en wie weet wat agter hulle denke is. Hulle is geïrriteerd deur qigong... asof dit enige iets met hulle te doen het! En as iemand van qigong melding maak dan noem hulle dit outomaties kwaksalwery. Qigong is ’n wetenskap - dit is ’n hoër wetenskap. Dit is net dat mense se idees te onbuigbaar is en hulle kennis is te nougeset.

Dan is daar ‘n ander scenario, dit is dat sommige mens psigose ontwikkel, en ander mense sê hulle het qigong geiinduseerde psigose. En kon jy glo, sommige mense wag selfs vir my om hulle psigose te behandel! Ek sê dat psigose is nie ‘n gesonheidsprobleem nie, en ek het nie tyd om te gaan en vir daardie dinge te sorg nie. Hoekom is dit? Dit is omdat ‘n psigotiese person nie ‘n virus het nie, en hy het nie enige patologiese veranderinge of swere in sy ligaam nie. Soos ek dit besigtig is dit nie ‘n gesondheids probleem nie. Psigose is wanneer ‘n person se meester bewussyn te swak is. En hoe is dit swak? Dis asof hierdie ou nooit himself onder beheer kan hou nie---dit is hoe ‘n psigotiese person se meester siel is ---hy wil nie in bevel van hierdie liggaam meer wees nie, en hy is altyd deur die mis en hy kan nie waaksaam bly nie. Wanneer dit gebeur, kom sy onderbewussyn en uiterlike boodskappe en meng met hom in. Elke dimensie het so baie vlakke en alle soorte boodskappe meng met hom in. En ‘n persoon se meester siel mag party slegte dinge voor hierdie leeftyd gedoen het en hy mag krediteure hê wie hom skade wil aandoen. Alle soorte dinge kan gebeur. Ons sê hierdie is wat psigose oor is. Hoe kon ek dit vir jou behandel dan? Ek sou sê dit is regtig hoe mense psigose ontwikkel. So wat doen jy daar omtrent? Voed hom op, en kry hom om uit dit te kom. Maar dit is baie moeilik om te doen. As jy kyk, wanneer ‘n dokter in’n inriging op die punt staan om ‘n elektriese skok toe te dien, sal die psigotiese person dadelik so bang word dat hy sal ophou nonsens mompel. En hoekom is dit? Op daardie oomblik sal sy meester siel lewendiger word en hy is bang om geskok te word.

Sommige mense is net so nougeset: wanneer jy melding maak van qigong lag hulle jou uit, hulle dink jy is opgevang in blinde geloof, en dit is net te snaaks. En wanneer jy sekere van die fenomene in qigong na vore bring dink hulle, “Die ou is so onkundig!” Alhoewel iemand soos dit nougeset is, mag sy basis nie sleg wees nie. As sy basis goed is en hy neem qigong op, is dit moontlik sy Derde Oog by ’n baie hoë vlak sal oopgaan en miskien sal sekere van sy vermoëns uitkom. Hy glo nie in qigong nie, maar hy kan nie waarborg dat hy nie siek sal word nie. As hy siek word sal hy na die hospitaal gaan. As dokters van Westerse medisyne hom nie kan genees nie, sal hy ’n dokter van Sjinese medikasie gaan sien. En as dokters van Sjinese medisyne hom nie kan genees nie, en as volks voorskrifte hom ook nie kan genees nie, dan sal hy qigong onthou. Hy dink aan homself, “Ek sal gaan en my geluk probeer en sien of qigong my regtig kan genees.” Teensinnig kom hy om dit te probeer. Aangesien sy basis goed is sal hy reg van die begin redelik goed doen. Miskien sal ’n Meester in hom belang stel, en so hierdie hoër wese in ’n ander dimensie sal hom ’n hand gee. Sy Derde Oog gaan oop dan en daar, of miskien sal hy in ’n toestand van half-verligting binnetree. Sy Derde Oog gaan oop by ’n hoë vlak, en hy kan skielik die ware prent van ’n bietjie van die heelal sien, en saam met dit sal hy vermoëns hê. En nou wanneer hierdie soort ou daardie tonele sien dink julle sy verstand kan dit hanteer? Verbeel julle net wat die toestand van sy verstand sal wees. Die einste dinge wat hy altyd van gedink het as blinde gelowe en heeltemal onmoontlik, en dinge wat hy voor gelag het die oomblik dat iemand hulle genoem het, hulle sal reg voor sy oë in volle realiteit ontvou, en hy is regtig in kontak met hulle. So sy brein kan dit nie vat nie en die druk op sy verstand is net te veel en wat hy sê kan nie deur ander mense aanvaar word nie. Maar sy denke is nie onlogies nie - hy kan net nie die twee kante in behoorlike perspektief sit nie. Hy het besef dat die dinge wat die mensdom doen verkeerd is, terwyl die anderkant gewoonlik reg is. Maar wanneer hy dinge volgens die ander kant doen, egter, sê mense hy is verkeerd. Mense verstaan nie, so hulle gaan en sê dat hy qigong psigose deur praktisering gekry het.

Eintlik, hy het nie qigong psigose nie. Meeste van ons wie qigong praktiseer sal nie enige iets soos dit ervaar nie, dit is alleenlik daardie regtige nougesette mense wie hierdie qiqong toestand het. Baie mense hier in die gehoor het hulle Derde Oog oop – redelik baie. Hulle het regtig dinge in ander dimensies gesien, hulle is nie geskok daardeur nie, hulle dink dit is goed, hulle brein is nie geratel en hulle sal nie hierdie qigong toestand ondervind nie. Nadat iemand die qigong toestand binnetree is hy heeltemal rasionaal en wat hy sê is regtig diepsinnig en die logika agter dit is goed. Dit is net dat

gewone mense nie glo wat hy sê nie. Hy mag jou dalk vertel dat hy so-en-so gesien het wie oorlede is, en dat die persoon vir hom gesê het om dinge te doen. Sou ŉ gewone mens dit glo? Lateraan besef hy dat hy hierdie dinge vir homself behoort te hou, en hy beter nie oor hulle praat nie. Nadat hy geleer het om die twee kante in behoorlike perspektief te sit sal hy goed wees. Hierdie mense het gewoonlik vermoëns. En dit is ook nie qigong psigose nie.

ŉ Ander scenario is "ware waansin" genoem en dit is ŉ uiters rare ding. Die "ware waansin" wat ons oor praat is nie eintlik om werklik waansinnig te word nie. Dit is nie wat dit beteken nie. Dit beteken kultivering van wat waar is. Soos wat is ware waansin? Ek sou sê dat tussen kultiveerders miskien een uit 100,000 mense het dit – jy sien dit byna nooit nie. So dit is nie algemeen nie, en dit het nie enige effek op die samelewing gehad nie.

Ware waansin het gewoonlik ŉ voorvereiste, wat is dat die persoon se basis uitstekend moet wees, en hy redelik oud moet wees. Wanneer iemand ŉ bietjie ouer is, is daar nie genoeg tyd vir hom as hy wil kultiveer nie. Mense met uitstekende basisse kom dikwels met ŉ missie en hulle kom vanaf hoë vlakke. Almal is bang om na hierdie gewone wêreld te kom - nadat jou brein uitgeklaar is herken jy niemand nie. Nadat hulle die omgewing hier in hierdie gewone wêreld binne getree het, sal die inmenging wat hulle van mense kry veroorsaak dat hulle baie belang heg aan hulle reputasies en persoonlike wins, en uiteindelik sal hulle val, en hulle sal nooit in staat wees om uit te kom nie. Daarom waag niemand dit om te kom en almal is vreesbevange. Maar sommige van hierdie mense het gekom, en nadat hulle hier kom stort hulle regtig ineen in die midde van gewone mense, hulle is regtig op die rand om te val, en hulle het baie slegte dinge in hulle lewens gedoen. Wanneer ŉ persoon baklei om homself te bevoordeel, sal hy baie slegte dinge doen, en dan sal hy baie dinge skuld. Sy meester sal sien dat hy op die rant is om te val. "Maar hy is een met Rypwording" - ons kan nie net sit en hom soos dit laat val nie. Nou, wat kan ons doen...? Sy meester is baie bekommerd. Daar's geen ander manier om hom te laat kultiveer nie, waar sou hy ŉ meester op daardie tydstip vind? Hy moet terug gaan en hy moet van vooraf terug kultiveer. Maar dit is makliker gesê as gedoen. Reg? En hy word ouer en het nie genoeg tyd oor om te kultiveer nie. Waar kon hy ŉ praktyk kry wat albei natuur en langlewendheid kultiveer?

Hierdie persoon moet iemand wees met ŉ voortreflike basis en onder daardie uiters spesiale omstandigheid en alleenlik dan kan die metode om hom waansinnig te maak gebruik word. Met ander woorde, wanneer daar absoluut geen hoop is nie, en hy in ŉ situasie is waar hy nie op sy eie kan terugkeer nie, dit is wanneer hierdie metode aangeneem mag word - om hom waansinnig te laat gaan, dit is - ŉ sekere gedeelte van sy brein sal gesluit word. Byvoorbeeld, ons menslike wesens vrees die koue, en ons vrees vuilheid, so die deel van sy brein wat koue vrees is gesluit, en die gedeelte wat vuilheid vrees is gesluit. Na hierdie gedeeltes gesluit is, sal die persoon ŉ paar geestelike probleme hê, en hy sal regtig begin soos ŉ mal mens optree. Maar mense wie soos dit is doen gewoonlik nie slegte dinge nie, en hulle beledig mense of slaan mense nie, inteendeel, hulle doen dikwels goeie dinge. Maar hulle is eintlik wreed teenoor hulleself. Hulle is nie bewus van die koue, so hulle sal kaalvoet in die winter sneeu rond hardloop, met net ŉ dun laag klere aan, terwyl hulle voete vries totdat dit kraak en bloei. En omdat hulle nie bewus is van vuilheid, sal hulle selfs dit waag om ontlasting te eet en urine te drink. Ek weet dat daar hierdie een persoon gewees het wie ewe lekker aan perdemis gekou het wat hard soos ŉ rots gevries was. Hulle kan swaarkry verdra wat ŉ gewone mens nie kon verdra terwyl sy verstand steeds intak is nie. Verbeel jou net hoe veel hulle ly van hierdie waansin. Natuurlik, het hulle dikwels vermoëns, en in meeste gevalle is hulle ouer vroue. Ouer vroue het hulle voete in die verlede gebind, maar daar was een wie maklik ŉ muur kon klim wat meer as 2 meter hoog was. Toe hierdie ouer dame se familie gesien het dat sy waansinnig geword het en altyd buitekant toe gehardloop het, het hulle haar binne in die huis toegesluit. Maar wanneer haar familie uitgegaan het, het sy net haar

vinger na die slot gewys en dit het oopgegaan, en so sy kon uitkom. “Laat ons haar dan met staal kettings opsluit.” Nadat haar familie uitgegaan het, sou sy die kettings losmaak met ’n blote skud. Dit was onmoontlik om haar in toom te hou. En dit was op hierdie manier dat sy deur baie swaarkry gegaan het. Sy het regtig deur ernstige swaarkry gegaan, en dinge was net brutaal, so sy kon vinnig die dinge terug betaal wat sy geskuld het. Dit neem nie meer as drie jaar nie, en gewoonlik is dit verby in net een of twee. Die swaarkry wat sy deurgaan is redelik groot. Sodra dit verby is verstaan hulle. Daarmee is hulle kultivering gekonsidereer klaar, so onmiddellik is hulle Ontsluit, en allerhande goddelike kragte kom na vore. Hierdie gevalle is uiters, uiters skaars. Dit het in geskiedenis gebeur, egter, maar dit is nie iets wat ’n persoon met ’n gemiddelde basis toegelaat is om te doen nie. Julle almal weet moontlik oor waansinnige monnike en waansinnige Daoïste, en hulle het regtig bestaan in geskiedenis, dit is gedokumenteer. Daar is baie stories soos die een omtrent “die kranksinnige monnik wie Minister Qin uitgevee het” en die oor kranksinnige Daoïste.

So nou hierdie “qigong psigose” ding, of “gaan die vuur in soos ’n demon”, om die ou uitdrukking daarvoor regtig letterlik op te neem. Ek sou sê dit is definitief nonsens. Laat ons sê so-en-so regtig vuur kan trek, egter - dan sou ek sê daardie ou is besonders. Of hy kan vuur spoeg en dit uitstuur met ’n strek van sy arm, en hy het nie eers ’n vuurhoutjie nodig om sy sigaret aan te steek nie, wel dan, hy is nie psigoties nie, hy is supernormaal!

## Om demone uit te lok in Qigong

Wat is om demone “uit te lok in qigong?” Dit is oor om mee ingemeng te word wanneer ons qigong praktiseer, en dit gebeur redelik maklik. Nou hoe is dit dat om qigong te doen demone kan uitlok? Die rede is, dit is regtig moeilik wanneer jy kultivering wil doen. Daar is geen manier dat jy sukses kon behaal in ware kultivering sonder my Wet Liggame se beskerming nie - die oomblik wat jy buite stap, sou jou lewe miskien op die spel wees. ’n Persoon se meester siel vergaan nie, so dit is moontlik dat in jou sosiale handelinge voor hierdie leeftyd dat jy iemand geskuld het, of iemand gebruik het, of ’n paar slegte dinge gedoen het. So jou krediteure sal jou agterna sit. In Boeddhisme het hulle ’n geloof: ’n Persoon se lewe is karmiese vergelding. As jy in die skuld is met iemand sal hy jou agterna sit vir terugbetaling, en as hy te veel van jou vat sal hy uiteindelik dit volgende keer aan jou teruggee. As ’n seun nie goed is vir sy ouers nie sal hulle volgende keer rolle wissel. Dit is hoe vergelding om en om gaan. Maar ons het regtig gesien dat daar demone is wat met jou inmeng en jou nie laat praktiseer nie. Almal van hierdie dinge het oorsaaklike redes, en dit is nie asof hulle totaal ongeroep is nie. Dit sou nie toegelaat word as daar geen rede voor was nie.

Die mees alledaagse vorm van demone uitlok in qigong is as volg: Wanneer jy nie die oefeninge doen nie, is jou omgewing redelik stil. Noudat jy die oefeninge geleer het hou jy daarvan om hulle altyd te doen, maar die oomblik wat jy sit om te mediteer, is dit skielik nie stil buitekant nie. Karre blaas hulle toeters, daar is die geraas van mense wie loop, praat, of deure klap in die portaal, of iemand buitekant skakel ’n radio aan ... die stilte is weg in ’n japtrap. Wanneer jy nie die oefeninge doen nie is die omgewing redelik goed, maar sodra as jy hulle doen word dit soos dit. Baie van ons het nie dieper gedink oor wat presies aangaan nie, en jy dink net dit is nogal eienaardig en voel ontmoedig aangesien jy nie die oefeninge kan doen nie. Jy voel net dit is eienaardig en dink nie verder daaroor nie. Dit is demone wat met jou inmeng – hulle beveel mense om met jou in te meng. Dit is die eenvoudigste vorm van inmenging, en dien die doel om jou te stop om die oefeninge te doen. “Jy wil praktiseer en die Dao bereik? En jy gaan nie al daardie dinge wat jy skuld terug betaal nie?” Hulle sal dit nie verdra nie, en hulle sal jou nie laat praktiseer nie. Maar hierdie, ook, is net iets wat by ’n sekere vlak verskyn - na ’n

ruk sal hierdie fenomeen nie toegelaat word om te bestaan nie. Of om dit op 'n ander manier te stel, nadat daardie skuld weggeskaaf is, is hulle nie toegelaat om met jou weer in te meng nie. En dit is omdat mense wie ons Falun Dafa kultiveer, kultiveer redelik vinnig en hulle breek deur vlakke vinnig, ook.

Daar's 'n ander vorm van inmenging van demone. Julle weet dat ons Derde Oë kan oopgaan deur praktisering. Nadat sommige mense se Derde Oë oop gaan sien hulle 'n paar skrikwekkende tonele en skrikwekkende gesigte wanneer hulle die oefeninge tuis doen. Sommige van daardie dinge het hare wat 'n groot gemors is, sommige wil met jou baklei en jou doodmaak, en hulle mag selfs allerhande soorte bewegings maak - dit is regtig aaklig. Soms wanneer 'n persoon sy oefeninge doen, sal hy dinge teen die buitekant van die vensters sien hang, en dit is regtig vreesaanjaend. So waarom gebeur dit? Al hierdie is vorme van inmenging deur demone. Maar hierdie dinge is uiters skaars in ons Falun Dafa dissipline, miskien gebeur dit met een persent van ons en meeste mense sal dit nie teëkom nie. Dit bereik niks in ons praktyk nie, so hulle is nie toegelaat om met jou soos dit in te meng nie. In die kultivering van gewone praktyke is hierdie die mees algemene fenomeen, en dit duur 'n lang tyd. Sommige mense kan vir hierdie rede nie praktiseer nie – hulle is dood bang. Normaal weg kies 'n persoon 'n stil plek om sy oefeninge in die nag te doen. Wanneer hy sy oë oopmaak sal hy 'n persoon reg voor hom sien staan, wat half-demon lyk, half-menslik, en hy sal te bang word om sy oefeninge te doen. Oor die algemeen gebeur hierdie nie in ons Falun Dafa nie, maar daar is sommige regtige rare uitsonderings. Sommige mense se situasies is regtig buitengewoon.

'n Ander soort het te doen met mense wie praktyke doen met albei interne en eksterne kultivering - hulle doen Marsiale kunste tesame met interne kultivering. Hierdie soort praktyke is meer algemeen in die Daoïst sisteem. Wanneer iemand hierdie styl van praktyk leer sal hy dikwels hierdie soort van demon teëkom (iemand wie 'n tipiese praktyk doen sal dit nie teëkom nie, dit gebeur alleenlik in praktyke wat albei interne en eksterne kultivering het en praktyke wat Marsiale kunste behels), wat beteken, sommige mense sal met hom wil baklei. Dit is omdat daar baie Daoïst kultiveerders in die wêreld is, en baie van hulle praktiseer marsiale kunste, hulle doen albei interne en eksterne kultivering. Marsiale kunstenaars kan qong ontwikkel, ook. Waarom is dit? Nadat hy ontslae geraak het van 'n paar verknogthede, soos na reputasie, en persoonlike wins, kan sy qong groei. Maar dit neem 'n lang tyd vir hom om van sy verknogtheid aan wedywering ontslae te wees, en hy word redelik laat daarvan ontslae, so dit is waarskynlik dat hy steeds hierdie dinge sal doen wanneer hy by sekere vlakke is. Wanneer hy mediteer sal hy in 'n half bewuste toestand weet dat so-en-so praktiseer, so sy siel sal sy liggaam verlaat om daardie persoon te vind vir 'n wedstryd om te sien wie se bemeestering beter is. So hierdie gevegte vind plaas. Hierdie scenario vind plaas in ander dimensies. En daar is andere wie na hom toe kom vir 'n geveg of worsteling. As hy hulle nie aanvat nie sal hulle regtig probeer om hom doodmaak, so hulle baklei met mekaar, en baklei en baklei. Sodra hy aan die slaap raak, kom iemand na hom vir 'n wedstryd of 'n geveg, en dit weerhou hom van 'n goeie nagrus. Maar die feit is, dit is presies die tyd om van sy verknogtheid van wedywering ontslae te raak. As hy nie ontslae raak van sy verknogtheid van wedywering nie en hy bly altyd so, dan nadat hy vir jare vasgesit het, sal hy steeds nie in staat wees om verby hierdie vlak te gaan nie, al het dit vir jare soos dit aangesloer. Die gevolg sal wees dat hy nie meer kan praktiseer nie, en sy fisiese liggaam sal nie in staat wees om dit ook te vat nie, hy sal net te veel energie gespandeer het, en in die ergste geval scenario kon hy kragteloos gelaat word. So hierdie tipe van dinge kom op in praktyke met albei interne en eksterne kultivering en dit is regtig algemeen. Daardie dinge gebeur nie in praktyke van interne kultivering nie, dit is nie toegelaat nie. Die verskillende vorme wat ek nou net bespreek het, is redelik algemeen.

Daar is nog 'n vorm van inmenging van demone, en dit is iets wat almal sal teëkom - selfs in ons dissipline sal julle almal dit teëkom. Dit is die demon van wellus. En dit is iets regtig ernstig. In die gewone wêreld is daar huwelik verhoudinge tussen man en vrou, en alleenlik met dit kan menslike wesens voortplant. Dit is hoe die mensdom vorentoe gaan. Daar is emosie in die samelewing, so vir gewone mense is hierdie dinge net normaal. Aangesien mense emosies het ... om kwaad te wees is emosie, om gelukkig te wees is emosie, liefde is emosie, en om te haat is emosie, om te geniet om iets te doen is 'n emosie, om iets nie te geniet nie, is 'n emosie, om te dink dat iemand aangenaam is of iemand nie aangenaam is nie, jy lief is om iets te doen of nie lief is om iets te doen nie - alles is emosie, en gewone mense leef net vir emosie. Dan as jy 'n praktisyn is, 'n hoër persoon, kan jy nie hierdie logika gebruik om dinge te evalueer nie, en dit is nodig dat jy van hierdie goeters uitbreek. So daar is baie verknogthede wat afgelei is van emosie en ons moet regtig minder omgee oor hulle, en by een of ander punt hulle almal finaal laat gaan. Die begeerte en wellus goeters is almal net menslike verknogthede, en ons behoort van hulle almal ontslae te raak.

In ons dissipline, of tenminste vir hierdie gedeelte wat kultiveer in die omgewing van gewone mense, hoef jy nie 'n monnik of non te word nie. Ons jongmense behoort steeds trou. Hoe behoort ons dit dan te hanteer? Soos ek gesê het, ons dissipline fokus direk op die menslike verstand, en ons maak nie dat jy regtig enige materiële verlies ondervind nie, maar net die teenoorgestelde – ons laat jy jou karakter matig reg in die midde van gewone mense se bakleiery vir profyt, en wat jy waarlik verbeter is jy jou karakter. Wanneer jy die verknogtheid kan laat gaan kan jy enigiets laat gaan, en dan wanneer jy gevra word om die materiële ding te laat gaan, sal jy definitief in staat wees. Maar as jy nie die verknogtheid kan laat gaan nie, dan sal jy nie in staat wees om enige iets te laat gaan nie, so die ware doel van kultivering is om jou verstand te kultiveer. In kloosterlike kultivering forseer hulle jou om hierdie dinge te verloor, en dit, ook, is om jou te maak ontslae raak van die verknogtheid. Hulle forseer jou, en sny jou heeltemal af van hierdie dinge, en weerhou jou om oor hulle te dink. Dit is die benadering wat hulle neem. Ons maak julle nie daardie roete neem nie, egter. Ons laat jou van materiële wins ontslae raak wanneer dit reg voor jou is, en jy is nie van stryk gebring daardeur. Dit is hoekom die kultivering in ons dissipline die mees solied is. Ons maak julle nie almal monnike en nonne word nie. Ons kultiveer tussen gewone mense, en lateraan wanneer ons praktyk meer en meer wyd versprei word, sou dit nie werk as almal semi monnike word en almal wie Falun Dafa praktiseer soos dit word nie. Hier is wat julle almal moet doen in ons praktyk. Jy praktiseer, maar miskien jou lewensmaat nie, en in daardie geval kan jy nie skei net omdat jy praktiseer nie. Die punt is, ons behoort dit ligtelik te neem - jy kan dit nie so ernstig neem soos 'n gewone mens sou nie. En dit is al hoe meer so aangesien daar pornografiese gemors daar buite deesdae is, soos daardie "vrye liefde" gemors wat met mense inmeng. Sommige mense stel baie daarin belang, maar ons is praktisyne, so ons moet dit regtig baie ligtelik neem.

Wanneer wesens van hoë vlakke kyk, sê hulle dat die mense van die wêreld regtig net besig is om in die modder te speel, maar dat hulle nie dink dit is vieslik nie, en hulle is op die grond terwyl hulle ewe lekker in die modder speel. Ons sê jy kan nie jou familie verhoudings hieroor strem nie, so, neem dit ligtelik gedurende jou huidige stadium, en dit is goed om net normale en harmoniese huweliksverhoudings in stand te hou. Lateraan wanneer jy by 'n sekere vlak kom, sal jy daardie vlak se kultivering toestand hê, maar op die oomblik is dit hierdie manier, en ons sê dit is goed genoeg as julle dit hierdie manier hanteer. Natuurlik, kan julle nie soos die mense deesdae daar buite wees nie - hoe kon dit toegelaat word?!

Daar is steeds iets hierin betrokke. Soos julle weet, ons praktisyne het energie in ons liggame. Teen die tyd dat julle hierdie klas verlaat, 80-90% van julle in die klas sal nie net julle gesondheidsprobleme

genees hê nie, maar julle sal ook gong ontwikkel, so julle liggame dra sterk energie. Die gong wat julle het, is nie eweredig aan waar jou karakter op hierdie tydstip is nie. Vir die oomblik is jou gong hoër – ek het dit vir julle in een slag hoër gemaak - en nou verbeter julle, julle karakter. Geleidelik sal julle in staat wees om in te haal, en ek waarborg julle sal inhaal gedurende hierdie tydperk. Daarom het ons dit voor die tyd gedoen. So om dit op 'n ander manier te stel, jy het nou 'n hoëveelheid energie. Aangesien die energie wat ware kultivering uitbring suiwer is, en barmhartig, vir almal van julle wie hier sit, julle sal 'n vreedsame en barmhartige veld voel. In my praktyk kom julle deur kultivering daardie manier, so ek dra hierdie dinge. Soos julle hier sit voel julle almal dit is harmonies, en niemand het slegte gedagtes nie in sy verstand nie - die drang om te rook kom nie eers op nie. Lateraan soos julle julleself dissiplineer om volgens ons Groot Wet te lewe, sal die gong wat in jou kultivering onstaan ook so wees. En soos jou sterkte voortdurend groei, sal die uitstraling van die gong wat jou liggaam het redelik kragtig word. selfs al is dit nie so kragtig nie, 'n tipiese persoon wie in die omvang van jou veld is, soos byvoorbeeld, die mense om jou wanneer jy tuis is, jy kan daardie ander mense in toom hou. Jou hele familie mag onder die effek van jou remmende krag wees. Nou waarom is dit? Jy hoef nie eers te dink nie, en aangesien hierdie veld bloot 'n goedgesind en barmhartige een is - dit is 'n veld van geregtige gedagtes - mense nie bekwaam om aan slegte dinge te dink of slegte dinge te doen nie. Dit sal hierdie soort effek hê.

Die ander dag het ek gesê dat "Boeddha se lig skyn oral, gepastheid en geregtigheid harmoniseer alles." Dit beteken dat die energie wat van ons liggame vrygestel word alle abnormale kondisies kan regstel. So onder die effek van hierdie veld, wanneer jy nie aan hierdie dinge dink nie sal jy onwetend jou eggenoot in toom hou. Wanneer jy nie oor dit dink nie, en jy het nie daardie soort gedagtes nie, sal jou eggenoot ook nie aan dit dink nie. Maar dit is nie sonder uitsondering nie - in vandag se omgewing al wat jy hoef doen, is om die TV aan te skakel en kyk, en daar is allerhande goeters, en dit kan maklik begeerte opwek. Maar in normale omstandighede kan jy hierdie beteuling effek hê. Lateraan wanneer jy tot hoë vlakke in kultivering kom, sal julle my nie nodig hê om vir julle te vertel nie, en julle sal weet vir julle self wat om te doen. Teen daardie tyd sal julle 'n ander kultivering toestand hê, en steeds in staat wees om 'n huweliksverhouding te behou. So, moet nie te veel van hierdie dinge maak nie. As jy te bekommerd oor dit is, is dit ook 'n verknogtheid. Daar is nie die probleem van wellus tussen man en vrou nie, maar daar is 'n kwessie van begeerte, so neem dit ligtelik, moet nie na uiterstes gaan nie, en jy sal piekfyn wees.

So watter tipes demone van wellus sal julle teëkom? As jou konsentrasie in meditasie nie goed genoeg is nie, sal jy hulle in drome teëkom. Wanneer jy slaap of mediteer sal hulle skielik verskyn. As jy 'n man is, sal 'n pragtige vrou opdaag, en as jy 'n vrou is, sal die man van jou drome opdaag. Maar hulle is naak. Sodra jy opgewonde word mag jy afskei en dit sal 'n werklikheid word. Dink nou daaroor, in ons praktyk is die qi van bloed en essensie gebruik om langlewendheid te kultiveer - jy kan nie net so afskei al die tyd nie. En terselfdertyd, jy het nie die toets van wellus geslaag nie. Kon dit werk? So ek kan jou vertel dat almal dit sal teëkom, gewaarborg. Wanneer ek die Wet onderrig stuur ek sterk energie in jou brein in. Wanneer julle hier weggaan, miskien sal julle nie presies onthou waaroor ek gepraat het nie, maar wanneer jy regtig probleme teëkom, sal jy onthou wat ek gesê het. Solank as jy jouself as 'n kultiveerder neem, by daardie tydstip sal jy dit onthou, en dan jy sal in staat wees om jouself te beheer, en jy sal in staat wees om die toets te slaag. As jy nie die eerste toets kan slaag nie, dan gaan die volgende een regtig moeilik wees. Maar daar is ook nog 'n scenario waar jy nie die toets die eerste keer geslaag het nie en nadat jy wakker word sal jy regtig spyt wees. Daar is 'n kans dat hierdie houding of hierdie gemoedstoestand, jou geheue daaroor sal versterk, en wanneer jy dit weer teëkom sal jy in staat wees om jouself goed te hanteer en dit te slaag. Maar as iemand dit nie geslaag

het nie en hy gee nie om nie, sal dit selfs moeiliker vir hom wees om dit daarna goed te hanteer. Ek kan waarborg dit is soos dit is.

Wanneer hierdie dinge gebeur, is daar gevalle waar dit demone is wat met jou inmeng, en daar is andere waar dit jou Meester is wie sekere voorwerpe transformeer om jou te toets. Albei scenario's bestaan, aangesien almal deur hierdie toets moet gaan. Ons begin ons kultivering vanaf die vlak van gewone mense, en die eerste stap is om hierdie toets te slaag - julle almal sal dit teëkom. Ek sal vir julle 'n voorbeeld gee. Toe ek 'n klas gegee het in Wuhan Stad was daar 'n student wie 'n dertigjarige jongman was. Reg nadat ek oor die onderwerp gepraat het, het hy huis toe gegaan en gemediteer, en in 'n japtrap was hy in 'n toestand van konsentrasie. Nadat hy in konsentrasie gekom het, het hy Boeddha Amitabha skielik sien opdaag aan die een kant en Lao-zi aan die ander kant. Dit is wat hy gesê het in die opstel wat hy geskryf het en met my gedeel het oor sy begrip oor kultivering. Na hulle opgedaag het, het hulle na hom gekyk, niks gesê nie, en vervaag. Toe verskyn Bodhisattva Guanyin en sy het 'n vaas in haar hand gehad. 'n Sliert wit rook het van die vaas uitgedryf. Hy het daar gesit en mediteer, en hy het hierdie dinge duidelik gesien, en hy was redelik gelukkig. Toe skielik, het die rook in verskillende pragtige vrouens verander - hulle was daardie hemelse meisies, en hulle was net pragtig. Hulle het vir hom gedans, en hulle houdinge en bewegings was so grasieus! Hy het gedink,"Terwyl ek hier mediteer, beloon Bodhisattva Guanyin my deur 'n paar pragtige vrouens vir my te transformeer om na te kyk, en sy laat hierdie hemelse meisies vir my dans." Terwyl hy besig was om gelukkig te word soos hy daaroor dink, word daardie pragtige vrouens skielik naak, en maak allerhande bewegings na hom toe en het na hom aangekom en omhels en hom gestreel. Ons student se karakter was besig om vinnig te verbeter en hierdie jongman was dadelik op sy hoede, wat hy eerste aan gedink het was, "Ek is geen gemiddelde persoon nie, ek is 'n praktisyn, moet my nie op hierdie manier behandel nie, ek kultiveer Falun Dafa." Sodra hierdie gedagte uitgekom het - "swoosh!" – het alles verdwyn. Dit was alles opgetower om mee te begin. Toe het Boeddha Amitabha en Lao-zi weer verskyn. Lao-zi het na die jongman gewys en vir Boeddha Ambitaba gesê met 'n glimlag, "Hierdie seun is leerbaar." Hy het gemeen dat hierdie jongman goed is en dat hy onderrig kan word.

So wanneer jy daarna kyk van geskiedenis, of van hoër dimensies, 'n persoon se begeertes en wellus, hierdie dinge, hulle speel 'n baie groot rol in die bepaling of iemand kan kultiveer. Dit is waarom ons hierdie dinge regtig ligtelik moet neem. Maar julle kultiveer tussen gewone mense, so ons laat julle nie heeltemal ophou nie.Tenminste op hierdie huidige stadium, behoort julle dit ligtelik te neem en ophou wees soos jy voorheen was. Dit is soos jy behoort te wees as jy 'n praktisyn is. Enige tyd wanneer een of ander soort van steuring in jou praktyk opduik, moet jy na binne kyk vir die oorsaak en vind wat dit is wat jy steeds nie laat gaan het nie.

## Bose geeste broei in jou eie verstand

Wat beteken dit om "demone in jou eie verstand te broei"? 'n Persoon se liggaam het 'n materiële veld in elke dimensie. In 'n spesiale veld, alles wat in die heelal voorkom is soos 'n skaduwee gewerp in daardie dimensionele veld van jou. Alhoewel hulle skaduwees is, bestaan hulle ook wesenlik. Alles in jou dimensionele veld is beheer deur die gedagtes in jou brein. Met ander woorde, wanneer jy na dinge kyk met jou Derde Oog, as jy rustig waarneem, met geen gedagtes bygevoeg nie, is wat jy sien waar. Maar sodra as jy jou verstand gebruik, selfs al is dit net klein bietjie, sal alles wat jy sien vals wees, en hierdie is om "demone in jou verstand uit te broei", wat ook genoem word "transformasie volgens gedagtes." Dit is omdat sommige praktisyne nie in staat is om soos kultiveerders op te tree nie, omdat hulle nie in staat is om hulleself goed te hanteer nie, omdat hulle vermoëns wil hê, omdat hulle

verknog is aan triviale vaardighede en klein truuks, of omdat hulle selfs verknog is aan 'n paar dinge wat hulle in ander dimensies gehoor het - hulle is verknog aan om hierdie dinge te soek - daarom is hierdie mense die mees waarskynlik om demone in hulle eie verstand te broei, en dit is waarom hulle die mees waarskynlik is om te val. Ongeag hoe hoog jy gekultiveer het, sodra hierdie probleem opkom, sal jy al die pad val na die bodem en sal jy totaal geruïneer wees. Hierdie probleem is uiters ernstig. Dit is nie soos ander probleme, wanneer 'n persoon nie 'n karakter toets eenkeer slaag nie kan hy steeds opstaan nadat hy geval het en aanhou kultiveer. Maar wanneer dit die probleem is van om demone in jou eie verstand broei, is dit regte moeilikheid, en sy hele lewe sal opgemors wees. Dit is spesiaal 'n kwessie vir mense wie hulle Derde Oog oop het by 'n sekere vlak in hulle kultivering, dit is maklik vir hulle om hierdie probleem te hê. En dan is daar mense wie altyd eksterne boodskappe het wat met hulle verstand inmeng. Wat ook al vreemde boodskappe hulle ontvang, gaan hulle en glo dit, en hulle ook sal hierdie probleem hê. So sommige van ons sal bemoei word in elke aspek van ons kultivering deur boodskappe nadat die Derde Oog oop gegaan het.

Laat ons dit illustreer. Terwyl jy kultiveer by 'n lae vlak, is dit moeilik om nie binne-in geaffekteer te wees nie. Miskien kan jy nie heeltemal sien hoe jou Leermeester lyk nie. Skielik, op 'n dag, sien jy 'n groot, lang hemelse onsterflike na jou toe kom. Hierdie groot onsterflike prys jou en leer jou iets. So jy aanvaar dit en jou gong word deurmekaar. Jy word gelukkig, jy neem hom as jou meester, en jy gaan en leer van hom. Maar hy het ook nie 'n Ware Rypwording behaal nie, dit is net dat in daardie dimensie kan hulle uitsit en krimp. Dit ontvou reg voor jou en jy sien eintlik hierdie reuse onsterflike – hoe opwindend! Sodra jou verknogtheid van vreugde opborrel, sal jy nie van hom gaan leer nie? Wanneer 'n kultiveerder homself nie goed kan hanteer nie, is dit swaar om hom te red en daar is 'n goeie kans dat hy homself sal ruïneer. Die hemelse wesens is almal Godhede, maar hulle het nie 'n Ware Rypwording behaal nie en hulle moet die siklus van wedergeboorte net dieselfde in tree. As jy net gaan en iemand terloops neem as jou meester en hom volg, na watter vlak sal hy jou neem? Hy is nie goed genoeg om Ware Rypwording te behaal nie - sou jy nie verniet gekultiveer het nie? En in die einde sal jou eie gong 'n gemors geword het. Dit is regtig swaar vir menslike wesens om nie binne-in geaffekteer te wees nie. Ek sal julle vertel, hierdie probleem is baie ernstig, en baie van ons sal dit later aan teëkom. Ek het vir julle die Wet geleer. Of jy jouself op die regte manier kan hanteer is jou eie saak. Wat ek oor gepraat het is alleenlik een scenario. Wanneer julle Geestelike Verligte Wesens van ander dissiplines sien, moet nie dat dit jou affekteer nie en kultiveer net in een dissipline. "Ongeag watter sogenaamde Boeddha, watter Dao, watter Godheid, watter demon dit is nie - hulle kan my nie oortuig nie." Wanneer jy soos dit is, is daar definitief 'n goeie kans dat jy suksês sal behaal.

Om demone in jou eie verstand te broei kom ook in ander vorme voor. Miskien sien jy afgestorwe familielede wie met jou inmeng, hulle huil en ween, en hulle sê vir jou om dit of dat te doen – allerhande tipe dinge kom op. Kan jy onaangeraak binne-in bly? Miskien is jy erg oor jou kind of jy is lief vir jou ouers. Jou ouers is oorlede, en nou sê hulle vir jou om sekere dinge te doen ... dinge wat jy nie behoort te doen nie, en dit sou noodlottig wees indien jy hulle doen. Dit is hoe swaar dit vir 'n praktisyn is. Mense sê dat Boeddhisme nou in 'n gemors is, en Confucianisme se dinge in Boeddhisme ingekruip het, soos filiale eerbied, toegeneentheid tussen mans en vrouens en so aan - hierdie dinge het in Boeddhisme ingekruip. Maar die dinge hoort nie in Boeddhisme nie. Waarom is dit dan verkeerd? Aangesien 'n persoon se ware wese sy meester siel is, alleenlik die moeder wie geboorte gegee het aan jou meester siel is jou regte ma. In jou siklus van wedergeboorte, as jy die menslik en nie-menslike moeders wil tel, is hulle ontelbaar. En hoeveel kinders het jy gehad in al daardie leeftye? Hulle is, ook ontelbaar. Wie is jou moeder? Wie is jou kinders? Wanneer jy jou laaste asem neem herken niemand enigeen nie, en jy moet steeds die karma wat jy skuld terug betaal. Mense kan net nie hierdie dinge laat gaan wanneer hulle in delusie verlore is. Sommige mense se kinders het dood

gegaan, maar hulle kan hulle nie laat gaan en praat oor hoe wonderlik hulle was, of hulle praat van hoe wonderlik hulle moeders was, maar hulle het gesterf. Hierdie mense treur hulle harte uit asof hulle hulle afgestorwenes wil volg vir die res van hulle lewens. Waarom dink jy nie daaroor nie: doen hulle dit nie net om jou uit te put nie? Hulle doen dit om jou te weerhou van ’n gemaklike lewe te leef.

Miskien kan gewone mense dit nie verstaan nie: as jy verknog is aan hierdie goed, kan jy glad nie kultiveer nie. Daarom is dit nie ’n deel van Boeddhisme nie. As jy wil kultiveer, moet jy menslike emosies opsy sit. Natuurlik, terwyl ons kultiveer in die gewone wêreld is ons veronderstel om ons ouers te respekteer en goed te wees teenoor hulle, net soos ons onse kinders behoort te leer en hulle te dissiplineer. In elke situasie behoort ons goed te wees aan andere en gaaf te wees aan mense, om nie eers te praat van jou familielede nie. Ons behoort almal dieselfde te behandel, goed te wees teenoor ons ouers en ons kinders, en altyd bedagsaam te wees teenoor andere. Dan is jou hart nie ’n selfsugtig een wanneer jy dit doen nie - maar ’n barmhartige een - dit is Barmhartigheid. Emosie is die goed van gewone mense. Hulle leef net vir emosie.

Baie mense kan hulleself nie goed hanteer nie, en dit het baie uitdagings veroorsaak in hulle kultivering. Sommige mense sê dat ’n Boeddha vir hulle iets gesê het. Wie ook al vir jou vertel dat jy moeilikheid vandag gaan hê, of dat iets sleg gaan gebeur, en hulle vertel jou hoe jy dit kan vermy, of as iemand vir jou vandag se lotto wen nommer vertel en sê jou om een te trek, behalwe as jou lewe in gevaar is en hulle vertel jou hoe om daar uit te kom, wanneer ook al iemand vir jou vertel soos hoe om iets te wen buite in die gewone wêreld, dit is ’n demon. As jy net wil vooruitgaan in die gewone wêreld, sal jy die toetse druip van daardie tribulasieë, en jy sal nie in staat wees om te verbeter nie. As jy ’n luukse, gemaklike, en weelderige lewe tussen gewone mense leef, hoe kan jy kultiveer? Hoe gaan jou karma transformeer? Waar is die omgewing vir jou om jou karakter te verbeter en jou karma te transformeer? Maak seker dat julle dit nou onthou. Daardie demone mag jou dalk prys, vir jou vertel dat jou vlak so hoog is, jou vertel dat jy ’n regte hoe vlak Groot Boeddha is of Groot Dao, of jou vertel hoe ongelooflik hulle dink jy is. Dit is alles vals. Iemand wie waarlik tot hoë vlakke kultiveer moet al die verskillende verknogthede wat hy het laat gaan. Wanneer julle hierdie dinge teëkom, moet julle regtig oppas!

Jou Derde Oog mag oopgaan gedurende jou praktisering. Mense wie se Derde Oog oop is, het hulle uitdagings terwyl hulle kultiveer, en die wie se Derde Oë nie oop is nie, het hulle uitdagings in kultivering, ook - kultivering is nie maklik enige manier nie. Nadat jou Derde Oog oop gaan, is dit definitief moeilik vir jou om jouself op die regte manier te hanteer wanneer allerhande soorte boodskappe met jou inmeng. In ander dimensies is dinge ’n fees vir die oë, hulle is regtig pragtig en wonderlik, en enige van daardie dinge kan jou verlei. Sodra jy jou laat beïnvloed, miskien sal jy mee ingemeng word en jou gong sal opgemors wees. Dit is gewoonlik wat gebeur. En dit is waarom, wanneer mense demone in hulle eie verstand broei en hulle kan nie hulleself nie goed hanteer nie, mag hulle ’n sekere situasie ondervind. Ek sal ’n voorbeeld gee. Sodra hierdie ou slegte gedagtes het is dit gevaarlik. Eendag is sy Derde Oog oop en hy kan dinge sien, en selfs duidelik sien. Hy dink, “by hierdie oefen terrein is ek die enigste persoon wie se Derde Oog goed oopgemaak is. Miskien is ek nie sommer jou algemene persoon nie”? “Ek was in staat om Meester Li se Falun Dafa te leer en ek het dit so goed geleer - beter as enigiemand anders. Ek is waarskynlik nie sommer ’n gewone mens nie.” Daardie gedagtes gaan in die verkeerde rigting. Dan dink hy: “weet jy wat! miskien is ek ’n Boeddha! Nou, laat ek my myself bekyk.” Hy kyk na homself en sien dat hy regtig ’n Boeddha is. En waarom is dit? Dit is omdat alle materie binne in die omvang van die dimensionele veld wat rondom sy eie liggaam is transformeer met sy gedagtes. Dit is ook “transformasie volgens gedagtes.”

Al die dinge wat weerspieël word van die heelal verander met sy gedagtes. Die rede is, alles binne in die omvang van sy dimensionele veld is onder sy bevel, en skaduwees bestaan ook wesenlik, - hulle is geensins anders nie. Hierdie persoon dink, “miskien is ek ’n Boeddha en miskien is wat ek dra Boeddha se klere.” Dan sal hy sien dat wat hy dra is regtig Boeddha se klere. ”Sjoe!” Ek is regtig ’n Boeddha.”! Hy kan beswaarlik sy vreugde beheer. “Moontlik is ek nie net ’n klein Boeddha nie.” Hy kyk en sien hy is ’n reuse Boeddha. “Miskien is ek hoër as Li Hongzhi! – laat ek kyk ... Sjoe! ek is regtig hoër as Li Hongzhi!” En dan is daar mense wie hierdie dinge in hulle ore hoor. ’n Demon meng met hom in en sê - “Jy is selfs hoër as Li Hongzhi, jy is so en so hoër as Li Hongzhi.” Dan glo hy dit. Het julle gedink hoe julle gaan kultiveer van daardie punt af aan? Het jy voorheen gekultiveer? Wie het jou kultivering geleer? Selfs wanneer ’n regte Boeddha afkom om dinge te doen, moet hy weer oor kultiveer, hy hou nie enige van die gong wat hy oorspronklik gehad het nie, dit is net dat hy nou vinniger kultiveer. Wanneer dit gebeur, sodra iemand hierdie probleem het, sal dit regtig moeilik wees vir hom om homself te onttrek, en hy sal onmiddellik daardie gedagte ontwikkel. Nadat dit opborrel, sal hy dit waag om enigiets te sê, “Ek is ’n Boeddha. Jy hoef nie van iemand anders te leer nie. Ek is ’n Boeddha. Ek sal jou vertel wat om te doen.” Hy sal begin om so op te tree.

Het ons nie iemand net soos dit in Changchun nie? Hy was redelik goed gewees aan die begin, maar toe het hy so geword, en aanspraak gemaak dat hy ’n Boeddha is, en op die einde het hy beweer dat hy hoër as enige iemand anders is. Dit gebeur as iemand homself nie goed kan hanteer nie, wanneer sy verknogthede uitkom. Nou waarom gebeur dit? In Boeddhisme sê hulle dat as jy iets sien behoort jy dit net te ignoreer aangesien dit alles demoniese illusie is, en jy behoort net konsentrasie binne tree, en opwaarts kultiveer. Weet jy waarom hulle jou nie toelaat om dinge te sien nie, en waarom hulle jou nie toelaat om verknog te raak aan daardie dinge nie? Dit is omdat hulle bang is dat jy dalk hierdie probleem sal teëkom. Die kultivering in Boeddhisme het geen intensiewe kultivering metodes nie, en hulle geskrifte lei jou nie om hoe hierdie probleem te vermy nie. Destyds, het Shakyamuni nie hierdie Wet onderrig nie, so om die probleem om demone te broei in jou eie verstand en transformering volgens gedagtes te vermy, het hy al die tonele wat mense in kultivering sien “demoniese illusies” genoem. So sodra jy ’n verknogtheid het sal dit hierdie demoniese illusie opwek en dit is regtig swaar om van dit weg te breek. En dan mag hierdie persoon selfs gedaan wees en demonies word. Aangesien hy homself ’n Boeddha noem, begin hy alreeds ’n demoniese pad afgaan, en in die einde, mag sal hy selfs besete word ander dinge aan bring, en hy sal heeltemal klaar wees. Sy verstand sal sleg geword het, en hy sal al die pad na benede val. Daar is ’n goeie getal van mense soos dit. Selfs in hierdie klas is daar mense wie baie van hulleself dink, en praat selfs met ’n ander stemtoon! Wat jou ware situasie aan betref, selfs in Boeddhisme is dit iets taboe. Wat ek oor gepraat het, is ’n ander situasie en dit word genoem “duiwels broei in jou verstand”, wat ook genoem word “transformeering volgens gedagtes.” Beijing het sommige studente soos dit gehad, en hulle het in ander streke ook verskyn. En hierdie probleem meng met praktisyne redelik erg in.

Sommige mense vra my, “Leermeester, waarom is dit dat jy dit nie regstel nie?” Dink daaroor, mense, as ons al die struikelblokke regstel op jou kultivering pad, hoe gaan jy kultiveer? Alleenlik wanneer daar inmenging van demone is, kan jy wys of jy met jou kultivering kan volhou, of jy regtig die waarheid kan begryp, of jy die inmenging kan vat, en of jy standvastig in hierdie dissipline kan wees. Groot getye was die sand weg, dit is hoe kultivering is, en wat oorbly is ware goud. Ek sou sê, sonder hierdie soort inmenging sou dit té maklik wees om te kultiveer. Die wyse waarop ek na dit kyk, sou jou kultivering te maklik wees. Daardie Groot Geestelike Verligte Wesens by hoë vlakke sou dink dit is selfs meer onregverdig wanneer hulle dit gesien het. “Wat dink jy doen jy? Noem jy dit om mense te red? Hulle het geen struikelblokke langs die pad nie, en hulle kultivering vaar glad al die pad na die einde - is dit kultivering? Hoe meer hulle praktiseer hoe gemakliker word hulle, en hulle het geen

inmenging nie. Hoe kon dit werk?” Dit is die kwessie, en ek het ook daaroor gedink. In die begin stadium het ek gesorg van baie demone soos dit. Maar ek dink nie dit sou reg wees as ek dit aanhou doen nie. Andere het vir my gesê, “Jy het hulle kultivering so maklik gemaak. Mense het net daardie klein bietjie teenspoed van hulle eie, en daar is net daardie klein dinge tussen mense. Daar is baie verknogthede wat hulle steeds nie in staat is om van ontslae te raak nie! Ons moet steeds wag en sien of jou mense jou Groot Wet kan verstaan wanneer verwarring en wanorde arriveer.” Daar is hierdie kwessie, so sal daar sal inmenging wees en daar sal tribulasies wees. Wat ek nou net oor gepraat het, is een vorm van demon. Dit is regtig moeilik om waarlik ’n persoon te red, maar uiters maklik om hom te vernietig. Sodra jou begrip verkeerd gaan is jou kultivering verby.

## Jou meester bewussyn moet sterk wees

’n Persoon het slegte dinge gedoen oor sy vele leeftye, en vir mense lei dit tot ongeluk, of vir kultiveers is dit karmiese struikelblokke, so daar is geboorte, veroudering, siekte, en die dood. Dit is gewone karma. Daar’s ’n ander tipe van karma wat kragtig is, en dit het ’n ernstige inpak op kultiveerders. Dit is genoem gedagte-karma. Terwyl jy lewendig is moet jy dink. Maar aangesien mense verlore is tussen gewone mense, vorm hulle dikwels in hulle verstand ’n soort gedagte wat rondom reputasie, wins, wellus, woede, en daardie dinge draai. Soos tyd verby gaan, vorm dit in ’n sterk gedagte- karma. Alles in ander dimensies is lewendig, so ook, is karma. Wanneer iemand ’n ware lering wil kultiveer moet hy sy karma elimineer. Om karma te elimineer beteken om dit te uit te roei en dit te transformeer. Nou natuurlik sal die karma nie daarvoor gaan nie, en so mense het tribulasies en hulle het struikelblokke. Maar gedagte-karma kan direk met ’n mens se verstand inmeng, so hy mag stilletjies die leermeester vloek of vir Dafa vloek, of miskien sal hy ’n paar bose gedagtes en slegte woorde hê. Wanneer dit gebeur, word sommige kultiveerders verward oor wat aangaan, en hulle dink dat daardie hulle gedagtes is. En dan is daar mense wie dink dit is besitting, maar dit is nie. Dit is veroorsaak deur die gedagte karma wat in hulle brein reflekteer. Sommige mense se meester bewussynne is nie sterk nie, en so hulle gaan saam met die gedagte karma en doen verkeerde dinge. Hulle is gedaan en hulle val. Maar meeste mense kan hulle sterk verstande gebruik (hulle sterk meester bewussynne) om daarvan ontslae te raak, om dit te beveg. Dit wys dat hierdie persoon gered kan word, en dat hy goed van sleg kan onderskei en dit beteken dat sy begrips vermoë goed is. My Wet Liggame sal hom help om meeste van daardie gedagte karma te verwyder. Hierdie situasie is redelik algemeen. Wanneer dit opkom, hang dit alles af van of die persoon hierdie slegte gedagtes kan oorkom. Wanneer jy standvastig kan bly kan ons karma elimineer.

## Jou gedagtes moet ordentlik wees

Wat word bedoel by “nie ordentlike gedagtes nie”? Dit is wanneer iemand altyd sukkel om homself as ’n praktisyn te beskou. ’n Praktisyn sal probleme teëkom terwyl hy kultiveer. En wanneer daardie moeilikheid aankom, miskien sal dit die vorm aanneem soos wrywing met mense, of miskien sal dit wees soos mense wie wedywer vir posisie – hierdie soort van dinge wat regtig jou karakter sou affekteer. Daar sal meer van hierdie gevalle wees as andere. Wat sal jy nog deurgaan? Jou liggaam mag skielik onwel voel, en dit is omdat jy vir jou karma moet betaal. Dit sal in baie verskillende maniere manifesteer. Op een of ander punt sal jy verward gemaak word oor wat is waar en wat vals is, en jy sal twyfel dat gong regtig bestaan, dat jy kan kultiveer, en dat jy regtig op kan gaan in kultivering, dat daar Boeddhas is, dat hulle werklik is ... Julle sal dit lateraan ondervind, en hulle sal daardie vals indrukke gegee word, wat jou laat voel dat daardie dinge nie bestaan nie en dat hulle vals is, en dit is presies om

te sien of jy standvastig kan bly. As jy sê dat jy jou wilskrag sal versterk, dan met hierdie gedagte, op daardie tydstip sal jy regtig in staat wees om dit te doen, en natuurlik sal jy goed doen aangesien jou karakter verbeter het. Maar as jy op hierdie tydstip so onstabiel is, en ons laat daardie tribulasies jou nou tref, sal jy geen idee hê wat aangaan nie, en dit sal die einde van kultivering wees vir jou. Dit is waarskynlik dat daar allerhande tribulasies sal wees.

Dit is hoe mense opwaarts moet kultiveer in die kultivering proses. So ons het sommige mense wie êrens in hulle liggame onwel sal voel, en dan spring hulle onmiddellik tot die gevolgtrekking dat hulle siek is. Hulle het altyd probleme om hulleself soos praktisyne te gedra. Wanneer hulle dit teëkom dink hulle dit is siekte - "Waarom moet ek deur so baie gaan?" Ek sal jou sê, ek het baie van dit vir jou geëlimineer, en jou probleme het baie gekrimp. As ek hulle nie vir jou verminder het nie, miskien sou jy die emmer skop wanneer jy daardie moeilikheid teëgekom het, of miskien sou jy verewig bedlêend wees. So, jy kry bietjie teëspoed en jy dink dit is moeilik om te verdra, maar hoe kon dit so maklik wees? Hier is 'n voorbeeld. Toe ek 'n klas in Changchun gegee het, was daar 'n ou wie se basis uitstekend was. Hy was regtig goeie materiaal, en ek het baie potensiaal in hom gesien. So ek het sy ontberinge so 'n bietjie vermeerder om hom sy karma gou-gou te laat afbetaal en hom Ontsluit te laat word - dit is wat ek beplan het. Maar eendag het hy skielik die simptome van 'n beroerte aanval gehad, en hy het neer geval en gedink hy kon nie beweeg nie, en dit was asof sy ledemate nie gewerk het nie, so hulle het hom na die hospitaal geneem vir noodbehandeling. Toe was hy terug op sy voete. Laat ons daaroor dink - hoe kon iemand wie 'n beroerte aanval gehad het so vinnig op sy voete wees met mobiliteit in sy arms en bene? Maar toe draai hy om en sê dat die leer van Falun Dafa was wat dinge verkeerd laat gaan het. Hy het nie gedink hoe hy dit reggekry het om so vinnig te herstel van 'n beroerte aanval nie. As hy nie Falun Dafa geleer het nie miskien sou hy reg dan en daar doodgegaan het toe hy geval het, of miskien sou hy permanent verlam gewees het en regtig 'n beroerte aanval gehad het.

Dit sê iets oor hoe moeilik dit is om 'n persoon te red - jy doen so baie vir hom steeds besef hy dit nie, en inplaas daarvan sê hy dinge soos dit. Sommige veteraan praktisyne het vir my gesê, "Leermeester waarom voel ek onwel oral oor my liggaam? Ek gaan altyd hospitaal toe om inspuitings te kry, maar dit werk nie, en om medikasie te neem, doen ook nie veel nie." Hulle het nie eers skaam gevoel om dit vir my te sê nie! Natuurlik sou dit nie werk nie. Dit was nie siekte nie, so hoe kon dit werk? Gaan voort en kry 'n ondersoek. Niks is verkeerd nie, jy voel net nie goed nie. Een van ons studente het hospitaal toe gegaan en het verskeie inspuitings naalde op hom laat buig, en die laaste buisie het selfs uitgespuit, maar die naald kon steeds nie ingaan nie. Toe besef hy "Wag, ek is 'n kultiveerder! Ek wil nie meer inspuitings hê nie." Eers toe het hy gedink om nie inspuitings te kry nie. So wanneer ons moeilikhede teëkom moet ons dit regtig ernstig neem. Sommige mense dink verkeerdelik dat ek hulle net probeer weerhou om na die hospitaal toe te gaan, so hulle dink "Jy laat my nie toe om na die hospitaal toe gaan nie, so ek sal 'n qigong meester gaan sien." Hulle dink steeds dit is 'n gesondheidprobleem so hulle gaan soek vir 'n qigong meester. En waar gaan jy omtrent 'n ware qigong meester vind? As hy 'n vals een is, sal jy op die daad geruïneer wees.

Nou behoort ons te vra, hoe kan jy vasstel of 'n qigong meester opreg is? Baie is self-geproklameerde qigong meesters. Ek was getoets en ek het die dokumente van die evaluasies wat die wetenskaplike navorsings institute van my gedoen het. Baie is self-geproklameerde qigong meesters en vals, en daar is heelwat wie mense bedrieg en verneuk. Hierdie vals qigong meesters kan genesing doen, ook. Maar waarom kan hulle dit doen? Hulle is besete. As hulle nie besete was nie, sou hulle nie in staat wees om mense te bedrieg nie! Die besittende gees kan gong uitstraal en mense genees. Dit neem die vorm aan van energie en kan gewone mense maklik beheer. Maar soos ek gesê het, wanneer daardie besittende

geeste mense behandel, het jy enige idee watter soort goeters hulle uitstuur op jou liggaam? By uiterste mikrokosmiese vlakke, is dit alles in die beeld van die besittende gees. Wat gaan jy doen wanneer dit na jou liggaam gestuur word? “Om ’n Godheid uit te nooi is maklik, maar om hom weg te stuur is moeilik”, soos hulle sê. Maar natuurlik, ons hoef nie oor gewone mense te praat nie - hulle wil net bly soos hulle is, en wil net vir nou gemaklik wees. Maar jy is ’n praktisyn, en wil jy nie aanhoudend jou liggaam reinig nie? As jy hierdie goeters op jou liggaam kry, wanneer sal jy in staat wees om ontslae van dit te kan raak? En dit het ook ’n sekere hoeveelheid energie.Nou sommige mense mag wonder, “hoekom laat die Wet Wiel dit in? En het ons nie Meester se Wet Liggame se beskerming nie?” Daar’s ’n Wet in ons heelal: Wanneer dit kom by wat jy soek, gaan niemand dit keer nie. As jy iets wil hê, gaan niemand dit keer nie. My Wet Liggame sal probeer om jou te stop en hulle sal jou wenke gee. Maar wanneer hulle sien dat jy aanhou soos dit te wees sal hulle opgee–hoe kan enige iemand ’n persoon forseer om te kultiveer? Niemand kan jou maak kultiveer nie, jou forseer om te kultiveer nie. Dit is jy wat regtig vooruitgang kan laat gebeur. As jy nie wil verbeter nie, kan niemand iets doen nie. Ek het die beginsels aan julle verduidelik en ek het julle die Wet aan julle onderrig - as jy steeds nie wil verbeter nie, op wie kon jy die skuld lê? As dit jy is wie iets wil hê dan sal die Wet Wiel niks daaraan doen nie, en my Wet Liggame sal ook nie. Dit is verseker. Daar is ook mense wie na gesprekke deur ander qigong meesters gegaan het, en toe hulle terug huis toe gegaan het, het hulle mollig gevoel - dit behoort ’n gegewe te wees. Waarom dan het my Wet Liggame jou nie beskerm nie? Wel, waarvoor het jy daarheen gegaan? Om daar te gaan om te luister, wou jy nie iets hê nie? Kon dit inkom as jy dit nie ingeneem het deur jou ore nie? Sommige mense het selfs hulle Wet Wiele misvorm. Ek sal jou sê - daardie Wet Wiel is selfs meer kosbaar as jou lewe. Dit is ’n hoër wese, en jy kan nie net gaan en dit net terloops ruïneer nie. Daar is deesdae baie vals qigong meesters, en sommige van hulle is beroemd. Ek het iets aan die Amptenare van die Sjina Qigong-Wetenskaplike Navorsing Vereniging gesê: In antieke tye het die byvrou Da die koninklike hof omvêr gegooi en daardie jakkals het wild tekere gegaan, maar haar gedrag was steeds nie so wild as daardie vals qigongs wie omtrent die hele land in ’n gemors gedraai het, en soveel mense was slagoffers! Op die oog af mag hulle redelik goed lyk, maar weet julle hoeveel mense daardie dinge op hulle liggame het? Sodra ’n vals qigong meester daardie goeters uitstuur, sal jy daardie dinge hê. Hulle is vêr te te oorheersend. So dit is moeilik vir gewone mense om ’n onderskeid op die oog af te maak.

Miskien dink sommige van julle, ”Nadat ek die klas vandag oor qigong bygewoon het en na Li Hongzhi sê gesprek geluister het, besef ek nou dat qigong so diepgaande is en daar is baie daaraan verbonde! Wanneer die volgende qigong klas aankom sal ek na daardie een ook gaan.” Ek sal voorstel dat jy ’n punt daarvan maak om nie te gaan nie. Wanneer jy slegte dinge hoor, sal dit deur jou ore ingaan. Dit is baie moeilik om ’n persoon te red, dit is moeilik om jou denke te verander, en dit is moeilik om jou liggaam te verstel. Daar is so baie skyn qigong meesters. En selfs wanneer dit kom by die regte qigong meesters van outentieke praktyke, is hulle regtig skoon? Party diere is regtig kwaai en al is daardie dinge nie in staat om op sy liggaam gaan nie, kan hy hulle steeds nie verdryf nie. Hy het nie die vermoë om daardie dinge op groot skaal aan te pak nie. En wat sy studente aan betref, wanneer hy gong uitstuur, is daar allerhande soorte dinge wat in dit ingemeng is. Miskien het hy ’n bietjie integriteit, maar sy studente het nie, en hulle is besete deur allerhande geeste - hulle het alles op hulle.

As jy waarlik Falun Dafa wil kultiveer, moet nie gaan luister nie. Natuurlik, as jy nie Falun Dafa wil kultiveer nie en jy wil alles praktiseer, gaan dan voort, ek sal jou nie keer nie - dan is jy nie ’n Falun Dafa dissipel nie - en as jy probleme het, moenie sê hulle is veroorsaak deur die praktisering van Falun Dafa nie. ’n Persoon is ’n ware Falun Dafa praktisyn alleenlik as hy die karakter vereistes volg en volgens Dafa kultiveer. Sommige mense het my gevra, “kan ons sosialiseer met mense wie ander qigonge praktiseer?” Ek gaan vir julle vertel, hulle doen alleenlik qigong terwyl jy die Groot Wet

kultiveer, en nadat jy hierdie klas klaar maak, sal jou vlak so vêr bo hulle s'n wees. Hierdie Wet Wiel is iets wat gevorm is na soveel generasies van kultivering, en dit het geweldige krag. Nou natuurlik, as julle vriende met hulle wil wees, maak dit nie so baie saak nie, solank julle seker kan maak dat jy niks van hulle aanvaar of enigiets van hulle neem nie en jy is net gewone vriende met hulle. Maar as daardie persoon regtig iets op sy liggaam het, is dit regtig sleg, en dit is die beste dat jy nie enige kontak met hom het nie. Nou, aangaande getroude paartjies, as een persoon 'n ander qigong doen, dink ek nie daardie is 'n groot probleem nie. Maar daar is een ding: jy kultiveer 'n ware lering, so wanneer een persoon kultiveer, bevoordeel dit andere. As jou huweliksmaat 'n verkeerde praktyk doen mag sy dalk verkeerde dinge in haar liggaam hê, en ons sal haar reinig vir jou veiligheid. Alles wat in ander dimensies is, sal vir jou skoon gemaak word. En die omgewing by die huis sal skoon gemaak word. As die omgewing nie gereinig was nie, hoe kon jy praktiseer met al daardie soort van inmenging?

Maar daar is 'n situasie waar my Wet Liggame nie dinge vir jou kan skoon maak nie. Ek het 'n student wie my Wet Liggaam eendag sien kom het. Hy was vol vreugde, "Leermeester se Wet Liggaam is hier, Leermeester, kom asseblief binne". My Wet Liggaam het gesê, "jou kamer is te morsig en daar is te veel dinge hier." En toe gaan hy weg. Oor die algemeen, as daar te veel geeste in ander dimensies is, sal my Wet Liggaam hulle verwyder. Maar hierdie student se kamer was vol van hierdie aaklige gemors van qigong boeke. Hy het dit besef en het hulle verwyder deur dit te verbrand of hulle te verkoop vir hernuwing. Toe kom my Wet Liggaam terug. Dit is wat die student my vertel het.

Daar is ook mense wie fortuin vertellers gaan sien. Sommige mense het my gevra: "Leermeester, nou dat ek Falun Dafa praktiseer, kan ek steeds die Boek van Veranderinge of fortuinvertellery se dinge gebruik? Ek het altyd in hulle belang gestel." Laat ek dit op hierdie wyse stel: As jy 'n sekere hoeveelheid energie het, sal die woorde wat jy sê 'n effek hê, en as iets nie veronderstel is om een manier te wees nie, mag jou woorde dit daardie manier maak vir die persoon, en miskien het jy 'n slegte ding gedoen. 'n Gewone mens is regtig swak, al sy boodskappe is onstabiel en is geneig om deur 'n paar veranderinge te gaan. As jy onverskillig iets aan hom sê, dan sal die tribulasie miskien gebeur. Of as hy baie karma het, moet hy dit afbetaal, maar as jy aanhou vir hom goeie dinge vertel en dan kan hy nie sy karma afbetaal nie, hoe kon dit in orde wees? Maak jy hom nie seer nie? Sommige mense kan net nie hierdie dinge laat gaan nie en hulle is altyd verknog aan hulle, asof hulle een of ander soort spesiale talent het. Is dit nie 'n verknogtheid nie? Buitendien, selfs al weet jy regtig wat gaan gebeur, jy is 'n praktisyn, en jy moet jou karakter bewaak, so jy kan nie net terloops hemelse geheime gaan uitlek aan 'n gewone mens nie. Dit is die rede daaragter. Ongeag hoe jy dinge kalkuleer deur die Boek van Veranderinge te gebruik nie, party van die dinge is in elk geval nie meer waar nie. So jy kaluleer en kalkuleer en jy kom op met beide waar en vals dinge. Dinge soos fortuinvertellery is toegelaat in die gewone samelewing. Aangesien jy iemand is wie regtig gong het, egter, sou ek sê dat 'n ware praktisyn homself tot 'n hoë standaard behoort te hou. Maar sommige mense het na andere gegaan om hulle fortuin te lees, en hulle het gesê: "Lees daar vir my, en kyk 'n bietjie hoe ek vaar en hoe goed ek doen met hierdie praktyk", of "het ek enige tribulasies voor my?" Dit is wat hulle wou uitgevind het van die waarsêery. Maar as jou tribulasies vir jou voorspel is, hoe kon jy verbeter? 'n Praktisyn se hele lewe was verander en sy palm lesing, gesig lesing, sy agt woorde en die boodskap tipes van dinge in sy liggaam is nie meer dieselfde nie, hulle het verander. Wanneer jy na 'n fortuin verteller gaan, glo jy hom, of anders wat doen jy daar? Wat hy jou vertel is oppervlakkige dinge en hoe dinge sou gewees het. Maar hulle was verander om die waarheid te sê. Dink dan daaroor: Toe jy na hom gegaan het vir fortuinvertellery, het jy nie na hom geluister en hom geglo nie? Was dit dan nie 'n las op jou verstand nie? Wanneer jy 'n verstandelike las het, gaan dit op jou verstand weeg - is dit nie 'n verknogtheid nie? Hoe gaan jy van hierdie verknogthede ontslae raak? Het jy nie nog 'n tribulasie op jouself gesit nie? En moet jy nie deur selfs nog swaarkry gaan om ontslae te raak van hierdie selfgemaakte verknogtheid

nie? Met elke beproewing en elke tribulasie, is daar die vraag of jy op beweeg in kultivering of af. Dit is moeilik genoeg soos dit is, maar dan gaan jy en sit nog tribulasie op jouself. Nou hoe gaan jy deur kom? En miskien sal jy tribulasies of moeilikhede teëkom as gevolg van dit. Andere is nie toegelaat om jou veranderde pad te sien nie. Indien iemand in staat was om dit te sien, en as hy vir jou kon sê op watter punt jy ʼn tribulasie gaan hê, hoe kon jy dan kultiveer? Dit is waarom daar geen manier is waarop dit toegelaat is om gesien te word nie. Niemand van ander dissiplines is toegelaat om dit te sien nie, en selfs mede dissipels van dieselfde dissipline is nie toegelaat om dit te sien nie. So niemand kan dinge reg voorspel nie, aangesien hierdie ʼn veranderde lewe is - ʼn lewe van kultivering.

Party mense vra my of hulle ander boeke van die godsdienstige soort kan lees, of hulle ander qigong boeke kan lees. Hier is ons opvatting hieroor. Boeke van ander gelowe, veral van Boeddhisme, hulle almal leer mense hoe om hulle karakter te kultiveer. Ons is Boeddhiste ook, so in beginsel behoort dit nie ʼn probleem te wees nie. Maar daar is een ding: in baie van die geskrifte is daar ʼn paar dinge wat nie in die eerste plek korrek vertaal was nie, en boonop was baie geskrifte vertaal met verstandhoudings by verskillende vlakke, en hulle het terloopse definisies gemaak. Dit het die Wet skade aan gedoen. Sommige mense die geskrifte onverskillig vertolk het, is net so vêr weg van die ryke van Boeddhas, hulle het net geen idee van die ware betekenis nie, en dit is waarom hulle begrippe verskillend is. Dit is nie so maklik vir jou om ʼn goeie begrip van die geskrifte te hê nie, en jy kan hulle nie op jou eie begryp nie. Maar as jy sê, "Ek is net geïnteresseerd in die geskrifte," en jy studeer hulle altyd, dan kultiveer jy in daardie dissipline. Dit is omdat geskrifte die gong en die Wet van daardie dissipline saamgevoeg het, en sodra jy dit gestudeer het, het jy daardie dissipline geleer – daar is hierdie probleem. As jy regtig in hulle belangstel en kultiveer jy by daardie idees, dan het jy miskien daardie dissipline opgeneem en jy kultiveer nie in ons dissipline nie. In kultivering het mense altyd gepraat oor: "geen tweede dissipline nie." As jy waarlik in een dissipline wil kultiveer, dan moet jy alleenlik die teks van daardie dissipline lees.

Nou wat Qigong boeke aan betref, moet hulle nie lees as jy wil kultiveer nie. Dit is veral waar vir die boeke wat deesdae gepubliseer is - moet hulle nie lees nie. Dieselfde gaan ook vir boeke soos Die Geel Keiser se Klassiek van Interne Medisyne, Gids na Natuur en Langlewendheid, of Daoist Canon. Al bevat hulle nie so veel slegte dinge nie, het hulle steeds boodskappe van verskillende vlakke. Hulle is maniere van kultivering, so wanneer jy hulle lees sal daardie dinge by joune gevoeg word en sal met jou inmeng. Wanneer jy dink ʼn reël is goed "Alles reg," kom dit oor en word ingemeng in jou gong. Alhoewel dit nie iets slegs nie, sê my, kan jy praktiseer wanneer ander dinge skielik by joune ingemeng word? Sal jy nie probleme hê nie? Wanneer ʼn ekstra komponent by die elektronies komponente binne ʼn TV gevoeg word, wat dink jy sal met die TV gebeur? Dit sal dadelik buite werking wees. Dit is die idee. En buitendien, baie qigong boeke is deesdae vals, en hulle het allerhande soorte boodskappe in hulle. Een van ons studente het deur ʼn qigong boek geblaai en ʼn groot slang het uitgespring! Nou natuurlik, wil ek nie ingaan oor enige besonderhede hier omtrent nie. Wat ek oor gepraat het is hoe probleme opgekom het wanneer praktisyne nie in staat was om hulleself goed te gedra nie, wat beteken, hulle het moeilikheid aangebring omdat hulle gedagtes nie ordentlik was nie. Ek spel dit uit omdat dit goed is vir julle is om te weet, ek help julle sien wat om te doen, en hoe om hulle te onderskei, sodat probleme nie later sal opkom nie. Ongeag dat wat ek sopas gesê het nie sterk bewoord was nie - maak seker dat julle daarvoor uitkyk. Dit is dikwels die rede vir probleme, dit is dikwels waar probleme opkom. Kultivering is net vreeslik uitputtend, dit is ongelooflik ernstig, en as jy net ʼn bietjie agterlosig word, mag jy val en vernietig word in ʼn dag. So jou gedagtes moet regtig behoorlik wees.

## Marsiale kunste en Qigong

Behalwe die interne kultivering metodes is daar ook marsiale kuns qigong. Wanneer ek oor marsiale kuns qigong praat is daar 'n punt wat ek wil beklemtoon, en dit het te doen met die rits van qigonge wat mense oor praat in die kultivering wêreld deesdae.

Wat op die huidige tyd aangekom het is sogenaamde, "skilder qigong," "musiek qigong," "kalligrafie qigong," "dans qigong" – alles kom nou op. Is daardie alles qigonge? Ek dink dit is soort van basaar. Ek sou sê dit is om qigong vullis te maak. Nie net om qigong op te mors nie, maar gewoon om vullis van qigong te maak. Wat is hulle teoretiese begronding? Hulle sê dat wanneer iemand skilder, of sing, of dans, of skryf, as hy heeltemal in 'n dwaal word - die sogenaamde "qigong toestand" - sê hulle dit is qigong. Is dit? Jy kan nie op hierdie manier na dinge kyk nie. Ek sou dit vra: Is dit nie om qigong vullis te maak nie? Qigong is 'n diepsinnige en verreikende dissipline om die menslike liggaam te kultiveer. O, so om konstante dwaal te wees beteken dit dat dit Qigong is? As dit die geval is, wanneer ons in 'n dwaal na die badkamer gaan, wat sou dit wees? Is dit nie om vullis van qigong te maak nie? Ek sou sê, dat dit is om vullis van qigong te maak. By die Asiatiese Gesondheid Ekspo, twee jaar gelede was daar hierdie "kalligrafie qigong." Wat is kalligrafie qigong? Ek het na die kalligrafie qigong stal gegaan om na dit te kyk. 'n Persoon het met 'n kwas pen geskryf. Nadat hy klaar geskryf het hy sy hande gebruik om qi na elke karakter wat hy geskryf het te stuur, een na die ander en wat hy afgegee het was alles swart qi. Sy kop was vol van goeters soos geld en roem. So kon hy gong hê? Sy qi kon ook nie baie goed gewees het nie. Sy kalligrafie was opgehang daar om verkoop te word teen 'n redelike hoë prys, en slegs ryk toeriste het dit gekoop. As julle my vra, wie ook al dit gekoop en huis toe geneem het, is in die moeilikheid. Hoe kon daardie swart qi goed gewees het? Selfs die ou se gesig het donker gelyk, dit was asof hy dollar tekens in sy oë het en al wat hy oor gedink het was geld, so kon hy gong gehad het? Hierdie man se besigheidskaartjie het 'n hoop titels gehad, soos "Internasionale Kalligrafie Qigong" en wat ook al. Ek wil vra, kon dit qigong genoem word?

Laat ons daaroor dink: nou van al die mense wie hierdie klas van my klaarmaak nadat 80-90% van julle hierdie klas klaarmaak, nie net sal julle alleenlik gesondheid terug hê nie, maar julle sal ook gong ontwikkel - regte gong. Wat julle nou in julle liggame het is redelik buitengewoon. As julle solo gepraktiseer het, sou julle nie hierdie dinge gekry het nie al het julle vir 'n hele leeftyd gepraktiseer. Selfs as 'n jongman nou begin praktiseer en gepraktiseer het vir 'n hele leeftyd, kon hy steeds nie die dinge ontwikkel wat ek in julle geplaas het nie, selfs al vind hy 'n ware groot meester om hom te onderrig. Dit het ons soveel geslagte van mense geneem om hierdie Wet Wiel en hierdie meganismes te vorm, en nou is hierdie dinge in jou geplaas meteens alles tesame. So wil ek vir julle vertel: maklik kom - maklik gaan. Hierdie dinge is uiters kosbaar, hulle is van onskatbare waarde. Nadat jy hierdie klas klaarmaak, wat jy het is regte gong, dit is hoë-energie materie. Wanneer jy huis toe gaan en 'n paar woorde skryf, ongeag hoe goed of hoe sleg jou handskrif is nie, hulle sal energie hê! So na julle hierdie klas van ons klaar gemaak het, behoort elkeen van julle "meester" gedoop word, en julle sal almal nou kalligrafie qigong-meesters wees? Ek sou sê jy kan nie na dit op daardie manier kyk nie. Dit is omdat 'n persoon wie waarlik gong het, wie waarlik energie het, energie agterlaat op enigiets wat hy aanraak selfs sonder om dit bewustelik uit te stuur en dit sal blink.

Ek het ook 'n stuk in 'n tydskrif gesien omtrent 'n komende kalligrafie qigong klas. Ek het dit vinnig deurgekyk om te sien hoe hulle dit onderrig het. Hier is wat hulle geskryf het: reguleer eers jou asemhaling en beheer jou in en uit asemhaling; mediteer dan vir 15-30 minute terwyl jy jou verstand fokus op die qi in jou elikser veld; gebruik jou verstand om die qi te lig van jou elikser veld en laat dit jou voorarm ingaan; tel die kwas pen op en doop dit in ink; beweeg jou qi na die punt van die pen; en wanneer jou gedagte daar kom begin skryf." Is dit nie om mense te mislei nie? So waar ook al jy jou qi

heen lig, dit is ’n vorm van qigong? Dan wanneer ons eet, as ons vir ’n ruk mediteer, die eetstokkies optel, en ons beweeg qi na die punt van die eetstokkies en eet, is dit “uiteet qigong,” reg? en wat ons eet is energie. Ek illustreer net die punt. Ek sou sê dit is om qigong vullis te maak - hulle dink qigong is so oppervlakkig. So jy kan nie na dit op daardie manier kyk nie.

Maar marsiale kunste qigong tel as ’n onafhanklike qigong. Hoekom is dit? Dit was vir duisende jare oorgegee, en dit het ’n volledige stel van kultivering teorieë en ’n volledige stel kultivering metodes. Daarom tel dit as ’n volledige sisteem. Maar dit gesê, marsiale kunste qigong is steeds iets by die laagste vlak tussen die interne kultivering wat ons daar buite het. Harde Qigong is ’n tipe energie massa en dit word alleenlik gebruik in geveg. Ek sal julle ’n voorbeeld gee. Daar was ’n student in Beijing wie niks met sy hande kon druk nadat hy ons Falun Dafa klas klaar gemaak het nie. Hy gaan na ’n winkel om ’n baba wandelaar te koop en hy het sy hande gebruik om die stewigheid te toets. Met net een druk daarop - “boem!”- die baba wandelaar het uitmekaar geval. Hy het gedink dit was eienaardig. Toe hy op ’n stoel by die huis gesit het kon hy nie op die stoel met sy hande druk nie. Wanneer hy dit gedoen het, dan sou die stoel “boem!”- in stukke breek. Hy het my gevra wat dit alles oor was. Ek het hom nie vertel nie, omdat ek bekommerd was dat hy verknog sou word. Ek het gesê: “hierdie dinge is natuurlik. Los dit net en moet nie daaroor bekommer nie. Hulle is alles goeie dinge.“ Wanneer ’n persoon daardie vermoë bemeester kan hy ’n rots vergruis met ’n druk van sy hand. Is dit nie harde qigong nie? Maar hierdie student het nooit enige harde qigong gepraktiseer nie. Al hierdie vermoëns kom gewoonlik uit deur interne kultivering praktiseringe te doen. Maar aangesien mense nie hulle karakter goed kan handhaaf nie, is hulle dikwels nie toegelaat om hierdie vermoëns te gebruik nadat hulle uitkom nie. Dit is veral so wanneer iemand by ’n lae vlak kultiveer - sy karakter het nie genoeg verbeter nie, so wanneer sy vermoëns by ’n lae vlak verskyn kan hulle regtig nie uitgebring word nie. Tyd gaan verby en wanneer hy by ’n hoë vlak kom is daardie dinge nie meer bruikbaar nie, so hulle word ook nie dan uitgebring nie.

Nou net hoe presies word marsiale kunste qigong gedoen? Mense wie marsiale kunste qigong doen praat omtrent leiding en beweging van qi. Maar dit is nie maklik om qi in die begin te lei nie. Jy dink wanneer jy qi wil lei, kan jy gaan en dit net doen? Jy kan nie. So wat doen hulle? Hulle moet hulle hande oefen, albei kante van die borskas, die voete, bene, arms, en kop alles behoort beoefen te word sowel. Hoe lei hulle hul op? Sommige mense slaan teen bome met hulle hande, en hulle slaan hulle met hulle palms. Sommige klap hulle hande teen stukke klip, “klap ... klap ...” - hulle klap hulle soos dit. Jy kan jouself voorstel hoe seer dit is wanneer die bene dit so tref, en hulle hande sal bloei wanneer hulle net ’n bietjie krag gebruik. Steeds, kan hulle nie die qi uitkry nie. So wat doen hulle? Hulle begin hul arms te swaai en hulle maak hulle bloed terug in die arm afgaan so hulle arms en hande sal opswel en hulle swel werklik. Dan wanneer hulle ’n rots klap sal hulle hande gekussing wees, en hulle sal nie direk kontak met die rots maak nie, en dit sal nie so veel seer maak nie. Soos hulle aangaan oefen sal hulle meesters hulle onderrig en soos tyd verby gaan sal hulle qi kan lei. Maar om qi lei is nie genoeg nie - gedurende ’n regte geveg sal die ander persoon nie op vir jou wag nie. Natuurlik, wanneer ’n persoon qi kan lei, is hy reeds in staat om aanvalle te blok, hy mag geen pyn voel wanneer hy met ’n groot stok geslaan word en hy kan qi lei en homself opblaas. Maar qi is regtig ’n primitiewe soort van ding in die begin stadium, en soos wat hulle aanhou praktiseer sal hulle qi verander na hoë-energie materie. Wanneer dit in 'n hoe-energie materie verander sal dit geleidelik ’n hoë digtheid energie kluster vorm. Hierdie energie kluster neem ’n lewe van sy eie aan, so dit is ook ’n vermoë kluster, of met ander woorde, dit is ’n soort vermoë. Maar hierdie vermoë is spesifiek vir aanval en verdediging, en dit sal nie werk as jy dit vir genesing gebruik. Daardie hoë-energie materie is in ’n ander dimensie en dit beweeg nie in ons dimensie, so sy tyd vinniger as ons s’n. Wanneer jy iemand wil slaan, hoef jy nie qi te lei of meer daaraan te dink nie, jou gong het alreeds daar bereik. En wanneer andere jou aanval en jy

hulle afweer, het jou gong alreeds daar bereik, ook. Ongeag hoe vinnig jy jou beweging maak, dit is vinniger as jy - tyd is konseptueel verskillend in die twee dimensies. So deur marsiale kunste qigong te doen, kan ʼn persoon vermoëns uitbring soos die Yster Palm, Cinnabar Palm, Diamand Been, Heilige Voet en so aan. Dit is vermoëns wat gewone mense het. ʼn Gewone persoon kan hierdie stadium bereik deur fisiesê opleiding.

Die grootste verskil tussen marsiale kunste qigong en interne kultivering is dit: die praktyk van marsiale kunste qigong vra vir beweging, so ʼn persoon se qi beweeg onder die vel. En aangesien dit in beweging gepraktiseer is, kan die persoon nie ʼn toestand van stilte bereik nie. Sy qi gaan nie in sy elikser veld nie en wanneer sy qi beweeg gaan dit onder sy vel en bereik die spiere binne in. Daarom kan hy nie langlewendheid kultiveer nie en hy kan nie bonatuurlike vermoëns uitbring nie. Ons mense wie interne kultivering doen, moet in stilte praktiseer. Meeste van hierdie praktyke maak qi die elikser veld ingaan, of maak qi die laer-buik binnegaan, hulle kultiveer in stilte en hulle gee regtig om oor die transformering van die persoon se ingebore liggaam. Hulle kan langlewendheid kultiveer en hulle kan na hoër vlakke kultiveer.

Miskien het julle gehoor oor hierdie verskillende kung-fu vaardighede, soos hoe in romans skryf hulle oor Goue Klok Dekking, die Yster Hemp, ʼn populier deurdring van 100 tree vêr, en dan is daar die opswewe vermoëns, waar mense hoog in die lug kan beweeg en sommige kan selfs in ander dimensies verdwyn. So bestaan hierdie vaardighede? Ja, verseker. Maar jy sal hulle nie in die daaglikse lewe sien nie. Mense wie waarlik hierdie hoë-vlak vaardighede uitgebring het deur praktisering kan hulle nie net afwys nie. Hierdie mense is nie verfyn deur net marsiale kunste qigong nie, en dit is heeltemal bokant die vlak van gewone mense, so iemand soos dit moet homself kultiveer deur ʼn interne kultivering praktyk te doen, hy moet regtig omgee oor karakter, sy karakter verbeter, en dinge soos materiële wins ligtelik neem. Alhoewel hy hierdie vaardighede kan kultiveer, dit werk uit dat hy hulle nie net vrylik tussen gewone mense kan gebruik nadat hy hulle gekry het nie. Dit is in orde om hulle ʼn bietjie te gebruik wanneer niemand hom kan sien nie. Maar kyk wat hulle in daardie romans gesit het: ʼn Persoon sal doodmaak en baklei vir een of ander swaardgeveg handboek, vir skatte, of vir vroue, en daardie mense het geweldige vaardighede en hulle beweeg rond soos geen menslike wese kan nie. Laat ons daaroor dink: Moet iemand soos dit wie regtig daardie vaardighede het, hulle nie gekultiveer het deur interne kultivering nie? Hy kan hulle alleenlik kultiveer deur sy karakter ernstig te neem. So, dinge soos roem, geld en allerhande soort begeertes het vir ʼn lang tyd nie veel vir hom beteken nie. Hoe kon hy gaan en mense doodmaak? Hoe kon geld en rykdom soveel vir hom beteken? Daar is net geen manier nie. Daardie is net artistieke oordrywings. Mense dors net vir opwinding en wil hê wat ook al hulle dors kan les. Die skrywers het beslag gelê op dit en gaan al die pad uit om te skryf wat ook al jou dors sal les en wat jou plesier gee - hoe meer ongelooflik hulle dit maak, hoe meer hou jy daarvan om dit te lees. Dit is net artistieke oordrywing. Iemand wie waarlik daardie vaardighede het, sal nie daardie dinge doen nie, en steeds minder sal hy hulle uitbring vir ʼn vertoning nie.

## Af wys

Ons doen ons kultivering in die omgewing van gewone mense, en om hierdie rede lyk dit asof baie studente nie van menigde verknogthede wat hulle het kan laat vaar nie, en baie van hulle verknogthede het alreeds vir hulle natuurlik geword, hulle kan dit nie agterkom nie. Om af te wys kom in allerhande situasies voor, en dit kan ook verskyn wanneer ʼn persoon iets goed doen. Miskien spog sommige persone en wys af in hulle dag-tot-dag lewens wanneer hulle ʼn klein bietjie status of rykdom bekom, “Ek is ʼn ou wat dinge laat gebeur, dit is altyd ek.” Ons sien ook so iets, waar iemand ʼn bietjie

beter gekultiveer het, of hy kan 'n bietjie meer duideliker sien met sy Derde Oog, of miskien doen hy die oefeninge 'n bietjie meer egalig, en dit is ook af wys.

Sommige mense sê, "Ek het gehoor Leermeester Li 'n paar dinge sê," almal vergader rondom hom om te luister, en hy is daar in die middel en gee die skinder storie oor, en las iets hier en daar wat van sy eie begrip kom. So wat was die motief? Dit alles kom neer van af wys. En dan is daar mense wie skinder stories versprei, hy gee dit aan die volgende ou oor, sy gee dit aan die volgende meisie oor, hulle smaak en geniet elke klein bietjie daarvan soos hulle dit in rondte versprei en hulle maak asof hulle 'n binnekring is - asof al hierdie studente van ons nie so goed ingelig is as hulle nie, of asof andere nie soveel weet nie. Dit het vir hulle natuurlik geword. Miskien doen hulle dit onbewustelik, en hulle het net af wys in hulle onderbewussyn. Waarom anders sal hulle daardie skinder storie versprei? Daar is ook mense wie dinge versprei oor wanneer ek terug "gaan na die berge." Ek het nie van die berge gekom nie – terug gaan na watter berge? En dan sê sommige mense dat op 'n sekere dag het ek iets aan so-en-so onderrig, of ek het vir iemand persoonlike lesse gegee. Nou watter nut het die verspreiding van daardie goeters? Nie een bietjie goed nie. Maar, ons het gesien dat dit hulle verknogthede is, 'n soort van af wys.

Daar is ook mense wie my opspoor vir 'n handtekening, wat voer hulle in die mou? Dit is steeds 'n gewone mens se ding - om 'n handtekening as 'n aandenking te kry of wat ook al. As jy nie kultiveer nie, kyk, ek gaan jou vertel, ek kan jou my handtekening gee maar dit is nutteloos. Elke enkele woord in my boeke het my ewebeeld en Wet Wiel, en elke sin is my woorde-wil julle regtig hê dat ek steeds iets moet teken? Sommige mense dink "As hy dit eenmaal geteken het, sal ek Leermeester se boodskappe hê om my te beskerm. "Hulle glo steeds in daardie boodskap dinge. Maar ons gee nie om vir boodskappe nie. Dit behoort by nou vanselfsprekend te wees dat hierdie boek van onskatbare waarde is. Is daar steeds meer wat julle nodig het? Alles van hierdie reflekteer daardie verknogthede. Daar is sommige mense wie opmerk hoe die studente wat saam met my reis hulle self dra en dan gaan hulle en imiteer hulle, onwetend wat goed of sleg daarvan is. Die feit is, ons gee nie om wie dit is wie tree op watter manier nie - daar's net een Wet, en alleenlik om hierdie Groot Wet te volg in jou aksies, voldoen jy aan die ware standaard. Die mense wie met my reis kry geen private afrigting nie, hulle is dieselfde as andere net hulle werk vir die Navorsing Vereniging. Moet nie hierdie verknogthede toelaat om op te swel nie. Dikwels beskadig ons Dafa uiteindelik sonder dat ons dit bedoel wanneer ons hierdie soort verknogtheid laat opswel. As jy sensasionele dinge opmaak, dit kan selfs spanning veroorsaak, of miskien ander studente se verknogthede aanwakker, dit kon maak dat hulle wedywer om nader aan my te kom sodat hulle, ook, na sekere dinge kan luister en so aan. Gaan al die dinge nie terug na hierdie probleem nie?

So wat anders kan hierdie af wys geneig wees om te aktiveer? Ek dra die praktyk oor nou al vir 2 jaar. Uit ons veteraan studente van Falun Dafa kultivering, is daar 'n klompie van hulle wie miskien binnekort Ontsluit kan word, 'n klompie sal 'n toestand van geleidelike verligting binnetree-hulle sal skielik geleidelike verligting binnetree. Nou waarom het daardie vermoëns nie voorheen uitgekom nie? Die rede is, dit sou nie gewerk het as ek julle tot op 'n vlak van daardie hoogte in een slag gestoot het nie, terwijl al jou menslike verknogthede was steeds daar. Natuurlik, is jou karakter alreeds baie hoog opgehef, maar jy het steeds baie verkogthede wat jy nie afgewerp het nie, so ons kan jou nie daardie vermoëns laat hê nie. Nadat jy verby hierdie stadium gegaan het, nadat jy stabiel geword het, sal julle almal meteens gestuur word na die toestand van geleidelike verligting. En in die toestand van geleidelik verligting sal jou Derde Oog oop gemaak word by 'n regtig hoë vlak, en jy sal baie vermoëns hê wat uitkom. Eintlik, ek kan jou vertel dat wanneer 'n persoon waarlik kultiveer, baie vermoëns sal na vore kom sodra as hy begin praktiseer. Jy het alreeds tot so 'n hoë vlak gekom, so jou vermoëns is

alreeds oorvloedig. In die nabye toekoms sal baie van ons daardie toestand hê. Dan is daar ander mense, hulle kan nie so hoog kultiveer nie, en die kombinasie van wat hulle met hulle saam gebring het en hulle vermoë om te verduur is vasgestel, so sommige mense word Ontsluit, en Verlig - ek bedoel heeltemal Verlig by baie lae vlakke. Daar sal mense soos dit wees.

Die rede dat ek dit aan julle uitwys is dat sodra mense soos dit verskyn, moet julle regtig seker maak dat julle hulle nie aanskou as soort van ontsagwekkende Verligte Wesens nie. Hierdie is 'n ernstige probleem in kultivering. Iemand is reg alleenlik wanneer hy in lyn met hierdie Dafa optree. Moet nie andere volg of na hulle gaan luister wanneer jy hulle vermoëns, of goddelike kragte sien nie, of wat ook al dit is. Jy sal hulle seer maak, hulle verknogtheid van gelukkigheid sal op swel, en hulle sal alles verloor wat hulle het in die einde, alles sal afgesluit word, en uiteindelik sal hulle tot die bodem val. Iemand wie Ontsluit is, kan steeds val, en as 'n persoon homself nie goed hanteer nie, selfs al is hy Geestelik Verlig kan hy val, ook, selfs wanneer 'n Boeddha homself nie goed hanteer nie sal hy val, om nie eens van jou te praat nie - iemand wie reg in die midde van gewone mense kultiveer! So ongeag hoeveel vermoëns jy het nie, hoe ontsagwekkend jou vermoëns is, of hoe groot jou goddelike kragte voorkom nie, jy moet jouself regtig goed hanteer. Onlangs het ons sommige mense gehad wie verdwyn het terwyl hulle hier sit en weer 'n ruk later verskyn het. Dit was soos dit, en miskien sal groter goddelike kragte uitkom. Hoe gaan jy dit dan hanteer? Jy is my student, my dissipel, so dit maak saak later aan as hierdie dinge vir jou na vore kom of hulle vir iemand anders voor kom nie, moet hulle op 'n troon sit nie of hierdie dinge soek nie. Sodra as jy binne in geaffekteer is, dit is dit, jou kultivering is tot niet, en jy sal val. Miskien is jy selfs hoër as hom en dit is net dat jou goddelike kragte nog nie uitgekom het nie, maar ten minste in terme hiervan het jy geval. So asseblief, hou dit regtig in gedagte. Ons het baie klem gelê hierop want hierdie situasie sal binnekort aan kom, en wanneer dit gebeur, is dit moeilikheid as jy jouself nie goed kan hanteer nie.

Selfs wanneer 'n kultiveerder se gong te voorskyn kom, of hy wanneer hy Ontsluit of waarlik Geestelik Verlig, behoort hy steeds nie homself as 'n grootkop beskou nie. Die dinge wat hy sien is net op daardie vlak van syne. Dit is omdat hy tot daardie punt gekultiveer het, of met ander woorde, sy vermoë om te verstaan het daardie punt bereik, sy karakter standaard het daardie punt bereik, en sy wysheid het daardie punt bereik. So miskien sal hy nie die dinge by hoër vlakke glo nie. En presies omdat hy hulle nie glo nie, dink hy dat wat hy sien absoluut is en dit is al wat daar is. Maar dit is vêr daarvan, omdat sy vlak alleenlik daar is.

Daar is 'n segment van mense wie Ontsluit sal wees by daardie vlak - hulle kan nie hoër gaan in kultivering nie, so hulle kan alleenlik Ontsluit en Geestelik Verlig wees by daardie vlak. Diegene wie later aan sukses behaal in kultivering, sommige van julle sal Geestelik Verlig word by die vlak van klein wêreldse paaie, sommige sal by verskillende vlakke Geestelik Verlig word en sommige sal Geestelik Verlig wees met Ware Rypwording en alleenlik Geestelike Verligting met Ware Vervulling is hoogste. By verskillende vlakke kan hierdie mense almal dinge sien, en dinge kan manifesteer voor hulle. Selfs die mense wie ontsluit en Geestelik Verlig is by die laagste vlak, die vlak van die klein wêreldse paaie kan party dimensies sien en sommige Groot Geestelike Verligte Wesens en hulle kan met hulle kommunikeer. Nou op daardie punt, moet jy nie selfvoldaan wees nie. Jy kan nie Ware Rypwording bereik wanneer jy Ontsluit is op die vlak van die klein wêreldse paaie, of by 'n lae vlak nie, verseker. So wat kan hy doen? Hy kan net by daardie vlak bly en lateraan na hoër vlakke kultiveer. Dit is wat hy kan doen van daardie punt af aan. Maar sy boonste vlak is alleenlik so hoog, so wat sal die punt wees om hom nie Ontsluit te laat wees nie? As hy aanhou om opwaarts te kultiveer soos nou kan hy nie hoër gaan nie. So hy sal Ontsluit wees aangesien hy die einde van sy kultivering bereik het. Daar sal baie mense soos dit wees. Maar ongeag wat ontvou, jy moet jou karakter hoog hou en die enigste manier

om dit reg te doen, is om Dafa te volg. Of dit jou vermoë, jou Ontsluite toestand, of wat ook al, jy het dit gekry deur om Dafa te kultiveer. As jy Dafa in die tweede plek sit en jou goddelike kragte in die eerste plek, of noudat jy Geestelik Verlig is dink jy dat wat jy verstaan of iets anders van jou korrek is, of jy dink jy is so groot het jy verby Dafa gegaan, sou ek sê jy het begin val,en jy is in gevaar, jy word slegter en slegter. Dan is jy regtig in die moeilikheid, jy het verniet gekultiveer, en kanse is jy sal val en uiteindelik verniet kultiveer.

Ek gaan ook vir julle dit vertel: wat binne in hierdie boek van myne is kombineer die Wet wat ek in 'n paar klasse onderrig het. Alles daarvan is my woorde, elke sin is my woorde, en hulle was getranskribeer van die band opnames woord vir woord, en gekopieër woord vir woord. Dit was gedoen met die hulp van my dissipels en studente. Hulle het my woorde getranskribeer van die opnames, en dan het ek die boek oor en oor hersien. Alles van hierdie is my Wet – wat ek onderrig is net hierdie een Wet.

# DIE SEWENDE GESPREK

## Oor doodmaak

Doodmaak is ʼn sensitiewe onderwerp. Ons het ʼn streng reel vir praktisyne: praktisyne kan nie dood maak nie. Of dit die Boeddhiste sisteem is, die Daoïste sisteem, of die Qimen praktyke, ongeag watter dissipline of watter skool dit is nie, ware kultivering dissiplines is absoluut hieroor: jy mag nie doodmaak nie. Daar's geen twyfel daaroor nie. Dit is omdat doodmaak lateraan groot probleme veroorsaak. Ons moet dit aan julle in besonder verduidelik. In die oorspronklike Boeddhisme vewys "doodmaak" hoofsaaklik na mense doodmaak, wat die mees ernstigste tipe is. Lateraan, was groot skepsels, groot vee, en ander skepsels wat redelik groot is as ernstig gekonsidereer. So waarom het hulle doodmaak so ernstig opgeneem in die kultivering wêreld? Dit word in Boeddhisme gesê dat as lewens wat nie behoort doodgaan, doodgemaak word, word hulle eensame siele en swerwende spoke. En dit was daardie wesens wat die ou gesegde oor "bevry siele van purgatorium" na verwys het. As daardie wesens nie vrygestel word van purgatorium, lei hulle aan honger en dors en dit is vreeslik moeilik vir hulle. Dit is wat Boeddhiste onderrig het.

Ons sê, wanneer ʼn persoon iets sleg aan iemand doen, sal hy daardie persoon baie deug gee as vergoeding. Dit is wat ons na verwys wanneer ons praat oor mense wie in daaglikse stuasies dinge van andere vat. Maar om skielik ʼn skepsel se lewe te beëindig, of dit ʼn dier is of ʼn ander wese, genereer dit redelik baie karma. "Doodmaak" het hoofsaaklik verwys na mense doodmaak, en dit genereer ʼn redelike groot hoeveelheid karma. Maar om ʼn algemene skepsel dood te maak is ook nie ʼn geringe ding nie, en dit genereer direk baie karma. ʼn Klein bietjie tribulasie is by verskillende vlakke gereël, en hierdie is veral so vir praktisyne in die proses van hulle kultivering, dit is alles jou eie karma, dit is jou eie tribulasies, en hulle word vir jou by verskillende vlakke geplaas om jou te help verbeter. Solank as jy jou karakter verbeter sal jy in staat wees om deur hulle te kom. Maar as soveel karma skielik op jou gestapel word, hoe kon jy deur dit kom? Met jou karakter, sou jy regtig nie in staat wees om dit te hanteer nie, en dit mag die einde van jou kultivering wees.

Ons het gevind dat wanneer ʼn persoon gebore word, baie, baie van hom is terselfdertyd gebore binne ʼn sekere omvang van die ruimte van hierdie heelal. Hulle lyk dieselfde, het dieselfde naam, en doen dinge wat min of meer dieselfde is. So, hulle kan ʼn deel van sy hele wese genoem word. Dit veroorsaak ʼn probleem, dan: as een van die wesens (en dit gaan ook vir ander groot diere, wesens, ook) skielik doodgaan, en die hom in al die ander dimensies nie die loop van hulle lewe wat oorspronklik gereël was, voltooi het nie, en hulle het steeds baie meer jare om te lewe, dan sal die persoon wie dood gegaan het in ʼn situasie val waar hy geen rusplek het nie, en hy sal rond dryf in die ruimte van die heelal. Mense het geglo dat hy ʼn eensame siel of swerwende spook sal wees, dat hy van honger en dors sal ly, en dit sal vreeslik moeilik wees. En miskien is dit waar. Ons kan vir seker sê, egter, dat ons gesien het hy in ʼn verskriklike situasie is, en dat hy sal aanhou wag totdat die hom in elke dimensie hulle lope van die lewe voltooi het, en alleenlik dan kan hulle saam hulle finale rusplek vind. Hoe langer die tyd, hoe meer ly hy. En hoe meer hy ly, die karma wat sy leiding veroorsaak, sal gedurig op die persoon gestapel word wie hom doodgemaak het, so dink daaroor, hoeveel karma sal dit op jou sit? Dit is wat ons gesien het met vermoëns.

Daar's nog ʼn ding wat ons gesien het. Wanneer ʼn persoon gebore is, is sy hele lewe alreeds daar uitgelê in ʼn spesifieke dimensie. Wat beteken, waar hy in sy lewe is, wat hy veronderstel is om te doen, en so aan - dit is alles daar. So wie het sy lewe gereël? Dit is klaarblyklik gedoen deur hoër wesens.

Byvoorbeeld, in ons gewone wêreld, nadat hy gebore is, is hy in 'n sekere familie, hy gaan na 'n sekere skool, en wanneer hy groot word werk hy by 'n sekere maatskappy, en deur sy werk bevestig hy kontak met mense van elke loop van die lewe. Dit vertel ons dat die algehele ontwerp van die hele samelewing soos dit gereël is. Maar, omdat daardie wese skielik gesterf het en volg nie meer die oorspronklike spesifieke reëling, en dinge verander het, daardie hoër wese sal wie ook al dit ontwrig het nie toelaat om vry te gaan nie. Laat ons daar daaroor dink: as kultiveerders, het ons nodig om op te kultiveer na hoë vlakke, maar as daardie hoër wese hom nie laat gaan nie, sou jy sê dat hy steeds kon kultiveer? Selfs sommige meesters se vlakke is nie so hoog soos die Hoër Wese wie hierdie dinge gereël het nie, so selfs vir sy meester is dit ongelukkig, en hy word neergewerp. Dan dink daaroor, is dit 'n gewone probleem? Daarom sal dit regtig moeilik wees vir iemand om te kultiveer nadat hy daardie soort ding doen.

Nou, van al ons studente wie Falun Dafa kultiveer, mag daar sommige mense wees wie in tye van oorlog geveg het. Oorloë is 'n toestand van sake wat teweeg gebring word deur belangrike veranderinge in die algehele hemelse fenomene. Jy was alleenlik een klein deel van daardie sake. As niemand 'n stap geneem het onder die veranderinge in die hemelse fenomene nie, sou dit nie daardie toestand van sake in die gewone wêreld bring nie, en dit sou dit nie 'n verandering in die hemelse fenomene genoem gewees het nie. Daardie dinge verander gebaseer op groter veranderinge, so jy kan nie totaal aanspreeklik gehou word vir daardie ding nie. Wat ons hier oor praat is die karma wat ontstaan wanneer jy aandring om slegte dinge doen om jouself te bevoordeel, of om vooruit te gaan, of wanneer iets van joune op die spel is. So, wanneer dit kom by veranderinge wat die hele groot ruimte affekteer, en belangrike veranderinge wat die toestand van die samelewing behels, is daardie nie jou skuld nie.

Om dood te maak sal baie karma genereer. So sommige mense dink, "so ek is nie toegelaat om dinge dood te maak nie, maar ek kook die kos vir my familie. As ek nie dinge dood maak nie, wat gaan my familie eet? " Ek is nie van plan om in die besonderhede van dit in te gaan nie. Ek onderrig die Wet aan praktisyne - dit is nie dat ek net ewekansig vir gewone mense vertel hoe om hulle lewens te leef nie. Wanneer dit by spesifieke dinge kom, evalueer hulle net gebaseer op die Groot Wet, en doen wat jy dink die beste is. Gewone mense kan doen wat ook al hulle wil, dit is gewone mense se besigheid. Daar is geen manier dat almal waarlik kan kultiveer nie. Maar praktisyne moet hulle rig na hoë standaarde, so hierdie is vereistes wat vir praktisyne uiteengesit is.

Menslike wesens en diere is nie die enigstes met lewe in hulle nie, plante het dit ook. Alle materie verskyn in die vorm van lewe in ander dimensies. Wanneer jou Derde Oog die Wet Visie vlak, bereik, sal jy ontdek dat klippe, mure, of wat ook al, almal met jou sal praat en jou groet. Nou miskien wonder sommige van julle, "Dan het die graan en groente wat ons eet almal lewe in hulle... En wat behoort ons doen wanneer vlieë en muskiete ons huise in kom? In die somer byt hulle ons en dit voel nie goed nie, so ons moet net kyk hoe hulle daar land en ons byt? Ons sal net moet kyk hoe vlieë op ons kos land, aangesien ons hulle nie mag doodslaan nie, dit is vieslik." Ek kan vir julle vertel dat ons nie behoort dinge net op 'n ingewing dood maak nie, of sonder 'n rede, maar ons kan nie soos oorversigtige here wees nie, en altyd fokus op daardie kleinlike dinge nie, soos om bang te wees om op miere te trap en oor die hele plek spring waar ons loop. Ek sou sê dit sou so uitputtend wees vir jou om daardie manier te lewe. Sou dit nie steeds 'n verknogtheid wees nie? As jy rondgespring het wanneer jy loop, verseker, miskien sou jy nie enige miere vermorsel nie, maar daar sou steeds baie mikroörganismes wees waarop jy sou op getrap het en doodgemaak het. Op die mikrokosmiese vlak is daar tonne kleiner dinge, soos fungi en bakterieë, en miskien het jy op hulle getrap en 'n klomp dood gemaak. Dan mag ons dit net sowel klaar gedaan noem, reg? Ons probeer nie om daardie soort van persoon te wees nie.

Ons kon nie soos dit kultiveer nie. Ons behoort fokus op die groot prent en openlik kultiveer en met waardigheid.

Ons menslike wesens behoort die reg te hê om ons lewens te onderhou. So ons woon omgewing moet aan die behoeftes van menslike leefwyses voldoen. Ons kan nie enige dinge opsetlik leed aandoen nie, maar ons kan nie te beperk wees deur daardie triviale dinge ook nie. Byvoorbeeld, die groente en graan wat mense plant het almal lewe in hulle, maar ons kan nie ophou drink en eet net as gevolg van dit nie. Hoe sou jy in staat wees om dan te praktiseer? Ons behoort na die groot prent te kyk. Byvoorbeeld, as jy loop en ’n paar miere en insekte hardloop onder jou voete en word op getrap en word doodgemaak, miskien was hulle dan veronderstel om dood te gaan, aangesien jy hulle nie opsetlik leed aan gedoen het nie. Daar is die kwessie van ekologiese balans tussen organisme en mikro-organisme, en wanneer daar te veel van hulle is sal hulle onbeheers versprei. Ons praat oor om openlik te kultiveer en met waardigheid. Wanneer daar vlieë en muskiete in ons huise is, kan ons hulle uitdryf en skerms installeer om hulle te stop inkom. Maar as jy hulle nie kan uitdryf nie partykeer, is dit in orde om hulle dood te maak. As hulle mense byt en mense skade aandoen in mense se wonings, natuurlik behoort ons hulle uitdryf. En wanneer hulle nie uitgedryf kan word nie, kan ons nie net kyk hoe hulle mense daar byt nie. Jy is ’n praktisyn so is dit nie ’n probleem vir jou nie, jy is immuun teen hulle. Maar jou familie lede praktiseer nie, hulle is gewone mense, so daar is ’n bekommernis oor ’n aansteeklike siekte kry. So jy kan nie net kyk hoe hulle jou kind se gesig byt nie en nie enige iets daaroor doen nie.

Ek sal julle ’n voorbeeld gee. Daar was ’n storie oor Shakyamuni tydens sy vroeë jare. Eendag in die woud wou Shakyamuni ’n bad geneem het, so hy het sy dissipel gevra om die bad skoon te maak. Sy dissipel het daarheen gegaan en gesien dat die bad bedek was met goggas, en as hy dit skoongemaak het sou die goggas doodgemaak word. Die dissipel het terug gekom om vir Shakyamuni te vertel dat die bad bedek was met goggas. Sonder om na hom te kyk het Shayamuni, gesê “Gaan maak die bad skoon.” Die dissipel het terug gegaan na die bad en het gevind dat hy nie geweet het waar om te begin nie, aangesien die goggas doodgemaak sou word as hy begin het om dit skoon te maak. Hy het dit een keer omsirkel en terug na Shakyamuni gegaan en Shakyamuni gevra: “Eerbare Leermeester, die bad is bedek met goggas. As ek dit skoonmaak sal ek hulle doodmaak.” Shakyamuni het hom een kyk gegee en gesê: “Wat ek jou gevra het om skoon te maak was die bad.” Die dissipel het dit skielik begryp en het die bad op die daad skoon gemaak. Dit illustreer ’n punt: ons kan nie ophou om te bad as gevolg van insekte nie, en ons kan nie soek vir ’n ander plekke om te lewe net oor muskiete nie, net soos ons nie ons nekke kan opbind en ophou eet en drink omdat graan en groente lewe in hulle het nie. Dit is nie die idee nie. Ons behoort hierdie dinge in perspektief hou en openlik kultiveer en met waardigheid. Dit is goed solank ons nie lewende wesens opsetlik leed aandoen nie. Terselfdertyd, benodig menslike wesens hulle wonings en lewens toestande, en hierdie moet onderhou en beskerm word. Menslike wesens moet hulle lewens onderhou en normaal lewe.

Sommige vals qigong meesters het gesê dit is aanvaarbaar om op die eerste en die vyftiende van die maan maand dood te maak, en sommige het selfs gesê dat dit aanvaarbaar is om twee been diere dood te maak, asof twee been diere nie lewendig is nie. As doodmaak op die eerste en die vyftiende nie tel as doodmaak nie, wat sou jy dit dan noem, vuilgoed grawe? Jy kan vertel dat sommige qigong meesters vals is net deur hulle woorde en aksies, deur wat hulle sê en wat hulle wil hê. Gewoonlik, is die qigong meesters wie daardie dinge sê en daardie dinge doen is besete. Kyk net na die manier daardie qigong meesters wie besete is deur jakkals geeste hoender eet - hulle vreet dit op en wil nie eers die bene uitspoeg nie.

Doodmaak genereer nie net ’n ernstige hoeveelheid karma nie, dit het ook te doen met die vraag van Barmhartigheid. Behoort ons kultiveerders nie Barmhartigheid te hê nie? Wanneer ons Barmhartigheid uitkom sal ons waarskynlik sien dat alle waarnemende wesens swaar kry, dat almal swaar kry. Julle sal dit wel sien.

## Oor vleis eet

Om vleis te eet is nog ‘n sensitiewe onderwerp, maar om vleis te eet is nie doodmaak nie. Julle het die Wet vir ’n geruime tyd nou gestudeer, maar ons het julle nie gevra om weg te bly van vleis nie. Sodra as jy baie qigong meesters se klasse instap sal hulle jou vertel dat jy nie langer vleis kan eet nie. Jy mag dink, “sommer net so is ek nie toegelaat om vleis te eet nie? Jy het my onkant gevang.” Miskien wat vandag by jou huis gekook word is hoender of vis, en dit ruik nogal lekker. Maar jy sou nie toegelaat word om dit te eet nie. Godsdienstige kultivering is dieselfde - hulle verbied die eet van vleis. Dit word ook in die gewone Boeddhiste praktyke onderrig en in party Daoïste praktyke - geen vleis etery nie. Ons vra julle nie hier om dit te doen nie, maar ons onderrig wel hieroor. En wat sê ons daaroor? Ons manier van praktisering is een waar die Wet die persoon verfyn, en in praktyke waar die Wet die persoon verfyn, sal sekere toestande van sy gong en Wet ontstaan, so in die loop van praktisering, kom verskillende kultivering toestande voor by verskillende vlakke. So eendag, of nadat ek die klas vandag klaarmaak, sal sommige mense hierdie toestand ondervind: hulle kan nie vleis eet nie, en dit ruik sleg vir hulle, en as dit eet sal hulle wil opgooi. Dit is nie dat jy deur iemand geforseer word om nie vleis te eet nie of dat jy jouself terug hou van vleis eet nie, dit kom van binne. Wanneer jy daardie vlak bereik sal jou gong effek neem op ’n manier wat maak dat jy nie in staat sal wees om vleis te eet nie. Jy sal opgooi as jy dit eintlik insluk.

Ons veteraan studente weet almal dat hierdie toestand sal opkom in Falun Dafa kultivering, en dat verskillende vlakke ooreen stem met verskillende kultivering toestande. Daar is sommige studente wie ’n redelike sterk begeerte het om vleis te eet, hulle het ’n sterk verknogtheid aan dit, en hulle kan gewoonlik ’n ton vleis eet. Wanneer ander praktisyne vleis onaangenaam vind voel hulle dit nie, en hulle kan dit steeds eet. So wat word gedoen om van hierdie verknogthede ontslae te raak? Hulle mae sal pyn as hulle vleis eet, en sal nie as hulle nie. Dit sal gebeur, en dit beteken hulle behoort nie vleis te eet nie. Sal ons praktisyne niks met vleis te doen hê van vandag af nie? Nee, dit is nie soos dit nie. So wat maak ons van dit? Wanneer jy nie vleis kan eet nie kom dit waarlik van binne. En wat is die doel? In kloosterlike kultivering wanneer hulle jou forseer om nie vleis te eet nie, is dit eintlik vir dieselfde rede as ons geïnduseerde toestand van nie in staat te wees om vleis te eet nie: dit is om ontslae te raak en van daardie begeerte en daardie verknogtheid wat mense het om vleis te eet.

Sommige mense kan beswaarlik wat op hulle borde af forseer as dit nie vleis in het nie. Dit is ’n gewone mens begeerte. Een oggend, toe ek verby die agter ingang van Triumph Park in Changchun gegaan het, het drie mense uit die ingang gekom en luidrugtig gepraat. Een van hulle het gesê, “Watse soort qigong is daardie - dit laat jou nie toe om vleis te eet nie!” “Ek sou liewer 10 jaar van my lewe verloor as om vleis op te gee!.” Wat ’n intense begeerte. Dink nou oor dit, behoort daardie soort begeerte nie verwyder word nie? Dit behoort definitief. Wat ’n persoon in die kultivering proses doen is sy verskillende begeertes en verkogthede verwyder. Om dit vir julle uit te spel vir julle, as die begeerte om vleis te eet nie verwyder word nie, is dit nie ’n verknogtheid wat nie verwyder is nie? Kon jy tot volmaaktheid kultiveer? So, solank as wat iets ’n verknogtheid is, moet dit gaan. Maar dit is nie dat jy nooit in staat sal wees om vleis weer te eet nie. Om jou nie vleis te laat eet nie is nie die punt nie, die punt is om jou nie daardie verknogtheid te laat hê nie. As jy van daardie verknogthede ontslae raak

gedurende die tyd wanneer jy nie vleis kan eet nie, mag jy in staat wees om dit later aan weer te eet, dit sal nie sleg ruik nie, en wanneer jy dit eet, sal dit nie so sleg smaak nie. So op daardie tydstip sal jy in staat wees om dit te eet en dit sal nie 'n probleem wees nie.

Wanneer jy in staat is om dit weer te kan eet, sal jou verknogtheid weg wees, en jou begeerte vir vleis sal weg wees. Maar 'n groot verandering sal gebeur: Wanneer jy weer vleis eet, sal dit nie so smaaklik wees nie, en wanneer jou familie dit kook sal jy saam met hulle eet, en wanneer jou familie dit nie kook nie sal jy dit nie mis nie, en wanneer jy dit wel eet, sal dit regtig nie meer goed smaak nie. Daardie kultivering toestand sal verskyn. Maar kultivering tussen gewone mense is so ingewikkeld. As jou familie altyd vleis kook, na 'n ruk sal jy dink dit smaak weer regtig goed, en die siklus sal homself herhaal. Daardie siklus kan selfs homself 'n aantal keer herhaal terwyl jy kultiveer, en ewe skielik sal jy nie vleis weer kan eet nie. Wanneer jy dit nie kan eet nie, moet dit nie eet nie - jy sal regtig nie in staat wees om dit te eet nie, en as jy dit eet sal jy opgooi. Wanneer jy in staat is om dit te eet, eet dit. Laat dit net natuurlik gebeur. Die punt is nie om vleis te eet of om nie, wat hoofsaaklik is, is om van daardie verknogtheid ontslae te raak.

Jy vorder redelik vinnig in ons Falun Dafa dissipline. Solank as wat jy jou karakter verbeter, sal jy in staat wees om deur elke vlak vinnig te breek. Sommige mense is nie verkog aan vleis in die eerste plek nie, so hulle gee nie juis om of daar vleis is of nie. Vir daardie mense sal dit verby wees in 'n week of twee, en hulle verknogtheid sal ingekort word. Vir sommige mense sal dit 'n maand duur, twee maande, drie maande, of miskien selfs vir 'n halwe jaar, en alleenlik in uiters spesiale gevalle sal dit meer as 'n jaar wees voor hulle weer vleis kan eet. Dit is omdat vleis nou 'n hoof deel van die menslike se dieet is. Maar voltydse monastieke kultiveerders behoort steeds nie vleis te eet nie.

Laat ons praat hoe Boeddhisme vleis eet beskou. Die vroegste, oorspronklike Boeddhisme het nie vleis eet belet nie. Destyds, toe Shakyamuni sy dissipels gelei het om ywerig in die woud te kultiveer, was daar definitief nie enige verbod wat vleis verban het nie. En waarom was daar nie? Omdat, toe Shakyamuni sy Wet 2,500 jaar gelede onderrig het, was die samelewing agter die tye, en party streke het landbou gehad, terwyl andere nie, daar was nie baie bewerkte landerye nie, woude was oral, en graan voorrade was vreeslik min. Die mense het net tevore van 'n primitiewe samelewing gekom en het hoofsaaklik van jag geleef, so in baie streke het hulle hoofsaaklik vleis ge-eet. So om sy dissipels menslike verknogthede so veel as moontlik te laat opgee, het Shakyamuni hulle nie enige kontak laat hê met dinge soos geld of materiële dinge nie, en hy het hulle gelei om te bedel vir kos en aalmoese. Hulle het geëet wat ook al ander mense hulle gegee het, aangesien as kultiveerders kon hulle nie hulle kos kies nie. En die kos wat mense vir hulle gegee het sou waarskynlik vleis ingesluit het.

Sommige voedsel was eintlik taboe genoem terug in die oorspronklike Boeddhisme. So taboe voedsel gaan terug na die oorspronklike Boeddhisme, maar deesdae sê mense vleis is wat bedoel word met "taboe kos" maar die waarheid is, taboe kos destyds, het nie vleis beteken nie. Dit was oor dinge soos uie, gemmer, en knoffel. En waarom het hulle daardie dinge "taboe" genoem? Selfs tussen monnike is daar nie baie mense wie dit vandag kan verduidelik nie, en dit is omdat baie van hulle nie waarlik kultiveer nie, en daar's baie wat hulle nie weet nie. Wat Shakyamuni onderrig het was "Gebod, Konsentrasie, Wysheid." "Gebod" was oor om alle gewone mense se begeertes te verwyder. "Konsentrasie" was oor kultiveerders wie kultiveer met uiterste kalmte van verstand terwyl hulle mediteer, en in totale stilte te wees. So enige iets wat met dit ingemeng het, of wat hulle kultivering geblok het, was beskou as ernstige inmenging. En as enige iemand uie, gemmer, of knoffel, geëet het, sou hulle 'n sterk reuk afgee. Destyds het monnike in woude of grotte in 'n sirkel gemediteer in groepe van sewe of agt mense. As iemand daardie dinge geëet het, sou dit 'n sterk, prikkelende reuk produseer

wat ander mense se meditasie sou affekteer en hulle vermoë om binne in stil te word, so dit sou ernstig inmeng met ander mense se praktyk. Dit was waarom daar daardie gebod was. Hulle het daardie voedsel taboe gekonsidereer en hulle buite perke gemaak. Baie wesens wat ontwikkel is van die menslike liggaam deur kultivering word regtig gepla deur sulke stinkende reuke. Uie, gemmer, en knoffel kan ook 'n persoon se begeertes stimuleer, en wanneer jy baie van dit eet kan jy verslaaf word. Daarom was hulle as taboe gekonsidereer.

In die verlede het baie monnike wie na baie hoë vlakke gekultiveer het en wie Ontsluit, of half-Ontsluit was, ook geweet dat in die kultivering proses gebooie nie saak maak nie, dat wanneer 'n persoon ontslae raak van die verknogtheid werk dit uit dat daardie fisiese item nie enige effek het nie, en dit wat regtig met die persoon inmeng is die verknogtheid. So vorige generasies van hoë-vlak monnike het ook gesien dat die kwessie van die eet van vleis nie wat hoofsaaklik is nie. Hulle het geweet wat hoofsaaklik is, is of hy van die verknogtheid kan ontslae raak en dat as daar geen verknogtheid is nie, maak dit nie saak waarmee 'n persoon sy maag vol maak nie, enige iets is goed. Baie mense is daaraan gewoond, aangesien dit is hoe hulle in kloosters gekultiveer het al hierdie tyd. En dit is nie langer net 'n gebod nie, nou is dit 'n gemagtigde reël in kloosters, so hulle kan definitief nie vleis eet nie, en mense is gewoond om soos dit te kultiveer. Laat ons praat oor monnik Jigong, byvoorbeeld. Hulle het hom regtig in die kollig in literatuur gesit, aangesien monnike veronderstel is om hulle self van vleis te weerhou, maar hy het gegaan en dit geëet. Hulle het hom uitgemaak om uniek te wees. Maar die waarheid is, dit is net dat nadat Jigong uit Lingyin Klooster uitgedryf was dat kos natuurlik regtig 'n probleem vir hom geword het, en sy oorlewing was op die spel. Hy het geëet wat ook al hy in die hande kon kry om sy maag vol te maak. Hy wou net sy maag vol maak en hy was nie verknog aan enige spesifieke kos nie, so dit het nie saak gemaak nie. Hy het tot daardie punt gekultiveer, so hy het daardie waarheid verstaan. Jigong het eintlik net 'n paar keer vleis geëet, miskien een of twee keer. Sodra as iemand melding maak van monnike vleis eet, word skrywers geïnteresseerd, aangesien hoe meer sensasioneel die onderwerp, hoe meer wil mense daaroor lees. Kuns moet groter as die lewe wees soos hulle sê, so hulle het dit publiek gemaak. Die waarheid is, wanneer jy regtig van daardie verknogthede ontslae raak maak dit nie saak waarmee jy jou maag vol maak nie.

In areas van Suidoos Asia en Suidelike Sjina, veral in die Guangdong en Guangxi Provinsies, sê sommige leke Boeddhiste hulle kultiveer nie Boeddhaskap nie, dit is asof die frase "Kultiveer Boeddhaskap" outyds was. Maar hulle sê hulle is vegetariërs, of dat hulle nie vleis eet nie. Wat hulle bedoel is dat hulle vegetariërs is, en op grond daarvan kultiveer hulle Boeddhaskap. Hulle neem om Boeddhaskap te kultiveer om iets so eenvoudig te wees. Julle sê julle kan tot in 'n Boeddha kultiveer deur net vegetariër te wees? Julle weet, dit is net een soort van verknogtheid wat mense het, dit is net een begeerte. So julle raak alleenlik ontslae van daardie verknogtheid, daardie een verknogtheid. Maar julle moet ook ontslae raak van jaloesie, wedywering, oormatige blydskap, af te wys - alle soorte verkogthede. Mense het so baie verknogthede. Jy moet ontslae raak van al jou verknogthede en elke soort van begeerte, en alleenlik dan kan jy kultiveer tot perfeksie. So net om ontslae te raak van daardie verknogthede van vleis eet, kan jy tot in 'n Boeddha kultiveer? Dit is nie die regte idee nie.

So wanneer dit kom by eet is dit nie reg om verknog te wees aan enige soort van kos nie, nie net vleis nie. Sommige mense sê, "ek hou net van om dit te eet." Wel, dit is nog 'n begeerte. 'n Kultiveerder het nie daardie soort verknogtheid wanneer hy by 'n sekere punt kom nie. Natuurlik, ons onderrig 'n hoë-vlak Wet en wat ons onderrig is gebaseer op en integreer verskillende vlakke. Daar's geen manier om dit alles op een slag te bereik nie. As daar 'n sekere soort kos is wat jy net wil eet, wanneer jy waarlik tot op daardie punt kultiveer wanneer daardie verknogtheid behoort gaan, sal jy dit nie kan eet nie, en wanneer jy dit wel eet, sal dit nie reg smaak nie. Wie weet wat dit na sal smaak? Terug toe ek tyd by 'n

maatskappy ingesit het, die maatskappy se kafeteria het altyd geld verloor, later het dit bankrot geword, so almal het hulle eie middagetes gebring. Dit was redelik groot moeite gewees en ʼn heen en weer gejaag om in die oggend voor werk middagete voor te berei. Partykeer het ek twee gestoomde rolletjies en ʼn stukkie tofu in soja sous gekoop. Jy sou nou dink dat sulke ligte goed in orde sou wees, maar dit was steeds nie goed om dit die hele tyd te eet nie - daardie verknogtheid moes gaan. Sodra ek tofu gesien het, het my maag suur geword en ek was nie in staat om dit te eet nie. Dit was om my te weerhou van om verknog te raak. Natuurlik, dit gebeur net wanneer jou kultivering ʼn sekere punt tref. Dit gebeur nie in die begin nie.

Boeddhiste maak ʼn punt van om nie alkohol te drink nie. Al ooit ʼn Boeddha gesien wie ʼn wyn beker vashou? Nooit. Ek het gesê dat as jy nie vleis kan eet nie, sal dit nie ʼn probleem wees nie om dit lateraan weer te eet nadat jy ontslae raak van daardie verknogtheid deur te kultiveer tussen gewone mense. Maar nadat jy alkohol opgegee het, behoort jy nie weer drink nie. Het praktisyne nie gong in hulle liggame nie? Gong van elke soort en fatsoen. Sommige vermoëns manifesteer op die oppervlakte van jou liggaam en hulle is almal suiwer. Sodra jy alkohol drink, “whoosh”- verlaat hulle jou liggaam onmiddellik. Op daardie tydstip sal jy niks op jou liggaam hê nie, hulle kan nie daardie reuk vat nie. Drink is ʼn nare gewoonte omdat dit regtig jou redenasie omvêr kan gooi. So waarom drink sommige groot Dao praktisyne in hulle kultivering? Omdat hulle nie hulle meester siele kultiveer nie, en hulle drink om hulle meester siele gevoelloos te maak.

Sommige mense is so verslaaf aan alkohol dat hulle dit soveel as hul lewens waardeer, sommige andere hou baie van alkohol, en andere het soveel gedrink dat hulle alkohol vergiftiging gekry het. As daar nie alkohol is nie, wil hulle nie eers eet nie, en hulle kan nie sonder ʼn drankie klaarkom nie. Ons praktisyne behoort nie soos dit te wees nie. Om te drink is definitief verslawend, dit is ʼn begeerte. Alkohol stimuleer ʼn persoon se verslawing senuwees, en hoe meer ʼn persoon drink hoe erger word sy verslaafdheid. Jy is ʼn praktisyn, so laat ons daaroor dink, behoort jy nie ontslae te raak van daardie verknogtheid nie? Daardie verknogtheid moet gaan! Sommige mense mag dink, “Daar’s geen manier nie. Ek ontmoet mense al die tyd”, of, “Ek doen publieke aangeleenthede, ek ontmoet gaste al die tyd. Dit is nie maklik om dinge gedoen te kry sonder ʼn drankie nie.” Ek sou sê dat dit nie noodwendig waar nie. Gewoonlik wanneer mense besigheid doen, veral wanneer hulle besigheid doen met of met uitlanders handel, mag jy vra vir ʼn koeldrank, hy mag vra vir minerale water, terwyl ʼn ander persoon ʼn bier mag verkies. Niemand gaan dit in jou keel afgooi of enige iets nie - jy kies jou eie drank, en drink hoeveel as wat jy wil. En daar is selfs minder daarvan tussen goed opgevoede mense. Dit is gewoonlik hoe dit is.

Om te rook is nog ʼn verknogtheid. Sommige mense sê dat rook kan hulle opgehef laat voel. Ek sou sê jy is net besig om jouself te flous, regtig. Sommige mense rook ʼn sigaret wanneer hulle moeg is van werk of van iets skryf en wil ʼn blaaskans neem. Hulle dink hulle is meer bedag nadat hulle gerook het. Maar dit is nie hoe dit regtig werk nie. Dit is net omdat hulle daardie oomblik rus gehad het. Mense se verstand kan hulle die verkeerde indruk gee en ʼn soort van illusie skep. So lateraan word ʼn konsep regtig gevorm, en ʼn verkeerde indruk word ontwikkel, sodat jy die gevoel het dat rook jou opgehef laat voel het. Maar dit het glad nie, dit het nie daardie effek nie. Om te rook doen die liggaam nie een bietjie goed nie. As ʼn persoon vir ʼn lang tydperk gerook het, en wanneer ʼn dokter ʼn lykskouing doen sal hy vind dat sy lugpyp heeltemal swart is, en selfs die binnekant van sy longe is swart.

Probeer ons praktisyne dan nie om ons liggame te reinig nie? Ons wil aanhou ons liggame reinig, en aanhou op beweeg na hoër vlakke. So waarvoor sit jy dit in jou liggaam? Is dit nie die teenoorgestelde van wat ons probeer om te doen nie? Daarbenewens, dit is nog ʼn sterk begeerte. Sommige mense weet

dit is sleg, maar hulle kan net nie ophou nie. Ek kan vir julle sê dit is eintlik omdat hulle nie regte gedagtes het om hulle te lei nie, so dit is nie maklik vir hulle om sommer net so op te hou nie. Sien jouself as 'n kultiveerder, en behandel dit soos 'n verknogtheid vandag en probeer om op te hou. Sien of jy kan ophou. As jy regtig wil kultiveer versoek ek jou om op te hou rook vandag, en ek waarborg jou dat jy kan ophou. In die veld van hierdie klas dink niemand aan rook nie. As jy wil ophou, waarborg ek jou dat jy kan ophou, en wanneer jy 'n sigaret optel sal dit nie reg smaak nie. Om hierdie gesprek in die boek te lees het dieselfde effek. Natuurlik, as jy nie belangstel om te kultiveer nie, dan is dit in orde, en ons sal jou nie stop nie, maar as jy kultiveerder wil wees dink ek jy beter ophou. Ek het 'n voorbeeld al voorheen gegee: het jy al ooit 'n Boeddha of 'n Dao daar sien sit met 'n sigaret wat van sy mond hang? hoe belaglik! Noudat jy 'n kultiveerder is, wat is dit jy probeer bereik? Behoort jy nie ophou nie? Dit is hoekom ek sê dat as jy wil kultiveer beter jy ophou rook. Dit beskadig jou liggaam en dit is 'n begeerte - dit kan nie verder wees van wat ons kultiveerders moet doen nie.

## Jaloesie

Wanneer ek die Wet onderrig praat ek dikwels oor jaloesie. En waarom is dit? Omdat jaloesie regtig intens is in Sjina, so intens dit het natuurlik geword, en mense kan dit nie meer in hulleself aanvoel nie. So waarom is Sjinese mense so uiters jaloers? Daar is 'n rede. Sjinese mense was sterk beïnvloed deur Confucianisme in die verlede, en hulle persoonlikheid is redelik introvert. Wanneer hulle kwaad is wys dit nie, en wanneer hulle gelukkig is wys dit nie. Hulle maak 'n punt van hoflike selfbeheersing en verduur dinge - aangesien dit so diep ingewortel was, het ons mense 'n baie introverte persoonlikheid oor die algemeen ontwikkel. Natuurlik, daar is iets goed omtrent dit, want so 'n persoon soos dit is slim maar beskeie. Maar dit het sy nadele, en dit kan slegte situasies bring. Hier in die Eeu van die Wet se Einde veral, is die negatiewe kant van dit selfs meer voor die hand liggend: dit kan mense se jaloesie erger maak. As iemand goeie nuus het en hy laat ander mense weet, sou hulle dadelik ongelooflik jaloers word. As iemand 'n toekenning by sy maatskappy kry of elders, of as hy iets goeds kry, sal hy nie waag om daaroor te praat nie want ander mense sal onsteld word wanneer hulle daarvan hoor. Westerlinge noem dit "Oosterse jaloesie" of "Asiatiese jaloesie." Die hele Asiatiese streek was sterk beïnvloed deur Sjinese Confucianisme, en hierdie soort jaloesie is in 'n sekere mate orals, maar alleenlik in ons Sjina is dit so intens.

Dit is ietwat verwant aan die absolute egalitarisme wat ons gepraktiseer het. "As die hemel val, gaan almal saam dood, elk geval; almal behoort gelyk deel in enige iets wat goed is; wanneer daar 'n salaris verhoging is, is almal geregtig op dieselfde aandeel." Die logika blyk reg - almal word dieselfde behandel. Maar hoe kon hulle dieselfde wees? Hulle doen verskillende werke en hulle voldoen aan hulle verantwoordelikhede tot verskillende mate. Jy sien, daar is 'n Wet in hierdie heelal van ons, genoem, "geen verlies, geen wins." Om iets te kry moet jy iets verloor. Gewone mense sê, "Geen werk, geen wins. Meer werk, meer wins. Minder werk, minder wins" en dat 'n persoon wie meer opofferings maak behoort meer te kry.Terug in die verlede toe absolute egalitarisme gepraktiseer was, het hulle gesê dat mense almal dieselfde gebore is, en dat dit dinge wat na jy gebore is wat jou verander. Ek sou sê dat daardie idee te absoluut is, en enigiets so absoluut, is verkeerd. Waarom is sommige mense manlik en andere vroulik gebore? En waarom is daar verskille in hoe hulle lyk. Sommige mense is gebore met siekte of misvorm, so is hulle nie almal dieselfde nie. Wanneer ons na dit kyk van 'n hoër vlak, is 'n persoon se hele lewe daar uitgelê in 'n ander dimensie, so kon mense dieselfde wees? Almal wil gelyk wees, maar as iets nie deel van jou lewe is nie, hoe kon jy gelyk wees? Mense is nie dieselfde nie.

Die mense in die Westerse lande is meer ekstrovert, en wanneer hulle gelukkig is wys dit, en net soos wanneer hulle kwaad is wys dit. Dit het voor en nadele, soos 'n tekort aan vermoë om te verduur. Hierdie twee persoonlikhede spruit vanaf verskillende waardes, en hulle lei tot verskillende resultate wanneer mense dinge doen. Met Sjinese mense, wanneer 'n persoon geprys word deur sy baas of iets goed gegee is, word ander mense onsteld. Wanneer 'n persoon 'n groter bonus kry, sal hy dit stil-stil in sy sak glip en niemand laat weet nie. Deesdae is dit selfs moeilik as jy as "Werknemer van die Maand" is. "Jy is Werknemer van die Maand en jy is so goed met jou werk, jy behoort vroeg werk toe kom en laat huis toe te gaan. Waarom doen jy nie al hierdie werk nie?Jy doen so goed en ons is nie goed genoeg nie."... Mense gebruik kwaadaardige sarkasme. Selfs om 'n goeie persoon te wees is moeilik.

Dit is heeltemal verskillend buite Sjina. Byvoorbeeld: 'n persoon se baas dink hy het goeie werk vandag gedoen, so hy gee hom 'n bietjie geld om dankie te sê. Opgewonde tel hy die banknote een vir een voor almal, "sjoe, die baas het my soveel geld vandag gegee." Hy vertel graag andere daarvan terwyl hy met sy vingers die banknote een vir een tel, en daar is geen gevolge nie. In Sjina as iemand 'n bonus kry, vertel selfs die baas vir hom om dit gou weg te steek en nie laat enige iemand sien nie. Buite Sjina, wanneer 'n kind 100% by die skool kry, hardloop hy huis toe en juig met vreugde, "ek het 'n 100% vandag gekry! Ek het 'n 100% gekry!" Hy hardloop al die pad van die skool af huis toe. 'n Buurman maak sy deur oop en roep na hom, "Wel gedaan, seun!" 'n Ander persoon maak haar venster oop, "hai Jan - goeie werk!" As dit in Sjina gebeur het, sou dit redelik sleg gewees het. "Ek het 'n 100 gekry, ek het 'n 100 gekry!" hardloop die kind huis toe van die skool af en roep. Nog voordat een van die bure sy deur oopmaak, begin hy woedend raak - "wat daarvan? Dit is net 'n honderd. Waaroor spog hy nou? Wie het nie voorheen 'n 100 gekry nie?" Hierdie twee verskillende maniere van denke bring verskillende resultate te voorskyn. So dit kan jaloesie verwek, en dan word mense onsteld wanneer iets goed met ander mense gebeur, in plaas van om gelukkig vir hulle te wees. Dit is wat gebeur.

'n Paar jaar gelede was absolute egalitarisme gepraktiseer, en dit het regtig mense se denke en waardes opgemors. Ek sal julle 'n spesifieke voorbeeld gee. Kom ons sê daar is hierdie persoon wie dink dat niemand by sy maatskappy so goed soos is hy nie, en dat hy goed is in wat ook al hy doen, hy dink dat hy net iets besonders is. Hy dink aan homself, "As hulle my vra om die fabriek direkteur of bestuurder te wees, kan ek dit doen. Ek kan selfs 'n hoër pos hanteer. Ek dink ek kan selfs Premier wees." Miskien sê sy baas dat hy regtig bekwaam is en goed is in wat ook al hy doen. En miskien sê sy medewerkers hierdie ou is regtig bekwaam, ook, dat hy sy dinge ken, en dat hy talent het. Maar daar is iemand in sy werkspan wat saam met hom 'n kantoor deel, en hierdie ou kan niks goed doen nie, of kan glad nie eers deur kom nie, en een dag word die onbekwame ou bevorder tot 'n toesighoudende pos. Hy is nie bevorder nie, en daardie ou word selfs sy baas. So hy dink dit is net so onregverdig en kan nie oor dit kom nie. Hy gaan oral na almal en probeer om iets daaroor te doen, terwyl hy blaas en brand van jaloesie.

Laat ek julle hierdie waarheid vertel, 'n waarheid gewone mens nie kan begryp nie: Miskien dink jy dat jy goed is in alles, maar dit is nie jou lot nie, terwyl daardie persoon nie goed is in enigiets nie maar dit is sy lot, so daardie ou kry die bestuursposisie. Ons bekommer nie oor wat gewone mense dink nie, want daardie is net gewone gedagtes. In die oë van hoër wesens, ontwikkel die samelewing net volgens die spesifiseerde patrone van ontwikkeling. So wat 'n persoon in sy lewe doen, is nie gereël gebaseer op sy talente nie. Boeddhisme praat oor karmiese vergelding, en dat dinge gereël is volgens jou karma, so ongeag hoe in staat jy is, as jy nie deug het nie mag jy moontlik niks in hierdie lewe hê nie. Jy dink dat iemand nie goed is in enige iets nie, maar miskien het hy baie deug, so hy word 'n hooggeplaaste amptenaar of word ryk. Gewone mense kan dit nie sien nie, so hulle dink altyd dat hulle behoort te doen wat hulle geskik en veronderstel is om te doen. So hulle baklei hand-en-tand oor vir

dinge al hulle lewens, hulle voel sleg seergemaak, hulle dink die lewe is moeilik en uitputtend, en hulle dink altyd alles is onregverdig en hulle kan nie oor dit kom nie. Hulle kan nie hulle kos geniet nie, hulle slaap nie goed nie, en hulle word regtig mismoedig en hopeloos, en teen die tyd dat hulle oud is, het hulle hulle liggame van kop tot tone verinneweer, en alle soorte gesondheidsprobleme kom te voorskyn.

So ons kultiveerders behoort dit selfs minder te doen. Ons kultiveerders laat altyd dinge natuurlik gebeur. As iets joune is, sal niemand dit wegneem nie, en as iets nie joune is nie, sal jy nie in staat wees om dit te kry nie, selfs al veg jy vir dit. Maar natuurlik, dit is nie absoluut nie. As dit so absoluut was, sou daar nie sprake wees van mense wat verkeerd doen nie. So met ander woorde, daar kon 'n paar onstabiele faktore wees. Maar jy is 'n praktisyn, so onder normale omstandighede sorg jou meester se Wet Liggame vir jou. As ander mense jou dinge wil vat sal hulle nie in staat wees om hulle te veroer nie. So dit is hoekom ons dinge net natuurlik laat gebeur. Partykeer dink jy dat iets joune is, en ander mense sê dit is, maar in werklikheid is dit nie. Miskien dink jy dit is joune, maar dit werk uit, dit is nie. Dit sou toon of jy in staat is om dit te laat gaan. As jy dit nie kan laat gaan nie, is dit 'n verknogtheid. Daardie metode moet gebruik word om van jou verknogtheid aan persoonlike wins ontslae te raak - dit is die idee. Gewone mense kan nie hierdie waarheid begryp nie, so hulle kompeteer en baklei wanneer daar iets te kry op die spel is.

Jaloesie is ongelooflik sterk onder gewone mense, en dit was altyd regtig duidelik in kultivering kringe, ook. Mense wie verskillende qigong praktyke doen word in 'n slegte bui oor die idee dat iemand anders goed is. Hulle gaan af oor sulke-en-sulke praktyk dat dit goed is, en gaan aan oor sulke-en-sulke een dat dit sleg is - hulle maak allerhande opmerkings. Soos ek dit sien is, is hulle almal op die vlak van genesing en fiksheid. Meeste van daardie praktyke wat met mekaar baklei word veroorsaak deur geeste besitting en hulle is 'n gemors, en hulle gee nie eers om oor karakter nie. Veronderstel iemand het vir meer as 20 jaar gepraktiseer maar geen vermoëns het uitgekom nie, terwyl 'n ander person hulle kry kort nadat hy begin het. Hy sal dink dit is onregverdig en hy sal nie in staat wees om dit te kan vat nie. "Ek het vir meer as 20 jaar gepraktiseer maar het geen vermoëns ontwikkel nie, en nou het hy dit - watse vermoëns het hy?" Hy sou woedend wees. "Hy is besete, hy het qigong psigose!" Of wanneer 'n qigong meester 'n klas hou, sit sommige mense daar opgeblaas. "Pfff, watse soort qigong meester is hy? Ek wil nie na enige van die goeters wat hy oor praat luister nie." Seker, miskien praat daardie qigong meester nie so goed soos hyself nie, maar wat daardie qigong meester oor praat is die dinge van sy eie praktyk. Daardie persoon sal enigiets gaan onderrig, en hy het 'n groot hoop ou voltooings sertifikate. Hy sal enige qigong meester se klas bywoon, en ja seker, hy weet baie - hy weet meer as daardie qigong meester. Maar wat is die nut daarvan? Daardie alles is net oor genesing en fiksheid. Hoe meer gevul hy is met hulle, hoe meer verward en ingewikkeld word sy boodskappe en hoe moeiliker is dit vir hom om te kultiveer, dit is net een groot gemors. Regte kultivering onderrig jou om jou aan een praktyk te verbind, en jy raak glad nie die pad byster nie. Maar hierdie probleem kom ook voor tussen ware kultiveerders wie nie wil erken dat ander mense goed is nie en nie ontslae wil raak van hulle wedywering nie. Hulle sal waarskynlik jaloers word.

Hier is 'n storie vir julle. In Heiligverklaring van die Gode, dink Shen Gongbao dat Jiang Ziya oud en onbekwaam is.Tog vra "Eerbare Goddelike van die Oorsprong" vir Jiang Ziya om titels aan die gode te gee. Shen Gongbao dink dan dat dit onregverdig is en kan dit nie verwerk nie. "Waarom was hy gevra om titels aan die Gode te skenk?" Kyk hoe kragtig is ek, Shen Gongbao, - ek kan my kop terug op my skouers sit nadat dit afgesny was." Waarom was ek nie gevra om titels aan die Gode te skenk nie?" Hy word verskriklik jaloers, en maak moeilikheid al die tyd vir Jiang Ziya.

In Shakyamuni se tyd het die oorspronklike Boeddhisme vermoëns behels, maar deesdae waag niemand in Boeddhisme om oor hulle te praat nie. As jy oor vermoëns praat sê hulle jy het mal geword. “Wat se vermoëns?” Hulle erken dit geensins nie. En waarom nie? Monnike deesdae het nie ’n idee nie. Shakyamuni het ten groot dissipels gehad, en hy het gesê Maudgalyaoyana was nommer een in heilige kragte. Shakyamuni het ook vroulike dissipels gehad, en een van hulle was Uppalavana genoem en was nommer een in heilige kragte. Toe Boeddhisme na Sjina verspei het was dit dieselfde, met elke geslag wat baie bekwame monnike gehad het, en toe Bodhidharma na Sjina gekom het, het hy op ’n riet gery om die rivier oor te steek. Maar soos tyd verby gegaan het, was heilige kragte meer en meer verwerp. Die hoof rede was dat mense soos senior monnike, leidende monnike en klooster hoofde nie noodwendig ’n goeie basis het nie. Hulle is wel senior monnike maar het net daardie gewone mense se posisies. Hulle kultiveer steeds, ook, net dat hulle dit voltyds doen, terwyl julle tuis deeltyds kultiveer. Jy moet net jou verstand kultiveer, of jy sukses kan behaal in kultivering of nie. Dit gaan vir almal, en dit sal nie werk nie selfs al kom jy net ’n bietjie kort. Maar ’n junior monnik wie die kos kook het nie noodwendig ’n klein basis nie. Hoe meer swaarkry wat die jong monnik deurgaan hoe makliker is dit vir hom om Ontsluit te word. Terwyl, hoe meer gemak die senior monnike het, hoe moeiliker is dit vir hulle om Ontsluit te word, aangesien daar die kwessie is van karma transformering. Die junior monnik werk altyd sy vingers af en put homself uit, so hy betaal sy karma vinnig af en hy bereik Geestelike Verligting vinnig. En miskien eendag is hy skielik Ontsluit. Met sy Ontsluiting, of Verligting of sy half-Verligting kom sy goddelike kragte uit. Al die monnike in sy klooster kom om hom te raadpleeg en almal is beindruk deur hom. Maar dan kan die kloosterhoof dit vat nie. “Hoe is ek veronderstel om nou die kloosterhoof te wees? Wat se Verligting? Hy het mal geword. Kry hom hier uit!” En hulle dryf hom uit die klooster. In die verloop van tyd, het dit gebeur dat niemand in ons Han gebied wie Boeddhisme praktiseer het dit gewaag om oor vermoëns te praat nie. Kyk hoe kragtig Jigong was - hy het boomstompe van Emei Berg verskuif en daardie stompe uit die put gegooi, een na die ander. Maar in die einde hy was tog steeds uit Lingyin tempel gegooi.

Jaloesie is baie ernstig, omdat dit 'n direkte impak het of ons tot Perfeksie kan kultiveer. As jaloesie nie geilimineer word nie, sal al die gedagtes wat jy gekultiveer het, broos word. Daar is 'n reël: ‘n Persoon wie nie van jaloesie ontslae raak terwyl hy kultiveer nie kan nie 'n ware Rypwording bereik nie - hy sal definitief nie ’n ware Rypwording bereik nie. Miskien het julle gehoor dat mense sê dat Boeddha Amitabha melding gemaak het van na die hemel gaan met karma. Maar dit sal nie gebeur as jy nie van jaloesie ontslae raak nie. Jy kan ’n bietjie kortkom in ander manier, hemel toe gaan met ’n bietjie karma en verder kultiveer. Dit is moontlik. Maar dit is definitief nie moontlik as jy nie van jou jaloesie ontslae raak nie. Vandag vertel ek praktisyne: Hou op om ’n blinde oog na jou probleem te draai. Jou doel is om op tot hoër vlakke te kultiveer, so jy moet van jaloesie ontslae raak. Dit is waarom ek dit uitgesonder het.

## Oor genesing

Ek bring die onderwerp van genesing na vore, maar dit is nie om julle te leer om te genees nie. Geen ware kultiveerder van Falun Dafa mag mense genees nie. Sodra as wat jy genesing doen, sal my Wet Liggame al die Falun Dafa dinge terug neem wat jou liggaam dra. Waarom neem ons dit so ernstig op? Omdat dit iets is wat Dafa beskadig. Nie alleenlik skend dit jou eie gesondheid nie, maar sommige mense jeuk net om dit weer te doen sodra hulle iets genees het, en hulle sal wie ook al hulle sien gryp om hulle te behandel en af wys. Is dit nie ’n verknogtheid nie? Dit sal ’n ernstige impak op jou kultivering hê.

Baie vals qigong meesters het gekapitaliseer uit die begeerte om mense te genees wat gewone mense kry nadat hulle qigong leer. Hulle gaan en leer jou daardie dinge en beweer dat om qi uit te stuur kan genees. Is dit nie ’n grap nie? Joune is qi en syne is qi - en wanneer jy qi uitstuur gaan dit hom genees? Miskien sal sy qi eintlik joune oorval! Een qi kan nie ’n ander onderdruk nie. Wanneer ’n persoon gong ontwikkel in hoë-vlak kultivering, is wat hy uitstraal hoë-energie materie, wat definitief siekte kan genees en onderdruk, en dit kan ’n beteuling effek hê. Maar dit kan dit nie vanuit die wortel verwyder nie. So om waarlik iets te genees, moet ’n persoon vermoëns hê as hy dit heeltemal gaan genees. Daar’s ’n spesifieke vermoë vir die genesing van elke gesondheidprobleem. Ek kan vir julle sê dat daar oor 1000 soort vermoëns is net om gesondheidsprobleme te genees - hoeveel soorte kwale daar is, dit is hoeveel soorte vermoëns daar is om hulle te genees. As jy nie daardie vermoëns het nie, ongeag watter oulike truuks jy gebruik nie, sal dit steeds nie die werk doen nie.

Sommige mense het ’n gemors gemaak van die kultivering wêreld die afgelope jare. Van die Qigong meesters wie na die publiek kom het om waarlik mense te genees en hulle fiks te hou, of van daardie qigong meesters wie na die publiek kom om die weg te baan in die begin, wie het mense onderrig om genesing te doen? Almal van hulle het jou hulleself genees of jou geleer hoe om te kultiveer of om jou liggaam op te kikker. Hulle sou jou ’n stel oefeninge onderrig en dan kon jy jouself genees deur op jou eie te oefen. Lateraan, het vals qigong meesters na die publiek gekom en het ’n vieslike gemors van dinge gemaak. Enige iemand wie mense wil genees vra net daarvoor om besete te word, geen vraag daaroor nie. In daardie omgewing destyds, was daar sommige qigong meesters wie genesing gedoen het, maar dit het net gebeur om die hemelse fenomeen op daardie tydstip te pas. Maar dit is nie ’n gewone mens se bekwaamheid nie, en dit kon nie vir altyd duur nie. Dit was as gevolg van veranderinge in die hemelse fenomeen op die tyd, dit was die produk van daardie tyd periode. Lateraan, toe mense betrokke geraak het deur uitsluitlik andere onderrig het om genesing te doen was hulle heeletemal uit lyn. Kon ’n gewone mens iemand genees nadat dit net vir drie tot vyf dae onderrig was? Sommige van daardie mense beweer: “Ek kan hierdie siekte genees, daardie siekte...”Ek sê vir julle, al daardie mense is besete. “weet hulle wat op hulle rue vasklou?” Hulle is besete, maar hulle voel dit nie aan nie, en hulle weet dit nie. Hulle dink dit is redelik goed en dat hulle spesiale vermoëns het.

Regte qigong meesters moet deur jare van uitmergelende kultivering gaan om dit te bereik. Dink dan daaroor, wanneer jy vir iemand ’n behandeling gee het jy daardie kragtige vermoë om daardie karma ellimineer? Het jy ooit enige ware instruksies ontvang? Kan jy regtig iemand genees na net ’n paar dae se opleiding? Kan jy genees met jou gewone persoon se hande? Nie te min, daardie vals qigong meesters het voordeel getrek uit jou swakhede. Hulle het voordeel getrek uit mense se verknogthede. “Probeer jy mense genees? ... goed dan!” So hulle hou behandelinge klasse spesifiek om genesings tegnieke te onderrig, soos daardie qi-naald goeters, daardie ligterapie goeters, die ontlaaing en aanvulling goeters, daardie acupressuur goeters, en daardie sogenaamde gryp metode - hulle het baie oulike name vir daardie goeters. Hulle probeer net om hulle hande op jou geld te kry.

Laat ons praat oor die gryp metode. Hier is wat ons gesien het. Waarom het mense gesondheidsprobleme? Die grondoorsaak van hulle probleem en al hulle teenspoed is karma, daardie swart materie karmiese veld. Dit is yin in natuur en dit is iets sleg. Daardie slegte wesens is ook yin in natuur, hulle is almal swart en dit is waarom hulle op die liggaam kan kom - die omgewing pas hulle. Dit is die grondoorsaak van mense se gesondheidsprobleme, dit is die hoof oorsprong van hulle. Natuurlik, daar is twee ander vorme. Een van hulle is regtig, regtig klein, hoë-digtheid baie klein wesens. Hulle is iets soos ’n groepering van karma. Die ander is asof dit vervoer word deur ’n geleipyp, maar dit is redelik skaars, en alles daarvan is opgehoop deur die generasies. Dit gebeur ook.

Laat ons net praat oor wat mees algemeen is. Wanneer ’n persoon ’n gewas erens het, ’n ontsteking erens, ’n been groeisel êrens, of wat ook al, in ’n ander dimensie is daar ’n wese wat by daardie plek hurk. In ’n diep dimensie is daar ’n wese daar. ’n Tipiese qigong meester kan dit nie sien nie, omdat die gewone bonatuurlike vermoëns dit nie kan sien nie, en hulle kan alleenlik sien dat die persoon swart qi in sy liggaam het. Waar ook al daar swart qi is, daar is siekte - hulle is reg daaroor. Maar, swart qi is nie die grondoorsaak van die probleem nie. In plaas daarvan, is dit ’n wese in ’n dieper dimensie, en dit is daardie wese wat die veld produseer. Dit is waarom wanneer mense praat van verdrywing en reiniging van swart qi, kan jy voortgaan en reinig! Dit sal in 'n kort tyd regenereer. Sommige wesens is sterk, en kort nadat dit verdryf is sal hulle dit terug sleep. Hulle kan dit self terug haal. Om dit blindelings weg te behandel sal dit nie doen nie.

Mense met bonatuurlike vermoëns kan swart qi daar sien, en hulle konsidireer dit patogeniese qi. Wat dokters van Sjinese medisyne sien is dat die energie kanale daar geblok is, dat qi en bloed geblok is, en die energie kanale verstop is. Wat dokters van Westerse medisyne sien is die simptome van ’n maagsweer, gewas, been groeisel, inflammasie, of wat ook al - hierdie is die vorme wat dit neem hier in hierdie dimensie. Nadat jy daardie ding verwyder sal jy vind dat daar niks in die liggaam hier is nie. Jy sal sien dat die verskuifde werwel of been groeisel onmiddellik genees is nadat jy daardie ding verwyder het en daardie veld uitgewis het. Jy kan ’n ander X-straal neem en daar sal nie eers ’n spoor van die been groeisel wees nie. Die grondoorsaak was daardie ding wat aan die werk was.

Sommige mense beweer dat jy mense na drie of vyf dae kan genees, en hulle leer jou die gryp metode. Wys my jou gryp! Menslike wesens is die swakste wanneer daardie wese kwaai is, dit beheer jou verstand, speel jou soos ’n marionet op snare en kan selfs maklik jou lewe neem. Jy sê dat jy dit kan gryp. Hoe kon jy dit gryp? Jy kan nie ’n houvas met jou gewone mense se hande op dit kry nie. Wanneer jy jou hande daar rond waai, ignoreer dit jou en dit lag selfs met selfvoldaanheid jou uit. Dit dink jou doellose gegryp is so nogal snaaks. Maar as jy dit regtig bygekom het, sou dit jou hand onmiddellik seer maak, en dit sal ’n regte wond wees! Ek het voorheen mense gesien wie se hande niks fisies met hulle verkeerd gehad het nie, en by enige ondersoek was daar niks verkeerd met hulle liggame of verkeerd met hulle hande nie. Maar hulle kon net nie hulle hande oplig nie en hulle het daar gehang, slap. Ek het mense soos dit teëgekom. Daardie liggame van hulle was in ander dimensies beseer en dit is ware verlamming. Wanneer daardie liggaam van joune beseer is, natuurlik is jy verlam. Sommige mense het my gevra, “Meester is ek in staat om te praktiseer? Ek het ’n sterilisasie operasie gehad,” of hulle sê hulle het iets laat verwyder. Ek het vir hulle gesê - "niks daarvan maak saak nie. Jou liggaam in daardie ander dimensie het nie ’n operasie gehad nie, en wanneer jy praktiseer is dit daardie liggaam wat funksioneer." Daarom het ek net gesê dat as jy dit probeer gryp, kan jy dit nie raak nie en dit sal jou ignoreer en as jy dit wel geraak het, mag dit jou hand beskadig.

Om die land se grootskaalse qigong aktiwiteite te ondersteun, het ek ’n paar dissipels saam met my geneem om in die Asiatiese Gesondheid Ekspos in Beijing deel te neem. Ons het by albei die twee Ekspos uitgeblink. By die eerste Ekspo, was ons Falun Dafa die "ster qigong” uitgespreek. By die tweede Ekspo, was daar so 'n groot skare by ons stalletjie ons was oorval. Daar was nie baie mense by ander stalletjies nie, maar ons stalletjie area was propvol. Daar was drie rye: daar was so baie mense in die eerste ry dat teen die einde van die vroeë môre was al die slotte vir die eerste helfte van die dag geneem; die mense in die tweede ry het gewag om te registreer vir namiddag behandelinge; en die mense in die ander ry het gewag vir my handtekening. Ons doen nie genesing nie, so waarom het ons dit gedoen? Dit was om die land se grootskaalse qigong gebeure te ondersteun, en by te dra tot daardie oorsaak en daarom het ons deelgeneem.

Ek het my gong onder die dissipels wat ek saam gebring het verdeel. Elkeen van hulle het 'n deel gekry, en daar was energie groeperings van oor 100 vermoëns. Ek het hulle hande verseël, maar steeds het sommige van hulle van byt plekke op die hande gely wat die vel stukkend gemaak het, blase veroorsaak, of hulle laat bloei het. En dit het selfs dikwels gebeur. Daardie goed is so kwaai. Jy dink jy waag om hulle te raak met jou gewone persoon se hande? Buitendien jy kon hulle nie bykom nie - dit sou nie werk sonder daardie vermoëns nie. Dit is waarom in 'n ander dimensie weet hulle wat jy wil doen, en so hulle weet dit sodra jy daaroor dink. Wanneer jy hulle probeer gryp, het hulle reeds weggehardloop. Die oomblik dat die pasiënt by die deur uitstap, kom hulle onmiddelik terug en sy gesondheidprobleem sal terug kom. Om dit te neer te werp, het jy 'n vermoë nodig waar jy jou hand uitstrek en "Bam!" jy pen dit daar vas. Nadat dit vasgepen is, het ons 'n ander vermoë wat genoem was die Groot-Siel Vang Metode, en daardie vermoë is selfs meer kragtig. Dit kan 'n persoon se hele meester siel uittrek, en onmiddellik sal daardie persoon nie in staat wees om te kan beweeg nie. Daardie vermoë is gerig vir spesifieke dinge, en wanneer ons gegryp het dan het ons spesifiek gemik vir daardie dinge. Julle weet hoe die Tathagata Boeddha die bak in sy hand na die Aap Koning gemik het, reg, en julle weet hoe groot hy is, en steeds het dit hom onmiddellik gekrimp. Dit is wat die vermoë kan doen. Ongeag hoe groot of hoe klein die wese is, in 'n japtrap is dit in die hand gevang en word op die daad klein.

En ook, jy kan nie jou hand in die patient se vlees steek om dit te gryp en uitbring nie. Dit sou mense se denke in die gewone wêreld ontwrig, en daar is geen manier dat dit toegelaat is nie. Jy kan dit nie doen nie al het jy ook die vermoë. Die hand wat 'n persoon het om mee in te reik is sy hand in 'n ander dimensie. Sê nou iemand ly aan 'n hart siekte. Wanneer jy jou hand na die hart beweeg om te gryp, jou hand in 'n ander dimensie gaan in en vat dit onmiddellik, dan gryp jou hand wat buite is, en die twee hande kom saam en dan is dit in jou hande. Dit is so kwaai, somtyds beweeg dit in jou hande, en probeer om in jou hande in te boor, soms byt dit, en soms skreeu dit selfs. Dit lyk klein terwyl jy dit in jou hande hou, maar as jy dit loslaat sal dit redelik groot word. Dit is nie iets wat enige persoon 'n effek op kan hê nie. Sonder daardie vermoëns kan jy niks aan dit doen nie - dit is glad nie naby so eenvoudig soos ons dink nie.

Natuurlik, daardie vorm van qigong behandeling mag in die toekoms toegelaat word. Dit was altyd daar in die verlede. Maar 'n kondisie moet nagekom word: die persoon moet 'n kultiveerder wees, en dan kan hy dit doen uit Barmhartigheid vir 'n paar goeie mense terwyl hy kultiveer. Maar hy kan hulle karma nie heeltemal ellimineer nie, hy het nie genoeg welwillende krag nie, so hulle tribulasie is steeds daar en dit is alleenlik die spesifieke kwaal wat genees is. 'n Gewone, kleiner qigong meester is nie iemand wat die Dao in kultivering bereik het nie. Hy is alleenlik in staat om dit vir hulle uit te stel, of miskien transformeer hy dit - miskien transformeer hy dit in ander teenspoed. Maar hy mag selfs nie eers weet van die uistel proses nie. As wat sy praktyk kultiveer die onderbewussyn is, is dit deur die onderbewussyn gedoen. Die praktisyne in sekere praktyke mag redelik beroemd wees, maar baie groot kop qigong meesters het nie gong nie - hulle gong groei op die liggame van hulle onderbewussyn se siele, so met ander woorde, dit word toegelaat gedurende kultivering, omdat sommige mense op daardie een vlak bly, en hulle praktiseer vir langer as 'n dekade, of selfs 'n paar dekades, sonder om verby daardie vlak te gaan, so hulle hele lewens gee hulle behandelinge. Aangesien hulle by daardie vlak is, is hulle toegelaat om dit te doen. Maar dissipels wie in Falun Dafa kultiveer kan beslis nie genesings doen nie. Jy kan probeer om hierdie boek aan siek persoon 'n te lees en as hy sy inhoud kan aanvaar, kan dit hom genees, maar hoe effektief dit is hang af van die hoeveelheid karma wat hy het.

## Hospitaal behandelinge en Qigong behandelinge

Laat ons praat oor hoe hospitaal behandelinge en qigong behandelinge verwant is. Sommige dokters van Westerse medisyne glo nie in qigong nie, en jy kon sê dat dit waar is vir meeste van hulle. Hulle weergawe van die storie gaan, "As qigong mense kan genees, waarvoor het ons hospitale nodig? Waarom vervang julle nie net hospitale nie. Julle qigong kan mense genees met blote hande en sonder inspuitings, medikasie, of hospitaal verblyf, so waarom kom julle nie net en neem ons hospitale oor nie?" Daardie idees maak geen sin nie. Daardie mense is nie rasioneel nie. Sommige mense weet nie wat qigong oor is nie. Die feit is, qigong behandelinge kan nie soos gewone mense se genesing metodes wees nie - dit is nie 'n gewone mens se vaardigheid nie. Dit is iets hoër. En is hoër dinge toegelaat om die gewone wêreld op 'n groot skaal te ontwrig? 'n Boeddha se vermoëns is net ontsagwekkend - met die wuif van 'n Boeddha se hand al die menslike ras se siektes kon verdwyn. Dan waarom doen enige Boeddhas dit nie, veral omdat daar so baie van hulle is? Waarom het hulle nie genade en genees jou nie? Omdat dit is hoe die gewone wêreld is, en geboorte, veroudering, siekte en die dood is net 'n feit van die lewe, hulle almal het oorsake van die verlede en is karmiese vergelding. As jy 'n skuld verskuldig moet jy dit af betaal.

As jy iemand genees, is dit dieselfde as om daardie wet te oortree, soos om mense slegte dinge te laat doen en nie vir hulle laat betaal nie. Hoe kon dit reg wees? Mense wie kultiveer is toegelaat om pasiënte uit Barmhartigheid te behandel wanneer hulle nie kragtig genoeg is om ten volle die probleem op te los nie. Jy is toegelaat om dit te doen omdat jou Barmhartigheid uitgekom het. Maar as jy regtig in staat was om daardie soort probleem op te los, en dit op groot skaal op te los, sou dit nie toegelaat word nie. Dan sou jy die manier van die dinge in die gewone wêreld ernstige skade aandoen, en dit is nie toegelaat nie. Dit is waarom om gewone mense se hospitale met qigong te vervang glad nie sal werk nie. Dit is 'n hoër Wet.

As jy gegaan en begin het om qigong hospitale oor die hele Sjina op te rig, veronderstel dit toegelaat was, en al die groot qigong meesters betrokke geraak het, dink daaroor, waarna sou dit lyk? Dit is nie toegelaat nie, omdat mense almal die manier van dinge in die gewone wêreld onderhou. Wanneer qigong hospitale opgerig word, wanneer qigong klinieke, rehabilitasie sêntrums, en gesondheid sentrums opgerig word, sodra dit opgerig word, verminder daardie qigong meesters se genesings vermoëns dramaties, en die resultate van hulle behandelinge sal dadelik verswak. Waarom? Omdat hulle gewone mense dinge doen. Dit moet gelykstaande wees met die Wet vir gewone mense, dit moet op dieselfde vlak wees as die normale menslike kondisies, en die doeltreffendheid van behandelinge moet dieselfde wees as hospitale. So hulle behandelinge verswak en hulle begin praat oor hoe hulle behandelinge 'n paar sessies nodig het. Dit is gewoonlik hoe dit gaan.

Of qigong hospitale opgerig is of nie, niemand kan ontken dat qigong kan genees nie. Qigong was versprei vir 'n geruime tyd nou in die samelewing, en baie mense het regtig hulle doel behaal om gesond en fiks te word deur dit te praktiseer. Of die siekte uitgestel of verskuif was deur 'n qigong meester, of hoe ook al dit behandel was, wat ook al gebeur het, daardie kwaal is nou nie meer daar nie. So met ander woorde, julle kan nie ontken dat qigong kan genees nie. Meeste van die mense wie qigong meesters sien vir behandelinge het onbekende of moeilik om te genees gesondheidsprobleme. Hospitale kan hulle nie genees nie, so hulle gaan na qigong meesters om hulle geluk te probeer, en sowaar hulle is genees. Die mense wie dit regkry om by hospitale genees te word, sien nie qigong meesters nie. Dit is hoe mense dit beskou het, veral in die begin. So qigong kan genees, net dit kan nie gedoen word soos ander dinge in die gewone wêreld nie. Grootskaalse ontwrigting is definitief nie toegelaat, maar om dit op klein skaal te doen, of om dit stilweg te doen en nie so 'n groot inpak te maak

nie, dit is toegelaat, hoewel dit nie die kwaal heeltemal genees nie, verseker. Die beste manier vir ’n persoon om homself te genees is om qigong oefeninge te doen.

Daar is ook sommige qigong meesters wie sê dat hospitale mense nie kan genees nie, en hulle gaan aan oor die doeltreffendheid van vandag se hospitaal behandelinge. Hoe behoort ons dit te verduidelik ... natuurlik,daar is allerhande soorte redes daarvoor. Die hoof een, soos ek dit sien, is die mensdom se swak morele standaard, wat lei tot allerhande soorte basaar siektes wat hospitale nie kan genees en wat medisyne niks voor kan doen nie. En dan is daar baie vals medisyne. Alles hierdie is spruit uit die degenereerding van die wêreld tot hierdie mate, dit is mense se eie doen en late. Niemand behoort andere daarvoor te blameer nie, hoewel, aangesien almal kole op die vuur gegooi het. Daarom het almal tribulasies in kultivering.

Party gesondheidsprobleme kan nie by die hospitaal opgemerk word nie, selfs al is daar regtig iets verkeerd met die persoon. En sommige mense se probleme is opgemerk maar hulle kan hulle nie identifiseer nie - dit is dinge wat nie voorheen gesien was nie, en hospitale bondel hulle almal saam as “moderne siektes.” Kan hospitale mense genees? Natuurlik is hulle in staat om te genees . As hospitale nie kan genees nie, waarom sou mense in hulle glo en daarheen gaan vir behandelinge? Hospitale is in staat om te genees, dit is net dat hulle behandeling metodes by gewone mense se vlak is, terwyl siekte buite gewoon is, en party siektes is redelik ernstig. So hospitale sê dat siektes op die vroeë stadiums behoort behandel te word, aangesien sodra ’n siekte te ernstig word kan hospitale dit nie genees nie, en ’n hoë dosis medikasie sal 'n persoon vergiftig. Die vlak van vandag se mediese behandelinge is net soos die van ons wetenskap en tegnologie, hulle is almal by die vlak van gewone mense, so hulle genesende doeltreffendheid is soos dit is. En daar is een ding wat ek moet verduidelik: Wat tipiese qigong behandelinge en hospitaal behandelinge doen, is om die tribulasies uit te stel en te verskuif, die grondoorsaak van die gesondheidprobleem. Hulle verdryf tot op ’n later stadium in die oorblywende jare van jou lewe, of na die toekoms, en die karma is glad nie geraak nie.

Nou laat ons praat oor Sjinese medisyne. Sjinese mediese behandelinge is baie na aan qigong behandelinge. In antieke Sjina, het meeste dokters van Sjinese medisyne bonatuurlike vermoëns gehad. Die groot geneeshere soos Sun Simiao, Hua Tuo, Li Shizhen, en Bian Que het bonatuurlike vermoëns gehad en dit is alles gedokumenteer in mediese handboeke. Tog is daardie dinge, die essensie, dikwels deesdae aan die kaak gestel. Wat Sjinese medisyne oorgeërf het, is alleenlik voorskrifte, of ervarings gekry deur proef en fout. Antieke Sjinese medisyne was redelik gevorderd. Dit was voor vandag se mediese wetenskappe. Sommige mense dink, “moderne medisyne is so gevorderd – CAT skanderings kan die binnekant van die liggaam ondersoek, en ons kan ultraklank en beelding en X- strale doen.” Verseker, moderne toerusting is redelik gevorderd, maar ek sou sê dit is steeds nie so goed as antieke Sjinese mediese wetenskap nie.

Die geneesheer Hua Tuo het ’n gewas in Keiser Cao-Cao se brein gesien en wou sy skedel oopmaak om te opereer en dit uitneem. Toe Cao-Cao dit hoor, het hy gedink Hua Tuo sy kop wou vat, so hy het Hua Tuo opgesluit. Hua Tuo het uiteindelik in die gevangenis gesterf. Toe Cao-Cao siek geword het hy vir Huo Tuo othou en vir hom gaan soek, maar Hua Tuo was alreeds dood. Lateraan het Cao-Cao regtig as gevolg daarvan gesterf. So, hoe het Huo Tuo geweet? Hy het dit gesien. Dit is ’n bonatuurlike vermoë wat ons menslike wesens het, en dit is iets wat die groot geneeshere van ouds almal gehad het. Nadat ’n persoon se Derde Oog oop gaan, kan hy van eenkant gelyktydig vier kante van ’n persoon se liggaam sien - van voor kan hy die agterkant, linkerkant, en regterkant sien. Hy kan dit ook opdeel om na dit by laag by laag te kyk en hy kan deur hierdie dimensie sien om na die grondoorsaak van die gesondheid-probleem kyk. Kan moderne mediese middele dit doen? Glad nie. Miskien in ’n 1000 jaar! CAT

skanderings, ultraklank, en x-strale kan ook binne-in ’n menslike liggaam sien, maar die masjiene is vreeslik lywig en daardie groot ouens is nie draagbaar nie, en hulle werk nie sonder elektrisiteit nie. Die Derde Oog, aan die anderkant, gaan waar ook al jy gaan en dit het nie ’n kragbron nodig nie. Hoe kon hulle vergelyk word?!

Sommige mense praat oor hoe wonderlik vandag se medisyne is. Dit is nie hoe ek dit sien nie. Antieke Sjinese kruie kon regtig deeglik van siekte ontslae raak. Baie dinge het verlore gegaan soos dit oorgedra was, terwyl ’n goeie aantal nie verlore gegaan het nie en oorgedra was as volk medisyne. Toe ek ’n klas in Qiqihar Stad gehou het, het ek ’n straathandelaar gesien wie tande getrek het vir mense. Jy kon maklik sien dat hy van die Suide kom aangesien hy nie soos ’n Noordoosterlike aangetrek was nie. Hy het niemand weggewys nie, hy het tande getrek vir enigeen wie aangekom het, en hy het ’n hele spul van hulle getrek. Sy punt was nie om tande te trek nie, maar om sy chemiese oplossing te verkoop. Die oplossing het sterk geel dampe afgegee. Wanneer hy iemand se tand getrek het sou hy die oplossing se bottel oop maak en dit teen die persoon se wang hou waar die slegte tand was, en die persoon vra om die dampe van die oplossing ‘n paar keer in te suig. Skaars enige van die oplossing sou verbruik word, en hy het dit toe gedraai en dit ter syde gestel. Toe het hy ’n vuurhoutjie van sy sak uitgehaal, en soos hy gepraat het oor sy oplossing het hy net die tand met die vuurhoutjie getik en dit sou uitkom. Dit sou nie seer wees nie, en daar sou net ‘n paar vlekke bloed wees, maar geen bloeding nie. Dink net daaroor, die vuurhoutjie sou gebreek het as hy enige krag gebruik het. Maar hy het dit gebruik om die tand mee te laat uitkom met net ’n tikkie.

Ek sou sê dat party van die volks dinge wat oorgedra is van Sjina klop eintlik Westerse medisyne se gesofistikeerde instrumente. Laat ons sien watter een werk beter. Daardie persoon het die tand met net ’n vuurhoutjie getik en dit het uitgekom. Wanneer ’n dokter in Westerse medisyne ’n tand trek, spuit hy eers 'n narkose in, hy steek oor die hele plek en die stekery is baie seer. Dan, wanneer die narkose inskop, trek die dokter die tand met ’n tang uit. Na al die getrekkery, oeps, die tand mag selfs af breek met sy wortel steeds daar in. So dan gebruik hy ’n groot hammer en beitel om dit uit te grawe, en die gestampery maak jou verskriklik bang. Dan gebruik hy hierdie gesofistikeerde instrument om in jou in te boor, en dit is genoeg om sommige mense uit hulle sitplek te laat spring. Dit maak regtig seer, jy bloei baie, en jy hou aan bloed spoeg vir ’n ruk. So wie s’n sou jy sê is beter? Wie sin sou jy sê is meer gevorderd? Ons behoort nie net te kyk na hoe die gereedskap lyk nie, maar hoe effektief hulle eintlik is. Antieke Sjinese medikasie was redelik gevorderd, en dit sal jare wees voordat vandag se Westerse medisyne opvang.

Antieke Sjinese wetenskap was anders as die wetenskap wat ons van die Weste in moderne tye geleer het. Dit het ’n verskillende pad geneem en kon ’n verskillende scenario na vore bring. So ons kan nie ons huidige maniere van begrip gebruik om Antieke Sjinese wetenskap en tegnologie te verstaan nie, want dit het gefokus op die menslike liggaam, lewe, en die heelal, hulle het hierdie dinge direk bestudeer, so dit het ’n verskillende pad geneem. Destyds het skool studente waarde geheg aan meditasie, en hulle het klem gelê op goeie postuur wanneer hulle sit, en dit was gekonsidereer belangrik om die asemhaling te beheer en qi te rig wanneer hulle hulle kwas penne op getel het. Mense in elke lyn van werk het ’n praktyk gemaak van die verstand skoon te maak en die asemhaling te verstel en die hele samelewing het daarby gegaan.

Sommige mense sê, “As ons die pad van antieke Sjina se wetenskap geneem het, sou ons die motors en treine hê wat ons vandag het? Sou ons so gemoderniseer gewees het soos ons vandag is?” Ek sou sê dat julle behoort nie ’n ander lewenswyse probeer verstaan van die perspektief van hierdie omgewing nie. Julle denke en konsepte behoort ’n revolusie ondergaan. Sonder TV's sou mense hulle eie in hulle

voorkoppe hê, en hulle sou sien wat ook al hulle wou. Hulle sou ook vermoëns hê. Sonder treine en motors, sou mense in staat wees om daar te sit en opswewe, en hulle sou nie eers roltrappe nodig hê nie. Dit sou ’n situasie teweeg bring waarin die samelewing verskillend ontwikkel, en dit sou nie noodwendig beperk wees tot daardie raamwerk nie. Die vlieënde pierings van uitheemse wesens reis heen en weer ongelooflik vinnig, en hulle kan groot of klein word. Die roete wat hulle geneem het, is selfs meer anders, en dit is nog ’n ander wetenskaplike metode.

## DIE AGSTE GESPREK

### Bigu vas

Sommige van julle het die vraag na vore gebring van bigu vas. Bigu bestaan wel, en is nie alleenlik gesien in kultivering sirkels nie - daar is ʼn goeie aantal mense in die groter samelewing wat dit ondervind het, ook. Sommige mense gaan jare lank, of selfs oor ʼn dekade, sonder om te eet of enige iets te drink nie, maar hulle doen goed. Sommige mense sê dat bigu ʼn refleksie is van by ʻn sekere vlak te wees, andere sê bigu ʼn teken is dat die liggaam gereinig word, en dan is daar mense wie sê dit is deel van die kultivering proses by hoë vlakke.

Dit is eintlik niks van daardie nie. So, wat is dit alles oor, dan? Bigu is regtig ʼn spesiale kultivering metode wat mense gebruik onder spesiale bestemde omstandighede. En net watter van hulle presies? Terug in Antieke Sjina, en veral voordat gelowe ontstaan het, het baie kultiveerders die metode van geheime, alleenstaande kultivering gebruik. Hulle sou diep in die berge of in grotte gaan om te kultiveer, en hulle het vêr weggebly van die skare af. Sodra hulle dit gedoen het, om ʻn bron van voedsel te hê het ʼn probleem geword. As hulle nie die metode van bigu gebruik het nie, het hulle geen manier gehad om te kultiveer nie, en hulle sou daar binne van honger en dors dood gegaan het. Toe ek van Chongqing Stad na Wuhan Stad gegaan het om die Wet te onderrig, het ek Ooswaarts langs die Yangtze Rivier op ʻn skip gereis, en het ek gesien dat aan beide kante van die "Three Gorges" daar party grotte halfpad op langs die berge was. Baie beroemde berge het hulle. In die ou dae jare sou kultiveerders binne hulle in klim met ʼn tou, die tou sny, en binne kultiveer. As hulle nie sukses behaal het in kultiveering nie sou hulle daar binne dood gaan. Daar was geen water of kos nie, en dit was onder hierdie uiters spesiale omstandighede dat hulle ʼn spesiale kultivering metode gebruik het.

Baie praktyke was oor gegee op daardie manier, so hulle sluit bigu in. Maar baie praktyke het nie bigu nie, en dit is die geval vir meeste van die praktyke wat oorgelewer is in die samelewing deesdae. Ons het gesê dat ʼn persoon tot een dissipline moet verbind. Jy kan nie sommer gaan en doen wat ook al jy wil nie. Jy dink dit is redelik goed, so nou wil jy bigu ook doen. Maar waarvoor wil jy bigu doen? Sommige mense dink dit is wonderlik, hulle is nuuskierig daaroor, of hulle dink hulle graad van bemeestering is wonderlik, en dit is ʼn manier om so ʼn bietjie te spog - mense het allerhande soorte motiewe. Al gebruik iemand selfs daardie metode in sy kultivering, moet hy steeds sy eie energie brand om sy liggaam in stand te hou, so die verlies oortref die wins. Julle weet, dit was minder van ʻn probleem na gelowe gekom het, aangesien wanneer jy mediteer of ʻn meditasie toevlug doen in ʻn klooster, is daar mense wie jou van kos en water voorsien, so daar is nie daardie bekommernis nie. En dit is dubbeld waar wanneer jy in die gewone wêreld kultiveer, daar hoef jy glad nie daardie metode te gebruik nie. Benewens, as dit nie deel van jou dissipline is kan jy nie net gaan en dit roekeloos byvoeg nie. Maar as jy regtig bigu wil doen, wel, voel dan vry om voort te gaan en dit te praktiseer. Sovêr as wat ek weet, gewoonlik wanneer ʼn meester sy praktyk oorlewer by ʼn hoë vlak en as hy regtig sy dissipel hoër wil bring, mag bigu gebeur as sy dissipline dit het. Maar hy kan dit nie op groot skaal doen nie, en hy sal gewoonlik sy dissipel lei om in die geheim of by homself te kultiveer.

Deesdae is daar ook qigong meesters wie mense bigu onderrig. Het dit uitgewerk? Wanneer alles gesê en gedoen is, nee. Vertel my, vir wie het dit uitgewerk? Ek het baie mense gesien in die hospitaal beland, en dit het baie lewens op die spel gesit. So hoekom het dit gebeur? Bestaan bigu nie? Dit bestaan. Maar daar is een ding: mense is nie toegelaat om net te gaan en die manier van die samelewing te ignoreer nie, jy is nie toegelaat om dit te doen nie. Laat ons nie bekommer oor wat sal

gebeur as tonne mense oor die land ophou eet en drink, laat ons net sê dat niemand hier in Changchun eet of drink nie - ek sou sê dit sou ons 'n ton moeilikheid spaar! Julle sou nie meer bekommerd te wees oor kook nie, boere swoeg en sweet om te boer, en as niemand meer eet nie, sou dit hulle baie moeilikheid spaar, en mense sou net werk doen en nie meer hoef te eet nie, reg? Hoe kon dit werk? Sou dit ’n menslike wêreld wees? Dit sou definitief nie werk nie. Daardie soort ding is nie toegelaat om die gewone wêreld op ’n groot skaal om te krap nie.

Wanneer sommige qigong meesters bigu versprei word baie mense in gevaar gestel. Sommige mense gaan net obsessief agter bigu aan, en hulle het nie van hulle verknogthede ontslae geraak nie, daar is baie gewone mense se verknogthede nog daar, so wanneer hulle heerlike kos sien wat hulle nie kan eet nie, begin hulle monde water, hulle verknogthede wel op en hulle kan dit net nie hanteer nie. Dan word hulle angstig, hulle wil iets eet, en wanneer daardie drang in jou op wel moet jy net eet of jy sal voel asof jy verhongerd is. Maar as hulle eet gooi hulle op, niks sal af bly nie, en dan begin hulle senuweeagtig word, en hulle word vreeslik bang. Baie mense was in hospitale opgeneem, en daar was regtig baie mense wie in gevaar was. En dan is daar mense wie na my kom en my vra om hierdie gemors reg te maak. Ek wil nie daarby betrokke raak nie. Sommige qigong meesters is sommer net roekeloos - wie sou hulle gemors agter hulle skoon wil maak?

Buitendien, wanneer jy probleme teëkom terwyl jy bigu doen, is dit dan nie die resultaat van wat jy gesoek het nie? Ons sê dat dit wel bestaan, maar dit is nie een of ander soort toestand wat by hoë vlakke voorkom nie , en is nie een of ander soort spesiale teken nie. Dit is net ’n kultivering metode wat onder spesiale omstandighede gebruik word. En dit kan nie wyd gepraktiseer word nie. Baie mense soek bigu en deel dit selfs op in bigu en semi bigu, hulle gee dit selfs rang. Sommige mense sê hulle drink water, sommige sê hulle eet vrugte . Dit alles is vals bigu. Ek waarborg dit sal nie werk na ’n tydjie nie. ’n Persoon wie waarlik daarmee kultiveer gaan, bly in ’n grot en sal nie enige iets eet of drink nie. Nou daardie is regte bigu.

## Qi steel

Wanneer qi steel genoem word, word sommige mense bleek van vrees, en hulle is te bang om qigong ’n probeerslag te gee. Daar is pratery in die kultivering wêreld oor dinge soos qigong psigose, qi steel, en wat ook al, en dit het baie mense te bang gemaak om qigong te doen en hulle sal nie waag om enigiets daarmee te doen hê nie. As dit nie vir al daardie pratery was nie, miskien sou daar meer mense gewees het wie qigong sou doen. En dan is daar qigong meesters wie swak karakter het en wie ’n loopbaan maak deur daardie goeters te onderrig, en hulle het ’n verskriklike gemors gemaak in die kultivering wêreld. Dit is eintlik nie so skrikwekkend soos wat mense dit uitgemaak het om te wees nie. Die wyse waarop ons dit sien, qi is net qi, al noem julle dit ’n “mengsel van primordiale qi,” of sulke-en-sulke qi. Solank as wat daar steeds qi in die liggaam is, is daardie persoon by die vlak van genesing en fiksheid, en hy is nog nie ’n kultiveerder nie. Solank as iemand qi in sy liggaam het beteken dit dat sy liggaam nie tot ’n hoë graad gereinig is nie, en dit het steeds patogeniese qi. Dit is gewaarborg. Mense wie qi steel is by die vlak van qi. Watter kultiveerder sou daardie vuil qi wou hê? Die qi in die liggaam van ’n nie-praktisyn is vuil. Miskien sal dit helder word nadat hy qigong praktiseer. By die plekke waar hy gesondheidsprobleme het, sal klonte hoë-digtheid swart materie verskyn. Soos hy verder gaan met sy praktyk, wanneer hy by die punt kom waar hy regtig gesond en fiks word, sal sy qi stadigaan ’n bietjie gelerig word. En soos hy verder met sy praktyk gaan is sy gesondheidsprobleme regtig opgelos, en hy het dan nie qi nie, en hy sou die Melk-Wit Liggaam toestand binnegetree het.

So om dit ’n ander manier te stel, as jy qi het, het jy gesondheidsprobleme. Ons is kultiveerders, en waarvoor sou ’n kultiveerder qi wil hê? Ons liggame moet gereinig word – hoe kon jy daardie vuil qi wou hê?! Ons wil dit definitief nie hê nie. Daardie persone wie qi wil hê is by die vlak van qi, en by daardie vlak kan hulle nie onderskei watter goeie qi is en watter slegte qi is nie. Hulle het nie die vermoë nie. En vir daardie Ware qi in jou liggaam se elikser veld, hulle kan dit nie raak nie, omdat iemand groot bemeestering moet hê om daardie primordiale qi te raak. So daardie vuil qi in jou liggaam, laat hom dit steel, so wat daarvan? Wanneer ek die oefeninge doen, as ek myself met qi wil volmaak kan ek net daaraan dink en my maag sal uitbult in 'n oomblik of twee.

Daoïste praktiseer die Tianzi staande oefening, terwyl Boeddhiste praktiseer om qi met die hande te hou en dit in die bokant van die kop te giet, daar’s baie qi in die heelal, en jy kan dit daglank ingiet. Jy maak die Laogong drukpunt oop, maak die Baihui drukpunt by die kroon van die kop oop, en dan jy kan dit ingiet, jy fokus jou verstand op jou elikser veld en giet dit in met jou hande, en jy sal vol word in ’n japtrap. So jy het soos dit vol geword, maar wat daarvan! Wanneer sommige mense baie aan qi gewerk het voel die vlesige punte van hulle vingers geswel, en hulle liggame kry ’n opgeblase gevoel. Wanneer iemand langs iemand soos dit is, sal hulle ’n veld rondom hulle voel - “wow, jy het so goed gedoen in jou qigong.” Ek sou sê dit is niks nie. Waar is die gong? Hulle het alleenlik aan qi gewerk. Ongeag hoeveel qi daarin is nie, dit is geen ’n plaasvervanger vir gong nie. Die punt om aan qi te werk is om die qi in jou liggaam te vervang met goeie qi van buite die liggaam, en dit is om jou liggaam te reinig. Wat is die punt om qi te stoor? Wanneer jy by daardie vlak is, wanneer jy nie deur fundamentele veranderinge gegaan het nie, is dit nie gong nie. Jy kan steel hoeveel jy wil van dit - jy is net ’n groot sak qi. En watse goed doen dit?! Dit was nie getransformeer na hoë-energie materie nie. So wat is daar om voor bang te wees, dan? Laat hulle qi steel as dit is wat hulle regtig wil hê.

So laat ons daaroor dink, as jou liggaam qi het, dan het dit siekte. So wanneer iemand jou qi steel, sal hy nie patogeniese qi daarmee saam steel nie? Hy kan hulle nie regtig van mekaar onderskei nie, aangesien mense wie qi wil hê by die vlak van qi is en hulle het glad nie die vermoë om dit te doen nie. Mense wie gong het, wil nie qi hê nie, dit is verseker. As julle my nie glo nie, laat ons ’n eksperiment doen. Veronderstel dat iemand regtig jou qi wil steel. Staan daar dan en laat hom dit steel. Jy fokus jou verstand om jouself met qi van die heelal te vul, terwyl hy agter jou is terwyl hy dit van jou steel. Kyk daarna, - dit is wonderlik - hy help jou om jou liggaam vinniger te reinig en hy spaar jou die moeilikheid om al die volmaak en dreinering te doen. En aangesien sy doel sleg is en hy dinge steel van iemand, alhoewel hy slegte dinge steel, doen hy steeds iets wat hom deug kos en moet jou deug in elk geval gee. ’n Twee rigting stroom is gevorm - hy neem jou qi hier terwyl hy daar vir jou deug gee. Daardie ou wie qi steel weet dit nie. As hy dit geweet het, sou hy nie waag om dit te doen nie!

Almal wie qi steel het ’n sieklike geel gesig, hulle is almal soos dit. Baie mense wie na die park gaan om qigong te doen is daar om hulleself te genees, en hulle het allerhande soorte gesondheidsprobleme. Wanneer ander mense probeer om gesond te word verdryf hulle dit, maar iemand wie qi steel probeer nie eers om dit te verdryf nie, in plaas daarvan, kry hy dit oral oor sy liggaam, allerhande patogeniese qi, en selfs die binnekant van sy liggaam word pikswart. Hy verloor altyd deug en die buitekant van sy liggaam is donker, ook. Wanneer sy karma veld groot word en hy verloor baie deug, word albei die binnekant en die buitekant van sy liggaam donker. Nou as mense wie qi steel geweet het dat al hierdie soort van veranderinge met hulle gebeur, of dat hulle deug aan mense gee en iets so dom doen, sou hulle dit lankal gestaak het!

Sommige mense het qi regtig gesensasioneel. “Wanneer ek qi uitstuur kan jy dit oor in die Verenigde State ontvang.” “Wag aan die anderkant van die muur en jy sal in staat wees om die qi wat ek stuur te

ontvang." Sommige mense is redelik sensitief en ontvang wel qi wanneer dit gestuur word. Maar qi beweeg nie in hierdie dimensie nie. Dit beweeg in 'n ander dimensie, en in daardie dimensie is daar nie 'n muur nie. Nou waarom voel jy iets wanneer sommige qigong meesters qi uitstuur in 'n omgewing wat onbelemmerd is? Omdat in die ander dimensie is iets wat dit daar blokkeer. So qi het nie so 'n baie groot deurdringende vermoë as wat mense sê dit het nie.

Wat regtig 'n effek het is gong. Wanneer 'n kultiveerder in staat is om gong uit te stuur, het hy nie meer qi nie - wat hy uitstuur is 'n soort van hoë-energie materie. Wanneer jy daarna kyk met die Derde Oog is dit 'n tipe van lig. Wanneer dit op iemand geprojekteer is sal hy hitte voel, en dit kan 'n gewone mens direk in toom hou. Maar dit kan nie 'n persoon heeltemal genees nie. Dit kan alleenlik die effek hê van om die probleem te onderdruk. Om iemand te genees moet 'n persoon vermoëns hê. Elke tipe kwaal word behandel deur verskillende tipe vermoëns. In die ekstreem mikrokosmos, het elke mikrokosmiese partikel van jou gong dieselfde beeld as jy. Dit herken mense, dit is 'n lewende entiteit, en dit is hoë-energie materie. So as iemand gegaan het en dit gesteel het, kon dit by daardie persoon bly? Dit sou nie daar bly nie, en hy sou dit nie daar kon sit nie - dit behoort nie aan hom nie. Almal wie waarlik kultiveer het 'n meester wat agter hom kyk nadat hy gong ontwikkel. Daardie meester is daar en kyk wat hy doen. So indien iemand sy dinge vat sal sy meester dit nie laat gaan nie.

## Qi insamel

Om qi te steel en qi intesamel is nie dinge wat ons moet reg stel vir julle terwyl ons die praktyk by 'n hoë vlak oorlewer. Ek praat oor hulle omdat ek die naam van kultivering wil herstel, 'n bietjie goed doen vir die wêreld, en daardie ongesonde dinge bloot stel. Niemand het dit voorheen verduidelik nie. Ek wil hê almal van julle moet daarvan weet omdat ek dink dit sal sommige mense help om op te hou al die tyd slegte dinge doen, en dit sal sommige mense help wie nie die waarheid omtrent qigong weet nie om op te hou om daardeur vreesbevange te wees

Die heelal is vol qi, en jy het mense wie oor die qi van hemelse yang, of die qi van aardse yin praat. Jy is 'n deel van die heelal, so voel vry om dit intesamel. Maar sommige mense samel nie qi in vanaf die heelal nie. Hulle maak 'n voltydse werk om mense te onderrig om qi van plante intesamel, en hulle het selfs gegaan en hulle eie sogenaamde bevindinge saamgestel, "Die poplar boom se qi is wit, die denneboom se qi is geel, hier is hoe jy dit insamel, hier is wanneer om dit in te samel, blah blah blah ..." En dan sê mense dinge soos, "daar was 'n boom voor my huis, ek het qi van dit gevat en dit laat doodgaan." Watse soort vermoë is daardie?! Is hulle nie besig om iets sleg te doen nie? Julle weet, wanneer ons waarlik kultiveer, wil ons heilsame boodskappe hê en ons wil na die natuur van die heelal assimilleer. Behoort jy nie omgee oor Goedheid? Om met Waar, Goed, Verduur te assimilleer na die natuur van die heelal – moet julle volgens Goed lewe. As jy altyd slegte dinge doen, kan jou gong groei? En kan jy gesond word? Doen jy nie die teenoorgestelde van ons kultiveerders nie? Om dit te doen tel as doodmaak, dit is om iets aakligs te doen! Nou miskien sal sommige mense sê, "Jy word meer en meer van stryk af – jy het om diere dood te maak genoem doodmaak, en nou sê jy om plante dood te maak is ook doodmaak." Maar dit is die waarheid. In Boeddhisme praat hulle van die siklus van wedergeboorte en omtrent hoe jy in 'n plant kon verander wanneer jy weer vlees word. Dit is wat in Boeddhisme ten minste gesê word. Ons stel dit nie op daardie manier nie, maar ek sal vir julle vertel dat bome lewendig ook is, en hulle is nie net lewendig nie, hulle het gesofistikeerde denke.

Ek sal julle 'n voorbeeld gee. Daar's iemand in die Verenigde State wie in elektronika navorsing spesialiseer, en hy onderrig mense hoe om polygraphs te gebruik. Eendag was hy getref deur 'n

skielike inspirasie en die twee elektrodes van 'n polygraph aan 'n Draak plant gekonnekteer. Toe maak hy sy wortels nat. Nadat hy dit gedoen het ontdek hy dat die naald van die polygraph vinnig 'n tipe kurwe geteken het, dieselfde tipe kurwe, dit werk uit, wat gegenereer word deur 'n menslike brein wanneer dit 'n impuls stimulus het. Hy was verstom, hoe kon plante emosies hê! Hy wou amper uitgaan en in die straat skree, "plante het emosies!" Met die inspirasie wat hy van dit alles gekry het, het hy gou hierdie gebied van navorsing oopgemaak en baie, baie eksperimente gedoen.

Daar was eenkeer toe hy twee plante saam gesit het en een van sy studente gevra het om die een plant dood te trap voor die ander een. Toe het hy die ander plant na 'n kamer geskuif en dit aan 'n Polygraph opgehaak, en vyf van sy studente gevra om een op 'n slag binne te kom. Toe die eerste vier studente binnegekom het, was daar geen reaksie nie. Maar toe die vyfde student ingekom het, die een wie op die ander plant getrap het, voordat hy eers naby gekom het, het die naald dadelik begin om vinnig die soort kurwe te teken wat jy sien wanneer 'n persoon bang is. Hy was verbaas! Dit vertel vir ons iets groots: ons het altyd gedink dat menslike wesens hoër kreature is, dat hulle sensoriese vermoëns het, dat hulle in staat is om dinge te kan onderskei, en dat hulle dinge kan ontleed omdat hulle 'n brein het - so hoe is dit dat plante dinge kan onderskei? Sou dit nie beteken dat hulle sensoriese organe het nie? Voorheen, as iemand gesê het dat plante sensoriese organe het, die vermoë om te dink, en emosies, of mense kon herken, sou mense gesê het dat hy vol blinde geloof was. En dit is nie net beperk tot dit nie, in sommige opsigte lyk dit asof plante ons mense van vandag oortref.

Eendag het hy 'n plant aan die polygraph opgehaak en by homself gedink, "wat se eksperiment behoort ek doen? Ek sal sy blare afbrand en sien watse reaksie dit het" Met net daardie gedagte - voordat hy dit selfs gedoen het - het die naald vinnig 'n soort kurwe wat jy alleenlik sien wanneer iemand vir hulp roep en sy lewe in gevaar is. Daardie super sensoriese vermoë, wat telepatie genoem was, is 'n menslike wese se ingebore vermoë, dit is 'n instink, maar vandag se menslike ras degenereer. So jy moet hulle van vooraf kultiveer, terugkeer na jou oorspronklike, ware, self, en terugkeer na jou oorspronklike natuur - dit is die enigste manier jy hulle kan hê. Tog het plante dit, hulle weet wat jy dink. Dit klink verregaande, maar daardie was ware, konkrete wetenskaplike eksperimente. Hy het allerhande soorte eksperimente gedoen, insluitend die vermoë van Afgeleë Beïnvloeding. Toe sy papiere gepubliseer was, het dit redelik 'n groot opskudding deur die wêreld veroorsaak.

Plantkundiges, om die wêreld, het navorsing gedoen in hierdie area. Ons land doen dit nou, ook. Dit word nie meer blinde geloof gekonsidereer nie. Nou die dag het ek iets soos dit gesê: wat vandag se menslike ras van getuig het, en wat uitgevind en ontdek is, is meer as genoeg om ons huidige handboeke te verander. Maar ou konsepte het steeds 'n groot invloed op mense, so hulle is nie gereed om dit te erken nie, en niemand organiseer hierdie dinge sistematies nie.

Toe ek in 'n park was bo in die Noord Ooste het ek 'n bos dennebome gesien wat doodgegaan het. Sommige mense was daar besig om wie weet watter goeters te praktiseer. Hulle het oor die hele grond rond gerol, en nadat hulle oor die hele plek rond gerol het, het hulle hul voete gebruik om qi op een manier intesamel, en hul hande om dit 'n ander manier in te samel. Dit het nie lank geneem voor die dennebome geel geword het en doodgaan gegaan het nie. So doen jy 'n goeie ding of 'n slegte ding, dan? Die manier waarop ons praktisyne daarna kyk, dit is doodmaak. Jy is 'n praktisyn, so jy moet 'n goeie persoon wees, geleidelik na die heelal se natuur assimilleer, en ontslae raak van daardie slegte dinge van jou. Al kyk ons selfs daarna soos 'n gewone persoon sou, doen jy steeds nie iets goed nie - jy beskadig publieke eiendom, ruïneer ons landskap, en doen skade aan die ekologiese balans. Ongeag hoe jy daarna kyk, jy doen nie iets goed nie. Daar is baie qi in die heelal - so gaan voort en samel dit in. Sommige mense het 'n groot hoeveelheid energie, en nadat hulle 'n sekere vlak in hulle praktyk tref

kan hulle met net een toeslaan van die hande ’n hele tuin vol qi insamel. Maar dit is niks meer as qi nie - trek nog baie van dit in – en so wat daarvan? Wanneer sommige mense na die park gaan doen hulle niks anders as dit nie , en hulle sê - “Ek hoef nie qigong oefeninge te doen nie, ek hoef net my arms rond te swaai terwyl ek loop en ek is reg - ek is klaar met my oefeninge.” Hy kry bietjie qi en hy is reg! Hy is onder die verkeerde indruk dat qi gong is. Wanneer ander mense naby iemand soos dit gaan, mag hulle koue van sy liggaam voel kom. Is plant qi nie van yin natuur nie? Kultiveerders probeer om yin en yang te balanseer, maar hierdie ou het denne-olie reuk oral oor sy liggaam en hy dink eintlik dat hy goed doen.

## Die een wie praktiseer kry die Gong

Hierdie is regtig ’n kritiese beginsel. "Die een wie praktiseer kry die gong." Ander mense vra my watter voordele het Falun Dafa? Ek vertel vir hulle dat Falun Dafa in staat is om: “Gong die persoon vervyn,” te hê wat vir hoe lank jy oefeninge moet doen kortknip, en dit kan die probleem oplos van nie genoeg tyd hê om oefeninge te doen, aangesien dit jou toelaat om deur gong heeltyd verfyn te word. En terselfdertyd, kultiveer ons praktyk waarlik albei natuur en langlewendheid, so hierdie fisiese liggaam wat ons het sal deur groot veranderinge gaan. Dan is daar Falun Dafa se grootste voordeel, en dit is een wat ek nie voorheen oor gepraat het nie. Alleenlik nou gaan ek dit verduidelik, omdat dit diep gewortel is in geskiedenis en dit het 'n redelike groot impak op die kultivering wêreld. Niemand in die geskiedenis het dit ooit gewaag om dit te ontbloot nie. Hulle was nie toegelaat nie. Maar dit sal nie reg wees as ek julle nie vertel nie.

Sommige dissipels het gesê, “Alles wat die Groot Meester Li Hongzhi sê is “Hemelse geheime - dit lek die hemel se geheime uit.” Maar ons lei waarlik mense op na hoë vlakke, ons red mense. Ons moet verantwoordelik wees teenoor julle, en ons is in staat om daardie verantwoordelikheid op ons self te neem, so ons lek nie die Hemel se geheime uit nie. Nou as iemand net gaan en onverskillig omtrent hulle gaan praat, dit is om die Hemel se geheime uit te lek! Vandag sal ons hierdie beginsel in die ope uitbring, ek bedoel die beginsel van die een wie praktiseer kry die gong. Van wat ek kan sien, alle praktyke daar buite vandag - en dit sluit in al die Boeddhiste en Daoïste praktyke in die geskiedenis, saam met die Qimen praktyke - hulle het almal mense se onderbewuste siele gekultiveer (die onderbewussyn), dit is die onderbewuste siel wat die gong gekry het. Die "meester siel" wat ons oor praat hier, verwys na 'n menslike wese se eie verstand, jy behoort te weet waaroor jy dink en wat jy doen, en dit is jou regte self. Nou vir wat jou onderbewuste siel doen, jy het regtig nie geen benul nie. Hy was op dieselfde tyd as jy gebore, het dieselfde naam, beheer dieselfde liggaam, en lyk dieselfde as jy, maar streng gesproke, wel, hy nie jy nie.

Daar is ’n wet in die heelal: die een wie verloor, verkry, die een wie kultiveer kry die gong. Al die praktyke in geskiedenis het mense geleer dat wanneer hulle die oefeninge doen, behoort hulle in ’n hipnotiese toestand wees, nie aan enige iets dink nie, en dan diep konsentrasie binnetree - sulke konsentrasie dat hulle onbewus is van alles. Sommige mense mediteer vir drie ure en dit voel vir hulle soos ’n vlugtige oomblik, en ander mense mag selfs hulle krag van konsentrasie bewonder. Maar het hulle eintlik gepraktiseer? Hulle is heeltemal in die donker daaroor. En hierdie is veral waar in die Daoïste praktyke waar hulle praat oor hoe “sy bewuste siel sterf, en sy ware siel is gebore.” Wat hulle “sy bewuste siel" noem, verwys ons na as die meester siel en wat hulle die ware siel noem, verwys ons na as die onderbewuste siel. As jou bewuste siel regtig sterf, dan is jy regtig dood, en jou meester siel is regtig weg. Iemand wie ’n verskillende praktyk doen het eenkeer vir my gesê, “Meester, wanneer ek praktiseer, lyk my familie lede net soos vreemdelinge." En iemand anders het vir my vertel, “Ek hoef

nie vroeg op te staan nie of laat wakker te bly om te praktiseer soos ander mense nie. "Ek gaan net huis toe en plons neer op die rusbank, en dan gaan myself uit om te praktiseer. Ek lê net daar en kyk hoe hy praktiseer." Ek dink dit is baie treurig, maar dan weer, wel dit is nie so treurig nie!

Waarom red hulle die onderbewuste siel? Die welbekende ontsterflike, Lu Dongbin, het eenkeer gesê, "Ek sou liewer 'n dier red as 'n menslike wese." Dit is so swaar vir menslike wesens om te ontwaak, en dit is omdat gewone mense verlore is in die delusies van die gewone wêreld, en hulle kan nie hulle verknogthede laat gaan in die lig van praktiese winste nie. As jy dit nie glo nie, kyk net hoe wanneer sommige mense hierdie auditorium verlaat na ons klas, verander hulle weer na gewone mense, en as iemand hulle ontstel of op hulle tone trap sal hulle dit nie verduur nie. Na 'n tydjie sal hulle regtig hulleself nie as praktisyne konsidereer nie. In geskiedenis was daar baie kultiveerders wie iets gesien het: mense is moeilik om te red. Dit is omdat hulle meester siele regtig net té verlore in delusie is. Sommige mense het goeie begripsvermoë. Gee hulle 'n wenk en hulle sal dadelik weet wat aangaan. Maar daar is ander mense wie jou nie glo nie, ongeag hoeveel jy sê nie, en hulle dink jy is vol grootpratery. Ons het regtig aan hom karakter kultivering beklemtoon, maar sodra hy dig in die midde van gewone mense is, gaan hy terug na sy ou maniere. Hy dink dat die klein bietjie regte, tasbare wins wat jy jou hande buite in die gewone wêreld kan op lê is daar om in te palm, en dat hy dit net moet hê. Die Wet wat sy meester hom geleer het maak 'n bietjie sin, maar hy dink nie hy is daar toe in staat nie. 'n Persoon se Meester siel is die moeilikste om te red, terwyl sy onderbewuste siel dinge in ander dimensies kan sien. Daarom dink hulle "hoekom moet ek jou meester siel red? Die onderbewuste siel is jy, ook. As ek hom red, is dit nie dieselfde nie? Hy is jy, ook. So ongeag wie dit kry, dit is sal dieselfde wees asof jy dit kry, reg? Beide maniere jy is die een wat dit kry."

Laat ons praat oor presies wat hulle kultivering metodes behels. As jy die vermoë van Afstand Besigtiging het, is dit moontlik jy iets soos die volgende sal sien: Wanneer ook al jy mediteer, sien jy dat sodra jy in 'n toestand van konsentrasie binnegaan "Woeps!" - 'n jy wie net soos jy lyk skiet uit jou liggaam uit. Maar as jy probeer om tussen hulle te onderskei, wie is die regte jy? Hy sit reg daar. Dan sien jy dat nadat daardie een uitgaan, sal sy meester hom lei om te kultiveer in 'n dimensie wat geskep is deur die meester, en miskien is dit in daardie vorm van 'n vorige samelewing, of in die vorm van vandag se samelewing, of moontlik in die vorm van 'n samelewing in 'n ander dimensie. Die meester leer hom hoe om te praktiseer en hy verdra baie swaarkry, en dit gebeur een of twee ure elke dag. Wanneer daardie ander ou klaar gepraktiseer het, sal hy terugkom, en dit is wanneer jy uit konsentrasie kom. Nou, dit is wanneer julle dit kan sien.

As jy dit nie kan sien nie, is dit selfs meer treurig. Hierdie ou het geen idee nie. Hy sit daar vir 'n paar uur in 'n diep verdwaasde toestand en kom dan daaruit. En dannis daar sommige mense wie gaan slaap, en hulle sal slaap vir twee of drie ure en dan dink hulle hulle is klaar met hulle oefeninge, maar hulle het hulleself heeltemal weggegee aan andere. Hierdie is gevalle waar die praktyke in intervalle gedoen word, en hulle mediteer vir daardie hoeveelheid tyd elke dag. Daar is ook mense wie dit in een slag klaar doen. Miskien het julle gehoor van Boddhidarma wie vir nege jaar met sy gesig na 'n muur gesit het. Destyds was daar baie monnike wie vir dekades aaneen daar gesit het. Langste in die geskiedenis opgeteken is oor die 90 jaar. En daar was steeds andere wie selfs langer gesit het. Hulle sou 'n dik laag stof op hulle ooglede hê en hulle sou selfs gras op hulle liggame groei, maar hulle sou steeds daar sit. Hulle het dit in die Daoist sisteem, ook, veral in party Qimen- praktyke, waar hulle mense het wat gaan slaap, hulle sluimer sonder om uit konsentrasie te kom nie, en hulle word nie wakker nie. Maar wie het gepraktiseer? Sy onderbewuste siel het uit gegaan om te praktiseer, as hy dit kon sien sou hy sien dat die meester sy onderbewuste siel tutor. Die onderbewuste siel kan baie karmiese skuld hê, ook, en sy meester is nie in staat om alles te ellimineer nie. So sy meester sê vir

hom, “Doen goeie werk met praktisering hier. Ek moet nou uitgaan en ek sal binnekort terug wees. Wag vir my!”

Die meester is ten volle bewus van wat nou gaan gebeur, maar hy moet dit steeds op daardie wyse doen. Bose geeste kom dan om hom bang te maak, of hulle sal verander in pragtige vroue om hom te verlei. Allerhande dinge kan gebeur. Sodra hulle na hom kyk, sal hulle weet dat hy regtig nie geaffekteer is nie. Dit is omdat dit vir die onderbewuste siel makliker is om te kultiveer aangesien dit die waarheid van dinge kan weet. So daardie demone word desperaat en wil hom doodmaak om hulle haat te vent en wraak te neem. En hulle maak hom regtig dood. So in een slag is al sy skuld betaal. Nadat hy dood gemaak was, kom sy onderbewuste siel na vore, en dit dryf rond soos ’n rook sliertjie. Dan word hy weer vlees, en hierdie keer word hy gebore in ’n arm familie. Reg van kleins af is sy lewe regtig swaar. Wanneer hy groot word en hy is in staat om dinge te verstaan kom sy meester, maar natuurlik herken hy hom nie. Sy meester gebruik sy vermoëns om sy behoue geheue oop te sluit, en dadelik onthou hy - “Is dit dan nie my meester nie?” Sy meester sê vir hom: ”die tyd is nou reg, jy kan praktiseer.” So op daardie manier gee die meester dinge oor na hom toe deur die baie jare wat volg.

Nadat die meester klaar is om dinge aan hom oor te dra, sal hy vir hom vertel, “jy het baie verknogthede wat moet gaan. Jy beter nou gaan en vir 'n tydperk swerf!” Om rond te swerf is nogal swaar - hy gaan van plek na plek, bedel vir kos en kom allerhande soorte mense teë, wie hom uitlag en hom beledig, of hom gebruik. Hy kom allerhande dinge teë. Hy doen alles soos ’n praktisyn behoort, hy hou sy interaksies met mense in behoorlike perspektief, hy bewaak sy karakter goed, verbeter sy karakter aanhoudend, en hy word nie geaffekteer deur al die verskillende soorte gewone mense sê materiële versoekinge nie. Na jare van rond dwaal kom hy terug. Sy meester vertel hom, “Jy het die Dao nou bereik en het Perfeksie bereik. As jy gereed is, kan jy terug gaan en pak om te gaan. As jy enige iets het wat jy steeds moet doen, maak dan klaar met daardie gewone mense se goeters.” So die onderbewuste siel kom terug na al daardie jare. Sodra hy terug kom, kom sy meester siel aan hierdie kant uit konsentrasie, en sy meester bewusssyn word wakker.

Maar die waarheid is, hy het nie die kultivering gedoen nie, sy onderbewuste siel het, gekultiveer, en so dit is sy onderbewuste siel wie die gong gekry het. Maar sy meester siel het swaar gekry - ek meen regtig - hy het sy beste jare daar gesit, en hy het al daardie jare verloor wat hy sou gehad het as ’n gewone mens. So wat gebeur, dan? Nadat hy uit konsentrasie kom, kry hy die gevoel dat hy gong ontwikkel het, en dat hy nou vermoëns het. Wanneer hy iemand wil genees of wat ook al, is hy nou in staat - sy onderbewuste siel bevredig hom. Dit is omdat hy is, na alles die meester siel, en die meester siel beheer die liggaam en gee die bevele. En boonop, het hy vir al daardie jare daar gesit en byna sy hele lewe het verby gegaan. Wanneer sy lewe tot ’n einde kom, verlaat sy onderbewuste siel hom en hulle gaan hulle aparte weë. Nou as jy gaan volgens wat in Boeddhisme gesê word, moet hy steeds deur die siklus van wedergeboorte gaan. Maar ’n Groot Ontwaakte Wese was in sy liggaam gekultiveer, so hy het baie deug opgebou. So hoe word dit gehanteer? Miskien wanneer hy wedergebore word, sal hy ’n hoë-rang offisier wees, of ‘n hoop geld maak. Maar niks meer as dit nie. Was sy kultivering dan nie verniet, gewees nie?

Ons moes deur baie kinkels en draaie gaan om goedkeuring te kry om dit te openbaar. Ek het ’n misterie van die eeue onthul, die geheim van geheime wat absoluut nie vertel kon word nie, ek het die binnekantse storie van al die verskillende kultivering wyses in geskiedenis geopenbaar. Het ek nie gesê dat hierdie sinspeel op iets wat vir eeue al aangaan nie? Dit is presies waarom. Dink net daar oor: Watter dissipline het nie soos dit gekultiveer nie? Jy kultiveer en kultiveer maar jy kry uiteindelik geen gong nie - hoe jammer! Wie anders as jouself kan jy blameer? Mense is net so verlore in ’n delusie, en

hulle kom dit nie agter nie ongeag hoe jy skimp nie. As jy ’n bietjie hoër praat sal hulle dink dit is vêrgesog, praat jy ’n bietjie laer af en hulle sal nie enigeiets bo dit uitwerk nie. En selfs nadat ek alles so duidelik gemaak het, vra sommige mense my steeds om te gaan en hulle te genees. Ek weet regtig nie wat om dan te sê nie. Ons praat oor kultivering hier, en ons kan jou alleenlik help as jy op na hoë vlakke kultiveer.

In ons dissipline is dit jou meester bewussyn wat die gong kry. “So dit is net soos, ek sê die meester bewussyn kry die gong en daarsy! Dit is jou meester bewussyn wat dit kry?” Wie sou dit toelaat! Dit is nie hoe dit werk nie. Daar is vooraf vereistes wat nagekom moet word. Nou, julle weet dat in ons dissipline ons nie die gewone wêreld ontwyk terwyl ons kultiveer nie, en ons skerm nie weg of probeer ontsnap van konflikte nie. Reg in die midde van hierdie ingewikkelde gewone mense se omgewing is jou denke helder, jy word verkul terwyl jy ten volle bewus is wat gebeur, en wanneer ander mense jou beste belange op die spel sit baklei jy nie hand en tand soos hulle nie, en jy word gebruik terwyl allerhande dinge probeer om jou karakter benadeel. In ’n uitmergelende omgewing soos hierdie matig jy jou wilskrag, jy verbeter jou karakter en hier, met allerhande soorte slegte gedagtes van gewone mense wie op jou teer, kry jy dit reg om uit dit onbevange te kom.

So dink daaroor, is dit nie jy nie wie baie goed weet dat jy die swaarkry verduur? Is dit nie jou meester siel wie die opofferings maak nie? En wanneer jy verloor tussen gewone mense, weet jy nie ten volle wat gebeur nie? So die gong behoort na jou toe te gaan - die een wie verloor, verkry. Daarom sny ons dissipline nie sigself af van hierdie ingewikkelde omgewing van gewone mense nie, om aan te gaan met kultivering. En waarom kies ons om te kultiveer in ’n omgewing wat so vol uitdagings is? Omdat ons self sal die gong kry. In die toekoms die gespesialiseerde dissipels wie in kloosters kultiveer sal moet uitgaan om te swerf in die gewone wêreld.

Daar is sommige mense wie sê, “Maar deesdae kultiveer ander praktyke tussen gewone mense, ook, nie waar nie?” Verseker, maar dit is net vir die menigtes om gesond en fiks te word. Die enigstes wie ware kultivering onderrig wat tot hoër vlakke lei, is die mense wie net een dissipel neem. Niemand versprei dit in die publiek nie. Diegene wie waarlik dissipels lei, het hulle dissipels uitgeneem om hulle in die privaat te onderrig. Deur al hierdie jare het enige iemand anders iets soos hierdie openlik in die publiek onderrig? Niemand het nie. Ons onderrig hierdie dissipline van ons op hierdie wyse omdat dit is hoe ons kultiveer, en dit is hoe ons gong kry. Terselfdertyd plaas ons dissipline tienduisende dinge binne in jou, en hulle is alles aan jou meester siel gegee, wat dit moontlik maak om die regte jy die gong te kry. Ek sou sê ek het iets gedoen het wat niemand ooit voorheen gedoen het nie, en ek het die hek die wydste ooit oop gemaak. Sommige mense het begryp wat ek nou net gesê het - dit was regtig nie vêrgesog nie. Ek het ’n gewoonte, weet julle: “As ek ’n voet het, sal ek net 'n duim sê!” En dit is selfs in die haak as julle sê ek spog. So wat dit eintlik beteken is dat ek alleenlik ’n bietjie hier vertel het. Ek kan regtig julle nie 'n bietjie meer vertel van die selfs meer diepsinnige Groot Wet, aangesien daar net ’n groot gaping in vlakke is.

So dit is hoe ons in ons dissipline kultiveer, en dit laat jou toe om waarlik die gong te kry. Dit is die eerste sedert die begin van tyd - julle kan deur die geskiedenis delf as julle wil. Wat goed hiervan is, is dat die regte jy die gong kan kry, maar terselfdertyd is dit regtig moeilik. In die ingewikkelde omgewing van gewone mense, in die midde van daardie wrywinge wat jou karakter toets, moet jy dit reg kry om dit te bowe te kom. Dit is net die moeilikste. Wat moeilik omtrent dit is, is dat wanneer jy verkul word en dit weet, of wanneer iets krities aan op die spel is, is jy geaffekteer in jou binneste? Wanneer jy in die middel is van mense se gekonkel en bakleiery, is jy geaffekteer in jou binneste? Wanneer jou familie of vriende swaar kry, is jy geaffekteer in jou binneste? En is jy in staat om daardie

dinge in perspektief te hou? Om ’n kultiveerder te wees is so swaar soos dit! Iemand het eenkeer aan my gesê: “Meester, dit is goed genoeg om net ’n goeie gewone mens te wees. Wie kon so vêr kom in kultivering?” Ek was so hartseer om dit te hoor. Ek het niks aan hom gesê nie. Daar is allerhande tipes van karakter daar buite. Daar is alleenlik soveel wat hy kan begryp, en niemand kan enige iets daar omtrent doen nie - dit is die persoon wat dit verstaan wie verkry.

Lao-zi het gesê, “Jy kan die Dao wat ek onderrig ’n Dao noem, maar dit is nie ’n gewone Dao nie.” As dit iets was wat orals oor die grond gestrooi was, en as iemand net kon gaan en dit optel en suksesvol kon kultiveer, dan sou dit nie kosbaar wees nie. Ons dissipline, reg in hierdie gespanne omgewing, laat die regte jy die gong kry, en is dit is waarom ons behoort voldoen aan hoe gewone mense is soveel as moontlik. Ons laat julle nie enige materiële dinge verloor nie. Maar reg hier in hierdie materiële omgewing moet jy jou karakter verbeter. Dit is wat gerieflik is daar omtrent. Ons dissipline is die mees gerieflik, jy kan tussen gewone mense kultiveer en jy hoef nie ’n non of ’n monnik te word nie. Maar dit is ook wat moeilik is daar omtrent - jy kultiveer tussen gewone mense, die mees ingewikkelde omgewing. Dit werk uit, egter, dit is ook wat goed is daar omtrent, omdat dit toelaat dat die regte jy die gong te kry. Dit is wat hoofsaaklik is in ons dissipline en vandag het ek dit vir julle uitgespel. Natuurlik, wanneer jou meester siel gong kry jou onderbewuste siel dit, ook. Waarom? Omdat al die boodskappe, al die lewende entiteite in jou liggaam, of al jou selle ontwikkel gong, so natuurlik groei sy gong, ook. Maar op geen tyd sal hy so hoog soos jy wees nie - jy is die een in beheer en hy bewaak die Wet.

So nou dat ons soveel gesê het, wil ek iets byvoeg. In die kultivering wêreld is daar baie mense wie altyd op wou kultiveer tot hoë vlakke. En hulle het orals gegaan om die Wet te soek, en hulle het baie geld gespandeer en vêr en wyd gereis, maar hulle kon steeds nie ’n goeie meester vind nie. Dat Iemand welbekend is waarborg nie dat hy goeie kennis het van dinge nie. Wanneer alles gesê en gedaan is, was hulle reise nutteloos, en hulle het hulle hulpbronne vermors. Vandag het ons so ’n groot praktyk geneem en aan julle beskikbaar gemaak. Ek het dit alreeds aan julle toe vertrou. Ek het dit reg in julle skoot gesit. So van hierdie punt aan is jy die een wie besluit of jy kan kultiveer, of jy dit kan maak. En as jy kan, dan gaan vir dit. As jy nie kan nie, as jy nie kan kultiveer nie, dan sal jy moet vergeet van kultiveering. Behalwe vir demone wie jou mag mislei, sal niemand jou weer onderrig nie, en jy kan vergeet van kultivering. As ek jou nie kan red nie, kan niemand nie. Die waarheid is, deesdae, as jy ’n ware meester van ’n ware lering wil vind om jou te onderrig, is dit selfs moeiliker as om uit te reik en die sterre te raak. Daar is net niemand wie vir hierdie dinge sorg op die oomblik nie. In die Eeu van die Wet se Einde is selfs baie hoë vlakke by die Kalpa se Einde, en steeds minder kan hulle vir gewone mense sorg. Hierdie is die gerieflikste dissipline en boonop is die praktyk direk op die heelal se natuur gebasseer, so ons kultivering is die vinnigste, die grootste kortpad. Dit fokus direk op jou verstand.

## Die Kosmiese Wentelbaan

In die Daoïste sisteem praat hulle van die Makro en Mikro-Kosmiese Wentelbane, so laat ons praat oor wat die Kosmiese Wentelbaan is. Die Kosmiese Wentelbaan wie mense gewoonlik oor praat is die een wat jy vorm deur om die Bevrugting Vat en die Regerende Vat te konnekteer. Daardie Kosmiese Wentelbaan krap nie eers die oppervlak nie, dit is niks. Dit is alleenlik vir genesing en fiksheid, en dit word die Mikro-Kosmiese Wentelbaan genoem. Nou daar is ’n ander tipe Kosmiese Wentelbaan. Dit is nie die Mikro- Kosmiese Wentelbaan of die Makro-Kosmiese Wentelbaan genoem nie. Dit is ’n vorm van Kosmiese Wentelbaan wat in diep meditasie gekultiveer word. Dit beweeg rond binne in die liggaam, deur te begin om die Niwan te sirkel, dan beweeg dit afwaarts binne in die liggaam, dit bereik die elikser veld en sirkel om dit, en dan beweeg dit op. Dit sirkuleer inwendig. Dit is ’n ware Kosmiese

Wentelbaan wat in diep meditasie gekultiveer word. Nadat daardie Kosmiese Wentelbaan vorm, skep dit 'n sterk vloei van energie, en dan dryf daardie een energie kanaal 'n honderd energie kanale om te beweeg, wat help om al die ander energie kanale te dryf. Daoïste praat oor die Kosmiese Wentelbaan, maar Boeddhisme nie. Waaroor praat Boeddhisme dan? Toe Shakyamuni sy sisteem van Wet oorgelewer het, het hy nie oor gong gepraat nie. Hy het nie van gong melding gemaak nie, maar sy praktyk het sy wyse van om dinge in kultivering te evolueer gehad. Hoe gaan die energie kanaal in Boeddhisme? Dit begin by die Baihui drukpunt, en nadat dit heeltemal gedeblokeerd is, spiraal dit af van die bokant van die kop en gaan na die laer gedeeltes van die liggaam, en uiteindelik is al die energie kanale hierdie manier geaktiveer.

Die sentrale energie kanaal in Tantrisme het dieselfde doel. Sommige mense sê daar is geen sentrale energie kanaal nie. Vertel dan vir my, waarom kan hulle 'n sentrale energie kanaal in Tantrisme kultiveer? Die feit is, wanneer jy al die energie kanale in 'n persoon se liggaam tel, is daar meer as 10,000 van hulle. Hulle oorkruis vertikaal en horisontaal net soos bloedvate, en daar is selfs meer van hulle as bloedvate. Daar is geen bloedvate in die spasies tussen jou organe nie, maar daar is energie kanale daar. So, dit begin van die bokant van jou kop die energie kanale oorkruis vertikaal en horisontaal in alle dele van jou liggaam, en in Tantriese kultivering konnekteer hulle dit. Miskien is hulle nie reguit in die begin nie, so hulle maak hulle oop, en maak hulle geleidelik wyer, en dit vorm stadigaan 'n reguit energie kanaal. Daardie energie kanaal dien as 'n as en draai om, en dryf die horisontale draaiende wiele met denke. Die doel daar is om al die energie kanale van die liggaam te aktiveer.

Ons Falun Dafa kultivering het weggebly van om een energie kanaal te gebruik om honderde andere te dryf. Reg van die begin af maak ons al die energie kanale saam beweeg en alle energie kanale werk harmonies saam. Ons is onmiddellik by 'n hoë vlak geplaas om ons kultivering te doen, en ons bly weg van daardie laer dinge. Een energie kanaal dryf almal - as jy hulle heeltemal oop wil dryf kon jy 'n hele leeftyd gebruik en miskien sal dit steeds nie lank genoeg wees nie. Sommige mense moet vir dekades kultiveer. Dit is regtig moeilik. In baie verskillende praktyke is daar 'n gesegde: "In een leeftyd kan jy nie kultiveering klaar maak nie. "Daar is baie mense wie in diepsinnige Groot Wet praktyke kultiveer, en hulle is in staat om hulle lewens te verleng. Kultiveer hulle nie langlewendheid nie? Hulle kan hulle lewens verleng om te kultiveer, en hulle kultiveer vir 'n lang tyd.

Die Mikro-Kosmiese Wentelbaan is maar eintlik vir genesing en fiksheid, terwyl die Makro-Kosmiese Wentelbaan is om gong te kultiveer. Dit is wanneer jy regtig kultiveer. Die Makro-Kosmiese Wentelbaan wat Daoïste oor praat kom nie so intens aan soos ons s'n nie, waar al die energie kanale oopgemaak vir jou word. Hulle het 'n aantal energie kanale wat sirkuleer deur die drie yin en die drie yang punte op die hande, die voetsole, die bene, en dan al die pad op na die hare, so dit gaan deur die hele liggaam. Dit word gekonsidereer as die sirkulasie van die Makro-Kosmiese Wentelbaan. Sodra die Makro-Kosmiese Wentelbaan begin sirkuleer, is dit ware kultivering. Dit is waarom sommige qigong meesters ophou onderrig wanneer dit by die Makro-Kosmiese Wentelbaan kom - hulle onderrig net dinge vir gesondheid en fiksheid. En dan is daar mense wie praat van die Makro-Kosmiese Wentelbaan, maar hulle het niks in jou geplaas nie, en jy kan dit nie op jou eie oopmaak nie. As hulle jou niks gee nie en jy moet op jou eie gedagtes staat maak om dit oop te maak, voorspoed! Dit is omtrent dieselfde as om aërobiese oefeninge te doen ... Kon dit, dit ooit oop maak? "Kultivering rus by jou, gong rus by die meester" - al die interne meganismes moet in jou geplaas word, en alleenlik dan kan dit begin werk.

Daoïste het altyd die menslike liggaam as ʼn klein heelal beskou. Hulle het geglo dat hoe ook al groot die heelal buite is, dit is hoe groot dit binnekant is, en dat hoe ook al dinge buite in dit is, dit is hoe dinge binne in dit is. Nou wanneer jy dit sê, klink dit ʼn bietjie misties, en dit is moeilik om sin daarvan te maak. "Hierdie heelal is so groot, hoe kon jy gaan en dit vergelyk met ʼn persoon se liggaam?" Dit is wat ons eintlik sê. In Fisika doen hulle nou navorsing op die komponente van materie, van molekules tot atome, na elektrone, na protone, na kwarks, en al die pad af tot by neutrino's. As jy vêrder af gaan wat is die grootte? By daardie punt kan ʼn mikroskoop niks verder sien nie. So wat is dan daardie uiterste mikrokosmiese partikels wat vêrder af is? Hulle weet nie. Die waarheid is, die klein bietjie wat ons Fisikuste nou hieroor weet is net so vêr weg van as jy dit vergelyk met die mees mikro-kosmiese partikels wat in hierdie heelal is. Wanneer ʼn persoon nie hierdie sterflike liggaam het nie kan sy oë dinge vergroot, en hy kan die mikrokosmos sien. Hoe hoër jou vlak hoe meer kan jy sien in die mikrokosmos.

Vanaf die vlak wat hy by was, het Shakyamuni gepraat oor die teorie van 3,000 grenslose heelalle. Wat hy bedoel het, was dat in hierdie Melkweg is daar mense soos ons wie vleeslike liggame het. Hy het ook gesê dat in ʼn sandkorrel is daar 3,000 grenslose heelalle. En dit stem ooreen met hoe ons moderne Fisikuste dinge sien. Is daar enige verskil tussn hoe elektrone om ʼn nukleus wentel en hoe die aarde om die son wentel? So Shakyamuni het gesê in die mikrokosmos is daar 3,000 grenslose heelalle in ʼn sandkorrel, en dit is net soos ʼn heelal, met lewe en materie daarin. En nou as dit waar is, laat ons daaroor dink, het die heelalle in daardie sand, nie ook sand in hulle nie? En het die ander 3,000 grenslose heelalle binne-in elk van die sandkorrels wat binne in daardie sand is, nie ook sand in hulle nie? Het die 3,000 heelalle in elke sandkorrel wat binne-in die ander sand is, nie ook sand in hulle ook nie? Dit is eindeloos as jy aanhou om dit afwaarts na te spoor. Dit is waarom selfs Shakyamuni toe hy die Tathagata vlak bereik, gesê het, "Dit is so groot dat dit geen eksterieur het nie, en so klein dat dit geen interieur het nie." Groot - groot tot die punt dat hy nie die rand van die heelal kon sien nie. En klein -klein tot die punt dat hy nie kon sien wat die mees mikro-kosmiese ding in die oorspronklike materie is nie.

Sommige qigong meesters het gesê "Daar is stede in jou sweetgaatjies en treine en karre beweeg in hulle." Dit klink redelik moeilik om te glo, maar as jy regtig dit probeer verstaan, of dit studeer vanaf die oogpunt van wetenskap, werk dit uit dit is nie so vêrgesog nie. Toe ek gepraat het oor die Derde Oog oop maak die ander dag, het baie mense iets soos dit gesien toe hulle Derde Oog oop gegaan het: hulle het gevind dat hulle deur ʼn tonnel in hulle voorkoppe gehardloop het na die buitekant toe, en dit het gelyk asof hulle nooit die einde van dit sou bereik nie. Of elke dag wanneer hulle oefeninge doen hardloop hulle buitewaarts op hierdie wye pad, daar is berge en damme water langs albei kante, en hulle hardloop deur stede en sien tonne mense. Hulle dink dit is ʼn hallusinasie. So waaroor gaan dit, dan? Hulle sien dinge regtig duidelik, so hulle hallusineer nie. Ek sou sê as 'n menslike liggaam regtig so geweldig groot is in die mikrokosmos dan is dit nie ʼn hallusinasie nie. Daoïste praktyke het altyd aan die menslike liggaam gedink as ʼn heelal, so as dit regtig ʼn heelal is, dan gaan die afstand van jou voorkop na jou pineale klier duisende kilometers wees. Gaan voort en hardloop vinnig uit, dit is vêr!

Wanneer die Makro-Kosmiese Wentelbaan al die pad ge-open is terwyl ʼn persoon kultiveer, gee dit hom ʼn tipe vermoë. En watter vermoë is dit? Julle weet, die Makro- Kosmiese Wentelbaan word ook genoem die Meridiane-Kosmiese Wentelbaan of Hemel-en-Aarde Omwenteling, of Rivier-Vaartuig Draaiing. By ʼn baie oppervlakkige vlak skep die draaiing van die Makro-Kosmiese Wentelbaan ʼn vloei van energie. Dit vermeerder geleidelik in sy digtheid en vorder na hoër vlakke in sy vorm, en dit verander in ʼn gordel van hoë-digtheid energie. En die energie gordel gaan om en om. Soos dit in die prosês van om en om gaan, as jy jou Derde Oog gebruik om na dit te kyk by ʼn regtige lae vlak sal jy

ontdek dat dit die qi binne- in die liggaam posisies kan laat verander - die hart qi gaan oor na die ingewande, die lewer qi gaan na die maag en so aan. En in die mikrokosmos, kan jy sien wat dit beweeg is groot dinge. As die energie gordel buite die liggaam gestoot is, is dit die vermoë van Telekinese. Mense met kragtige gong kan groot dinge beweeg en dit is Groter Telekinese. Mense met swakker gong kan klein dinge beweeg en dit is Mindere Telekinese. Dit is wat die vermoë van telekinese soos is en hoe dit gevorm is.

Sodra die Makro-Kosmiese Wenteling begin wentel doen jy kultivering. En dit kan verskillende kultivering toestande en verskillende vorme van gong te weeg bring. Dit kan vir ons ook 'n unieke kultivering toestand bring. En wat is hierdie toestand? Miskien het julle gelees in party van die antieke boeke soos Legendes van Onsterflikes, Die Boek van Elikser, Daoist Kanon, of, Gits Na Natuur en Langlewendheid waar hulle praat oor iets wat genoem “swewe in helder daglig.” Dit is oor 'n persoon opswewe in die lug en helder daglig. Ek kan vir julle sê dat 'n persoon eintlik kan swewe sodra sy Makro-Kosmiese Wenteling geopen is. Dit is so eenvoudig! Miskien dink sommige mense, “Mense kultiveer al vir so baie jare, jy sou dink daar sou tonne mense gewees het wie hulle Makro-Kosmiese Wentelbane teen hierdie tyd oopgemaak het.” Ek sou sê dit is nie onrealisties om te sê dat tiene van duisende mense daardie die stadium kan bereik. Dit is omdat die Makro-Kosmiese Wentelbaan, regtig die heel eerste stap is van kultivering.

Waarom sien ons dan nie al daardie mense opstyg nie, reg? “Ek sien hulle nie weg vlieg nie!” Die manier van dinge in die gewone wêreld kan nie net omgekrap word nie - jy kan nie net die vorm van die gewone wêreld skade aan doen of dit verander nie. Hoe kon dit werk om almal in die lug te laat vlieg? Sou dit 'n wêreld van gewone mense wees? Dit is die hoofrede. 'n Ander deel daarvan is dat die mense wie tussen gewone menslike wesens woon nie hier is om mens te wees nie. Hulle is hier om terug te keer na hulle oorspronklike, ware self. So dit behels 'n vraag van ontwaking. As iemand 'n hele klomp mense sien wie regtig, waarlik rond vlieg, sal hy ook gaan kultiveer, en daar's nie meer die vraag van ontwaking nie. So as jy sukses behaal het in kultivering kan jy steeds nie net vrylik laat mense dit sien nie, of rondgaan en vir hulle wys nie. Hulle moet steeds kultiveer. So nadat jou Makro-Kosmiese Wentelbaan oop gemaak is, solank as ons jou vinger punt, punt van jou toon, en wat ook al liggaamsdeel sluit, sal jy nie in staat wees om op te swewe nie.

Wanneer ons Makro-Kosmiese Wentelbaan reg is om oop te gaan sien ons dikwels 'n kultivering toestand verskyn. Wanneer sommige mense mediteer leun hulle liggame altyd 'n bietjie vorentoe. Dit is omdat hulle rug bietjie beter oop gemaak is, en so hulle rûe is regtig lig en hulle voorkante voel swaar. Dan is daar sommige mense wie 'n bietjie agteroor leun, en dit beteken hulle rûe voel swaar en hulle voorkante is lig. As jou hele liggaam goed oop gemaak is, sal jy opspring en voel asof jy opgelig word en bokant die grond swewe. Maar wanneer jy regtig kan swewe sal jy nie toegelaat word nie, hoewel dit nie absoluut is nie. Die mense wie se vermoëns uitkom is aan die twee punte: hulle is kinders, wie nie verknogthede het nie, en ouer mense, wie nie verknogthede het nie, veral ouer vroue. Dit is meer waarskynlik dat hulle vermoëns sal uitkom en dit is meer waarskynlik dat hulle in staat sal wees om hulle te behou. Maar wanneer mans, en hierdie is veral so vir jong ouens, sodra dat hulle vermoëns uitkom kan hulle net nie die drang om af te wys weerstaan nie, en miskien sal hulle dit ook gebruik om met gewone mense te kompeteer. So is hulle nie toegelaat om hulle te hê nie. En al het hulle daardie vermoëns gevorm deur kultivering, moet hulle gesluit word. As een plek gesluit is, sal hy nie in staat wees om op te swewe nie. Maar ek sê nie dat jy absoluut nooit daardie toestand sal hê nie. Miskien sal jy toegelaat word om dit 'n bietjie te probeer. En daar is sommige mense wie dit kan behou.

Dit gebeur wanneer ook al ek klasse gaan gee. Toe ek 'n klas in Shandong Provinsie gehou het, was daar studente van Jinan Stad en Beijing wie dit ondervind het. Iemand het vir my gesê; "Leermeester, wat gaan aan met my? Wanneer ek loop voel dit asof ek altyd bo-kant die grond is. Wanneer ek tuis in my bed slaap dan dryf ek altyd op. As ek 'n kombers oor my het, dryf selfs die kombers op. Ek dryf altyd op soos 'n ballon." Toe ek 'n klas in Guiyang Stad gehou het, was daar hierdie veteraan praktisyn van Guizhou Provinsie, 'n ouer vrou. Sy het twee beddens in haar kamer gehad wat teenoor mekaar teen die mure was. Sy het op haar bed gemediteer en het 'n gevoel gekry dat sy op swewe. Sy het haar oë oop gemaak en ontdek dat sy oor gedryf het na die ander bed toe. Sy het gedink - "Ek moet terug gaan" en sy was terug.

Daar was 'n student in Qingdao Stad wie op 'n bed gemediteer het gedurende sy etenstyd wanneer niemand anders in die kamer was nie. Sodra hy begin mediteer het, het hy op geswewe, hy het kragtig opgespring oor 'n meter hoog en toe het hy afgekom. Hy het aangehou op en af spring, "doef! doef!", en selfs die deken het op die vloer van die bed afgewip. Hy was 'n bietjie opgewonde en ook bietjie bang - hy het die hele etensuur aangehou op en af spring. Uiteindelik het die werk klok gelui en hy het gedink, "ek kan nie ander mense dit laat sien nie - hulle sou wonder wat aangaan. Ek beter ophou", toe hou dit op. Dit is waarom ouer mense in staat is om hulleself goed te hanteer. As dit met 'n jong persoon gebeur het, wanneer die werk klok gelui het vir werk, sou hy dink: "Kom kyk almal, ek vlieg op." Dit is wat moeilik is oor daardie drang om af te wys te beheer. "Kyk na my, ek doen baie goed in my praktyk - ek kan opvlieg." Sodra as hy soos dit afwys sal dit weg wees. Dit word nie toegelaat nie. Daar is baie van dit, en dit het met die studente in alle streke gebeur.

Ons wil al die energie kanale oopgemaak hê reg van die begin af. Van vandag af het 80-90% van ons studente 'n toestand bereik waar die liggaam energiek voel en vry van gesondheid-probleme is. En terselfdertyd, soos ons gesê het, in hierdie klas stoot ons jou op tot hierdie toestand en ons reinig jou liggaam geheel-en-al. Boonop plaas ons ook baie dinge in jou liggaam en maak dit moontlik vir jou om gong na vore te laat kom gedurende die klas. Ek trek jou amper op en stoot jou vorentoe. Ek het julle die Wet in hierdie klas onderrig, en julle karakter het begin verander. Wanneer julle die ouditorium verlaat, sal baie van julle voel asof julle 'n verskillende persoon is. En ek waarborg selfs dat julle uitkyk op die wêreld sal verander. Hierna sal jy weet hoe om jouself te hanteer, en julle sal weet dat julle nie in 'n dwaal kan wees soos julle voorheen was nie. Ek waarborg dit. So jou karakter het alreeds opgevang.

Noudat dat ons praat oor Makro-Kosmiese Wentelbaan, weet jy dat jy nie in staat sal wees om te swewe nie, maar jy sal voel asof jou hele liggaam vol energie is, en wanneer jy stap sal dit wees asof jy op lug trap. Voorheen, miskien sou jy moeg word na 'n kort uitstappie, maar nou is dit 'n plesier, ongeag hoe vêr jy gaan. Wanneer jy jou fiets ry voel dit asof iemand jou stoot, en jy word nie moeg ongeag hoeveel trappe jy klim nie. Ek waarborg dit. As jy leer om op jou eie te kultiveer deur die boek te lees kan jy wat ook al kultivering toestand bereik wat jy veronderstel is net dieselfde. Ek sê nie dinge wat ek nie wil sê nie, maar wat ek sê moet waar wees - dit is hoe ek is. En dit is dubbeld so wanneer ek die Wet onderrig - as ek nie die waarheid praat nie, of as ek roekelose dinge gesê het of onverskillig praat oor dinge wat ek nie kan beaam nie, sou ek 'n vals Wet onderrig. Dit is nie maklik vir my om dit uit te voer nie. Die hele heelal kyk. Dit sou nie werk as julle van koers af gaan nie.

Die tipiese persoon dink dat jy heeltemal ingestel is sodra jy 'n Kosmiese Wentelbaan soos hierdie het. Maar eintlik is dit nie goed genoeg nie. As jy wil hê jou liggaam so gou as moontlik vervang of getransformeer moet word deur hoë-energie materie, moet daar 'n rigting van krag wees in die vorm van 'n Kosmiese Wentelbaan wat die direksie dryf wat al jou liggaam se energie kanale in sirkuleer. Dit

word die Maoyou Kosmiese Omwenteling genoem en byna niemand weet daarvan nie. Wel, die terme is so nou en dan in boeke genoem, maar niemand het dit verduidelik, en hulle vertel jou nie daarvan nie. In plaas daarvan lei hulle almal jou net om die bos aangesien dit, egter, die geheim van geheime is. Ons sal dit hier vir julle uitspel. Dit kan vanaf die Baihui drukpunt begin (en dit kan ook by die Huiyin drukpunt begin), dit kom uit en gaan langs die lyn wat die yin kant en die yang kant van die liggaam skei, en dit kom af by die sykant van die oor. Dan kom dit langs die skouer af en beweeg langs elkeen van jou vingers een vir een. Dan beweeg dit langs die sykant van die liggaam, gaan onder die voet, kom op langs die binne dy, gaan af langs die ander binne dy, gaan onder die ander voet, kom op langs die sykant van die liggaam, beweeg langs die vingers een vir een en voltooi ʼn volle sirkel deur om na die bokant van die kop te kom. Dit is die Maoyou Kosmiese Wentelbaan. Iemand kon ʼn hele boek daaroor skryf, en ek het dit aan julle vertel in net ʼn paar sinne. Ek dink nie dit tel as hemel se geheim nie, maar ander mense sê dit is kosbaar, en hulle sal niks daaroor sê nie. Hulle sal alleenlik oor die Maoyou Kosmiese Wentelbaan praat wanneer hulle waarlik dinge oorlewer aan ʼn dissipel. Ek het vir julle daaroor vertel maar nie een van julle behoort dit met jou verstand te kontroleer in jou praktyk nie. As jy dit doen is wat jy praktiseer nie ons Falun Dafa nie. Ware kultivering op na hoër vlakke word gedoen met nie-aksie, en jy voeg nie enige gedagtes in nie. Alles is in jou geplaas reeds gemaak. Almal van hierdie dinge word outomaties gevorm, die interne meganismes kultiveer jou en evolueer jou, en wanneer die tyd reg is sal hulle self draai. Eendag terwyl jy die praktyk doen sal jou kop van kant tot kant swaai. Wanneer jou kop na hierdie kant toe swaai draai hulle in hierdie rigting, en wanneer jou kop na die ander kant toe swaai draai hulle in daardie rigting. Hulle sal in albei rigtings draai.

Nadat ʼn persoon se Makro en Mikro Kosmiese Wentelbane gedeblokkeer is, sal sy kop dalk knik wanneer hy mediteer, en dit het te doen met die energie wat deur beweeg. Dieselfde gaan vir die Falun Kosmiese Wentelbaan oefening wat ons doen, alhoewel ons die oefeninge soos dit doen, die feit is dat wanneer ons dit nie doen nie sal hulle op hulle eie draai, en hulle hou aan draai voortdurend vir ewig. Wanneer jy die oefening doen versterk jy die meganismes. Sê ons nie dat die Wet die praktisyn verfyn nie? Jy sal vind dat jou Kosmiese Wentelbane altyd sirkuleer, al doen jy nie die oefening op daardie tydstip nie. Die laag van qi meganismes wat buite jou liggaam geplaas is, is ʼn laag eksterne groot energie kanale wat jou liggaam dryf en jou kultiveer. Dit is alles outomaties. Hulle kan ook in die teenoorgestelde rigting draai, hulle draai in albei rigtings, en hulle is voortdurend besig om jou energie kanale oop te maak.

So wat is die doel van om die Kosmiese Wentelbane oop te stel? Om die Kosmiese Wentelbane oop te stel is nie die punt van kultivering per se nie. Selfs as ʼn persoon se Kosmiese Wentelbane oop gemaak is, sou ek sê dit is niks nie. Omdat dan, wanneer hy verder kultiveer, is die doel om die middel van die Kosmiese baan te gebruik om een energie kanaal te hê om al die energie-kanale te dryf, om al die energie-kanale in die liggaam oop te stel. Maar ons doen dit alreeds. Wanneer julle aanhou praktiseer miskien sal sommige van julle ontdek dat wanneer jou Makro Kosmiese Wentelbane sirkuleer, word jou energie kanale wyd, soos vingers, en hulle is breed binne-in. Die rede is, jou energie het sterk geword, en nadat die energie kanale gevorm is word jou kanale breed en helder. Maar dit is steeds niks nie. Hoe vêr moet jy dan na kultiveer? Jy behoort al die energie-kanale in jou liggaam wyer en wyer laat word, die energie sterker en sterker maak en helderder en helderder, en uiteindelik op ʼn sekere punt tienduisende energie-kanale laat saamsmelt, en ʼn toestand bereik van geen energie kanale en geen drukpunte nie, met jou hele liggaam in 'n geheel verbind. Dit is die uiteindelike doel van die energie kanale oop te maak. Die doel is om jou liggaam heeltemal te transformeer met hoë-energie materie.

Wanneer jy tot hierdie stadium kultiveer, is jou liggaam so te sê getransformeer deur hoë-energie materie, of om dit ’n ander manier te stel, jy het die hoogste vlak van Trippel-Wêreld Wet in kultivering bereik, en jou sterflike liggaam is gekultiveer tot sy hoogtepunt. Wanneer jy hierdie stadium bereik, gebeur ’n ander kultivering toestand. En watter toestand is dit? Die gong wat jy gekultiveer het, is redelik ryk en volop, en al die bo-natuurlike vermoëns (ingebore vermoëns) wat ’n menslike wese het, gedurende kultivering van die menslike liggaam, of, gedurende Trippel Wêreld Wet kultivering, hulle kom almal uit, maar meeste mense wie hulle kultivering in die omgewing van gewone mense doen, is gesluit. Ook, jou gong pilaar het taamlik hoog gegroei, en alle vorme van gong was versterk deur jou kragtige gong en het taamlik kragtig geword. Maar hulle kan alleenlik ’n effek in hierdie dimensie van ons hê, hulle kan eintlik nie dinge in ander dimensies affekteer nie, en dit is omdat hulle net vermoëns is wat uitkom deur om die sterflike menslike liggaam te kultiveer. Buitendien is hulle taamlik ryk en volop, hulle word in elke dimensie gevind, en die verskillende vorme wat ’n liggaam aanneem in verskillende dimensies het deur nogal groot veranderinge gegaan. Die dinge wat die liggaam het, wat die liggaam in elke dimensie het, daardie dinge is ryk en volop, en hulle lyk skrikwekkend - sommige mense het oë oral oor hulle liggame, en selfs al die sweetgate in hulle liggame is oë, hulle het oë dwarsdeur hulle hele dimensionele veld. Ons s'n is Boeddhiste Qigong so sommige mense het beelde van ’n Bodhisattva of ’n Boeddha oral oor hulle liggame. Die gong se verskillende vorme is teen hierdie tyd ongelooflik ryk en volop, en baie lewende wesens wys hulself.

By hierdie stadium, gebeur nog kultivering toestand, en dit is genoem “Drie Blomme Bo-Op die Kop.” Dit is regtige ’n opmerkbare toestand, en is net indrukwekkend. Selfs mense wie se Derde Oë nie so hoog is nie, kan dit sien. Daar is drie blomme bo-op die kop. Een van hulle is ’n lotus blom, maar dit is nie die lotus blom van onse materiële dimensie nie. Dit ander twee is ook van ander dimensies, en hulle is regtig pragtig en wonderlik. Die drie blomme sirkel bo-op die kop, gaan kloksgewyse en dan anti-kloksgewys, en die drie blomme roteer op hulle eie, ook. Elke blom het ’n groot pilaar, en die deursnee is so wyd soos die blom. Die drie groot pilare gaan al die pad op na die hemele. Maar hulle nie gong pilare nie, hulle neem net hierdie vorm aan, en hulle is regtig ongelooflik. As jy hulle sien is dit seker dat jy verstom sal wees. Wanneer jy tot hierdie stadium kultiveer is jou liggaam rein en wit, en jou vel is glad en delikaat. Wanneer jy hierdie stadium bereik, het jy die hoogste vorm van Trippel-Wêreld-Wet kultivering bereik. Maar dit is steeds nie die hoogtepunt nie - jy moet steeds verder aan kultiveer, en jy moet steeds vorentoe gaan.

Wanneer jy verder gaan, sal jy die oorgang vlak binne tree tussen Trippel-Wêreld-Wet en Buite-Trippel-Wêreld-Wet, wat Suiwer Wit Liggaam genoem word (en dit word ook Kristal Wit Liggaam genoem). Wanneer ’n person se liggaam tot die hoogste vorm in Trippel-Wêreld-Wet gekultiveer het, is dit steeds net oor sy sterflike liggaam wat verander word tot sy hoogste toestand. Wanneer jy regtig daardie stadium binne tree sal jou hele liggaam totaal van hoë-energie materie gemaak wees. En waarom is dit ’n Suiwer Wit Liggaam genoem? Omdat jy jou liggaam tot ’n absolute hoë graad gereinig het. As iemand daarna kyk met sy Derde Oog, is jou hele liggaam deurskynend, dit is net soos deurskynende glas, en daar is niks daar nie. Hierdie soort toestand sal te voorskyn kom. Om jou die waarheid te vertel, jou liggaam is ’n Boeddha-liggaam by daardie punt. Die rede is, 'n liggaam wat van hoë-energie materie gemaak is, is anders van die liggaam van wat ons mee begin. So wanneer jy hierdie stadium bereik, sal al die vermoëns en al die tegniek tipe dinge wat in jou liggaam te voorskyn gekom het, moet uitgegooi word, en jy laai hulle af in ’n baie diep dimensie. Hulle is nie meer bruikbaar nie. Van daardie punt af aan sal hulle nie weer bruikbaar wees nie, met die uitsondering dat êrens in die toekoms, op die dag jou kultivering suksesvol is en jy die Dao bereik, sal jy terug kyk na jou kultivering, en miskien dan sal jy hulle uithaal om na te kyk. So op hierdie punt is daar alleenlik twee dinge wat steeds oorbly: jou gong pilaar is steeds daar, en die Gekultiveerde Kindjie wat jy gekultiveer

het, het nou groot gegroei. Albei van hierdie is in baie diep dimensie. Mense met ’n Derde Oog wat nie by ’n hoë vlak is nie, kan hulle nie sien nie, hulle kan net sien dat jou liggaam deurskynend is.

Die “Suiwer-Wit Liggaam” is ’n oorgangsvlak, so wanneer jy aanhou kultiveer, sal jy werklik Buite-Trippel-Wêreld-Wet kultivering binne tree, wat ook Boeddha-Liggaam kultivering genoem word. Jou hele liggaam is van gong gemaak. En op daardie punt is jou karakter stabiel. Jy begin kultivering weer oor en jy sien jou vermoëns weer uitkom, maar daardie word nie meer vermoëns genoem nie–hulle word Boeddha Wet se Goddelike Kragte genoem, en hulle beheer dinge in elke dimensie. Hulle is onvoorstelbaar kragtig. Later aan soos jy aanhou kultiveer sal jy vanself weet hoe om dinge by hoër vlakke te kultiveer, net soos jy die vorme wat kultivering het by hoër vlakke.

## Om té verdiep te wees

Laat ons oor ’n probleem praat, dit het te doen met om té verdiep te wees. Baie mense het qigong vir ’n lang tyd gepraktiseer, en daar is sommige ander mense wie nie qigong gepraktiseer het nie, maar wie hulle hele lewe gesoek het na die Waarheid en die ware betekenis van die lewe probeer uitpluis. Wanneer hulle ons Falun Dafa leer sal hulle dadelik baie vrae oplos wat hulle gehad het wat hulle nie antwoorde voor kon vind nie. En soos hulle denke ’n bietjie hoër klim mag hulle regtig opgewonde word. Dit is redelik ’n gegewe. Ek weet, ware kultiveerders besef die belangrikheid van die Wet, en hulle weet hulle behoort dit te koester. Maar daar is ’n probleem wat baie opkom: as gevolg van sy blydskap word hierdie persoon té verdiep, wat net nie behoort nie te wees nie, en dit lei hom om nie normaal op te tree in die manier wat hy dinge doen nie, of wanneer daar interaksie is tussen hom en mense buite in die gewone wêreld is, of net wanneer hy buite rond is. Ek sou sê dit is net glad nie goed nie.

Vir die meeste deel, ons praktyk doen kultivering reg in die midde van die gewone wêreld. Jy kan jouself nie ontrek van die gewone wêreld nie, en jy moet met volle bewussyn kultiveer. Jy behoort steeds normale verhoudings met ander mense hê. Natuurlik is jou karakter hoog, jou houding is behoorlik, jy verbeter jou karakter, jy verhoog jou vlak, en jy doen nie slegte dinge nie, jy doen goeie dinge - dit is hoe jy behoort te wees. Maar dan is daar mense wie die indruk skep dat daar iets met hulle verkeerd is, dit lyk asof hulle klaar is met hierdie sêkulêre wêreld, en ander mense kan nie die dinge verstaan wat hulle sê nie. So mense sê: “Wat het Falun Dafa aan hom gedoen dat hy soos dit voorkom, dit lyk asof hy nie reg in sy kop is nie.” Maar eintlik dit is nie wat aangaan nie. Hy is net té opgewonde, hy is nie redelik nie, en hy tree nie normaal op nie. So dink daaroor, om so op te tree is nie reg nie, jy het na die teenoorgestelde ektreem gegaan, en dit is nog ’n verknogtheid. Jy behoort daarvan ontslae te raak en net normaal lewe en normaal kultiveer tussen gewone mense soos almal. Indien wanneer jy rondom gewone mense is en hulle sien jou as behep, en as niemand jou as een van hulle eie sien nie, dan sal hulle almal van jou af weg bly, en niemand sal jou ’n kans gee om jou karakter te verbeter nie. Niemand sal dink dat jy normaal is nie. Hoe aaklig! So moet jy seker maak dat jy bewus is hiervan. Jy moet regtig jouself goed hanteer.

Ons praktyk is nie soos die tipiese qigong praktyk, waar mense heeltemal in ’n dwaal word, hulle is heeltemal deur die mis en hulle word behep. In ons praktyk moet jy ten volle weet dat jy jouself kultiveer. Sommige mense hou aan vir my sê, “Leermeester, sodra as ek my oë toemaak dan begin ek wieg.” Ek sou sê dit hoef dit nie daardie manier te wees nie: jy het 'n gewoonte gemaak om jou meester bewussyn op te gee, en sodra jy jou oë toemaak verloor jy jou meester bewussyn, dit verdwyn. Jy het daardie soort gewoonte gevorm. Hoe is dit dat jy nie wieg wanneer jy hier sit nie? As jy in die toestand

behou wanneer jou oë oop is, en net jou oë liggies toe maak, sal jy wieg? Definitief nie. Jy dink dit is hoe qigong gedoen word, jy het 'n konsep gevorm en sodra jy jou oë toemaak is jy weg, en jy het geen idee waarheen jy gegaan het nie. Ons het 'n reël dat jou meester bewussyn bewus moet wees, en dit is omdat hierdie praktyk die ware jy kultiveer. So jy moet jouself verbeter terwyl jy ten volle bewus is daarvan. Nou, ons het 'n meditasie. En hoe doen ons óns meditasie? As 'n reël sê ons, ongeag hoe diep jou konsentrasie word nie, moet jy weet dat jy hier praktiseer, en jy kan absoluut nie in daardie soort toestand word waar jy heeltemal onbewus is nie. So wat presies sal jy ondervind? Wat sal gebeur is dat wanneer jy daar gaan sit, sal jy wonderlik voel, asof jy in 'n eierdop sit, en jy sal baie goed voel, jy sal weet dat jy kultiveer, maar jy sal voel asof jou hele liggaam nie kan beweeg nie. Hierdie is dinge wat moet gebeur in ons praktyk. Daar's nog 'n kultivering toestand: jy sit en sit, en dan ontdek jy dat jou bene weg is, jy kan nie uitwerk waar hulle gegaan het nie, en jou liggaam is weg, ook, jou arms is ook weg, jou hande is ook weg, en alleenlik jou kop bly oor. Soos jy aanhou mediteer sal jy ontdek dat jou kop weg is, ook, en jou verstand is alleenlik wat oor bly - daar's net 'n klein bietjie bewussyn oor wat weet dat jy hier kultiveer. As jy daardie punt kan bereik sal dit meer as goed genoeg wees. En waarom is dit? Wanneer 'n persoon die oefeninge in daardie toestand doen word sy liggaam tot sy volle omvang geëvolueer. En waarom is dit? Dit is die beste toestand. So dit is waarom ons jou stilte laat binne tree in daardie soort toestand. Maar moet nie aan die slaap raak of deur die mis word nie. Iemand anders mag dalk praktiseer en die goeie dinge dan kry.

Almal van ons kultiveerders, moet regtig seker maak dat julle nie abnormaal optree terwyl julle deel van die gewone wêreld is nie. Julle sou nie 'n positiewe effek rondom gewone mense hê nie. Hulle sou goeters sê soos: "Hoe is dit dat hulle almal soos dit word nadat hulle Falun Dafa leer?" Dit is so goed as wat julle die naam van Falun Dafa skend. So maak seker dat julle regtig versigtig is oor al hierdie. In die proses van kultivering in ander omgewings, ook, moet julle versigtig wees dat julle nie te verdiep word nie. Demone sal heel waarskynlik daardie soort verknogtheid manipuleer.

## Kultivering van spraak

Kultivering van spraak is iets wat godsdienste onderrig het. Maar wanneer hulle kultivering van spraak onderrig het, het dit hoofsaaklik te doen gehad met 'n paar gespesialiseerde kultiveerders, soos Boeddhiste monnike en Daoïste priesters, wie hulle lippe toe gehou het en niks sê nie. Hulle sou niks doen behalwe kultiveer, so die doel was om ontslae te raak van hulle menslike verkogthede net soveel as moontlik. Hulle het geglo dat sodra jy 'n gedagte het, is dit karma. In sommige gelowe het hulle karma gekategoriseer in goeie karma en slegte karma. Maar albei maniere, goeie karma of slegte karma, as jy gaan volgens die Boeddhiste se "Leegheid" of die Daoïste se "Niks", wil jy dit nie genereer nie. So hulle sê, "Ek sal dan niks doen nie." Dit is omdat hulle nie die onderliggende oorsake agter dinge kon sien nie, hulle kon net nie sê of sulke-en-sulke regtig iets goed of sleg was nie, of watter onderliggende oorsake betrokke was nie. Jou gemiddelde kultiveerder is nie op 'n baie hoë vlak nie, hy kan nie daardie dinge sien nie, so hy sal bang wees dat iets wat goed op die oppervlakte lyk mag dalk sleg uitdraai wanneer hy dit doen. So hulle doen hulle bes om nie-aksie te praktiseer, hulle sou glad nie enigiets doen nie, en op daardie manier sou hulle vermy om meer karma te maak. En die rede is, wanneer jy karma gemaak het moet jy dit elimineer, jy moet swaarkry. Nou vir ons kultiveerders is dit alreeds vasgestel op watter punt jy Ontsluit sal wees, en as jy iets in laat wat moontlik nie behoort ingelaat te word nie, sal dit probleme aan jou hele kultivering bring. Dit is waarom hulle nie-aksie gepraktiseer het.

Wanneer Boeddhiste kultivering van spraak onderrig, beteken dit dat ’n persoon se spraak deur sy gedagtes gedirigeer is, so sy gedagtes is oor iets. Wanneer ’n persoon se verstand ’n gedagte genereer, lei dit hom om iets te sê of iets te doen, of wanneer dit sy sintuiglike organe of sy vier ledemate rig, kan dit in sigself die tipes verknogthede wees wat gewone mense het. Byvoorbeeld, die verskillende idees wat mense het, “Jy is goed”, “Hy is nie goed nie”, “Jy het goed gekultiveer”, “Hy het nie goed gekultiveer nie”, en so aan, almal van hierdie is wat spanning tussen mense veroorsaak. Selfs in daaglikse scenario’s soos “Ek wil dit-en-dit doen, of “Dit behoort op so en so ’n manier gedoen te word”, selfs daar miskien het jy iemand seer gemaak sonder dat jy dit besef. Aangesien die spanning wat mense het so gekompliseerd is, is dit moontlik dat jy onwetend karma gemaak het. So, aangesien dit is soos dit is, hou hulle hulle lippe heeltemal geseëel en sê nie ’n woord nie. Gelowe het altyd kultivering van spraak baie ernstig opgeneem, en dit was op hierdie manier in gelowige praktyke gedoen.

Die meeste van ons Falun Dafa kultiveerders doen hulle kultivering in die omgewing van gewone mense (die uitsondering is daardie gespesialiseerde dissipels), so dit is onvermydelik dat ons die normale lewe van ’n gewone mens in die gewone wêreld leef, en daardie interaksie met die wêreld hê. Almal van ons het werk en ons behoort ons werk goed doen. Sommige mense moet praat om hulle werk te doen, so is daar nie ’n konflik nie? Nee, daar is geen konflik nie. En waarom is daar nie? Die omgee van spraak wat ons moet praktiseer is totaal verskillend van hulle s’n. Ons kultivering dissipline is anders, so wat van jou vereis word is verskillend. Wanneer ons, ons monde oopmaak om te praat behoort ons praat in lyn met ’n praktisyn se karakter, ons skinder nie, en ons sê nie negatiewe dinge nie. Jy is ’n kultiveerder, so om te besluit of jy iets behoort te sê, behoort jy te sien hoe jy op meet na die standaarde van die Wet. As dit iets is wat jy behoort te sê, is dit nie ’n probleem nie solank as jy in lyn is met ’n praktisyn se karakter standaard soos gemeet deur die Wet. En buitendien, ons moet praat oor die Wet en die Wet versprei, so om nie te praat nie sou nie werk nie. Wanneer ons praat oor die omgee van spraak is dit oor die gewone dinge soos reputasie en wins wat jy nie kan laat gaan nie en nie verwant is aan ’n kultiveerder se eintlike werk in die wêreld nie, dit is oor dissipels in dieselfde praktyk wie oor nuttelose dinge met mekaar praat; dit is oor goeters wat gedoen word om af te wys as gevolg van verknogthede; oor skinder stories te versprei wat julle oor rondgaande gerugte hoor, en oor ander dinge in die wêreld praat met baie opgewondenheid en belangstelling. Ek dink hierdie is alles verknogthede wat ’n gewone mens het, en ons behoort omgee oor kultiveering van spraak wanneer dit by hierdie dinge kom. Dit is wat ons bedoel by om om te gee oor spraak. Op een tydstip het monnike hierdie dinge baie ernstig opgeneem, en dit is omdat hulle geweet het hulle karma sal maak met een beweging van gedagte. Dit is daarom dat hulle oor “Liggaam, Mond, Verstand” onderrig het. Hulle het gepraat oor omgee oor die liggaam, wat beteken het dat die persoon nie slegte dinge behoort te doen nie; omgee van die mond wat beteken het dat jy behoort stil te wees; en deur omgee van verstand, het beteken dat jy nie eers behoort oor iets te dink nie. Die gespesialiseerde kultiveerders in kloosters was regtig streng gewees oor hierdie reëls. Wat ons onsself na hou is die vereistes vir praktisyn se karakter, en dit sal in orde wees solank as jy goed hanteer wat jy behoort of nie behoort te sê nie.

## DIE NEGENDE GESPREK

### Qigong en atletiek

Wanneer mense op ’n gemiddelde vlak is, is hulle geneig om te dink dat qigong en ligaamsoefeninge na aan mekaar verwant is. Natuurlik, as jy daaroor gaan praat by ’n lae-vlak, wanneer jy daarna kyk in terme van om ’n gesonde liggaam te besit is qigong so te sê identies aan ligaamsoefeninge. Maar as jy kyk na die besonderhede van hoe dit oefen en watter benadering dit neem, dan is dit baie verskillend van 'n ligaamsoefening. As ’n persoon gesond wil word deur liggaamsoefening, moet hy meer oefen en harder werk aan sy ligaamsoefeninge. Maar qigong kultivering, dit werk uit, is net die teenoorgestelde - jy hoef nie te beweeg nie, en selfs al is daar beweging is dit ontspanne, stadig, en egalig, of dit is selfs bewegingloos of stil. So dit is redelik verskillend van hoe ligaamsoefeninge gedoen word. Nou as ons daaroor wil praat by ’n hoë vlak, dan is qigong nie net oor genesing en fiksheid nie, dit het hoër dinge en diepgaande betekenis. Qigong is nie net oor daardie paar dingetjies wat by die vlak van gewone mense is nie. Dit is ’n hoër ding, en dit manifesteer verskillend by verskillende vlakke. So dit gaan vêr verby gewone mense.

Nou in terme van die grondbeginsels van hulle oefeninge is daar ook ’n groot verskil. Om hulle liggame voor te berei vir vandag se vlak van atletiese kompetisie en om te voldoen aan die standaarde, moet hulle hul liggame in top vorm hou. En om dit te doen, moet hulle oefeninge vermeerder sodat hulle genoeg bloed sirkulasie in hulle liggame het en dit sal hulle metaboliese vermoëns verbeter en verseker dat hulle liggame altyd in die rigting gaan van verbetering. Waarom wil hulle hul metaboliese vermoëns vermeerder? Omdat dit nodig is dat atlete se liggame altyd in ’n toestand moet wees wat vorder na die beste kondisie vir kompetisie. Die menslike liggaam is saamgestel uit ontelbare selle, en daardie selle gaan deur ’n proses soos hierdie: die nuwe verdeelde selle is vol lewenskragtigheid en is in ’n groeiende toestand. Wanneer hulle hulle limiet bereik, kan hulle nie verder groei nie, en hulle kan alleenlik begin agteruitgaan. Wanneer hulle tot die laagste punt daal vervang nuwe selle hulle. Laat ons 12 ure van die dag as ’n analogie neem. Vanaf 6 uur in die môre, wanneer ’n nuwe sel verdeel hou dit aan groei en groei; 8h00 of 9h00 uur, of selfs na 10h00 is regtig goeie periodes van tyd vir dit. Wanneer 12h00 opduik kan dit nie meer opgaan nie, en dit kan alleenlik afwaarts gly. In die tyd wat oorbly het daardie sel steeds die helfte van sy lewenskragtigheid oor, maar daardie helfte lewenskragtigheid is nie nou geskik vir die mededingende vorm wat ’n atleet behoort in te wees nie.

So wat doen hulle? Hulle werk harder aan hulle opleiding en vermeerder hulle bloedsirkulasie sodat hulle nuwe selle sal genereer en die oues vervang. Dit is die benadering wat hulle neem. So met ander woorde, voordat die selle die volle loop van hulle lewens voltooi, wanneer hulle halfpad deur dit is, is hulle uitgeskei. Dit is waarom hulle liggame altyd sterk is en word al hoe beter. Maar ’n menslike wese se selle kan nie verewig aanhou om so te verdeel nie. Daar is ’n beperking op hoeveel keer ’n sel kan verdeel. Veronderstel dat gedurende ’n persoon se leeftyd sy selle elk ’n 100 kan keer verdeel, (eintlik, hulle kan selfs meer as ’n miljoen keer verdeel), en laat ons veronderstel dat wanneer ’n normale persoon se selle ’n 100 keer verdeel, hy 100 jaar kan leef. Maar nou het sy selle net helfte van hulle lewens geleef, en so kan hy net 50 jaar leef. Ons het nie gesien atlete te groot ’n probleem het nie, hoewel, en dit is omdat atlete deesdae uitgedun word van kompetisie voordat hulle 30 bereik. Dit is veral waar deesdae, wanneer die kompetisie vlak hoog is en ’n groot aantal atlete word uitgedun, en hulle gaan net terug na ’n gewone lewe en hulle lyk nie asof hulle baie daardeur geaffekteerd was nie. Ten minste, in teorie is dit basies wat gebeur - dit hou hulle in goeie fisiese kondisie maar verkort hulle lewens. Uiterlik lyk tienderjarige atlete asof hulle in hulle twintigs is, en die twintigjariges lyk asof in

hulle dertigs is. Atlete gee dikwels vir mense die indruk dat hulle vinniger groot word en gouer verouer as ander mense. So daar is albei voor en nadele. Ons behoort na beide kante van die munt kyk, reg? So wat ek beskryf het, is om die waarheid te sê, die benadering wat hulle neem.

Qigong kultivering is presies die teenoorgestelde van liggaamsoefeninge. Die bewegings hoef nie kragtig te wees nie, en wanneer daar bewegings is, is hulle ontspanne, stadig, en egalig. Hulle is regtig stadig, en mense is selfs bewegingloos of word somtyds stil. Julle weet, in die kultivering metode om in diep meditasie te sit, bly ’n persoon stil, selfs sy hartklop word stadiger en alles, soos sy sirkulasie, word selfs stadiger. Daar is baie yoga meesters in Indië wie onder water kan sit vir dae of ondergrond begrawe kan wees vir dae, hulle kan hulleself heeltemal stil maak, en kan selfs hulle hartklop beheer. Gestel mense se selle verdeel een maal per dag. Dan, as ’n kultiveerder die selle in sy liggaam een maal elke 2 dae maak verdeel, een keer ’n week, een keer ’n halwe maand, of selfs langer, dan het hy sy lewe verleng. Maar wat ons hier oor praat, is net daardie praktyke wat alleenlik ’n persoon se natuur kultiveer, en nie langlewendheid nie. Hulle ook kan dit bereik - hulle kan hulle lewens verleng. Nou miskien dink sommige mense, “Is jou lewe nie vooraf bepaal nie? Wat laat jou dink dat iemand wat nie langlewendheid kultiveer nie langer kon lewe?” Dit is waar, maar dit is omdat daardie soort kultiveerders se lewens verleng kan word, wanneer hulle vlak deur die Drie Reike breek, alhoewel hy baie oud sal lyk.

Praktyke wat waarlik langlewendheid kultiveer stoor aanhoudend die hoë-vlak energie materie op in die selle van die menslike liggaam, en die digtheid groei aanhoudend, dit is geleidelik in staat om die selle van ’n gewone persoon te onderdruk en stadigaan daardie gewone menslike selle te vervang. Wanneer dit gebeur is daar fundamentele veranderinge en jy sal verewig jonk bly. Natuurlik, dit is ’n baie stadige proses wat gebeur deur die loop van kultivering, en jy moet regtig baie van jouself daaraan gee. Jy bewerk die liggaam, en matig die wil, en dit is regtig nie maklik nie. Wanneer jy in die midde van spanninge is wat jou karakter toets, kan jy binne-in kalm bly? Of wanneer dinge wat jou direk impak opkom, kan jy binne-in kalm bly? Dit is regtig moeilik om te doen. So dit is nie asof wanneer jy dit wil doen dat jy net kan nie. Jy kan dit alleenlik doen wanneer jy jou karakter en jou deug deur kultivering verbeter het.

Daar was altyd baie mense wie qigong inbondel met gewone liggaamsoefeninge, wanneer die waarheid is, hulle is ongelooflik verskillend. Hulle is glad nie dieselfde nie. Die enigste ding in gemeen is dat by die laagste vlak, wanneer iemand aan qi werk by die laagste vlak en homself probeer genees en fiks te word sodat hy ’n gesonde liggaam kan hê, het dit dieselfde doel as ligaamsoefeninge. Maar wanneer dit by ’n hoë vlak kom, is dit glad soos dit nie. Daar’s ’n rede agter reiniging van die liggaam in qigong. En wat meer is, qigong praktisyne moet hoër waarhede volg—hulle kan nie net die waarhede van gewone mense volg nie. Nou, ligaamsoefeninge aan die ander kant, daardie is net ’n gewone mens se ding.

## Gedagtes

Om oor gedagtes te praat is om van aktiwiteit in ’n persoon se verstand te praat. Hoe beskou die kultivering wêreld die gedagtes wat saam gaan met die aktiwiteite in ’n persoon se brein? Wat maak hulle van die verskillende vorme wat mense se denke (gedagtes) neem? En hoe het dit gekom om so te wees? Daar is steeds baie vrae moderne mediese wetenskap nie beantwoord het in die studie van die menslike brein nie, en dit is omdat gedagtes nie so maklik is om te begryp as wat op die oppervlak van ons liggame is nie. Op dieper vlakke en in verskillende dimensies het hulle verskillende vorme. Maar

hulle is ook nie soos wat sommige qigong meesters gesê het nie. Sommige qigong meesters weet regtig nie wat aangaan nie, so hulle kan hulle nie goed verduidelik nie. Hulle dink dat wanneer hulle brein 'n beweging maak, of wanneer 'n gedagte geproduseer is, dat hulle in staat is om iets te doen, en so hulle gaan en sê dat hulle hul verstand gebruik het om dit te doen, dat hulle gedagtes dit gedoen het. Maar in werklikheid was dit glad nie deur hulle gedagtes gedoen nie.

Laat ons eers 'n bietjie praat oor waar 'n persoon se denke vandaan kom. Daar was 'n gesegde terug in antieke Sjina,"die hart dink." Waarom het hulle gesê die hart dink? Die wetenskap in antieke Sjina was regtig ontwikkeld, aangesien dit direk dinge soos die menslike liggaam, lewe, en die heelal gestudeer het. Sommige mense voel regtigwaar, sonder twyfel, dat hulle harte dink, terwyl ander mense regtigwaar aanvoel dat hulle brein dink. En waarom gebeur dit? Daar is iets aan "hart wat dink" wat hulle oor gepraat het. Die rede is, ons kan sien dat 'n gewone persoon se meester siel baie klein is, en dat die regte boodskap wat deur 'n persoon se brein gestuur word nie sigself van die brein af gekom het nie. Dit is nie deur die brein gestuur nie, maar deur die persoon se meester siel. 'n Persoon se meester siel bly nie net by die Niwan Paleis nie. Die Niwan Paleis wat Daoïste oor praat is wat ons moderne mediese wetenskappe die pineale klier noem as 'n meester siel by die Niwan Paleis is sal ons regtigwaar aanvoel dat die brein die dinkery doen en boodskappe stuur, en as dit by die hart is, sal ons regtigwaar aanvoel dat dit die hart is wat die dinkery doen.

Die menslike liggaam is 'n klein heelal. Die baie, baie wesens wat 'n praktisyn het kan posisies omruil. As die meester siel sy plek skuif, sê, as dit oor gaan na die maag, dan sal hy aanvoel dat dit regtigwaar sy maag is wat die dinkery doen, of as sy meester siel oor gaan na sy kuit of hakskeen, sal hy regtigwaar aanvoel dat dit sy kuit of hakskeen is wat dink. Gewaarborg! Ek weet dit klink redelik moeilik om te glo. Al het jou kultivering nie 'n hoë vlak so hoog bereik nie kan jy aanvoel dit gebeur. As 'n persoon se liggaam nie 'n meester siel het nie, of as hy nie sy temperament, gesindheid, of karaktertrekke het nie, as hy nie hierdie soort dinge het nie, is dit net 'n stuk vleis, en hy is nie 'n volledige menslike wese met sy eie kenmerkende eienskappe nie. Watter funksie dien die menslike brein dan? As jy my vra, in die vorm van hierdie materiële dimensie van ons is die menslike brein net 'n verwerking eenheid. Die regte boodskap is uitgestuur deur die meester siel; maar wat hy uitstuur is nie taal nie. Wat hy uitstuur is 'n soort kosmiese inligting, en dit dra sekere betekenisse oor. Nadat ons brein daardie bevel ontvang het word dit verwerk in vandag se taal, na hierdie vorm van uitdrukking, en ons wys dit deur middel van gebare, of die uitdrukkinge in ons oë, en met al ons lyftaal. Dit is wat die brein doen. Die werklike bevele en die ware denke word deur die meester siel uitgereik. Mense dink dikwels dat dit direk verskuldig is aan wat die brein op sy eie doen, wanneer in werklikheid, is die meester siel soms by die hart, en sommige mense voel regtigwaar dat hulle harte dink.

Mense wie vandag die menslike liggaam navors dink dat wat 'n persoon se brein uitstuur iets soos 'n elektriese golf is. Vir nou sal ons nie praat oor wat dit eintlik uitstuur nie, maar ons kan sê dat hulle erken het dat dit materieel is. So dit is nie blinde geloof nie. En wat doen die ding wat uitgestuur word dan? Sommige qigong meesters sê, "Ek kan dinge met my gedagtes beweeg," of "ek kan my gedagtes gebruik om jou Derde Oog oop te maak," of "ek kan my gedagtes gebruik om jou te genees," en so aan. Maar in werklikheid het sommige qigong meesters nie 'n idee oor watter vermoëns hulle het, en hulle is heeltemal deurmekaar. Hulle weet alleenlik dat wanneer hulle iets wil doen hoef hulle net daaroor te dink en dit werk. Wat eintlik gebeur is dat wanneer hulle gedagtes aan die werk is, word hulle vermoëns gerig deur hulle brein se gedagtes, en hulle doen spesifieke dinge onder die bevel van hulle gedagtes. Sy gedagtes kan nie eintlik enige iets sigself doen nie. Wanneer 'n qigong praktisyn sekere dinge doen is dit sy vermoëns wat die werk doen.

Vermoëns is ingeskape in die menslike liggaam. Maar soos ons samelewing ontwikkel, word die gedagtes in mense se verstande meer en meer ingewikkeld, mense neem praktiese dinge meer en meer ernstig op, en hulle maak meer en meer staat op sogenaamde moderne gereedskap. En so mense se ingebore vermoëns het meer en meer weggekwyn. Daoïste praat van om terug te keer na ‘n mens se oorspronklike, ware self, en in die proses van kultivering moet jy daarna streef om waar te wees, uiteindelik terugkeer na jou oorspronklike, ware self, en terug gaan na jou oorspronklike natuur. Dit is wanneer hierdie ingeskape vermoëns van jou hulleself vertoon. Vandag noem ons hulle bonatuurlike vermoëns, maar hulle is eintlik almal net ’n persoon se ingeskape vermoëns. Ons samelewing lyk asof dit vorentoe beweeg het, wanneer die feit is dat dit agteruit gegaan het, en dit beweeg verder en verder weg van die natuur van die heelal. Die ander dag het ek genoem dat Meester Zhang Guo sy donkie agterstevoor gery het. Miskien weet mense nie waarom hy dit gedoen het nie. Hy het besef dat om vorentoe te gaan was eintlik om agteruit te gaan, dat mense verder en verder weg gaan van die natuur van die heelal. Deur die verloop van die ontwikkeling van die heelal, en wat ek nou gaan sê is veral waar nou dat mense geforseer is om die golf van kommersialisme te ry, is baie mense se morele ’n wrak, en hulle beweeg verder en verder weg van die natuur van die heelal - om Waar, Goed, en Verdra te wees. Die mense wie onder getrek is deur die golf in die gewone wêreld kan nie aanvoel net hoe sleg die mensdom se morele nou is nie. En dit is waarom sommige mense selfs dink dit is ’n goeie ding. Mense kan alleenlik besef hoe aaklig die mensdom se morele geword het deur terug te kyk nadat hulle verbeter het deur karakter kultivering.

Sommige qigong meesters sê dinge soos, “Ek sal jou vermoëns vir jou ontwikkel.” Watter vermoëns ontwikkel?! ’n Mens se vermoëns werk nie sonder energie nie, en wanneer hulle steeds nie na vore gekom het nie hoe kon jy hulle ontwikkel? Wanneer sy vermoëns nie versterk en gevorm is deur sy energie nie, dink jy hulle kon ontwikkel? Vergeet dit. “Daardie ontwikkeling van vermoëns” goeters wat hy oor praat het net te doen met om vermoëns te verbind met wat alreeds gevorm het met jou brein sodat hulle sal optree op die bevel van jou brein se gedagtes. En hy dink dat dit tel as ontwikkeling van jou vermoëns. Maar die waarheid is, hy het geen vermoëns vir jou ontwikkel nie. Hy het net daardie klein dinge gedoen.

Met ’n praktisyn, beheer sy gedagtes sy vermoëns om dinge te doen. Maar met ’n gewone mens beheer sy gedagtes net sy vier ledemate en sy sintuiglike organe om dinge te doen. Dit is soos ’n fabriek waar die produksie kantoor of die algemene bestuurder se kantoor instruksies uitstuur, en die verskillende, spesifieke operasionele departemente die take uitvoer. Of dit is soos die hoofkwartier van ’n weermag, waar die beheer-sentrum bevele gee en al die troepe rig om ’n missie uit te voer. Toe ek klasse gegee het in ander streke het ek dikwels hieroor gepraat met amptenare van lokale qigong navorsings verenigings. Hulle was verstom - “Ons het altyd studeer hoeveel potensiale energie en latente bewustheid die menslike verstand het ...” Maar die feit is dit is verkeerd, en hulle was die spoor byster reg van die begin af. Ek het gesê om mens-liggaam wetenskap te doen moet ’n persoon se denke regtig verander, en jy kan nie na hoër dinge probeer kyk met gewone mense se maniere van redenering of begrip van dinge nie.

So noudat ons oor gedagtes praat, kan ek vir julle sê dat daar party ander vorme van hulle is. Byvoorbeeld, sommige mense praat van latente bewustheid, die onderbewussyn, inspirasie, drome, en so aan. Nou omtrent droom, daar is geen qigong meester wat dit wil verduidelik nie. Toe jy gebore was, ’n “jy” gebore op dieselfde tyd in baie dimensies van die heel-al, en hulle is ’n deel van die kompleet jy, hulle is onderling verwant, en hulle gedagtes is onderling gekonnekteer. En jy het ook jou meester siel, onderbewuste siele, en ander wesens, alle soorte van hulle, en hulle het hulle beelde en bestaan in jou liggaam, en elke sel en elkeen van jou organe neem die vorme aan waarin jou beeld en

boodskappe bestaan in ander dimensies. So dit is net uiters kompleks. In jou drome is dinge een manier een oomblik en dan verskillend die volgende oomblik. Waar op aarde kom hulle vandaan, in elk geval? In die mediese wetenskappe sê hulle dat hierdie is as gevolg van veranderinge wat plaasvind in jou serebrale korteks. Dit is hoe dit is in hierdie materiële vorm, maar in werklikheid, is dit die gevolg van jou wat geaffekteer word deur boodskappe van ander dimensies. Daarom voel jy verward wanneer jy in 'n droom is. Maar geeneen van daardie dinge het enige iets met jou te doen nie, en jy hoef nie aandag aan hulle te gee nie. Daar is een soort droom wat direk met jou te doen het, egter, en ons kan nie regtig na hierdie drome as drome verwys nie: dit is waar jou meester bewussyn, wat beteken, jou meester siel, jou familie sien opduik in jou droom, of jy het 'n in-die-werklikheid ondervinding, of jy sien of doen iets. As dit die geval is, het jou meester siel regtig iets gedoen of iets gesien in 'n ander dimensie, dit is jy wat dit gedoen het, en jy was helder van verstand en jy het 'n regte ondervinding gehad. Daardie dinge bestaan regtigwaar. Dit is net dat hulle in ander dimensies bestaan en hulle was gedoen in ander ruimte-tye. So kan jy sê dat hulle drome is? Jy kan nie. Jou fisiese liggaam aan hierdie kant was definitief aan die slaap, so vir jou is dit net 'n droom. Alleenlik daardie drome het 'n direkte invloed op jou.

Met betrekking tot mense se inspirasie, die onderbewussyn, latente bewussyn, en al daardie, ek sou sê daardie terme was nie deur wetenskaplikes uitgevind nie. Hulle was deur woordsmede gemaak en hulle was gebaseer op gedagte toestande wat gewone mense van weet. Hulle is nie wetenskaplik nie. So net presies wat is die latente bewussyn wat mense van praat? Dit is moeilik om te verduidelik, en is redelik vaag. Al die verskillende tipes van boodskappe in 'n persoon is regtig kompleks, en hulle is soos een of ander vae herinnering of iets. Nou so vêr as die onderbewussyn wat mense van praat, dit is vir ons redelik maklik om te verduidelik. As jy gaan by hoe 'n onderbewustelike toestand gedefinieer is, is dit gewoonlik oor 'n persoon wat iets doen terwyl hy deur die mis is. Mense sal dikwels sê dat hy daardie ding onbewustelik gedoen het, of nie opsetlik nie. Die onderbewussyn is presies dieselfde as die onderbewuste siel wat ons oor praat. So wanneer 'n persoon se meester bewussyn ontspan en die brein ophou beheer en hy in 'n verwarde toestand is, amper asof hy aan die slaap geraak het, of wanneer hy werklik aan die slaap is, terwyl hy in daardie onbewuste toestand is, is daar 'n goeie kans dat hy beheer sal word deur sy onderbewussyn, of sy onderbewuste siel. Teen daardie tyd kan die onderbewuste siel sekere dinge doen. So om dit op 'n ander manier te stel, daardie dinge is gedoen wanneer jy deur die mis is. Maar gewoonlik sal daardie dinge nie verkeerd gedoen word nie, en dit is omdat die onderbewuste siel die essensie van dinge in 'n ander dimensie kan sien en hy is nie mislei deur die gewone wêreld nie. Dit is waarom, wanneer jy tot jou sinne kom en jy sien wat jy gedoen het, sal jy sê "hoe het ek dit so sleg gedoen? Ek sou dit nie soos dit gedoen het as ek helder van verstand was nie. Maar, hoewel jy nou sê dit is sleg, wanneer jy na dit terug kyk 'n bietjie later aan, miskien in tien dae of 'n halwe maand, sal jy sê, "Mooi so, ek het 'n bo-baas taak gedoen! Nou hoe het ek dit toe gedoen?" Dit gebeur baie. Die rede is, die onderbewuste siel gee nie om oor die onmiddellike resultaat nie, maar wat dit doen sal 'n goeie resultaat later aan hê. En dan is daar dinge wat nie enige impak later aan het nie en wat net daar en dan 'n effek sal hê. Dan wanneer die onderbewuste siel daardie tipe ding doen sal hy dit heel waarskynlik regtig goed daar en dan doen.

Dan is daar 'n ander vorm van denke, en dit het te doen met die van ons wie baie goeie basisse het. Dikwels is daardie mense meer geneig om deur hoër wesens beheer te word en word gemaak om sekere dinge te doen. Natuurlik, dit is iets anders en ons sal nie meer hier iets daaroor sê nie. Ons praat hoofsaaklik oor die toestande van bewustheid wat van ons menslike wesens self afkom.

So nou oor inspirasie, dit is weer 'n term wat woordsmede mee opgekom het. Oor die algemeen dink mense dat inspirasie te doen het met al die kennis wat iemand kry deur die loop van sy lewe, wat soos

’n vonk uitskiet in ’n oogwenk. Ek sou sê dat, as jy daarna kyk in terme van die teorie van materialisme, soos ’n person wat kennis met verloop van tyd kry, hoe meer kennis wat hy opdoen en hoe meer hy die brein gebruik, hoe skerper behoort sy brein te word. En wanneer hy ’n idee nodig het, behoort dit net uit te vloei, en daar behoort nie die vraag van inspirasie te wees nie, reg? Wanneer ook al mense iets “inspirasie” noem, of wanneer inspirasie kom, is dit nie hoe dit gebeur nie, egter. Dit kom dikwels wanneer iemand hard dink, hy dink en dink, en uiteindelik voel hy dat sy brein van kennis leeggeloop het en dit is asof hy nie met enige iets kan opkom nie, hy kan net nie aangaan om ’n artikel te skryf nie, of wanneer hy geen idees oor het om ’n liedjie te komponeer nie, of hy kan nêrens kom met ’n wetenskaplike navorsingsprojek nie. Gewoonlik by daardie punt is hy so moeg dat sy are klop, die vloer is bedek met sigaret stompies, en sy brein pyn van al die moeite, maar hy het steeds nie met enige iets opgekom nie. So dan in watter toestand is hy in wanneer inspirasie uiteindelik kom? Laat ons sê hy word moeg en dink “Vergeet dit, dit is tyd vir ‘n ruskansie.” Nou hoe meer dat sy meester bewussyn die brein beheer, hoe minder kans is daar vir ander wese om in te tree. So, sodra hy ’n ruskans neem, ontspan hy sy verstand ’n bietjie, hy hou op om daaroor te dink, en in daardie toestand wat vry is van intensie dink hy skielik aan iets, of ’n idee kom van sy brein. Dit is hoe inspirasie gewoonlik kom.

So waarom kom inspirasie daardie oomblik op? Die rede is, wanneer ’n persoon se meester bewussyn sy brein beheer, hoe meer hy sy brein gebruik, hoe strenger beheer hy dit, en hoe moeiliker is dit vir sy onderbewuste siel om in te kom. Wanneer hy so hard dink dat hy 'n kopseer kry, en wanneer hy so gefrustreerd oor dat hy nie opkom met enige idees nie, sy onderbewuste siel, wie ook deel van sy liggaam is, en wie terselfde tyd gebore was van sy moeder se baarmoeder, en wie deel van sy liggaam beheer, ly saam met die persoon en hy kry ook ’n hoofpyn, en dit pyn taamlik baie. En wanneer die persoon sy meester bewussyn ontspan, sal sy onderbewuste siel, wat hy weet in sy brein projekteer, en dit is omdat ’n onderbewuste siel die essensie van dinge in ander dimensies kan sien. Dan is hy in staat om resultate in sy werk te kry, sy projek te voltooi of daardie lied klaar komponeer.

Miskien sal sommige mense sê,”Laat ons dan met ons onder bewuste siele in kontak kom! ” Dit is net soos die nota iemand 'n oomblik gelede vir my opgestuur het en gevra het, “hoe konnekteer ons met ons onderbewussyne?” Jy kan nie met hom konnekteer nie, omdat jy net met kultivering begin het en jy het geen vaardighede nie. Jy beter nie enige kontak maak nie. Jou motief is definitief ’n verknogtheid. Miskien dink sommige van julle, “kan ons nie van ons ondergesikte bewussyn gebruik maak om meer welvaart te genereer en die samelewing ’n hupstoot te gee nie?” Nee! En waarom nie? Omdat wat jou onderbewuste siel weet is steeds regtig beperk. Dimensies is so kompleks en die aantal vlakke is net ontsaglik, en die struktuur van die heelal is geweldig kompleks, so hy weet alleenlik oor wat in sy dimensie is, en hy weet nie van enigiets bo en behalwe sy dimensie nie. En boonop is daar so, so baie verskillende vlakke vertikale dimensies. Alleenlik hoër wesens by regtige hoë vlakke kan die mensdom se vordering beheer, en dit beweeg voorentoe volgens die wette wat ontwikkeling regeer.

Die gewone wêreld gaan voorentoe volgens die wette wat geskiedenis regeer. Miskien wil jy hê dit moet op so-of-so manier ontwikkel of sekere dinge bereik, maar daardie hoër wesens dink nie op daardie wyse nie. “Kon die mense in Antieke tye nie aan die vliegtuie, treine en fietse wat ons vandag het dink nie?” Ek sou sê daar is geen waarborg dat hulle nie aan hulle gedink het nie. Hulle kon dit nie skep nie, want geskiedenis was nog nie so vêr gevorderd nie. Op die oppervlak, wanneer jy na dit kyk met die teoretiese begrip wat gewone mense aan gewoond is, of vanaf die kennis die mensdom vandag het, sou jy dink dat hulle nie daardie dinge kon geskep het nie omdat die mens se wetenskap nog nie daardie stadium bereik het nie. Maar die waarheid is, hoe mense se wetenskap ontwikkel volg ook geskiedenis se reëling. Dit is wensdenkery wanneer jy probeer om sekere doelwitte te bereik net

omdat jy wil. Natuurlik is dit makliker vir sommige mense se onderbewuste siele om ʼn rol te speel. Daar was ʼn skrywer wie gesê het, "Wanneer ek ʼn boek skryf, kan ek dosyne bladsye elke dag skryf en word nie in die minste moeg nie. As ek dit vinnig wil klaarmaak vloei die woorde maklik uit. En mense dink dat dit redelik goed is wanneer hulle dit lees." Waarom sou dit gebeur? Dit is die resultaat van sy meester bewussyn en sy onderbewuste siel wat albei hulle deel doen - sy onderbewuste siel kon helfte van die rol speel. Maar dit is nie die geval vir almal nie. Die meeste onderbewuste siele maak nie die moeite om betrokke te raak nie, en as jy wil hê hulle moet iets vir jou doen sal dit nie goed uitdraai nie, en jy sal eindig met die teenoorgestelde resultaat.

## 'n Kalm verstand

Wanneer baie mense die oefeninge doen kan hulle verstand nie stil word nie, en so hulle gaan oral om vir qigong meesters te vra, "Leermeester...wat kan ek doen? Waarom kan my verstand nie stil word wanneer ek die oefeninge doen nie? Sodra ek stil word begin ek weer aan allerhande dinge dink, ek dagdroom oor alles." Dit is regtig wild, soos ʼn storm sterk rivier, en alles kom op, en jy is net nie in staat om jou verstand stil te kry nie. Maar waarom kan jy nie? Sommige mense kan dit nie verstaan nie, en hulle dink dat daar een of ander geheim van sukses moet wees, so hulle soek beroemde meesters uit, "laat my in asseblief op ʼn paar van jou spesiale wenke, en dan kan my verstand stil word." Maar die manier waarop wat ek dit sien, dit is steeds om buitewaarts te kyk. As jy jouself wil verbeter, is dit nodig dat jy binnewaarts moet kyk en hard werk aan jou verstand. Dit is die enigste manier waarop jy werklik kan verbeter, en dit is die enigste manier waarop jy binne in stil kan word in meditasie. Om in staat te wees om jou verstand stil te kry, dui jou bemeestering aan. Jou krag van konsentrasie is ʼn weerspieëling van jou vlak.

Nou, kan ʼn gewone mens sy verstand net stil kry net deur die gedagte daaraan? Glad nie, behalwe as hy miskien iemand is met ʼn baie goeie basis. So wat dit beteken dan, is dat die regte rede iemand nie binne in stil kan word nie het nie te doen met tegniek nie, en is nie omdat daar een of ander unieke aanvangs beweging is nie. In plaas daarvan is dit omdat jou denke of jou verstand nie suiwer is nie. Wanneer jy in die gewone wêreld is, is daar botsings tussen mense, jy baklei hand-en-tand met ander mense om jouself te bevoordeel, of oor jou emosies en begeertes, en oor al daardie passies wat jy aan verknog is, dit is asof jy nie kan afsien van daardie dinge nie, en dit is asof jy hulle nie ligtelik kan neem nie, en as jy stil wil word, geluk daarmee! Sommige mense wie qigong doen, sal terugkap, "Ek glo dit nie, kyk, ek sal my gedagtes stil kry en ek sal nie wilde gedagtes hê nie!" Maar net sekondes nadat hulle dit gesê het, spring daardie gedagtes net weer op. Dit is jou verstand wat nie suiwer is nie en dit is waarom jy nie stil kan word nie.

Miskien stem sekere mense nie saam met my sienswyse nie. "Onderrig sommige qigong meesters nie mense om sekere tegnieke te gebruik nie? Jy kan konsentreer op een ding, visualiseer, op die elikser veld fokus, binne na jou elikser veld kyk, of Boeddha se naam chant, en so aan." Daardie is metodes, maar hulle is nie net metodes nie, hulle weerspieël iemand se graad van bemeestering. So watter graad van bemeestering iemand dan het, dit is in werklikheid verwant aan die kultivering van karakter waarvan ons praat en die verbetering van vlakke - hy kan nie sy verstand stil kry net deur die gebruik van daardie metodes nie. Glo my nie? Gaan en probeer dit. Al daardie begeertes en verknothede van joune is so sterk en dominerend, en jy kan niks laat gaan nie - sien vir jouself of jy stil kan word. Sommige mense sê, "Om Boeddha se naam te chant werk." Kan jy jou verstand stil kry net deur Boeddha se naam te chant? En dan is daar mense wie sê, "Boeddha Amitabha se dissipline is maklik om te beoefen, jy hoef net Boeddha se naam te chant." Het jy probeer? Ek sou sê dit is ʼn aanduiding

van jou bemeestering. Seker, jy kan sê dat dit maklik is, maar ek sou sê dat dit nie is nie. Geen dissipline is maklik nie.

Ons weet dat Shakyamuni "Konsentrasie" onderrig het. Maar wat het hy voor Konsentrasie onderrig? Hy het "Gebod" onderrig. Jy kan alleenlik konsentrasie bereik wanneer jy al jou begeertes en passies opgegee het, wanneer niks oor is nie. Is dit nie hoe dit werk nie? Maar konsentrasie is 'n soort bemeestering, en jy sal nie in staat wees om aan Gebod heeltemal in een slag te voldoen nie. Soos jy stadigaan al daardie slegte dinge van jou prysgee, sal jou vermoë om te konsentreer stap vir stap verbeter. Wanneer iemand Boeddha se naam chant moet hy sonder enige steurende gedagtes chant, hy kan nie enige iets op sy verstand hê nie, en hy sal chant totdat al die ander gedeeltes van sy brein gevoelloos word en hy bewustheid van alles verloor, een gedagte vervang tienduisende andere, en elke letter van "Boeddha Amitabha" verskyn voor sy oë. Is dit nie oor bemeestering nie? Kan jy dit op dag een regkry? Jy kan nie. En as jy nie kan nie, sal jy definitief nie 'n stil verstand hê nie. Glo dit nie? Probeer dit. Terwyl jou mond oor en oor chant, is jou verstand besig om oor alles te dink, "hoe is dit dat my toesighouer by die werk my nie hoë agting hou nie? En waarom het hy my so 'n klein bonus hierdie maand gegee?" hoe meer hy daaroor dink, hoe kwater word hy, hy word woedend, maar sy mond is steeds besig om Boeddha se naam te chant. Sou jy sê dat hy soos dit kon praktiseer? Is dit nie oor bemeestering nie? Is dit nie oor jou verstand wat nie suiwer is nie? Vir sommige mense is die Derde Oog oop en hulle kan binne in hulle liggame kyk en die elikser veld sien. En soos elikser opbou by 'n persoon se laer buik, hoe suiwerder daardie energie materie is, hoe helderder is dit, en hoe minder suiwer dit is, hoe donkerder en swarter is dit. So kan jy stil word net deur binne die elikser veld te kyk en die elikser te bekyk? Nee, jy kan nie. Dit is nie die metode wat tel nie - die sleutel is dat die persoon se verstand, sy gedagtes, nie stil en suiwer is nie. Wanneer jy in kyk na die elikser veld, lyk daardie skitterende elikser redelik mooi, maar 'n oomblik later verander daardie elikser in iets anders, soos 'n droom huis. "Daardie kamer vir my seun wanneer hy trou. Daardie kamer is vir my dogter. Ek en my vrou sal hierdie kamer hê. In die middel is die sitkamer. Dit is wonderlik! Gaan ek hierdie huis kry? Ek sal moet uitreken hoe om dit te kry. Nou, wat behoort ek doen..?" Mense is net verknog aan daardie dinge. So dink jy dan dat jou verstand net stil kan word? Maar dan is daar andere wie sê "My koms na die gewone wêreld is net soos om in 'n hotel te bly. Ek gaan net vir 'n paar dae hier bly en dan inderhaas vertrek." Sommige mense vrees net om hierdie plek te verlaat, en hulle het hulle eie wonings vergeet.

In ware kultivering moet jy jou verstand kultiveer, jy moet binnewaarts kultiveer - om binnewaarts te kyk- jy kan nie buitewaarts kyk nie. In party dissiplines sê hulle Boeddha in jou verstand is, en daar steek sekere waarheid daarin. Maar sommige mense het die gesegde verkeerd geinterpreteer, en hulle sê dat Boeddha in hulle verstand is, asof hulle eintlik Boeddhas is, asof daar Boeddhas in hulle verstand is. Dit is hoe hulle dit verstaan, maar is dit nie verkeerd nie? Hoe kon julle dit op daardie manier verstaan? Die idee is dat jy jou verstand moet kultiveer en dit is die enigste pad na sukses in kultivering. Dit is hoe dit werk. Waar is daar 'n Boeddha in jou liggaam? As jy een wil word moet jy kultiveer.

Die rede waarom jy nie jou verstand kan stil kry nie is omdat jou verstand nie leeg is nie, en dat jou vlak nie so hoog is nie. Dit vorder van vlak na diep, en dit is verweef met jou vlak wat verhoog word. Wanneer jy jou verknogthede laat gaan, styg jou vlak en jou vermoë om in konsentrasie te bly, groei. As jy 'n paar truuks of metodes wil gebruik om stilte te bereik, sou ek sê jy kyk buitewaarts vir hulp. En dit beteken dat jy verkeerd gegaan het in jou praktyk, of jy 'n verkeerde pad geneem het, wat dieselfde is as om buitewaarts te kyk vir hulp. En dit is veral waar in Boeddhisme, waar as jy buitewaarts kyk sou hulle sê jy het by demoniese pad af gegaan. In ware kultivering moet jy jou verstand kultiveer, en

alleenlik wanneer jy jou karakter verbeter het, kan jou verstand 'n toestand bereik wat stil is, rein, en een van nie- aksie. Alleenlik wanneer jy jou karakter verbeter het, kan jy assimilleer na die natuur van die heelal, ontslae raak van al die verskillende menslike begeertes, verknogthede, en slegte dinge, die slegte dinge in jou liggaam uitgiet, en al die pad opstyg. Jy sal nie weerhou word deur die natuur van die heelal nie, en daardie materie van joune, deug, kan na gong in getransformeer word. Is hulle dan nie in mekaar verweef nie? Dit is hoe dit werk!

Hierdie is die rede, aan jou kant, waarom jy nie stil kan word nie, en dit is omdat jy nie in staat is om aan die standaard van 'n kultiveerder te voldoen nie. Deesdae in terme van die omgewing rondom ons, is daar nog 'n ding wat met jou nogal ernstig inmeng, en dit stop jou om na hoër vlakke op te kultiveer. Dit het regtig slegte effek op praktisyne. Ons weet almal dat met die ekonomiese hervormings en die oop deur beleid, is die ekonomiese hernu en die regering se regulasies het minder beperkend geword. Baie nuwe tegnologieë het in gekom en die lewens standaard gaan op. Gewone mense dink almal dit is 'n goeie ding. Maar as jy na albei kante van die munt kyk, as jy dit in perspektief sit, dan sal jy sien dat slegte dinge ook ingekom het met die hervorminge en oopmaak na die buitekant toe. En daar is allerhande soorte van hulle. Dit is asof 'n boek of tydskrif nie sal verkoop as daar nie iets pornografies daarin was nie, en dan moet hulle hulle bekommer oor verkope. Dit is asof niemand na 'n rolprent of TV sou kyk as dit nie 'n paar slaapkamer tonele het nie en dan moet hulle bekommer oor die kaartjiekantoor verkope en graderings. Wat kunste betref, wie weet of dit regte kuns is of iets is wat mense net saam gegooi het? Die antieke kuns van Sjinese mense het nie daardie goeters gehad nie. En die kulturele erfenis van ons Sjinese mense was nie uitgevind of geskep deur een of ander mens nie. Toe ek oor prehistoriese kultuur gepraat het, het ek genoem dat alles 'n oorsprong het. Maar nou het mense se morele standaarde selfs verdraai, hulle het 'n verandering ondergaan, en selfs standaarde wat bepaal wat goed is en sleg het verander. Dit is hoe dit met gewone mense is, tenminste. Maar die standaard wat hierdie heelal se natuur is, om Waar, Goed en Verdra te wees, dit is die enigste standaard om te meet of iemand goed of sleg is, en dit verander nie. Jy is 'n praktisyn, so as jy wil uitbreek van dit alles moet jy hierdie standaard gebruik om dinge te evalueer - jy kan nie gewone mense se standaarde gebruik nie. So in terme van die omgewing, is daar hierdie soort inmenging. En dit is nie beperk tot net hierdie dinge nie, alle soorte ander op-gemorste dinge het te voorskyn gekom, soos homoseksualiteit, vryeliefde, verdowingsmiddels neem, en alles van dit.

Die wêreld het in die toestand geword wat dit vandag in is, so dink daaroor, soos wat gaan dit wees as dit verder gaan? Sal dit toegelaat word om soos dit vir altyd te bly? As die menslike wesens nie iets daaroor doen nie, sal die hemel. Wanneer die menslike ras 'n katastrofe ondervind het, was dit altyd onder hierdie omstandighede. In al my klasse het ek nooit gepraat oor die mensdom se groot katastrofe nie. Gelowe praat almal daaroor en baie ander mense praat oor hierdie populêre onderwerp. Ek wil hierdie kwessie onder die aandag bring, en laat ons almal daaroor dink. In ons gewone wêreld het mense se morele standaarde deur hierdie soort verandering gegaan! En die spanning tussen mense het so ernstig geword! Dink dan daaroor, het die situasie nie alreeds uiters gevaarlik geword nie? So hierdie omgewing waarin ons woon meng ook ernstig in met ons praktisyne soos ons op kultiveer na hoë vlakke. Naak prente word net reg daar opgehang, of hulle word tentoongestel reg in die middel van die straat. Lig jou kop en dit is reg in jou gesig.

Lao-Zi het dit voorheen gesê, "wanneer die hoogste tipe van mens die Dao hoor, sal hulle dit met ywerigheid praktiseer." Wanneer die hoogste tipe van mens die Dao hoor, dink hulle: "Ek het uiteindelik 'n ware lering bereik, so as ek nie nou kultiveer nie, wanneer sou ek?" 'n Ingewikkelde omgewing, dink ek, is eintlik goed. Dit neem 'n ingewikkelde omgewing, weet julle, om superieure

mense te produseer. As iemand in hierdie omstandighede bo kan uitkom, dan is sy kultivering die mees solied van almal.

As jy iemand is wie regtig vasberade is om te kultiveer, sou ek dan sê dit werk uit dit is ’n goeie ding. As daar nie enige geskille was nie, of as daar nie ’n kans was om jou karakter te verbeter nie, sou jy nie in staat wees om op te gaan nie, eintlik - jy is aangenaam, ek is aangenaam en alles is reg... hoe gaan jy kultiveer? Die gemiddelde kultiveerders behoort aan die groep “wanneer die gemiddelde man die Dao hoor.”... - is hulle tevrede om te kultiveer, en om nie te kultiveer nie, is net in orde, ook - en vet kans daardie soort persoon sal êrens kom. Sommige mense wie hier sit dink net dat wat die Leermeester sê sin maak, maar wanneer hulle terug is uit in die gewone wêreld sal hulle steeds opgevang wees in daardie praktiese dinge wat oop die spel is. Seker, dit is beskikbaar, maar wat daarvan? Goed dan, laat ons nie oor jou praat nie. Dink net oor al daardie regte ryk mans en groot magnate in die Weste, wanneer hulle op hulle doodsbeddens is besef hulle dat hulle niks het nie, en dat jy nie materiële rykdom saam kan bring by geboorte nie of dit weg neem met jou na die dood nie, en hulle het leeg binne-in gevoel. Nou waarom is gong so kosbaar? Omdat dit direk op jou meester siel gedra word, dit kom saam met jou wanneer jy gebore is en gaan saam met jou wanneer jy sterf. Ons sê dat die meester siel nie vergaan nie, en dit is nie een of ander soort blinde geloof nie. Nadat die selle van hierdie fisiese liggaam wat ons het van ons af los gegaan het, vergaan die kleiner elemente van molekules wat in ander materiële dimensies nie. Dit is net ’n dop wat af val.

Wat ek net oor gepraat het, het alles te doen met karakter, Shakyamuni het so iets soos dit gesê, sowel as Bodhidharma - “Die oriëntale land van Sjina is ’n plek waar mense van fantastiese deug gemaak is.” Baie monnike en baie mense deur die jare was trots daar op. Hulle het gedink dit beteken dat jy tot hoë vlakke kan kultiveer. So baie mense is in hulle skik daaroor en bly vir hulleself. “Ja, dit is ons Sjinese voorwaar! “Sjina is ’n plek wie mense met sterk geestelike inklinasie maak en mense met fantastiese deug.” Eintlik, verstaan baie mense nie eintlik die betekenis van dit nie. Waarom is Sjina die plek wat mense met baie goeie deug kan maak? En waarom kan mense tot hoër vlakke daar kultiveer? Baie mense ken nie die ware betekenis van wat gesê word deur mense by hoër vlakke nie, en hulle verstaan nie die ryke van mense wie by hoër vlakke en in hoër ryke is, of hulle gedagte toestande nie. Wel, laat ons nie praat oor wat dit beteken nie, in plaas daarvan, laat ons net daaroor dink: alleenlik tussen die mees gekompliseerde menigde van mense, of in die mees gekompliseerde omgewing, kan jy tot hoë vlakke kultiveer. Dit is die idee.

## 'n Persoon se basis

’n Persoon se basis is bepaal deur hoeveel van die materie deug hy op sy liggaam het in ’n ander dimensie. As hy min deug het en hy het baie van die swart materie, dan is sy karma veld groot en sy basis is gekonsidereer swak. As hy baie deug en baie van die wit materie het, dan is sy karma veld klein en sy basis is gekonsidereer goed. ’n Persoon se wit materie en swart materie kan in mekaar getransformeer word. Hoe is hulle getransformeer? Om goeie dinge vir mense te doen genereer die wit materie. Jy kry wit materie wanneer jy swaarkry verduur het, gely het, of goeie dinge gedoen het. En jy genereer die swart materie wanneer jy slegte dinge doen, of dinge doen wat nie goed is nie, en dit is karma. So daar is ’n transformasie proses. En dit kan ook oorerflik wees. Hulle word direk saam gedra met jou meester siel, so hulle is nie net verwant tot een leeftyd van joune nie, maar is opgehoop oor die eeue. Dit is waarom mense praat van karma bymekaar maak en deug bymekaar maak. En hulle kan oorgelewer word van ’n persoon se voorouers. Soms dink ek aan wat antieke Sjinese mense gesê het of

wat ouer mense sê: hulle sê dat iemand se voorouers het "deug bymekaar gemaak," of " 'n persoon het deug bymekaar gemaak", of "kom deug kort." Hoe waar is hulle woorde. Hulle is regtig reg op die merk.

'n Persoon se basis kan sy begripsvermoë bepaal. En 'n swak basis kan iemand se begripsvermoë swak maak. So waarom is dit? Omdat mense met 'n goeie basis het baie van die wit materie, die wit materie is in perfekte harmonie met ons heelal, dit is in harmonie met die "Waar, Goed en Verdra" natuur, en daar is geen gaping nie. En so die natuur van die heelal vertoon direk deur sy liggaam en kommunikeer direk met sy liggaam. Maar die swart materie aan die ander kant is net die teenoorgestelde: jy kry dit deur slegte dinge te doen, en dit skend die natuur van ons heelal, so daar is 'n gaping tussen die swart materie en die natuur van ons heelal. Wanneer daar 'n groot hoeveelheid is van die swart materie is vorm dit 'n veld rondom die persoon se liggaam en omhul hom. Die groter die veld is, hoe groter sy digtheid en dikte, en dit maak sy begripsvermoë slegter aangesien hy nie Waar, Goed en Verduur kan ontvang nie, die natuur van die heelal. Intussen, is dit omdat hy slegte dinge gedoen het dat hy swart materie gegenereer het, en die meeste van die tyd glo daardie mense nie soveel in kultivering nie, hulle begripsvermoë is swakker, en hulle is meer geblok deur hulle karma. Hoe meer swaarkry hulle ly die minder geloof het hulle in dit, en wanneer hulle kultiveer is dit moeilik.

Dit is maklik vir iemand met baie van die wit materie om te kultiveer, omdat in die proses van kultivering, solank as wat hy homself assimilleer tot die natuur van die heelal en hy sy karakter kan verbeter, is sy deug direk in gong getransformeer. Maar vir 'n iemand met baie swart materie, is dit soos iets wat in 'n fabriek gemaak is en steeds 'n proses moet ondergaan: terwyl andere materiaal gegee word wat reg is vir gebruik, is hy met ru materiaal gemaak, en dit is nodig dat dit eers heeltemal verfyn word. So dit neem 'n ekstra proses om daar te kom. Dit is hoekom iemand soos dit eers deur 'n paar swaar tye moet gaan en sy karma verminder, om dit te transformeer in die wit materie, en alleenlik na dit in deug verander het kan hy hoë-vlak gong ontwikkel. Aangesien daardie soort persoon se begripsvermoë gewoonlik swak is om mee te begin, en as jy hom baie swaar laat kry, sal hy selfs minder geloof daarin hê, en dit sal moeiliker vir hom wees om dit te vat. Dit is hoekom mense met baie swart materie, 'n swaar tyd kry in kultivering. Terug in die ou dae het Daoïste dissiplines en daardie dissiplines wat dinge aan 'n enkele dissipel aangegee het, albei het gepraat oor meesters wat dissipels uitsoek, in plaas van dissipels meesters uitsoek. Hulle het mense uitgekies gebaseer op die hoeveelheid van hierdie dinge wat mense se liggame het.

'n Persoon se basis bepaal sy begripsvermoë, maar dit is nie asof daar geen uitsonderings hieraan is nie. Sommige mense se basis is regtig nie goed nie, maar hulle familie omgewing is goed, met baie familie-lede wat qigong praktiseer, of miskien is sommige van hulle godsdienstig en glo diep in kultivering dinge. So om in daardie omgewing te woon kan hulle motiveer om in sulke dinge te glo en hulle begripsvermoë te verbeter. So dit is nie absoluut nie. En dan is daar mense wie se basis goed is, maar dikwels, omdat hulle 'n onderwys ontvang het wat gebaseer is op praktiese kennis in die samelewing, wat so beperk is (en hierdie gaan veral vir die regimente opvoedings metodes wat populêr 'n paar jare gelede was, wat mense regtig baie nougeset gemaak het), hulle glo nie in enigiets bo en behalwe wat hulle ken nie. En dit kan ernstig hulle begrips vermoë hinder.

Ek sal julle 'n voorbeeld gee. Een keer toe ek 'n klas gehou het en ek gepraat het oor die Derde Oog oopmaak op die tweede dag, was daar 'n persoon wie se basis goed was, en sy Derde Oog het onmiddellik oopgegaan na 'n baie hoë vlak. Hy het baie tonele gesien wat ander mense nie kon sien nie. Hy het vir mense vertel "Sjoe, ek het Wet Wiele gesien val soos sneeuvlokke op mense se liggame dwarsdeur die ouditorium waar die Wet versprei word. Ek het gesien wat Leermeester Li se ware liggaam na lyk. Ek het Leermeester Li se stralekrans gesien, wat die Wet Wiel na lyk, en hoeveel Wet

Liggame daar was. Ek het gesien dat Leermeester Li die Wet onderrig het op alle verskillende vlakke, en ek het gesien hoe die Wet Wiel die studente se liggame verstel het. Ek het ook gesien, toe Leermeester gepraat het, Leermeester se Gong Liggaam onderrig het by elkeen van die verskillende lae op lae van vlakke. En ek het hemelse diensmeisies gesien blomme strooi en... ”Hy het dinge so wonderlik gesien, wat beteken sy basis was redelik goed. Maar nadat hy van al daardie dinge gepraat het, in die einde het hy gesê “ek glo nie in daardie dinge nie.” Party van daardie dinge het is alreeds deur moderne wetenskap bewys, en baie van die ander dinge kan verduidelik word deur moderne wetenskap, en ons het party van die dinge verduidelik. Ons kan dit doen want wat qigong in staat is om te verstaan gaan vêr verby wat moderne wetenskap begryp het. Definitief. So in die lig hiervan kan jy sien dat ’n persoon se begripsvermoë nie alleenlik bepaal is deur sy basis.

## Verligting

Wat is “Verligting?” “Verligting” het begin as ’n religieuse term. In Boeddhisme verwys dit na ’n kultiveerder se begrip van Boeddha Wet, na sy verligting tot verskillende waarhede, en tot sy finale Verligting, en dit beteken Wysheid-Verligting. Maar deesdae word dit gebruik om te verwys na iemand wie slim is, wie weet wat sy baas aan dink, en dit dadelik kan optel, iemand wie goed daarin is om sy baas te behaag. Mense sê dit is iemand wie goed daaraan is om na dinge te verlig. Mense verstaan dit dikwels op daardie manier. Maar as jy uit hierdie vlak van gewone mense spring en tot ’n vlak effens hoër kom, sal jy vind wat gewone mense sien as die waarheid is gewoonlik verkeerd. Maar vir ons, is "verligting" totaal anders van daardie soort verligting. ’n Geslepe, skelm persoon se vermoë om te verlig, is eintlik redelik swak, en dit is omdat iemand wie te slim is, geneig sal wees om net oppervlakkige werk te doen om aan die goeie kant van sy baas of bogeskiktes te kom. Dan sal ander mense nie die regte werk moet doen nie? Wel, dan sal hy hulle moet terugbetaal. Hy is geslepe en hy is goed om dinge te doen wat hom goed laat lyk, so hy doen beter, en dan moet ander mense vir hom invul. Met sy slimmigheid sal hy sorg dat hy niks verloor nie, en kanse is hy sal niks verloor nie, so ander mense sal dan moet verloor. Soos daardie triviale onmiddelike voordele vir hom meer en meer belangrik word, word hy meer en meer geslepe en kleinlik, en hy dink meer en meer dat gewone mense se materiële winste dinge is wat hy nie behoort te laat gaan nie. En hy sal dink dat hy prakties is, en dat hy nie kort sal kom nie.

En weet julle wat? Sommige mense bewonder daardie soort kêrel! Maar kyk, ek gaan julle vertel: moet hom nie bewonder nie. Julle het geen idee hoe uitputtend sy lewe is nie - hy kan nie sy kos geniet nie, hy kan nie goed slaap nie, en selfs in sy drome bekommer hy dat hy verloor. En wanneer dit by sy eie wins kom, sal hy vasskop oor selfs die mees triviale dinge. Sou julle nie sê dat sy lewe uitputtend is nie? Hy gaan deur sy hele lewe om net daarvoor te leef. Ons sê, dat wanneer jy ’n meningsverskil hanteer sal jy sien as jy ’n tree agtertoe kan neem sal jy dinge in ’n hele nuwe lig sien. Ek waarborg dat dinge anders sal lyk. Maar mense soos daardie kêrel sal nie ingee nie. Sy lewe is so uitputtend. So moet nie van hom gaan leer nie. In die kultivering wêreld sê hulle dat mense soos hy die mees verlore is. Hy het heeltemal verlore gegaan tussen gewone mense oor sy eie wins. As jy voorstel dat hy sy deug moet bewaak, geluk daarmee! Stel voor aan hom dat hy kultiveer en hy sal terug kap - “kultiveer?” Julle praktisyne slaan nie eers terug wanneer julle aangeval word nie, of praat nie terug wanneer iemand julle beledig nie. Mense behandel julle soos vuilgoed, en julle is nie veronderstel om ’n wrok te hou soos ander mense sou nie. In plaas daarvan moet jy omdraai en hulle bedank. “Julle is almal soos daardie patetiese ou Ah-Q! Daar’s iets verkeerd met julle koppe!” Iemand soos dit kan nie kultivering verstaan nie. Hy sê dat jy die een is wie ongelooflik is. Hy sê jy is dom! Stem julle nie saam dat hy moeilik is om hom te red nie?

Wat ons bedoel met “Verligting” is nie dit nie. Dit draai uit, wat ons bedoel met verligting is eintlik wat daardie ou dom noem wanneer dit kom by goed uitmaak. Dit is die “verligting” waaroor ons praat. Natuurlik dit is nie regtig om dom te wees nie. Dit is net dat ons daardie dinge ligtelik neem wat met self belang te doen het, wanneer dit by ander dinge kom is ons nogal baie slim. Wanneer ons aan ’n wetenskaplike navorsings projek werk, of, sê, wanneer ons toesighouer ons ’n werksopdrag gee, of wanneer ons, ons take voltooi, doen ons goeie werk, met kristal helder denke. Maar wanneer dit kom by daardie kleingeestige persoonlike wins, of wanneer dit oor spanning en meningsverskille kom met ander mense, dan is dit net dan dat ons dinge ligtelik neem. Wie sou jou dom noem daarvoor? Niemand sal nie. Ek waarborg dit.

Nou laat ons nou praat oor ’n persoon wie ’n bietjie verstandelik stadig is. Die waarheid aangaande hierdie saak is heeltemal omgedraai by hoër vlakke. Iemand wie stadig is, sal waarskynlik nie enige ernstige slegte gewone dinge doen nie. Daar’s geen manier dat hy sal baklei en wedywer om homself te bevoordeel nie. Hy is nie uit om vir homself ’n naam te maak nie, so hy verloor nie deug nie. Maar ander mense gee hom deug. Hulle slaan hom en beledig hom, almal gee hom deug, en daardie materiaal is regtig kosbaar. Daar’s ’n Wet in die heelal van ons: Iemand wat nie verloor nie, wen nie, en om te wen moet jy verloor. Wanneer mense daardie vertraagde persoon sien sal hulle hom beledig, “jou groot moroon!” En wanneer hulle monde oop maak om hom te beledig word ’n stuk deug na hom oor gegooi. Wanneer jy iemand gebruik het, dan is jy die een wat iets daaruit gekry het, en so jy sal iets moet verloor. Miskien sal iemand oor stap en daardie ou skop, ”jou groot moroon!” wel, nog 'n dik stuk deug is oor gegooi. Wanneer iemand hom boelie of hom skop, is hy nie gesteur nie en neem dit net met ’n glimlag. “Gaan voort, wat saak maak is dat jy jou deug vir my gee. Ek gaan niks daarvan terug stoot nie!” So as ons volgens hoër waarhede gaan, laat ons dan daaroor dink. Wie is slim? Is hy nie die slim een nie? Hy is die slimste. Hy verloor geen deug nie. Wanneer jy deug na hom oorgooi stoot hy niks daarvan terug nie en aanvaar dit alles, hy neem alles met ’n glimlag. Miskien is hy vertraag in hierdie lewe, maar hy sal nie in sy volgende lewe nie wees nie, sy meester siel is nie vertraag nie. In sommige gelowe sê hulle dat as ’n persoon baie deug het dan sal hy in sy volgende lewe ’n hooggeplaaste amptenaar wees of ’n groot fortuin maak. Sy deug is verruil vir hulle.

Ons glo dat deug direk in gong geëvolueer kan word. Is dit nie tot hoe hoog jy kultiveer geëvolueer van jou deug nie? Dit kan geëvolueer word direk na gong toe. Is dit nie die gong wat besluit hoe hoog jou vlak is, of hoe sterk jou sterkte is, is dit nie geëvolueer van daardie materiaal nie? Sou jy nie sê dat dit kosbaar is nie? Jy behoort te weet dat dit saamgebring kan word met geboorte en saam geneem word met afsterwe. In Boeddhisme word dit gesê dat wat ook al hoogte jy bereik het in kultivering, dit is jou Rypwording. Soveel as wat jy insit, dit is die hoeveel jy uitkry. Dit is hoe dit werk. In sommige gelowe sê hulle dat ’n deugsame persoon ’n hoog geplaaste offisier sal wees of ’n groot fortuin in sy volgende lewe sal maak, terwyl iemand sonder veel deug kan nie eers enige iets kry nie terwyl hy vir kos bedel, en dit is omdat hy nie enige deug het nie om te verruil nie – geen verlies geen wins, reg?! En wanneer iemand nie ’n gram deug oor het nie, sal albei sy liggaam en gees sterf, hy sal waarlik doodgaan.

Daar was ’n qigong meester wie se vlak redelik hoog was toe hy vir die eerste keer sy praktyk in die publiek geopenbaar het. Lateraan het daardie qigong meester vasgevang geword in roem en geld, so sy meester het met sy ondergeskikte siel weg gegaan, aangesien hy een van daardie mense was wie se ondergeskikte siel kultiveer. Toe sy ondergeskikte siel steeds rond was, was dit sy ondergeskikte siel wat die bevele gegee het. Ek sal julle ’n voorbeeld gee. Eendag het sy maatskappy ’n woonstel toegeken aan een verkieste werknemer. Bestuur het gesê: “Wie ook al behuising nodig het kom vorentoe en vertel my waarom jy dink dat jy die woonstel verdien en waarom elkeen van julle ’n woonstel nodig het.” Almal het opgewerk geword om 'n saak van hulle eie te maak, maar daardie ou was stom. In die

einde het bestuur besluit dat hy in 'n moeiliker situasie was as al die res, en dat daardie woonstel na hom moet gaan. Die ander mense het gesê, "Daar's geen manier nie, jy kan nie die woonstel vir hom gee nie. Jy behoort dit aan my te gee. Laat ek jou vertel hoe dringend ek dit nodig het." Toe sê die ou: "goed, dan kan jy dit neem." In die oë van gewone mense was daardie ou dom. Sommige mense het geweet dat hy 'n kultiveerder was, so hulle het hom gevra, "julle kultiveerders wil niks hê nie. So net wat wil jy hê?" Hy sê vir hulle: "Wat ook al ander mense nie wil hê nie, dit is wat ek wil hê." Die waarheid is, hy was glad nie dom nie. Hy was nogal slim. Dit was net wanneer iets van hom op die spel was dat hy dit op daardie manier gehanteer het - hy het dinge natuurlik laat gebeur. Toe het die andere opgevolg: "Wat wil mense nie deesdae hê nie?" Hy het gesê: "Die klippe op die grond is rond geskop en niemand wil hulle hê nie. So ek sal die klippe neem." Gewone mense dink dit is net ongelooflik. Gewone mense kan nie kultiveerders verstaan nie. Daar's geen manier dat hulle kan nie, hulle vlak van bewustheid is net te vêr agter, daar is net te groot 'n gaping in vlakke. Natuurlik, hy gaan nie regtig klippe begin optel nie. Maar hy het 'n waarheid vertel wat gewone mense net nie kan begryp nie. "Ek is nie agter gewone dinge aan nie." Laat ons net praat van klippe as 'n voorbeeld. Julle weet hoe die Boeddhiste geskrifte sê dat in die Westerse Paradys is die bome goud, die grond is goud, voëls is goud, blomme is goud, huise is ook goud, en selfs Boeddha se liggaam is goud en blink, reg? Wel, jy kan nie eers een stuk klip daar vind nie, en dit word gesê dat hulle klippe vir geld gebruik. Nou daardie ou sal nie 'n stuk rots daarheen oorsleep nie, maar hy het 'n waarheid geopenbaar, en gewone mense kan dit nie begryp nie. Sonder twyfel, glo 'n kultiveerder, "gewone mense het daardie gewone strewes van hulle, maar ons gaan nie agter dit aan nie." En ons gee nie om vir wat gewone mense het nie. Maar wat ons het, dit is iets wat gewone mense nie kon kry nie al wou hulle."

So die feit is, die "verligting" waarvan ons nou net oor gepraat het, is net die tipe verligting gedurende die proses van kultivering. En dit is net die teenoorgestelde van gewone mense se "verligting." Wanneer ons praat van regte verligting het dit te doen met of ons, terwyl ons kultiveer, tot die verstandhouding kan kom dat ons kultiveerders is wanneer ons moeilikheid teëkom; of ons die Wet kan verstaan en aanvaar wat die meester onderrig, of die Dao wat die Daoïste meester onderrig; en of ons kan, in die proses van kultivering, dinge in lyn met daardie Wet kan doen. Sommige mense sal nie in hierdie dinge glo nie ongeag hoe jy dit aan hulle verduidelik, en gewone dinge is steeds meer werklik vir hulle. Hulle hou aan hulle onbuigbare maniere van denke vas en hulle kan nie laat los nie, so hulle kan nie in dit glo nie. En dan dink sommige mense net oor genesing. Die oomblik wat ek gesê het dat qigong regtig nie vir genesing is nie, was hulle afgesit, en nou wil hulle niks glo wat gesê word nie.

Sommige mense se begripsvermoë verbeter net nie. Sommige mense gaan net en begin hierdie boek van myne op te merk, nou, diegene van ons met oop Derde Oë, kan sien dat hierdie boek vol skitterende kleure is, en sprankel met goue lig, en elke woord is in my Wet Liggame se beeld. As ek gelieg het sou ek julle bedrieg het. So ek sal vir julle vertel: die merke wat julle maak is só donker en julle durf om dit net soos dit op te merk? Weet julle wat ons hier doen? Lei ons nie julle opwaarts in kultivering nie? Julle behoort ophou en 'n bietjie dink oor sekere dinge. Hierdie boek kan jou in kultivering lei - nou dink, is dit nie kosbaar nie? Jy aanbid Boeddha, maar kan dit jou help om ware kultivering te doen? Jy is baie vroom en jy hanteer daardie Boeddha beeld soos broos glas, en jy brand wierook vir dit elke dag, tog waag jy dit om met die Groot Wet te peuter wat waarlik jou kultivering kan lei.

Wanneer ons van iemand se begripsvermoë praat, is dit oor hoeveel jy verstaan, terwyl jy in die proses van kultivering is, die sekere dinge wat opkom wanneer jy by verskillende vlakke arriveer, of die sekere dinge of sekere Wette wat jou meester jou onderrig. Maar dit is nie wat ons bedoel by

fundamentele verligting nie. Wanneer ons praat van fundamentele verligting, is dit oor hoe gedurende sy lewe 'n persoon, vanaf die tyd wat hy kultivering opneem, aanhou na hoër vlakke styg en aanhou ontslae van sy menslike verknogthede raak en al daardie begeertes, en sy gong hou aan met groei, totdat by 'n sekere punt hy die laaste stap van sy kultivering bereik. Sy deug, daardie materie, sal alles geëvolueer het in gong, hy sal aan die einde van die kultivering pad kom wat sy meester gereël het, en op daardie sekonde, "boem!" al die slotte sal oop geblaas word. Sy Derde Oog sal die hoogste punt bereik van die vlak wat hy by is, en hy sal die werklikheid van die verskillende dimensies by sy vlak sien, die vorme van die bestaan van die verskillende wesens in verskillende ruimtetye, die vorme van bestaan van materie en elke ruimte-tyd, en hy sal die waarheid van ons heelal sien. Sy goddelike kragte sal in al hulle grootsheid vertoon word, en hy sal in staat wees om met allerhande soorte wesens te kan kommunikeer. Op daardie punt, is hy nie 'n Groot Geestelike Verligte Wese nie? Is hy nie 'n persoon wie geestelik Verlig geword het deur kultivering nie? In die taal van Antieke Indië, is dit 'n "Boeddha."

Daardie tipe verligting wat ons oor praat, 'n tipe van fundamentele verligting is in die vorm van "skielike verligting." Met skielike verligting is 'n persoon gesluit vir al sy jare wat hy kultiveer. Hy weet nie hoe hoog sy gong is nie, en hy ken ook nie die vorme van gong wat hy gekultiveer het nie, hy kan nie enigiets voel nie, en selfs die selle in sy liggaam is gesluit, al die gong wat hy gekultiveer het is gesluit, en dit bly so totdat hy gekultiveer het tot op die heel laaste stap, en dan is dit oopgesluit. Alleenlik iemand met ‘n baie groot geestelike inklinasie kan dit hanteer, en die kultivering proses is vreeslik moeilik. Hy begin as 'n goeie persoon, hy volhard daarin om sy karakter standaard te verbeter, hy volhard daarin om swaar te kry, volhard daarin om opwaarts te kultiveer, en hy volhard om van homself te eis dat hy sy karakter verbeter, maar hy kan nie sy gong sien nie. Daardie tipe persoon se kultivering is die moeilikste, en hy moet iemand wees met baie groot geestelike inklinasie. Hy sal vir baie jare kultiveer sonder enige bewustheid van wat aan die gang is.

Daar is 'n ander tipe verligting genoem, "geleidelike verligting." Baie mense kan die Wet Wiel reg van die begin af voel roteer, en ek maak ook jou Derde Oog oop vir jou. Vir verskillende redes sal sommige mense gaan van nie in staat te wees om dinge te sien nie, tot om by 'n sekere punt in staat sal wees om hulle te sien, en hulle sal gaan van dinge nie goed sien nie, tot hulle goed te sien, of van om nie te weet hoe om dit te gebruik nie, tot om te weet hoe om dit te gebruik, en hulle vlakke gaan konstant op. Soos jy jou karakter verbeter en jy al daardie verknogthede van joune opgee, kom allerhande soorte vermoëns na vore. En al die veranderinge gedurende die proses van jou kultivering, en die proses van die transformering van jou liggaam, almal van hierdie vind plaas op so 'n manier dat jy hulle kan sien of voel. Jy gaan soos dit aan totdat jy die finale stadium bereik, tot by die punt wat jy heeltemal die Waarheid van die heelal verstaan, en jou vlak sal die hoogste punt bereik wat jy veronderstel is om te bereik in kultivering. Die ontwikkeling van jou ingebore liggaam en die versterking van jou vermoëns sal 'n sekere punt bereik. Jy bereik al hierdie dinge geleidelik. Dit is "geleidelike verligting." Om te kultiveer deur geleidelike verligting is ook nie maklik nie. Sodra sommige mense vermoëns kry kan hulle net nie hulle verknogthede opgee nie, en hulle is geneig om te spog of slegte dinge te doen. En op daardie manier val jou gong, en jy kultiveer verniet, en in die einde is jy geruïneer. Sommige mense sal in staat wees om dinge te sien, en hulle sal in staat wees om ook allerhande soorte wesens wat by verskillende vlakke vertoon te sien. Miskien sal daardie wesens probeer om jou te kry om iets of anders te doen, of hulle sal probeer jou te kry om hulle dinge te kultiveer of probeer om jou in te neem as 'n dissipel. Maar hulle kan jou nie help om 'n Ware Rypwording te bereik nie aangesien hulle nie eers 'n Ware Rypwording bereik het nie.

En wat meer is, die mense in hoër dimensies sal goddelike wesens wees wie enorm kan word en wie grootliks hulle goddelike kragte kan vertoon. As jou gedagtes nie behoorlik is nie, sal jy hulle nie volg nie? Sodra jy hulle volg sal jou kultivering geruïneer wees. Selfs al is hulle regte Boeddhas of regte Daos, sal jy steeds weer van heel voor moet kultiveer. Is die wesens nie by verskillende vlakke van die hemel nie almal hemelse Wesens nie? Alleenlik wanneer iemand tot ’n uiters hoë vlak op gekultiveer het en sy doel bereik het, kan hy heeltemal uitbreek. Maar wanneer hierdie goddelike wesens voor die oë van gewone mense is lyk hulle hoog en baie groot en toegerus met baie groot kragte. Tog, miskien het hulle nie Ware Rypwording bereik nie. Wanneer jy ingemeng word met allerhande soorte van boodskappe, en in die versoeking gelei word deur allerhande soorte tonele, sal jy onaangeraak binne-in kan bly? Daarom sê ons dat kultivering met die Derde Oog oop ook moeilik is. Dit is steeds moeiliker om jou karakter te bewaak. Maar moet nie te veel bekommer nie, omdat vir sommige van ons praktisyne sal hulle vermoëns by die halfpad punt oop gesluit word, en dan sal hulle die toestand van geleidelike ontwaking binnetree. Ons maak die Derde Oog oop vir julle almal, maar baie mense se vermoëns word nie toegelaat om uit te kom nie. Maar wanneer jou karakter stuk vir stuk verbeter tot by ’n sekere vlak, jou gemoedstoestand is bestendig, en jy kan jouself goed hanteer, so dan sal ons hulle almal vir jou heeltemal oopblaas. So, wanneer jy by ’n sekere vlak kom is jy toegelaat om 'n geleidelike verligting toestand te ondervind, aangesien dit by daardie tyd vir jou ‘n bietjie makliker is om jouself te hanteer, en alle soort van vermoëns sal uitkom, en jy sal aanhou om opwaarts te kultiveer totdat uiteindelik alles oopgesluit is. Jy is toegelaat om dit halfpad deur jou kultivering te hê. Dit is die geval vir ’n baie van ons, so moenie angstig wees om dinge te sien nie.

Miskien het julle gehoor van die Zen sekte wat onderskeid maak tussen “onmiddellike en geleidelike verligting.” Die Zen sekte se sesde Patriarg, Hui Neng, het geglo in skielike verligting terwyl Shen Xiu van die Noordelike Skool van Zen geglo het in geleidelike verligting. Die debat tussen die twee het vir ’n lang tyd in Boeddhiste filosofie aangehou, met mense wie heen en weer argumenteer. Maar ek sou sê dit is betekenloos. En waarom is dit? Omdat wat hulle van gepraat het, was regtig net die begrip van ’n waarheid in die proses van kultivering. En wat daardie waarheid aan betref, sommige mense sal dit onmiddellik begryp, terwyl andere daartoe sal verlig, of dit stadigaan begryp. So wat is die verskil dan? Dit is beter om dit onmiddellik te begryp, maar dit is goed om geleidelik daartoe te verlig, ook - in albei gevalle verlig hy daartoe, reg? Albei maniere van verligting werk, so albei maniere is goed.

## 'n Persoon met groot geestelike inklinasie

Nou, wat is ’n persoon met "groot geestelike inklinasie"? ’n Persoon met ’n “groot geestelike inklinasie” is verskillend van iemand met ’n “goeie basis”. Mense met groot geestelike inklinasie is moeilik om te vind. Dit is net eenkeer in ’n lang ruk dat iemand soos dit gebore is. Natuurlik, om mee te begin ’n persoon met groot geestelike inklinasie moet baie deug hê. Daardie veld se wit materie moet redelik groot wees. Jy kan daarvan seker wees. En terselfdertyd moet hy in staat wees om die ontbering van ontberinge te verdra, hy moet baie uithouvermoë hê, hy moet in staat wees om opofferings te maak, hy moet in staat kan wees om sy deug te bewaak, en hy moet goeie begripsvermoë hê, net om julle ’n idee te gee.

En wat is die ontbering van ontberinge? In Boeddhisme word dit geglo dat om mens te wees is om swaar te kry - so lank as wat jy ’n menslike wese is moet jy swaarkry. Hulle sê dat geeneen van die wesens in ander dimensies hierdie soort liggaam wat gewone mense het, so hulle word nie siek nie, en hulle het nie die probleme van geboorte, veroudering, siekte, of die dood nie. Hulle het net nie daardie soort van swaarkry nie. Die mense in ander dimensies kan in die lug dryf en hulle is gewigloos, en dit is

net so wonderlik. Maar gewone mense, presies omdat hulle hierdie liggaam het, het hulle hierdie probleme: as dit koud is, kan hulle dit nie vat nie, as dit warm is kan hulle dit nie vat nie, as hulle dors is, kan hulle dit nie vat nie, as hulle honger is, kan hulle dit nie vat nie, en as hulle moeg is, kan hulle dit nie vat nie, en dan moet hulle met geboorte, veroudering, siekte en die dood meedeel. Kry julle die idee? - dit voel nie goed nie.

Ek het in die koerant gelees dat toe die Tangshan Stad aardbewing getref het, het baie mense gesterf, maar sommige mense was opgewek. 'n Spesiale ondersoek was gedoen met daardie groep mense, en hulle was gevra hoe dit gevoel het om te sterf. Maar, tot mense se verbasing, het hulle almal gepraat oor een unieke situasie – en hulle was in ooreenstemming oor hierdie - en dit is, dat op die einste oomblik toe hulle sterf, het hulle nie enige vrees gehad nie, en net die teenoorgestelde, hulle het skielik 'n gevoel van verligting gehad en kon 'n opwinding voel broei. Sommige van hulle het gevoel asof hulle skielik bevry was van die beperkinge van hulle liggame, asof hulle opgeswewe het soos iets lig en wonderlik, en hulle het hulle eie liggame gesien, sommige het wesens in ander dimensies gesien, en sommige het selfs na verskillende plekke gegaan. Hulle almal het gesê dat hulle op daardie oomblik 'n gevoel van verligting en 'n gevoel van opwinding ervaar het, en daar was nie enige gevoel van pyn nie. So dit vertel ons dat wanneer ons 'n verganklike menslike liggaam het, kry ons swaar. Maar aangesien ons almal na hierdie wêreld op dieselfde manier gekom het, besef ons nie dat ons swaar kry nie.

Ek het gesê dat 'n persoon die ontbering van ontberinge moet verdra. Nou die dag het ek genoem dat die mensdom se konsep van ruimte-tyd verskillend is van die van ander groter ruimte-tye. Wat vir ons hier 'n traditisionele blok van tyd is, soos twee ure, is eintlik 'n jaar vir wesens in 'n ander dimensie. Laat ons sê, iemand hier kultiveer in hierdie moeilike omgewing - vir hulle is dit net ongelooflik. Hy wil die Dao vind, en hy wil kultiveer, so hierdie ou is net ongelooflik vir hulle. Hy ly so baie, maar hy het nie sy oorspronklike natuur geruïneer nie, en hy wil steeds kultiveer en terugkeer. Hoekom kan 'n kultiveerder gehelp word met geen voorwaardes nie? Dit is waarom. Sê nou iemand mediteer vir 'n hele nag in die gewone mense se dimensie, wanneer hulle dit sien, kan hulle nie help om te sê dat hy ongelooflik is nie. "Hy het alreeds vir 6 jaar daar gesit" - en dit is omdat 'n paar uur vir ons, daar 'n jaar is. Die menslike dimensie is net uiters spesiaal.

So wat is dit om die "ontbering op ontberinge te verdra"? Ek sal vir julle 'n illustrasie gee. Daar is 'n ou wat op 'n dag werk toe gegaan het. Sy maatskappy beleef 'n terugslag, en moet iets doen oor die gebrek aan produktiwiteit, so sy maatskappy moet gerekonstrueer word om individuele aanspreeklikheid te verhoog, en ekstra werknemers moet afgedank word. Hy is een van hulle, so hy verloor eweskielik sy werk. Nou hoe voel dit? Hy het geen bron van inkomste nie - hoe gaan hy sy familie onderhou? Hy het nie enige ander vaardighede nie. So hy gaan terneergedruk huis toe. Wanneer hy tuis kom vind hy uit sy bejaarde ouer, wie in sy huis bly siek is, regtig siek, so hy word opgewerk tot 'n frenetiese toestand en hy stuur sy ouer gou na die hospitaal. Hy gaan deur 'n ton moeite om geld te leen om 'n bed in die hospitaal vir sy ouer te verseker, en gaan terug huis toe om 'n paar goedjies vir hom of haar te kry. Hy het skaars tuis gekom of 'n onderwyser kom en vertel vir hom: "Jou seun het iemand in 'n bakleiery seer gemaak, jy beter oor jaag en dinge probeer regstel." Hy sorg daarvoor, gaan terug huis toe, gaan sit, en net minute later kom 'n telefoon oproep: "Jou vrou is besig om 'n verhouding te hê." Nou natuurlik sal jy nie dit teëkom nie. Die gewone mens kan nie die swaarkry vat nie en hy sal dink, "Waarom gaan ek aan? Ek gaan 'n tou vind en myself hang." - "Ek het genoeg gehad! Tyd om 'n einde aan dit alles te maak!" Ek sê dat jy in staat moet wees om die ontbering van ontberinge te kan verdra. En natuurlik hoef dit nie daardie vorm te neem nie. Jy word in die middel van mense wie teen mekaar konkel gevang, spanninge tas jou karakter aan en daar is al daardie bakleiery vir persoonlike wins - en dit word nie veel makliker nie. Baie mense leef net om hulle eie waarde te bewys, en hulle sal hulle self

hang as dit te veel word. So as jy wil kultiveer in 'n omgewing wat so gekompliseerd is, moet ons in staat wees om die ontbering van ontberinge te verdra en ons moet ook groot verdraagsaamheid hê.

So wat is "groot verdraagsaamheid"? Om 'n praktisyn te wees behoort jy, in die eerste plek, in staat wees om "nie terug te klap wanneer jy aangeval word, nie terug te praat wanneer beledig word nie." Jy moet verduur! As jy dit nie doen nie - waarvoor noem jy jouself 'n praktisyn? Sommige mense het gesê: "Die verdraagsaamheid ding is swaar om te doen ek het 'n slegte humeur." As jy 'n slegte humeur het, verander dit dan net. Praktisyne moet verduur. Sommige mense ontplof selfs wanneer hulle hulle kinders dissiplineer, hulle skreeu en maak 'n groot geraas. Jy hoef nie soos dit te wees wanneer jy jou kinders dissiplineer nie. Jy behoort nie regtig kwaad te word nie. Jy behoort jou kinders met redelikheid en met goeie sin onderrig, dit is die enigste manier om hulle goed te onderrig. As jy nie eers oor die klein dingetjies kan kom nie, en jy verloor jou humeur, vergeet dan van gong. Daar is mense wie sê - "As ek in die straat afloop en iemand skop my, kan ek dit verduur, aangesien niemand my ken nie." Ek sou sê dat dit nie goed genoeg is nie. Miskien later aan sal jy 'n paar keer in die gesig geklap word voor die einste persoon voor wie jy die minste gesig wil verloor, en dit is om jou te verneder, te sien hoe jy dit hanteer, en om te sien of jy dit kan verduur. Miskien kan jy dit verduur, maar jy kan dit nie uit jou gedagtes kry nie. Dit is nie goed genoeg nie. Jy weet, wanneer 'n persoon die Arhat vlak bereik is hy nie gefaseer deur enige iets wat hy op afkom nie. Hy is nie in die minste gepla oor enige menslike dinge nie en hy is altyd opgeruimd. Ongeag hoeveel hy verloor hy is altyd opgeruimd en gee nie om nie. Wanneer jy dit regtig kan doen, dan het jy die aanvanklike Arhat Rypwording bereik.

Sommige mense het gesê: "As ons soveel verdra sal gewone mense sê ons is so swak en so maklik om gebruik te word." Ek sou sê dit is nie om swak te wees nie. Laat ons daaroor dink. Selfs tussen gewone mense sal jy ouer mense en mense met beter opvoeding vind wie hooflike selfbeheersing beoefen en nie buk na die ander persoon se vlak nie. Dit behoort dan dubbeld so te wees vir ons praktisyne. Hoe is dit swak? Ek sou sê dit reflekteer jou groot verdraagsaamheid, dit is 'n refleksie van jou sterk wilskrag. Alleenlik praktisyne het daardie soort groot verdraagsaamheid. Daar's 'n gesegde: "Wanneer die algemene man verneder word, trek hy sy swaard om terug te veg." Hy is 'n gewone persoon, so natuurlik - "Jy beledig my, ek sal jou beledig. Jy slaan my, ek sal jou terug slaan." Dit is 'n gewone mens vir jou. Kon jy hom 'n praktisyn noem? As jy nie 'n sterk wilskrag het nie, of as jy nie in staat is om jouself te kan beheer nie, sal jy nie in staat wees om dit reg te kan hanteer nie.

Julle weet van Generaal Han Xin wie in antieke tye geleef het, en julle weet hoe hulle het gesê dat Han Xin talentvol was. Hy was Keiser Liu Bang se Hoof Generaal, hy was 'n pilaar van die staat. En waarom was hy in staat om sulke groot dinge te doen? Hulle sê dat vanaf 'n jong ouderdom was Han Xin geen algemene persoon nie. Daar is 'n klassieke storie, oor Han Xin wie "verneder was onder iemand se bene". Han Xin het alreeds vanaf sy jeug marsiale kunste beoefen, en 'n marsiale kunstenaar sou altyd 'n swaard op hom dra. Eendag het Han Xin in die straat afgeloop toe 'n boef sy pad geblokkeer het met sy hande op sy heupe, "Waarvoor hang jy daardie swaard oor jou skouer? Sou jy waag om 'n man dood te maak? As dit so is daag ek jou uit om my kop af te sny." En hy het sy kop uitgesteek terwyl hy dit sê. Han Xin het gedink, "waarom sou ek jou kop wou afsny?" Destyds, ook, sou jy aan die owerhede gerapporteer word vir die afsny van iemand se kop, en jy sou daarvoor met jou eie lewe moet betaal. Kon jy net iemand willekeurig dood maak? Toe hy sien dat Han Xin dit nie gewaag het om hom dood te maak nie, het hy gesê: "Aangesien jy dit nie waag om my dood te maak nie, kruip deur tussen my bene." En Han Xin het regtig onder deur sy bene gekruip. Dit het gewys dat Han Xin verbasende verdraagsaamheid bewys het, en dat hy nie soos die gewone ou was nie, en dit is waarom hy sulke groot dinge kon doen. "'n Man moet sukkel om sy waarde te bewys"- daardie is gewone mense se

woorde. Laat ons daaroor dink almal, is die lewe dan nie uitputtend nie? Is dit nie ’n pyn nie? Is dit die moeite werd? En Han Xin was na alles, ’n gewone mens, ons kultiveerders behoort baie beter as hy te wees. Ons doel is om 'n vlak bo gewone mense te bereik, om vooruit te gaan na selfs hoër vlakke. Ons sal nie iets soos dit teëkom nie, maar wanneer ’n kultiveerder beledig of verneder word rondom gewone mense, is dit nie noodwendig makliker nie. Ek sou sê dat daardie wrywing met mense wie jou karakter aantas nie juis makliker is nie en hulle is eintlik erger en hulle is taamlik moeilik om te hanteer.

Nou terselfdertyd, moet 'n kultiveerder in staat te wees om dinge te laat gaan - alle soorte verknogthede en begeertes wat mense het. Julle kan nie gaan en dit alles onmiddelik doen nie, maar julle kan dit geleidelik doen. As julle dit net eensklaps vandag kon doen dan sal jy vandag ’n Boeddha wees. Kultivering neem tyd. Maar julle behoort ook nie laks word nie. As jy sê: “Meester het gesê kultivering neem tyd, so laat ons ons tyd neem”, dit is nie die idee nie! Jy moet regtig streng met jouself wees. In Boeddha Wet kultivering moet jy vrymoedigl ik en kragtig vooruit gaan.

Jy moet ook in staat wees om jou deug te bewaak, jy moet jou karakter bewaak, en jy kan nie onbedags optree nie. Jy kan nie net doen wat ook al jy wil nie - jy moet jou karakter bewaak. Daar is ’n gesegde wat julle seker gereeld hoor wanneer julle rondom gewone mense is , “akkumuleer deug deur goeie dinge te doen.” Praktisyne dink nie hoe oor om deug te akkumuleer nie. Wat ons doen is om ons deug te bewaak. En waarom maak ons ’n punt daarvan om deug te bewaak? Omdat dit is wat ons gesien het. Gewone mense maak ’n praktyk van deug te akkumuleer en wanneer hulle deug geakkumuleer het en goeie dinge gedoen het, sal hulle goeie dinge in hulle volgende lewe kry. Maar dit is nie van toepassing vir ons hier nie - as jou kultivering 'n sukses is, sal jy die Dao bereik en daar sal geen vraag wees van ’n volgende lewe nie. Maar daar is nog ’n laag van betekenis vir hierdie “bewaking van deug” wat ons hier van praat. Dit is dat die twee soorte materie wat ons op ons liggame dra nie ge-akkumuleer is in net een leeftyd nie, dit was vir eeue oorgegee. Jy kan die stad deurkruis maar daar is ’n kans dat jy geen goeie dade om te doen gaan teëkom nie. Jy kan dit selfs elke dag doen en miskien sal jy steeds op niks afkom nie.

Maar daar is steeds nog ’n laag van betekenis en ’n persoon behoort daarvan weet as hy deug wil akkumuleer. Miskien sal jy iets sien wat vir jou na ’n goeie ding lyk om te doen, en jy gaan en doen dit, maar miskien draai dit uit om 'n slegte ding te wees. Of miskien sien jy iets wat lyk asof dit 'n slegte ding is, en jy tree in om dit te stop, maar miskien draai dit uit dat dit ’n goeie ding was. En waarom is dit? Dit is omdat jy nie die onderliggende oorsake kan sien nie. Geregtelike wette beheer die gewone mense se sake en daar is niks verkeerd daarmee nie. Maar om ’n praktisyn te wees is ’n hoër ding. So, as ’n hoër persoon, moet jy jouself by hoër wette en hoër logika hou. Jy kan nie dinge evalueer met die beredenering van gewone mense of met gewone wette nie. As jy nie die onderliggende oorsake van iets weet nie sal jy dit heel waarskynlik verkeerd hanteer. Daarom praat ons van nie-aksie - jy kan nie net doen wat ook al jy wil nie. Sommige mense sê, “Maar ek wil net sien dat geregtigheid geskied. Dan sou ek sê: ja goed, ons behoort almal net inskryf by die Polisie Akademie dan? Maar ons sê nie dat jy behoort niks te doen wanneer jy op vreeslike dinge soos moord en brandstigting afkom nie. Ek verduidelik net dat wanneer mense met mekaar baklei, en miskien skop die een persoon selfs die ander een, of een van hulle gee die ander een ’n vuishou, miskien skuld die een persoon die ander een iets en nou is dit die vestiging van skuld. So as jy intree kan hulle dit nie afhandel nie en hulle sal dit die volgende keer moet afhandel. Wat dit dan beteken is, is dat jy moontlik die verkeerde ding sou gedoen het, en deug verloor aangesien jy nie die onderliggende redes kan sien nie.

Dit is goed vir ’n gewone mens om iets te doen oor sommige gewone mense se dinge. Hy bekyk die aangeleentheid met die redenasie vir gewone mense. Maar jy, aan die anderkant moet hoër redenering gebruik om dinge te beskou. En daar is ’n probleem met jou karakter as jy nie iets doen wanneer jy iets vreeslik soos moord of brandstigting sien. Hoe kan jy dan demonstreer dat jy ’n goeie persoon is? As jy nie eers iets doen oor dinge soos moord of brandstigting, wat sou jy dan iets oor doen? Maar daar is een ding, hierdie soort dinge het nie baie met ons kultiveerders te doen nie, so kanse is dit was nie vir jou beplan nie, en kanse is dat jy nie gemaak sou word om dit teë te kom nie. Wanneer ons praat oor beskerming van deug, is dit om vir jou te vermy om slegte dinge te doen. Miskien doen jy daardie ding effentjies, maar dit kan steeds ’n slegte ding wees om te doen, en dan verloor jy deug. En sodra jy deug verloor, hoe gaan jy jou vlak verhoog? Hoe sal jy jou finale doel bereik? So hierdie soort vrae is deel daarvan. En ook, jou begripsvermoë moet goed wees. As jy ’n goeie basis het, miskien sal dit jou begripsvermoë goed maak, en invloede van jou omgewing kan ’n rol speel, ook.

En ons het ook gesê dat as elkeen van ons binnewaarts kultiveer, as elkeen van ons sy eie karakter ondersoek vir oorsake, en as ons nie goed doen nie en ons kyk binne in ons self vir die oorsake, en ons probeer om volgende keer beter te doen, en ons dink eerste aan ander mense, wanneer ookal ons iets doen, dan sal die wêreld verbeter, morele sal weer op gaan, mense se beleefdheid sal verbeter en misdaad sal verminder. Miskien sal ons nie eers polisiemanne nodig hê nie. Daar sal nie 'n behoefde aan dinge soos buurtwag wees nie, en elkeen sal na homself kyk, en hulle sal binne-in hulle eie verstand kyk om dinge reg te maak. Sou julle nie sê dat dit wonderlik sal wees nie? Julle weet hoe wette en regulasies nou alhoemeer volledig en stywer word oor tyd. Waarom doen mense dan steeds slegte dinge? Waarom volg hulle nie die wet nie? Dit is omdat jy nie hulle verstand kan polisie nie, en wanneer niemand kyk nie, doen hulle steeds slegte dinge. Maar as almal binnewaarts sou kultiveer sal dinge geheel-en-al verskillend wees, en jy sal nie ’n fluitjieblaser al die tyd hoef te wees nie.

Ons kan aleenlik die Wet tot hierdie vlak onderrig. Jy moet kultiveer om wat hoër is te verkry. Die vrae wat sommige mense vra word meer en meer spesifiek. Nou as ek elke vraag in jou lewe moet beantwoord, wat sou oor bly vir jou om mee te kultiveer! Jy moet vir jouself kultiveer, en jy moet tot jou eie realisasies kom. As ek alles sou uitspel sou jy niks oor hê om mee te kultiveer. Maar jy hoef nie te bekommer nie, omdat die Groot Wet word nou versprei, en jy kan jou asksies basseer op die Groot Wet.

* * *

Ek dink dat die tyd van my die Wet oorlewer het nou tot ’n einde gekom, so ek wil julle met die ware dinge los, en op hierdie manier sal julle die Wet hê om julle te lei van hier aan uit soos julle kultiveer. Die hele tyd wat ek die Wet oorgedra het, het ek ’n punt daarvan gemaak om verantwoordelik teenoor julle en die samelewing te wees, en ons was regtig in staat deur te voer daarmee. Ek sal nie kommentaar lewer of ons dit goed gedoen het of nie - publieke opinie sal dit vertel. My wens was om die Groot Wet aan die publiek te versprei en om meer mense daarvan te laat baat daarby, en om dit moontlik te maak vir daardie mense wie waarlik wil kultiveer om die Wet te volg en te kultiveer op tot hoë vlakke. En terwyl ons die Wet versprei het, het ons dit uitgespel hoe om soos ’n goeie mens op te tree, en ek hoop dat nadat julle hierdie klas voltooi het, teen die allerminste jy ’n goeie persoon kan wees, selfs as jy nie iemand kan wees wie kultiveer volgens die Groot Wet nie, en dit sal ons wêreld

bevoordeel. Eintlik, nou weet jy hoe om 'n goeie persoon te wees, en na hierdie klas, kan jy 'n goeie persoon wees.

Daar was party dinge wat nie glad verloop het terwyl ek die Wet oorgegee het nie, en grootskaalse inmenging het na ons gekom van alle kante. Maar danksy aan al die entoesiastiese ondersteuning van die organiseerders en gemeenskap leiers, en ook al die pogings van ons personeellede, het ons klasse redelik goed gegaan.

Al die dinge wat ek vir julle geleer het gedurende die klasse is om julle te lei om te kultiveer na hoë vlakke, en niemand het ooit voorheen hierdie dinge onderrig toe hulle die Wet gepreek het nie. Wat ons hier vandag het is regtig baie helder en duidelik en ons het dinge ingesluit wat deur moderne wetenskap voort gesit is en vandag se menslike-liggaam wetenskappe, en wat meer is, die vlak wat ons dit by verduidelik het is redelik hoog. Ons het dit hoofsaaklik vir julle almal gedoen, om julle waarlik te help om die Wet te verkry in die tyd wat voorlê, om op te kultiveer - en dit is my aanvangs punt. Terwyl ons die leringe en die oefeninge oordra, voel baie mense dat die Wet redelik goed is, maar moeilik om deur te voer. Maar eintlik dink ek of dit moeilik is hang van die persoon af. 'n Regtig gemiddelde, gewone persoon wil nie kultiveer nie, en hy sal voel dat kultivering heeltemal te moeilik is, dat dit ondenkbaar is, en hy sal dink dit 'n mors van tyd is. Hy is 'n gewone persoon en hy wil nie kultiveer nie, so hy sal dink dit regtig moeilik is. Lao-Zi het gesê, "Wanneer die hoogste tipe van mens die Dao hoor, met toewyding sal hulle dit praktiseer. Wanneer die algemene mens die Dao hoor, lyk dit asof 'n bietjie gehou is en 'n bietjie verloor is. Wanneer die laagste tipe van mens van die Dao hoor het lag hulle dit uit. As hulle nie vir dit gelag het nie, sou dit nie die Dao wees nie." Vir 'n ware kultiveerder sou ek sê dat dit maklik is - dit is nie een of ander onmoontlike missie nie. En om die waarheid te sê, baie van ons veteraan studente hier in die gehoor, en baie van hulle wat nie hier is nie, het alreeds kultiveer tot vlakke wat redelik hoog is. Ek het dit nie vir julle voorheen vertel nie, want ek was bang dat julle verknogthede sou vorm, en dat julle in julle skik met julle self sou wees, en so aan, en dit sou beïnvloed hoe jou sterkte groei. Vir elke een van julle wie besluit om te kultiveer, julle sal in staat wees om dinge te verduur, en wanneer jou persoonlike welsyn op die spel is, sal jy in staat wees om jou verknogthede te laat vaar, en jy sal in staat wees om daardie dinge ligtelik te neem. Solank as jy dit kan doen, is dit, om die waarheid te sê, nie moeilik nie. Nou daardie mense wie sê dit is moeilik, dit werk uit, hulle kan net nie daardie dinge laat vaar nie. Om die oefeninge te doen, is nie moeilik in sigself nie, en daar is niks moeilik in die verhoging van jou vlak in sigself nie. Hulle sê alleenlik dit is moeilik omdat hulle nie hulle menslike gedagtes kan laat vaar nie. Die rede is: dit is swaar om daardie dinge te laat vaar wanneer jou persoonlike welsyn op die spel is - daardie voordeel is daar reg voor jou, hoe kan jy dit laat vaar? Wanneer hulle dink dit is moeilik, dan behoort ons te weet dat dit die rede is dat dit moeilik is. Wanneer ons in konflik met mense kom, as jy daardie woede nie kan insluk nie, of as jy dit nie soos 'n praktisyn kan hanteer nie, sou ek sê dit werk net nie. Destyds toe ek gekultiveer het, het baie mense met baie goeie karakter dit vir my gesê: "Dit is swaar om te verduur, maar jy kan dit verduur. Dit is moeilik om te doen, maar jy kan dit doen." En dit is regtig hoe dit is. Wanneer jy terug gaan, mag jy dit dalk wil probeer. Wanneer jy deur 'n verskriklike tribulasie gaan, of dalk 'n kritieke kruispunt, gee dit 'n poging. Wanneer dit moeilik is om te verduur probeer om dit te verduur, wanneer dit blyk onmoontlik om te doen, of net moeilik om te doen, maak 'n poging en sien net wat jy kan doen. En wanneer jy dit regtig kan doen, net soos daardie moeg en uitgeputte reisiger sal jy "die skaduwee van wilgers, die bloei van blomme - 'n plek om my hoof te rus!" sien.

Ons behoort seker hier ophou, want indien ek te veel sê sal dit moeilik vir julle wees om alles te onthou. So in ek sal net 'n paar dinge sê in afskeid. Ek hoop dat in jou kultivering wat voorlê jy dinge soos 'n praktisyn sal hanteer en waarlik aanhou kultiveer. Ek hoop dat albei ons nuwe studente en

veteraan studente in staat is om in Dafa te kultiveer, en volkome sukses te hê! Ek hoop dat nadat jy terug huis toe gaan jy beslag sal lê op die dag om regtig te kultiveer.